

HOLLANDSE SKRYWERS UIT SUID-AFRIKA

DEEL I (1652—1875)




HOLLANDSE SKRYWERS  
UIT SUID-AFRIKA

'N KULTUUR-HISTORIESE STUDIE  
DEEL I (1652—1875)

DEUR

DR. ELIZABETH CONRADIE

FIRMA J. H. DE BUSSY, PRETORIA  
H.A.U.M. v/h J. DUSSEAU & Co., KAAPSTAD  
1934



*Met dankbare hulde opgedra  
aan  
My Moeder  
en die nagedagtenis van  
My Grootmoeder*

„Ik zeg, in navolging der Kapenaars Hollandsche, niet Nederlandsche, welke eerste benaming hier zoo bijzonder veel invloed op de inwoners uitoefent.”

*M. D. Teenstra: De Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden, Dl. I, 1830.*

„Die geskiedenis van Afrikaans as afsonderlike taalvorm van Nederlands begin 1652, toe Jan van Riebeeck en sy handjievul Nederlanders die volksplanting aan die Kaap gestig het.”

*Prof. J. J. Smith: Die Opkoms van Afrikaans, Die Kerkbode, 23 Aug. 1933.*

„Ons Afrikaanse letterkunde begin nie met Trigardt of met Kaatjie Kekkelbek nie, maar met die Dagregister van Jan van Riebeeck, die man wat in 1652 die Hollands-Afrikaanse nasie in Suid-Afrika geplant het.”

*Prof. Dr. S. P. Engelbrecht: „'n Eensame Taalstryer.” „Die Huisgenoot” 12 Feb. 1932.*

## VOORBERIG.

---

Hierdie werk *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika* val vanself in twee dele nl.

Deel I, 1652—1875. Tydperk van heerskappy van die ouer vorm van ons taal.

Deel II, 1875—hede. Opkoms van Afrikaans en algehele agteruitsetting van die ouer vorm.

Die eerste deel kan onderverdeel word in (a) 1652—1795. Tydperk van die Hollandse gesag, van groot voorbereidingswerk. (b) 1795—1875. Koms van die Engelse en verbrokkeling van die Dietse kultuur.

Tydens die voorbereidingswerk is daar 'n geweldige energie aan die dag gelê, diep is die fondament gegrawe waarop die Hollands-Afrikaanse huis sou verrys, maar hier en daar was lelike swak plekke te bespeur. Die hoër ontwikkelde klas was nie altyd van tirannie vry te pleit nie, nog minder van 'n al te groot aanpassingsvermoë wat uit eie belang voortspruit, die minder bevoorregtes dikwels twissiek en nie bedeel met 'n oormate van werkklus nie, waardeur 'n verwydering ontstaan het tussen groepe wat by mekaar behoort het.

In die jare 1795—1875 sien ons die verbrokkeling van wat met soveel moeite en lyding opgebou is, gedeeltelik deur kragte van buite maar vir 'n deel deur eie swakheid. In die swak plekke is daar skeure en bresse geskiet deur die veroweraar.

In die tweede deel van die *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika* sal ek probeer om die rol van die Hollandse skrywers in die nasionale bewuswording te teken. Ek sal 'n poging aanwend om redes op te gee vir die onvastheid van ons kulturele strewe en tot die beste van my vermoë 'n rigsnoer vir die toekoms ontwerp, 'n toekoms waarin daar nie op twee gedagtes sal gehink word nie, waarin dit nie meer moontlik sal wees om digby die eindpaal kortom te spring nie.

19 Feb. 1934.

ELIZABETH CONRADIE.

# INHOUDSOPGAWE.

---

	Pag.
Inleiding .....	XV—XXII

## HOOFSTUK I.

### DIE OORPLANTING VAN DIE HOLLANDSE KULTUUR NA SUID-AFRIKA.

1. Die joernale 'n dagtekening in die lotgevalle van ons taal, lettere en hele kultuur.....	1—3
2. Die Dagregister van Jan van Riebeeck .....	3—9
3. Vroeë rapporte van die „kleine luyden”. Pieter van Meerhoff „die wel ter penne is” .....	10—18
4. Eerste verse aan die Kaap gemaak o.a. deur Aernout van Overbeke en Pieter de Neyn .....	18—29

## HOOFSTUK II.

### DIE INVLOED VAN EUROPESE LANDE, VERAL VAN FRANKRYK.

1. Die inspannende lewe in diens van die Kompanjie. Die joernale van die landtogte van Olof Bergh .....	30—34
2. Die belangrikheid van onoffisiële sowel as van offisiële Kaapse briewe .....	34—36
3. Die joernaal van die landtog van Simon van der Stel..	36—41
4. Die Hugenate en Frans in Suid-Afrika .....	41—46

## HOOFSTUK III.

### „HOE ZOET EN LIEFLIJK IS 'T, DAT BROEDERS IN EENDRAGTIGHEIDT T'SAMENWOONEN”.

1. Die Kaapse Koloniste in twee groepe verdeel.....	47—50
2. Adam Tas, „de bekwaamste ter penne” .....	50—64
3. J. G. de Grevenbroeck, sekretaris, kunstenaar en latinis	64—73
4. Petrus Kalden, 'n banneling-leraar, man van ontwikkeling en beskawing .....	73—86

## HOOFSTUK IV.

### JOERNAALHOUERS VAN BELANG IN DIE LAASTE JARE VAN DIE HOLLANDSE GESAG.

1. Amptenaar en reisiger teenoor ingeburgerde grondbesitter. Die familie Cloete .....	87—93
---	-------



	Pag.
2. Hendrik Jacob Wikar, „schryver in 's E' Compies Hospitaal”.....	93—97
3. Energieke Afrikaanse boere-joernalhouders, Jacob, Willem, Sebastiaan Valentyn en Dirk van Reenen .....	97—108

## HOOFSTUK V.

## 'N SATIRIESE DIGTER OOR DIE EERSTE OORGAWA VAN DIE KAAP, SY TEENSTANDERS EN MISTIEKE TYDGENOTE.

1. 'n Treurige bladsy in ons geskiedenis. Hubert Dirk Campagne bekamp sy teenstanders .....	109—120
2. Sendelingkonneksies word aangeknoop. Helperus Ritzema van Lier .....	121—127
3. Dagboek-houer en mistieke digteres, Catharina Allegonda van Lier .....	127—133

## HOOFSTUK VI.

## KLASSISISME, VERLIGTING (AUFKLÄRUNG), EERSTE SPORE VAN DIE ROMANTIEK.

1. 'n Klassisistiese leerdig van ds. Meent Borchers, die Stellenbosse predikant .....	134—145
2. Die Verligting (Aufklärung), steun vir die Hollandse kultuur in Suid-Afrika, kan die algemene goedkeuring nie wegdra nie .....	145—147
3. Pogings tot geskiedskrywing .....	147—154
4. Ander prosa en poësie van Meent Borchers .....	154—163

## HOOFSTUK VII.

## DIE EERSTE ROMAN IN BRIEWE 'N UITING VAN DIE „SENTIMENTELE RIGTING”.

1. Engelse invloed word nie bekamp deur die ortodokse skrywers nie .....	164—166
2. Die roman in briewe.....	166—168
3. M. C. Vos se jeug aan die Kaap onder die Oos-Indiese Kompanjie. Studie in Nederland en dienstyd onder die Hollandse bewind.....	168—174
4. Die skrywer van die <i>Merkwaardig Verhaal</i> onder verskillende regerings; Engelse rigting. Repos ailleurs.....	174—183

## HOOFSTUK VIII.

## VOORTREKKER-SKRYWERS.

1. Die Groot-Trek die belangrikste gebeurtenis vir die behoud van die Dietse kultuur .....	184—186
2. Dagboek van Louis Trigardt .....	186—194

	Pag.
3. Erasmus Smit, 'n miskende kultuurdraer .....	194—208
4. Sarel Arnoldus Cilliers, die „Vader van Dingaansdag”..	208—214
5. Ander skrywers wat ook moeite gehad het met die skryftaal, Ferdinand van Gass, Anna Elisabeth Steenkamp, P. H. Hatting .....	214—221

## HOOFSTUK IX.

## DIE OPKOMS VAN DIE HOLLANDSE JOERNALISTIEK.

1. Eerste Kaapse drukke en drukkers .....	222—226
2. J. Suasso de Lima, 'n Kaapse digter, vertaler en skoolmeester .....	226—235
3. Charles Etienne Boniface, „The Cape Dramatist”, en De Lima raak slaags .....	235—240
4. Suasso de Lima word joernalis. Ander verse uit die koerante	240—246
5. Boniface as joernalis, dramatis en hekelaar. Sy konfraters, later vyande, J. J. de Kock en Cornelis Moll .....	246—260
6. Laaste werke van die digter De Lima .....	260—265

## HOOFSTUK X.

## DIE VERSTERKENDE INVLOED VAN DIE „LAGE LANDEN BIDER ZEE” TYDENS DIE EBTYD IN KAAPLAND.

1. J. G. Swaving, „Officier bij het Hooge Geregts Hof”, dosent in die Franse taal aan die „onlangs opgerigte Zuid-Afrikaansche Athenaeum” (1829).....	266—272
2. Johannes Jacobus de Kock, toneelspeler, translateur, almanakmaker en geselskapslieder-samesteller .....	272—276
3. Antoine Nicolaas Ernest Changuion, opvoedkundige, taal- en letterkundige, kerkman en politikus.....	276—293
4. Assistentie aan die Hollandse instituut in Kaapstad, veral dr. J. W. G. van Oordt .....	293—295

## HOOFSTUK XI.

## ORTODOKSIE EN ROMANTIEK TEENoor REALISME EN LIBERALISME.

1. Ortodoksie op die platteland. Mewes Johannes Tromp	296—298
2. Pierre Dammes Marie Huet, „altijd vervoerd door zijne verbeelding, altijd dweepende met iets”, bring die Romantiek na Suid-Afrika .....	298—309
3. Die Modernisme steek sy kop op. Die pen van D. P. Faure is die skerpste .....	309—313
4. „Copiërlust des dagelijkschen levens”. Thomas François Burgers .....	313—337

## INLEIDING.

---

In Suid-Afrika leef daar twee siele, gevolglik twee tale, twee kulture naas mekaar, 'n feit wat met al die praatjies van BRUGMAN nie weg te redeneer is nie. My is dit maar om een van daardie siele, die skrywers van een van daardie groepe, een van daardie tale, een van daardie kulture te doen nl. die Hollands-Afrikaanse. Daarvan wil ek die verlede naspoor en myself van daardie verlede rekenskap gee deur 'n groep verteenwoordigende skrywers uit hul vergeelde geskifte na vore te bring. Daardie verlede het sy regte sowel as sy vorme wat ek wou eerbiedig.

Om 'n begrip van ons eie tyd en eie vorme te kry, is dit noodsaaklik om te probeer raaksien en 'n betekenisvolle uiteensetting te soek van hoe die teenswoordige skakel in die hele ketting pas, van hoe die hede uit daardie verlede gegroei het.

Die vernaamste vereistes daarvoor is dat ons eerlik sal wees en ons van allerlei geskipper sal onthou en van allerlei vooroordele ten opsigte van Hollands en die Hollandse skrywers sal losmaak. Onder 'n betekenisvolle uiteensetting van hul geskifte verstaan ek *nie* 'n konstruksie van die verloop van die literatuurgeskiedenis volgens abstrakte begrippe van liriek, epiek en dramatiek nie, waarvoor allerlei ystervaste definisies soms gegee word, nog minder vooropgestelde meninge oor Eerste en Tweede Afrikaanse Taalbeweginge, maar die *resultaat* van ons ervaringe op skriftelike gebied sinds die dae van JAN VAN RIEBEECK.

Alles in die historiese verloop vorentoe en agtertoe is aanmekaar geskakel; in die teenswoordige is die verlede

opgeneem en verwerk, en ons beweeg ons op gevaarlike terrein as ons oor tydgenote 'n veroordeling gaan vel of 'n lofsang sing. Ek het dan ook sover as moontlik teruggegaan. Dis eers wanneer die kritikus en die geskiedskrywer 'n bietjie kan terugtree van sy voorwerp, dat hy soos in 'n bosryke landskap nie meer verwar word deur die afsonderlike bome en struik nie, maar 'n beeld in perspektief van die hele streek kry. Die beeld sal dan nog altyd *syne* bly. Versamel kan iedereen, koördineer kan die meeste, vir my moet die geskiedskrywer interpreteer. Wie van die verhouding van die verskillende generasies en die verskillende strominge 'n beskrywing gee, sal moeilik sy persoonlike oordeel kan uitskakel, onmoontlik sy standpunt kan verberg. Ek het dit dan ook nie probeer nie en hier van die premis uitgegaan dat dit noodsaaklik is om vas te hou aan die wortels van ons Dietse beskawing en telkens terug te keer na die bron van herkoms vir versterking van die eie geestesgoedere.

Gelukkig is ons al ver weg van die chauvinisme van omstreeks 1920, toe nasionalisme vir ons beteken het, nie „ons hoort bymekaar” nie, maar „julle hoort nie by ons nie” as gebore Hollanders, wat Suid-Afrika hul tuiste gemaak het en hul lot met ons ingewerp het, met Afrikaners moes saamwerk. Gelukkig is hulle al ewe ver weg van die „moederlike” inmen-  
ging, hoe goed bedoel ook al, in die sake van wie hom nie meer as kind, maar as jonger neef gaan voel het. Daar is oral tekens dat weersydse waardering langsamerhand die ouer en nuwer vooroordele, die vooringenomenheid, wat geen breë Dietse kultuurhistoriese beskouing toegelaat het nie, te bo kom. Ek dink veral aan die werk op ons universiteite gedoen in die departemente van Nederlands en Afrikaans, die instelling van 'n Nederlands-kultuurhistoriese instituut hier, van 'n leerstoel vir Afrikaanse taal, lettere en geskiedenis daár, aan voordragte en lesings,<sup>1)</sup> aan die studie van Afrikaners in Nederland, aan Dietse studentereise hierheen.

---

<sup>1)</sup> Vgl. Prof. BOSHOFF: *Praat en Doen, Die Vaderland*, 15 Feb. 1933. SCHEEPERS: *Hollands as Derde Taal aan Skole, Die Vaderland*, 28 Junie 1933. Prof. J. DU PLESSIS: *Strewe na die Ware, Skone en Nuttigel Die Vaderland*, 3 Mei 1933.

Dit is my oortuiging dat ons geestesgoedere veel groter is as ons tot dusver gemeen het. Sonder om node loos polemies op te tree, wil ek ernstig die vraag aan ons geleerde wêreld stel of die tyd nie aangebreek het om ons tentpenne veel wyer uit te slaan nie, sodat dit ons hele Dietse letterveld sal omvat en nie langer die Hollandse geskrifte wat in Suid-Afrika ontstaan is en deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, uit te sluit nie? Literatuurgeskiedenis as 'n selfstandige wetenskap bestaan nog maar sowat 'n honderd jaar waarom ons ons dus nie hoef te verbaas dat nie alleen die sintetiese samevatting van ons literêre bronne ontbreek nie, maar ook nog 'n massa voorbereidende werk moet gedoen word. Daar is meer oor naturellehoofde geskryf dan oor ons voorvaders.

Voor 'n deeglike literatuurgeskiedenis geskrywe kan word, voor ons tot klaarheid en helderheid kan kom *wat* die afmetinge van ons letterveld presies is, is twee dinge broodnodig, nl. ten eerste 'n volledige *vaderlandse geskiedenis uit Afrikaner-standpunt bekyk*, deur 'n Afrikaner wat deur geboorte en opleiding ons hele verlede van die eerste dag van die Volksplanting af, intuïtief aanvoel en ten tweede 'n streng wetenskaplike Biografiese Woordeboek soos die *Nieuw Nederlandsche Biografische Woordenboek* van MOLHUYSEN en BLOK deur 'n paar Afrikaanse samestellers. Daarsonder het ek herhaaldelik voor die probleem gestaan: „Durf ek nou hierdie geskrif as van ons annekseer, of hoort dit tot die Nederlandse penneproduksie?”

My voorgangers het die vraag ontduik of dit heeltemal nie nodig gevind om dit eers te stel nie. Prof. dr. G. BESSELAAR in *Zuid-Afrika in de Letterkunde* (1914) was die eerste en tot dusver nog die enigste wat 'n poging aangewend het om ons hele letterveld op te meet. Van sy boek het ek 'n dankbare gebruik gemaak, maar vir die sewentiende en agtiende eeue het hy hom so verdiep in wat vreemdelinge, Portugese, Franse, Duitsers, Swede oor ons geskrywe het, vir die neëntiende eeu het hy hom ook nog die taak gestel om die Engelse geskrifte te behandel met die gevolg dat wat die studie aan breedheid wen dit in diepte verloor vir die

oplossing van my probleem. Hy het vernietigende kritiek ontvang by die verskyning van die werk maar 'n mens hoef geen groot profeet te wees nie om te voorspel dat 'n omgewerkte uitgawe met vreugde ontvang sal word. Die literatuurgeskiedskrywers wat ná hom gekom het, wyle prof. dr. LYDIA VAN NIEKERK met *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijne Letterkundige Voortbrengselen* (1916), prof. dr. E. C. PIENAAR met *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging*, dr. P. C. SCHOONEES met *Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging*, het die slot-episodes in die Afrikaanse taalstryd wat hom langsamerhand in 'n stryd teen Hollands ontwikkel het, meegeveg. Hul het die seëviering van Afrikaans teenoor die Hollands van die Taalbond-manne beleef, maar die gewonne stryd het 'n dekade gelede die hartstogte nog so verblind dat ons perspektief gevaar geloop het om benewel te word. In aanmerking geneem die tydsomstandighede waaronder genoemde drie werke tot stand gekom het, is dit begryplik dat hul teenswoordig die indruk wek en dit ook gevestig het, dat ons *Hollandse* literêre geskrifte met een stoot vergoed oorboord gegooi is met die erkenning van Afrikaans as skryftaal. Daardie werke is gewy aan 'n afsonderlike onderdeel van die groot geheel, uit 'n estetiese oogpunt die belangrikste onderdeel, maar desnietemin is dit alleen die *moderne* literêre bloei wat daar ter sprake kom. Die jongste geskiedskrywer wat hom op hierdie terrein beweeg, dr. G. S. NIENABER met *Die Afrikaanse Beweging* (1932) en *Honderd Jaar Hollands in Natal* (1932) en *Charles Etienne Boniface* wat in die pers is, kom op teen die aanvalle op Taalbondmanne soos professor DE Vos, sien dat die lyn verder moet teruggetrek word as die ontstaan van die *Genootskap van Regte Afrikaners* in 1875, maar so sterk is die mag van ons voorgangers en leermeesters dat hy hom nog nie heeltemal kan losmaak van die ou beskouing nie.

Met die verskyning van dr. F. C. L. BOSMAN se *Drama en Toneel in Suid-Afrika* (1928) het daar 'n wending in ons literatuurgeskiedbeskouing gekom. Aan hom kom die eer toe dat hy 'n massa onbekende stof uit ons vroeë verlede bekendgemaak, allerlei vraagstukke vir verder ondersoek opgewerp,

en ander vorsers deur woord en daad besiel het om hul ondersoekinge in dieselfde bane te voer. Ek sluit my dan heeltemal by hom aan en wens hiermee my hoë waardering van sy werk te betuig. Naas sy werk was die *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* van prof. dr. S. P. ENGELBRECHT vir my 'n openbaring. By die lees daarvan het dit duidelik geword dat ons op 'n dwaalspoor is as ons 'n streep deur ons kerkgeskiedenis gaan trek met veronagsaming van die honderd-en-vyftig jaar Evangelieprediking voor die koms van die Engelse, wat my op die gedagte gebring het dat ons in ons jeugdige oormoed dieselfde fout begaan met ons literatuurgeskiedenis, deur die Hollandse geskifte op Afrikaanse bodem ontstaan te verwerp as nie van ons nie, enkel en alleen omdat die vorm van ons taal in die loop van jare aanmerklik verander het. Hoewel daar soos in alle organiese ontwikkeling 'n nuwe tipe voortgekom het, het die neerseters aanvanklik tog al die karaktertrekke van die moederland in hul beliggaam. Nasionalisering is 'n langsame proses, die aanwas van 'n nuwe taalsoort nog langamer, hoe gunstig ook al die omstandighede, hoe bykans algeheel ook al die afwesigheid van remmende invloede soos die van skole en aristokratiese kringe, van letterkundige lewe. Later, en dit is veel later as algemeen aangeneem word, as die nuwe tipe tot volkome ontwikkeling gekom het, gaan die ooreenkoms met die oue, hoe ook al verdof en verflou, tog nooit heeltemal verlore nie.

Die Afrikaanse taal en die Afrikaanse geskifte word voorafgegaan deur die Hollandse taal en deur Hollandse geskifte en jare ná die onderskeid voltrek was, bedien almal hul nog van 'n gemeenskaplike skryftaal, nl. die Hollandse. Met ander woorde, die raamwerk van die gees het nog tot onlangs digby die oorsprong gebly op die gebied van die lettere. Die gees, die siel van 'n volk vind uiting in sy godsdiens, sy kuns, sy argitektuur, sy lettere, sy maatskaplike vorme, sedes, gebruike, ens. en dié dateer tog by ons van die sewentiende eeu af. As ons pennevrugte inderdaad eers in die derde kwart van die neëntiende eeu opkom, lyk dit my logies om te konkludeer dat ons tot dan

'n volk van analfabete was maar hierdie opvatting word deur die stapels geskrifte, wat voorhande is, geloënstraf.

Die Afrikaanse geskrewe bronne uit die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie kom my voor as gemeenskaplike besit waarop Afrikaners sowel as Nederlanders aanspraak kan maak. Die Nederlander hoef dit nie te doen nie, want deur die hoeveelheid van sy geestesgoedere kan hy hom 'n growwe sif veroorloof. Daardie bronne val vir hom onder koloniale letterkunde; hulle is net een nietige ongebruikte geboutjie in sy gebouekompleks; vir ons is dit die oudste pennevrugte op ons bodem, die fondament van 'n nuwe huis.

Onder die werk van ons Hollandse skrywers verstaan ek die Hollandse geskrifte, wat deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan is, werke wat in 'n ou vorm opgestel is, 'n vorm wat nog bestaan of in 'n ander oorgegaan het, die vrug van die arbeid van wie korter of langer hier vertoef het. „Skrywers” is hier dan ook in die wydste betekenis van die woord opgevat.

Vir ons is dit noodsaaklik om ernstig oor hierdie vraagstuk na te dink en tot klaarheid te kom oor wat ons onder Afrikaanse letterkunde verstaan. Op die taalvorm alleen kan ons nie langer gaan nie. Ons het ons blind gaan staar op die Afrikaanse *vorm* en vergeet dat dit die *gees* is wat lewend maak. As dit ons werklik erns is met ons kultuurstryd, moet ons volk hom weer in die Hollandse periode van sy verlede terugvind, moet ons gees dwarsoor die tydperk van verengelsing heengryp; moet ons vir ons inspirasie heeltemal teruggaan tot die dae van Jan Kompanjie, waarin die wortel en die stam van ons beskawing lê.

'n Blik in die sillabus vir die B.A.-graad met Hollands as een van die hoofvakke, 'n kennismeming van die Afrikaanse uitgawes van Nederlandse Klassieke met uitvoerige inleidings en aantekeninge, 'n opsomming van die aanwassende aantal klein kritieke, kritiese studies, dissertasies oor moderne Hollandse en Afrikaanse skrywers, lei tot die vreemde ontdekking dat ons jare lank al besig is op ons inrigtinge vir hoër onderwys om die wortels van die boom van ons beskawing te versorg, d.i. die Nederlandse literatuur, middel-



nederlandse sowel as moderne, te bestudeer, om die vrugte, rype sowel as onrype blink te vrywe, d.i. die Afrikaanse letterkunde te troetel en streel, maar die stam, die werk van ons vroeë Dietse skrywers in Suid-Afrika, te laat opvreet van die miere. Waarom sou ons ons geestelik armer maak as wat ons reeds is, deur langer hierdie toestand te gedoog?

In die lig van die geskiedenis weet ons dat diegene wat aan Afrikaans 'n selfstandige ontwikkeling wou ontken en dit probeer forseer het op die obsoleete weg, op 'n dwaalspoor was. Die Afrikaanse taal en die Afrikaanse nasionaliteit is 'n voldonge feit hoe ver die nasionaliteitswette ook al op die lange baan mag geskuif wees, maar jeugdige oormoed en gebrek aan tradisie alleen kan die wanbegrip staande hou dat ons generasie heeltmal opnuut begin het.

Hierdie studie is 'n poging om die betekenis van enkele van ons ouer skrywers, van diegene wat hul van die ouer vorm van ons taal, van Hollands of „Hoog-Hollands” soos dit later algemeen bekend gestaan het, bedien het, uit hul geskrifte in Suid-Afrika ontstaan, toe te lig, en hul in die kader van hul tyd, te midde van die heersende tydstrominge van hul eeu te bekyk. 'n Enkele keer het ek my deur estetiese maar gewoonlik in *sterk* mate deur kultuurhistoriese oorweginge laat lei. Dit is onbillik om die werk van die verlede wat volgens ander norme en kunsbegrippe geskep is, by teenswoordige opvattinge te meet. Wat bly daar in die sif oor as ons die versies van *Di Patriot* by die norme van *Die Nuwe Brandwag* beoordeel? Wie sê dat wat ons vandag met goud en silwer bekroon oor twintig jaar nie as waarde-loos bestempel sal word nie deur later estetici? Wat gee ons dan die reg om ons van die studie van die vroeë geskrifte af te maak met die eiewyse oordeel dat hul almal prulle is?

Die resultaat van my ondersoekinge is in baie opsigte teleurstellend as dit van 'n suiwer letterkundige standpunt beskou word, want werk van 'n hoë peil moet hier nie gesoek word nie. Die beste onder heel veel middelmatigs is nog maar onbeduidend, konvensioneel, maar dieselfde koerantelektuur, tydskrifkuns, eendagskinders het as sleutel tot die kultuurtoestande van verbygegane tydperke gedien en my toegang

verleen tot die siel van 'n volk wat teen 'n groot oormag worstel om vir homself 'n plek onder die sonnestelsel wat hom regmatig toekom te verower.

Ek wil drie klasse van Hollandse skrywers onderskei, nl. van amptenare-penniste wat 'n tydlank hier vertoef het en tydens hul verblyf, hetsy korter of langer, deur ons aangeleenthede geïnspireer is, soos JAN VAN RIEBEECK, PIETER DE NEYN, AERNOUT VAN OVERBEKE, ens.; verder gebore Hollanders of vreemdelinge wat verhollands was, wat hul lot met ons ingewerp het soos JACOB WIKAR, H. D. CAMPAGNE, C. E. BONIFACE, SUASSO DE LIMA, A. N. E. CHANGUION, ens.; en ten slotte gebore Afrikaners soos P. CLOETE, D. VAN REENEN, M. C. VOS, LOUIS TRIGARDT, T. F. BURGERS, ens. Vir my loop daar 'n onafgebroke Dietse draad van die *Dagboek* van JAN VAN RIEBEECK af tot by die jongste Afrikaanse geskrif. Al verskil ons oor wat ons as letterkunde kan beskou, of wat ons verwerp omdat dit nie aan die eise van die estetiek voldoen nie, van *alle* Hollandse geskrifte in Suid-Afrika ontstaan, moet kennis geneem word as ons 'n opgawe van ons geestelike besit wil saamstel. As die vergete Hollandse literêre bronne van die Afrikaanse bodem nie om eie literêre verdienste, wat inderdaad klein is, ons aandag verdien nie, dan tog wel om die bewys wat hulle lewer dat ons van die vroegste tye van die volksplanting af, tot vandag, hoewel sover verwyder van Europa, alle Europese literêre sowel as politieke strominge, die wêreldorde van elke tydperk, hier in die Suidhoek weerkaats. Om die belangrike rol wat hulle kan speel in ons kultuurstryd, waarin van *alles*, van ons hele geestelike besit moet gebruik gemaak word, is dit noodsaaklik dat die ou Hollandse geskrifte van Suid-Afrika in eer herstel en met eerbied en liefde op dié Universiteite, wat 'n Afrikaanse beleid volg, bestudeer word, nie alleen in die departement van geskiedenis nie maar ook in die van Nederlands en Afrikaans.

---

## HOOFSTUK I.

### DIE OORPLANTING VAN DIE HOLLANDSE KULTUUR NA SUID-AFRIKA.

---

„Er komen in de journalen der oude noord-nederlandsche zeevaarders honderd plaatsen voor, teekenachtig of karaktervol, beiden; en het is mij somtijds toegeschenen, dat onze zamenstellers van nederlandsche litteratuurgeschiedenissen en bloemlezingen daarop nog te weinig gelet hebben. Het gaan mededoen der Hollanders aan de groote vaart is niet alleen eene dagteekening geweest in de jaarboeken van hun handel, hun scheepsbouw, hunne zeemanschap, maar ook in de lotgevallen hunner letteren en hunner taal.”

BUSKEN HUET: *Het Land van Rembrandt*,  
1e helft, H. II, 5 (p. 243).

#### I. DIE JOERNALE 'N DAGTEKENING IN DIE LOTGEVALLE VAN ONS TAAL, LETTERE EN HELE KULTUUR.

Die Nederlandse volk as 'n groot selfstandige onafhanklike eenheid het sy beslag onder WILLEM VAN ORANJE gekry. Die Afrikaanse wag nog op 'n „vader des vaderlands”. Die moment van oorplanting van die Hollandse beskawing na Suid-Afrika in 1652 het uitgeloop op twee volke, elkeen met sy eie geskiedenis, sy eie tradisies, sy eie taal en literatuur maar so nou is die verwantskap dat die Afrikaanse digter JAN CELLIERS in die besef waar ons volk sy oorsprong het, by die vierhonderdjarige viering van die geboortedag van die groot Swyger uitgeroep het:

O beeld van outyds grootse stryter  
Oranjevors en Volksbevryter  
Jou gees is altyd nog ons leier  
Ons bly getrou!

Daardie gees word duidelik weerspieël in die geskifte van litêre en algemeen kulturele aard wat op die Afrikaanse bodem ontstaan het of hul nou al in die ouer of jonger vorm van die Hollandse taal gestel is.

Ons geskiedenis begin byna in die middeleeue as ons BARTHOLOMEUS DIAZ en VASCO DA GAMA as uitgangspunt neem en aan die begin van die tweede helfte van die Hollandse goue eeu as ons die ontstaan van ons tydperk met die eintlike neersetting dateer. Maar vreemd genoeg, deur 'n sameloop van allerlei omstandighede, waarin die staatkundige verwikkelinge seker die vernaamste rol speel, het ons tot dusver vry algemeen aangeneem, dat literatuur in Suid-Afrika eers in die derde kwart van die 19e eeu ontluik het met die opkoms van die Afrikaanse. En om aan te toon dat die nuwe taal en die nuwe letterkunde nie somar uit die hemel kom val het nie, het die taalkundiges alle spore van die ontstaan van Afrikaans, die letterkundiges alle stukkies en brokkies Afrikaans uit ou reisbeskrywings, dagboeke, samesprake en verse met voorbeeldige ywer nagegaan. Dit is bekende feite dat die eerste koloniste hoofsaaklik uit die Provinsie Holland gekom het en dat die Hollandse streeksprake wat hulle hier gebring het, duidelik terug te vind is in die Afrikaanse woordeskat en idioom; ook is dit bekend in watter dagboeke, reisbeskrywings en verse Afrikaanse vorme en sinswendinge die vroegste gebesig word,<sup>1)</sup> maar die dagregisters en joernale is opsigself al 'n dagtekening in die lotgevalle van ons taal, lettere en hele kultuur. Die *Artyckel-Brief* vir die dienare van die *Generale Vereenigde Nederlantse g'octroyeerde Oost Indiese Compagnie*, wat met klein wysiginge in 'n paar artikels in die jare 1601, 1634, 1658, 1672 en 1742 afgekondig is deur die Bewindhebbers, het 'n gebod bevat wat van groot betekenis is vir die nageslag wat sy beskawingsgeskiedenis, oudste verhalende prosa en eerste verskuns wil nagaan. Dit lui as volg:

XCI. „Sal mede een iegelijck gebonden zijn alle Journalen, Kaerten, Schriften, ofte aenteekeninge van

---

<sup>1)</sup> Vgl. Prof. J. J. SMITH: *Die opkoms van Afrikaans, Die Kerkbode*, 23 Aug. 1933.

Rheden, Stroomen, Havens, Kapen, Hemels-teeckenen, Kourssen, mitsgaders alle appendentie van de zeevaart op dese voyagie gemaectt, geannoteert ghescreven, ofte verkregen, getrouwelijck over te geven in handen van den Gouverneur Generaal, oft de Bewinthebberden alhier, het zij datse daertoe versocht werden, ofte niet; op de verbeurte van drie maenden gagie, ende vordere correcti nae gelegentheit." <sup>1)</sup>

Die joernale is dus op gesag gehou, is offisiële geskifte, bronne vir die geskiedskrywer, maar daar kom onsterflike stukke in voor want die skrywers is mense van gelyke beweging as ons met al die roersele van die menslike hart gewees. Die ewig menslike wat daar uit die oudste registers nog presies so roerend spreek as of hul in ons eie tyd geskrywe is, die tragiese wat daar soms agter die eenvoudigste mededeling skuil, die fris humor uit 'n terloopse opmerking behoort onteenseglik tot die gebied van die letterkunde. Ons kan hul bestudeer om 'n getroue beeld van die gang van sake te kry, om die uitbreiding van die stigting na te gaan, vir die topografie, die hydrografie en die kartografie van Suid-Afrika maar ook om hulself en om diegene te leer ken wat hul gepen het. Maar al te dikwels was dit aanvanklik die ondernemingsgees van „kleine luyden” van die „grootte Compagnie” wat aanleiding gegee het tot die interessantste leesstof in die Dagregister wat op die sekretarie gehou is. <sup>2)</sup>

## 2. DIE DAGREGISTER VAN JAN VAN RIEBEECK.

By sy vertrek uit Texel, 24 Desember 1651, het JAN VAN RIEBEECK dadelik 'n aanvang met sy Dagverhaal gemaak en met sy aankoms aan Cabo de Bona Esperance, 6 April 1652,

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, (Amst. 1912) druk 'n opsomming van die Artikelbrief af as bylaag. Ek het 'n eksemplaar uit die Rijksargief, 's-Gravenhage gebruik, uitgegee „Tot Middelburgh, Gedrukt bij Pieter van Goethem, Ordinairis Stadsdrukker. Anno 1669.

<sup>2)</sup> Vgl. Inleiding deur R. POSTHUMUS MEYJES in GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd* Dl. III ('s-Gravenhage 1922).

het die Hollandse taal 'n vaste nuwe bodem gekry. Oor die voortplanting van die Hollandse taal in die Suidhoek is alreeds gepraat in 'n Remonstransie, onderteken 26 Julie 1649 deur LEENDERT JANSZ. en N. PROOT, waarin aangetoon word, dat onder die voordeel en profyt wat die Oos-Indiese-Kompanjie sou kan trek deur 'n fort en 'n tuin aan die Kaap te maak, ook moet genoem word dat die inwoners „metter tijd de Nederlantse spraecke leeren, ende d'inwoonders van de baij Saldania en de binnentslants, door haer wel tot eenige handeligh cunnen gebracht worden.”<sup>1)</sup> JAN VAN RIEBEECK, die optimis, die man van grootse planne, het g'n oomblik aan hierdie moontlikheid getwyfel nie in die lig van die ervaring wat hij in 1648 opgedoen het, toe die retoervloot drie weke aan die Kaap vertoef het om die goed van die verongelukte skip Haarlem aan boord te help versorg. Hy het in der tyd 'n bevestiging van hierdie nog enigsins twijfelagtige uitspraak van JANSZ en PROOT aan die bewindhebbers, Here XVII, gerig waarin sy eienaardige seventiende-eeuse vermenging van godsenssin en handelsgees van die ideële en die materiële en van egoïsme en altruïsme, van 'n ontwakende Renaissance, liefde tot eie taal, ons 'n insig gee in die geesteshouding van ons voorvaders in die algemeen en van ons eerste Dagboekskrywer in besonder. In 'n lang-asem sin, tipies vir die 17de eeuse offisiële styl, druk hy sy oortuiging as volg uit:

„Wat aangaet 't geene Sr. LEENDERT JANSZ. schrijft van dat d'Inwoonders ofte hunne kinderen onse Nederlantse tale souden cunnen leeren, is considerabel, ende niet min een goede saecke, maer ingevolge noch beter de voortplantinge onser gereformeerde Christelijcke religie daer denselven meede hope toe schijnt te hebben ende in welcke saecke een goet leeraer de beste dienst soude cunnen doen, als UEd: haer die oncosten gelieffden te getroosten, stont het selve oock te strecken tot meerder stichtinge van UEd: aldaer te leggen dienaeren, edoch wat UEd: indesen ofte meer andere saecken sullen gelieven te doen ofte ordonneren, hebben ons (in UEd: loffwaardige dienst op ons eerbiedigh versoeck aangenomen wordende)

---

<sup>1)</sup> Bylaag tot GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika. Jan van Riebeeck.*

met alle mogelijcken vlijt ende naerstigheijt na te reguleren, waar toe willen hopen ende Godt almachtigh bidden, hij ons alsdan met voorsichtigheijt ende verstant soodanigh wil begenadigen dat bequaem mogen sijn Ued: saecken aldaer ten meesten dienste ende profijte van d'Ed. Comp.e uijt te voeren, ten sijnde UEd: in alles genoegen ende occasie mogen becomen, omme bij tijt ende wijle op ons verder advancement te dencken." <sup>1)</sup>

Dit is nie die taal van suiwer vroomheid nie, dit is die taal van die eeu wat hier gebesig word, <sup>2)</sup> dit is nie die gesproke taal nie, dit is die geykte vorm van die sewentiende eeuse stadhuistaal. In die tien jaar voor die Bewindhebbers oor die „verder advancement" van die stigter van Hollands Suid-Afrika gedink het, het verskeie inwoners die „Nederlantse tale" aangeleer en hul stempel van ander nasionaliteite en stamme daarop afgedruk en so goed of so sleg as dit gegaan het hul ondervindinge opgeteken wat by die fort geredigeer is voor 'n kopie na die verskillende kamers veral Zeeland en Amsterdam in Nederland kon gestuur word.

Van die eerste dag wat die leier voet aan wal gesit het met sy klein klompie mense was daar stof genoeg vir die diepste literêre ontboeseming en het die romantiese in die aard van die kommandeur so iets nie uitgesluit nie, maar sy Dagboek moes volgens Art. XCI 'n amptelike verslag wees tot in die kleinste besonderhede om Here XVII 'n getroue beeld te gee van wat daar in die eerste avontuurlike jare van die stigting plaasvind. Die eerste kenmerkende verdienste van die *Dagverhaal van Jan van Riebeeck* <sup>3)</sup> is dan ook die toon van egtheid

<sup>1)</sup> Bylaag tot GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*.

<sup>2)</sup> Vgl. BUSKEN HUET: *Het Land van Rembrandt* II, I p. 89. MATLEY: *Barneveld* .I p. 387 veroordeel juis die tipeese in die 17e eeuse prosastyll met die woorde: „To mix habitually the solemn phraseology which men love to reserve for their highest and most sacred needs with the familiar slang of politics and trade seems to our generation not a very desirable proceeding."

<sup>3)</sup> Die *Dagverhaal* is drie maal uitgegee.

(a) April 1652—end 1658 in die *Ned. Z.A. Tijds.* 1824—1840.

(b) Desember 1651—Mei 1662 deur prof. W. G. BRILL in Werken van

en waarheid wat daaruit opklink. Sonder enige geleerdheidsvertoning of jag op styleffekte, kom daar gedeeltes in 'voor „die in hun eenvoud en waarheid-van-voorstelling van onverwoestbare schoonheid zijn.”<sup>1)</sup> Die berigte oor wind en weer wat telkens terugkeer, was van lewensbelang vir die reisigers in die gevaarlike tye van seilbote en onbekende kuste maar verhoog nou slegs die dorheid van die rapportstyl en die besondere, interessante berigte gaan ook dikwels mank aan 'n gebrekkige styl. In die verskeidenheid en rykdom van inligting is dit die suiwer anekdotiese en avontuurlike element wat die aantreklikste is, maar ook die minder boeiende gedeeltes het hul kultuurhistoriese waarde. Hoe gebrekkig ook al dikwels die styl, hoe vervelend ook al sommige altyd terugkerende mededeling en opmerkings, die Dagverhaal is die belangrikste en boeiendste penneproduksie uit die Hollandse tyd vir wie hom rekenskap van ons verlede wil gee. Eers volg ons dag na dag die liggaamlike lye van die bemanning wat totaal verswak is deur die lang seereis waarop verskeie die hoof gebug het onder al die moeite en verdriet, en nou worstel teen wind en weer aan die Kaap van Storms. Hul sterf weg by gebrek aan goeie voedsel, maar met 'n soort van fatalistiese deursettingsvermoë, bly die oorlewendes deurwerk aan die optrek van die fort en aan die beplanting van die grond.

Dan volg teleurstelling op teleurstelling en agter die eenvoudigste opmerking lê soms 'n wêreld van tragiese geestelike lye. In een slag vernietig die elemente wat die menslike hand

---

het Historisch Genootschap van Utrecht Nos. 39 (1884), 58 (1892), 59 (1893).

(c) deels saamgevatte, deels vertaalde uitgawe in Engels deur H. C. V. LEIBBRANDT, *Precis of the Archives* 3 dele, Kaapstad 1897, Van Riebeeck's Journal.

In *Die Burgerleeskring*, No. 4: „uit ou Reisbeskrywinge, Dagverhale en ander letterkundige bronne oor die Kaap” p. 86 en vlg. (1922) gee Dr. W. BLOMMAERT en Ds. S. F. N. GIE 'n interessante uittreksel.

<sup>1)</sup> Dr. G. BESSELAAR: *Zuid-Afrika in de Letterkunde* p. 35. Oor die taal van die *Dagboek* vgl. Prof. A. FRANCKEN: „Iets over 't Dagverhaal van de Kommandeur JAN VAN RIEBEEK”, *De Vriend*, 28 Julie 1904, *De Unie* Sept. 1905.



tot stand gebring het: „Het weder wat bedaard zijnde, bevonden alle onzen zwaren arbeid, in den nieuwen tuin gedaan, ten eenenmale ondergeloopen, en al ons gezaaide verdrongen en bedorven, tot zeer groot verdriet om aan te zien, alzoo wij verscheide akkertjens met tarwe, garst, erwten, kool en andere land- en tuinvruchten bezaaid en beplant hadden, van welke sommige al zoo schoon stonden, dat een vermaak was om te aanschouwen.”

En as dit ware om die honger nog te verskerp en die waaghalse te straf en te terg, „zagen de herten en elanden omtrent even buiten kanonschot van ons fort in redelijke abundantie weiden en lopen, maar zijn zoo wild, dat men ze niet genaken kan, hetwelk ons zeer verdrietig valt.” Eindelijk breek die dag aan, wanneer met vreugde opgeteken word, dat die grootste gevaar vir verhongering gewyk is, want die eerste wortels, mooier en kosbaarder dan stafies rooi goud, so dik „als een pink”, het op die tafel van die kommandeur gepryk!

Die biografieë van beroemde en berugte „wilden” wat in die dagboek opgesluit lê, hoort tot die stukke wat blywende waarde het. In HERRY en EVA en SOUSOA onder andere is 'n paar figure geteken wat uit 'n grys verlede altyd weer jong en fris uit die Dagboek opstyg.<sup>1)</sup>

Die stam waarmee hul die eerste in aanraking gekom het, het die naam Goringhaikonas gedra en die Hottentot naam van die kaptein word deur VAN RIEBEECK opgegee as AUTOEHAMAO. Dit was nogal 'n mondvul vir die Hollanders wat met spreekwoordelike nugterheid die stamnaam omgedoop het in Strandlopers of Watermens, „omdat van mosselen leven, die uijtte clippen halen ende eenige worteltjens uijt d' aerde, sonder vee altoos te hebben.” Die aanvoerder het met die Engelse na Bantam meegegaan nog voor die aankoms van die neerseters van wie hy sy Engelse naam HERRY ontvang het en by wie hy gebroke Engels geleer het en later

---

<sup>1)</sup> Oor *Herry en Eva*, vgl. D. B. BOSMAN: *Uit die Biografie van 'n Hottentot*, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* X, 1931—32.

GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*.

Deselfde: *Reizen in Zuid-Afrika I*.

Deselfde: *Tijdens de O.-I. Compagnie*.

'n paar woordjies Hollands van die matrose van die gestrande „Haarlem”. Gevolglik het VAN RIEBEECK „HERRY, den Hottentoo die wat gebroken Engelsch spreekt” as tolk gebruik maar dit moes bitter moeilik gegaan het om mekaar te verstaan, daar die kommandeur, die man wat in sy Dagboek die naam van 'n Engelse skip „Eagle” met „Egel” vertaal, en dan verbaas staan dat die wapen so veel op 'n arend lyk, se kennis van die vreemde taal ook heelwat te wense oorgelaat het. Gereelde „buikvullinge” en arak en 'n pyp tabak maak die stramste tong los van wie kennis gemaak het met die Europese genietinge en hul kon onderhandel, maar HENRY het klaarblyklik sy eie belange bo die van die vreemdelinge gestel met die gevolg dat hy gou aanleiding tot ontevredenheid gegee het. Eers moes daar ses moeilike maande van ontbering en teleurstelling verbygaan voor die Saldaniers (so genoem omdat die mening geheers het dat hul uit die buurt van Saldanhabaai kom) met vee opdaag en dan begin HERRY sy streke uithaal „ende voor makelaerdij schijnt te pretenderen.” Hy tree op as tolk en raadsman vir die kopers maar agter hul rug om ook vir die verkopers, anders sou die volkie wat hul aanvanklik so „zeer minnelijk en fraai bejegend (had) dat het wonder was” nie later so oorlams kon gewees het nie. Hul moet getrakteer word en pers hoe langer hoe meer presente af, deur 'n listige verhaal op te hang dat die Engelse, aartsvyande van die nuwe vreemdelinge, sakke vol brood, hele kanne arak en wyn en handevol tabak kwistig uitgedeel het.

Dit duur op hierdie manier maande, voor die Kompanjie 'n klein klompie skape en beeste besit, en dan op 'n Sondagmôre, 19 November 1653 terwyl die sieketrooster die gebruikelike godsdiensoefeninge hou en 'n spesiale dankgebed vir die geboorte van VAN RIEBEECK se seuntjie opstuur in die Fort, verdwyn HERRY en sy hele stam soos 'n groot speld en voer al die kompanjie se beeste mee. Die beeswagttertjie „bij den staert van den Leeuwenberg vermoort lagh.”

Nou is VAN RIEBEECK tog rasend, maar al sy dreigemente en intimidasies, sy poginge onder korporaal JAN VAN HARWARDEN, om hul terug te kry, bly vrugteloos. Hy, wat die Saldaniërs in die begin „seer speculatyff ende vreemt om aan

te sien" gevind het, wat vol verbasing gekyk het, hoe hul die melk uit die leersakke „met een quastjen off cleyn swabbertjen, bijnae een spetie als van hemp gemaect wesende, opslobberden", wat in meeslepende gevoelvolle styl beskrywe het, hoe die moeders hul suigelinge agter tussen die bene van die skape deursteek om soos ROMULUS en REMUS aan die wolf van die klassieke mitologie, hul te versadig, slaan nou 'n ander toon aan in die Dagboek. Sy opgewektheid en optimisme styg tot toorn en grimmigheid as een teleurstelling na 'n ander sy goeie stemming kom vernietig en hy het self daaraan gedink om die hele spul te laat vang, as slawe na Indië te stuur en die vee buit te maak — „haer volck geefter ons dagelix oorsaek genoegh toe, met stelen ende weghdragen van d' onsen haer goet." Maar as HERRY in Junie 1655 weer by die Fort opdaag, word dit raadsaam geag om hom nie alleen weer in genade op te neem nie maar hom ook as tolk op 'n handelstog onder korporaal WILLEM MULLER uit te stuur. In die *Copie Dagh-register* van MULLER hoor ons dat as die stukke koper en die provisie stillietjies van die pakosse verdwyn, het HERRY met sy kerie geswaai en geskree „Goo Goo reght off hij seggen wilde: ick heb u hier niet van doen." Hy dwing die soldate om hom die handelsreis met die koper en tabak verder alleen te laat onderneem. Die tekens van sy diefstal word later so sprekend dat hy in Julie 1658 na Robben Eiland verban word en al die vee wat hy ten koste van die kompanjie vergaar het, buitgemaak. Die volgende jaar is hierdie aartsdief teruggebring na die vasteland om ander rowers te help vang maar toe hy daar nie in slaag nie weer teruggestuur na die ballingsoord waarvandaan hy in 'n roeibootjie ontsnap het. Na die vrede enigsins herstel was, het hy dit gewaag om af-en-toe weer by die fort aan te kom maar kort na die vertrek van die eerste kommandeur is hierdie natuurkind, verslaaf aan en verrennower deur die betreklike seëninge van die Europese beskawing vir diegene wat daar nie teen bestand was nie, in die skaduwee van 'n vesting deur Europese hande opgetrek, begrawe.

### 3. VROEË RAPPORTE VAN DIE „KLEINE LUYDEN”. PIETER VAN MEERHOFF „DIE WEL TER PENNE IS”.

Deur iedere dag aantekeninge te maak of te laat maak, soms wel met moeite gedoen en volgehou, het daar onbewus onsterflike persoonlikhede onder al die los mededelings al gaandeweg gegroei. Daarvoor was die dagboekhouer gedeeltelik afhanklik van die rapporte van die „kleine luyden” wat in die onafgebroke reeks dagregisters van 1651 tot 1795 opgeneem is. Daar lê ’n wêreld van geestelike lye, heimwee en verlange in ’n onbevange opmerking uit een van die eerste, nl. die van vier deserteurs, wat van 25 September tot 3 Oktober 1652 omtrent vier-en-twintig myl van die Kaap in oostelike rigting geswerwe het „op hoop om over land in het vaderland te komen.” Hul joernaal was „met rood krijt geschreven.” Die toggangers WILLEM MULLER en JAN VAN HERWARDEN, wat in 1655 en 1658 respektiewelik hul berigte indien, het niks as sonde en ergernis van HERRY en KROTOA gehad nie, die meid wat VAN RIEBEECK aangeneem en EVA laat doop het. Die jare tussen 1659 en 1664 word gekenskets deur talrike poginge om die mitiese stad Vigiti Magna te ontdek wat êrens in die Noorde moes lê. <sup>1)</sup> Eva bevestig die bestaan van magtige en beskaafde ryke wat op die ou kaarte vermeld word en waarvoor ook die Strandlopers fantastiese verhale te vertel gehad het met die gevolg dat die „kleine luyden” soos Graalridders daarop uittrek om die fabelagtige goue stad te vind. Die reise wat met hierdie doel onderneem word en waarvan die joernale in die Dagregister opgeneem is, en ons erkenning verdien, is in die volgende orde afgelê:

1. Landtog van JAN DANCKAERT op soek na Monomatapa van 12 November 1660 tot 20 Januarie 1661.
2. Die eerste reis van PIETER GRUIJTHOFF van 30 Januarie 1661 tot 11 Maart 1661.
3. Reis van PIETER VAN MEERHOFF van 21 Maart 1661 tot 23 April 1661.

---

<sup>1)</sup> Vgl. Voorwoord tot die Joernale van die Landtogte van OLOF BERGH (1682 en 1683) en ISAQ. SCHRIJVER (1689) deur Dr. E. E. MOSSOP in die publikasies van die Van Riebeeck Society, 1931.

4. Reis van PIETER EVERAERT van 15 November 1661 tot 13 Februarie 1662.
5. Die tweede reis van PIETER CRUIJTHOFF van 21 Oktober 1662 tot 1 Februarie 1663.
6. Reis van JONAS DE LA GUERRE van 11 Oktober 1663 tot 22 Januarie 1664. <sup>1)</sup>

Daar word noukeurig reisaantekeninge gehou. Die word deur die sekretaris en sy assistente wat die klerkwerk kon doen en gewoonlik uit die soldate wat 'n goeie hand kon skrywe, gerekruteer is, op die fort geredigee. <sup>2)</sup> Die dagboekhouer het dikwels moeite met die skryfkuns gehad, hoewel daar onder die ruwe manne af-en-toe iemand was wat alles behalwe onbeskaafd en ongeletterd was soos by nader beskouing blyk. JOHANNES DORHAGEN het meegegaan op eersgenoemde reis omdat hy „de latynse tale” goed geken het en hul, getrou aan die opvattinge van die Renaissance, gemeen het dat ieder mens hom met hierdie internasionale taal tog sou kan verstaanbaar maak waar hy hom ook al ter wêreld bevind! Die vernaamste joernaalhouer wat aan elkeen van die ses togte deelgeneem het, die onderchirurgyn PIETER VAN MEERHOFF, <sup>3)</sup> 'n Deen van Kopenhagen, kon plasties en aanskouelik skryf, maar Hollands was sy moedertaal nie en gevolglik val hy dikwels deur die mat. Onder die mindere gode is hy 'n grootse figuur, iemand „die wel ter pen en oock eenighsints in de teyckenkunst ervaren” <sup>4)</sup> was. Hy trek met

---

<sup>1)</sup> Fragmente uit die joernale gehou op die togte na die Noorde is uitgegee deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd*, Dl. I. Die uitgewer het stukke gaan verkort sodat dit soms moeilik is om uit te maak wanneer die joernaalhouer en wanneer die uitgewer aan die woord is.

<sup>2)</sup> Vgl. *Algemeen Handelsblad*, 12 Jan. 1933, *Ambtenaren in Compagnies-Dagen*: selfs de stoutste fantasie kan zich geen protestvergadering van „pennisten” voorstellen op het Paradeplein binnen de muren van het Casteel.”

<sup>3)</sup> Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* dl. I p. 42, 45—47, 51—56, 60, 62—64, 66, 79, 89, 99, 100, 114, 115, 117. Voorwoord tot die *Journals of Bergh and Schrijver* p. 6 en vlgg.

<sup>4)</sup> Instructie voor JONAS DE LA GUERRE, 10 Okt. 1663 (GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I, p. 115).

die troep van JAN DANCKAERT mee maar die *Aenteyckeninge* is deur die leier, 'n man wat die tug nie kon handhaaf nie, self gehou. By watergebrek begin die volk onwillig te word, twis die ganse dag en toe hul eindelijk by die Olifantsrivier kom, het DANCKAERT sowat alle beheer oor hulle verloor. Daar word 'n kamp gemaak, waar die siekes moet agterbly, en as hul die volgende dag die reis voortsit en DANCKAERT verdwaal, is die aanvoerder verplig, om 'n angstige nag in die wildernis deur te maak, want niemand slaan die minste ag op sy vure en twintig musketskote nie. Die volgende môre vind hy hul rustig om die kampvuur sit, seker innerlik teleurgestel, dat die leeu so 'n porsie versmaad het.

Vir die volgende ekspedisie moes dus iemand gevind word wat ontsag, desnoods vrees kon inboesem. Die keuse val op die boumeester PIETER CRUYTHOFF maar onoffisieel was dit die joernaalhouer, die Kopenhaagse „provisieel onder-barbier” wat die leiding gegee het. 'n Briefie van hom aan die Kommandeur opgestel, 31 Januarie 1661, die dag na hul vertrek, is 'n pragtige voorbeeld van die onbeholpe Hollands, wat die vreemdelinge in diens van die Kompanjie dikwels gebesig het. Daarin laat hy weet, „dat wie sein Got loff omtrent de 6 meil van 't fort af, wie U.E. weten dat ons ossen begenen heur wel te skicken, anders niet, dan wie bevelen sein Edelheyt met sein Eedelle frou ende kiender onder den Alderhoogsten bescherminge”. As ons hiermee vergelyk sy „*Journaelse aenteyckeninge, gehouden bij den onderchirurgyn Pieter van Meerhoff, wegens dese laetse als 2e. persoon mede geweest*”, is dit duidelik, dat die hand van die sekretaris, HENDRIK LACUS, die taal versorg en miskien die hele stuk in goeie 17de eeuse skryftaal omgewerk het. Die vaste formule, „nadat wy wat gerust hadden”, die subordinerende sinne, wat in die volkstaal weinig voorkom, die woordeskat, alles wys daarop dat daar korreksiewerk gedoen is.

Tog is in sy joernale wat van beskrywende aard is, 'n sekere spontanëiteit bewaar gebly, 'n sin vir die grappige gepaard aan 'n sin vir die praktiese wat die reisigers oor die grootste moeilikhede van hierdie gevaarlike togte gehelp het, aan die dag gelê. Daar kom staaltjies van egte, natuurlike vrolikheid in voor en die bron van vermaak vir die ontdekker van die

Namaqua is die reus koning AKEMBIE, „veel grooter als CATIBOU, de grootste slaaff die aen Comp<sup>ies</sup> schuyr leydt.”<sup>1)</sup> VAN MEERHOFF gee die voorbeeld en leer die Namaqua die genot van 'n pyp tabak maar „den coninck in plaats van na hem te trecken blies van hem aff.” As hy die kuns meester is, begin hy begerige oë op die „fijne lakense slaepmuts” van die skrywer te slaan. Toe hy dit present kry, wil sy drie seuns ook elkeen een hê. Die praktiese Hollanders — miskien het 'n blik op die gestalte en die vuiste van die Koning hul vindingrykheid verskerp — weet daar gou raad op. „Wij maeckten datelijcq 3 a 4 stucx van de blaauwe cleetjens die wij hadden en hebben haer yder een gegeven, maar sij hadden machtigh sin in de roo mutsen; daer waeren eenige van ons volck die roode mutsen hadden, ick deed se haer geven en ick belooffde haer betalingh als wij aen de Caep quamen; de muts die de coningh van mijn creegh wees hij mijn dat hij se met coraelen rontsom woude behangen.”<sup>2)</sup> In vrede en vriendskap het hul uit mekaar gegaan. AKEMBIE, volmaak gelukkig met sy rooi mus, bly agter in sy land en VAN MEERHOFF aanvaar die terugreis met wie weet hoeveel donker gedagtes oor EVA, die bondgenoot van HERRY, met wie die ontdekker op 2 Junie 1664 plegtig getroud is, toe sy al twee kinders van blank vaders gehad het. Binnen enkele weke was daar weer 'n geselskap op die been na „den coningh”, sy seuns en „capiteyns” waarop VAN MEERHOFF die werk van leier, chirurg en joernaalhouer gekombineer het. Hul trek weer by „MEERHOFF's Casteel”, die ronde koppie bo-op Piekenierskloof (Greys-Pas) wat hy op die vorige reis na homself genoem het, verby, herstel die vrede onder die Namaqua en Akembie ontvang sy presente. Die dubbele beloning van die vier riksdalers en brandewyn wat elke „lantreyser” by die tuiskoms gekry het, het hy dan ook dubbel verdien.

Op die reis van PIETER EVERAERT wat oor 'n halfjaar gevolg het, het hy as sekunde meegegaan. Die „sribent CORNELIS DE CRETSE” het die joernaal gehou maar behalwe die verskrikkelike dors was daar nie veel om oor te skryf nie

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 55.

<sup>2)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 59.

Namaqua is die reus koning AKEMBIE, „veel grooter als CATIBOU, de grootste slaaff die aen Comp<sup>ies</sup> schuyr leydt.”<sup>1)</sup> VAN MEERHOFF gee die voorbeeld en leer die Namaqua die genot van 'n pyp tabak maar „den coninck in plaats van na hem te trecken blies van hem aff.” As hy die kuns meester is, begin hy begerige oë op die „fijne lakense slaepmuts” van die skrywer te slaan. Toe hy dit present kry, wil sy drie seuns ook elkeen een hê. Die praktiese Hollanders — miskien het 'n blik op die gestalte en die vuiste van die Koning hul vindingrykheid verskerp — weet daar gou raad op. „Wij maeckten datelijcq 3 a 4 stucx van de blaauwe cleetjens die wij hadden en hebben haer yder een gegeven, maar sij hadden machtigh sin in de roo mutsen; daer waeren eenige van ons volck die roode mutsen hadden, ick deed se haer geven en ick belooffde haer betalingh als wij aen de Caep quamen; de muts die de coningh van mijn creegh wees hij mijn dat hij se met coraelen rontsom woude behangen.”<sup>2)</sup> In vrede en vriendskap het hul uit mekaar gegaan. AKEMBIE, volmaak gelukkig met sy rooi mus, bly agter in sy land en VAN MEERHOFF aanvaar die terugreis met wie weet hoeveel donker gedagtes oor EVA, die bondgenoot van HERRY, met wie die ontdekker op 2 Junie 1664 plegtig getroud is, toe sy al twee kinders van blank vaders gehad het. Binnen enkele weke was daar weer 'n geselskap op die been na „den coningh”, sy seuns en „capiteyns” waarop VAN MEERHOFF die werk van leier, chirurg en joernaalhouer gekombineer het. Hul trek weer by „MEERHOFF's Casteel”, die ronde koppie bo-op Piekenierskloof (Greys-Pas) wat hy op die vorige reis na homself genoem het, verby, herstel die vrede onder die Namaqua en Akembie ontvang sy presente. Die dubbele beloning van die vier riksdalers en brandewyn wat elke „lantreyser” by die tuiskoms gekry het, het hy dan ook dubbel verdien.

Op die reis van PIETER EVERAERT wat oor 'n halfjaar gevolg het, het hy as sekunde meegegaan. Die „sribent CORNELIS DE CRETSE” het die joernaal gehou maar behalwe die verskrikkelike dors was daar nie veel om oor te skryf nie

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 55.

<sup>2)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 59.



dan die ontmoeting met 'n olifant „in welke tegemoetcominge een van onse comp.<sup>en</sup>, genaempt PIETER ROMAN, niet alleen van wierde achterhaelt, maer oock soo deerlijk gequest, dat hij ongeveer 2 uyren daarna is comen te overlijden.”<sup>1)</sup>

Toe PIETER CRUIJTHOFF sy tweede reis sou onderneem, het dit al 'n soort van tradisie geword dat VAN MEERHOFF sou saamgaan, maar die *Journal* is gehou deur FREDERICK DE SMIT, blykbaar nie die werk van 'n gebore Hollander nie, om te oordeel na die woordkeus en skryfwyse. Hy het las met die spelling van woorde soos „sonties” (zoetjes) „soepien” (soopjen) en „kabriesen” (kARBIESEN) en skryf al die Afrikaanse samestelling „vogelstruysen” wat 'n bewys is dat hierdie vorm naas die Hollandse toe reeds in gebruik was. Hul het 'n wa saam geneem en vir die eerste maal het daar waspore langs die Olifantsrivier gelê maar die het die agterdog van die „wilden” opgewek. As hul by die plek terug kom, waar op die heenreis een en ander onder 'n hol klip weggesteek is, word alles terug gevind, behalwe die heerlike spek en gedroogde wildvlees, wat hul so lang gespaar en so na gesmag het. Verdrietig vermeld die joernaal, dat die „gegetten en geconsumeert”<sup>2)</sup> was deur wilde diere — of was dit deur die onversadigbare mensies van die vlaktes? Met skynbare gevoelloosheid vermeld die joernaalhouer die ontberinge van die lang weg: snags ly hul bittere kou, oordags vergaan hul van die hitte en die dors, veroorsaak deur die brakwater, sodat van 'n sekere DIRCK ROOTKOP telkens vermeld word, dat hy „niet meer voort coste”, nieteenstaande of miskien as gevolg van die herhaalde aderlating deur die bekende chirurg VAN MEERHOFF. Die verskrikkinge van die tog het hul nie afgeskrik nie en binne 'n jaar was daar weer 'n geselskap op dieselfde wapad onder leiding van JONAS DE LA GUERRE. PIETER VAN MEERHOFF het die joernaal gehou en ons voel dadelik dat 'n joernalis „wel ter penne” aan die woord is. Daar word beskrywe hoe hul na heel wat gevare en vermoeienis tot in die kloof van die Olifantsrivier kom, waar die kosbaarste besit, 'n pragtige

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 66.

<sup>2)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 107.

„beslagen hechte boerewagen” uitmekaar gehaal word en aan die voet van die berg begrawe. Die werksaamheid het in die stilte van die nag gebeur in die hoop dat die bespiedende ogies van die berg- en vlaktebewoners hul nie sou gewaar nie, maar as hul eindelijk in die versengende hitte van die somermaand Desember die Olifantsrivier weer bereik, is die wa verbrand, die provisie gesteel en die kruitkokers almal leeggestort. „Chrigeriquas ende Sonqua” kom vertel dat Cochoqua die vernieling aangerig het en Cochoqua pak die skuld op ander Hottentotte. VAN MEERHOFF het voëls en plante op die reis gesien wat nuut was vir hom en „in ’t marcheren is van ons twee camelen gesien welcke beesten noyt voor desen is vernomen, waerdoor wij presumeerden dat wy niet verre van de Revier Vigita Magna waren, wandt ick had voordesen wel hooren seggen van de Namacquas als dat daer omtrent de revier sulcke beesten zich onthiel.”<sup>1)</sup> Maar die goue skaal Vigita Magna het steeds buite die bereik van die graalrider gebly. Hy is ’n tragiese held onder die ou penniste, ’n laat-Warhold-figuur<sup>2)</sup> in die drama van hewige botsing tussen Kristendom en Heidendom. Dit is die ewig-menslike van val en opstaan, van hoopvolle stryd tot die einde toe, wat ons so ontroer. Nêrens kon sy rustelose soekersgees bevrediging vind nie, nie in landreise nie, ook nie in die onnatuurlike huwelik wat hy op 2 Junie 1664 gesluit het, vier maande na sy veilige terugkeer by die fort waarmee die eerste periode van noordelike ontdekkingsreise eindig.

Hul het in vaste aanraking gekom met SOUSOA anderkant die Hottentots-hollandkloof en hom aangemoedig om „koebeesten” na die Fort toe te bring. Een van die skilderagtigste toneeltjies in die Dagregister is die „vaderlike” ontvangs wat hierdie hoof van die Chainouquas kry by geleentheid van so ’n besoek in 1660. SOUSOA, „met sijn soons vrouw op een grooten os sittende ende geleijt wordende door een van de ruyterwachters, binnen ’t fort gereden, daer sij door een van sijn volcq op de

---

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen I* p. 118.  
camelen = kameelgerde.

<sup>2)</sup> Vgl. die historiese roman van VAN OORDT: *Warhold*.

schouderen affgeholpen wierd," versoek om VAN RIEBEECK self te spreek want sy volk het vertel dat die Kommandeur hom, SOUSOA, vir Vader en sy seun vir Broer aangeneem het! Die „seun” trakteer daarop sy aangenome familie „dat se lustigh songen ende sprongen ende wonderlijke aperijen aan-rechteden.”<sup>1)</sup>

VAN MEERHOFF het tot die volk van die Watergeuse behoort en daar was nog die moontlikheid dat die see hom tot kalmte en besinning sou bring. Naas die landjoernale van die ontdekkers en handelsreisigers na die naburige Hottentotte, het daar ook talrike skeepsjoernale ontstaan waaruit ons die ontdekking van die kuste graad vir graad, myl vir myl kan nagaan.<sup>2)</sup> In Julie 1667 het VAN MEERHOFF opdrag van CORNELIUS VAN QUELBERGH gekry om na Mauritius en Madagascar te reis met die bedoeling om die Mozambique kus te verken en van alles aantekening te hou. Hoe sou hy ons opnuut van sy skrywerstalent, van sy opmerkingsgawe kon laat geniet het. Maar as sy skepie, die Westwout, op 27 Februarie 1668 Tafelbaai onverrigtersake weer binneseil, lê PIETER VAN MEERHOFF en ag van sy manskappe by Artongilbaai vermoor. So groot sou EVA se verdriet nie gewees het nie. Vir haar was dit 'n verlossing uit die knellende bande van die beskawing en die Dagregister vermeld haar blye terugkeer in die boesem van haar eie swerwersvolkie.

Die skeepsjoernale wat langs die Suid-Afrikaanse kuste gehou is, die werk van eenvoudige joernaliste wat aan die Kaap hul opdrag ontvang het, soos die van die skipper van die „Grundel”-tog van 30 Junie tot 13 September 1670, GERRIT GERRITS RIDDER MUYS en van die kaartmaker SIEUWERT JANS BOOM,<sup>3)</sup> staan in noukeurigheid en duidelikheid ver agter by die joernale van die groot seevaarders. Eentonig, vervelend is die massa détails omtrent peilinge, riviermonde,

---

<sup>1)</sup> *Dagregister* 30 Sept. 1660. As uittreksel opgeneem deur BLOMMAERT en GIE: *Uit ou Reisbeskrywinge, Dagverhale en ander letterkundige bronne oor die Kaap* (1922).

<sup>2)</sup> Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen III. Tochten langs de Z.O.-kust en naar het Oosten*.

<sup>3)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen III* p. 6 en vlgg.

weersgesteldheid, kusbeloop wat aangegee word, maar 'n enkele keer kom daar tog 'n mooi beligte stukkie prosa in voor en dan maak dit die indruk van 'n oase in 'n woestyn van dorre opsommings. Aan wal kom hul in aanraking met „altemaal kerels als boomen”<sup>1)</sup> met die gevolg dat dit dikwels noodlottig vir die manne van gewone gestalte afloop. Soos die „Westwout” sonder VAN MEERHOFF, so het die „Grundel” sonder Boom in Tafelbaai teruggeseil gekom. In sy skeepskis het die kladjoernaal gelê, „op verscheijde papiertjes zeer caswijs geschreven” en „voor soveel d'selve leesbaer en verstaandel(ijk) syn geweest”<sup>2)</sup> is dit deur die sekretaris oorskrywe voor dit na Here XVII opgestuur is.

Hul rampe sowel as hul voorspoed het die joernaalhouers aan die Voorsienigheid toegeskrywe. As die soekers na skipbreukelinge nie in hul sending slaag nie, heet dit in die taal van hul tyd „dat God almaghtigh d'E. Comp. met de frequentatie dier gewesten, niet jegenstaende soo wel moyelicke besendingh successive daer op aangeleyt, voor alsnogh niet heeft gelieven te favoriseren doch blijft Zijne Majesteijt evenwel hertelick gedanckt, die dit schip en volck uyt soo veel rampen en gevaren geredt en nogh behouden hier wederom aangebragt heeft.”<sup>3)</sup> Die eenvoudige siele het berus in die wil van 'n Goddelike hand, het daaruit krag en sterkte geput; die wil wat hom met die fatum meet, was vir hul uit die bose. Hulle geskrifte is van allerlei kleur en nuansering — daar is Dagregisters met kort sakelike mededelings, in 'n gebrekkige styl opgestel en daar is uitvoerige stukke met allerlei uitweidings van topografiese en etnologiese belang, wat in meer versorgde styl gekrywe is of waaraan die sekretaris meer sorg bestee het. Nooit is dit die werk van *auteurs* nie, want die penniste „waren ruwe zeebonken, iets meer ontwikkeltdan de grote massa van hun kornuiten, maar overigens toch van gelijke beweging als zij.”<sup>4)</sup> Hul aantekeninge is volksboeke waarin

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III p. 46.

<sup>2)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III p. 47.

<sup>3)</sup> *Dagregister*, 2 Sept. 1672.

<sup>4)</sup> P. L. VAN ECK JR.: *Van Janmaat en Jan Compagnie* p. VII, (Zwolsche Herdrukken 1912).

die deursettingsvermoë, die taaie volharding, die godsvertroue, die waarheidsliefde van die volksgees weerspieël word; hul is so goed as anonimie vir ons, met uitsondering van die forse gestalte van VAN MEERHOFF wat, dank sy die liggaamlike krag die vermoeiende togte kon trotseer en dank sy sy vaardigheid met die pen, interessante joernale kon hou. Kuns is dit nie, maar die gekunstelde en die kunsmatige van die Renaissance wat in die sewentiende eeuse poësie veral soms so hinderlik kan wees, ontbreek dan ook totaal in hierdie prosa van die „kleine luyden”.

4. EERSTE VERSE AAN DIE KAAP GEMAAK O.A. DEUR  
ARNOUT VAN OVERBEKE EN PIETER DE NEYN.

Wie in die 17de eeu die skoonheid liefgehad het, of ook maar enige letterkundige neiginge gevoel het, het die poësie as uitingsmiddel bo die prosa verkies. In die jare van eksploerasie van die binneland en van die kuste, toe die opstellers van die land- en skeepsregisters onbewus die volksaard weerspieël maar die skrywers geen aanspraak maak op literêre verdienste nie, kom die eerste bewus-literêre skeppingsdaad. Vier jaar na die vertrek van die stigter is die eerste steen van die nuwe Kasteel deur sy opvolger gelê, 2 Januarie 1666, 'n dag van groot betekenis vir die klein kolonie. 'n Onbekende digter het 'n geleentheidsvers gemaak wat in die Dagregister opgeneem is en waarin hy die plegtigheid as volg besing: <sup>1)</sup>

„Den eersten steen van 't nieuwe Casteel goede hope  
heeft WAGENAER gelegd met hoop van goede Hope.

AMPLIATIE.

Soo werden voort en voort de rijcken uitgespreyt  
Soo werden al de swart', en geluwen gepreyt  
Soo doet men uijtter aerd, een steene wal oprechten  
daer 't donderend metael, seer weynigh can ophechten  
Voor Hottentoos waren 't eerteijts aerde wallen  
nu comt men hier met steen voor anderen oock brallen  
dus maekt men dan een schricq, soowel d'Europaen  
als voor den Aes: Amer: en wilde Africaen

<sup>1)</sup> *Dagregister*, 2 Jan. 1666. (c. 586.) Die afdruk by LEIBBRANDT: *Precis of the Archives* sit vol klein foutjies.

dus wordt beroemt gemaect, 't geheijlich christendom  
die setels stellen in het woeste heijndom  
wij loven 't groot bestier, en zeggen met malkander  
Augustus heerschappij, noch winnet Alexander,  
noch Caesar's groot beleijt, zyn noijt daermee gewaerd  
met leggen van een steen, op 't eijnde van de Aerd.

Tipies van die Renaissance verskuns is die woordspeling  
op „Casteel goede hope” aan die begin en die klassieke sin-  
speling aan die slot van hierdie historiese kuriosum.

Nog dikwels sou die naam „Kaap de Goede Hoop” die  
vernuf en vindingrykheid van die amptenare prikkel. In „De  
Rijmwercken van wijlen den Heer en meester AERNOUT VAN  
OVERBEKE” 1678, <sup>1)</sup> is 'n puntdig opgeneem wat hy geskrywe  
het „In het stam-boeck van den Heer AELBRECHT VAN  
BREUGEL; commanderende aen Cabo de Boa Esperanza:  
Daer hij (een dagh voor mij gekomen) alles in 't wilt vondt;  
waer over sich dickwels aen mij beklaegde: den 23 April,  
Anno 1672.”

't *Hooft* van het *Hooft de Goede Hoop*,  
Vondt alle dingen over hoop:  
En vroegh mij, wat voor raedt ick hem daer in kon geven?  
Ick seij; mijn vriendt, 't is een vuyl nest:  
Gedult te hebben, is hier best;  
Wyl ghij gedwongen zijt, op *Goede Hoop* te leven.”

ARNOU VAN OVERBEKE is in Den Haag gebore in 1632,  
en in Amsterdam oorlede 1674 na 'n kort, verwoeste lewe.  
Na hy sy eed as advokaat-fiskaal voor die hof van Holland afgelê  
het, is hy in 1668 na Batavië gegaan. In 1672 het hy terug-  
gekeer, het op daardie reis as hoogste amptenaar aanwesig  
opgetree as die bevelhebber van die retoervloot en die puntdig  
vir „'t Hooft van het Hooft de Goede Hoop” gepen. Die  
vrogg-Renaissance „quicken” van digters soos ROEMER VIS-  
SCHER het met die bye hul angel sowel as hul soetheid  
gemeen. Die rymwerke met die *Geestige en vermaeklijke Reijs-  
beschrijving van Mr. Aernout van Overbeek, naer Oost-Indiën*

<sup>1)</sup> 't Amsterdam by JAN CLAESZ. TEN HOORN, Boeckverkooper,  
over 't Oude Heere-Logement; 1678 p. 98.

*uytgevaren voor Raet van Justitie, in den Jare 1668*, wat agterin opgeneem is, is heeltemal in die gees van die tyd gekonsipieer. VAN OVERBEKE was daar in die winter en wou nie op die veld slaap nie, „om een kudde Vogel-Struysen of eenige wilde Harten op te doen, want men heeft 'er

Tijgers, en Beeren, Leeuwen wreed en stout,  
 Souden die setten op den romp van Nout, <sup>1)</sup>  
 Haer poot,  
 O Doodt,  
 Dat waer te grof,  
 Neen neen neen,  
 'k Wil niet heen,  
 't Nieuwtjen is bij mij al of.' <sup>2)</sup>

Sy veertiendaagse verblyf was vir hom lang genoeg en in die kort tydjie het hy nog hooglopende rusie gehad met die kommandeur wat hom tot allerlei geestige opmerkings prikkel. Aan die Kaap het hy geen ander monster gesien nie „als den Commandeur self” aan wie ook die Hottentotjies maling het en sê „wat Capiteijn is dat! altijd *Sieckum, id est siek*, quaed, knorrig, lelijk en al wat niet en deugt, is al *Sieckum*, slechte Tabacq, *sieckum Tabacq* etc.” Soos die ongeluk dit wou hê, moes VON QUABELBERGEN met dieselfde vloot terug wat aanleiding gee tot nog meer sarkastiese aanmerkings b.v. dat hoewel hul nie die „Caep-vogeltjes wit met swarte spikkelen” in hul strikke kon vang nie, hul tog altyd vars vlees op tafel gehad het „al hadden het de honden maer geweest van de Heer QUABELBERGEN, (die van de Caep was op ons Schip gekomen) die 's achtermiddags de tafel voor haer Ledekant gebrykten.”

Sewentig jaar later is daar weer gesinspeel op „'t Hoofft de Goede Hoop” maar dan heeltemal in 'n ander trant.

In 1746 het daar in Amsterdam van JAN DE MARRE verskyn: *Bespiegelingen over Gods wijsheid in 't bestier der Schep-*

<sup>1)</sup> D.i. Aernout.

<sup>2)</sup> p. 26 en vlgg. Ook hy gebruik dus die Afrikaanse samestelling „vogel-struysen”.

*selen, en Eerkroon voor de Caab de Goede Hoop,*<sup>1)</sup> In die „privilegie” wat voorafgaan, hoor ons dat die drukkers ook besig is aan ’n groot digwerk *Jan de Marres Batavia, in zes Boeken vervat*. Hy was dan ook ’n gevierde agtiende eeuse Nederlandse digter en sy *Eerkroon*, hoewel dit deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, kan beswaarlik tot ons literatuur gereken word. Maer in die toewyding aan Mr. PIETER RENDORP, die Amsterdamse burgermeester nooi hy hom uit „om, als uw eedle Geest den boog der zorg ontspant,

In haar Bespiegeling, U van ’t vrije Nederland  
Naar ’t Hoofd van Goede Hoop te voeren.”

AERNOUT VAN OVERBEKE, ’n weinig soliede juris, kon ook diep ernstig wees soos blyk uit sy *Gebedlied om een geluckige Reyse te Water*. Vir ons sewentiende eeuse voorouers was dit doodgewoon om vandag ’n spotskrif of ’n loflied ter ere van Bacchus op te stuur en môre ’n innig deurleefde gebed tot God te prewel. Op sy reis van 1672 het hy ’n redding uit die hand van vyande meegemaak en uit die diepte van sy hart gebid in die oortuiging dat,

„Het grouwsaem Roovers Rot,  
Dat in de diepe kuylen  
Des Aertrijks weet te schuylen,  
Is u bekend, ô Godt!”

Ander omstandighede, ander stemminge; ander stemminge ander digterlike uitinge en so is dit ’n geheel andere man dan die bespotter van VAN QUABELBERGEN wat onderweg dig:

„Ach Godt! bewaer ons dan voor Noot,  
’k Ben maer een hand-breedt van de Doodt;  
Eén plank die tusschen beyden leyt:  
Maekt maer alleen het onderscheyt  
Dat ik niet mede werd’ getelt  
Bij die de doot heeft neergevelt.

---

<sup>1)</sup> By ADRIAAN WOR, en de Erve G. ONDER DE LINDEN, 1746. Met Privilegie der Ed. Gr. Mog. Heeren Staten van Holland en Westvriesland. Herdruk in *Hollandsch Zuid-Afrika*, 1920 (slot in die aflewering van 15 Mei.)



Breng ons aen het gewenschte Landt;  
 Op dat wij mogen naderhandt  
 Verkondigen, wie dat was de Heer,  
 Die ons geleijde, heen en weer:  
 Een schilt der Vroomen op wiens last  
 Lucht, Hemel, Zee en Aerde past." <sup>1)</sup>

Dieselfde tweeslagtige gees, tipies van die eeu, word geopenbaar in die kuns van Mr. PIETER DE NEYN, een van die eerste amptenare aan die Kaap met digterlike neiginge wat van Februarie 1672 tot Oktober 1674 as fisikaal hier gedien het. Hy stam uit 'n familie van regsgeleerdes — sy vader was in 1670 pensionaris van Alkmaar en later raadsheer aan die hof van Holland, die Hollandse regbank. Volgens sy eie getuienis in „Op mijn geboortedach”, een van sy „Mengeldigten” in 1681 uitgegee, in 'n bundel getitel *Vroolijke Uuren bestaande uit verscheide soorten van Mengel-digten*”, waarin allerlei biografiese besonderhede in luimige trant meegedeel word, weet ons dat sy geboortedag op „24 Junii, sijnde St. Jansdagh” geval het, in die jaar 1643 te 's-Gravenhage, volgens die Leidse studente-album.

Uit dieselfde gedig kom ons te weet dat hy opgelei is deur die beroemde predikant en rektor van die Latynse skool, ARNOLDUS MONTANUS. Na sy voorbereidende onderwys word hy student te Leiden waar die vrolike studentelewentjie hom goed beval het;

„Geen hokkeling in 't velt en kost ooit lichter springen,  
 Geen losgebonden hond en toont ooit groter vreucht,  
 Geen vrij gemaakte slaaf en had ooit meer geneucht,  
 Als ik, wanneer ik eerst mijn vrijheid had vernomen,  
 En ik mijn selven sagh in Leiden als Student.”

Maar dit was oorlogstyd, „de Brit, die loerde vast op onser Kooplui schepen.” Sy vaderlandsliefde ontwaak en hy

<sup>1)</sup> Rymwercken van AERNOUT VAN OVERBEKE, 7de druk, Amst. 1699, p. 253 en 255. Oor die sang- en diglustigheid van die „kleine luyden”, VAN OVERBEKE en DE NEYN, vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Tijdens de O.-I. Compagnie* p. 7 en vlgg.

<sup>2)</sup> PIETER DE NEYN: *Vrolijke Uuren*, bestaande uit verscheide soorten van Mengel-digten p. 36 by JAN BOUMAN, Boekverkooper in de Kalverstraat, Anno 1681.

dien 'n tydlang as vrywillige, tot die vyand gedwing word tot die vrede van Breda, en hy weer „na de boeken toe” kon terug gaan.

Toe is hy nie weer terug na Leiden, maar na Duisbergh aan die Ryn, 'n nuwe beroemde skool waar hy sy studies in die Regte voortsit. Te lang het hy daar nie gebly nie en het sy professor na Groningen gevolg. Ook daar het die studie nie te goed gevlot nie, tot hy op 'n vakansie tuis smoor verlief word en die dame om haar hand vra.

Maar, „den Heer moest Doctor sijn, en *dan* van trouwen spreken,” is die antwoord. Hy trek na Harderwyk, kry sy Doktorsbrief... en ook eën „nihil” na 'n ander op al sy aansoeke by die vroeër geliefde en ander dames, tot hy op sy drie en twintigste jaar sê:

„Nu ben ik eindelyk eens buiten al die kueren”.

Sy vader wou hê, dat hy hom as advokaat moes vestig, maar PIETER het nie sonder gevolg die werke van sy ou meester MONTANUS verslind, 'n man wat vertrouwd was met die seewese en bevriend met die grootste Hollandse admiraal, DE RUYTER. Vermoedelik was dit die publikasie van 1650, „De wonderen van 't Oosten” van MONTANUS wat die sterkste prikkel op hom uitgeoefen het, om in diens van die Oos-Indiese Kompanie te tree. Op 11 September 1671 vertrek die ontwikkelde jong regsgeleerde met die skip „Gouda” na die Kaap, om die dienste van fisikaal in die nuwe stigting op hom te neem, onder die goewerneur IJSBRAND GOSKE. Op die gevaarlike lang reis het hy *Gedachten op het gesichte van het Zuider-kruis* gedig, 'n vers van treffende skoonheid. Hy gaan gebuk onder die besef, „hoe wij gestaag in kruisingh leven”; ydele hoop was dit van hom om te dink, dat hy sy kruis kon agterlaat; die is ons opgelê.

In die slotvers kom die toepassing. Geen wydlopige bespieëlinge hier nie, maar 'n stille berusting en gewilligheid, om die kruis op hom te neem, omdat dit opgelê is deur die Gekruisigde self:

Gedachten op het gesichte van het  
ZUIDER-KRUIS,

Een gesternte aan den Hemel, dat alleen besuiden de  
Linie AEquinoctiaal kan gesien werden.

Hoe wij gestaag in kruisingh leven,  
Van d'een in d'ander ons begeven,  
En volgen 't quaad van voet op voet,  
Dat leer ik nu in overvloed.  
Ik dacht mijn *Kruis* dat was ten ende  
So dra ik mij naar 't *Oosten* wende;  
Maar vind waar dat ick vaar of ga,  
Het een *Kruis* volght het ander na.  
Het *Noorden* had ik pas besijen,  
Ik dagt niet meer om 't oude lijen,  
Mijn oude *Kruis* geheel verdween,  
So als mijn weer een nieu verscheen.  
Den Hemel quam 't mij selver wijsen,  
So dra sijn sterren quamen rijsen,  
En wees, als met de vinger aan  
Dat onder 't *Kruis* wij altijd staan.  
Het *Kruis* dan Heer, van alle dagen,  
Ons opgelegt, laat ons dat dragen  
Geduldig, met een vroom gemoet,  
Stantvastig jegens tegenspoet:  
Maar 't *Kruis* van uwen Soon gedragen,  
Sijn smaat, sijn striemen en sijn slagen,  
Sijn vlees, sijn bloed, sijn doodsche pijn,  
Laat ons die meed' deelachtig sijn.

In 't Schip Gouda Zeilende op 2 graden bezuiden  
de linie AEquinoctiaal, den 18, Decemb. Anno 1671. <sup>1)</sup>

Hierdie vers, in 'n ernstige bui ontstaan, val onder die  
„Leersame ende Morale Rijmen” van die „Vrolijke Uuren.”  
Onder die „leringen”, byna almal verstandswerk, is dit 'n  
juweeltjie van diep en suiwer gevoel, op weg na Suid-Afrika  
gedig, op die mooiste suidelike sterrebeeld.

Maar dit het meer in sy aard gelê om „slemp-digten” te  
maak waarvan vier met sekerheid kan gesê word dat hul  
nie alleen hier geïnspireer is nie maar ook hier vervaardig is.

<sup>1)</sup> *Vrolijke Uuren* p. 151.

Al vier is geleentheidsverse ter ere van verjaardae van Kaapse jong dames nl.:

Aan de deughtrijke ende liefallige  
jonge Juffrouw,  
GRISELLA MOSTAART,  
Als haar Geboorte-dagh verscheen  
den 19 September, Anno 1673. <sup>1)</sup>

Dank-segging, op de Geboorten-dag van  
CHRISTINA DIEMER,  
Als die verschenen was den 24 Februarij,  
1674. Sij out geworden 11. <sup>2)</sup>

Aan Juffrouw  
MARIA VAN ROSENDAAL,  
Als haar geboorten-dag verscheen den  
7 Maart, 1674, ende sij out geworden  
was 17 jaren. <sup>3)</sup>

Maniere van huis-houden, voorge-  
schreven de deughtrijke jonge Juffrouw  
GRISELLA MOSTAART,  
Als Haar Ed. den 19. September, 1674, out  
geworden was 13. jaren. <sup>4)</sup>

Van die bundel verse het hij self gesê, „de Rijmtjes of Versjes aangaende, verdienen eer medelijden, als beschermingh, vermits geen gal, wegens haar eenvoudigheid, daaruit te trekken is.” <sup>5)</sup> In die Kaapse geleentheidsverse neem sy verbeelding dan ook geen hoë vlug nie. Tog is die raak woordspelings op die name van die jariges, „lieffelijke Cupidootjes”, tipies van die Renaissance digters en herinner aan die kunstvaardigheid en soms ook gekunsteldheid van woordspelings in die werke van HUYGENS en HOOFT waarin die naam van die jubelaris uitgebuit word. Die klassieke invloed laat hom

---

<sup>1)</sup> *Vrolijke Uuren* p. 127.

<sup>2)</sup> *Vrolijke Uuren* p. 128.

<sup>3)</sup> *Vrolijke Uuren* p. 129.

<sup>4)</sup> *Vrolijke Uuren* p. 130.

<sup>5)</sup> *Vrolijke Uuren*, Opdracht p. 5.

orals geld, maar alles is by DE NEYN veel eenvoudiger dan in die poësie van die groot 17de eeuwers. GRISELLA MOSTAART word geluk en voorspoed toegewens:

Aan de deughtrijke ende liefvallige  
jonge Juffrouw,  
GRISELLA MOSTAART,  
Als haar Geboorte-dagh verscheen den  
19 September, Anno 1673.

AAN CABO DE BOA ESPERANCE.

Pluckt mirth en Thijm, en Maaghde Palmen,  
Krijght Snaar-gespel, singht blijde galmen,  
En springht, en lacht, en vreughden baart,  
Die niet van 't minnen is ontaart.  
Den Hemel met sijn minne Goodtjes,  
De liefvelijke *Cupidootjes*,  
Vol van gejuich en Melodij,  
Vierd med' dit soete jaargetij.  
Het jaargetij van sulck een schoone,  
Als in den Hemel selfs kan wonen,  
*Grisella Mostaarts* liefste Saat,  
Waar in sijn troost en lust bestaat.  
Een maagd verciert met deughd en seden,  
Volmaackt van Ziel, van lijf van leden,  
Het doelwit vande jonge jeucht,  
Der jongelingen hoop en vreucht:  
De Bruilofs-God, maackt 't sijn al vaardigh,  
Bereit sijn tafels overaardigh,  
Vult kruicken vol van Ambrosijn  
En alderhande Hemel Wijn.  
Hoopt haast sijn toortsen aan te steeken,  
Nu twaalf jaaren sijn verstreucken,  
Dat gy noch schooner als *Heleen*,  
Ons als een morgenstar verscheen.  
Hy roept van boven tot u Vader,  
U dochters bruilofs-dach komt naeder,  
Bereit het welig ledikant,  
Vat alle vreughden by de hant.  
Haalt UE. Vrienden by malkander,  
Klap t'samen d'handen in malkander,  
En viert dus een verbintenis  
dat vande Goon gesegent is,

Soo sal het *Mostaart*-zaat dan groeien,  
 Tot eer en welstandt weligh bloeien,  
 En geven jaar op jaar een loot,  
 Met blijdschap indes moeders schoot.

Aan CABO DE BOA ESPERANCE  
 desen 19 Septemb. 1673. <sup>1)</sup>

Met MARIA VAN ROSENDAAL wil hy „wat gaan wandelen in een lieven Rosendaal,” maar hy klae, dat sy dan geneig is om uit te roep: „wegh, wegh loop heen”. Daarom wens hy haar toe „een Thuyn-man die sijn stukken wel verstaat”.

In die lied van CHRISTINA DIEMER rym hy maar daarop los oor die „soete lonken” van die elfjarige, wat „t koutste hart alreed’ doet vonken.”

Die tweede verjaarsdagwens aan GISELLA MOSTAART gee ons ’n kyk op die „maniere van huishouden” aan die Kaap, twintig jaar na die stigting. Op 13-jarige leeftyd is GISELLA „niet meer in kinderschoolen”, en moet nou leer naai, en kook, en stryk en styf, want „dat is al werkje voor de wijven”. Een na ’n ander word die geregte opgenoem, wat die Kaapse tonge streel en aan GISELLA voorgeskryf, hoe sy hul moet voorberei, vis, „frikkedillen en saucijsen”, wors in die pekel gelê, en veral wat die tuinman kan aanbied, wortels „als arremen dick” (by VAN RIEBEECK was dit nog „als een pink”) en ander groente:

„Somtijds ook soo wat steekzala,  
 Een Rammelas, wat Pruimen, Peren,  
 Of Vettekous, ’t banquetje na.”

Na ruim drie jaar was die banketjies, die vrolike ure aan die Kaap vir hom afgeloop. Die fiskaal is na Batavië bevorder waarvandaan hy as ’n gebroke man, met ’n verwoeste gesondheid gou na Holland teruggekeer het. Bose tonge het sy siekte aan „Bacchus ende Venus” toegeskrywe, hyself

---

<sup>1)</sup> *Vrolijke Uuren*, p. 127. WOUTER CORNELISZ MOSTAERT uitgekome as soldaat, was een van die allereerste vryburgers (1657), die ampte van burgerraad, burgerluitenant en ouderling aan die Kaap beklee — een van die invloedrykste lede van die jong samelewing.

aan die Indiese klimaat — „kan op mijn manne waarheid ende ter goeder trouwen, verklaren, een vijand van beide geweest te zijn, niet dat wil ontkennen, dat bij gelegenheid soude altemet een goed glas wijn met een vriend gedronken hebben”.<sup>1)</sup>

Dat daar miskien waarheid in die beskuldiging van sy vyande gesit het, blyk uit die feit dat hy op die retoervloot afgesit is „om sijn gedeboucheert leven.”<sup>2)</sup> Watter diagnose ook al reg was, die van sy teenstanders „vrouwlui en het drinken van arak” of sy eie „barbery of landziekte”, die Kaapse geleentheidsverse van PIETER DE NEYN doen hom geen oneer aan nie hoewel hul net op die kantjie af is. Veel van die *Mengeldichten* is onkies maar ook HUYGENS en HOOFT, fynvoelende kunstenaars, was dikwels onstigtelik om maar te swyg van werklik onkiese digters soos FOCCUENBROCH en so onkies as sy ampgenoot AERNOUT VAN OVERBEKE was DE NEYN nooit. Soos die van sy groot tydgenote, wemel die minnedigte op elke bladsy van *Cupid*, „tweede ziel”, *Rosemontjen* en „slaaf”, heeltmal in die trant van die Renaissance-digters. In die „slemp-digten”, waaronder die Afrikaanse val, word vriende en kennisse en familielede toegesing, en in die *Leersame ende morale Rijmen* word daar wyse lesse uitgedeel in die vorm van „Sinne-Beelden” of korte of lange berymde waarhede, alles in die gees van CATS.

Dat die *Vrolijke Uuren* veel gelees is, blyk uit die feit dat dit ’n tweede druk in 1697 beleef het as ’n vervolg op sy *Lusthof der Huwelijken*<sup>3)</sup> en in 1730 nogmaals afsonderlik gedruk is. Ook die *Lusthof* het in die smaak geval. Hoewel dit hoofsaaklik ’n kompilasie uit ander reisbeskrywinge is,

---

<sup>1)</sup> *Vrolijke Uuren*, „Aan den leser”.

<sup>2)</sup> *Kopie-Dagregister*, 1674—76 (Kaapse argief, No. 270) 5 Feb. 1676.

<sup>3)</sup> Die volledige titel lui: „Lusthof der Huwelijken, behelsende verscheyden seltsame Ceremoniën en plechtigheden, die voor desen by verscheyde Natiën en Volckeren soo in Asia, Europa, Africa, als America in gebruik zijn geweest, als wel die voor meerendeel noch hedendaegs ghebruykt ende onderhouden werden mitsgaders deszelfs vrolycke Ueren. Uyt verscheyden soorten van mengeldichten bestaende, Amsterdam 1681, 1697.

bevat dit tog in sowat 'n dosyn bladsye oor die Kaap allerlei besonderhede wat ons nêrens anders vind nie <sup>1)</sup> soos b.v. 'n plastiese en aanskouelike uiteensetting van die afskuwelike gewoonte van die Hottentotte om hul ter dood veroordeeldes met stokke dood te slaan. Lewendig vertel hy ook van die aanval op die vyf vryburgers, seekoeijagters, deur GOENJEMANS waarvan alleen MOSTAART „wiens broeder doenmaels regeerend Burgermeester was” ontsnap. Daar word strafpartye uitgestuur onder JERONYMUS CRUSE in Julie 1673 en April 1674 <sup>2)</sup> en die beeste van die moordenaars weggevoer, 'n opdrag wat die korporaal verskeie male uitgevoer het. Met 'n Oosterse vergelyking veraanskouelik DE NEYN die aankoms van die troppe-troppe buitgemaakte „koebeesten”, „gelijkende in 't verschiet een ontmoetingh van JACOB ende ESAU met alle haare runderen ende schapen of wel een Turksche Kachel of Caravanè.”

Die eerste doelwit van die Edele Kompanjie was die handel maar heeltemal sonder digterlike gevoel was haar Kaapse amptenare sekerlik nie. <sup>3)</sup>

---

<sup>1)</sup> Vgl. BLOMMAERT en GIE: *Uit ons Reisbeskrywinge*, Inleiding p. 103.

<sup>2)</sup> Die waarheid van sy verhaal word bevestig deur die *Dagregister*. Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* I p. 134, oor die vermyding van botsing met Hottentotte.

<sup>3)</sup> In 1680 het van hom ook 'n „Grafdicht” op J. CABELJAU verskyn.



## HOOFSTUK II.

### DIE INVLOED VAN EUROPESE LANDE, VERAL VAN FRANKRYK.

---

#### 1. DIE INSPANNENDE LEWE IN DIENS VAN DIE KOMPANJIE. DIE JOERNALE VAN DIE LANDTOGTE VAN OLOF BERGH.

Die lewe in diens van die Oos-Indiese kompanjie was te inspannend om 'n hoë ouderdom by die amptenare te verwag. Die eerste Kaapse versmakers is op betreklik jeugdige leeftyd oorlede as gevolg van 'n verwoeste gesondheid, die eerste ontdekkers was òf te vroeg dood òf vermoor òf deur Moorse seerowers as slawe gevanklik weggevoer. Alleen die korporaal, later Raadslid, HIERONYMUS CRUSE het nog oorgebly om die klein, donker, energieke goewerneur SIMON VAN DER STEL by sy aankoms op 12 Oktober 1679 te begroet en hom en Vaandrig OLOF BERGH voor te lig oor die beste pad na die Noorde.<sup>1)</sup> Maar dit sou tot 1685 duur voor daar weer 'n reisjoernaal van die allergrootste betekenis tot stand kom. Die *Journal van de landtocht gedaen by d'E. Vaendrich Oloff Bergh (1682)* en die *Rapport van den Vaendrich Oloff Bergh... op hare reyse na de Cralie van de Namaquas (1683)*<sup>2)</sup> hoe interessant ook al op sigself, verdof heeltemal by die glans van die *pièce de résistance*, die beroemde *Dagregister der vojagie na der Amacquas land onder 't beleyd van Commandeur van der Stel*

---

<sup>1)</sup> Vgl. Voorwoord, MOSSOP: *Joernale van Bergh en Schryver* p. 16—17.

<sup>2)</sup> Uitgegee deur Dr. E. E. MOSSOP in die publikasies van die Van Riebeeck Society 1931 waaraan die lewensbesonderhede ontleen is sowel as aan GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 135, 136, 152, 174, 201, 202.

*gedaan beginnende 25 Augusti 1685 en eyndigende 26 January 1686."* <sup>1)</sup>

OLOF BERGH is deur die nuwe goewerneur as aanvoerder van die tog na die Namaquas (1682), die volk uit die Noorde wat by die Kasteel kopererts kom vertoon het, uitgekies, omdat hy as veeuiler reeds enige kennis van die binneland opgedoen het. Hy is in Gotenburg gebore in 1643 en was die jonger seun uit 'n Sweedse aristokratiese familie wat in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie getree het op sy twee-en-twintigste jaar. Hy het eers in die Ooste gedien voor hy in 1676 na die Kaap verhuis en die stamvader van 'n bekende Afrikaanse familie word. Hier het hy die diepste vernedering ondervind, homself weer gerehabiliteer deur sy wilskrag en vasberadenheid en in eer herstel, gesterf in sy aangename vaderland in die ouderdom van tagtig jaar, 1723.

BERGH het aanvanklik as veeuiler op ruiltogte gegaan na die naburige sowel as na die verder afgeleë krale soos die van die Hessequas. In 1682, drie maande voor sy reis na die skimmige Vigiti Magna, het hy opdrag gekry om die skatte uit die gestrande Engelse skip *Joanna*, anderkant die teenwoordige HERMANUS, in die buurt van Gansbaai, te gaan haal. Die hele romantiese verhaal van die *Landtocht na de Caap das Aguilhas in den jare 1682* lê in die Dagregister opgesluit. <sup>2)</sup> Die leier het „'n Godes naam" vertrek en na drie maande met baargeld tot die waarde van meer as ag-en-twintig-duisend gulden en rype ervaring teruggekom. Ses weke later, 30 Oktober, wend hy sy voetstappe noordwaarts en die *Journael van de Landtocht gedaen bij d'Edele vaendrigh Oeloff Bergh in den jare 1682* kom tot stand. Dit is gehou deur

---

<sup>1)</sup> Uitgegee deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* I (1916) p. 139 en vlgg., na die teks van VALENTYN. Ed. 1726 p. 54 en volgg. Opnuut uitgegee deur GILBERT WATERHOUSE na die ms. teruggevind in die biblioteek van Trinity College, Dublin wat in 1691 of 1692 uit die Rijksargief, Den Haag ontvrem is. Dublin 1932. Aan albei uitgewers sowel as aan THEAL het ek die lewensbesonderhede ontleen. Ander bronne word verderop gesiteer.

<sup>2)</sup> Rijksargief, 's-Gravenhage No. 850. Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 135—136 en MOSSOP: *Journals of Bergh and Schryver* p. 32 en vlgg.

„de stuijrluijden REIJNIE, DANIEL en ROSIERICK HERMANZ,” almal manne van weinig ontwikkeling, „kleine luyden”. Hul styl is omslagtig, met ’n groot omhaal van woorde word min gesê maar ’n woord soos „ravier” vir „rivier” werp ’n blik op die gesproke taal van manne van hul stand, ’n uitspraak wat in dialektiese Afrikaans nog gehoor word. Daar is die gewone eentonigheid van telkens terugkerende opgawes van afstande en poolshoogtes maar die epiëse ontbreek tog ook nie. Ons sien die togangers aanstryk oor „ravieren” en „berghen”, leef mee met die uitgestane ontberinge en angste om water en as hul sonder resultaat, met uitsondering van ’n mooi kaart, op 19 Desember by die Kasteel terugkeer, vind ons die oordeel van die Dagregister tog wel hard „dat ’t werck niet met de vereyste debvoiren is behartigt.”

Tog is OLOF BERGH tot lid van die Politieke Raad benoem in 1686, miskien as beloning vir sy tweede reis, wat hy „in ’t jaer 1683 den 27 Augustij” afgelê het met meer sukses volgens die *Dagregister van de landtocht van de Caap de Goede Hoop, waren gedistineert naar de Tropikus Caprikornij*, hoewel hul ook nie verder as Doornbosch-Rivier (nou Groenrivier) gekom het nie weens die groot droogte en onbegaanbare passe. Die joernaal is gehou deur HENDRIK CLAUDIUS, afkomstig uit Breslau in Silesia, ’n vroeë pennis en tekenaar van groot betekenis.<sup>1)</sup>

’n Medikus uit Batavië het CLAUDIUS na die Kaap gestuur, om daar plante en kruie vir hom te versamel. Maar daar hy soveel blyk van bekwaamheid gegee het, het die kompanjie blykbaar sy dienste so hoog gewaardeer, dat hul hom daar gehou het. Dit is van hom, wat die Fransman Père TACHARD wat op ’n reis van Siam in 1685 die Kaap aangedoen het, sy belangrikste inligtings kry. Die Jesuïetiese reisiger was getref deur die skoonheid en juistheid van die tekeninge van CLAUDIUS en druk ’n paar af in sy *Voyage de Siam*,<sup>2)</sup> van die wat hy present gekry het. Hy is geïmponeer deur die verskillende reise na die noorde en die ooste, wat CLAUDIUS hom getroos

<sup>1)</sup> Vgl. *Introduction* p. XX—XXI, WATERHOUSE: *Simon van der Stel's Journal*.

<sup>2)</sup> GUY TACHARD: *Voyage de Siam des Pères Jésuites*... Paris 1686, Amst. 1689.

het met die doel om sy versameling aan te vul. Op 'n volgende reis in 1687, het die kommandeur hom 'n merkwaardige plante-versameling laat sien en toegelaat, om daarvan vir sy *Second Voyage*<sup>1)</sup> te kopieër en TACHARD praat van CLAUDIUS as 'n geleerde vir wie se kennis die Jesuïet eerbied gehad het.

In die maand Julie, 1686 sien ons OLOF BERGH weer in die rigting van Kaap Agulhas vertrek na die wrak van die Portugese skip, *Nostra Signora de los Milagros*<sup>2)</sup> wat die Kompanjie van die offisiere gekoop het. Aan boord was behalwe 'n groep Jesuïetepriesters, drie afgesante van die koning van Siam met geskenke bedoel vir die Koning van Portugal, LODEWYK IV van Frankryk en KAREL II van Engeland, maar die het later in die tuin van die raadslid tereg gekom. Toe BERGH in 1687 op Stellenbosch besig is om 'n oog oor die optrek van die Raadhuis te hou, het daar al gerugte begin rondgaan dat daar uit die Portugese wrak gesteel is. Ds. JOHANNES OVERNEY, die man wat so naartig geywer het vir die bou van die eerste kerkie, het vergeefs van die kansel af versoek dat dit moet uit wees met al daardie „bekekkelen”. BERGH is gearresteer en in die Kasteel gebring. Na 'n maand, 5de Mei 1686, beken hy en die kosbaarhede, waaronder twee goue pierinkies en 'n fles met muskus, word in sy tuin opgegrawe. Die luitenant-raadslid word na Robben-Eiland verban, na die verskrikkingsoord vir swarte sowel as blanke misdadigers in Kompanjiestyd.

Die volgende maand as 'n vyandelike Franse vloot Tafelbaai binneseil, word hy teruggebring na die vasteland, weer weggestuur na die vertrek van die vloot maar in September 1690 vrygeset op las van Here XVII.

Die familie BERGH — hy was met 'n gebore Afrikaanse dame, ANNA DE KONINK getroud — het na Ceylon vertrek met behoud van sy rang waar hul vyf jaar vertoef het tot die skindertonge 'n bietjie bedaar het en dan na die Kaap terug-

<sup>1)</sup> GUY TACHARD: *Second Voyage du Père Tachard et des Jésuites*.... Paris, Amst., 1689.

<sup>2)</sup> Die hele verhaal van die skipbreuk is breedvoerig geskilder deur GUY TACHARD: *Second Voyage du Père Tachard et des Jésuites*.... Paris, Amst. 1689.

keer (1695). Die verbolgenheid van die goewerneur was ook gesak, BERGH word as kaptein van die garnisoen aangestel en hy betrek 'n mooi huis op die Heerengracht (Adderley Street) langs die kerk. Hy word weer benoem tot lid van die Politieke Raad (1697), weer toevertrou met 'n ruittog (1699) en in 1709 en 1710 met sitting op die Raad van Justisie, toe die seun van die goewerneur wat hom tereggestel het, WILLEM ADRIAAN, aan die bewind van sake was en in moeilikhede verkeer het.

Op daardie tog „na de Sousequase en Gourisse Hottentots” in die buurt van Caledon en langs die Gouritzrivier, die volgelinge van die toe reeds oorlede SOUSOA, het JAN HERTOOGH die baastuinier meegegaan sogenaamd om plantkunde te bestudeer, 'n Adelbors van weinig opvoeding, „die insgelijck geseijt wort kennisse te hebben van allerhande in- en uijt-lantsche gewassen, bijzonderlijk aengaende haere benaeming en culture, en voort van 't geene van een ordinaris kruytkenner kan werden gerequireert.”<sup>1)</sup>

## 2. DIE BELANGRIKHEID VAN ONOFFISIËLE SOWEL AS VAN OFFISIËLE KAAPSE BRIEWE.

Die aantekeninge is waarskynlik nie deur BERGH self gemaak nie maar van hom het ons 'n briefie onderweg geskrywe „Aan den WelEd. manhaften en seer Generusen Heer WILHEM ADRIAN VAN DER STEL Raat Extraordinaris van India, Gouverneur aan de Caap de Goede Hoop Ende de Resorte van dien”, 'n interessante voorbeeld van die Hollands wat 'n Skandinawiër van geboorte na 'n byna veertigjarige dienstyd in 'n Nederlandse Kompanjie waarvan die helfte in Suid-Afrika deurgebring is, geskrywe het. Hy vertel van hul teenspoed met „onse ancker met assien” wat hy nie weet „oftt ons in Hottentots Hollandt ontrent is off aan de Cuulen” en van hul waens wat „in die drieft van 't Eerste Rivier bij 't hoofste van den Borgerraet MONS HENNING HUIJSEN 't ongeluck hadden van twee assen te brecken van

---

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II p. 201.

onsse swaergeladene waagens." Om die reis voort te sit, was hul genoodsaak „Mons HUIJSEN aan te spreken om assistentie die ons een nuwe waagen met een nuwe ass by sette met conditie een dier gelijke in de plaets te krigen van de E. Compen." <sup>1)</sup>)

Hy was heeltemal ingeburger maar die landstaal het hom dwarsgesit. Die enkele bewaargeblewe ongeridigeerde brief uit die sewentiende eeu is belangrik vir ons kennis van die spreektaal maar ook die offisiële brief het sy betekenis vir die taal- en letterkundige — dit is 'n brok nasionale letterkunde van die hoogste belang. <sup>2)</sup>) In hierdie tydperk van die Renaissance het die brief literêre betekenis gekry. Die briewe van P. C. HOOFT behoort tot die belangrikste prosakuns uit ons tydperk. En later word dit selfs 'n letterkundige mode, om romans in briefvorm te skryf. As stukke, wat nie vir publikasie bedoel was nie, dra briewe 'n innig persoonlike kleur en is belangrike hulpmiddels, om die werk van afsonderlike skrywers beter te begryp. Die „Uitgaande Briewe", aan die Kaap geskrywe, was wel bedoel vir bekendmaking, hoewel dan ook tot in 'n sekere mate alleen in 'n beperkte kring, nl. die van die Bewindhebbers en die van die Classis Amsterdam wat die predikante uitgestuur het. Hul hoort dus heeltemal tot dieselfde genre as die reisbeskrywings, alleen meer gekonsentreer op 'n bepaalde onderwerp en met verswyging van allerlei onbetekende besonderhede. Die eerste briewe sowel aan Here XVII as aan die Classis Amsterdam, is almal in 'n geykte vorm; van die omgewing en geestelike sfeer van die skrywer van wat hom innerlik ontroer, merk ons weinig. Plotseling word dit anders, met die koms van die Franse vlugteling in 1688. Die gemoedere is in beweging geset, en met elke retoervloot gaan daar briewe na Holland, wat die klagte van 'n bepaalde groep met klem en vuur uiteensit of met ingehoue

---

<sup>1)</sup>) Voorwoord, MOSSOP: *Joernale van Bergh en Schryver* p. 66. Oor HENNING HUIJSEN en sy „hoofste" Meerlust vgl. verderop. Oor die togte na die Ooste en Noorde vgl. ook C. GRAHAM BOTHA: *Some Early exploding Expeditions and Travels in S.A., Cape Town* (1916).

<sup>2)</sup>) Vgl. SPOELSTRA: *Bouwstoffen I, Inleiding*.

woede weerlê. Die geykte vorm is daar nog, maar dan slegs aan die begin en slot, die stroefheid in die taal is weg. In die reisverhale is ook telkens 'n poging aangewend, om die eie saak so mooi as moontlik voor te stel, maar in die briewe kom die persoonlikheid van die skrywers of die kenmerke van die bepaalde groep, wat hul verteenwoordig, veel meer naar vore, omdat daar nou verskillende groepe teen mekaar gespits is. Die briewe uit die tyd van die VAN DER STELS veral kom ooreen met tydskrifartiekels van later geslagte en dra ongeveer dieselfde epiese cachet as die joernale.

### 3. DIE JOERNAAL VAN DIE LANDTOG VAN SIMON VAN DER STEL.

Die reise van OLOF BERGH wat kaarte, tekeninge en interessante joernale opgelewer het, hoewel geen kopererts nie, het die deurslag gegee aan 'n grootse onderneming deur die goewerneur self.

In April 1685 was die Hoë Kommissaris HENDRIK ADRIAAN VAN REEDE TOT DRAKENSTEIN aan die Kaap en gelas VAN DER STEL, om self na die land van die Namaquas te trek, onderhandelinge met hul aan te knoop, die koperberge te soek en 'n rapport uit te bring oor die moontlikheid van eksploitasie van die erts. Van weinig betekenende togte met primitiewe hulpmiddele onderneem, sien ons die ekspedisies langamerhand aan belang toeneem, en die uitrustinge gaandeweg beter word. Die skilderagtige sewentiende eeuse skryfwyse word in elke joernaal weerspieël.<sup>1)</sup> So groot soos b.v. die verskil in omvang was tussen die onderneming onder WILLEM MULLER in 1655 met HERRY en nege soldate en enige ruilmiddels en die groots opgesette landtog van die goewerneur dertig jaar later, met byna sewentig persone en meer as vier keer soveel trekosse, so groot is die verskil in kulturele betekenis tussen die *Copie Daghregister* van MULLER en die *Dagh Register/gehouden op de voigie/gedaen naer de Amacqua(s)*

---

<sup>1)</sup> Vgl. L'HONORE NABER: *Exploratie van Z.A. in de 17de en 18de Eeuw*. Tijds. van het Kon. Nederl. Aardrijkskundig Genootschap, 1916 p. 762—776.

*Land onder 't beleydt  
van den E. Heer Symon  
van der Stel. Commandeu[r]  
van Caap de Goede Hoop.*

Die onbekende dagboek-houer — dit kon HENDRIK CLAUDIUS die „barbier” -botanis-tekenaar-joernalis gewees het — laat ons sien met watter prag en praal die stoet, bestaande uit ag-en-sestig persone, byna driehonderd draagosse, perde en esels, die koets van die goewerneur, waens, karre en ook 'n skuit, van die fort uitgelei is op 25 Augustus 1685 deur ses vryburgers tot aan die Olifantsriver en hoe hulle hul merkwaardige reis tot aan die Koperberg voortsit en tot 'n goeie end bring op 26 Januarie 1686.

SIMON VAN DER STEL op Mauritius in 1639 gebore, was 'n man vol lewenslus en energie wat hy alles in diens van sy aangename vaderland verbruik het. Hy het tot die kringe van die deftige sewentiende eeuse regentefamilies behoort en deur sy skitterende huwelik met JACOBA SIX sy sosiale posisie nog versterk. Sy vader was Kommandeur ADRIAAN, sy moeder, MAIMONICA DA COSTA, was 'n Singalese en van haar het hy vermoedelik sy tikkie oosterse praalsug en heerssug geërwe maar daarby het hy ook gewoon vir sy tyd, as man van stand, sy pligte uitgevoer met heel wat grootheidsvertoen en sy rustyd op sy ou dag op Constantia geniet soos 'n edelman. Dit het in sy pragtige huis waar daar Rembrandts sou kon gehang het, want SIX was die vriend en patroon van REMBRANDT, te pas gekom dat alleen silwer skale in gebruik was <sup>1)</sup> en so hoort dit ook by sy persoonlikheid, by sy rang en stand, dat hy soos 'n vors op reis sou gaan.

Droogsaaklik som die onbekende opsteiler van die verhaal eers die aantal reisigers en hul hele toerusting op en ons sien hoe die trek langsaam voortgaan by Riebeeck-kasteel verby, die Bergrivier en die Vier-en-twintig riviere oor, tot waar

---

<sup>1)</sup> Vgl. JOHN OVINGTON: *A voyage to Suratt in the year 1689*. London, 1696. Hollandse vertaling getitel: *Reysen gedaen na Suratte en andere plaatsen van Asie en Afrika*, Amst. 1729. Hoofstuk XIII oor sy sewentiendaagse verblyf aan die Kaap en kennismaking met SIMON VAN DER STEL.



die Sonqua-huisies staan. Dan word dit interessanter. Net vyf van die rowertjies kry hul te sien, wat nogal op die vlug slaan en terug gelok moes word met 'n pyp tabak. Dan weet hul te vertel, dat 'n eland deur een van hul giftige pyle getref is en na die word nou gesoek. In skilderagtige prosa teken die joernalhouer hul maer, uitgehongerde uiterlik, peil hul innerlike gewaarwordings van angs by die eerste ontmoeting, van dankbaarheid en wederkerige gulhartigheid daarna. Met pyl, boog en assegaai staan hul voor hom, sonder 'n kledingstuk, vee of enige aardse besittinge. Soos JOHANNES in die woestyn, lewe hul van heuning, sprinkane en die wild, wat dit hul af en toe geluk om neer te trek en soos 'n ongepleisterde muur, bloot gestel aan weer en wind sien hul liggaampies daaruit, maar „alhoewel dit menschen van geen opvoeding zijn, hadden zij echter de beleeftheid” om die goewerneur 'n weergeskenk vir sy geskenk te gee, vermeld die dagboekhouer. „Ondersoek alle dinge” skyn die leuse van ons reisigers te gewees het. Watter soorte bome daar groei, watter vis in die riviere hou, watter seldsame diere op die vlaktes rondwaal, alles interesseer hulle, maar dis tog altyd weer die Hottentotte en Boesmans, wat die meeste belangstelling inboesem. So trakteer die joernalhouer sy lesers op 'n beskrywing van die wrede gewoonte van die Gregriquas, om 'n dier lewendig te vil, die ribbe van die rugstring af te breek, die een vir een uit die vlees te skil en dit alles terwyl die skaap nog leef, om sodoende die bloed te behou, wat hul dan opkook en ook opeet. Letterlik word hier huidjie en muidjie verslind, want tot die vel toe word gebraai in tye van hongersnood. Nog armer is die Sonquas, wat van blombolle, uientjies, skilpaaie, rupse en sprinkane moet lewe. As die kommandeur hul op rys en brood onthaal en hul 'n slukkie brandewyn boonop gee, is hul die wêreld te ryk, sing, dans en skree van plesier „als een party hokkelingen die eerst van stal komen” — 'n goedgeslaagde beeld van die skrywer, waarmee hy hul dadelik tipeer.

Op die geboortedag van SIMON VAN DER STEL, 14 Oktober, is die geselskap reeds onder die Namaquas. Die dag, wat later so luisterryk met pappegaaiskiet en feeste op Stellenbosch, die dorp deur hom gestig en na hom genoem, omgegaan het, sou ook

by die Koperberg feestelik gevier word. Met die Namaquas is 'n vredesverbond gesluit, en OEDESON, die besitter van die Koperberg, sou hul self daarheen begelei. Met warme geneentheid vertel die skrywer, hoe daar „3 charges”, gevolg deur 'n kanonskot gevuur is, waarop de Namacquas met hul eenvoudige fluite die kommandeur met musiek kom vereer het, wat die woudgod Pan self sou ontroer het. Vir diegene wat 'n Hottentots-riël gesien dans het, vir alle liefhebbers van primitiewe musiek en volksdanse, sal hierdie gedeelte uit die joernaal die interessantste wees. Uit lang hol riete weet elke speler 'n besondere toon te lok, en die gesamentlike geluid klink vir die joernaalhouer soos „een groote en swaare galm als bij 't geluid van een orgel” — weer een van sy teekenende beelde. Onvergeetlik moes die indruk van die dans op die gehoor gewees het: „Zy stonden alle in 't rond, zynde wel 20 in getal, en in 't midden van hen een, hebbende in de hand een lang dun stokje. Deze zong voor en sloeg de maat, op 't welke zy allen net wisten te spelen. Zy sprongen allen in 't rond, hebbende de eene hand aan 't oor, en met de andere houden zy 't riet aan den mond. Rondom deze speellieden waren mannen en vrouwen, de welke op dit geluid dansen, vermeerderende het zelve met in de handen te klappen, 't welk alles zeer ordentlyk, naar dat zy wilde menschen zijn, toeging.” Hierdie spel het die ganse dag geduur, telkens afgewissel deur eet- en drinkpartye. Moeg maar voldaan, keer hul na hul huisies terug, as die rooi son agter die Koperberge wêgsink.

Nou gaan die joernaalhouer oor tot meer saaklike mededeelings. Die Namaqua kapiteins neem afskeid, maar OEDESON gaan self saam tot by de koperberge, waar hul van die erts smelt, en vind, dat dit werklik koper bevat. Stukkies erts word los gemaak om saam terug te neem, maar vir ontginning in die kompanjies tyd was die myne te veraf en geleë in 'n gebied, wat deur die woestynagtige grond en gebrek aan gaanbare paaie, alleen met die grootste moeite en onkoste te bereik was. Tog laat die joernaalhouer ons sien, hoe die geselskap die kus probeer bereik, tot 'n nuwe moeilikheid opduik — die gidse OEDESON en 'n paar ander kapiteins weier, om verder

die pad te wys en probeer die geselskap met allerlei leuens op 'n dwaalspoor te help. Op 'n vraag, waarom hul skielik so onwillig geword het, kom die antwoord so tipies van die hele geslag, dat ons geneig voel om te glimlag as ons nie geweet het, dat hul die toon nie heeltemal sonder provokasie aangeslaan het nie. Hy lê hul in die mond, „dit de passagie na de zee niet te zijn, en dat hen 't hoofd zeer dede van meer te praeten, zoo dat zy, op 't geen hen gevraegd wierd, niet het minste meer wilden zeggen, en bleven dezen avond voorts t'eenemaal stom.” As daar die volgende dag paniek ontstaan deur die gerug dat alle vee sou meegevoer word, laat die aanvoerder 'n „wagen burg” slaan, die ou Germaanse gebruik, wat hier en in die boerelaers weer herleef het, en die twee veldstukkies word waterpas geplant, „voor 't welke zy met gansche troupes gingen neersitten, toonende hier mede hunne onkunde van der zelve kracht, over welk planten echter de Capiteyn zeer verbaast wierden, wetende niet wat zulks beduyden wilde.” Toe dit blyk hoegenaamd nie die bedoeling te wees nie om die vee buit te maak, word daar vriendelik melk en enige vee verruil en die geselskap uitgenooi, om daar te oornag. 'n Present van die gowerneur in die vorm van 'n fles arak het die ontstelde gemoedere eers tot rus gebring en daarna tot uitbundige vrolikheid laat oorgaan.

Telkens word die geselskap aan een of ander doodsgevaar blootgestel waaraan hul ternouernood ontsnap. Van al die voorvalle deur die joernaalhouer so plasties-reël uitgebeeld, span die bekende een by Piketberg met die renoster, wat op die kommandeur se koets afgestorm het, tog die kroon. Tientalle male het hy dit self aan sy kinders, aan vriende, aan gaste en reisigers oorvertel met die nodige gebare; van geslag op geslag is dit mondeling oorgelewer en selfs in 'n tydperk, wanneer die prestasies van die Oos-Indiese Kompanjie, die Hollandse tyd, in die vergeetboek diggeslaan was, het die verhaal nooit sy bekoring verloor nie. So raak, so lewendig is die oorspronklike beskrywing deur 'n ooggetuie, ons joernaalhouer, daar sit so 'n spanning en klimaks in, dat die beste stuk prosa uit die hele Register tog wel aanhaling werd is: „Ondertusschen vertoonde zich aan ons een Rhinocer, van

een ongelooflyke groote, die met een groote furie en quaadheid regt midden op onzen trein aanquam, daar hy langs liep tot agter toe, alwaar de Heer Commandeur met zijn kales stont, op welke hy recht toezettende, hebbende de Heer Commandeur quaalyk zoo veel tyds, om uit de kales te komen, springende daar evenwel uit met een donderbus in de hand, leide alzoo op den zelve, die geen zes treden van hem af was, aan, en meende vuur te geven; doch de donderbus weigerde, springende de aggerste rust op de voorste; doch het woedende dier, 't welk wy anders geen staat maakten, of het zou de Heer Commandeur, in ons byzyn verslonden hebben, liep hem raakende aan het lijf, voorby; en wy geloofden, dat het zelve van de schoot quam, die een van de Ed. Heer zyn wildschutten hem gaf; daarop liep het zelve voorts met een groote snelheid van ons. Verscheide anderen, die te paard waren gezeten, wisten het zelve al mede met te ontvlugten, verlaatende hunne paarden met een groote schrik, waar van zy op verscheide plaatzen zich bezeert hadden."

Renosterstories is in elke Afrikaanse reisverhaal te lees, maar seker nêrens so eenvoudig spannend, so sonder mooi-makery of vergroting of effekbejag vertel nie. Trouens in al die 17de eeuse dagregisters word ons getref deur die waarheids-sin van die skrywers. Baie selde word uit hul verbeelding gegryp, en die klein stukkie fantasie van VAN MEERHOFF in 1661 oor „een levendigh monster vernomen met 3 hoofden, gelijcq drie kattenhoofden en hadt drie lange staerten in 't water uytcomende niet wetende wat het voor een gedierte is geweest", kom so selde voor, dat dit juis daardeur in die oog spring. Die joernaal van SIMON VAN DER STEL is een brok werklikheid en 'n bewys dat die waarheid soms fantastieser dan die fantasie is.

#### 4. DIE HUGENOTE EN FRANS IN SUID-AFRIKA.

Vreemdelinge soos PIETER VAN MERHOFF die Deen van Kopenhagen, OLOF BERG en HENDRIK CLAUDIUS, die Swede uit Gotenburg, WREEDE die taalkundige en Hottentot-woordeboek-

skrywer <sup>1)</sup> 'n bietjie later die versamelaar van boeke en handskrifte JOACHIM VON DESSIN, albei van Duitse geboorte <sup>2)</sup>, het hul stempel op die Hollandse kultuur in Suid-Afrika afgedruk. Hul was rasegte Germane. Maar die Hollandse aard met sy sin vir waarheid en realiteit, met sy nugtere kalmte en deursettingsvermoë sou in Suid-Afrika in die sewentiende eeu al aanmerklik gewysig word deur die toevloei van 'n groot aantal Franse, 'n Romaanse volk met meer beweeglikheid en verbeeldingskrag maar met minder standvastigheid as die stoere eerste koloniste. Die Oos-Indiese Kompanjie was 'n handelonderneming met 'n uitgebreide amptenaredom en kolonisasie het buite hul doel gelê. Maar die Kaap met sy aanwassende getal vryburgers het 'n uitsondering geword, sonder dat Here XVII egter sy beginsels van monopolie in die handel wou prysgee. Die goewerneur self, 'n uitstekende boer en 'n geweldige konkurrent later, toe sy plaas „Constantia”, „de schoonste en grootste van alle Kaapsze Vrylieden” was, het gekla, dat die vryburgers nie veel verstand van wynbou en olyweteelt gehad het nie. Die koms van die „Voorschoten”, „Oosterlandt”, „Zuid-Beveland” e.a. in 1688 met Franse vlugtelinge, wat die gevestigde boerebevolking kom versterk het, sou nie alleen hierin verandering bring nie, maar ook in die aard van die nuwe nasie. <sup>3)</sup>

---

<sup>1)</sup> Sien p. 77.

<sup>2)</sup> Populêre oorleweringe aangaande die versameling van VON DESSIN is geboekstaaf in: *State of the Cape of Good Hope in 1822*; by a civil servant (C. BIRD) London 1823 p. 151—152.

<sup>3)</sup> Die volgende artikels en werke is o.a. geraadpleeg oor Frans in S.A.:

JOHN OVINGTON: *A Voyage to Suratt in the year 1689*. London, 1696.

FRANCOIS LEGUAT (in die Hollandse vertaling): *De Gevaartyke en zeldzame Reyzen van den heere Leguat 1690—'98*. Utrecht 1708.

ABRAHAM BOGAERT: *Historische reizen door d'Oostersche Deelen van Asia*. Amst. 1711.

ABBÉ DE LA CAILLE: *Journal Historique du Voyage fait au Cap de Bonne Espérance*, 1763. Paris 1776.

JOHN BARROW: (in die Hollandse vertaling): *Reizen in de Binnenlanden*

Hulle was manne wat vir 'n vryheidsideaal heelwat feil gehad het, van 'n bietjie meer ontwikkeling as die Hollandse vryburgers maar in hul kern niks anders as landbouers nie, geen geleerdes, geen aristokrate met titels en wapens nie soos soms met misplaaste familietrots voorgestel word. Nugter beskou, niks anders as vreemde bywoners op die plaas van die Rykman wat hul goedgunstiglik ontvang het en na wie se oë hul moes kyk. Dit is ewig-menslik dat hul na „droefheid en ellende” in die vaderland, hierdie toestand dankbaar aanvaar het maar as die ergste ongemakke gely is, nie altyd van ondankbaarheid teenoor hul weldaders vry te pleit is nie. Dit is ook algemeen-menslik dat die saamhorigheidsgevoel in die vreemde versterk word en dit lê voor die hand dat die groep hom vir die behoud van taal en tradisie aan sy eie predikant en eie „meester”, die elemente wat die sorg dra vir die geestelike goedere van 'n volk, sou wou vasklamp.

In 1690 was die aantal Hugenote sowat honderd-en-vyftig, versprei tussen die ander koloniste in die distrikte van die Kaap en Stellenbosch, en veral langs die Bergrivier en die Drakenstein, maar van die aansienlike getal is dit alleen die verdienstelike predikant PIERRE SIMOND, wat troos soek in die skryfkuns en hom aan 'n nuwe bewerking van die Psalme wy onder sy drukke werksaamhede. Hierop het die Franse kerke in Europa met belangstelling gewag en as hy in 1701 sy ontslag vra, om na Europa terug te keer, is dit om hierdie werk aan die Waalse Sinode voor te lê. Hy het „une force morale, et aussi une force intellectuelle” hier verteenwoordig. <sup>1)</sup> Van ander geskrifte in hul eie taal het daar bitter weinig spore oorgebly, 'n paar jaargange Kerkraadsnotule, 'n enkele briefie of kwitansie en daarmee is dit uit. Baie van hulle het

*van het Zuidelyk gedeelte van Afrika in de Jaren 1797 en 1798.*  
Haarlem 1803.

H. DEHÉRAIN: *Le Cap de Bonne Espérance au XVII<sup>e</sup> Siècle* (1909).

Prof. J. J. SMITH in *De Goede Hoop*, Nov. en Des. (1915).

C. GRAHAM BOTHA: *The French Refugees at the Cape*. Cape Town (1919).

Dr. J. L. M. FRANKEN: *Huisonderwys aan die Kaap (1692—1732). Die Huisgenoot*, Aug. 1932.

<sup>1)</sup> Vgl. DEHÉRAIN: *Le Cap de Bonne Espérance oor L'extinction de la langue française au Cap.*”

in Suid-Afrika aangekom met 'n kennis van Hollands, daar hul reeds 'n tyd lang in Holland vertoef het. Maar hul het behalwe hul eie predikant, ook 'n eie „meester”, PAUL ROUX van Orange, gehad as „voorleser”, wat in November 1688 al in diens getree het in die Drakenstein en die pos beklee het tot sy dood, 7 Februarie 1723. Gesteun hierdeur, het die Franse hul aanvanklik verset teen versmelting met die res, en die ingesetenes van hul kant, reeds dertig jaar ingeburger, het agterdog gekoester vir die nuwelinge, wat boonop nog bevoorreg word met landbougereedskap, 'n neersetting in die vrugbaarste gedeelte van die Hollandse kolonie en hul eie taal wil behou. Wrywing was onvermydelik.

In November 1689 vaardig die Hugenote-neersetting 'n deputasie met SIMOND as leier af, om by die Goewerneur en Raad aansoek te doen vir eie kerklike gemeente en 'n eie kerkraad. Uit die *Resolusien* blyk dat die Goewerneur gedurende die debat ongeduldig en onbillik gepraat het van „enige franse gewaande vlugtelingen, dewelke onder schyn van den geloovsdwang hares konings t'ontgaan, haar na dat 's sig liet aansien, uyt Vrankrijk elders heen en voornamelijk na Holland hadden begeeven, ten einde om onder den dekmantel als yveraars ledemaaten en voorstanders van 't Protestantsche geloov een Leuij en vadsig leven te leiden”. Nou wil hul 'n eie kerklike gemeente hê, later seker „hun eigen Magistraat, Opperhoof en Prince van den Landde te kies en hun also de gehoorsamheid die-se an d'E.Comp. schuldig zyn waren t'onthrekken.”

Die deputasie word met 'n skrobbering huistoe gestuur en gewaarsku, om nie weer sulke impertinente aansoeke te doen nie.

Here XVII het milder opgetree. In Desember 1690 kom die antwoord, dat die Drakensteiners 'n eie kerklike gemeente kon kry, op voorwaarde, dat die „kerkenraad” sover as moontlik tweetalig moes wees. Die Stellenbosse en Drakensteinse „meesters” moes die Hollandse en Franse kinders saam onderrig, en daar moes veral op gelet word, dat „die kinderen van fransche ouders gebooren voor alle de Nederduytsche tale te doen leeren, lesen en verstaen, om door dat middel onse natie te meer te werden ingelijft.” Hul volg dus die gedragslyn van geleidelike verhollandsing maar sou tien jaar later van

taktiek verander. In 1701 tree Here XVII ineens kras op en verbied die openbare gebruik van Frans in die kerk en op skool. In 'n uitgaande brief aan die Amsterdamse Kamer, 20 Maart 1702, word met instemming geantwoord, „dat door het gebruik van de Nederlandse taal in de kerk en schoole aldaar, de franse spraak onder de inwoonderen van die gemeente in ongewoonte komen, en vervolgens metter tijd soo doende gemortificeert werde; dat ookte bekwamer sal kunnen geschieden, door dien aldaar geen franse schoolen zyn.”

Maar twee-derde van die Drakensteinse gemeente kon nog nie 'n preek in Hollands volg nie en gevolglik word verskillende petisies na die Goewerneur opgestuur, om vergunning te kry, dat ds. BECK van Stellenbosch — PIERRE SIMOND is intussen weg en Drakenstein het onder die jurisdiksie van Stellenbosch geval — sou toegelaat word, om in hul moedertaal te preek. Dit kon die Bewindhebbers „niet goetvinden te consenteeren”, maar laat die saak in hande van die Goewerneur, „om hierinne te doen en laeten, soo als UE. ten meeste dienst van de Comp. sullen oordelen te behooren.” Die Goewerneur, WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL, het geoordeel, dat vir g'n handelsman ter wêreld die gebruik van twee tale in sy saak nog ooit 'n voordeel was nie (en hy was in die posisie, om die gevoelskant van die saak te verontagsaam) en dat dit nooit uitgesluit was nie dat die vlugteling by hul landgenote sou aansluit in geval dat 'n vyandelike Franse vloot Tafelbaai binneseil.

Die petisies hou aan, maar as in 1709 die predikant en kerkraad opdrag kry, dat in vervolg alle briewe en nominasies van kerkraadslede in die Hollandse taal moet ingedien word, is die eerste ongelyke taalstryd op Afrikaanse bodem afgeloop. In 1718 hoor ons nog, dat die Franse godsdiensoefening na afloop van die Hollandse sou begin, „al waar het ook voor een of twee menschen”; in 1719 kry die Franse skoolmeester FRANCOIS LOUIS MIGOULT, wat eers huisonderwys in die Drakenstein gegee hêet, permissie, om 'n skool in Kaapstad te open, „om de jeugt in de Nederduytsche en *franse* taalen mitsgaders in de christelyke Religie te instrüeren”; in 1730 kry PAUL ROUX se seun, JEREMIAS, dieselfde reg, maar 'n



moontlike tweetalige land was van die aanvang uitgesluit. Die vertrek van PIERRE SIMOND het die proses van uitsterwe van die vreemde taal verhaas. Daar was niemand, om hom op te volg nie. Van FRANCOIS LOUIS MIGOULT, die drietalige skoolmeester, wat as soldaat in 1713 aangekom het en in diens getree het as huisonderwyser, vermeld die *Inventarissen* van die Weeskamer 1724, dat sy boekery en papiere bestaan het uit „wat pampieren zijnde teekenings en cyferings, strekkende tot myn broodtwinning, een party boeken, duyts en Frans daar onder een Nieuw Testament met d'handt geschreeven”. Wat sy kennis en skryfkuns betref, in vergelyking met die van sy kollegas, was hy dus 'n moontlike leier, maar hy was te verslaaf aan die drank en die kaartspel, om iets anders as 'n publieke skandaal in die Drakenstein te word en dit was buitendien reeds te laat. „L'extinction du francais . . . a été complet.”

In aanmerking geneem, dat die Franse 'n klein minderheid van nie meer as 'n sesde van die boerebevolking en 'n agste van die hele bevolking uitgemaak het nie, dat hul feitlik as berooides in diens van die Kompanjie gekom het, en vir alles van hul heer en meesters afhanklik was, dat sommige daarby reeds 'n kennis van Hollands in Holland self opgedoen het, dat in 'n kommersiële ooreenkoms geen plek vir die gevoelskant van die saak is nie, kan ons die onderdrukking van die taal motiveer. Heeltemaal onvermydelik lyk dit uit die staanspoor uit, dat die Franse sou opgelos word in die boerebevolking en dat hul taal volkome sou uitsterf, sodat alleen 'n paar plaasname, 'n paar familiename, 'n enkel woord in Afrikaans, sonder om veel spore van invloed op die ontstaan van Afrikaans na te laat, die herinnering daaraan bewaar dat daar eenmaal 'n Romaanse groep aan die Kaap gekom het.

Hoewel die Franse vlugteling 'n steen in die muur van ons kultuurgeskiedenis gemessel het, die boustyl beïnvloed het, het die tradisie gedeeltelik uit godsdienstige oorweging, gedeeltelik deur van buite aangekweekte sentiment met die onbewuste bedoeling om ons van die Dietse lande af weg te oriënteer, hul betekenis gaan oordryf ten koste van die eerste en belangrikste neerseters, die Germaanse.

---

### HOOFSTUK III.

## „HOE ZOET EN LIEFLIJK IS 'T, DAT BROEDERS IN EENDRAGTIGHEIDT T' SAMENWOONEN”.

#### 1. DIE KAAPSE KOLONISTE IN TWEE GROEPE VERDEEL.

In die Kaapse gemeenskap was daar in die begin van die agtiende eeu twee sterk groepe, nl. die amptenare en die boere waarby kon gereken word 'n groepie vryburgers wat hul met ander bedrywe behalwe die landbou besig gehou het soos messelaars, timmerlui en herbergiers.

Onder die regering van SIMON VAN DER STEL het die uitbreiding van die volksplanting so'n stoot vooruit gekry dat toe sy seun, WILLEM ADRIAAN, hom in 1699 opvolg, die stigting reeds tot 'n kolonie in die ware sin van die woord ontwikkel het. Maar dit was 'n kolonie van losse bestanddele waarin gedurig getwis en rusie gemaak word wat die taak van WILLEM ADRIAAN veel moeiliker as die van sy vader gemaak het.

Hy het voor 'n probleem gestaan, wat ARISTIDES die Regverdige en SALOMON die Wyse moeilik sou opgelos het, en daarby het die beste hoedanighede van sy groot voorganger by hom ontbreek en die slegte, soos die driftigheid, heers- en hebsug, het hy in veel groter mate besit. Hy word die gemeenskappelike vyand, die louterende element wat telkens noodsaaklik skyn om die losse groepies, versprei oor die uitgestrektheid van Suid-Afrika, saam te smelt.

Maar seker is dit, dat die VAN DER STELS en die amptenargroep in ontwikkeling en beskawing hemelhoog bo hul beskuldigers gestaan het. Dis belangrik om te onthou, dat JOHANNA JACOB A SIX, die eerste vrou van SIMON, 'n suster

van die beroemde burgemeester JAN SIX, die vriend en patroon van REMBRANDT was. Ons weet ook, dat hul 'n groot liefde vir musiek gehad het en vir die sang- en musiekonderwys van hul kinders aan die Kaap gesorg het. <sup>1)</sup>

Daar is op groot skaal 'n begin gemaak met die pragtige oud-Hollandse boustyl wat onder ANTON ANREITH en LOUIS THIBAUT sy toppunt sou bereik. <sup>2)</sup> „Constantia”, „Vergelegen”, „Zandvliet”, „Elsenburg” verrys, waar eeue lank slegs Hottentot strooise skuiling verskaf het aan die rondtrekkende „wilden”. Die sekretaris van die Weeskamer, NICOLAAS VAN DESSIN lê sy skitterende versameling handskrifte en boeke en historiese gedenkwaardighede aan, sy mede-amptenaar, die sekretaris DE GREVENBROEK, is besig aan 'n beskrywing van die Hottentotte in die internasionale taal en bring sy vry ure deur met die verfkwas en die doek. <sup>3)</sup> WILLEM ADRIAAN vervaardig sy almanak met allerlei belangrike vergelykende aantekeninge tussen Hollandse en Kaapse toestande, waaruit sowel sy kennis van die nuwe landsomstandighede wat die ervaring hom geleer het as sy fynproewerssmaak in groente en blomme blyk. <sup>4)</sup> Die predikant PETRUS KALDEN loop met planne in sy kop rond om 'n sierlike kerkgebou op te trek en 'n Hottentot-woordeboek op te stel. Ons kan dus al praat van letterkundige lewe, hoog beskaafde kringe, kultuurlewe in en om die Kasteel, wat aan uitbrei is na die platteland, na die groot boerderye van die amptenarehereboere.

Daar teenoor staan die vryburgers, die pioniers wat met die graaf omgegaan het, in die harde praktyk van die Afrikaanse boereskool gestaan het. Hul gees is geskerp deur voortdurende stryd met die elemente, dit het hul selfstandig leer optree maar weens gebrek aan behoorlike skoolopleiding, aan die

<sup>1)</sup> Sersjant JERING het die oudste seun van WILLEM ADRIAAN op die fluit leer speel. Vgl. Dr. J. L. M. FRANCKEN: *Huisonderwys aan die Kaap* (1692—1732). *Die Huisgenoot* 1932, 5 Augustus, p. 55.

<sup>2)</sup> Vgl. C. DE JONG: *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop 1791—1797*. 3 dele Haarlem, 1802—1803, p. 139.

<sup>3)</sup> Sien verderop.

<sup>4)</sup> Hs. in die van Dessin-versameling, Openbare biblioteek, Kaapstad.

noodsaaklike „dressering” was hul dikwels eiewys, wars van alle menging in hul sake, vol klagte teen diegene wat die plaaslike gesag moes uitvoer. Die skuld het by Here XVII self gelê wat die opvatting dat monopolie die grondslag van die handel is nooit wou prysgee nie. Van die eerste vryburgers af het daar al klagte ingekom teen die monopolie-stelsel en die het aangewas na mate die amptenare weens die groot afstand van Patria hoe langer hoe meer alle kontrole gaan ontduik het. Die beskuldiging het gewoonlik in die eerste plek teen die hoër-amptenare gegaan maar ook teen diegene wat hul bygestaan het, wat in die geestelike behoeftes van die koloniste moes voorsien, die predikant, die sieketrooster, die meester of „dominie”. Die plek waar die onweerswolke die dikste saamgepak het was Stellenbosch en sy omstreke.

Sedert 1683 was daar reeds ’n skoolmeester, SYBRAND MANKADAM, besig om nie soseer wetenskaplike kennis as die grondbeginsele van die Christelike godsdiens aan die kinders van vryburgers mee te deel. Hy moes die siekes besoek en elke Sondag voorlees want die aanstelling van ’n skoolmeester was ook die begin van die kerk. Die amptelike erkenning van kerkraadslede kom eers drie jaar later. In die jaar voor die koms van die Hugenate word daar die eerste kerkie in Suid-Afrika, waarvoor SIMON en die Kaapse predikant ds. JOHANNES OVERNEY soveel gearbei het, plegtig ingewy. As die nuwe goewerneur in 1699 aan die bewind van sake kom, is die Stellenbosse kerkorganisasie kompleet. Op kultureel gebied beteken dit dat naas die offisiële stukke, wat in die Kasteel opgestel word in die nuwe gemeente ook korrespondensie gevoer word, notule gehou word, en allerlei geskrifte tot stand kom. Die predikant, ’n ontwikkelde man, gewoonlik die enigste in die gemeente wat ’n degelike opvoeding in Holland geniet het, is die skrywer. Dit is ’n taak wat gedurende die grootste gedeelte van die 18de eeu in alle gemeentes byna uitsluitend deur hom vervul word. Van die eerste predikant van Stellenbos ds. HERCULES VAN LOON, wat vier jaar na sy aanstelling op tragiese wyse ’n end aan sy lewe gemaak het, 1705, het ons net ’n paar briewe en die notule van slegs drie kerkraadsvergaderinge. Hierdie kerknoutule, waarvan onge-

lukkig net gedeeltes handelende oor die voorbereidings vir die nagmaalsviering leesbaar is, is 'n kosbare historiese dokument. Aangesien die notule van die Kaapse kerk vir 1695 tot 1718 verlore gegaan het, is die Stellenbosse die oudste wat bewaar gebly het.<sup>1)</sup>

2. ADAM TAS, „DE BEKWAAMSTE TER PENNE”.

Die vryburger, hetsy Hollander of Fransman of Duitser van geboorte of afkoms het dit as sy werk beskou om te boer; die skryfwerk, leeswerk, handhawing en opbou van die geestesgoedere het hy aan 'n ander klas oorgelaat. Maar onder die Stellenbosse vryburgers was daar tenminste een wat die pen veel raker kon voer dan die amptenare en die geestelike leiers self. Die *Dagregister van den Landbouwer Adam Tas*, 'n dagboek op geen voorskrif van owerheidsweë maar uit eie gemoedsdrang ontstaan, is 'n pronkstuk onder die Hollandse geskifte van die eerste helfte van die 18de eeu.<sup>2)</sup> Daar is 'n

<sup>1)</sup> Vgl. FRANCKEN: *Huisonderwys aan die Kaap, Die Huisgenoot* 1932, 5 Aug.

<sup>2)</sup> Uitgegee met 'n Inleiding en 'n Onderzoek na die klagte van die vryburgers deur Prof. LEO FOUCHÉ, waaraan die lewensbesonderhede ontleen is. London 1914.

'n Herdruk van die *Dagboek* is baie wenslik. Verder is o.a. die volgende werke geraadpleeg, behalwe die uitgegewe argiefstukke van die jare 1696 tot 1708:

H. C. LEIBBRANDT: *Rambles through the Archives*, 1887.

*Defence of Willem Adriaan van der Stel*, 1897.

ABRAHAM BOGAERT: *Historische Reizen*, Amst. 1711.

*Gedichten*, Amst. 1723.

FRANÇOIS VALENTYN: *Oud en Nieuw Oost Indien*, Vol. V. *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop, met de Zaaken daar toe behoorende*. Amst. 1726.

J. COLVIN: *Romance of South Africa*, 1809 en sy Inleiding in MENDELSSOHN'S *S. African Bibliography* van dieselfde skrywer.

Mrs. A. F. TROTTER: *Old Cape Colony*, 1903.

Prof. J. EDGAR: *The Expansion of Europe*, Dl. I.

DOROTHE FAIRBRIDGE: *Historic Farms of South Africa*, 1931.

J. S. STAVORINUS: *Reizen van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop in 1768—1771*, 2 dln. Leyden, 1793.

J. C. DOMINICUS: *Het Huizelijk en Maatschappelijk Leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw*, 's-Gravenhage, 1919.

belangrike punt van verskil met die offisiële geskifte en al die dagregisters en briewe tot dusver bespreek. Die het die klemtoon in die verbinding Hollands-Afrikaans steeds steeds op die eerste gedeelte gelê, hul is toegespits op die vaderland Holland, maar van nou af verskuif die klemtoon na die tweede gedeelte, na die nuwe vaderland Suid-Afrika, by TAS die landbouer sowel as by sy meesters wat hul ook op sy bedryf gaan toelê. In sy Dagboek lê iets van die warmte van die Afrikaanse son wat die stramheid en stroefheid losmaak, iets wat vreemd is aan die stugheid wat die newels van die Noorde bring, iets van die Kaapse druiwesap wat opwek en gemoedelik maak maar ook byt op die tong in die nasmaak. Hy het dit tog nooit vir publikasie bedoel nie en kritiseer en bespot iedereen maar daarop los.

ADAM TAS in 1668 in Amsterdam gebore, kom in 1697 as vryburger na die Kaap. Hy gaan inwoon op „Meerlust” die plaas van sy oom HENNING HUSING, die rykste boer en aanvanklik ’n vriend van die Goewerneur, wat hom in 1700 die kontrak vir die lewering van alle vlees aan die Kompanjie versorg. Voorlopig hou die jong TAS hom besig met die sekretariswerk van sy oom, maar twee jaar na sy aankoms is hy Vaandrig van die Burger-infanterie. Geseën met ’n opgewekte, vrolike natuur, sal hy wel genoeg plesier gemaak het, en sy vyande vertel, dat hy hom „als een ledigganger met te lopen slenteren, en dagelyks bij de buurt kwade snaps te voeren”, <sup>1)</sup> gedra het. As dit waar is, kom daar verandering in sy vrolike lewentjie, toe hij in 1703 met die weduwee van die vryburger HANS JURGEN GRIMPE trou en saam met die „ryke boerinne” ’n pragtige plaas op die koop toe kry. „In deze graazige klaverweide kwam deze scheinheilige schoft, die met straatslypen en met een zo veel jaren gevoert luy leven niet veel bevoordeelt hadde, tot een gelukkigen, rustigen en zeer vermakelyken staat”, <sup>2)</sup> vertel WILLEM ADRIAAN. Maar die goewerneur steun dikwels op sy verbeelding vir sy

<sup>1)</sup> In die „Verantwoording” van VAN DER STEL, *Bogaert Hist. Reize*, p. 579.

<sup>2)</sup> Ibid p. 580.

feite, waar hy hom in sy *Korte Deductie* teen sy vyande verdedig of die Afrikaanse boerelewe teken as 'n luilekkerland, vloeiende van melk en heuning, waar „tien a twalef schottelen, gevult met pasteyen, taarten, kalkoenen, ganzen, hoenders enz. op tafel”<sup>1)</sup> staan.

Reeds in 1704 het die oom van TAS, HENNING HUSING 'n boer uit Hamburg afkomstig, by die Bewindhebbers gekla maar dit was in Augustus 1705 met die opveiling van die wynpag dat die boere, uit die staanspoor uit tog geneig tot ontevredenheid en ondankbaarheid, tot openlike verset kom. ADAM TAS, die sekretaris van HUSING, „een sierlijk schrijver” word deur die burgers wat in die huis van HUSING vergader het, versoek om 'n klagbrief waarin die griewe van die boere uiteengesit word, op te stel. Die „*Klachtschrift*”, sy eerste pennevrug aan Here XVII, kan maklik vergelyk, wat die styl betref, met die beste offisiële stukke, wat op die Sekretarie klaargemaak was.<sup>2)</sup> Dit begin ook met die geykte vorm van 'n 17de eeuse offisiële stuk, maar al gou word die styl gemakliker en leniger, soos sy verontwaardiging styg en sy betoog klemmender word oor die onwettige grondbesit van die amptenare, die groot boerderye wat hul daarop aangelê het, en die konkurrensie met die vryburgers op elke gebied.

Artikelsgewys word die punte opgestel en behandel. VAN DER STEL het, in die woorde van die skrywer, „alle negotie, welke den landbouw kan verschaffen, bestaande uit Koorn, Wyn en Vee, den Vryburger onttrokken,” en hul hierdeur „de hartader, wy menen de gepermitteerde en vrye Negotie, afgesneden.” Die boere moet dus „uit een mans hand azen” en die sal hul nog „het land uit boenen.”<sup>3)</sup>

Die artikels wat die beskuldiging van omkoopbaarheid en omkoperij bevat, is nie in minder kragtige en minder skilderagtige taal gestel nie. Die Goewerneur gee geen land aan die

<sup>1)</sup> BOGAERT: *Hist. Reize* p. 580.

<sup>2)</sup> *Klachtschrift* opgeneem in die *Korte Deductie* en die *Contra Deductie*. Engelse vertaling in LEIBBRANDT: *Defence of W. A. van der Stel*.

<sup>3)</sup> *Klachtschrift* Artt. 1—6, 15, 16, 19—21, 29—33 handel oor die groot boerderye. Uitvoerig bespreek deur FOUCHÉ, Hoofstuk V.

boere nie of hul moet hom „eerst en alvorens.... rykelyk met geskenke.... begroeten” met die gevolg dat TAS tot die konklusie kom dat WILLEM ADRIAAN „een geessel van deses lands inwooners” is, sy beste vriende „schoften, die sikh met schelm- en diefstukken behelpen” en hy Here XVII om verlossing moet smeeke van ’n „onverdraeglyk juk”.<sup>1)</sup>

ABRAHAM BOGAERT wat met die retoervloot aan die Kaap vertoef het en aan die kant van die boere later sy pen gebruik het in sy *Historische Reizen* (1711) en in sy *Gedichten* (1723), het die stuk op 4 April 1706 meegeneem na Holland. Later het TAS ’n veel lywiger amptelike stuk van oor die drie honderd bladsye opgestel, die *Contra-Deductie* wat uiters moeilik lees maar waarin ons tog hier en daar die „sierlik skrywer” herken.<sup>2)</sup>

Maar dit is in sy *Dagboek* waar ons sy skrywerstalent die meeste bewonder. Vir die historikus is die ontdekking van fragmente van kopieë daarvan wat bewaar gebly het dank sy die versamelsug van VAN DESSIN, van onskatbare waarde gewees om die nuwe lig wat dit gewerp het op die bestuursmetodes van die Oos-Indiese Kompanjie en van WILLEM ADRIAAN uit boerestandpunt bekyk. Daarby is dit vir die kultuurhistorikus een van die beste bronne vir ons kennis van die Stellenbosse maatskappy en van die sosiale omgang in die omtrek waarin die Franse vlugtlinge ’n vername rol gespeel het. Vir die kunskritikus van ons vroeë Dietse skrywers is die *Dagboek* van nie minder betekenis as psigologiese dokument van die eerste rang, gestel in ’n losse, gespierde, kleurrike taal wat vergelyking kan deurstaan met die allerbeste wat in die begin van die 18de eeu in Holland op die gebied van die lettere gelewer is, wat spontaneïteit en natuurlikheid betref.

In die eerste aantekening in ons besit, die gemaak op 13 Junie 1705, hoor ons dat onder die huishoudelike artikels

<sup>1)</sup> Klachtschrift Artt. 7—14, 17, 18, 22—28, 35, 36. Vgl. FOUCHE, Hoofstuk V.

<sup>2)</sup> *Contra-Deductie, ofte grondige Demonstratie van de valshelt der uitgegevene Deductie*, bij den Ed. Heer WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL, enz. Amst. 1712.



soos kouse, „catjes” tee en jenever wat ’n vriend vir TAS uit die Kaap van HUSING se plaas meegebring het, is ook „’t boeck behelsende ’t bedrieff van de gebroeders CORNELIS en JAN DE WIT en elf stuks boekzalen voor desen aan Mr. STARRENBURG en naderhand aan Mr. VAN PUTTEN geleent”, en ook „’t predikatie boek van de heer BALTHAZAR BECKER gezegender geheugenis”. TAS leen dus boeke uit aan die later berugte Stellenbosse landdros STARRENBURG en aan een van die vroegste reisigers na die Warmbad. Mr. VAN PUTTEN, die Pakhuismeester, lid van die Politieke Raad en van die Raad van Justisie, die opsteller van ’n *Dagverhaal wegens de reis naar ’t Warme Water*”,<sup>1)</sup> 1710; hy lees die bundel *Predicatieën* (van 1694), een van die talryke teologiese werke van die vrysinnige predikant wat met *De betooverde Wereld*”<sup>2)</sup> dit gewaag het om die bestaan van ’n persoonlike duiwel in twyfel te trek. ’n Paar weke later stuur hy „een brieff aan mr. STARRENBURG aan wien ’t 14e uyttreksel stuckje, van W. SEWEL hebbe gezonden”.<sup>3)</sup> Naas BALTHAZAR BECKER lees hy dus ook WILLEM SEWEL, die bekende 17e eeuse taalgeleerde wat die *Boekzaal van Europa, Maandelijksche Uittreksels of Boekzaal der Geleerde Wereld* van PETRUS RABUS voortgesit het.<sup>4)</sup> Hul is ver van die Europese beskawing af maar as boekevriende bly hul tog goed op die hoogte van wat in die vaderland verskyn. Aan die Kaap het daar nog geen koerante of tydskrifte bestaan nie, alles moes nog in Holland gedruk word, selfs ’n posdiens was tot 1795 nog onbekend. Die Bybel en die gesangboek van WILLEM SLUYTERS was sowat die enigste boeke in die boerehuisgesinne en tog teken TAS, die landbouer op 6 Julie 1705 weer aan dat hy die sieketrooster MAHIEU betaal het „voor drie boeken, door mij up de vendu van den Hr. VAN LOONS boeken gekogt”. Dit is ’n tyd waarin alleen maar die „geleerdste praeceptors” aan die Kaap by hul onderwys gebruik maak van werke soos

1) Uitgegee deur GRAHAM BOTHA in die publikasies van die Van Riebeeck Society, 1924.

2) Vgl. J. PRINSEN: *Handboek* p.

3) *Dagboek* in dato 2 Julie 1705.

4) Vgl. J. PRINSEN: *Handboek* p.

*Schets van d'Outrein, Oostrum over Heidelbergsche Cathegismus* en tog lees TAS die werklike groot denkers van sy eeu. Die tweetalige Franse in sy omgewing het ook nog „*Le Cathechisme d'instruire les enfants en la Chrestienté, fait en maniere de Dialogue, où le ministre interroge et L'Enfant répond*” en die vertaling daarvan *Catechismus ofte Ondewijsinge in de Christelike Leere, die in de nederlandsche Gereformeerde Kercken ende Scholen geleert wordt*” tot hul beskikking gehad.<sup>1)</sup> Maar met die Nuwe Testament in Frans sowel as in Nederlands, die Psalme in die Franse vertaling van CL. MAROT en TH. DE BEZE en in die Nederlandse van PETRUS DATHENUS het hul lees- en sangstof sowat begin en geëindig. Des te merkwaardiger ADAM TAS se literêre smaak, sy liefde vir die boek, waarvan VAN DESSIN enkele met 'n „*Ex libris Adam Tas*” in sy versameling vergaar en vir die nageslag bewaar het.

Hoe graag TAS ook boeke ontvang, dit is die dinge wat hy in die daelike lewe die nodigste het, wat hy die graagste ontvang van sy vriende en ook weer met genoeë aan hul uitleen. Behaag die geskenke hom, dan is hy daar opgetoë oor, beval hul hom nie, gee hy dit met 'n rojal gebaar weg en kritiseer die gewers of die geskenk met allerlei geestige opmerkinge.

So word die kneg JACOB na die Kaap gestuur en ry vandaar met 'n briefie na Groenkloof, die weiland van Oom HUSING, „om de twaalf veersen dik met kalf voor JANTJE vandaar te haalen”, „zynde dit een pillegift, die wel een dubbele dankzegginge waardig is”<sup>2)</sup> van Oom HUSING. Volgens onheuglike tye het Europese kinders van peetooms en peettantes „pillegifte”, gewoonlik silwer voorwerpe in die vorm van bekere of speelgoed by die doop gekry. Maar JANTJE was 'n Afrikaner en sy „pillegift” dra 'n Afrikaanse stempel, wat dit tot vandag toe nog bewaar onder peetooms van sy nageslag. Maar as TAS van Oom HUSING „een houwer en portepée” present kry, kom die kieskeurigheid in kleretooi van die gewese Vaandrig

<sup>1)</sup> Vgl. FRANCKEN: *Huisonderwys aan die Kaap, Die Huisgenoot*, 1932.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 23 Juny 1705.

weer bo. Hy bly tog maar die H. van die ou A.B.C.-boekie, die „Held met een Houwer op zij” en taamlik ondankbaar flap hy dit daar uit „dan dat swaard gevalt my gantsch niet, 't gelijkt wel een Kaffers zijdgeweer”.<sup>1)</sup> Ander dinge wat hom nie beval nie, word JACOB mee vereer as hy hom in 'n goedgewige bui voel soos die „nieuwen hoed, zijnde een van de hoeden die my uyt het vaderland zijn toegezonden”.<sup>2)</sup>

Hy is joviaal en gasvry, vind dit ook goed, dat sy vriende van sy landbougereedskap gebruik maak, selfs in sy afwesigheid. Ons sien die hele familie met hul kuiergas, die suster van Tas, na die huis van hul buurman NEL, stap waar JANTJE, die later skoolmeester<sup>3)</sup> met groot oë die „agt kindertjes bij elkander” aankyk.<sup>4)</sup> By hul terugkeer is die vryburger „CLAES VEGTMAN de kreupele Vulkaan” nog besig, om twee wingerd-messe op hul slypsteen skerp te maak. CLAES word ingenooi en onder mekaar word enige glasies „binnen gelapt”.

Op elke plaas, waar TAS kom om handtekeninge vir die klagbrief te kry, veral op „Welmoed”, die plaas van VAN DER HEIDEN, raak hul „wakker aan 't keuvelen en aan 't Bee keren, het smookkruid wierde niet vergeten”.<sup>5)</sup> Maar dis op die dorpie self waar die meeste drank verswelg word, waar die skinderpraatjies die weligste tier. Die vroue drink „een teetje”, die mans konsumeer „met elkanderen eenige glaasjes wyn en eenigs pypjes met smookkruid”, en so „onder 't smooken” word meegedeel, watter oorlog daar onder die bure ontstaan het ten gevolge van 'n grief of 'n geskil. Op so'n geleentheid hoor hy en vertel lustig hoe die skoemaker JAKOBUS VAN DEN BERGE „met zijn boosaadig wijff ge-adsisteerd”, hul slagoffer, die vrou van CHRISTIAAN MARTENSZ”, in de wandeling „Mostert's Marij genaamt”, toegetakel het. In TAS se beskrywing hiervan en van ander dergelyke gevalle

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 4 July 1705. „De geweldiger en Kaffers” beteken „de beul en zijne rakkers” verklaar A. BOGAERT. Vgl. FOUCHÉ: *Dagboek van Adam Tas* p. 28.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 13 July 1705.

<sup>3)</sup> Vgl. FRANCKEN: *Die familie van Adam Tas, Die Huisgenoot*, 1926.

<sup>4)</sup> *Dagboek* in dato 30 Juny.

<sup>5)</sup> *Dagboek* p. 114.

kom dikwels 'n growwe uitdrukking voor, maar hy bly tog altyd geestig, amusant. MARIJ word deur „t wif van den schoenflicker” met 'n pik so mishandel, „dat er 't bloed bij neer liep; deselve viel door die slag ter aarden; toen quam de schoenmaker toelopen en trapt en nederleggende vrouwe-schepsel met de voeten op de borst, buijk, enz. Ondertusschen was des flickers wijff ook niet stil, maar roerde de vuijsten soo hard als zij konde, en ongetwijfeld zouden ze dat schepsel hebben dood geteijsterd”,<sup>1)</sup> as ds. BECK nie op die toneel afgekome het nie. Talrike verslae van dergelike voorvalle kan ons in die kriminele Prosesstukke van omstreeks die tyd naslaan, maar selden vind ons 'n voorval so skilderagtig afgebeeld. Veral „des flickers wif” is in Breugheliaanse kleure geteken. Waar TAS self of sy familie die voorwerp van skinderpraatjies is, stel hy hom met dreigemente tevrede. As die vrou van die „Noordsen landdrost STARRENBURG” oor die vrou van TAS 'n „dikhuidige leugen” vertel, nl. dat sy twee jaar gelede op TAS se bruilof nie genoeg vlees gehad het nie en die hele namiddagbesoek in die huis van DU TOIT, met die verhaal vir sy suster bederwe, teken TAS op: „Men zal dese geweene provisioneel grootsche land-drostinne by gelegenheid hierover eens spreek”. As hy haar sien, „dan derven se haar smoelwerk niet open doen”. Ru geskets maar met een veeg van die kwas staan die „Land-drostinne” vlak voor ons.

Dis opmerklik, hoe TAS telkens nuwe, oorspronklike, fris, hoewel soms ook ruwe volksuitdrukkinge besig, vir die begrip dronkenskap en braspartye hou, iedereen met 'n klein nuansering in betekenis. Nou is dit „gepeuselt en gebeekert”, dan „vershyde beekers wijn gestort”, „glasje wijn binnen gegoten”, of die ontbyt word met wyn „gelarderd”. In luimige skerts vertel hy, hoe sy vriende en kennisse daaruit gesien het op so'n geleentheid en hoe hy self na huis „gerolt” of „geslenterd” is. As hy die gewese landdrost ROBBERTS by 'n gasmaal tref, word die man vergelyk by „een ezel, die wywater geslobbert heeft”, en sy beweginge by „swerven als een swaluw met een

<sup>1)</sup> *Dagboek* p. 6.

wiek." Openhartig genoeg, verklap hy sy eie toestand na die vrolikheid: „ik ben eijndelijk vol en zoet met suster na huijs geslentert en zoo rechtstreeks thuijs gegaan off ik met een leijn getrocken wierde, maar toen ik thuijs in stilstand geraakte bevond ik welhaast dat ik 't niet van hooren zeggen hadde, maar dat ik paaij Bachus zelfs hadde gesprooken." <sup>1)</sup> So 'n beeld bly altyd by die leser hang omdat dit onverbeterlik gestel is.

Nie alleen in Stellenbosch nie, maar ook in die Kaap het hy 'n groot vriendekring gehad, waar die geleentheid om die spotlus bot te vier, hom telkens voordoen. Op besoek by Oom HUSING het hy die skepe in die Baai bekyk, waar die ex-Vaandrig vriendjies genoeg aangetref het. Saam het hul dan na die huis van 'n vryburger gegaan. Op dieselfde skertsende toon, in 'n styl wat aan die van die skryfsters van *Sara Burgerhart* herinner in die geestigheid, lenigheid en idiomatiese uitdrukkinge daarvan, teken hy sy Kaapse kennis, veral die sieketrooster LUSSING. WOLFF en DEKEN het uit die volksmond opgeteken, by hom wel dit uit die hart self op, as hy LUSSING 'n „krankebedroever die vol zoeten wijns was" noem, en meen, dat 'n ander kennis, „wacker bezig met de wijnroemer om te laten" „voor een broeder van de natte gemeente mag worden te boek geslagen." <sup>2)</sup>

Vir die kerk het TAS nog enige eerbied, haar dienare, wat hul pligte volgens hom versuim, prikkel sy vernuftige gees tot allerlei fonkelende, geestige byname. MAHIEU en LUSSING heet „krankebedroevers", ds. BECK, „pater Bek, den preekmaker" of gewoon „de preekmaker", of „de paap," en as hy hoor, dat die ouderling DE GREEVENBROECK die eerste Kersnag (1705) op 'n paar kussings in die kerk deurgebring het, bestempel hy dit as „groote vroomheid en godsdienstigheid van den ouden LUBBERT; so men het niet liever eygenzinnigheid mag noemen".

Van die dienaars van die kerk is dikwels gesê, dat hul nie vrede nie, maar die swaard bring. Gepas is daarom TAS sebeeldspraak aan

<sup>1)</sup> FOUCHÉ: *Dagboek* p. 40.

<sup>2)</sup> *Dagboek* p. 10.

die oorlogvoer ontleen, as hy met 'n enkele trek die twee dienare vlak voor ons laat staan op hul rondgang om die gemeente tot die nagmaal uit te nooi. Dit was 'n paar dae voor Kersfees: „Vroeg in den morgenstond is Mr. GREEVENBROEK al in die wapenen geweest, om met den preeker BEK om te ryden. Hy was ten vijf uren al gelaarst en gespoort, dog die niet en quam was BEK, ondertusschen heeft GREEVENBROEK den geheelen voormiddag met zyn zwaard op zyde gegord, voor onze deur zitten, schilderen, zynde zyn paard gezadeld en getoomd aan een paal vast gebonden. Nadat we nu 't middagmaal hadden gehouden, is GREEVENBROEK te paard gesteegeen en na den preeker gereeden, dat is een braaf ouderling die past op zyn predikant als een hond die schut genaamt word; 't is geen wonder dat de paap sulken ouderling pryst, hoewel hy er seer wijng agting voor overig heeft, men vertelt mij dat GREEVENBROEK onverrigter zaaken met zyn paard is terug gekeert, zoodat hy mag reekenen deesen dag op verlooren schildwagt te hebben gestaan, nu heeft de paap met hem afgesprooken om morgen te rijden, zo GREVENBR: de paap nu in orde betalen wilde, moest hy sig morgen schuyt houden, ik ken er meer als een die de Coek op dusdanige wyse zoude bakken alleen maar om die van zig zelfs hooggevoelende Tempeliers, zulke kneepen te verleenen.”<sup>1)</sup> Dit is 'n penskets van die eerste rang, wat die „skilderye” van DE GREVENBROECK en die Latynse verse van die „hooggevoelende Tempeliers” diep in die skaduwee stel. Die beeld van op-skildwagstaan word dwarsdeur volgehou — ook die volgende dag is GREEVENBROEK nie minder as drie uur voor die „paap” eindelijk opgedaag, al op sy pos „gelaarst en gespoort”.

Dieselfde sin vir die komiese in sy tekening van die werklikheid, blyk uit 'n beskrywing van die eerste „kerkegeraasvergadering”, wat TAS as nuwe diaken bywoon.<sup>2)</sup> Hoewel daar meer as twee eeue tussen lê, lyk die siening in sy volle realiteit op die van die skrywer van *Die Burgemeester van Slaplaagte* in die se tekening van 'n Afrikaanse skoolraads-

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 22 Dec., p. 80.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 18 Jan. 1706.

vergadering op 'n afgeleë dorpie. Plegtig word die vergadering geopen deur die predikant, die rekeninge nagekyk en dan word 'n begin gemaak met die behandeling van 'n bepaalde saak. TAS verklaar kortaf, „dattet myn bedunkens een schurfde zaak was” en dat hy van mening was, „datse al lang aan een roestige spyker was opgehangen geweest”. In teenstelling met die kortafheid is die langdradige getuienis van MAHIEU, die sieketrooster, „die op een hoogdroewige wys zeer veelsprekend of talmagtig begon te kallen, zodaanig dat ik van hem aan te hooren begon te zweeten”. Dan word daar heen en weer oor allerlei niksbeduidende sake gepraat, wat met die onderwerp niks te maak het nie, totdat die „paap” besluit, om alle lede afsonderlik hul gevoelens af te vra. DE GREVENBROECK hou 'n lang toespraak waarmee almal instem, sonder om te luister; die Landdros STARRENBURG het weinig te sê, maar onder die diskussie gryp hy 'n stuk papier en 'n potlood en skrywe „een wyl so hard as hy konde”; MULDER „gaf de paap braave steeken”, en dit alles sonder dat daar tot 'n definitiewe besluit oorgegaan word. Na afloop drink almal 'n „roemer” wyn (op die 13de, 'n paar dae voor die vergadering het „de preeker BEK 8 flessen wyn in een Caaba laten haalen” van die voorraad van TAS); klompies-klompies, praat-praat stap die lede huistoe.

Tot dusver was sy toon hoogstens sarkasties oor die „spikspelder nieuwen land-drost STARRENBURG” en sy „geweesene provisioneel grootsche landdrostinne”, oor die „kranke-bedroever” MAHIEU wat sy huis gebou het „op zodanige langwerpige wijze getimmerd, als de man die 't laat timmeren, in al zijn zaaken tot spreken in cluys Langwerpig is”, <sup>1)</sup> oor DE GREVENBROECK „den ouden Lubbert” wat op 'n harde kerkbank slaap en sy predikant soos 'n hondjie agterna loop maar as hy dit oor die Kaapse predikant PETRUS KALDEN of die goewerneur WILLEM ADRIAAN het, dan styg sy skerts tot gloeiende verontwaardiging. Soos ons praat van KAREL DIE GROOTE of WILLEM DIE SWYGER, praat TAS van „paap CALDEN, den gevynsden Tempelier” en WILLEM

<sup>1)</sup> *Dagboek* p. 88.

ADRIAAN heet „Turk en Schurk”, ’n allitererende sinspeling op die Singalese afkoms van vaderkant van die goewerneur.<sup>1)</sup> Op die stort hy al die fiole van sy toorn uit en as hy oor die se verdrukking van die boere uitvaar, kom sy styl tot ’n uitbarsting, waarin die alliterasie, die ritmiese bewoënhed aan skeldprosa van ’n veel later tydperk herinner: „Die vervloekte Tijran heeft de Ingeseetenen zederd eenige jaaren op een ongehoorde manier gedrukt en geplukt, datze byna baloorig zijn geworden, nu soekt die onbeschaamde schandbrok de schuld van zijn hals af te schuiven en mannen van eeren op dusdanigen manier een smette aan te wryven”. Bybelsdramaties, uit die hart gepeers, volg die versugting: „O Tyden! o zeden! dog de regtvaardige God mag men hoopen zal ’t quaad eens op des bozen kop doen nederdaalen, en niet toelaten dat de Vroomen langer onderdrukt worden.”<sup>2)</sup> Hij spreek die vrome wens uit, wat sterk aan die van die vloekprofete onder die kindere Israels in die Ou-Testament laat dink, dat „de goede God den Tijran en onderdrukker der gemeente, met alle die hem aanhangen, in ’t kort dit Land doen ruimen, en ’t bedreeven quaad op sijn vervloekte kop doen komen”. Want dan eers sal die ingesetene „’t hoofd met vreugde eens mogen opsteeken”.<sup>3)</sup> Die heftigheid, die kritiese gees van die skrywer, die satiriese toon van die Dagboek is almal kenmerkend van die agtiende eeue wat hom hoe langer hoe meer loswikkel van die bande van gesag, hetsy op kerklike of op maatskaplike gebied of op albei.

TAS se versugting is verhoor geword; die amptenare is geskors en teruggeroep. In die *Korte-Deductie*, waarskynlik van die hand van WILLEM ADRIAAN self, is die beskuldiging weêrlê waarop TAS, „de bekwaamste ter penne”<sup>4)</sup> onder die Boere ’n *Contra-Deductie* opgestel het (1712). Die *Contra-Deductie* bevat alle besonderhede oor die klagte van die vryburgers; tot in die kleinste puntjies word die met doku-

<sup>1)</sup> Die moeder van SIMON VAN DER STEL, MONICA DA COSTA was ’n Singalese, „een zwartinne” soos TAS haar noem in die *Contra-Deductie*.

<sup>2)</sup> *Dagboek* p. 90.

<sup>3)</sup> *Dagboek* p. 128.

<sup>4)</sup> A. BOGAERT: *Hist. Reizen*, p. 494.



mente en bewysstukke gestaaf, wat die boek van die grootste belang vir die geskiedskrywer maak, „but a drearier volume to wade through unless one is making the history of the time a special study, can hardly be imagined”.<sup>1)</sup> Tog kom daar af en toe weer geestige vondse in voor, raak opmerkinge, waaruit ons dit as die pennevrug van TAS herken. WILLEM ADRIAAN word „een oosterse Potentaat” genoem, ’n uitdrukking, wat sy afkoms van gemengde bloed, sy praalsug op „Vergelegen” aan die dag gelê, sy heerssug as goewerneur dadelik vertolk. Die boere word in die „akelige gat”, „’t donker gewulf” of „’t ergste gat, alwaar nooit iemand ongeschavoteert is uitgekomen”, in die kasteel gegooi, en van die feit, dat WILLEM ADRIAAN ook die Fiskaal Independent (so genoem omdat sy amp juis ingestel was om kontrole op die amptenare uit te oefen) in sy mag gekry het, sê die Contra-Deductie in statige verhewenheid van styl: „Dit is in die waarheid de fontein van al onze rampen geweest.”

In 1711 by die verskyning van die Contra-Deductie het die boerevriend, ABRAHAM BOGAERT, volgens agtiende eeuse mode, ’n inleidende vers vir hul boek geskrywe nl. *Op de Contra-deductie der Kaapsche Voortplantelingen, uitgegeven door Jakob van der Heiden, en Adam Tas.*<sup>2)</sup> Dit weerspieël die tradisionele opvatting oor die karakter en die geskrifte van die betrokke persone; die *Deductie* heet „Een valsch geschrift, verminkt in al zijn deelen”, die *Klachtschrift* en die *Contra-deductie* „tintelen aan ’s hemels gulde zaal met eenen gloet, die nimmer zal verdwijnen”. WILLEM ADRIAAN „braakt zyn gal een Vryman in ’t gezicht, Waar van het schuim zijn Meesters vliegt in d’oogen”.

Daar teenoor staan TAS en VAN DER HEIDEN, „Twee mannen die den kelk van wrangheit dronken”, en hul broers, die Kaapse boere, „waar aan men ook den drukwyn had geschonken”.

Na sy vrylating uit die „donker gat” waar ons skrywer pen, ~~ink~~ en papier geweier is, dertien maande en sewentien dae lank tot die uitslag van Here XVII kom dat die boere gehandhaaf word, het TAS op sy plaas „Libertas” tot sy dood in 1722 geboer. Volgens oorlewering was dit ’n geestigheidjie,

<sup>1)</sup> Volgens THEAL, Notes on Books.

<sup>2)</sup> In *Gedichten* (1723) herdruk.

tipies van ons dagboekskrywer, om sy plaas met daardie naam te verdoop. Teen die end van sy lewe was hy een van die Heemraadslede vir Stellenbosch en Drakenstein en by die jaarlikse opname van die besittinge van die koloniste een van die gekommitteerdes vir die Kompanjie. Herhaalde male het hy om sy Dagboek en geskifte gevra, maar tot dusver is die vraag nog onbeantwoord of VAN DER STEL by sy vertrek van TAS se geskifte meegeneem het en of die Kommissie, aangestel deur die Politieke Raad in 1710, die Dagboek saam met ander „quaataardige geskriften” uit die lessenaar vernietig het. Al moet die handskrif as verniel of verloor beskou word uit die fragmentariese kopieë en offisiële stukke van die bekwaamste ter penne”, konkludeer ’n later kritikus tereg: „Zijn pennevruchten, het Klachtschrift, de Contra-Deductie, het Dagregister, met vele nog onuitgegeven stukken, waarvan enige, zoals het tweede klachtschrift, zeer interessant zijn, vormen een literarische nalatenschap, die hem de eereplaats geeft onder de Z.Afrikaanse schrijvers van vroegere tijden. Het Dagboek, alleen als letterkundige produkt beschouwd, kan heel goed met de meest gevierde werken van dat slag uit zijn Tijd een vergelijking doorstaan. TAS beschikt over een lenige, natuurlike stijl, die hij naar willekeur kan smeden, die al zijn gemoedsaandoeningen, van luimige scherts tot gloeiende toorn, even gemakkelijk vertolkt.”<sup>1)</sup>

Maar TAS was uit ’n ander stand, het ’n ander opvoeding as sy teenstanders gehad wie se val hy help bewerk het tot die redding van die Boere op daardie tydstip maar uiteindelik tot skade van die Dietse kultuur in Suid-Afrika.<sup>2)</sup> Die fout

<sup>1)</sup> FOUCHÉ: *Inleiding* p. XLIV.

<sup>2)</sup> Die hele rusie tussen THEAL en FOUCHÉ aan die een kant en LEIBBRANDT, mrs. TROTTER, COLVIN en EDGAR aan die ander oor die karakter van WILLEM ADRIAAN het ek weer sorgvuldig nagegaan. Hier wil ek slegs byvoeg dat die opvatting van DOROTHEA FAIRBRIDGE in *Historic Farms of South Africa*, Oxford Univ. Press, 1931 p. 128, as sou die houding van eersgenoemde groep bepaal word deur „a Society in Holland”, wat Afrikaners ondersteun en nie die Hollandse foute agteraf wil bekén nie.... iets wat Engeland altyd van die dakke af verkondig!.... benede alle kritiek is as antwoord op wetenskaplike argumente in duplikaat vorm nogal.

van die hoër kringe in watter land ter wêreld ook al, is altyd dat hul op die minderbevoorregtes neersien, hul verdruk en vertrap. Die opsteller van die *Korte-Deductie*, 'n boek „waarin deszelfs opsteller veeleer de snater van een viswyf, dan de pen van een zedig weerlegger gebruikt” volgens die oudste resensent, en „scheldt op zijn tegenstanders in een weergaloos grove taal” volgens een van die jongste kritisie,<sup>1)</sup> beskou sy ondergeskiktes op een voet met sy swyne op „Vergelegen”. En as die eenmaal die hef in hande het, loop die tradisie, die geestesgoedere, die groot houvaste van 'n volk, die grootste gevaar van verminking en eventuele ondergang as die gevare van buite te dreigend word. Beter as TAS self, kon die manne met wie hy die draak steek soos DE GREVENBROEK en PETRUS KALDEN daardie geestesgoedere gehandhaaf het omdat die waardering daarvan, die studie, dieper by hul gesit het al kon hul hom nie in die uiterlikhede van styl en kernagtige ekspressie ewenaar nie. GREVENBROECK was toe reeds etlike jare vryburger en verstandig genoeg om hom afsydig van die rusies te hou; KALDEN was daarin betrokke en het daarin ondergaan tot skade van die nageslag.

### 3. J. G. DE GREVENBROECK, SEKRETARIS, KUNSTENAAR EN LATINIS.

JOHANNES GULIELMUS DE GREVENBROEK is omstreeks die jaar 1644 gebore.<sup>2)</sup> Die voorreg van die gefortuneerde manne van die Renaissance en die ideaal van alle sewentiende eeuse kunstenaars om 'n reis na Italië te maak, het hom in 1673

<sup>1)</sup> ABRAHAM BOGAERT en Prof. LEO FOUCHE' respektiwelik.

<sup>2)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan *The Early Cape Hottentots* described in the writings of OLFERT DAPPER (1668), WILLEM TEN RYNE (1686) and JOHANNES GULIELMUS DE GREVENBROEK (1686) by SCHAPERA and FRRINGTON. Publikasie van die Van Riebeeck Society, Kaapstad 1933, p. 161—167.

Ook een en ander aan GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Zuid-Afrika IV* (1932), wat 'n herdruk bevat van die Hollandse vertaling van die *Descriptio Epistolaris* deur Dr. J. W. G. VAN OORDT in die *Ned. Z.A. Tijdschrift*, Jan.-Feb. 1886, en *Reizen III*, p. 55, 59, 68, 87, 97, 123, 166, 171.

te beurt geval en hy was self tot in Madrid. Hy was soos P. C. HOOFT vir die handel bestem, was as klerk werksaam in die Rotterdamse Kamer van die Kompanjie, maar die opbloeï van kuns en lettere in die land waar die Renaissance haar vroegste verskyning gemaak het, het nie by hom onopgemerk verbygegaan nie. Na die verste Suidhoek het hy die liefde vir die skoonheid, vir die skilderkuns en vir die klassieke meegebring toe hy in 1684 in die Kaap aankom en tot Sekretaris van die Politieke Raad benoem word. Kort daarop is hy met die Kommissaris RYKLOF VAN GOENS na Indië. Ons wêreldreisiger het eers in 1686 sy dienspligte weer opgeneem en in sy pragtige handskrif die Kaapse offisiële geskrifte opgestel tot 1694, wanneer hy op eie versoek ontslag kry en hom as vryburger op Stellenbosch gaan vestig. Daar was hy saam met TAS in die kerkdiens, het die hom bespot om sy vroomheid en terloops van sy skilderstalent melding gemaak maar tog nie al te heftig teen hom te keer gegaan nie, waaruit ons moet opmaak dat hy soos die sewentiende eeuse wêreldburger hom buite die politieke rusies gehou het. TAS het sy klagbrief by al sy vriende rondgebring vir hul handtekening, hul 'n „predicatie voorgeleesen, daarse alle amen op seiden” maar die naam van DE GREVENBROECK kom nie op die *Klachtschrift* voor nie. Dit was bekend dat DE GREVENBROECK 'n Latynse studie oor die Hottentotte geskrywe, en ook 'n Latyn-Hottentot-Hollandse woordelys opgestel het waarvan PETER KOLB in sy *Caput Bonae Spei Hodierum* <sup>1)</sup> (1719) en FRANÇOIS VALENTIJN in sy *Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoop* <sup>2)</sup> (1726) 'n dankbare gebruik gemaak het. Maar KOLB was verre van erkentlik genoeg vir wat hy aan GREVENBROECK te danke gehad het. Die abbé DE LA CAILLE wat van 1751 tot 1753 aan die Kaap was, het hom hieroor betig in sy *Journal historique du Voyage fait au Cap de Bonne-Espérance*, <sup>3)</sup> en verklaar dat hy uit die mond van niemand minder as van VAN DESSIN, die verwoede versamelaar,

<sup>1)</sup> KOLB: *Caput Bonae Spei Hodierum* Nürnberg, 1719, p. 416.

<sup>2)</sup> VALENTIJN: *Beschrijvinge*, Amst. 1726, p. 106—8.

<sup>3)</sup> 1763, Paris 1776, pp. 156—57, 322.

self, gehoor het dat die papiere van die geleerde GREVENBROECK in hande van KOLB geval het wat hom klakkeloos gaan oorskrywe het. Dieselfde verhaal word deur OTTO FREDRIK MENTZEL wat agt jaar aan die Kaap was, van 1732—1740, in sy *Vollständige Beschreibung des Vorgebirges der Guten Hoffnung* vertel. <sup>1)</sup> Ook hy pak uit teen die plagiaat van KOLB, die sterrekundige wat meer in die wynfles gekyk het dan na die sterre en die geluk getref het om die aantekeninge van 'n wetenskaplike man in hande te kry om hom daarmee voor die oog van die hele wêreld te rehabiliteer, al het hy lelik omgespring in sy behandeling van die geleende materiaal. DE GREVENBROECK self in die *Descriptio Epistolaris* <sup>2)</sup> (1695) laat heelwat te wense oor wat indeling en die metode van behandeling van sy stof betref, sy Latyn is boekagtig, die konstruksie van sy sinne ingewikkeld en dikwels duister, sy voorliefde vir sinonieme verbysterend. Maar dat hy 'n man van groot geleerdheid was, die Renaissansis wat sy VIRGILIUS, HORATIUS, LUCRETIUS, PLAUTUS, CATO, PLINIUS en VARRO op sy tien vingers geken het, ly geen twyfel nie. Internasionaal is hy in sy belangstelling vir die Hottentotte en die taalmedium wat hy gebruik, nasionaal in sy liefde vir die Kaap. Die Renaissance het die loswikkeling van die persoonlikheid uit die massa, die vryheid van denke gebring, en DE GREVENBROECK was 'n persoonlikheid, iemand wat nagedink en iets gehad het om te sê.

Kultuurhistories is die werk van die grootste betekenis vir die lig wat dit werp op die Kaapse gemeenskap teen die end van die 17de eeu. Die titel van die brief — *elegans et accurata Gentis Africanae circa Promontorium capitis Bonae Spei vulgo Hottentotten nuncupatae* — is misleidend, daar ons behalwe die verhandeling oor die Hottentotte deurgaans te doen het met 'n aanval op die koloniste wat misbruik maak van hul heer-

---

<sup>1)</sup> GLOGAU, 1785. Uit die Hoogduits vertaal deur H. J. MANDLROTE: *A Geographical and Topographical Description of the Cape of Good Hope*, Dl. I p. 19, Cape Town 1921.

<sup>2)</sup> Die volledige titel lui: *N. N. Groevenbroeckii elegans et accurata Gentis Africanae circa Promontorium Capitis Bonae Spei vulgo Hottentotten nuncupatae Descriptio Epistolaris Anno MCCLXXXV*.

sende posisie oor die Hottentotte —, 'n uitvoerige verhaal kry van die lotgevalle van die jong GUILLAUME CHENUT en die stranding van die „Stavenisse” (1686), soos vertel deur die paar oorgeblewene wat by die Kasteel aangestrompel gekom het en hul verslag by hom as sekretaris afgestamel het,<sup>1)</sup> en ten slotte 'n verheerliking van die skoonheid en die vrugbaarheid van die Kaap. Hy maak 'n uitsondering van manne van opvoeding en geleerdheid soos VAN REEDE, VAN GOENS, VAN BEVEREN, VAN RHEE, HEINZ en PAETS maar gaan so ver om te sê dat hy in een dag in Europa meer bewyse van godsvrug en eerlikheid en deug gesien het dan in al die jare in Suid-Afrika.<sup>2)</sup> Met die „kleine lui” soos die stakkers van die Stavenisse, het hy die grootste meely, vir die vooruitstrewende, naartogende boer 'n diep bewondering<sup>3)</sup> en op die klimaat, die berge en die blomme sing hy 'n ware lofsang.<sup>4)</sup>

As hy digterlik ontroer is deur die natuurskoon van sy aangename vaderland, druk hy dit op sewentiende eeuse manier uit, wat vir ons ore op oordrywing klink, maar as hy in sy eie taal die rampe van sy landgenote opteken en die tot 'n samenhangende geheel smee soos in die *Relaas van Adriaan Jansz. Kind van Maaslandssluyts geweesen Bootsman op de gestrande fluyt Stavenesse*, (1687), is alle onnatuurlikheid verdwyn en lees die offisiële geskrif soos 'n meeslepende roman. Die Dagregister is in die loop van die jare dikwels slordig gehou, maar toe hy daarvoor verantwoordelik was, is daar breedvoerige

---

<sup>1)</sup> Vgl. „Relaas van ADRIAAN JANSZ. Kind van Maaslandssluyts geweesen Bootsman op de gestrande fluyt Stavenesse, mitsgaders JAN PIETERSZ. VAN SLUIJS geweesen jonge van den Opper-Stuurman, en ISAK JANSZ. van Amsterdam, matroos. Alle bescheyden in dienst der E. Comp. op de voorsz. fluyt.” GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 59—68. Ook „Dagregister gehouden int vaartuyg de Centarus, zeilende van de Caab na 't land van terra de Natal, (1687).” GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III p. 68 en vlgg. Op bls. 87, 88, 89 druk die uitgewer in 'n noot die stuk oor GUILLAUME CHENUT uit die *Descriptio Epistolaris* af uit die vertaling van Dr. v. OORDT.

<sup>2)</sup> p. 284 van die teks.

<sup>3)</sup> p. 278 van die teks.

<sup>4)</sup> p. 276. Die vertaling van Dr. v. OORDT (GODEE-MOLSBERGEN, *Reizen* IV, p. 285).

verslae gemaak van die belangrikste voorvalle, die stof so boeiend meedeel dat die leser soms die illusie kry dat die sekretaris 'n bietjie by fantaseer. Vreeslik is die verhale van skipbreuk en ellende op see en land van die paar oorgeblewenes wat byna drie jaar lang in die wildernis omgeswerwe het voor DE GREVENBROECK die verhaal van die skipper, WILLEM KNIJF, op die Kasteel kon opsteken.<sup>1)</sup> Dan skryf hy gemaklik, vlot, onderhoudend; hy leef hom heeltemal in die avonture van die skipbreukelinge in, en gloei van trots op die prestasies van sy landgenote wat die „ongestadige golven van fortuyn en see” getrotseer het in 'n eie gemaakte boot. Met liefdevolle noukeurigheid vermeld hy dat hul 'n saag gemaak het „uyt de beugel van een luyk”, dat 'n gedeelte van die skag hul tot aambeeld gedien het en dat hul van die res spykers en boutte gemaak het. Sonder kaart of kompas het die vernuftige seevaarders ingeskeep op die Natalse kus na dit hulle presies 'n jaar geneem het om die vaartuigie inmekaar te timmer en seil binne veertien dae, op 1 Maart 1687, Tafelbaai binne — niks minder as 'n wonder in die oë van die Sekretaris sowel as van iedereen wat bekend is met die Suidoos-kus. Dit lê voor die hand dat die skrywer van die *Descriptio Epistolaris* die meeste vrae gestel het oor die inboorlinge wat beskrywe word as „minsaem, meewaardig, starck en vernuftigh”, en in besit van waarsêers wat „haar ook vermeeten goed en kwaad, weeder, wind, regen, hagel, donder en sonne te konnen maken”. Nog meer het ADRIAAN JANSZ. KIND wat met ses-en-veertig man die reis oor land onderneem het en drie jaar later met 'n paar oorgeblewenes deur die galjoot „De Noord” opgetel is, hom te vertel gehad. In die gewone manier van doen hou die joernaalhouer onder elke datum die daaglikse loop van sake by, wat dikwels storend werk, daar die leser self die oortollige medelings moet uitskakel, en hy so gevaar loop, om die vernaamste punte in die massa onbelangrike details uit die oog te verloor. Maar die opgetekende relaas is self ongepagineer en maak die indruk van 'n verhaal in een lang deurlopende paragraaf saamgepers. Ons lees met gespanne

---

<sup>1)</sup> GODÉE-MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 50—59.

aandag hoe die geselskap van ADRIAAN KIND uitgedun word — 'n paar verdrink in die riviere, 'n paar bly uitgeput langs die weg agter, nog 'n paar laat hul lewe of 'n liggamsdeel in 'n handgeveg met die inboorlinge, tot hul by 'n vriendlike stam, die Magoose, uitkom. Meer dan 'n jaar later, 21 Maart 1687, waag vier-en-twintig van hul dit weer verder en word van „sak en pak en al haar levensmiddelen beroofd”. Dit genoodsaak hul, om „by haar oude baasen wederom in te keeren”, wat die ramp voorspel het en tog weer die waaghalse opnuut minsaam onthaal. Nou buk hul vir die noodlot, lê hul daarby neer om hul lewe onder die Kaffers te eindig, „en sloeg ieder de hand an de ploeg”.

Op Nuwejaarsdag 1688, wanneer iedereen in Holland en aan die Kaap feestelik die nuwe jaar begroet, word dit ADRIAAN JANSZ. KIND en JAN PIETERSZ. te magtig, en die twee gaan terug na die skipper en die stuurlui, wat by die wrak agtergebly het. Groot was hul teleurstelling, om na 'n sewentien-daagse trek van vermoeienis en ontbering, in die Baai van Natal te verneem, dat die skipper al „voor jaar en dag” met 'n eie getimmerde boot weggevaar het. Dan maar weer terug, om die maats by die Magoose te haal, om ook so'n plan ten uitvoer te bring. So swerf hul op en af langs die kus, tot „De Noord” eindelijk op 4 Januarie 1689 'n paar van hul bespied en enige half-verwilderde manne in beestevelle gehul, na die Kaap vervoer.

Wat DE GREVENBROECK die meeste geïnteresseer het in die „Relaas” van KIND, daaraan wy hy natuurlik die meeste aandag, nl. die sedes en gewoontes van die vreemde inlandse volke, met wie die skipbreukelinge op hul swerftogte in aanraking gekom het. Die wreedheid van die townaars en waarsêers prikkel des te meer sy verbeelding, daar hy in skerp kontras daarmee voel die sterk geneentheid wat die inboorlingouers vir hul kinders koester, „also sy haar kinderen of iemand van de hare om geen ding ter wereld soude willen afstaan”. Onderling leef hul vriendskappelik, groet by die minste ontmoeting, verneem na die gesondheid en „ofse geen nieuwe dansen of liedjes geleerd hebben”, teken die kunsliefhebber met genoë op, en kom later in sy *Descriptio* weer op die



musiek-instrumente en die musikante onder die inboorlinge terug. <sup>1)</sup>

DE GREVENBROECK is self nooit getroud gewees nie — daar is ten minste geen verwysing na kind of kraai nie, en in sy testament is sy nalatenskap aan kennisse en vriende in Holland en aan die Kaap bemaak. Daarom doen hierdie verwyling by die intieme huislike lewe van die Ama-Xhosa enigszins aandoenlik aan. Sy drukke werkkring het hom in die geleentheid gestel om sowel eerstehandse kennis van die inboorlinge te neem as die eerste te wees wat die eenvoudige, dikwels verwarde land- en seejoernale deurlees, korrigeer vir opsending na Here XVII en daaruit aantekeninge vir sy eie gebruik maak. Aan die skipbreukelinge van die „Stavenisse” en diegene wat uitgestuur was met „De Noord” om hul te soek of die ondersoek van die Ooskus voortgesit het, het hy baie te danke. In die dagregister van „De Noord”: „*Voyage gedaan in den jaare 1688 den 19 October met het galjoot de Noord bestaande in 19 persoonen en gedistineerd om te gaan van de Bhaij de la Goa leggende op de Z.Br. van 2. Br. van 26 gr.* <sup>2)</sup> tree die reus Monte Calaco, „3voeten langer” dan ’n volwassen man en met „een soo vervaarlyk gesigt dat men er wel voor geloopt souden hebben”, op die voorgrond, tot die onsekere vermaak van die ondersoekers. Monte Calaco lê siek aan die koors. Sy heelmeesters het sy hele lyf „overall doorsneden en gekurven als een visch”. In sy bygeloof dring hy aan, dat die reisigers sy pols moet aanraak, en as hy later herstel, skryf hy dit uitsluitend aan die aanraking toe. Nou word hul getrakteer op wilde vrugte en groente, „waterlemoenen, pompoenen, ananassen en pattatos die seer goed zyn” maar hul teleurstelling sou toe eers begin. Van alle Suid-Afrikaanse skeepsjoernale bevat hierdie een die meeste geestigheid en lewensblyheid en is die idiomatiese uitdrukkinge in al hul kernagtige eenvoud ’n lus in vergelyking met die ingewikkelde Latynse spreuke in die *Descriptio*. Ons lag oor hul teenspoed omdat die nie onoorkomelik geblyk het nie. In die stortreent probeer die bemanning van „De Noord” hout kap om ’n vuurtjie te maak waarby hul hul klere kan droog en ’n ketel

<sup>1)</sup> *Descriptio* p. 212.

<sup>2)</sup> GODÉE-MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 123 en vlg.

rys kook. Die swart vriendjies help ywerig mee met die gevolg dat die ketel skoonveld raak. Die diewe word agterna gesit maar die gestewelde en gespoorde sewentiende eeuer het geen kans op die Afrikaanse renbaan nie en is genoodsaak om die aand „droog broot met water 't geen ons niet ontbrak” te eet. Die volgende môre word daar ondersoek ingestel na die „geschaakte” ketel maar nou vind die opperhoof dit nouliks die moeite werd om met hul te praat, moet kwansuis 'n tolk hê en weet van niks. Dit is duidelik „dat onsen haring daar gantsch niet braaden” want dit was so goed asof hul „tegens den oven gaapten..... also het hier al dievje en dievjes maat was”, en hul moes onverrigtersake terugkeer. Heerlik spottend praat die joernaalhouer van „syn koninklyke majesteit, staande van syn koninklyke setel op, dat een groot bloq was 't geen in de eerste 30 jaren niet gekapt was” om hom teen die beskuldiging van diefstal te verdedig. As hul terug by die skuit kom, „viel de Koe op de regter zyde” — hul ontdek 'n stapel heuningkoeke, pak die op en smaak die genoeg om te sien hoe die besitter aangestorm kom maar „siende als dat het nesje geroofd was, soo sag hy soo vriendelyk als een oirwurm”. Die gesol met eie liggelowigheid, die opgewekte toon, die skoolseun-agtige manier van uitbetaling en bo alles die „volkstümliche” van die ekspressie maak die gedeelte oor MONTE CALICO 'n klein juweeltjie van humoristiese volksprosa wat gunstig afsteek by die geleerde, dikwels hoogdrawende Latynse prosa van die Descriptio.

Baie selde het DE GREVENBROECK dergelike opgewekte vertellinge onder oë gehad of uit die mond van die swerwers opgeteken; gewoonlik grens die verhale aan tragedie.

In die begin van 1689 het „De Noord” op weg van baai Natal vergaan. Die tragiese *Verhaal van Theunis Gerbrandtszn van der Schelling geweesen stuurman op 't gestrande galjot de Noord. Nopende desselfs jongste togt en hoe 't is komen te verongelukken* is o.a. op die Sekretarie genoteer en deur DE GREVENBROECK in sy pragtige, duidelike, artistieke skrif onderteken. <sup>1)</sup> Weer was die skipbreukelinge aan die genade

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III, p. 166 en vlgg.

van die swartes oorgelaat, mishandel, beroof, „moedernaakt uytgeschud” in die woorde van die amanuensis. Een na ’n ander het hul kragteloos langs die weg bly lê totdat net twee oorgebly het. Die ontmoet twee landgenote van die „Stavenisse” in dieselfde benarde omstandighede, „heel en dal uytgeteerd en door de Houteniquas tot op ’t hemd toe uytgeschud” en 27 Maart 1690 kom die vier lewende lyke die Kasteel binnegeval en word ’n nuwe bron van informasie vir die etnografiese autoriteit aan die Kaap.

Vier jaar later het hy hom teruggetrek uit die diens van die Kompanjie om hom op die landbou toe te lê en die verwerking van sy aantekeninge en indrukke oor die Afrikaanse stamme rustig uit te werk in die Latynse taal. So lank soos hy in diens van die Kompanjie was het hy die saak net so getrou gedien soos hy later as ouderling die Stellenbosse predikant bygestaan het.

Toe die troebele onder WILLEM ADRIAAN hul hoogtepunt bereik het, was die sestigjarige ’n welaf boer en verstandig genoeg om hom nie op sy ou dag in die ongeluk te stort nie deur al te uitgesproke kant te gaan kies. Wat ontwikkeling en beskawing betref, het hy tot die kring van die Goewerneur behoort, maar die idealis, die man „with a turn for letters” kon hom moeilik met enige raap- en skraapmetode vereenselvig. Hy het homself graag ’n vriend van die Muse, ’n boekevriend, ’n student genoem en ’n vyand van die rumoerige gedrang van die massa, van die beslommernis van die daaglikse sleur, ’n liefhebber van stilte en vrede. Hy was moeg gereis en in die land wat hy as sy tweede vaderland aangeneem het, het hy geluk en rus gevind en gesmeek dat by sy dood hierdie stukkie aarde nie al te swaar op sy beendere mag weeg nie.<sup>1)</sup> In sy sewentigste jaar, 1714, het hy sy testament gemaak en as grafskrif die eenvoudige woorde uitgekies: „Hic exspectat resurrectionem J. C. de Grevenbroek C. F.”. Sy sterfjaar en sy graf wat op versoek nie in ’n kerk of ’n kerkhof, maar by die huis waar hy sterf, moes wees, is nie bekend nie maar in sy werk het hy ’n blywende monument nagelaat vir ’n nageslag

---

<sup>1)</sup> *Descriptio* p. 296.

wat die klassieke skandelik gaan verwaarloos het. Net soos die taal van die skeepsdokter WILHELM TEN RHYNE in sy *Schediasma de Promontorio Bonae Spei*<sup>1)</sup> (1686) wat in 1673 sowat 'n maand aan die Kaap vertoef het, is die van DE GREVENBROECK tipies van die sewentiende eeuse klassisie in die ingewikkelde konstruksie van die sinne, die bombastiese manier waarop die eenvoudigste meedeling soms gemaak word, die na fewe woordelike navoring van die klassieke welsprekendheid. Maar wie hom in ons Hollandse verlede weer wil terugvind moet hom die moeite getroos en sy beloning sal groot wees.

DE GREVENBROECK is die grootste en onderhoudenste Kaapse Latinis gewees, hoog ontwikkelde, kunssinnige renaissansis.

#### 4. PETRUS KALDEN, 'N BANNELING-LERAAR, MAN VAN ONTWIKKELING EN BESKAWING.

Ook die Kaapse predikant PETRUS KALDEN was man van sy tyd in sy liefde vir die Latynse taal as medium van ekspressie.

Dit is ds. FRANÇOIS VALENTYN in sy *Oud en Nieuw Oost Indien* (1726), dieselfde reisiger wat van die krankebesoeker KOOPMAN (— ADAM TAS sou gesê het „krankebedroever” —) vertel het dat hy „sterk koopmanschape en naderhand uit nederigheid een rok met gouden knopen droeg”, wat ons oor PETRUS KALDEN inlig. Die tradisie en ons geskiedskrywers wil dat hierdie geestigheid van VALENTYN ook toepaslik was op sy veel ouer kollega KALDEN wat hy op dié se plaas Zandvliet in die Stellenbosch-distrik in 1705 'n besoek gebring het. Hy het daar glad anders oor gedink. Daar het hy verbaas gestaan oor die pragtige boerdery, maar wat hom tot nog groter verbasing gestem het, was die Hottentot deur KALDEN so goed in die Bybel onderrig dat hy in 'n teologiese dispuut sy man kon staan. Die leermeester het die beskermeling na Holland geneem toe hy in 1708 teruggeroep is, hom daar te Vianen in 1709

---

<sup>1)</sup> SCHAFFHAUSEN, 1686. Gerdruk met 'n Engelse vertaling deur B. FARRINGTON in die publikasies van die Van Riebeeck Society, *The Early Cape Hottentots*, 1933, p. 84 en vlg.

laat doop met die naam FREDRIK ADOLF en niemand minder as „den Graave VAN DER LIP over hem als Gevader stont!” Maar in die bekeerling het die ou ADAM te diep gewortel en ons Hottentot-skrifgeleerde is in sy vaderland as verbannene op Robbeneiland oorlede.

Ook sy baas, PETRUS KALDEN, het sy dae as 'n soort van balling in Nederland en in Oos-Indië geslyt, want sy hart was aan die Kaap, op die plaas wat nou 'n bedevaartsplek, „Kramat”, vir die Kaapse Maleiers is. SHEIK JOZEF, 'n heilige Mohammedaanse banneling, lê begrawe in „Kramat” se sand — waar die oorspronklike eienaar van „Zandvliet” se laaste rusplaas is, is onbekend. In sy aangenome vaderland is dit nie.

PETRUS KALDEN, seun van LODEWYK KALDEN, gewese *schepen* te Wezel is gebore te Wezel. <sup>1)</sup> Sy broer LODEWYK het Ontvanger van die State van Utrecht en burgemeester van die Vaart geword. Hy stam dus uit ongeveer dieselfde kring as die van die grandezza van die 17de eeuse literatuur, P. C. HOOFT, wie se vader *schepen*, lid van de vroedskap en meermal burgemeester van Amsterdam was. Van die vroegste tye het die regters wat op die volksvergaderinge verskyn, die naam van *schepenen* gedra. KAREL die GROOTE het die *scabini* of *schepenen* verplig om die vergaderinge by te woon en op die handhawing van die reg toe te sien, en onder LODEWYK die VROME is hul uit elke distrik deur die volk self gekies. Die regterlike instellinge is later aanmerklik gewysig, maar die titel van *schepenen* het bly lewe en is toe gegee aan die regterlike besture van onafhanklike gemeentes. Die *schepenbanken* is eers teen die end van die 18de eeu in Frankryk en Nederland opgehef, en tot hede heet die wethouers van 'n gemeente in België *schepenen*. Die familie KALDEN was dus gewend om te regeer. PETRUS het predikant geword. En die

---

<sup>1)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan v. D. AA, *Biogr. Wdb.* VII, p. 2; MOLHUYSE en BLOK: *N. Biogr. Wbk.* III, K. 659—660 (art. GODÉE MOLSBERGEN); VAN TROOSTENBURG DE BRUYN: *Biogr. Wdb. O. I. Pred.* p. 227—228; *Biogr. Woordeboek van Prot. Godgeleerden*, Dl. IV. p. 642. Vgl. ook nog artikel in die *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk in S.A.* 1933.

sewentiende-eeuse predikant wou met die een voet op die kansel en die ander op die stadhuis staan, en wie deur die Classis Amsterdam as evangeliedienaar in diens van die Oos-Indiese Kompanjie uitgestuur word, het boënop die rang van onderkoopman gehad. Wie dus bots met die Kompanjie, bots ook met hierdie dienare, die predikante. Dit is die eeu van die Geoktrooieerde Kompanjie, die stigting van die groot staatsman OLDENBARNEVELT aan wie Nederland soveel van haar politieke mag en koloniale ryk te danke het, die eeu van die Dordtse Sinode wat hom op die skavot gebring het, in 'n tydperk toe kerk en staat nie geskeie was nie en die kerk-leraars geweet het om hul te ontworstel aan die wette van Prins WILLEM van 1576 waarin 'n volkome onderwerping van die kerk aan die staat neergelê is. In die lig van hierdie hoogs eienaardige sewentiende-eeuse vermenging van godsdienssin, politieke hartstog en handelsgees moet ons PETRUS KALDEN en sy lotgevalle aan die Kaap beskou.

In 1695 kom die predikant-staatsman-koopman per „Nigtevegt” op 90 gulden per maand vir die Kamer Amsterdam na die Kaap waar hy behalwe gereelde dienste in die Kasteel waarneem, (want 'n kerkgebou was daar nog nie voor 1704 nie) viermaal per jaar die sakramente op Stellenbosch moes gaan uitdeel.

Die Caab, soos dit genoem is, (van die stad was daar nog geen sprake nie) was teen die end van die 17de eeu nog baie klein, maar 'n jaar na sy koms is darem 'n Burgerweg ingestel om snags wag te hou. Tussen die hoofstrate, Heerengracht en Keizersgracht, nou omgedoop in Adderley- en Darlingstraat respektiewelik, het 'n grag geloop en voor elke rietdakhuis 'n tuintjie gepryk. Stellenbosch was nog kleiner, maar enige jare al in besit van 'n eie kerkgebou. Toe die Franse daar gevestig was, word Drakenstein en Franshoek beskou as deel van die Stellenbosse gemeente en om die Franse tevrede te stel moes hul predikant, PIERRE SIMOND, beurtelings in die Stellenbosse kerk en in 'n huis van die Drakensteinse boere preek. Maar dit was 'n nie-te-benye taak om onder hierdie gemeente te arbeid of oor hul te heers wat volgens die goewerneur, SIMON VAN DER STEL, se uitspraak van 1691 „de kinderen Israels

slagten, dewelke door Gods hand in de woestyne gespysd na de uije potten van Egipten verlangden". Die jaar voor die koms van KALDEN, verhuis PIERRE SIMOND na Drakenstein en daarom moes die Kaapse predikant weer viermaal per jaar die Stellenbosse gemeente besoek en op ander Sondae moes die sieketrooster maar weer sy preke voorlees.

Op voorwendsel dat hy sy psalmvertaling *Les Veillées africaines ou les Psaumes de David mis en vers français*<sup>1)</sup> in Nederland voor die sinode van die Waalse Kerke, 1703, wou gaan voorlê — KALDEN gee 'n ander uitleg aan die haastige vertrek van die Franse dominee — is PIERRE SIMOND terug; ds. HENRICUS BECK kom sy plek in die Drakenstein in 1702 inneem en ds. HERCULES VAN LOON word die eerste leraar op Stellenbosch.

Intussen het ds. KALDEN van die nuwe goewerneur WILLEM ADRIAAN 'n stuk land gekry na 'n vyfjarige Evangeliebediening, op Zandvliet 'n plaas aangelê en met koring en skape begin boer, wat hom jaarliks groot somme geld opgebring het, maar ook aanleiding gegee het tot die afguns van sy minderbevoorregte medekoloniste. Soos hy in sy verweerskrif later tereg antwoord, was hy nie die enigste sieleherder wat met werklike viervoetige skape te doen gehad het nie, want PIERRE SIMOND het twee plase gehad, HERCULES VAN LOON en HENRICUS BECK het land besit en ook in Holland, Gelderland en Overysel was dit nie strydig of 'n rede om misnoeë aan die burgers te veroorsaak, om tegelyk predikant en boer te wees nie. Hy had immers ook die rang van onderkoopman. Dat die Kerk hierdeur nie noodwendig gely het nie, is my vaste oortuiging. As KALDEN outokraties was, sy gemeente het 'n heerser en desnoods 'n diktator nodig gehad; dat hy sy dienspligte vir sy boerdery verwaarloos het, is lasterpraatjies. Ons sewentiende-eeuse voorouers aan die Kaap het ander begrippe gehad oor die manier waarop die Sabbat deurgebring word — op vaste ure 'n preek, 'n diens wanneer die kinders op gesette tye ten doop gehou kon word, katkesasie

---

<sup>1)</sup> Vgl. DEHÉRAN: *Le Cap de Bonne-Espérance au XVIIe Siècle* (Paris 1909).

vir die jongmense en daarna praat die Kaapse Dagregister van visvangs in die namiddag om in die daaglikse brood te voorsien.

In 'n tyd toe die kerk hom nog bitter weinig oor die toestand van die Hottentotte bekommer het, het KALDEN daar veel voor gevoel om ook aan hulle die Evangelie, en dit nogal in hul *eie* taal te bring. Hul sedes en gewoontes het hy deur en deur geken en in sy *Afgeperste Verweering* (1713)<sup>1)</sup> korrigeer hy allerlei foute in die reisverhaal van ABRAHAM BOGAERT, bv. as sou hulle koeie slag vir hul Godheid, of die maan aanbid, want die Hottentotte bring aan geen godheid enige offerhande nie. Dit is die Renaissance-man se belangstelling in taalstudie wat hier ontwaak is. KALDEN was 'n goeie klassikus, die verweerskrif sit vol toepaslike Latynse spreuke en aanhalings en hy het die Hottentotse taal in soverre beheers, dank sy die hulp van sy skrandere beskermer op Zandvliet, dat as sy versoekskrif tot Here XVII in 1706 gerig om hom enige tyd vir uitsluitende taalstudie te kan afsonder, toegestaan was, hy die taal waarskynlik volkome magtig sou geword het en ons kennis daarvan verryk het soos hy Latyn magtig was en 'n bydrae tot ons Kaapse Latynse geskifte gelewer het.

Die belangstelling in die *eie* taal sowel as in dié van vreemde volke is 'n uiting van die Renaissance. Onder die twaalf „liefhebbers” wat in 1660 onder JAN DANKAERT 'n landtog na Monomotapa onderneem het, was reeds die „student uyt bruynswycker landt geboortich”, GEORG FREDERICUS WREEDE, wat ons eerste Hottentot-woordelys, 'n voorbeeld vir J. W. DE GREVENBROECK, sou kompilleer. WREEDE se „vocabulair off compendium soo hy 't noemt behelsende de Nederduytse en Hottentoose taele (die hy voor eerst met Griexe letters exprimeert op 't pampier te brengen)” is in 1663 deur die kommandeur en Raad na Here XVII gestuur waarop die volgende jaar berig ontvang word dat dit ter perse gegaan het, die kompilator sou beloon word met honderd riksdalers en bevorder tot assistent of sergeant „niet tegenstaande wy het daer voor houden dat het voor de Comp.e veel

---

<sup>1)</sup> Utrecht, by WILLEM BROEDELLET, 1713.



dienstiger sal wesen dat d' inwoonders aldaer onse dan wy hare tale leren en waertoe het by ulieden moeten werden aangeleyt." WREEDE speel 'n hele rol as Opperhoof, afgesette Opperhoof, weer-in-eer-herstelde Opperhoof van Mauritius waar hy in 1672 in 'n selfgemaakte boot op 'n verkenningstog skipbreuk ly en verdrink.<sup>1)</sup> Die hele plan van KALDEN om 'n Hottentotwoordeboek te maak verongeluk.

In 1704 is die Kaapse kerkgebou klaar, ds. KALDEN wy dit in en by die deur in die noordweste, na die kant van die Siekehuis, kom te staan van sy Latynse verse wat deur FRANÇOIS VALENTYN vermeld en vertaal word.<sup>2)</sup> Die kerk „een zeer fraai gebouw" is onder die regering van WILLEM ADRIAAN voltooi „meest op het sterk aanhouden van de Heer PETRUS KALDEN" wat ook gesorg het dat daar gereeld 'n diens in die Siekehuis gehou word.<sup>3)</sup> Hoe 'n toevlugsoord, land en so 'n Siekehuis, in 'n tyd van die verwoestende skeurbuik moes gewees het, kan ons aflei uit WILLEM YSBRANTZ. BONTEKOE se vermaaklike, tragi-komiese *Avonturelycke Reyse* van 1625 waarin die siekes uit hul kooie hul skipper toeroep: „Waren wy aan landt wy waren ghesondt" en „aan landt wesende kroopen sy by malcander in 't gras en seyden: wy gevoelen alreets beterschap".<sup>4)</sup> Die Kaapse Siekehuis en Kerk is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Volgens die oortuiging van KALDEN is dit die kerk wat tot troos van die siekes en vermoedies strek. Hy laat sy voorwerp self spreek terwyl dit uitkyk op die Siekehuis:

Aegrotis solamen ego fessique solamen  
 Fonsque salutiferos suppeditans fluvios.  
 Si modo Caelestes rivos affictus adibit,  
 Non tantum incolumis, sed satiatus erit.

---

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Z. A.* I, p. 43, 215, 216. Die Hottentotwoordelys van WREEDE waarin die Hollandse, Hottentotse, Latynse woord naas mekaar geplaas word, is afgedruk as bylaag tot Deel I.

<sup>2)</sup> VALENTIJN: *Oud en Nieuw Oost Indiën* V, pp. 15, 31, 47, 49, 136, 140, 158—9.

<sup>3)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, No. 14.

<sup>4)</sup> Nuutste uitgawe die in die serie *Dietse Letteren*, 1930.

Die vertaling van VALENTYN lui as volg:

Ik ben tot troost van al de zieken, en vermoiede;  
De Bron des Heils, zoo g'u maar tot dit Hemelsch Bad,  
Verlegen over uw bedryven heenen spoiede;  
Gy waart behouden door 't bezitten van dien schat."

Die Siekehuis is in die jaar 1699 begin, dus ook onder die regering van WILLEM ADRIAAN, na die aankoms van KALDEN, wanneer die kommissaris van die Raad van Indië, DANIEL HEINSIUS hier was, en daar 'n Latynse vers voor gemaak het wat voor die voordeur gepryk het. Hierdeur het KALDEN heel waarskynlik op die idee gekom om Latynse verse vir die kerk te skrywe. In die vertaling van VALENTYN, kondig HEINSIUS op die voordeur aan:

„Dit huis, voor zieken opgericht, verquickt de swakken,  
O Africa! schrik voor den Nederlandschen naam,  
Geschikt om volkeren hartvotig neer te hakken,  
En om gehoorzaamheid te hegten aan haar Faam."

Op die suidoostelike deur van die kerk was hierdie Latynse vers van die leraar te sien:

Mystica Sponsa Poli, quae sancta palatia lustras,  
Menteque divina sollicitas Dominum.  
Accipe quae placidae hic panduntur faedera vitae,  
Oblatumque bonum suscipe corde pio.  
Spectator, quicumque venis, transisque viator,  
Atria, crede, notant, quae sit ad patria via."

PETRUS KALDEN.

VALENTYN vertaal dit as volg:

„O Geestelyke Bruid! die de heilige paleizen  
Bezoekt, en met veel ernst den heer bid om gena;  
Ontfang de Panden des Verbonds, u hier te wyzen.  
En neemt ze met een hert vol yver vroeg en spa.  
Beskouwer, wie gy zyt, gewoon voorby te gaan,  
Hier ziet gy klaar de weg ten hemel voor u staan."

Dit moes 'n groot feesdag in die Kaap gewees het toe ds. KALDEN vir die eerste maal die „zeer net gemaakte" trap bestyg, en vanaf die „zeer nette agtkantige predikstoel, op

een swarte ebbenhoute dikke fraei geslingerde enkele styl, 4 of 5 voeten hoog, en 5 duimen over 't kruis dik, welke stoel op yder hoek met 8 swarte fraai geslingerde pilasters, op welke een mooye kap rust, verciert; behalven dat de stoel, en de kap overal met ebbenhoute lysten omzet is" sy inwydingspreek lewer, daar ge lees word uit die Statebybel wat rus „op een koperen lessenaar, zoo fraai, als ik 'er al zeer weinig gezien heb". En ds. VALENTYN, die wêreldreisiger, het heel wat kerke en preekstoele in sy dae gesien. 'n Dag der dae in ou Kaapstad, 6 Januarie 1704, vir die gemeente en veral vir die leraar.

Die skoliere is nie alleen Woensdags ordentlik in die leer van die Catechismus onderrig nie, „maar ook nu en dan Sondags na die Predicatie door D. KALDEN gecatechizeert", <sup>1)</sup> en tog is die leraar deur 'n groot deel van die bevolking beskuldig dat hy sy pligte nie nagekom het nie.

Die Stellenbossers en Drakensteiners het KALDEN tot raserny gebring. Sy konkurrente op die Kaapse mark, landgenote uit 'n ander stand, Franse vlugteling, 'n enkele boer van Duitse afkoms span saam om hom tot val te bring. ADAM TAS in sy *Dagboek* praat gedurig van „paap Calden, den gevynsden Tempelier," „de geveinsde tempelman," „de geveinsde paap". Maar ons moet in die oog hou dat TAS bedroewend weinig eerbied vir *alle* kerkdienare en hul vergaderinge gehad het, wat hy bestempel as „kerkengeraasvergaderingen" van die „van zigzelfs hooggevoelende Tempeliers". <sup>2)</sup>

Maar sy moeilikhede sou ten toppunt styg toen die voormalige Bernardynier monnik, vroeër in die abdy Boneffe (België), 'n onrustige en twissieke man, ENGELBERTUS FRAN-

---

<sup>1)</sup> Vgl. VALENTYN DI. V p. 140, en SPOELSTRA I No. 14 (22 April 1706).

<sup>2)</sup> Ook STAVORINUS: *Reize naar de Kaap de Goede Hoop* van 1772—1776, wat sestig jaar later aan die Kaap was, hang 'n verhaal op wat meer vermaaklik dan waar is, van die predikant KALDEN, wat meer besorg sou gewees het oor sy vrag wyn wat by die kerk verbygaan dan sy preek en onder die diens die koster sou toegeroep het om te kyk, wie se wynvrag daar verbygaan!

CISCUS LE BOUCQ, in 1706 uit Nederland waar hy na sy oorgang tot die Protestantisme tot predikant bevorder was, in die Kaap aankom. Hy versoek om op Stellenbosch geplaas te word, maar word deur die Bewindhebbers tot predikant van Drakenstein benoem, en ds. BECK oorgeplaas na Stellenbosch as opvolger van HERCULES VAN LOON wat om onbekende redes vier jaar ná sy aanstelling sy hand aan sy eie lewe geslaan het en uit wie se mooi boekery TAS nog enige eksemplare aangekoop het. Op 2 April 1706 het KALDEN om 'n medearbeider gevra in die „grote oest en wyngaart waarin ik my afslove”.<sup>1)</sup> TAS het gemeen dat hy hom meer letterlik as figuurlik in die wingerd en op die saailande afsloof, maar dit daar gelate. Een ding is seker, in sy nuwe medearbeider het hy meer gekry as hy voor ingestaan het. LE BOUCQ was KALDEN se bose engel. Aangekom in die Drakenstein lewer LE BOUCQ sy papiere in op 'n kerkraadsvergadering, maar toe blyk dat daar nòg kerk, nòg pastorie, nòg skool, nòg „duits” voorleser, nòg selfs 'n begraafplaats was, is hy in 'n drifbui daar weg met die belofte om terug te kom as alles in orde was! Goedgunstiglik het hy aangebied om viermaal per jaar die sakramente te kom uitdeel. Vir die res hou hy hom onledig met die kant te kies van die Burgers in die beroeringe teen WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL, waarin KALDEN, die predikant-staatsman-koopman, ook meegesleep word daar hy, wat rang en stand betref, op gelyke voet met die goewerneur beweeg. Die hoofbeskuldiging teen KALDEN geslinger was dat hy sy gemeente verwaarloos, hom meer besig hou met sy landgoed as met sy kansel en dat hy hom skuldig gemaak het aan onsedelike gedrag. Die afloop van die geskille is bekend — KALDEN wen die proses aan die Kaap teen sy kollega LE BOUCQ, maar ABRAHAM BOGAERT neem die klagskrif van die Burgers, opgestel deur TAS, „een sierlyk schryver”, mee, WILLEM ADRIAAN, KALDEN en die hoë amptenare word geskors en teruggedroep by missive van 28 Oktober 1706.

Pateties is die poging wat KALDEN aanwend om toegelaat te word om, soos die oud-goewerneur SIMON, sy laaste dae,

<sup>1)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, p. 36.

of ten minste nog enige jare in sy aangename vaderland te slyt. In sy brief aan die Classis Amsterdam, 26 April 1707, verklaar hy plegtig „voor God voor wiens gedugte vierschaar ik verschijnen moet” dat die laster van sy vyande hom die kroon van die hoof geneem het, beroep hom op twee testimonia van die Kaapse Kerkraad <sup>1)</sup> wat van hom getuig as „yverig int verkondigen van zijn Goddelijck Woord, een aanzetter van de jeugt tot de Catechisatie naarstig in de studie, ja tot krenkingh van sijn gesonthijt toe”, en belooft om hom aan sy liefingstudie, Hottentots, te wy „om ook die blinde menschen dienst te doen, dat noyt onderstaan is”, as die Classis net maar vergunning wil verleen dat hy hom op Zandvliet terugtrek „om op mijn land een jaar of twee te mogen uitrusten van mijn alhier seer moylijke en sware bediening”. <sup>2)</sup>

Sou dit alles geveinsdheid wees?

Niks het gebaat nie. Zandvliet moes verkoop word, maar nie voor LE BOUCQ, wat „wijdloopige Schrifturen” na Holland gestuur het waarin hy klae oor die volgens hom verkeerde toeloop van sake op die kerkraadsvergaderinge, oor die katkesasie, oor die skool, oor die proses wat hy met KALDEN verloor het, oor alles en nog wat, deur WILLEM ADRIAAN na Batavië gedeporteer is, sonder traktement waar hy nog jare later op sy Kaapse wyse kwaad bloed geset het.

Op 23 April 1708 sien KALDEN op die retoervloot Tafelberg verdwyn in die verte, met Zandvliet en alles wat daar agter lê, om hom voor die Classis te gaan verantwoord. Dat hy hom op afdoende wyse „gesuivert” het, blyk uit twee briewe van die Classis, een aan sy aartsvyand LE BOUCQ en een aan die Kaapse kerkraad. Aan eersgenoemde kom die teregwyding „uwe generale beschuldigingen tegen D.D. KALDEN en BECK gaan we voorby, als ongegront en weinig met de liefde en geest van eendragt en sagtmoedigheid overeenkomende. Temeer dewijl D. KALDEN sig voor ons, tegen die beschuldigingen, tot genoeggen verdedigd heeft”. <sup>3)</sup> In die brief aan die Kerkraad

---

<sup>1)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, p. 58—59.

<sup>2)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I, No. 17.

<sup>3)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* II No. 174.

4 Jan. 1709 <sup>1)</sup> word die „onbezonnen drift” van LE BOUCQ betreur, met vreugde melding gemaak van die proses teen hom waarin „D. KALDEN bij de Hooge Regeering aen de Caep getriumpheert heeft”, en die hoop uitgespreek dat sy opvolger ds. D’AILLEY die gemoedere sal tot bedaring bring want — en hier word die teks aangehaal wat tot hede ten dae die grootste waarheid vir ons bevat, — „hoe zoet en lieflijk is ’t, dat broeders in eendragtigheid t’samenwoonen”.

In 1710 word KALDEN bevestig as predikant te Thamen aan die Amstel. <sup>2)</sup> Daar skrywe hy sy *Afgeperste verweering en nodige verantwoording tegens twee nu onlangs uytgekome Laster-Schriften: Tot zijne billijke Verdediging opgesteld door Petrus Kalden, eertijts Predikant aan de Caap de Goede Hoop, en nu tot Thamen (1713)*. <sup>3)</sup> Hy verweer hom teen twee „lasterschriften”, die naamlose *Regte en waare oorspronk en gevolg der Caabse onlusten* en die sewende hoofstuk van die reisverhaal van ABRAHAM BOGAERT, *Historische reizen door d’ oostersche deelen van Asia*. Hy beweer dat die attestasies teen hom vervals was, dat die opstellers in die war blyk met hul datums, want in sy Contra-attestasies bewys hy dat hy op die dae gepreek het wanneer sekere ouers die eed aflê, dat hy op Zandvliet was en hul kind nie kon gedoop het nie. Teen die beskuldiging van onsedelike gedrag verdedig hy hom afdoende. Hy wys op foute in BOGAERT se beskrywing van die Kaap, waaruit hy konkludeer wie onjuis is in die kleine, ook die grote sal gaan verdraai. Die kenmerkende slot van sy verweerskrif lui as volg:

„Vorder vertroost den Verweerder sig, dat hy niet alleen is, die van die Burgeren dus is mishandelt. De Heer SIMONDS Predikant tot Drakensteyn onder de Fransen,

<sup>1)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* II No. 173.

<sup>2)</sup> Thamen is ’n ou benaming vir Uithoorn wat aan die Amstel lê. Vgl. *Wandelingen om Amsterdam* deur D’AILLY, p. 38.

<sup>3)</sup> Die werkie is uiters seldsaam en is my goedgunstiglik deur prof. J. J. SMITH van die Universiteit van Stellenbosch wat die enigste bekende eksemplaar in Suid-Afrika besit, geleen waarvoor ek hom hier my dank bring.

wierd het daar soo bang gemaakt, alle hoon en smaatheden aangedaan, voor de Vierschaar aan de Caac gesleept, en met lastertaal beladen dat hem ook eyndelyk heeft doen besluyten, om die plaats te verlaten na 't Vaderland te keren en is nu geagt Predikant in Ryssel; 't hoeft van die belhamels en vervolgens was JACOBUS DE SAVOYE die salve, die nu wonagtig aan de Caab en daar Litmaat, zijn oude gewoonte weder tegen den Verweerder opvolgt, om Predikanten te belasteren. Dus handelt men met den Predikant BEK, bescheyden aan Stellenbosch, diemen met alle lastertaal in schrijven doorhaalt, alle hoon en smaatheyd aandoet, zijn kerk laat ledig staan, van 't Avondmaal afblijft ja waar door men zijn kinderen niet wil laten doopen. Soo is den Secretaris en krankbesoeker JAN MAHIEU van eenige van Stellenbosch mishandelt, die zijn muur met geweld hebben omvergeworpen, zijn Vrouw ten uystersten swanger met de armen ten huysse uyt gesleept, en andere baldadigheden en geweldenaryen meer: En men kan nailyks de brieven nu overgekomen lesen sonder tranen, hoe dat men sonder paal of maat brood dronken uytspat tegen een yder, die haar maar in den weg is. God bid ik, wil haar vergeven de hoonen en smaadheden mij en andere Predikanten aangedaan, en sal ik met een zuiver geweten, getroost in mijn God mijn ziel in lijdszaamheyd tragten te besitten."

In Nederland het hy hom soos 'n balling bly voel. Na die jare onder die Afrikaanse son kon KALDEN dit nie in sy land van gryns newels meer uithou nie en in 1717 dien hy 'n versoek in om as predikant in diens van die O.I. Kompanjie na Indië te gaan, wat hom deur die Haagse Besoigne en die presidiale Kamer toegestaan is. Hy neem in Mei 1720 afskeid van sy gemeente, seil nogmaals tot aan die Kaap, sien nogmaals Zandvliet in die verte verdwyn, maar nou terwyl die skipper ooswaarts hou, waar hy na 'n veilige aankoms op 2 Maart 1721 bevestig word. Op Java was hy tydelik sonder vaste bediening, in 1722 na Ceylon gestuur en in 1723 te Pointe de Gale geplaas. Hy word na Columbo beroep waar hy tien jaar lank, van 1726 tot 1737 leiding gee in die Ceylonse kringe na sy benoeming as Rektor van die Seminarie aldaar. In 1737 kry hy op sy versoek eervol ontslag en repatrieer die volgende jaar om nogmaals, en nou

vir die laaste maal, Suid-Afrika, sy tweede vaderland, die land wat hy as jong teoloog-staatsman-koopman so hartstogtelik lief gehad het, agter hom te sien verdwyn.

Hy het 'n Nederlandse grafskrif gemaak vir die goewerneur van Ceylon, J. A. RUMPF wat 11 Junie 1723 oorlede is:

In dit nare graft lyd bedolven 't geringste deel van  
den doorlugtigen RUMPF.  
De ziel is tot God ten hemel opgevaren.  
Die son, die soo een schitteremd licht aan onsen hemel  
van sig gaf, is ondergegaan.  
En laat ons ellendigen in een nare duysternis overig.  
Hy, die om volkeren te regeeren, en nootdruftigen te  
redden, gebooren was.  
Hy, die de liefde was van onse tyd: sied daar, die  
selve is gevallen.  
Gij inwoonders van Ceylon, so dikwils glylieden deze sark  
aanschout, stort tranen want uw vader isser geweest.  
Bedroeft, heeft dit ter neder geteld, Pet: KALDEN.<sup>1)</sup>

Van hom, die inwyer van ons oudste kerk in Kaapstad, „die om volkeren te regeeren, en nootdruftigen te redder, gebooren was”, is bekend nóg graf, nóg grafsteen, nóg grafskrif.

Hoe „soet en lieflik”, hoe anders kon die loop van ons kultuur- en kerkgeskiedenis gewees het as, broers van dieselfde volk, of liever, van dieselfde kerkgenootskap gewet het om in liefde saam te woon. Vir my is die herroeping van KALDEN en die hoë amptenare-hereboere deur toedoen van die vryburgers 'n ramp in ons geskiedenis. Toegegee dat hulle dikwels outokrate en selfs onderdrukkers was, die dae kom en die jare nader wanneer die stigting in vreemde hande sou oorgaan en dit juis die KALDENS en die VAN DER STELS, sou gewees het wat die Dietse geestesgoedere sou kon gehandhaaf het teen die Angelsaksiese. Want soos die oud-goewerneur SIMON, sou hulle nie hier slegs geraap en geskraap het nie, maar hul tuiste gemaak het; waar jou skat is sal jou hart ook wees,

---

<sup>1)</sup> Dit is afgedruk in *Rouw- en weeklage* ofte een verklaringe over de woorden Klaagl. 5 : 16... op het afsterven v. J. A. RUMPF door G. POTKEN, predikant op Colombo (1723), p. 38.



waar jou plaas, jou huis is sal jou tuis ook wees. As ons 'n sterk Hollandse aristokrasie of hoër burgerstand aan die Kaap kon opgebou het, as aan die wense van die vlottende hoër-amptenaredom op hierdie tydstip gehoor gegee is en hul hier 'n tuiste in die agtiende eeu gevind het, sou die neëntiende „eeu van onreg” anders verloop het op kultuurgebied. En hiermee eindig die verdediging vir die hereboere, die oorspronklike besitters van ons „Zandvliets” en ons „Vergelegens” met die monumente van oud-Hollandse boukuns, bevattende boekerye en skilderye, oud-Hollandse meubels, silwer en vaatwerk, later „ontdek” deur en nou in besit van vreemde heersers omdat ons sonder die puik van die Hollandse maatskappy aan die Kaap noodwendig te swak *moes* gewees het om hul te handhaaf teen 'n wêreldkultuur. Die geskiedenis het dit anders gewil.

---

## HOOFSTUK IV.

### JOERNAALHOUDERS VAN BELANG IN DIE LAASTE JARE VAN DIE HOLLANDSE GESAG.

---

#### 1. AMPTENAAR EN REISIGER TEENoor INGEBURGERDE GROND- BESITTER. DIE FAMILIE CLOETE.

Na die uitbreiding onder die VAN DER STELS het daar 'n tydperk van insinking gekom.

In die eerste helfte van die 18e eeu is daar nog talrike dokumente van beskrywende aard, maar met slegs hier en daar 'n mooi beligte stukkie, b.v. die joernaal van die Stellenbosse Landdros STARRENBURG, in 1705,<sup>1)</sup> twee joernale van vroeë togte na die Warmbad nl. *Dagregister van een reis door Commissaris Cnoll naar Het warme Bad en Dagverhaal wegens de reis naar 't Warme Water*. Opgesteld door Willem van Putten, 1710,<sup>2)</sup> een van RHENIUS oor 'n tog na die Namaquas in 1724<sup>3)</sup> om maar enkele te noem. Maar die is van groter belang vir diegene wat in die flora en fauna en inboorlinge van ons land belangstel dan vir wie die dade en geskrifte van ons voorouers die swaarste weeg.

Onder die twintigjarige regering van RIJK TULBAGH (1751—1771) het die Kolonie weer 'n periode van bloei beleef, is verskeie belangrike togte onderneem en joernale gehou.<sup>4)</sup>

---

1) Gedeeltelik afgedruk in GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II, p. 1 en vlgg. 'n Fragment afgedruk in BLOMMAERT EN GIE: *Uit ou Reisbeskrywings* p. 193.

2) Uitgegee deur C. GRAHAM BOTHA in die publikasies van die VAN RIEBEECK Society, No. 5, 1924.

3) Gedeeltelik afgedruk in GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II, p. 14 en vlgg.

4) Sien verderop.

Maar dit duur tot die landtog van Mr. HENDRIK SWELLENGREBEL, afstammeling van die bekende togganger HIERONYMUS COUSE, en seun van die voorganger van RIJK TULBAGH, goewerneur HENDRIK SWELLENGREBEL, voor 'n Afrikaanse joornaalhouer van betekenis uit taal- en letterkundige oogpunt, PIETER CLOETE in 1776 aan die woord komt in 'n *Journal van eenen landtogt die den ondergeteekende met den Weledelen heer Mr. Hendk. Swellengrebel in den jare 1776 gedaan heeft.* <sup>1)</sup> En dit in die tyd van die grootste korrupsie. Die laaste kwart van die agtiende eeu onder die opvolger van RIJK TULBAGH, goewerneur VAN PLETTENBURG (1771—1785), is die begin van die end. Die geringe eerlikheid van die amptenare wat die besteling van die Kompanjie vir geen skande meer gehou het nie, <sup>2)</sup> het die doodsklok van die Edele Kompanjie help lui, waarmee die Dietse kultuur in Suid-Afrika enorme skade gedoen is. Daar is nou 'n duidelike verskil tussen die amptenare, inwoners van die stad, en die bewoners van die buiteland, landbouers met minder opleiding en ontwikkeling maar wat gunstig afsteek wat eerlikheid betref, by die stedelinge. <sup>3)</sup> In die verafgeleë binneland het die mentaliteit en die toestand van die boere meer te wense oorgelaat soos begryplik is by 'n trekkende gemeenskap wat vandag nie weet waar hul môre hul hoof sou neerlê nie en gebuk gaan onder die monopolistiese stelsel van die Kompanjie. Maar ook daar het die vooraanstaande Kaapse boere plase gehad wat hul af en toe besoek het, wat nie anders as heilsaam op die trekkende gemeente kon gewerk het nie. Onder daardie groot landbouers neem

---

<sup>1)</sup> Uitgegee deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen IV*, p. 1 en vlgg.

<sup>2)</sup> Vgl. A. L. GEYER: *Das Wirtschaftliche System der niederl. Ostind. Komp. am Kap der Guten Hoffnung (1785—95)* p. 20. H. T. COLENBRANDER: *Koloniale Gesch.* dl. I p. 165, dl. II p. 295.

<sup>3)</sup> Vgl. J. S. STAVORINUS: *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengallen enz.* Gedaan in de Jaeren 1768—1771 door den Heer J. S. STAVORINUS, schout bij nacht bij de Admiraliteit van Zeeland. Gevolg van eenige belangrijke aanmerkingen over den Aart, Gewoonten, Levenswijze, Godsdienstplegtigheden en Koophandel der Volkeren in die gewesten." Twee dele, Leiden 1793.

die families CLOETE en VAN REENEN <sup>1)</sup> die belangrikste plekke in.

JACOB, die stamvader van PIETER CLOETE het in die tyd van VAN RIEBEECK aan die Kaap gekom. <sup>2)</sup> Hy het vryburger geword en die eerste eiendomsreg wat in die boeke van die landmetergeneraal voorkom, het betrekking op hom. Sy grond het aan die Liesbeekrivier gelê en in 1659 het hy nog veertig akkers bygekry waar daarop skyn te wys dat hy 'n bekwame boer was. Na die dood van sy vrou wat hom drie kinders nagelaat het, was hy nog 'n keer terug na Europa, het gou weer teruggekom en geboer tot in 1693 wanneer hy op sy plaas vermoor is. Sy nakomelinge het plase in die distrik van Stellenbosch gekry, 'n paar het na Graaff-Reinet en tot in Namaqualand getrek maar die meeste het tog in die omgeving van Kaapstad gebly. Een van hulle, HENDRIK, is in 1725 met HESTER ANNA LOURENS getroud en het een van die grootste grondbesitters, die trotse eienaar van „Constantia” geword wat hy vir die enorme som van f 30,000.— van JAN SERRURIER gekoop het. <sup>3)</sup> Daar het hy en sy seuns getrou die tradisie van SIMON VAN DER STEL voortgesit en wyn maak wat destyds met die beroemde Hongaarse Tokayer vergelyking kon deurstaan. Van sy elf kinders, waaronder ag seuns, het nie minder as vyf groot landbesitters en landbouers geword, twee het in die leër gedien en slegs die sesde kind PIETER LOURENS het amptenaar geword, met watter gevolge sal later blyk.

Die tweede kind, PIETER, <sup>4)</sup> gedoop 18 Julie 1756, as landmeter vermeld, het met Mr. SWELLENGREBEL op reis gegaan en die families CLOETE en SWELLENGREBEL het jare lank

<sup>1)</sup> Sien verderop.

<sup>2)</sup> Vgl. C. C. DE VILLIERS: *Geslachtregister in voce Cloete*. J. H. VERDUIJN DEN BOER: *Schetsen uit het Kaapse Leven van de 18e en 19e eeuw*, Kaapstad 1929. p. 29.

<sup>3)</sup> Die inventaris van „de goederen, die ik (H. CLOETE) van den Heer JAN SERRURIER bij den Plaats Constantia voor f 30.000.— gekogt heb” is in die Swellengrebel familie-argief, Oudenbosch en afgedruk deur A. HALLEMA in *Zuid-Afrika* Nov. 1933.

<sup>4)</sup> Goed te onderskei van PIETER LOURENS, sy jonger broer.

kontak met mekaar gehou. PIETER en Mr. HENDRIK was albei gebore Afrikaners maar die een was ingeburger, die ander 'n toeris, want die seun van die Kaapse Goewerneur na wie SWELLENDAM genoem is, is met die vader mee na Nederland in 1751 waar hij sy opvoeding gekry het. Diep lê die fondament deur die Hollanders aan die Kaap gelê maar dit hang nie meer van die Hollanders af nie, ook nie van die enkele gebore Afrikaner wat hom teruggetrek het na sy tweede vaderland en van daaruit sy belangstelling steeds wakker gehou het, maar van die Afrikaner self of hy hom op Dietse fondament sou handhaaf. <sup>1)</sup> Daarom het die wetenskaplik beter onderlegde Mr. SWELLENGREBEL m.i. vir ons minder betekenis dan PIETER CLOETE. SWELLENGREBEL het drie reise deur die Kaapkolonie onderneem in 1776 en '77, joernale en relase daarvan bygehou, die Duitse tekenaar JOHANNES SCHUMACHER het pragtige sketse en akwarelle daarvan gemaak maar hy het „kanunnik en domdeken” van Utrecht geword en sy plek het hom nie meer in Suid-Afrika geken nie. <sup>2)</sup> Jare lank het hy nog met die familie van sy reisgenoot vanuit sy buiteverblyf „Schoonoord” by Doorn gekorrespondeer oor die ekonomiese en politieke toestand van die Kolonie, die vader van PIETER,

---

<sup>1)</sup> Vgl. BOSHOFF: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, 1921, p. 62.

<sup>2)</sup> Oor SWELLENGREBEL en Swellengrebeliana. Vgl. A. HALLEMA: *Een bezoek van Mr. Hendrik Swellengrebel aan den Kafferkapitein Jeramba*. *Zuid-Afrika*, Sept. 1932.

A. HALLEMA: *Onze kennis over Zuid-Afrika in het het verleden, speciaal in betrekking tot de Nederlandsche Kaapkolonie in de 18de eeuw uit de Journalen van Mr. Hendrik Swellengrebel*.

*Zuid-Afrika*, Sept. 1933.

A. HALLEMA: *Mr. Hendrik Swellengrebels handschrift van het Tweede Reisjournaal betreffende een tocht door het Noord-Oosten der Kaapkolonie tot in het Kafferland, vergeleken met de gedrukte uitgave van Cloete's relaas dezer reis in de jongste Linschoten-publicatie*, verzorgd door Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN. *Zuid-Afrika*, Oct. 1933.

A. HALLEMA: *Toestanden en Gebeurtenissen in het Kaapsche Boerenbedrijf gedurende het laatste kwart der 18de eeuw*. Enkele ekonomiese gegewens en particuliere bijzonderheden uit de onuitgegeven correspondentie tusschen de familie CLOETE in de Kaapkolonie en Mr. H. SWELLENGREBEL op den huize „Schoonoord” bij Doorn in de tachtiger aren der 18de eeuw. *Zuid-Afrika*, Nov. 1933.

die Oud-Heemraad HENDRIK, het hom oor die landboubedryf in die algemeen en die modelboerdery op „Constantia” in besonder, ingelig, maar die „Swellengrebeliana,”<sup>1)</sup> die werk van ’n gebore Afrikaner wat in Nederland geleef het, is tog meer Nederlandse koloniale literatuur in teenstelling met die „eie goed” wat CLOETE voortbring het. Albei het die lewe, sedes en gewoontes van die naturelle in hul relase beskryf, albei het ons ’n kyk op die koloniste en hul ekonomiese toestand gegee maar die deurtrekkende reisiger SWELLENGREBEL is veel minder simpatiek teenoor die grensboere, dan die landgenoot wat hul aard en moeilikhede beter aangevoel het.

Graag neem ons aan dat uiterlike versorging van die geheel, die spelling van eie name,<sup>2)</sup> noukeurigheid en volledigheid, in die voordeel van die joernaal van SWELLENGREBEL pleit, die man wat beter as CLOETE die geleentheid gehad het om rustig op „Schoonoord” sy beskrywing saam te stel en daaraan nog bibliografiese aantekeninge toe te voeg. Maar die onopgesmuktheid van CLOETE, sy Afrikaanse gees en enkele Afrikaanse woord het tog groter bekoring vir ons.

Op 10 September 1776 vertrek hul van „Nooitgedagt” ’n plaas van „den oud-heemraad mr. HENDRIK CLOETE” in die distrik van Stellenbosch op ’n toer deur die land van Waveren, die Bokveld, langs die Breede Rivier deur Goudrivier en Brandvlei. By die Gamka of „Leeuwen Rivier” wat nie verniet daardie naam gedra het nie, vind hul in die woorde van CLOETE, wat sterk Afrikaans aandoen, „de dragt en gewoonlijke opschik eener Hottentottin, haar caros sterk bebloeid” en die spoor van ’n leeu wat iets voortgesleep het. Later beleef hul ’n avontuur met ’n leeu wat realisties beskrywe word.

Die Kafferkapitein JERAMBA wat hul aan ’n klein syviertje „tabee” toeroep, geniet die eeste aandag. Hy kry ’n presentjie en tabak en as ’n weergeskenk laat hy ’n „mandje” melk waarin ’n jong Kaffer met ’n deurgesneë „callebas”

<sup>1)</sup> In die familie-argief van H. A. M. SWELLENGREBEL, „De Molen”, Oudenbosch.

<sup>2)</sup> PIETER spel hul familienaam altyd „Cloeten” na die Afrikaanse uitspraak daarvan wat nog gehoor word.

roer, voorsit waar die reisigers beleefdheidshalwe van drink „maar 't smaakte zeer slegt, want 't was halfdikke en zuure melk.” Met RUYTER, die Hottentotkapitein aan die Boesmansrivier, amuseer die geselskap hul uitstekend. Onder sy volgelinge „was er een die Nederduytsch sprak” en die het as tolk opgetree. Die reisigers het 'n „graaf” meegebring waarmee hul die Hottentotte help bynes uithaal. Die „graaf” sou hul wel graag besit het, maar die paar stukkies koper en krale en veral die grenadiersmus wat RUYTER gekry het „waarmede hij zeer in zijnen schik was,” het hul tevrede gestel. Die basterd kaffers onder hul was ook uitstekend gehumeurd, laat selfs toe dat die reisigers hul die baard afskeer en die hare poeier en doen alles „met een lachend weesen.”

Uit alles merk ons hoe jeugdig die gemoed van die joernaalhouer nog was. Hy geniet volop van die fratse met die inboorlinge, het nie die skerp kritiese gees van SWELLENGREBEL wat die groot onderskeid tussen Afrikaner en Hollander kenmerk, gehad nie. SWELLENGREBEL praat van hul wegwysers, twee trekboere PRINSLOO en POTGIETER, as sorgelose, lughartige wesens, 'n veroordeling wat hy baseer op die feit dat toe vyf osse deur die leeus verslind is, hul tog nog vrolik kon wees, „ledigden een vaatje brandewijn, dat zij voor den grooten tocht hadden medegenomen, speelden over den dag met de kaart en dansten tot laat in de nacht zeer lustig.”<sup>1)</sup> Hieroor is hy blykbaar bedroef en geskok. CLOETE daarenteen swyg oor hierdie begryplike insidentjie, is opgetoë oor die pragtige veepos van JACOB VAN REENEN in die distrik van Swellendam en die tuin, koringwatermeul, mooi huis „en zeer fyne koussen, van wol hunner schapen gebreyd” wat hy op die plaas van JACOB KOCK aan die Zeekoei Rivier sien. Hy is ook vol entoesiasme vir die skilderagtigheid van die heuwels langs die Sondagsrivier, „die zo regulier leggen, alsof het fortificatie-

---

<sup>1)</sup> *Zuid-Afrika*, Oct. 1933. Hieruit meen A. HALLEMA, *Zuid-Afrika*, Oct. 1933 p. 146 te moet aflei dat „zorgeloosheid, luchthartigheid of het zich willen vergeten in een drankroes”, die mentaliteit van die koloniste gekenmerk het. Dit is onbillik om dergelike konklusies te trek uit die gedrag van twee trekboere wat die reisigers toevallig langs die pad ontmoet het.

werken zijn" en vir die „hol van druypsteen" tussen „Hanglip en d'Anbrosiushoek" wat hul op hul terugreis besoek. Daar het 'n hele nuwe wêreld vir die boereseun oopgegaan, met 'n bly, oop gemoed het hy kennis gemaak met die afgeleë deel van sy land en veilig op Nooitgedagt teruggekeer, die dag na Kersfees, 1776.

PIETER is op 12 September 1779 met CATHARINA CHRISTINA SCHELLER getroud. Sy het hom oorleef en is in 1791 hertroude met JOHANNES ZORN, VAN KEMPEN. Ons reisigers het geen kinders nagelaat nie en sy geesteskind, die reisjoernaal, het op die Ryksargief in Nederland verseil geraak.

Anders was dit gesteld met sy amptenaar-broer, PIETER LOURENS wat in 1787 met CATHARINA URANIA VAN REENEN in die huwelik getree het. Die het tien kinders gehad, waaronder ses seuns. Dit is tekenend dat daardie Oranjegesinde amptenaar sy seuns, HENDRIK, die later Regter CLOETE, skrywer van *Five Lectures on the Dutch Farmers* (1856) en JOSIAS, later Sir JOSIAS, na die eerste Engelse skool wat onder leiding van die Rev. WEAVING hier in 1797 opgerig is, gestuur het.<sup>2)</sup> Die gevolge het nie uitgebrei nie. Al het die vader sy twee seuns HENDRIK en JOSIAS in 1803 na Groningen en Leiden gestuur toe hy gemeen het dat die Kolonie lang onder die Bataafse Republiek sou bly, die kalf was reeds verdrink in die put van WEAVING! Hul het hul albei uitstekend by die nuwe heersers aangepas.

## 2. HENDRIK JACOB WIKAR, „SCHRIJVER IN 'S E' COMPLES HOSPITAAL".

In die reisjoernaal van 'n Afrikaanse boereseun wat sy eienaam na die Afrikaanse uitspraak „CLOETEN" spel, het

<sup>1)</sup> Sien verderop.

<sup>2)</sup> Sir ANDRIES STOCKENSTRÖM, Mr. D. VAN RYNEVELD, Mr. WILLIAM VAN RYNEVELD, Mr. P. TRUTER het almal hierdie skool besoek en hul het op geen uitsondering na heeltemal Engels georiënteer geraak. Dié families was almal Oranjegesind. JAN CLOETE moes die pandoere by die eerste oorgawe van die Kaap aangevoer het maar hy was dikwels nie eers teenwoordig nie en „de dappere broeders Linden" soos H. D. CAMPAGNE sing, het sy werk gedoen en aan die sy van DIRK VAN REENEN gestaan. Sien verderop.



woorde soos „graaf”, „karos”, „bebloeid” voorgekom wat vreemd moes geklink het in die ore van sy pas uit Nederland gearriveerde toggenoot. Nog sterker Afrikaans gekleur was die taal van HENDRIK JACOB WIKAR wat hom tipies Afrikaanse woorde en vorme soos „ongedierte”, „pensvel”, „legewaan”, „pampoens”, „gevernield”, „geslaan” laat ontval het waardeur die taalgeleerdes hom aan die vergetelheid ontruk het.<sup>1)</sup> WIKAR was eenmaal „schrijver in 's E. Compies Hospitaal” aan die Kaap en vir die onbeholpeheid met die Nederlandse taalvorm waaroor hy hom geskaam het, is daar 'n grondige rede. Vir sy letterkundige verdienste kon hy die hoof hoog gehou het. Die „native of Sweden”<sup>2)</sup> is in Gottenburg die geboortestad van OLOF BERGH gebore. Hy het na die Kaap uitgekom as soldaat in diens van die Kompanjie na hy 'n tydlang in Amsterdam gedien het. Hier is hy „als schrijver in 's E. Comp<sup>IES</sup> Hospitaal” werksaam gewees. Op 4 April 1775 het hy weggeloop in 'n jaar toe nog 29 ander soldate ook gedros het. Aan die oproep op 4 Januarie 1776 om binne vier weke by die Kasteel te verskyn het hy hom bitter weinig gesteur en nie minder as vier jaar lang onder die Hottentotte rondgeswerwe in die omstreke van die Oranjerivier. By sy terugkeer het hy 'n geskrewe *Berigt aan den Weleedelen Gestrengen heer Mr. Joachim van Plettenbergh... van 't geene my ondergeteekende ontmoet is, wat ik gehoord ende gezien hebbe, zeedert dat ik langs de groote rivier op ende needer gesworven hebbe*,<sup>3)</sup> oorgehandig op 18 September 1779 en angstig die straf van die deserteur afgewag.

En wat hêt hy nie alles „gehoord ende gezien” in die vier jaar nie! In alle nederigheid het hy hom verontskuldig „dat dit mijn verhaal zo eenvoudig en ongereguleerd geschreeven is,”

---

<sup>1)</sup> Sy taal is beslis geen Nederlands nie, maar ook geen Afrikaans nie, dit is Afrikaansgekleurde Nederlands.

<sup>2)</sup> Vlg. W. PATERSON: *A Narrative of Four Journeys into the Country of the Hottentots and Kaffraria in 1777, 1778, 1779*. 2nd Ed. p. 104. Die lewensbesonderhede is ontleen aan GODEE-MOLSBERGEN: *Reizen II*, Voetnote op pp. 6, 72, 73, 78, 79, 81, 85, 93, 95, 96, 97, 100, 103, 118, 134, 137, 138.

<sup>3)</sup> Afgedruk in MOLSBERGEN: *Reizen II*, p. 78 en vlgg.

maar dit is een van die aantreklikste verhale op Afrikaanse bodem ontstaan, waarin die Afrikaanse gees kragtig spreek. Die aantreklikheid sit veral in die eenvoud van taal en styl, in die opregtheid en naïwiteit waarmee hy alles vertel tot sy eie wit-leuen aan die leier van 'n groepie Hottentotte by die Groot-Rivier dat hy 'n boer is wat 'n plaas kom soek. Hy sluit hom by hul aan, help ywerig mee om vlotte te maak en na 'n paar dae steek hy saam die rivier oor. Hul kom met ses verskillende stamme in aanraking wat almal langs en in die omtrekke van die Groot-Rivier woon en van die word nou die sedes en gewoontes duidelik onderskei en uiteen gesit, besonderhede gegee wat nêrens anders so interessant vermeld word nie. Ons hoor van grieselige gebruike soos „andersmaak” ('n wrede manier waarop diere geoffer word) en van gifdrink, van kommunistiese begrippe van „opligtbroers” wat mekaar in alles bystaan en niks mag weier nie, van melkdrinkers „wanschapelik van vettigheid” wat die staat en rykdom van hul stam in die omvang van hul kolossale liggaam moet aandui, met die dubbele gevolg dat na die kuur die „boutvleys begint met barsies en rimpels te springen, zoals de buykvel van een jonge meyd, die zwanger gaat” en die toordokter-oppasser „ook niet mager” daaruit sien, soos WIKAR dit met 'n raak beeld en ondeunde glimlag uitdruk.

Onvervals en skilderagtig is sy taal en tekening van die lagwekkende manier waarop een stam 'n ander weet terug te hou van direkte handel met die rykste stam, die Namaquas. Hul dreig dat as die handelaars dit tog waag „zal haar kop als een voogelstruys eyerdop in vlakke worden” . . . „en haar kop klapperdop zal in de vlakke gevonden worden.” Fantasties is hul verskyning, gedos in 'n „afgeslagte voogelstruysvel” waarmee hul die wild op listige manier weet te betek en so van die immerknaende hongerype verlos word. As hul geluk getref en hul oorversadig het aan 'n seekoei, val hul om van die slaap in 'n Olifantspad, 'n paar word doodgetrap, en ander „een stuk van de wangvlijs af!”

Maar so 'n feesparty kom maar selde voor. Gewoonlik staar die hongersnood hul in die gesig en dan eet hul van alles en nog wat behalwe die haas wat hul dood gooi waar

hul hom ook aantref. In 'n taal wat deur sy heldere eenvoud en kinderlike naïwiteit goed die sprokies atmosfeer vertolk, het WIKAR hul rede vir hierdie vervolging van die knaagdier vertel nl.:

„Dat Tzoekoab of God zoude in oude tyeiden (toen de menschen zo treurig waaren, daarover dat haare vrienden kwamen te sterven) een boodschap aan den haas gegeeuen hebben, dat hij moeste den menschen boodschappen, dat ze over zulks niet hoefden treurig te zijn, dewijle zij en haare vrienden schoon zij nu kwamen te sterven, tog t'eeniger tyeid weeder herleeuen zouden gelijk de nieuwe maan. Den haas beloofde zulks te verrigten, maar had aanstonts den schelm in de mouw, gong bij de bosluijs, zijde hem de boodschap averegts verkeerd, en verzogt hem, dat aan de menschen te vertellen; deeze bragt in, dat 't voor hem te vroeg was, hij had zijn kleij of voorkros nog niet aan, en zijde dat den haas kon beeter loopen als hy, hij konde deeze boodschap zelfs schielijker verrigten. Waarop den haas zulks zelfs gedaen heeft, maar hij loog en zijde aan de menschen: die dood is, zal dood blijven en niet herleeuen, gelijk de nieuwe maan; en dat word van haar niet geloofd, maar dat ze te eeniger tyeid weer zullen herleeuen gelijk de nieuwe maan.”<sup>1)</sup>

„Weer herleeuen gelijk de nieuwe maan” is die droom van alle ondermaanse. In hierdie verbasend interessante verhaal herleef HENDRIK JACOB WIKAR, die man wat doodsangste uitgestaan het vir gewonde leeus en aanstuiwende renosters en olifante, die swerweling wat dit eendag so „braaf” koud vind, die ander so smoorheet dat hy om die beurt wou verkleum of verstik; die rustelose soeker wat die geluk nie onder die vreemde binnelandse stamme kon vind nie en op 'n goeie dag weer sy gesig Suidwaarts gekeer het na die Kasteel en die beskawing. As 'n beloning vir sy onverganklike „Berigt” het dit die Raad van Polisie behaag om hom die deserteur 'n week later, 25 September 1779, „weederom als soldaat in dienst der E. Compie aan te neemen, en de daartoe staande gagie van

---

1) GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen II*, p. 118—119.

/9.— ter maand, van dato deeser te laten Cours neemen," wat hy dan ook dubbel en dwars verdien het.

Hy het 'n mooi belofte vir verbetering van sy taal en styl en dwaalweë afgelê maar die deur tog oopgehou ingeval die knellende bande van die sielododende skrywerswerk in diens van die Kompanjie hom te magtig word en die „wonderlust" weer van hom besit neem. Daarom sluit hy sy „Berigt" af met die woorde „als ik van UweEede Gestre gunst" mogte profiteeren om ter plasiere en dienst van Uwelee Gestrenge eene andere reijse landwaards in te moogen doen, zoude ik 't moogelijk beeter maken." <sup>1)</sup>

3. ENERGIEKE AFRIKAANSE BOERE-JOERNAALHOERS, JACOB, WILLEM, SEBASTIAAN VALENTYN EN DIRK VAN REENEN.

In 'n populêre boekie, *Uit den Goeden ouden Tijd der Kaapkolonie* deur 'n anonieme skrywer oor die land- en volkekunde van Suid-Afrika word melding gemaak van 'n smeekskrif „der kwijnende Burgers door hoogen nood geperst" wat tydens die regering van goewerneur VAN PLETTENBERG die beskerming van Heere XVII teen hul goewerneur ingeroep het <sup>2)</sup> (1779). Hierdie smeekskrif is opgestel deur JACOBUS VAN REENEN, die leier van die deputasie wat die griewe teen die amptenare gaan uiteensit het. Dit was die ou storie van ADAM TAS en WILLEM ADRIAAN weer oor, alleen was die kloof tussen boer en vlottende kompanjiesdienaar vir wie die WILLEM ADRIAAN—KALDEN skandaal dit onmoontlik gemaak het om hom hier te vestig en hy dus maar geraap en geskraap het waar dit kon om so gou as moontlik weer weg te kom, heel wat

---

<sup>1)</sup> Daar bestaan 'n netjies op die Kasteel geredigeerde edisie van die verhaal van WIKAR (Van Plettenburg-argief, Rijksargief, 's-Gravenhage) wat ek sorgvuldig met die origineel vergelyk het en ek kom tot dieselfde konklusie as GODÉE MOLSBERGEN (*Reizen* II p. 78 in 'n noot) dat dit die aantreklikheid van die oorspronklike mis.

<sup>2)</sup> Amst. 1869. Die offisiële dokumente is te vind in die vier dele *Kaapsche Geschillen* 1785, lopende van 1 Maart 1779 tot 28 Julie 1785. THEAL: *History of South Africa 1691—1795*, pp. 232—235, 258—261 bespreek die saak.

dieper geword. Die verskil tussen Hollander en Afrikaner sowel wat geesteshouding as taal betref, was voltrek. Van nou af kon die steun van Holland dankbaar aanvaar word of moedswillig verwerp, maar Diets Suid-Afrika sou in vervolg sy heil of ondergang in sy eie hande hê al was hy hom daar nog nie van bewus nie. Tot heil het die energieke boere, gebore Afrikaners JACOB, WILLEM, SEBASTIAAN VALENTYN en DIRK GYSBERT VAN REENEN ruim bygedra.

Die stamvader JACOB VAN REENEN (of RHEENEN) het waarskynlik uit Duitsland in 1721 in Suid-Afrika aangekom. Sy afstammeling het hul op die landbou gaan toelê en van die grootste landbesitters geword soos in die geval van die familie CLOETE met wie hul deur geestelike en egtelike bande nou verbind was.

JACOB die opsteller van die memorie teen goewerneur VAN PLETTENBERG wat hom laat afvaardig het na Holland om die petisie van 1779 aan Here XVII voor te lê, Burgerraad en lid van die Weeskamer in Kaapstad, was een van die rykste burgers van die land, het eiendoms- en leningplase besit in die Kaapse distrik sowel as in die afgeleë dele van die Kolonie en deelgeneem aan jag- en verkenningstogte na die binne-lande. Toe die skipbreukelinge van die Engelse skip die „Grosvenor” moes opgespoor word, is die leiding van die ekspedisie na Kafferland aan hom toevertrou, Augustus 1790, en het hy die aantekeninge van die reis gehou wat in 'n Engelse bewerking verskyn het.<sup>1)</sup>

Die broers WILLEM en SEBASTIAAN VALENTYN, het in 1791 en 1793 onderskeidelik togte onderneem, WILLEM na die Groot Rivier en SEBASTIAAN VALENTYN langs die Weskus na Walvisbaai. Van 17 September 1791 tot 20 Junie 1792 was WILLEM op reis maar die droë opsomming van riviere en berge wat hul oortrek en van renosters wat hul skiet, in sy

---

<sup>1)</sup> Na sy aantekeninge het Capt. EDW. RION in London, 1792, uitgegee *A Journal of a Journey from the Cape of Good Hope*, undertaken in 1790 and 1791 by JACOB VAN REENEN and others of his countrymen in search of the wreck of the *Hon. the East India Company's ship The Grosvenor*. Die Hollandse bewerking was 'n vertaling uit die Engelse (MOLSBERGEN: *Reizen* II pp. 141 en 171).

kort *Journal* <sup>1)</sup> skyn daarop te wys dat die geselskap jagters òf nie veel beleef het nie òf dat die leier 'n slegte verteller was. Interessant is alleen maar die waarneming dat die Damaranasie hul slegs met stokke verdedig, „kirrie by ons genaamd” soos die Afrikaanse skrywer verduidelik en waarmee ons dadelik in 'n Afrikaanse sfeer geplaas word. En tog is die joernaal beter bekend en het meer invloed uitgeoefen dan die van sy broers. <sup>2)</sup>

Die reis van SEBASTIAAN VALENTYN met die skip die „Meermin” in geselskap van sy broer DIRK en die Franse see-offisier, FRANÇOIS DU MINY het uit 'n materiële oogpunt minder opgelewer maar lees vlotter en gemakliker. Hul het hul opdrag van die Commissaris-Generaals NEDERBURGH en FRYKENIUS ontvang om 'n baai op te soek van waar hul oor land by 'n myn, aan VAN REENEN bekend, sou uitkom. Volgens die *Journal* <sup>3)</sup> het hul 3 Januarie 1793 vertrek en was 10 April onverrigter sake weer tuis. Maar awonture het hul genoeg beleef met 'n Amerikaanse skipper, 'n Engelse stuurman en die Namaquas. 'n Vreeslike storm het opgesteek toe hul in die skuitjie op weg na die wal was, met hul hoede het hul die water uitgehoos en toe met lewensgevaar versigtig en „overstaadigt” soos die Afrikaner skryf, wat die woord „langsaam” nie meer gebruik het nie, onder die wal geroei. As hul eindelijk meen op die spoor te wees van die burger wat hul sou kon help, weier die inboorlinge om 'n brief oor te dra en die „gantsche bende” vertrek met mooi beloftes om terug te keer met draagosse en slagvee, daar hul „niets ver” meegebring het nie. 'n Tipies Afrikaanse woord soos „spinnekop”,

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen II*, p. 141. Ook verskyn in *Het Z. A. Tijds.* 1889.

<sup>2)</sup> C. G. BÜTTNER het in 1889 die joernaal uit die *Z. A. Tijds.* vertaal: *Die erste Reise eines Europäers nach Damaraland*, in: *Zeitschrift der Ges. für Erdk. zu Berlin 1889*, S. 239 bis 246. Die Duitse vertaling is herdruk in *Die Altesten Reiseberichte über Deutsch-Südwestafrika*. Gesammelt und herausgegeben von Prof. Dr. EDUARD MORITZ, Berlin, 1915. In die inleiding praat Dr. MORITZ van die taal van die Hollandse tekste as „gewöhnlich schwerfällig und unklar.” Vir die Afrikaner is daar nie een enkele onverstaanbare woord of sin in nie.

<sup>3)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen II*, p. 150.

die gebruik van die dubbele negatief <sup>1)</sup>, doen presies so kragtig Afrikaans aan soos die *Berigt* van WIKAR. Hy het die woeste wêreld ingetrek, was „schrijver” in diens van die Kompanjie, die VAN REENENS het in Kaapstad op Rondebosch bly woon, was tog in die eerste plek vooruitstrewende boere met uitgebreide plase al ontmoet ons hul as jagters of toggenote met bekende reisigers na die verre binnelande. Albei het ’n Afrikaans-getinte taal geskryf, die gees van albei was „van vreemde smette vry.”

Met die eerste oorgawe van die Kaap, 1795, is die joernale en dagboeke wat in Hollands geskryf was met ’n Afrikaanse inslag, tydelik, met die tweede oorgawe vergoed stopgesit, wat die Artikelbrief van die Edele Kompanjie betref, want die het ’n historiese dokument geword. Maar die goeie voorbeeld sou nog jare deur die boere wat enige aanleg vir die skryfkuns gehad, gevolg word. Ons het in die ou joernale met gespanne aandag van wonderbaarlike ontkominge gelees in die dae toe die vlaktes nog gewemel het met wild en nog „wilder” mense, ons het op vreemde etnografiese waarnemings gekom en ons het iets van die vrye gees van die Suid-Afrikaanse veld, wat hom nie al te veel oor die verlede en die dag van môre bekommer nie, geproe. Die grootste bydrae tot hierdie onderafdeling van die lettere is gelewer deur manne wat nie van geboorte Afrikaners was nie, maar hul werk behoort onteenseglik tot ons geestelike besit. <sup>2)</sup> Aan die eerste geslagte gebore Afrikaners het hul hul enigste skriftelike uitingsvorm oorgedra nl. die joernaal, die dagboek en die brief.

Tydens die Bataafse Republiek (1803—1806) is daar weer ’n reis na die binneland tot by die oostelike grens onderneem, waaruit vername reisbeskrywings voortgevloei het, nl.: *Reisen in sudlichen Africa in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806*, Von HINRICH LICHTENSTEIN, vormaligen Chirurgien-Major beim Bataillon Hottentottischer leichter Infanterie in Hollandischen Diensten am Vorgebirge der guten Hoffnung,

---

<sup>1)</sup> p. 153, „niet met PIENAAR niet”.

<sup>2)</sup> Vgl. *South African Literature, The Times* Nov. 5, 1910.

Doctor der Medicin und Philosophie, ordentlichen Professor der Naturgeschichte an der Universitat zu Berlin und Mitglied mehrerer Gekehrteb-Gesellschaften, <sup>1)</sup> die beroemde werk van 'n Duitser; die *Joernaal en verbaal eener landreijse in den jare 1803, door den gouverneur en generaal deezer Colonie J. W. Janssens door de binnenlanden van Zuidj Africa gedaan* <sup>2)</sup> opgestel deur 'n Hollander, die Aide-de-camp van JANSSENS, kaptein W. B. E. PARAVICINI DI CAPELLI; *Dagverhaal van eene reis naar de Kaap de Goede Hoop en in de Binnenlanden van Afrika* door Jonkvr. AUGUSTA UITENHAGE DE MIST, in 1802 en 1803, <sup>3)</sup> en ten slotte: *Dag-Verhaal Eener Reize naar de binnenlanden van Africa beoosten de Kaap de Goede Hoop geleegeen*, in den Jaare 1803 gedaan door Z. E. den Gouverneur en Generaal en Chef J. W. JANSSENS verzeld door deszelfs AIDE DE CAMP Capt. Paravicini de Capelli, den In Chirurgyn by het Escadron Ligte Dragonders Passet, den Heer DIRK G. VAN REENEN en deszelfs Zoon DANIEL

---

<sup>1)</sup> Bei C. SALFELD, Berlin 1811—12. (2 dele). Die eerste Engelse vertaling is van ANNE PLUNTRE, Londen, twee dele, 1812 en 1815, die jongste dié van die Van Riebeeck Society. Die beste Hollandse vertaling, dié van W. GOEDE: *Reizen in het Zuidelijk Gedeelte van Afrika* 1803—1806, Dordrecht, 1815.

<sup>2)</sup> Uitgegeen deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* IV p. 100—209, na die handskrif van die Collectie PÉLÉRIAN, Ryksargief, 's-Gravenhage. Die handskrif waarvan die uitgewer melding maak (*Reize* IV p. 100) maar nie geraadpleeg het nie, omdat hy nie kon vasstel waar dit te vind is nie, is in besit van die „Koninklijk Instituut voor Taal-, Land- en Volkenkunde van Nederlandsch-Indië,” 's-Gravenhage. Daardie handskrif bevat 13 pragtige akwarelle en ook nog 'n *Joernaal eener Landreize naar de Saldanha en St. Helena Baayen in de maand Mey*, 1804, waaraan die goewerneur en sy Aide-de-Camp, HENDRIK CLOETE van Constantia, en JACOB VAN REENEN almal deelgeneem het. Die handskrif is in 1917 deur die heer J. W. IJZERMAN aan die „Koninklijk Instituut” gegee, hy het dit by die firma BRILL in Leiden vir f 100.— gekoop wat dit omstreeks 1915 van Prof. C. M. KAM oorgeneem het. (Prof P. J. VETH en KAM noem dit in hul Bibliographie, Utrecht 1876, p. 75).

<sup>3)</sup> *Penélopé* dl. VIII 1835, pp. 72—96, 97—127. *Onze Eeuw*, 15de jaargang dl. III, p. 396 en dl. IV, pp. 86—107. JOHANNA NABER: „De reis van AUGUSTA VAN UITENHAGE DE MIST door de Binnenlanden van Z. A., 1803—4”.



VAN REENEN. Gehouden en beschreeven door D. G. VAN REENEN. <sup>1)</sup>

DIRK GYSBERT <sup>2)</sup> is gedoop 28 Julie 1754. Hy het as vaandrig in diens van die Kompanjie getree en is op 28 Julie 1776 met ALETTA CATHARINA HURTER getroud. Hij het die pragtige plaas „De Papenboom” of „De Brouwerij” by Nieuwland besit waar die Franse argitek THIBAUT vir hul ’n huis gebou het wat ANNE BARNARD die mooiste „mansion” in die Kolonie gevind het. <sup>3)</sup> Die bierbrouwery wat hy van sy skoonvader S. W. HURTER oorgeneem het, het hom ’n goeie inkomste besorg daar hy die reg verkry het om bier aan al die herberge en taphuse van die stad te lewer. Op sy vernaamste plaas Rhenosterfontein aan die Breede Rivier, distrik Swellendam, het hy ras-perde geteel, met vee en Spaanse en Engelse wolskape geboer. Dit dien vermelding dat die broers VAN REENEN die eerste Afrikaanse boere was wat Spaanse wolskape met Kaapse vetstert-skape gekruis het. Ook die wynbedryf het DIRK bevorder deur goeie wyn te maak en verbeterde Kaapse brandewyn te stook. Daarom lê dit voor die hand dat hy in 1804 onder die Bataafse Republiek tot lid van die „Kommissie ter verbetering van Veeteelt en Landbou” benoem word en in 1812 onder die Engelse regime van die gereorganiseerde „Board of Agriculture.”

DIRK GYSBERT het die rang van Kaptein van die Burgerkavalerie beklee by die verdediging van die Kaap in 1795 en ook in 1806 het hy oor ’n Kompagnie Wynbergse kavalerie bevel gevoer toe die Hollandse gesag vir die Engelse vir die

---

<sup>1)</sup> Deur bemiddeling van die heer N. VAN DEN BERG, Driebergen, Holland, het ek op hierdie onuitgegewe handskrif gekom waarvoor ek hom hier my dank betuig. Dit word uitgegee deur prof. W. BLOMMAERT van die Universiteit van Stellenbosch in die publikasies van die Van Riebeeck-vereniging, waarin besonderhede oor die vonds sal gegee word.

<sup>2)</sup> Vir enkele lewensbesonderhede is ek dank verskuldig aan die toekomstige uitgewer van die Journaal, prof. W. BLOMMAERT. Die res is ontleen aan DE VILLIERS: *Geslachtregister in voce Van Reenen*, GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen II* en P. B. BORCHERDS: *An Autobiographical memoir* pp. 32, 256. My dank ook aan mnr. CHARLY VAN REENEN, Retreat, vir enige mondelinge inligtinge oor die familie.

<sup>3)</sup> Afdruk in Dorothea Fairbridge: *Historic Houses of South Africa*.

tweede maal moes wyk. Hy was 'n warm vaderlander en 'n magtige ondersteuner van die Patriot-beweging. Gevolglik het hy hom onder die Bataafse bewind volkome gelukkig gevoel in die vertroue wat Generaal JANSSENS in hom gestel het. Met sy seun DANIEL het hy die tog na Kafferland meegemaak as gids en soos blyk uit sy joernaal 'n belangrike aandeel gehad in die onderhandelinge met die ontevrede boere en met GAIKA en ander Kafferkapteins op die Oostelike grens. Die probleme van die Afrikaner het hy met ander oë dan die van sy toggenoot-skrywer, PARAVICINI DI CAPELLI, aanskou en met 'n ander pen uiteengesit.

'n Vergelyking tussen die *Journal* van PARAVICINI DI CAPELLI, die in 1803 aangekome Hollandse amptenaar met sy on-hollandse naam, die man wat vreemd staan teenoor al die nuwe in Suid-Afrika, en die *Dag-Verhaal* van die ingeburgerde boer, wat in sy ouderlike huis op Rondebosch 'n suiwer Hollandse opvoeding gehad het, hoe gering dan ook in vergelyking met dié van die aide-de-camp van genl. JANSSENS, laat twee belangrike punte na vore kom. Ten eerste blyk dit dat niteenstaande 'n gevoel van verwantskap die gees van die Hollander en dié van die Afrikaner wat in die sewentiende eeu identiek was, en in die loop van die agtiende eeu aanmerklik gaan verskil het, nou in die begin van die neëntiende eeu reeds onherstelbaar uit mekaar gegaan het; ten tweede blyk dat daar 'n kloof tussen die spreektaal van die Hollander en die Afrikaner gekom het wat hom tot in die geskifte openbaar hoe die Afrikaner ook al tot die beste van sy vermoë suiwer Hollands probeer skrywe. Die *Journal* van DI CAPELLI wemel van gallisismes wat aan die end van die agtiende eeu erg in die mode was, soos „jouisseeerde”, „geavanceerd”, „gedistingueerdste”, „prouveerd”, „geretourneerd”, „preparatoire arrangerementen;” die *Dag-Verhaal* van VAN REENEN is in eenvoudige gemaklike Hollands opgestel, 'n taal wat spore van Afrikaans dra (die geslagte sit hom dwars), maar tog veel digter by suiwer Hollands staan as dié van die reisverhaal van WIKAR.

Dit is in hul verhouding tot die kleurlinge en die sendelinge waarin die verskil die duidelikste spreek. In albei verhale

word teen die begin 'n beskrywing gegee van 'n besoek aan Baviaanskloof (Genadendal), waarin die vreemdeling-standpunt van die verhaal lynreg teenoor die Afrikaner-standpunt van die ander staan. DI CAPELLI was gedrenk in die leer van „vryheid, gelykheid en broederskap,” en in dié van ROUSSEAU, terwyl VAN REENEN, ook 'n oortuigde aanhanger van die Bataafse Republiek, tog die onverskilligheid van die agtiende-euse kerk teenoor die sending wat die Hernhutter-sending, GEORGE SCHMIDT, in die Baviaanskloof nie kon duld nie, nog nie heeltemal ontgroeï het nie. Neerbuigend, uit die hoogte teenoor die boere, beskermend teenoor die Hottentotte, kom die gevolgtrekking van die vreemdeling aan die slot van die beskrywing van hul ontvangs op Genadendal: <sup>1)</sup>

„De boeren zagen misschien liever dat de Hottentotten hun meer dienstbaar en ondergeschikt waaren, en considereeren niet, dat zij oorspronkelijke vrije inwoonders van het land zijn; voornamentlijk schijnt zekere JAN ZWART in dit district woonachtig, hun een kwaad hart toe te dragen. Den staat dezer fondatie zoude met eenige te doene inrigtingen zeer nuttig voor de Colonie kunnen worden en het lot der Hottentotten merkelyk gelukkiger worden.”

Nugter en prakties, uit ervaring gebore, nie altyd simpatiek teenoor die kleurlinge nie, is die mening van VAN REENEN oor die instituut waaroor DI CAPELLI so verruk skrywe. Die Hottentot-kinderkoor van vyfhonderd bekeerlinge, wat die goewerneur en geselskap toesing, dra nie sy ongemengde goedkeuring weg nie. Hulle sing geestelike liederes „met een aandoenlyk stem en veel devotie” maar hulle sou „veel meer nut aan ons land hadde toegebragt met het toepassen en voortteelen van vee.” Die Afrikaner voel hier intuïtief aan dat 'n botsing van twee onverenigbare lewensbeskouings soos gehuldig deur Boer en Philippyn respektiewelik, onvermydelik is: hy sien hoe digter die geselskap by die oostelike grens kom, hoe groter die verwoesting op die plase aangerig deur die inboorlinge, en sy hart bloei vir sy landgenote.

---

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* IV, p. 116.

Albei skrywers is goeie opmerkers en bewonderaars van die natuur, maar die bewondering kom op verskillende maniere tot uiting. DI CAPELLI het orals oog vir die natuurskoon vir die „romantique legging” van Kaaimansgat, die heuwelagtige streek waar hy dikwels moet te voet gaan „tot soulagement der paarden” en om alles „met zeer veel vermaak”<sup>1)</sup> beter te kan aanskou. Ons kry die gevoel dat hy die landskapskildering invleg as versiering sonder om die verband met die ontwikkeling van die menslike drama wat daar om hom afspeel, vas te hou. VAN REENEN sien die omgewing met ander oë: alleen maar die verwoeste plase van sy landgenote, die siektes onder hul vee, die gebrek aan water in die somertyd, die onherbergzaamheid van die streek kan sy aandag blywend boei. Maar waar die ou reisbeskrywers dikwels melding gemaak het van die wondere van Gods skepping, van Sy beskermende en reddende liefde betoon aan die swakke hulpelose skepsels, of gekla het dat Hy hul nie wou „favorisseren”, praat die Afrikaanse aanhanger van die Bataafse Republiek nie van „God” nie, maar van die „Natuur” as die allesoorheersende mag. Aan die slot van die beskrywing van ’n wonderbaarlike redding deur Boesmans laat VAN REENEN nadenkend daarop volg:

„Wij zagen de uitwerking der Natuur op het schitterendste wijze in deze wilden uitblinken, daar zij hun eigen leven waagden en bijna verbeurden om dit van eenen anderen te redden.”

Aan die skoonheid van berge en bosse en riviere is hy reeds gewend, maar byna kinderlik is sy vreugdevolle bewondering vir die skilderagtige van hul stoet, met die gids voorop, wat met kronkels en draaie ry. „Een aangenaam gezigt” vind hy „de gehele Caravanne met schapen, paarden en runderen en al hetgeen bij ons was te zien doorwaaden, en behouden overkomen.” Die grootsheid van die Afrikaanse donderbui, die onverskrokkenheid van die generaal, wat haar verwoestende aard nie ken nie, is vir hom huiweringwekkend. JANSSENS is

---

<sup>1)</sup> GODÉE MOLSBERGEN: Reizen IV, p. 116.

„door het Goddelijk gezigt der zo subiet op de ijselijke donderslagen volgende bliksemstraalen zodanig getroffen, dat hij een geruimen tijd lang in een zwaare reegen in bleef stil staan, om dit aan te zien, zonder in de wagen, die met een goede tent bedekt was, te willen komen schuilen.” Die allermooiste klank is vir hom nie die donder nie, maar dié van die „waldhoorn” waarop die goewerneur blaas tot die berge tot viermaal die eggo repeteer. Magteloos staan hy om hierdie „buitengemeen frappant effect” te beskrywe.

Ons ontmoet allerlei bekende figure in die *Dagverhaal*, veel raker geteken as in die offisiële stuk van DI CAPELLI: Daar is in die eerste plek die generaal self, „die altoos bij deze moeilijke weg de voorste man en de eerste op de hoogste bergen was, lachte dikwils, onder het zugten en klagen dat verscheide onzer deden.” Daar is die Engelse oud-kapitein CALLANDER, „die hier eenigen tijd als een Philosoph geleefd had”. Daar is COENRAAD BUYS, wat sy vlug uit die kolonie na Kafferland toeskrywe aan die vervolging van die vorige goewerment.<sup>1)</sup> Die bewoners van Swellendam maak ewig rusie, die leraar VON MANGER sit in die moeilikheid met ’n groot kerkskuld wat ingevorder moet word voor hy na Holland kan vertrek. Hulpvaardig, begrypend tree die joernaalhouer op as bemiddelaar tussen die rusiemakende partye. Onderhoudend word daar vertel van FREDERIK WERNER, die Graaff-Reinetse burger, wat die goewerneur „mede met eenige klijne stukjes Canon wilde begroeten” en alleen daarin slaag om homself en sy kleinseun te beseer, deurdat die kruit-horing bars. Alles word ewe gemoedelik, ewe simpatiek beskrywe in ’n eenvoudige, helder styl wat goed by die anekdotiese pas.

Van die inboorlinge langs die Visrivier wat met ’n enkele penstreep as lewende wesens voor ons staan, kan genoem word die Hottentot-tolk, Platje, wat „zeer goed Hollandsch, ook kaffers en zijn moedertaal” praat, en die slaaf van JANSSENS, Tronie, wat agter ’n gekweste seekoei aan die

---

<sup>1)</sup> Vgl. G. S. PRELLER: *Sketse en Opstelle — Buys en sy Bure*, p. 103—122.

Groot-Rivier probeer deurswem en sy lewe daar sou gelaat het, was dit nie vir die reddende hande van 'n paar bewoners van die vlakke, die Boesmans nie. Skilderagtig geteken, met 'n prentjie uit die inboorlinge lewe, is die toneeltjie waarin die Kafferopperhoof GAIKA met sy moeder „een corpulente vrouw,” twee vroue van GAIKA, „en nog een paar andere vrouwen — de vrouwen zaten op de kar” — by die goewerneur aangesit kom en soos kinders mooi broodjies bak oor hul vernielsug botgevier op die plase.

Die *Dag-Verhaal* is die werk van 'n man wat oor die landsomstandighede nagedink het en 'n oplossing soek, wat met sy volk meegeleef het, wat by die medelye 'n helder verstand besit het en met praktiese raad aangedui het hoe daar verbetering in die gaos op die grense gebring kon word. Sy wetenskaplike sin, sy gevoel vir orde, juistheid en presiesheid blyk uit die noukeurige opgawes in die teks van alle huise wat afgebrand is en skade aangerig sowel as uit die samestelling van 'n register aan die slot, iets wat selde aangetref word, ook by die beste skrywers van sy tyd.

Sy vrou was intussen gestorwe en op 16 September 1804 is hy hertroude met JOHANNA CATHARINA CRUIJEWAGEN, die weduwee van JACOB PIETER DENEIJS. DANIEL wat mee op reis was, het sy vader die voorbeeld gegee want hy is reeds op die 2de Oktober 1803 met CORNELIA ARNOLDINA DENEIJS, die dogter van sy toekomstige stiefmoeder, in die huwelik getree.

Maar finansiël het dit met DIRK GYSBERT en sy broers wat hul nog minder goed as hy by die nuwe heersers kon aanpas, afdraend gegaan onder die Engelse bewind. Die groot perdetelers het die Engelse smaak vir wedrenne met die gewone nasleep van dinees en bals opgedoen wat op die duur 'n element tot verengelsing en vermindering van vlyt en inkome geblyk het.<sup>1)</sup> Generaal CRAIG het in 1796 van hom gepraat as 'n „gematigde” man, Lord CHARLES SOMERSET het hom in 1826 vleiend genoem „one of the worthiest and most respectable inhabitants of the Colony” maar by sy

<sup>1)</sup> Vgl. BOSMAN: Drama en Toneel, p. 40—41.

dood op 74-jarige leeftyd twee jaar later (1828) op die plaas van sy seun DANIEL in die distrik Swellendam, het hy, die skatryke vooruitstrewende Afrikaanse grondbesitter, 'n insolvente boedel nagelaat. As die Dietse beskawing hom stoflik en maatskaplik wou handhaaf, het dit teen die jaar 1828 toe Engels in die geregshowe ingevoer en Hollands heeltemal teruggedring word, vir die boerebevolking tyd geword, om buitekant die grense 'n nuwe tuiste te soek. In die stad was die toestand 'n tydlang nog rooskleurig maar die ou geslag van Kaapse families, die „aristokratiese” boerestand wat soveel bygedra het tot die ontdekking van die binne-land, die bevordering van die landbou en die instandhouding van die Hollandse gees aan die Kaap, was aan verdwyn en die jonger geslag met ander begrippe vervul. Ons het 'n *fin de siècle*, in alle betekenisse van die woord, bereik.

---

## HOOFSTUK V.

### 'N SATIRIESE DIGTER OOR DIE EERSTE OORGAWA VAN DIE KAAP, SY TEENSTANDERS EN MISTIEKE TYDGENOTE.

---

#### 1. 'N TREURIGE BLADSY IN ONS GESKIEDENIS. HUBERT DIRK CAMPAGNE BEKAMP SY TEENSTANDERS.

Die revolusionêre gees van Europa het ook in Suid-Afrika weerklank gevind. Algemene ontevredenheid en klein opstandjies kenmerk die kwynende bestaan van vroeër heerlikheid van die Oosindiese Kompanjie, waaraan die koloniale aangeleenthede van Nederland toevertrou was. In die tweede helfte van die agtiende eeu is die Kompanjie vinnig op die afdraend, en nieteenstaande die groot geldelike ondersteuning van Staatsweë verleen, stort die hele saak in die laaste dekade van die agtiende eeu ineen en word die Kompanjie by artikel 247 van die grondwet van 1798 ontbind.

Die eerste verowering van die Kaap in 1795 is 'n treurige bladsy in ons geskiedenis.<sup>1)</sup> Die respektiewe rol van die burgers enersyds en van die regering en hoofde van die staande leër andersyds in hul verdedigingstelsel, wat op die oorgawe uitgeloop het, was die natuurlike uitkoms van die kloof, wat daar ontstaan het tussen kompanjiedienare en die gemeenskap van vryburgers, waaroor hul regeer het. Die losse bestanddele van die Suidafrikaanse boerebevolking was nou reeds taamlik tot één groep saamgesmelt; ondanks die onderlinge rusies was daar 'n gevoel van solidariteit. Hulle het saam hul regte

---

<sup>1)</sup> Vgl. P. S. Roux: *Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie (1652—1795)*, Kaapstad, 1925.



en demokratiese beginsels gehandhaaf as die owerheid neigings van tirannie toon. Maar met die burgers saam optree teen 'n gemeenskaplike vyand het die owerheid nie geken nie, in die troebele van „Patriotte” en „Prinsgesindes aan die Kaap.”<sup>1)</sup>

Die Graaff-Reineters wou hul onafhanklikheid beveg en het so ver gegaan om JAN PIETER WOYER na Batavië af te vaardig om die hulp van die Nederlands-Indiese regering in die beroerde omstandighede in te roep.<sup>2)</sup> Onder die invloed van die omwenteling in Europa het Graaff-Reinet hul politieke onafhanklikheid in Februarie 1795 geproklameer, die landdros verja en ADRIAAN VAN JAARVELD as hul kommandant aangestel. Hul voorbeeld wat spoedig deur Swellendam gevolg is, was geen optrede teen die Republiek van die Verenigde Nederlande nie, maar teen die Oos-indiese Kompanjie. In Junie 1795 kies die Swellendammers hul Nasionale Vergadering en ook hùl landdros word oor die grense gesit. Onderwyl moes die Stadhouer in Januarie 1795 vir die verenigde partye van die Hollandse revolusionêre en die Franse troepe na Engeland uitwyk. Op 16 September van dieselfde jaar neem genl. CRAIG besit van die Kasteel in Kaapstad, 'n stad waarin die groot meerderheid van die Hollandse amptenare tot die ondersteuners van die Prins-Stadhouer kon gereken word. Dit hoef ons dan ook nie te verbaas nie dat die fiskaal, WILLEM STEPHANUS VAN RYNEVELD nadat hy daardie regterlike amp in diens van die Oos-indiese Kompanjie bekleed het, onmiddellik in Britse diens oorgaan, „it being General Baird's intention that all the immediate duties of the civil administration should be executed by him under his Excellency's own superintendence and directions.”<sup>3)</sup> Sy onheuse behandeling van JOHANNES DE FREIJN wat as kaptein van die pakketboot *Het Haasje* in oorlog met NEDERBURGH en FRIJKENIUS en VAN OVERSTRATEN (die hoogste gesagvoerders in

<sup>1)</sup> Vgl. C. BEYERS: *Die Kaapse Patriotte*, Kaapstad, 1930.

<sup>2)</sup> Vgl. Een weinig bekende bladzijde uit die Z.A. Geschiedenis, „*Hollandsch-Zuid-Afrika*, 15 Mei, 15 Juni, 15 Juli 1920.

<sup>3)</sup> THEAL: *History of S.A. since 1795* Vol. I p. 147.

Batavië op daardie tydstep), vanuit Batavië die gevaarlike ekspedisie onderneem om die Kaapse patriotte behulpsaam te wees, strek VAN RYNEVELD nie tot eer nie. Vernederend is die ywer van die oorgelope amptenaar, waardig die houding van die gevangene DE FREIJN, wat alle aanbiedinge en alle bedreiginge van die hand wys en botweg weier om die name van die Graaff-Reinsetse burgers te openbaar met wie hy hom in verbinding moes stel as hy nie in hande van die Engelse geval het nie. In 'n soort van *Open Brief* deur HUBERT DIRK CAMPAGNE,<sup>1)</sup> gebore in Tiel, 1763 een van die dienare van die Hollandse gesag aan die Kaap wat tydens die Engelse besetting gevangenskap bo 'n betrekking in die diens van die oorweldigers verkies het, kom 'n lang historiese gedig voor: *Gedachten bij de beschouwing van het voorleeden en toekomstige lot van de Kaap* waarin gewaarsku word teen VAN RYNEVELD *cum suis* wat die vreemdeling binnehaal en hul landgenote in ballingschap stuur.

Toe die Kaap in hande van die Engelse oorgegaan was, is menigeen wat hom nie aan die toestand kon aanpas nie, na Engeland in gevangenis gestuur. Daaraan herinner die lied: „Afscheidsgroet van de Weledele Heren BLOEMENDAAL, COOPMANS, DE SITTER, en VAN BARNEVELD, by gelegenheid van hun vertrek van de Kaap de Goede Hoop in krijgsgevangenschap naar Engeland.”<sup>2)</sup>

Ook CAMPAGNE is in 1796 in hegtenis geneem, toe hy op besoek in Kaapstad was, en na Engeland gedeporteer om daar sy straf te ontvang — vir getrouheid aan sy vaderland. Hy vergewe maar vergeet nie as hy hom later verheug in die heerskappy van die Bataafse Republiek in sy *Gedachten*

„'k Vergeet den kerker niet — 't is waar: doch zal nooit zoeken  
 Zo min als *Neethling* of *Vermaak*  
 Het recht door een oned'le wraak!  
 Wij haaten d' ontrouw van — maar zullen hen niet vloeken.”

<sup>1)</sup> „Gedrukt voor den Schrijver”, Amsterdam, 1802, en opnuut uitgegee in *Hollandsch Zuid-Afrika*, 15 Julie 1920. Oor CAMPAGNE, vgl. ook THEAL: *Hist. of S.A. since 1795*, Vol. I p. 9.

<sup>2)</sup> *Hollandsch-Zuid-Afrika*, 15 September 1920.

Dieselfde gedagte spreek so duidelik uit sy *Memorie en bijzonderheden wegens overgawe der Kaap de Goede Hoop 1795*<sup>1)</sup> waarin Campagne „vastelijk besloten hebbende zelfs aan mijne vijanden dat recht te doen wedervaren 't welk hen natuurlijk komt. Ik zal de vaderlandsliefde en trouw in EGBERTUS BERGH roemen terwijl de Heer WILLEM STEPHANUS VAN RIJNEVELD en meer, in hunne waare gedaante zullen te voorschijn treden; altoos gedenkende aan de woorden van die groote wet: doet niet aan anderen 't geen gij niet wild dat u geschiede.”

Die name van die ontroues word verswyg, maar een uitsondering moet hy tog maak, nl. VAN RYNEVELD, ook as hy sy gevoelens in versvorm oor die oorgawe van die Kaap uitstoot in *Gedachten*:

„Doch zo een RIJNEVELD.... zo listige sijreenen,  
verdrijven door hun tooverfluit  
De waarheid ten gehoorzaal uit,  
Dan sneeft uw welvaart — of zij kruipt op magre beenen!”  
Eischt recht; maar eischt geen wraak, geliefde Kaapenaaren!  
De billijkheid vindt altoos heul,  
't Geweeten strekk' alleen ten beul,  
Voor den Ontheiliger van haardstee en altaaren.”

Dit is hierdie ontroues wat lady ANNE BARNARD so gemaklik in haar strikke gevang het. Deur haar aangename persoonlikheid het sy geweet om hul oor te haal om haar behulpsaam te wees om nog meer „true friends of the Government” te werf. In haar brief van 12 September 1797 aan HENRY DUNDAS, die Koloniale Sekretaris in Londen, maak sy met voldoening melding van haar onderhoud met VAN RYNEVELD:

....though an honest man, he was prejudiced, and if I followed his advice I should keep the friends the Government had already, 't was true; but I should never make any new ones. When I went down the list with him he threw in so many objections to persons whom he called, „disaffected” that I feared none would be left, and said so. Oh' he said, leave it to me, and you shall have at

---

<sup>1)</sup> Handschrif in Ryksargief, 's-Gravenhage, kopie in Kaapse argief.

your parties true friends of the Government.' ,But remember,' said I, ,we are come out here not to call the righteous but sinners to repentance, if I may say so without being profane.' ,Well' he said, ,if you are determined to bring the sheep and goats together in one fold you must take the chance of your party becoming a bear-garden.' ,But I am going to give a ball,' I said, ,mon ami; and music hath charms to soothe the savage breast.' ,He laughed and gave way, and so I had things as I wished" <sup>1)</sup>

Toe die fisikaal tot regter onder die Engelse administrasie bevorder was, het H. D. CAMPAGNE, die digter van die *Gedachten*, die promosie in 'n honende vers besing waardeur ons tot die ontdekking kom dat die Hollandse predikant-familie VAN LIER, en veral die digteres CATHARINA ALLEGONDA, met die oorloper goed bevriend was. Die verengelsings-politiek is vir H. D. CAMPAGNE 'n steen des aanstoets en hy giet sy sarkasme op die voorstanders daarvan uit in *De Bevordering van den Heer Willem Stephanus van Ryneveld* aan Mejuffrouw . . . . VAN LIER. <sup>2)</sup>

„Ik deele, o edle kunstvriendin,  
In 't lot van uwe zangerin:  
Het zelve hemelvuur, dat U heeft aangedrongen,  
Heeft mij . . . 'k had voor uw RYNEVELD,  
Had Phoebus mij bestraald, een staamlend lied gezongen  
En ook mijn lier gesteld.

Dan och! 'k verzink in Uw tafreel  
Door toverkracht van Uw penseel!  
'k Zie beevend mij het lot van Marsyas genaaken!  
Lannoy zwijgt immers als gij zingt,  
En ik, vermeetele! durf nog aan de Cither raaken,  
Daar gij naar lauwren dingt!

Nog eens: mijn Nymph, o kunstvriendin,  
Knielt schaamrood voor uw zangheldin!  
En zal uw RYNEVELD in stilte hulde bieden;  
De bleeke nijd die woed alreeds . . . .  
Geen nood! Uw vriend houdt stand, zijn haat'ren zullen vlieden;  
God, God bewaakt hem steeds.

<sup>1)</sup> Lady ANNE BARNARD: *South Africa a Century ago* p. 26.

<sup>2)</sup> *Holl. Z.A.* 15 Aug. 1920.

Triumph! daar duikt een Seraph neêr!  
 Een hoogre macht beschermt zijn eer.  
 Bloos, nietig weezen! die zijn glorie durft begrimmen!  
 Als alles... als de vriend der deugd  
 Uit 't stof des doods verrijst, zal hij ten hemel klimmen  
 In de ongekenke vreugd....

'k Zie Themis statig uitgedoscht;  
 De schaamle weezen, de weeuw verlost,  
 Zij juichen! Juicht met hun, Gij dankbaare Africaanen:  
 't Is God; die U deez' Gracchen gaf;  
 Wij eeren RIJNEVELD met stomme hartetraanen  
 Tot d'oevers van ons graf!

Van dieselfde spotter, te oordeel na die handskrif en die toon, is die gedig: *De Verwaandheid in Africa*, waarin die opgeblasenheid, die pralerigheid van die Kapenaar bespot word.,<sup>1)</sup> waardeur hy verlei was deur die hoë betrekkinge hom aangebied deur die oorwinnaar.

Die agtiende-eeuse Hollandse amptenare het in die algemeen goed gewet hoe om hul aan nuwe here aan te pas. Sommige soos die gemoedelike PETRUS BORCHARDUS BORCHERDS, die skrywer van 'n belangrike *Memoir*,<sup>2)</sup> het nie uitgemunt deur siele-grootheid nie, maar het andersdenkendes dan ook geen aanstoot gegee nie, nòg in weg, nòg in werk; ander soos VAN RYNEVELD het van hul magsposisie gebruik gemaak om hul landgenote te verdruk en het daarvoor die lof ingeoes van kleurlose landgenote soos BORCHERDS,<sup>3)</sup> sowel as van die vreemde owerheid.<sup>4)</sup> Hy het hul dan ook getrou bygestaan van die eerste môre, 15 September 1795, toe hy met J.J. LE SUEUR die onderhandelinge met genl. CRAIG op Rustenburg (die huis van die Hollandse goewerneurs op Rondebosch) aangeknoop het,<sup>5)</sup> tot aan sy dood. Hy

<sup>1)</sup> *Hollandsch-Zuid-Afrika*, 15 Sept. 1920.

<sup>2)</sup> *Auto-biographical Memoir of Petrus Borchardus Borchards Cape Town 1861* by A. S. ROBERTSON.

<sup>3)</sup> *Memoir* p. 283.

<sup>4)</sup> Ook THEAL is hom gunstig gesind. Vgl. *History of S.A. since 1795* Vol. I pp. 2, 147, 154, 199, 201, en *History and Ethnography*. Vol. III pp. 232, 272, 401.

<sup>5)</sup> Vgl. THEAL: *Hist. & Ethn.* Vol. III p. 272.

was een van die drie regters van die eerste rondgaande Hof wat Kaapstad op 14 Oktober 1811 verlaat het, en sou een van die lede van die „Swarte Ommegang” van 23 September 1812 gewees het as die dood hom nie die vorige maand weggeruk het nie. <sup>1)</sup>

Die vraag kom op of hierdie ywer vir die nuweling moet toegeskrywe word aan 'n gevoel van ergernis teen die Hollandse regime, omdat sy mag as fiskaal in Desember 1793 deur NEDERBURGH en FRIJKENIUS se nuwe sisteem aanmerklik verminder is <sup>2)</sup> of aan 'n werklike vooruitstrewende sin. wat die Engelse meer bevredig het dan die in sy tyd futlose Kompanjie? In 1804 het hy 'n pamflet van meer as honderd bladsye in Kaapstad uitgegee waarin heelwat informasie gegee word oor die poginge wat aangewend is om die veeboerdery te verbeter: *Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, inzonderheid over de Conversie der Kaapsche in Spaansche of Wolgevende Schapen.* <sup>3)</sup>

Saam met P. TRUTER en L. HUIZER het hy die volgende jaar die rapport oor die reis van die Kommissie van Veeteelt opgestel vir die owerhede van die Bataafse Republiek: *Notul of Dagverhaal der Reis en Verrichtingen van President en gecommitteerde Leden uit de Commissie van Veeteelt en Landbouw in de beide Roggevelden, den Hantam, etc.* <sup>4)</sup> Hy het gewee om sy mantel na die wind te draai, het altyd onder die prikkel van die behoefte van die oomblik gehandel en in 1805 was dit wenslik om 'n goeie Bataafse Republikein te wees.

Na sy dood in 1812 het die *Government Gazette* gepraat van 'n onherstelbare verlies vir die kolonie, van verdienstes wat die trots en die roem van die Kaap vir altyd sal bly, van natuurlike grootheid van gees en goedheid van hart. En tog

<sup>1)</sup> THEAL: *Hist. of S.A. since 1795* Vol. I pp. 199, 201.

<sup>2)</sup> THEAL: *Hist. & Ethn.* Vol. III p. 232.

<sup>3)</sup> Een van die oudste publikasies van die Kaapse Pers, 1804. Gedruk in *Ned. Z.-A. Tijds.* Dl. VIII p. 34, 112, 196, 287, 374, 445; Dl. IX p. 100, 193, 279, 366; Dl. X p. 13, 105, 220, 297 vgl. en in THEAL: *Hist. Documenten.*

<sup>4)</sup> THEAL: *Belangrijke Hist. Dokumenten* Deel III p. 324—435.

het 'n Kapenaar die volgende bitter, vlymskerpe grafskrif op hom geskrywe <sup>1)</sup>).

„Here lies in death, who living always lied,  
 A base amalgam of deceit and pride;  
 A wily African of monstrous shape,  
 The mighty Quinibus Flestria of the Cape.  
 Rogue, paramount ten thousand rogues among,  
 He rose, and shone like phosphorous from dung;  
 The wolf and fox their attributes combined  
 To form the odious features of his mind,  
 Where kennelled deep by shame, by fear unawed,  
 Lurked rapine, villainy, deceit and fraud,  
 Hypocrisy, servility, and lust, —  
 A petty tyrant, and stern in every cause he tried,  
 He judged like Pilate, and like Pilate died,  
 Urged to despair by crimes precluding hope,  
 He chose a bullet to avoid a rope.  
 Consistent knave! his life is cheating past,  
 He shot himself to cheat the law at last.  
 Acme of crimes, self-murder crowned the whole,  
 And gave to worms his corps — to fiends his soul.”

In alle Europese lande was die satiriese vers aan die orde van die dag teen die end van die 18<sup>de</sup> eeu en ook ons het nie uitgebly met beoefenaars nie. Met volle erns het die Satirikus CAMPAGNE in sy *Gedachten* gesing van die „braave Reede aan 't hoofd van zijn Pennisten” wat in die raad soos 'n vèrsiende staatsman die vyand die reg van in besitneming wou betwis, van die „eedle du Plessis” wat met 'n paar manskappe Burger-kavallerie die hele Engelse mag meer as twee

---

<sup>1)</sup> Vgl. THEAL: *Hist. & Eth.* Vol. III p. 401 in *Notes on Books*. Dit is te vind in 'n „Reply tot the Report of the Commissioners of Inquiry upon Criminal Law & Jurisprudence by Mr. BISHOP BURNETT, Appendix p. 17, London 1826. Herdruk in *Hollandsch Z.A.* 15 Aug. 1920, uit WILMOT and CHASE: *History of the Colony* p. 238. THEAL: *Records of the Cape Colony* Vol. 33, p. 1—130 bevat die *Report* onderteken deur J. T. BIGGE, W. COLEBROOK en W. BLAIR 1827; *Records* Vol. 23 p. 279 die kommentaar van die fiskaal D. DENYSSEN op hierdie „lasterdig.” Vgl. WILMOT and CHASE: *History of the Cape Colony* Cape Town 1869 p. 239, vir die verklaring van die slavin JOSEPHINE JOENS oorgeneem uit die *Appendix* tot die „Reply” vir v. RYNEVELD se toeëiening van publieke geld vir eie gebruik.

uur teëghou het, van DIRK VAN REENEN, MAURITS en die broers LINDEN. Hy het daarin gesinspeel op die heldhaftige Swellendammers en Graaff-Reinnetters. Maar 'n skimpdigter wat die teenoorgestelde mening toegedaan en klaarblyklik 'n aanhanger van die stadhouderslike regering was, is die opsteller van 'n *Lied ter Eere van de Swellendamsche en Diverse andere helden bij de bloedige Actie aan Muisenburg in dato 7 Aug. 1795.*<sup>1)</sup> Die lied word dikwels genoem as die eerste Afrikaanse poëtiese produk,<sup>2)</sup> omdat die taal van die Swellendammers wat daarin nageboots word, baie op Afrikaans lyk soos ons dit op die oomblik gebruik.<sup>3)</sup> Die digter van die spotlied swyg oor die jammerlike rol wat die amptenare en gereelde troepe gespeel het, maar steek die draak met die hulp wat die Swellendamse burgers aangebied het om hul vaderland te verdedig. Die opstandelinge wat in Junie 1795 hul landdros FAURE verdryf het, 'n „Nasionale Vergadering” en DELPORT as hul kommandant kies, het goed begryp dat die Engelse bewind hul eise nie sou inwillig nie en het daarom besluit om aan die verdediging deel te neem. Met 168 man verskyn kommandant DELPORT by die Kasteel aan die Kaap. Hierop skimp die Oranjeman in sy Lied:

„DELPOORT koos ons tot Commandant, o wee!  
Die kaerel die heeft kriegsverstand.  
Hij schoot, eer ons van huis vertrok,  
Een groote vette bonte bok. O jee, o jee, o jee!”

As die „Kaerel” meen dat die Brit ook so maklik kan neergetrek word soos die „groote vette bonte bok” misgis hy hom deerlik. Met 'n pragtige skimpskeut — „het is geen Assegaay of pijn” — verseker die satirikus die oormoedige kommandant dat hy nie met Boesmans of Kaffers te doen

<sup>1)</sup> *Hollandsch Z.A.* 15 Aug. 1920.

<sup>2)</sup> Vgl. J. J. SMITH: *Gedenkboek Genootsk. van Regte Afrikaners*, p. 34, en F. C. L. BOSMAN: *Drama en Toneel*, p. 58.

<sup>3)</sup> *Ons* word vir wy gebruik, die vervoegingsvorme val weg, b.v. *ons noemt, ons zweer, ons vertrek, hy zweer, ons juig, is vrolyk, ons kan begryp.* Tipies Afrik. uitdrukkinge, b.v. zoo maar, die beste ding, 'n uitroep soos *Ari neef* word gebruik.



het nie, maar met gewapende Engelse. By die eerste skote kies die „helden” die hasepad:

„Kom laat ons nu maar loop en gaan, o wee!  
Wie kan met zulke wapens slaan?  
Ons keer na huys, wat ploegschaar op.  
Dan valt geen Bom op onze kop. O wee!”

Baie skerper nog is die satire in

*Historie van de Kaap zeer krachtig*<sup>1)</sup>  
1795 gebeur 1796

en

Waarachtig  
met droefheid en pret  
in varzen gezet  
door een nieuwen poëet  
zoals ijder één weet.

Hierdie digter wat graag die kolonie in hande van die Bataafse Republiek wou gesien het, lug sy teleurstelling in skerp kritiek en spot oor die heersende toestande ten tyde van die Engelse aanval. Die *Historie* is eintlik die hele geskiedenis van die oorgawe in 'n berymdede verhaal vertel in nie minder as vierhonderdveertig versreëls nie. Die merkwaardige opdrag „aan den Geleerden man” sou 'n skimp op die predikant VAN LIER kon wees, wat my laat vermoed dat CAMPAGNE ook van hierdie *Historie* die vervaardiger is. Hy verseker „den geleerden man” —

„Ik heb al de Grieksche, Latynsche, Fransche, Engelsche en Hollandsche Dichters doorsnuffeld, het fijne er in uitgenomen, mij toegelegd op al het fraaije, altijd de waarheid in het oog gehouden en na zwaare arbeid draag ik u mijn eersteling op; verdiend hij uwe goedkeuring, dan kunnen anderen, hoe veele *Lieren* zij ook mogen torsschen, mijn ontstoken dichtijver geen nadeel brengen.”

Ook die slot skyn daarop te wys dat die ironiese opdrag vir 'n predikant wat hom graag op PAULUS die sendeling-apostel beroep het, bedoel was:

„Gij kunt het uitleggen  
Zo als gij verkiest,”

<sup>1)</sup> *Hollandsch Zuid-Afrika* 15 Aug. 1920.

maar sonder om name te noem lyk dit die rymelaar tog asof die eerste oorgawe van die Kaap 'n geval was nie van:

„Paulus die plant en Apollos die nat maakt, —  
 maar  
 Paulus door zijn verstand, maakt dat *Lucas* <sup>1)</sup> het kwyt raakt.”

Eers toe die kalf verdronke was, die Kaap goedsmoeds oorgegee kom die spyt. Die kommandant-generaal van die troepe, GORDON, word gevind”

„met een goede pistool  
 's Nachts in zijn tuin  
 Met een halve kruin. —  
 Wat blief-je?  
 Als je valt dan leg-je.”

Die gehuurde soldate het hul die ramp minder aangetrek, raas, suip en swier na hartelus en hul

„Zag men in weinige dagen  
 Engelse monteering draagen.”

Toe hulle die land moes verdedig het, het hulle geëet, gedrink en vrolik gewees of soos die rymer dit plat en ru maar raak uitdruk:

„Men zoop en men vrat  
 zich half dik, half zat.”

In verbittering vra die sanger:

„Wie zou niet verwachten,  
 Dat laateres geslachten  
 Met harten en tongen  
 Zouden hebben gezongen  
 Den lof van die braaven,  
 Die er alles aan gaven  
 Tot behoud van hun land  
 Als hun waardste pand?”

---

<sup>1)</sup> Genl. LUCAS het op 17 Aug. 1796 met sy skepe en 2000 man sonder slag of stoot oorgegee. Waar was die dae van PIET HEIN toe hulle soos katte in die wand geklim en soos leeuë geveg het!

Die regering was „een pakhuis vol ruzie” tussen Patriotte en Oranje-gesindes en laasgenoemde het hul gewillig laat beetneem om te glo dat die Engelse Eerste Minister, WILLIAM PITT Jnr., die Engelse vloot uitgestuur het na die Kaap

„Om te neemen als een schaap  
Quansuis onder protectie  
Van de oude Directie  
Met een brief van *Oranje*.

Die bron van satire is teleurstelling en verbittering <sup>1)</sup>.

Na 'n veelbewoë lewe is HUBERT DIRK CAMPAGNE in 1828 in 'n kranksinnige gestig te Beverwijk gestorwe. <sup>2)</sup>

Die dag van die ewige Nemesis waar broers van dieselfde huis nie weet om in liefde saam te woon nie, het aangebreek.

In sy Memorie wat hy vir die publiek geskryf het, maar by ryper oorweging besef het dat die maatskappy nie algemeen bekend sou wou sien nie en dit aan die Burgers gekomiteerdes gegee het, het CAMPAGNE verskoning gemaak vir sy slegte styl en growwe foute met die woorde: „door de wederrethelyke procedures en onrechtvaardigheeden myne ouderen wedervaren welke de totale ruine van ons huis ten gevolge hadden, in myne jonge jaaren die onderrigtingen in onze en veel min in vreemde taalen kunnende genieten, welke de fortuyn anderen in ruime maaten toekende zal dit als verschooning dienen van den slechten stijl en groven fouten, die mea in deze alom zal ontdekken,” Die „foute” wys almal in die Afrikaanse rigting wat die taal betref en die gees wat uit die prosa sowel as uit die spotverse spreek is die van die Dietse Afrikaner. Op satiriese wyse uit hy sy ontevredenheid, sy teleurstelling, sy verdriet oor die oorgawe van die Kaap, die manier waarop die 18<sup>e</sup> eeu hom by voorkeur geuit het as hy verontwaardig was.

---

<sup>1)</sup> Vgl. F. E. J. MALHERBE. Humor in die Algemeen en sy uiting in die Afrikaanse Letterkunde. Amsterdam, 1924.

<sup>2)</sup> Daar het nog van hom verskyn, *Java, zijnde een overzicht van deszelfs waardij en Handel, met betrekking tot Nederland*. Amst. 1815.  
'n Digstukkie, *De zedelijke grootheid*, Amst. 1816.

## 2. SENDELING KONNEKSIES WORD AANGEKNOOP. HELPERUS RITZEMA VAN LIER.

In die moederland self was daar 'n hele seksie wat hul hoe langer hoe meer op Engeland gewerp het vir steun teen die Fransgesinde Patriotte. En nog voor die oorgawe van die Kaap was die grond reeds gebrak deur sendelingkonneksies wat die Kaapse kultuurdraers in Londen aangeknoop het, om die eerste saadjies van Engelse invloed te ontvang. Onder daardie kultuurdraers neem HELPERUS RITZEMA en CATHARINA ALLEGONDA VAN LIER 'n belangrike plek in. Broer en suster het mekaar uitstekend aangevul in hul aangenome vaderland, waar hulle in September 1786 aangekom het om alleen maar deur die dood daaruit weggehaal te word in 1793 en 1801

HELPERUS RITZEMA VAN LIER<sup>1)</sup> is in 1764 in Assen uit 'n deftige stand gebore. Sy vader, mr. JOHANNES VAN LIER, was Ontvanger-generaal van die landskap Drente en sy moeder, ROLLINA JOHANNA HOFSTEDE, was die jongste suster van die beroemde Rotterdamse predikant-digter PETRUS HOFSTEDE<sup>2)</sup>, wat invloed op sy neef se geestelike vorming uitgeoefen het. Op die Latynse skool in Groningen het hy al blyk gegee van 'n buitengewone begaafdheid en sy oom verklaar dat „hij behoorde tot die menschen, welke bij de Romeinen genoemd wierden: praecoquia ingenia — vroegrijpe verstanden.”<sup>3)</sup> Sy vrome moeder het sy begeerte om predikant te word sterk aangemoedig, maar in haar moederlike besorgdheid dikwels die boeke weggesteek waarmee hy tot diep in die nag sy leeslus versadig het. Israelitiese, Romeinse en Griekse geskiedenis, redevoeringe wat hy byna woordelik kon na-oreer, was van jongs af sy liefingstudie. Toe hy in 1779 die skool verlaat, het hy 'n redevoering gehou: *de Laudibus Historiae*, en dit met soveel sukses dat die *Boekzaal der Geleerde Wereld*

<sup>1)</sup> Vgl. *Nieuw Ned. Biogr. Wbk.* IV kol. 914. J. DU PLESSIS: *A History of Christian Mission in S.A.* p. 61—64. J. M. CARTER: *Gesch. der Nederd. Herv. Kerk in Z.A.* p. 29—33. Eerw. A. DREYER: in *Koningsbode-Kersnummer Des. 1932* p. 14 en vlgg. 'n *Beroemde Predikant*.

<sup>2)</sup> J. P. DE BIE: *Het Leven en de Werken van Petrus Hofstede* (1899).

<sup>3)</sup> Uit *Karakterskets* deur P. HOFSTEDE voorin *Eenvoudige Leerredenen* van H. R. VAN LIER (2de druk Amsterdam 1836) en herdruk in *Ned. Z.A. Tijd.* Dl. III p. 404.

2. SENDELING KONNEKSIES WORD AANGEKNOOP. HELPERUS  
RITZEMA VAN LIER.

In die moederland self was daar 'n hele seksie wat hul hoe langer hoe meer op Engeland gewerp het vir steun teen die Fransgesinde Patriotte. En nog voor die oorgawe van die Kaap was die grond reeds gebrak deur sendelingkonneksies wat die Kaapse kultuurdraers in Londen aangeknoop het, om die eerste saadjies van Engelse invloed te ontvang. Onder daardie kultuurdraers neem HELPERUS RITZEMA en CATHARINA ALLEGONDA VAN LIER 'n belangrike plek in. Broer en suster het mekaar uitstekend aangevul in hul aangenome vaderland, waar hulle in September 1786 aangekom het om alleen maar deur die dood daaruit weggehaal te word in 1793 en 1801

HELPERUS RITZEMA VAN LIER<sup>1)</sup> is in 1764 in Assen uit 'n deftige stand gebore. Sy vader, mr. JOHANNES VAN LIER, was Ontvanger-generaal van die landskap Drente en sy moeder, ROLLINA JOHANNA HOFSTEDE, was die jongste suster van die beroemde Rotterdamse predikant-digter PETRUS HOFSTEDE<sup>2)</sup>, wat invloed op sy neef se geestelike vorming uitgeoefen het. Op die Latynse skool in Groningen het hy al blyk gegee van 'n buitengewone begaafdheid en sy oom verklaar dat „hij behoorde tot die menschen, welke bij de Romeinen genoemd wierden: praecoquia ingenia — vroegrijpe verstanden.”<sup>3)</sup> Sy vrome moeder het sy begeerte om predikant te word sterk aangemoedig, maar in haar moederlike besorgdheid dikwels die boeke weggesteek waarmee hy tot diep in die nag sy leeslus versadig het. Israelitiese, Romeinse en Griekse geskiedenis, redevoeringe wat hy byna woordelik kon na-oreer, was van jongs af sy liefingstudie. Toe hy in 1779 die skool verlaat, het hy 'n redevoering gehou: *de Laudibus Historiae*, en dit met soveel sukses dat die *Boekzaal der Geleerde Wereld*

<sup>1)</sup> Vgl. *Nieuw Ned. Biogr. Wbk.* IV kol. 914. J. DU PLESSIS: *A History of Christian Mission in S.A.* p. 61—64. J. M. CARTER: *Gesch. der Nederd. Herv. Kerk in Z.A.* p. 29—33. Eerw. A. DREYER: in *Koningsbode*-Kersnummer Des. 1932 p. 14 en vlgg. 'n *Beroemde Predikant*.

<sup>2)</sup> J. P. DE BIE: *Het Leven en de Werken van Petrus Hofstede* (1899).

<sup>3)</sup> Uit *Karakterskets* deur P. HOFSTEDE voorin *Eenvoudige Leerredenen* van H. R. VAN LIER (2de druk Amsterdam 1836) en herdruk in *Ned. Z.A. Tijd.* Dl. III p. 404.

van hom gewag gemaak het as „een zeer uitmuntend jongeling”.<sup>1)</sup> Dat hy vanaf sy sesde jaar die Franse taal magtig was, is vanselfsprekend vir wie in die oog hou dat daardie wêreldtaal in die loop van die agtiende eeu die moedertaal, hoewel maar tydelik, heeltemal kom verdring het.

Aan die Universiteit van Groningen waar hy as student in die teologie ingeskrywe het, het hy hom toegelê op wiskunde, wysbegeerte en die Oosterse tale. Op agtienjarige leeftyd is hy tot meester in die Vrye Kunste en Doktor in die Filosofie bevorder na ’n openbare verdediging van sy *Dissertatie in qua disqueritur qualem necessitatem voluntati creaturarum intelligentium flatum morale divinaque praescientia adferat*. Die vorige jaar het hy reeds naam gemaak met ’n verhandeling: *Over het algemeen en bijzonder gebruik der Aerostatische machines en de verschijnselen die dezelve ons kunnen opleveren*.<sup>2)</sup>

In Utrecht het VAN LIER sy teologiese studies voortgesit en hy word in 1785 na die gewone ondersoek op die lys van die kandidate vir die heilige bediening ingeskrywe. Hy het in Holland ’n beroep ontvang, maar het die aanbod van die Oos-indiese Kompanjie aangeneem: om hom as leraar aan die Kaap te vestig. Die Amsterdamse Classis wat hom ingeseën het, het hom bestem vir Swartland (Malmesbury), maar toe word MEENT BORCHERDS op versoek van die Kaap na Stellenbosch verplaas en VAN LIER maak uit die staanspoor so ’n goeie indruk dat hy nie slegs die vakature opvul nie, maar dat die goewerneur CORNELIS VAN DER GRAAFF en sy Politieke Raad planne maak om hom die verantwoordelikste posisie in die gemeente aan te bied. Ds. C. F. FLECK het hom op 15 Oktober 1786 bevestig as derde leraar van Kaapstad en hy het sy amp vanaf sy plegtige intreerede met gloeiende ywer bekleed. Met die hoogste lof skryf die Kaapse Kerkraad aan die Amsterdamse Classis oor „de eerstelingen van den arbeid deeses jongen, of teffens welbegaavden en eiverigen leraars”.<sup>3)</sup> Drie jaar later skryf hy self aan die Classis dat

<sup>1)</sup> Vgl. *Boekzaal* 1779, II 101.

<sup>2)</sup> Uitgegee by LUBBARTUS HUISINGH, Groningen 1789.

<sup>3)</sup> SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I No. 154 p. 538 (21 Okt. 1786).

hul rus en vrede geniet, dat hy daarin slaag om siele te wen „maar helaas! er is ook overvloedige stoffe om te treuren. Dartelheid, hoogmoed, pracht, ongeloof, vertoonen zich meer en meer openlijk”.<sup>1)</sup>

By sy drukke werksaamhede en ondanks sy swak gesondheid vind hy nog tyd vir wetenskaplike werk. Die Haagse Genootskap ter verdediging van die Christelike godsdiens het gereeld prysvrae uitgeskryf en die van 1790 is deur die Kapenaar VAN LIER behaal. Sy verhandeling is bekroon met ’n silwer medalje: *Verhandeling ter aanwyzing van ’s menschen oorspronklike verpligting en den aard der gehoorzaamheid, die Gods wet vordert.*<sup>2)</sup> Die volgende jaar word sy antwoord met goud bekroon oor: *Opgawe der beste middelen om den gemeenen man het belang van den Godsdienst te doen gevoelen en hem ter verkryging van rechtmatige begrippen omtrent dezelve bevorderlijk te zijn.*<sup>3)</sup>

Sy briewe aan die classis Amsterdam is niks anders as offisiële berigte na die moederland nie, en bevat slegs ’n enkele persoonlike sinspeling op sy eie gemoedstoestand of op die toestand van die kolonie waarin allerlei tekens van korrupsie VAN LIER op die naderende end van die Kompanjie moes gewys het. Maar sy private Latynse korrespondensie met die Engelse predikant, JOHN NEWTON van Olney, in 1789 werp heelwat meer lig op sy gemoedslewe en op sy vriendekring. Op die publikasie van die korrespondensie het hy niks teë gehad nie maar alleen op voorwaarde dat sy naam, woonplek en stand sou verswyg word. Die Engelse digter WILLIAM COWPER, ’n lidmaat van NEWTON se gemeente, het die vertaalwerk gedoen en so het „Christodulus”, die naam waarmee die briewe onderteken is, se merkwaardige outobiografiese korrespondensie die lig gesien onder die titel: *Power of Grace, illustrated in six letters from a minister of the Reformed Church to the Rev. John Newton.* Die briewe wat algemeen bekend geword het, bevat geen teologiese betoog of ’n uiteensetting van

<sup>1)</sup> SPOELSTRA : *Bouwstoffen* I, No. 161 p. 565.

<sup>2)</sup> Vgl. *Verhandelingen* van die Haagsche Genootschap, 1791.

<sup>3)</sup> Vgl. *Verhandelingen* van die Haagsche Genootschap, 1792.

een of ander leerstelling nie, maar verskaf gewoon enige besonderhede uit sy lewensloop en die verhaal van sy bekering. JOHN NEWTON was 'n skitterende lig onder die „Evangelists” in Engeland en met hierdie rigting het VAN LIER hart en siel gesimpatiseer. Hy vertel dat die godsdienst nie veel by hom in aanmerking gekom het toe hy nog die skool besoek het, nie maar toe hy siek word, het sy gewete hom verskriklik gepla. Na sy genesing het hy op die Universiteit maar weer die ou gang gegaan en behaer geskep in die voer van allerlei skerpsinnige twisgesprekke en die lees van romans en verdigselfs waarop hy verslinger was, met die gevolg dat hy aan die hele bestaan van God gaan twyfel het. Met sy ouers kom hy in botsing omdat dit nog steeds hul wens was dat hy hom op die studie van godgeleerdheid sou toelê waarvoor hy nou 'n afkeer gekry het. 'n Tweede siekbed is nog nie in staat om hom tot bekering te bring nie, maar dan kom die groot verdriet wat hom louter en verdiep, — die dood van sy verloofde oorstelp hom met droefheid, sodat hy begin te wanhoop of hy sy studie sou kan voortsit of ooit weer enige troos of rus vind. Uit die diepte van sy ellende smee hy om verlossing, hy ondervind 'n vernuwing van gemoed en word 'n herbore skepsel. Dan volg die bewyse vir die egtheid van sy bekering en vir 'n verandering in sy lewenswyse. Een van sy eerste dade is om hom te gaan versoen met twee mense met wie hy in trotse wraaksug op nie al te vriendelike voet gelewe het nie en die vriendskap word weer aangeknoop. In die vervolg sou hy teen *alle* mense een en dieselfde ongeveinsde liefde koester, een en dieselfde gees van sagmoedigheid en weldadigheid, bewys. De belofte in sy Latynse briewe gemaak, het „Christodulus” gehou.

Hieruit vloei voort sy sendingwerkzaamheid en sy verwantskapsgevoel, met die sending-vriende in Londen, waar tien jaar later die Londense Sendinggenootskap tot stand sou kom; en dit ses jaar voor die kolonie vir die eerste maal in Engelse hande oorgegaan het. In sy preke het hy dikwels gewaag van „het groot bevel” in Markus 16 : 15, 16 en hom moedig uitgelaat oor die reg van elke mens, „hoe wild, hoe onkundig, hoe snood en misdadig ook,” op die stem van die



Evangelie. Hierdie preke wat verskillende drukke beleef het, is vir die eerste maal in 1796 uitgegee onder die titel: *Een Verzameling van Eenvoudige Leerredenen aan die Gemeente van de Hoofdplaats van Kaap de Goede Hoop ter gedachtenis toegewijd door haar medeleeraar Helperus v. Lier*<sup>1)</sup> drie jaar ná die dood van die skrywer. Ons lees in sy „Aan den Lezer,” onderteken „Cabo de Goede Hoop den 10 Augustus 1792”, die begeerte van die geleerde prediker om hom aan te pas by sy onontwikkelde Kaapse gehoor:

„Geleerdheid zou men hier vergeefs zoeken. Al konde ik zou ik echter niet durven geleerd prediken; ik predik, om verstaan te worden; en verre het grootste deel mijner toehoorders bestaat uit ongeleerde en eenvoudige lieden, die mij nauwelijks verstaan, wanneer ik meene mij „zeer klaar en duidelijk te hebben uitgedrukt.”

Van sy kant was daar aanpassing by sy gehoor, maar ook opheffing van hul peil van beskawing. Hy sien hoe dat die opvoeding van die jeug verwaarloos word deur gebrek aan onderwys en dit was veral deur sy toedoen dat in 1791 'n poging aangewend word om die Hollandse skoolwese te verbeter en 'n Franse en Latynse skool hier op te rig waar die leerlinge wat die lus en die bekwaamheid gehad het, hul kon bekwaam vir die studie aan die universiteite in Nederland. Daarby sou die kerk wat aan 'n jammerlike gebrek aan proponente ly, baat vind meen die leraar.<sup>2)</sup> Hy het ook alles in sy vermoë gedoen om die jong Afrikaner JAN CHRISTOFFEL BERRANGÉ in 1788 na Holland weg te help, waar hy aan die Leidse Universiteit in die teologie opgelei is om later op Swellendam en in Kaapstad diens te doen. Van die ander Afrikaners wat, dank sy die bemoediging van VAN LIER, vir hoër onderwys na Europa vertrek het, kan genoem word: A. P. KUYS, die geneesheer P. J. TRUTER, doktors in die regte J. A. TRUTER, J. P. DE WET en M. A. SMUTS.

Die godsdienstige toestand in die buitelandse distrikte het die swaarste op sy hart geweeg en hy rig dan ook 'n ernstige

<sup>1)</sup> Te Utrecht by W. VAN YZERWORST. Tweede druk, Utrecht 1802; derde druk Amsterdam 1834.

<sup>2)</sup> Vgl. SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I No. 163 p. 571 (7 Feb. 1791).

versoek aan die Classis „om de veraf gelegen buiten distrikten in deze volksplanting met bekwaame leeraars te voorzien, die aldaar zo onontbeerlijk zijn, dat er, bij gebrek van dezelve welhaast in die oorden een geslachte zal gevonden worden, dat van de allernoodigste kennis van de eerste grondwaarheden ontbloot, in niets dan in den Christelijken naam onderscheiden zal zijn van de aangrenzende Heidenen.”<sup>1)</sup>

Aan sy versoek is gehoor gegee met die stigting van twee nuwe gemeentes, Graaff-Reinet in 1792 asook Swellendam.

In sy eie gemeente het hy 'n hele omwenteling in die uitoefening van die leraarsamp veroorsaak. Vroeër predikante het die twee of drie uur godsdiensoefening op die Sabbat as hul hoofwerk beskou. Hy daarenteen het korter preke en gebede gegee, maar meer huisbesoek by gemeentelede, meer godsdienstige vergaderinge en veelvuldige aansporing tot liefdadigheid voorgestaan.<sup>2)</sup> Onder sy leiding is daar in 1788 in Kaapstad 'n bid- en werkvereniging gevorm bestaande uit sowat sestig lede wat hul ten doel gestel het om die kleurlinge en die slawe in praktiese Christendom te onderrig. Hierin het die Kaapse dames, waaronder sy suster CATHARINA ALLEGONDA, hom getrou bygestaan. Die stigting van 'n sendingkapel (in 1804 in Langstraat geopen), van 'n weeshuis eweneens in Langstraat en 'n fonds waaruit ou vroue in behoefte omstandighede toelae kan ontvang, is alles filantropiese werk van sy gemeentelede. VAN LIER het self ruim bygedra, want, soos hy aan NEWTON skrywe, hy was goed bedeed met aardse goedere, waardeur hy in staat was om ander te help, ook die kleurlinge, want toe al het ROUSSEAU se kreet oor „le noble sauvage” in die Suidhoek weerklank gevind. Die besoek van biskop REICHEL in 1787 het hom aangespoor tot nog warmer liefde vir die verwaarloosde slawe en Hottentotte. Van die koms van die Morawiese sendelinge, HENDRIK MARVELD van Zeist, DANIEL SCHOUW van Amsterdam en JOHAN CHRISTIAAN KUNDEL van Hernnhut in 1792, om SCHMIDT se werk in die Caledon-distrik weer op te

<sup>1)</sup> Vgl. SPOELSTRA: *Bouwstoffen* I No. 163 p. 571 (7 Feb. 1791).

<sup>2)</sup> Vgl. THEAL: *Hist. & Ethn.* Vol. III p. 308—311.

vat, het hy met vreugde kennis geneem, maar was reeds te siek om hul in die nuwe land touwys te maak.

Die teringlyer CHRISTODULUS skryf aan sy vriend NEWTON dat hy gekwel word met 'n geweldige hoes en swakheid van sy senugestel maar as hy berig ontvang van sy dood moet dit hom nie tot droefheid nie maar tot blydschap stem, omdat die dood in sy geval geen skade maar gewin is. Op 13 Julie 1792 het hy op die preekstoel flou geval en dit was hom 'n teken dat sy einde nie meer ver was nie. Hy het sy emeritaat met behoud van traktement ontvang en die kommissaris-generaal NEDERBURGH en FRIJKENIUS het hom 'n pensioen toegeken. <sup>1)</sup> Dit was „een hartelike begeerte, om aan mijne gemeente, ook na mijn overlijden, nuttig te zijn,” soos hy in die voorrede verklaar wat hom die krag en moed gegee het om sy *Eenvoudige Leerredenen* persklaar te maak. Hy wou dat hierdie geskrif 'n blywende gedenkteken van sy liefde en besorgdheid oor sy gemeente sou wees, wat dit ook inderdaad geword het. Op 21 Maart 1793 is hy oorlede in teenwoordigheid van sy vrou, (sy was 'n Afrikaanse dame, mej. MARIA JOHANNA VAN DER RIET), hul vier kindertjies, sy suster CATHARINA wat by hulle aan huis gewoon het, en sy kollegas SERRURIER en FLECK. Sy werke, die *Eenvoudige Leerredenen* sowel as die *Nagelaten Leerredenen*, <sup>2)</sup> het hom lang oorleef, ondanks hul langdradigheid en een-tonigheid. Tog is die *Leerredenen* van belang vir ons kennis van die preekwyse teen die end van die agtiende eeu en van die styl van die stigtelike lektuur uit die tyd. Die een-tonigheid van die styl van hierdie predikasieboek, die herhaling tot in die oneindige moet ook gedeeltelik verklaar word uit die begeerte van die prediker om binne die begripsvermoë van sy gehoor te bly.

### 3. DAGBOEK-HOUER, MISTIEKE DIGTERES, CATHARINA ALLEGONDA VAN LIER.

Dieselfde toon klink uit die prosa van sy suster, CATHARINA ALLEGONDA, wat ondanks haar swak gesondheid tog meegekom

<sup>1)</sup> Vgl. SPOELSTRA: *Bouwstoffen* II p. 350 Res. 26 Feb. 1793.

<sup>2)</sup> Tweede druk, Amsterdam 1836, met 'n lewensskets deur HOFSTEDÉ oorspronklik in die *Boekzaal* van 1793 geplaas.

het na die Kaap en by hom woonagtig was.<sup>1)</sup> Sy is gebore te Assen op 17 Maart 1768 en was dus pas agtien jaar oud toe sy in die Kaap voet aan wal sit. Soos haar broer het sy die sending 'n warm hart toegedra en was verloof aan die sendeling JOHANNES JACOBUS KICHERER wat ná 1799 'n groot rol in die binneland van Suid-Afrika speel. Hul vriendekring het bestaan uit die Oranjegesinde, oor die algemeen mees ontwikkelde Kapenaars en sy het gou bekend geraak as die „eedle kunstvriendin” in die suidelike halfronde.<sup>2)</sup> Ook sy was 'n teringlyer en reeds in die *Kaapsche Stads Courant* van 24 September 1801 kom die volgende kennisgewing voor:

„Op Dingsdag den 13de October, zullen op het Kerk Plein aan het Huis, laatst bewoond door wylen de Jonge Jofvrouw C. A. VAN LIER, aan de meest-biedende Verkogt worden, een aansienlyke party Huisraad, Goud en Zilver, mitsgaders verscheide goede slaaven, waaronder een compleete snyder en een bekwaame Kok.”

Ná haar dood (1806) het verskyn: *Dagboek, Gemeenzame Brieven en overdenkingen van L. C. Geschreven door wylend Juffrouw Catharina Allegonda van Lier, aan Cabo de Goede Hoop*; en op haar verzoek, by haar leven gedaan, uitgegeven door JOHANNES JACOBUS KICHERER, Predikant by de Hervormde Kerk en zendeling onder de Heidenen in Afrika.<sup>3)</sup> CATHARINA het ons hierin 'n beeld van haar gemoedstoestand, haar innerlike lewe gegee. Van haar aantekeninge aan die Kaap gehou is uittreksels gemaak en die, met 'n paar *Gemeenzame Brieven en Eenzame overdenkingen*, wat sy bestem het om uitgegee te word om so vir ander tot nut en seën te wees, het haar verloofde en hul vriend ds. G. MASMAN, leraar in Utrecht, persklaar gemaak. In die voorberig vertel die uitgewers dat sy op 22 September 1801 „in een leevendig geloof en met een vertrouwende verwagting der zaligheid” oorlede is. Die

---

<sup>1)</sup> Vgl. Dr. A. W. BRONSVELD: *De Evangelische Gezangen* verzameld in de jaren 1803—05. (Historisch-letterkundig onderzoek in voce C. A. v. LIER). Utrecht 1917.

<sup>2)</sup> H. D. CAMPAGNE: *De Bevordering* etc. p. 113.

<sup>3)</sup> Te Utrecht, by WILLEM VAN YZERWORST, Academie-drukkery 1804. Tweede druk 1806.

*Byvoegsel* bevat, benewens enkele *Brieven*, ook 'n verhaal van haar sterwe, meegedeel deur „Juffrouw M. E. S.”<sup>1)</sup> By 'n vergelyking tussen die laaste gesprekke van haar broer wat een van die omstanders gemaak het en hierdie verhaal, word ons getref deur die sterk ooreenkoms tussen die sterfbedscènes. Albei was die mistieke tipe, sy miskien nog in groter mate as hy, en in ekstase en triomf het hul siele die wrakke van liggame verlaat.

Haar hele *Dagboek*, die *gemeenzame brieven* en die *eenzame overdenkingen* is in die vroom sentimentele trant van die agtiende-eeuse epistolografie. Die briefvorm is tipies van die eeu, insgeslyks die matte lome prosa. 'n Beskrywing van 'n gebeurtenis aan die Kaap, van haar ontmoetinge of 'n voorval in haar daaglikse lewe, soek ons verniet in hierdie dagboek. Alles bly ewe vaag. So lees ons op byna iedere bladsy: „Bij het ontwaken viel er iets voor, waarover ik zeer misnoegd was,” of: „Tegen den middag viel er iets voor, waar door, natuurlikerwijze, mijn hart meer van het stof moest worden los gemaakt, en afzien van het schepsel, dat enkel ijdelheid is,”<sup>2)</sup> of: „Gister en van daag kwamen mij verscheidene gevallen voor, die mij overtuigden van de nietigheid en het veranderlijke van al het ondermaansche.”<sup>3)</sup> Wát werklik gebeur het, kom ons nooit te hore nie; ons word alleen maar onthaal op ongemeen eentonige bespieëlinge van 'n vroom gemoed. Waar sy werklik in geestelike ekstase kom, word die prosa lewendiger en herinner aan dié van die middeleeuse mistieke vroue. So kon onderstaande paragraaf maklik deur *Beatrijs van Thienen* of selfs deur *Zuster Hadewych* geskrywe gewees het:

„Tegen den avond mogt ik vuurig bidden: en onder-  
vond, hier onder, de uitnemende liefde mijns Hemelschen  
Bruigoms. Hy kuste met de kussen zijns monds: ik  
zwoer Hem op nieuw hulde, en betuigde hartelijk alles  
wat aan Hem was, gansch begeerlijk te vinden.”<sup>4)</sup>

<sup>1)</sup> MACHTELT SMIT, 'n bekerling van VAN LIER, stigteres van 'n Sondagskool vir slawe kinders?

<sup>2)</sup> *Dagboek* p. 69.

<sup>3)</sup> *Ibid.* p. 83.

<sup>4)</sup> *Dagboek* p. 34.

Ook sy kla gedurig oor sonde en afvalligheid maar die kritikus wat meen dat „zij heeft veel gestreden en gebeden en niet altijd gewandeld in het licht” <sup>1)</sup> neem hierdie klagtes te letterlik op. Die selfbeskuldiging kan verklaar word uit haar swak gesondheid, haar mistieke aard en die sentimentele stroming van haar tyd wat as reaksie op die verstandswerk van die satire en die spotvers sy verskyning teen die end van die 18<sup>de</sup> eeu maak.

Die daaglikse aantekeninge is oninteressant, die swaar-moedigheid en neerslagtigheid werk deprimerend op die leser, met die gevolg dat daar van die grenselose versmading van die lewe en veragting van alles wat menslik is, geen krag of ont-roering meer uitgaan nie. 'n Resensent het al in 1806 van haar werk gepraat as „ongemeen eentonig en bevindelijk” <sup>2)</sup> en haar styl gekritiseer waar sy by voorkeur gebruik maak van afgesaagde, vir die tyd al verouderde uitdrukkinge soos „emmer des geloofs” en „slinger des geloofs”. Gelukkig haal sy in haar *Dagboek* heelwat digreëls aan uit VAN LODENSTEIN, VAN ALPHEN, VAN DE KASTEELE en vermoedelik ook van haarself, wat die eentonigheid van die prosa onderbreek. Baie verdienstelik is haar lied wat een van ons mees geliefde gesange geword het nl. die ag-en-twintigste. <sup>3)</sup> Daar spreek godsver-troue, berusting, diepte van geestelike lewe uit hierdie sang en dit verdien 'n waardige plek onder ons literêre voort-brengsels:

„Moet *ik* steeds met onspoed strijden,  
 'k Ben te vreden in mijn lot;  
 'k Hebb' een' Helper in mijn lijden,  
 Moet ik dan met onspoed strijden,  
 'k Ben te vreden in mijn lot:  
 O! mijn redder is mijn God.”

Is de nood zo hoog gerezen,  
 Dat het nacht is, waar men ziet;

<sup>1)</sup> A. W. BRONSVELD: *Evangelische Gezangen* p. 195.

<sup>2)</sup> Bibliotheek van *Theol. Letterkunde*, Deel IV p. 235. Amsterdam 1806.

<sup>3)</sup> *Dagboek* p. 52.

Echter heb ik niets te vreezen,  
 Schoon de nood is hoog gerezen,  
 Schoon het nacht is waar men ziet,  
 'k Weet wie 't gansch Heelal gebiedt.

In benaauwde en droeve dagen,  
 Vest ik 't oog op God alleen;  
 'k Ga bij Hem om uitkomst vraagen,  
 In benaauwd' en droeve dagen,  
 Vest ik 't oog op God alleen;  
 Hy kan helpen, anders geen.

'k Weet, Zijn woord is Ja en Amen,  
 Zijn beloften faalen niet;  
 Nimmer zal Hij hem beschaamen,  
 Daar zijn woord is Ja en Amen,  
 Die op zijn belofte ziet,  
 En tot Hem om hulpe vliedt.

Ja, in duizend bange stonden,  
 Heeft hij mij getroost, gered;  
 'k Hebb' God altoos trouw bevonden.  
 Ja, in duizend bange stonden,  
 Heeft Hij mij getroost, gered;  
 Acht geslagen op 't gebed.

Zoude ik dan mijn God niet eeren?  
 Ja, mijn ziele, loof den Heer!  
 Zoud' ik niet zijn gunst begeeren,  
 Zoud' ik niet mijn redder eeren?  
 Ja, mijn ziele, loof den Heer!  
 Die U uithielp keer op keer.

'k Wil dan niet meer klagen, zorgen,  
 Maar voldoen aan Gods gebod;  
 Vreezen voor geen' dag van morgen,  
 Bangen onrust, klagten, zorgen,  
 En voldoen aan Gods gebod,  
 Hem beveelen weg en lot.

In Gesang 28 is die sesde koeplet, wat trouwens die swakste in die gedig is, weggelaat, en die sewende sterk gewysig. In al die ander kom ook klein wysiging voor, dikwels geen verbetering nie. Hoe ongunstig die *Dagboek* ook al beoordeel mag word, — gesang 28 het historiese sowel as literêre be-

tekenis. 'n Lied wat waardig gekeur is, om deur die Christelike gemeente in openbare samekomste gesing te word, geniet daardeur 'n groot onderskeiding. 'n Kerklike Gesangboek moet die hoogste en diepste, die heiligste en innigste, wat die hart van die mens kan ontroer, uitdruk. Hierdie lied van CATHARINA bevredig uit godsdienstige sowel as letterkundige oogpunt, wat nie van *alle* gesangverse gesê kan word nie. — Dit het in donker dae die moed van vele verlewendig, die verslae harte opgebeur en 'n verafrikaanste vorm kan dit nie meer ons eie maak as wat dit reeds is nie. In die agtiende eeu het 'n groot aantal bundels stigtelike poësie in Nederland verskyn, maar min daarvan blink uit deur skoonheid van vorm of diepte van gedagte. Dit is die werk van eenvoudige siele wat worstel om vrede, of hul vrolik en bemoedig voel deur die omgang met Christus en daardeur ook ander tot stigting word. Tot die skare het CATHARINA behoort en tog 'n vers gelewer wat uitmunt bo die middelmatige produksie van haar tyd.

Ons Psalme, *Het Boek der Psalmen uit drie berijmingen, in het jaar 1773 gekozen, met de noodige daarin gemaakte veranderingen* is op 5 April 1775 in Suid-Afrika ingevoer, byna terselfder tyd as in Holland. Anders was dit met die gesange. Toe die *Evangeliese Gezangen bijeen verzameld en in orde gebracht in de Jaren 1803, 1804 en 1805*, op 1 Junie 1807 in die Hervormde Kerk in Nederland ingevoer is, was die oorlog tussen Engeland en die Bataafse Republiek aan die gang. In Suid-Afrika is daar besluit om die *Gesange* in Engeland te laat oordruk, en eers op die tweede Sondag van Januarie 1814 kon hul in Suid-Afrika in gebruik geneem word.<sup>1)</sup> CATHARINA se gesang het dus ook „steeds met onspoed” te kampe gehad. Ds. G. MASMAN, dieselfde wat KICHERER bygestaan het in die uitgawe van haar *Dagboek*, was gekommitteer vanweë die Utrechtse sinode na die kommissie onder voorsitterskap van AHASVERUS VAN DEN BERG,<sup>2)</sup> bestaande uit verteenwoordigers uit al die Nederlandse Provinsiale Sinodes

1) Vgl. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Herv. Kerk* I p. 10—11. A. FAURE: *Redevoering bij het Tweede Eeuwfeest* p. 71.

2) Van hom het verskyn: *Bijbelsche historie-vragen 1778*, 'n vraeboek wat ook in S.A. baie populêr was.



wat die gesange byeen gebring het. Op die manier het haar lied in aanmerking gekom vir 'n plek in die *Gesangboek* van ons Kerk en vir die vergetelheid bewaar gebly.

Die plek van CATHARINA onder die digters van die *Gesangboek* word in die ontwikkelingsgang van die Dietse letterkunde as volg aangedui:

„Vijf dichters hebben aan den bundel hare bijdragen geleverd, en twee van deze zelfs goede bijdragen, namelijk CATHARINA ALLEGONDA VAN LIER, die jong aan de Kaap gestorven, niet meer heeft beleefd, dat van haar gesang 28: „Moet gij steeds met onspoed strijden, Christen, treur niet om uw lot,” in den gezangbundel werd opgenomen, en JOHANNA ELIZABETH VAN DE VELDE, geb. HELMCKE.”<sup>1)</sup>

Haar naam ken haas niemand nie, die taalvorm waarin sy haar diep religieuse gevoel gegiet het, dra nie meer die goedkeuring van 'n jong geslag weg nie maar haar lied troos en bemoedig al byna anderhalf eeu die volk wat sy haar eie gemaak het.

Nie alleen die name nie maar ook die verse van die satiriese digters, hoe verdienstelik ook al die Dietsgesindheid van Campagne, het met hul in die graf gedaal.

---

<sup>1)</sup> TE WINKEL: *Ontwikkelingsgang der Ned. Litk.* IV p. 235.

## HOOFSTUK VI.

### KLASSISISME, VERLICHTING (AUFKLÄRUNG), EERSTE SPORE VAN DIE ROMANTIEK.

#### 1. 'N KLASSISTIESE LEERDIG VAN DS. MEENT BORCHERDS, DIE STELLENBOSSE PREDIKANT.

Dieselfde toestande waaronder daar in Kaapstad gewerk en geskrywe word, word ook aangetref op die dorp Stellenbosch en die dorpie Tulbagh. Vanaf die eerste dag van inbesitneming van die Kaap laat die Engelse kultuur sy spore agter in stad sowel as dorp. In 1795 as admiraal ELPHINSTONE binneseil, word die kanonskote gehoor tot in Stellenbosch, en van een seinpos na 'n ander weergalm dit tot op die Tulbagh-berge om die burgery op te roep. Die volgende dag marsjeer die kinders gewapen met bamboesstokke en onder lappe van verskillende kleure, Patriot en Oranjeman, deur die strate van Stellenbosch, tot vermaak van die agtergeblewenes. Hieronder was ook die kinders van die Stellenbosse predikant, MEENT BORCHERDS, 'n man wat net soos die Kaapse predikant-familie VAN LIER, letterkundige aanleg gehad het. Die ingrypende invloed wat die eerste besetting reeds op die kulturele kringe gemaak het, word duidelik weerspieël in die familiekring van *Vader BORCHERDS* soos uiteengesit in die *Memoir* van sy seun PETRUS BORCHARDUS 'n half eeu later.<sup>1)</sup>

<sup>1)</sup> An auto-biographical Memoir of PETRUS BORCHERDUS BORCHERDS, Cape Town 1861. Die lewensbesonderhede oor die vader is ontleen aan die *Memoir*. (Daarvan het 'n onvolledige Hollandse vertaling verskyn deur F. H. OLLAND: Bladen uit de *Memoirs van P. B. Borchers*). Verder aan „Een kort Levensberigt van den weleerw. Heer M. BORCHERDS, in zijn leven predikant te Stellenbosch, aldaar overleden den 28 Feb. 1832,” in die *Ned. Z.A. Tijdschr.* Deel IX p. 137, in 1858 herdruk in die tweede druk van *De Maan* van M. BORCHERDS, uitgegee deur sy seun, P. B. BORCHERDS, by VAN DER SANDT & KIE.

MEENT BORCHERDS is in die dorpie Jemgum in Friesland gebore op 3 September 1762. Hy het in Groningen teologie gaan studeer en word in 1784 as derde predikant in Kaapstad aangestel. Kort ná sy aankoms in 1785 is hy getroud met 'n Afrikaanse dame, ALETTA JACOBA DE WIT, uit 'n Kaapse familie uit die tyd van die VAN DER STELS. Die familie DE WIT het die eerste alweie in Suid-Afrika verbou om na Europa uit te voer, waardeur hulle skatryk geword het. Op sy versoek, vermoedelik om gesondheidsredes, word ds. MEENT BORCHERDS in September 1786 na Stellenbosch verplaas en bearbei ook die Drakensteinse gemeente en dié van Hottentots-holland. Dikwels het hy sy kinders van sy geboorteland vertel, van sy moeder, van die groot brand, wat hul huis verwoes het en hom verplig het om sy studie haastig te voltooi en na 'n nuwe vaderland te vertrek om haar te kon ondersteun. Toe hy heeltemal ingeburger was op Stellenbosch, het hy die huis met „Het Alziend Oog”, „La Gratitude” op Stellenbosch gebou in Kaaps-Hollandse styl. Die oog in die portiek was vir ds. BORCHERDS die sinnebeeld van Gods waaksaamheid en in die naam lê sy dankbaarheid vir seënninge in die nuwe land, 'n loot van die oue waarvoor hy soveel liefde gekoester het.

Maar die band met die moederland was verbreek en as Prinsgesindes is sy familie een van die eerste om hul na die nuwe meesters te oriënteer. Die Britse aanvoerders word gehuisves by sy skoonouers in Kaapstad waar sy seun PETRUS groot behae skep in die skouspel van die Engelse soldate „moving in bodies like red ants.” En in dieselfde huis het PETRUS kennis gemaak en saamgewerk met JOHN BARROW, die berugte skrywer van *Travels in Southern Africa*,<sup>1)</sup> die man wat met P. J. TRUTER, die Afrikaanse geneesheer se dogter getrou het en tog geen geleentheid verby laat gaan om die Afrikaner te beklad nie.<sup>2)</sup> Van nou af word die kinders van die Hollandse predikant met die kind en nefie van admiraal sir HUGH CHRISTIAN en die seun van generaal FRASER, deur die Engelse „tutor” wat saamgekom het, dr. DOLLING,

<sup>1)</sup> Londen 1804.

<sup>2)</sup> Vgl. H. LICHTENSTEIN: *Reizen*. Vgl. GIE: *Geskiedenis vir S.A.*

'n man wat geen stom woord Hollands geken het nie, in een en dieselfde Hollandse pastorie op Stellenbosch saam Engels en Latyn geleer. Die statige gepruikte Hollandse meester, GEORG KNOOP, het hul in sy dorpskooltjie die Hollandse taal geleer lees en skrywe, die Heiddelbergse Kategismus en Hellenbroek daarin gedreun, maar dit bly meer geluk as wysheid dat PETRUS, die leerling van DOLLING, 'n enkele Hollandse vers in sy in Engels geskrewe *Memoir* onvertaald weergegee het.

Die seun lig ons in oor die Hollandse letterkundige voortbrengsels van sy vader. So hoor ons van 'n natuurgedig *De Maan* waarvoor die inspirasie waarskynlik gekom het „on a fine evening, at the little summerhouse, or at the beautiful clear stream behind his favoured dwelling,” want ds. BORCHERDS was 'n groot bewonderaar van die Afrikaanse natuur: „his attention was fixed on the starry heaven at night, and at the wonders of the earth, and he often contemplated them to the honour of the Creator and His Almighty power.”<sup>1)</sup> Ons hoor ook van 'n lied ter ere van die oprigting van die eerste drukpers:<sup>2)</sup>

„When in 1800, the first printing press was introduced into this colony, he produced a poem, thankfully received by the original „Society to promote Agriculture, Arts and Science,” established under the patronage of the Governor; and also another entitled *De Maan* (The Moon), and these were the first literary productions of the Cape Press”

Veel belangstelling was daar nie in ds. BORCHERDS se ontboeseminge nie en hy het later dikwels geklae oor 'n erbarmelike gebrek aan leeslus by die Afrikaners. Maar die belange van die pionier lê dan ook in die praktyk van die lewe, nie in die dinge van die gees nie. As daar eenmaal 'n drukpers is, stel hy meer belang in die aankondigings van slaweverkopings en markberigte as in poësie of toneel. Daar moes geveg word om 'n bestaan of in selfverdediging, die land moes bewoonbaar

---

<sup>1)</sup> P. B. BORCHERDS: *Memoir* p. 7.

<sup>2)</sup> Ibid. *Memoir* p. 9.

gemaak word, huise en skure opgetrek word. En in 'n land waar die sonskyn boonop iedereen in die ope lug lok, is dit begryplik dat literêre smaak eers langsaam onder die boerebevolking ontwikkel het.

Voorlopig hou ds. BORCHERS hom tog besig met poëtiese ontboeseminge tot lering en stigting van die gemeente en die klein ontwikkelde vriendekringetjie. Die *Kaapsche Courant* kondig op 24 April 1801 aan dat

„Op Heden is van de pers gekomen Het eerste en Derde stukje van het Leerdigt — de Maan — zijnde de inleiding en de begrafnis van den Grijsaard. Te bekomen aan het pakhuis van den Heer ANTONI in Kaapstad.”

Dat daar g'n groot toeloop na die pakhuis was nie blyk uit sy herhaalde klag later dat die opbrengs nie eens die papier waarop die verse gedruk was vergoed het nie! <sup>1)</sup> Tog was die uitgewers optimisties genoeg om in 1802 die hele gedig *De Maan* bestaande uit vier sange, waarin agtereenvolgens oor die lewensloop, begrafnis en oordeel van 'n grysaard met die digterlike naam van Philander gesing word, uit te gee en die seun het gesorg dat hierdie lettervrug van die vader 'n herdruk beleef het in 1858. <sup>2)</sup>

Die eerste stuk van hierdie „Leerdigt” open met 'n aanroep tot die maan as die

„Bekoorlijk schepsel, dat in d'ongemeeten boogen  
zoo staatig, plegtig, stil, ginds heen drijft voor mijn oogen.”

Die digter gaan gebuk onder droefgeestige stemminge en daarom is die „zilverblank gelaat” hom tot troos. Die stille krag trek sy gees na omhoog as die geraas en gedruis en die aardse gewemel stil is. Hierdie droefgeestigheid, die verheer-

<sup>1)</sup> P. B. BORCHERDS: *Memoir* p. 10.

<sup>2)</sup> Eksemplaar van die eerste druk berus in die Openbare Biblioteek in Kaapstad. In 1858 is dit „Herdrukt naar het oorspronkelijke in 1802 uitgegeven, en destyds de eerste Lettervrucht in de Kolonie” by VAN DE SANDT DE VILLIERS & KIE. met 'n kort *Levens Berigt* deur P. B. BORCHERDS.

liking van die gedempte lig, die voorliefde vir die eensaamheid, die troosteloos neersink in stille weedom is kenmerkend vir die sentimentele rigting van ROUSSEAU wat as 'n reaksie op die rasionalisme, die verstarring van die klassisisme van die agtiende eeu gekom het. Die klassisisme van CORNEILLE, RACINE, VOLTAIRE en BOILEAU met sy *Art poetique* het blywende grootse dinge voortgebring, maar in Holland slegs navolging, leë holle klank sonder innerlike lewe; dor en duf is die voortbringsels van *Nil Volentibus Arduum* waaronder die Frans klassisisme in Holland tot bloei kom. Die klassisisme het uit die Renaissance ontwikkel, maar in die agtiende eeu totaal uitgedroog totdat ROUSSEAU 'n eie rigting en karakter aan die nuwe Renaissance gegee het wat deur die hele Wes-Europa tot ons Suidhoek toe versprei het. Dit is nie soos in die sewentiende eeu 'n vrye studie van die oudheid wat die vernuwing bring nie, maar die gevoel van die mensheid soos dié tot selfbewustheid gekom het. Self-analise is aan die orde van die dag en dit veronderstel 'n sekere mate van rypheid. Die individu gaan homself belangrik beskou, sy eie gevoelslewe en gedagtegang haarfyn ontleed. Dit is begryplik dat hierdie drang na selfontleding in die loop van die eeu sou uitloop op sieklike oordrewe leed en vreugde, op 'n uitrafeling van eie sieletoestande, op 'n blindstaar op die probleme van die dood. <sup>1)</sup>

Ook ds. BORCHERDS staan voor die probleem of die Heelal miskien bevolk sou wees met skimme, „de rijpe vrugt” waarvan ons maar „onvoldragen dragt” is. Met sy verstand probeer hy deurdring in die geheimenisse van die geesteswêreld, kom tot die gevolgtrekking dat oorsprong van mens en gees identiek is en „wij rijpen op als gij voor 't rijk der eeuwigheeden.” Naïef peins hy of die engele miskien soos voëls „bij het licht der Maan soms op en needervaren,” en of hul miskien wesens van gelyke beweginge as ons is:

„Hoe gaat het, klimt gij op? of zweeft ge derwaards aan?  
Of vliegt ge snel, gelijk een straal, langs Hemelpaên?  
Of moogelijk wandeld gij, gezellig op naar boven.”

---

<sup>1)</sup> Vgl. J. PRINSEN: *Handboek* p. 441.

In dié geval sou hulle miskien self sigbaar wees aan die bewoners van die maan — 'n gedagte wat nie as „schranderse beuzelingen” moet verwerp word by nadink oor die oneindigheid van die Skepping nie! In die ontledende, die poging om deur te dring tot die kern van die saak, die yskoue redenering, die gladheid van die versmaat hoor ons die 18<sup>de</sup> eeuse klassisis wat tog ook as hy diep onder die indruk van die groot Skeppershand kom, sy ontroering in 'n aangrypende beeld kan vasgryp:

„ — en 's grooten Scheppershand,  
Heeft stad bij stad alom door 't ruim heelal geplant.  
God stroyd zijn waerelden daar heenen als de sterren.”

Maar sulke glansende goudstippeltjies is seldsaam. Al te dikwels swyg die digter en bly die redenaar aan die woord — hy sou immers 'n leerdig skrywe waarin geen heersende ondeug ongeskilder sou bly nie, tot ewige skrik en afsku vir die lesers. Die ongodsdienstigheid en die diepbedorwe sedes kom eerste aan die beurt, daarop volg die nyd en die arglistigheid van die menslike geslag wat MEENT BORCHERDS tot retorika prikkel waarin hy die baasretoriker SENECA self na die kroon steek. Dit is asof ons 'n naklank van VONDEL hoor, maar dan VONDEL op sy swakste, waar die groot sewentiende eeue Romein 'n verwoesting laat aanbring het in sy mooi-voelende kunstenaarstalent:

„Maar welk een spook staat ginds zo aaklig gift te braken?  
Het is de nijd! die al wat loflijk is gaat laken,  
Tweetongigheid, blaast aan haer zij' feniyn'ge reen,  
Gelijk een adder 't gift, bedektlijk om zich heen.  
D'arglistigheid, met al het schriklijk schoon der slangen  
Omkleed, wind looslijk zig door honderd schuynsche gangen,  
Tot dat z' al schuifelend, is aan haar doel geraakt,  
En 's naastens val heeft onvermijdelijk gemaakt.  
Veelkleurig-bont; zo als zij zig het eerst vertoonde,  
Wanneer d' onnozelheid in 't paradijs nog woonde,  
Verrascht zij menigmaal ook zelfs een waakzaam hart.”

In werklikheid kan dit niks anders wees nie as 'n navolging van een van die tientalle Fransklassisistiese stukke wat in

Nederland vertaal, bewonder en nagevolg is in die agtiende eeu, hoewel enige dramas van VONDEL vermoedelik op die rakke van die Stellenbosse predikant sou kon gestaan het.

Aan die slot van die eerste stuk moet die Mammondienaars dit nog gewaar voor die sanger die ryk van die ondeug en bedrog vaarwel sê en die silwer maan hom voorlig na die „rijk der wijsheid,” na „t gebied der reeden.” Van die verstand, die rede verwag die klassisis alle heil. In die ontwikkelde Europese kringe het daar 'n vaster bewuswording gekom wat sterk in die literêre kuns geopenbaar word. So het deur die geweldige invloed van LESSING 'n kuns ontstaan wat gedra word deur die Logos, 'n klassiek wat as basis het die wysgerige, logiese denke naas dié waarin die gevoel klop. Die grysaard PHILANDER kom self aan die woord in die tweede stuk. In die rustige tuin „met eig'ner hand beplant” waar hy tot maanlig-mymeringe gestem word, herdenk hy sy tagtigjarige lewensloop. Dan is dit asof ons CATS in sy *Tachtigjarige Leven* (1656) hoor. Die beeldspraak is ewe smaakloos en souteloos. Smakeloosheid is ook een van die eienaardighede van die Fransklassisisme b.v. by HUYDECOPER en FEITAMA met hul telkens terugkerende aansprekingsvorme „halsvriendin”, „bedgenoot”, „tweede leven”. By ds. BORCHERDS heet die bruid ook „mijne rib, mijn Eva!, mijn vleesch, en been van mijne beenen.” Allerlei moralisasies en uitweidings oor die moeders wat afwyk van die pad deur die natuurwette voor geskrewe, die waarskuwing dat die natuur self „op 't zeerst uw dwaaze kieschheid wraakt”, herinner aan die sewentiende-eeuse sedepreker en sedemeester, maar is tege-lykertyd 'n uiting van die agtiende-eeuse aanbidding van die natuur en die voorgewende veragting van die kultuur. Onder heel veel leë gepraat kom af en toe tog 'n kragtige forse tekening voor of selfs 'n enkele reël wat pakkend is. Die stramme liggaam van die ou man „schijnd reeds aan den stoel gewend” waarop hy sit en peins oor die storms wat oor hom geloei het:

„Hoe meenig onweers buy is langs mijn grijzen kop,  
Niet huilend heen gongst, of stiet zich dreigend op  
Dien zilverhairigen kruin, verschrikkelijk in stukken.”



As 'n silhoeët teen die bleek skynsel van die maan teken MEENT BORCHERDS ook die moeder wat haar kind voed, dieselfde seun „die thans de steun zijt van mijn ouderdom.”<sup>1)</sup> Maar „op die lente van hul vreugde het die lanfer van hul rou” gevolg. Eers word PHILANDER aangetas deur 'n swaar siekte waarvan hy genees dank sy die liefderike versorging en die vurige gebede van sy familie — 'n ongeval wat hy vergelyk by 'n skone herfs ná die eerste woeste buie uitgeraas en verbygetrek het. Daarop volg die barre onherbergsame winter — ELOISE, sy „hartvriendin”, sy „zusterlijke ziel” (terminologie van die agtiende-eeuse klassieke dramas) ontval hom deur die bleke dood.<sup>2)</sup> Oor die velde van herinnering kom sy soms teen middernag in drome tot hom weer. In die maanlig wag die grysaard verlangend op so 'n terugkoms en ongemerk breek sy lewenskoord:

„Het groote grondrad van des leevens borrenput  
Stoot zig in stukken.”

Deur die alles-vormende hand van die Godheid word die grysaard, nou 'n kind in die geesteswêreld, tot volkomenheid gevorm „van vouw tot vouw” tot hy uiteindelik weer met ELOISE verenig word maar dan voor die troon waar daar geen skeiding meer sal wees nie.

Vorm sowel as inhoud en toon van die tweede stuk is dié van die „Romance” wat die agtiende-eeuse digters so graag beoefen het. Dit moes die skyn wek van 'n objektiewe vertelling, maar is niks anders as 'n subjektiewe gemymer oor lewe en dood. In PHILANDER en ELOISE is MEENT en ALETTA BORCHERDS maar al te deursigtig geprojekter.

Was die tweede stuk tog nog meer verhalend, die derde, *De Begraafnis* sluit nou aan by die bespieëlinge van die eerste. SOPHRON, „die oudste van PHILANDERS vrome spruiten,” merk op dat die maan iets van haar helderheid verloor het, dat sy „als met een rouwkleed wierd omhangen” en dan kom hy tot die ontdekking dat sy vader die tyd met die ewigheid

<sup>1)</sup> nl. PETRUS, die skrywer van die *Memoir*.

<sup>2)</sup> Grieselig van juistheid is die voorspelling. ALETTA JACOBA is inderdaad voor hom gestorwe.

verwissel het. Daar is sentimentaliteit in die somber reëls waarmee die digter die smart van die gesin teken maar tog treffend is die toneeltjie, 'n skilderspenseel waardig, waarin die getroue ou huiskneg sy „tranenloze smart” uitstort oor die heengaan van die meester:

„Een oude huisknegt zelfs, die nauwliks meer kon gaan,  
Een ELIÉZER, die veel jaren lang geleeden  
PHILANDER had gediend, komt waggelend aangetreden,  
En uit al stamelend, met een gebroken hart,  
En wankelende stem, zijn tranenloze smart.”

Die skrywer van die *Memoir* vertel dat die vader, hier PHILANDER, die gewoonte gehad het om allerlei natuurverskynsels aan sy kinders uit te lê, en hier laat die digter by monde van SOPHRON 'n uitgerekte gefilosofeer volg oor die probleme van die dood en die lewe. By die graf word die lof van PHILANDER gesing deur vriend en maag aan wie hy menige nuttige les uitgedeel het, en van die moontlikheid gewag gemaak dat sy gees en dié van die vroeër reeds gestorwe ELOISE vergunning mag kry om:

„...Soms eens nae omlaag te dalen,  
En bij deez grafspelonk, hier eenzaam rond te dwalen,  
Of in het schaduwrijk des bleeken doods, misschien  
Het overblijfel van u selv te liggen, zien.”

Die somber doodsgedagtes, die bespieëlinge oor die hier-namaals, die lofsange by die oop graf, die grieselighede oor verrotte hout, oor as wat met as saamgedruk word, oor wurms knaende aan die lewenlose romp — dit alles is kenmerkend vir die sentimentele rigting in die algemeen en die „romances” van RHYNVIS FEITH in besonder, hoewel die weë, soeterige gedweep van die Hollandse tranedigter tog nie so opvallend by die Afrikaanse is nie. Die klassisis in BORCHERDS het opperheerskappy bly voer maar die sentimentele ontbreek nie.

Die vierde en laaste stuk, *Het Oordeel*, is so onverstaanbaar soos die apokaliptiese visioene self, maar sonder hul gloed en visionêre krag. Die denkbeelde is gedeeltelik ontleen aan Psalm 104, gedeeltelik aan die een-en-twintigste

hoofstuk van die Openbaring van Johannes, albei literêre voortbrengsels van die suiwerste gevoel waarin 'n hoë vlug van die verbeelding te bespeur is. Maar ds. BORCHERDS is in die eerste plek 'n verteenwoordiger van klassisisme, man van die verstand wat die Gees der Wysheid aanroep:

„Kom, daal neer op mijn gedichten,  
Betraal het oog der ziel! help mijn verstand verlichten.”

En met die leerdig sou hy ook die verstand van ander „verlig” met die gevolg dat die poëtiese ontboeseming van sy Bybelse bronne tot verstandsverse afgewater word. Alles in Het Oordeel is in 'n plegtige, verhewe toon gehou, die digter strewe na 'n abstrakte waarheid, maar alle hartstog, passie is daaruit. Die lyn van sy verbeelding styg weer as hy PHILANDER, eerbiedig en bewend van heilige ontsag, sien opvaar tot voor die Goddelike Majesteit. Sy voorstelling van die hemel het verband met dié waarmee ons kennis maak in VONDEL se *Lucifer* wat in dieselfde sferes speel nl. 'n sfeer waarin glinsterende saffiere fonkel, 'n gloed van serafyne rondsweef, van harpgesang en palmgewuif. Daar lees 'n Seraf uit

„...het boek van Gods gedagtenis,  
Al wat er ooit, 't zij goed of kwaad veroorzaakt is  
Door woord of werken die de Grijsaard had bedreeven.”

Die „duisend goede werken” van PHILANDER is tog nie in staat om die weegskaal van die Regter omhoog te hou nie. By die kalvinistiese predikant spreek die skuld en sondebeseft hier duidelik waar hy nie wil hoor van die uitdelging van sy skuld deur 'n hoeveelheid van goeie werke waarin die Rooms-Katolieke priester troos vind nie. Die spanning word opgewek deurdat die Duiwel wat van verre die oordeel aangekyk het, uit sy hok te voorskyn kom en van helse vreugde gryn. 'n Lang vermaning teen die Vyand wat gedurig na sy prooi snak, kan die leerdigter nie onderdruk nie voor hy Satan, deur die tussenkoms van die Middelaar, sien neerstort in die ryk der helle, vloekend en tandeknersend oor die neerlaag. Die Regter spreek die grysaard vriendelik aan noudat die spanning gebreek is:

„Gij hebt o menschenkind! ook wel den band verbroken  
 Der eerste onafhankelĳkheid —  
 Onschuldĳg zĳt ge niet — niet vlekloos heilig — maar  
 Gij hebt gelooft, en God kan nooit zĳn woord verbreken.”

Sy loon in die hemel is groot, hy vind daar die geliefde terug:

„Gaa! reis met Heloise het rĳk der sĳepping door.”

Dit was die silwerstrale van die maan wat die digter tot sang genoop het; nou daal hy uit hoër sferen neer, voel hom nog

„verr’ van behoude reë... al dobbrend  
 Zwervend op ’t vlak dier holle baren,”

maar tog veilig in die vaste geloof dat ook sy lot, presies soos die gange van die maan, deur ’n Hoër Hand bestuur word. Met ’n gewaagde beeld wat dié van die sewentiende-eeuse metafisiese poëte, soos JOHN DONNE, na die kroon steek, maar waarin iets van die huiwering van die nietige mensiesiel teenoor die grootsheid van die Skepper tril, sien hy hoe dat Maan en Mens

„...Zigtbaar aan des Almagts vinger hangen.”

Die taaie klassisistiese leerdig staan ver van ons eeu af, daar sit te weinig gevoel in, ’n enkele geslaagde reël uitgesluit, die bou en die toespelings is te verstandelik uitgedink, maar as kultuurhistoriese monument is dit enig in sy soort.

Behalwe die Bybel en die gesange van SLUITER was FLAVIUS JOSEPHUS en boeke oor die martelare geliefde lektuur in die huis van die Stellenbosse dominee. Van die Duitse lied „Für alle gute sey gepreist” het hy ’n vertaling gemaak wat saans in die huislike kring gesing is, „and this was followed by an evening hymn, composed by the parent in Dutch, in an hour of retirement; it contained sixteen verses.”<sup>1)</sup> In die verslag van die byeenkoms van die genootskap vir Landbou, Kunsten en Wetenschappen op 1 September 1800 staan aangeteken:

<sup>1)</sup> P. B. BORCHERDS: *Memoir* p. 225 en 227. Ek het vrugtelos hierna gesoek. Alle Inligting sal welkom wees.

„Het gedicht ter gelukwensching van het Genootschap, het werk van den Wel-Eerw. Heer BORCHERDS, Predikant te Stellenbosch. Zijn Wel-Eerw. wordt voor dit sierlijk adres bij dezen door den Raad beleefdelyk bedankt.”<sup>1)</sup>

Die aandagesang en hierdie geleentheidsvers het verlore gegaan.

## 2. DIE VERLIGTING (AUFKLÄRUNG) STEUN VIR DIE HOLLANDSE KULTUUR IN SUID-AFRIKA, KAN DIE ALGEMENE GOEDKEURING NIE WEGDRA NIE.

In 1802 word die Kaap teruggegee aan die Bataafse Republiek en generaal J. W. JANSSENS en kommissaris UITENHAGE DE MIST uitgestuur om die ou besitting weer in ontvangs te neem (1803). Ag jaar lank het die Kaap onder Engelse bestuur gesorteer voor 'n Hollandse regering weer aan die bewind van sake kom. Onderwyl het die Engelse taal, gees en politiek vaste voet gekry. Die verengelsing is begryplik in 'n tydperk wanneer die amptenaredom hul spreekwoordelike aanpassingsvermoë so goed beoefen het, wanneer die verengelsingproses so onbewus en ongemerk gegaan het by die godsdienstige leiers, gewoonlik die mees vashoudende groep, behep soos hul was met die bekering van die heidene en fel gekant teen die Franse stroming. Die metodistiese stroming sedert die koms van die eerste sendelinge van die Londense genootskap, VAN DER KEMP, KICHERER en EDWARDS in 1799, het die koloniste uit die staanspoor òf Engels geöriënteer òf in die harnas geja. En die tydperk 1803—6, merkwaardig in ieder opsig vir die behoud van die Hollandse taal en kultuur, kerklik, opvoedkundig, ekonomies en staatkundig,<sup>2)</sup> was veel te kort om 'n verandering in die geesteshouding ten opsigte van die stamland by die Kapenaar te weeg te bring. DE MIST klae dat dit jare sal duur voordat die Kapenaars weer Hollanders in hul uitkyk sal wees, en ondanks al die verbetering deur hom voorgestel, laat hulle

<sup>1)</sup> Aangehaal uit P. B. BORCHERDS: *Kort Levens Berigt* p. 48.

<sup>2)</sup> Vgl. J. P. v. D. MERWE: *Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803—1806*. SWETS & ZEITLINGER, Amsterdam, 1926.

hul 'n paar jaar later nogmaals inlyf, soos hulle hul laat bevry het, sonder mok of mor, op enkele uitsonderinge na. In die grensdistrikte waar die Voortrekkers vandaan sou kom, was dit anders; daar het die Hollandse driekleur nog drie jaar langer gewaai nadat dit reeds van die Kasteel van Kaapstad verdwyn het,<sup>1)</sup> maar die kultuurdraers in die stad en onmiddellike omgewing kon dit minder skeel dat die Rooi-Wit-Blou vergoed neergehaal was.

Dit is die bloeijare van „vryheid, gelykheid en broederskap,” van „verligting” en „nut van het algemeen”, geestelike strominge en begrippe wat vanuit Frankryk die moederland tot gevaar van verlies van identiteit toe af beïnvloed het en deurgedring het tot in die verste lote van die stam. Ds. BORCHERDS was bitter gekant teen die „Nationale Conventie” en die „Vryheidsboom” en jare later sou hy hom selfs op CONFUCIUS beroep om sy teenkanting te motiveer,<sup>2)</sup> 'n verset wat sy oorsprong het in die totale negering deur die revolutionêre groep van die godsdienssin wat diep in die Hollandse nasie wortel. Van die sekulêre stelsels van die Bataafse Republiek kon hy nie veel heil verwag het nie.

Daar word 'n tak van die *Maatschappij tot Nut van het Algemeen*, wat in 1784 in Holland tot stand gekom het, in Kaapstad opgerig. Die doel van die maatskappy was „om de menschen tot braave burgers te vormen” en te sorg vir moedertaal-onderwys.<sup>3)</sup> Die lede het hul eerste vergadering in Augustus 1803 onder voorsitterskap van J. A. VERMAAK gehou. Die werksaamhede van die dag is afgesluit met 'n vers, tipiese rederykersgeknutsel, maar veral in die slotreël is die vervaardiger interessant as tydspiël:

1) Vgl. S. P. ENGELBRECHT: *Thomas François Burgers* p. 145. DE BUSSY, Amsterdam, 1933.

2) In *Chineesche Ode in Ned. Z.A. Tijdschr.* Deel I p. 126. Ook in *De Merkwaaardige Grot*, Tijds. Deel I p. 348, en *De Levensreis*, Tijds. Deel I p. 23 tree hy op teen die Vryheidsdwinglandy van die Franse. Sien verderop.

3) Uiteengesit deur NICOLAAS VAN ES in *Kaapsche Courant* 18 Junie 1803. Oor moedertaal-onderwys vgl. *Kaapsche Courant* 23 Julij 1803, 30 Mei 1803. Die sekretaris C. L. NEETHLING het die uitnodigings tot aansluiting geplaas in *Kaapsche Courant* 30 April 1803.

„Dit is dan d' eerste Proef om groeijen, bloeijen, leven  
 Aan kunst en wetenschap ook in dit Land te geven,  
 Onttrek uw hulp haar niet, bewoners van dit land!  
 Dan ziet gij eens de landbouw bloeijen,  
 Uw kroost in wetenschappen groeijen  
 Terwijl verlichting hier het onverstand verband.”<sup>1)</sup>

### 3. POGINGS TOT GESKIEDSKRYWING.

Die wetenskap wat MEENT BORCHERDS die liefste beoefen het, was die vaderlandse geskiedenis. Met een voet bly hy staan in die klassisisme van die agtiende eeu, maar van die nuwe belangstelling in die nasionale verlede wat die Romantiek aan die begin van die neentiende eeu bring, is daar ook spore by hom. Suidafrikaanse geskiedenis blyk ds. BORCHERDS, die Oranjeman, se *fort* te gewees het, maar wat hy ons gee is meer Romantiek dan werklikheid. Sodra die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* in 1824 sy verskyning maak,<sup>2)</sup> beraam hy die plan om allerlei merkwaardighede uit die Stellenbosse argief te versamel en in die vorm van 'n *Beschrijving van Stellenbosch* in die tydskrif te plaas. In die tweede deel (1825) verskyn daar vier stukke, nl. oor die ligging van die dorp, die burgerlike en kerklike besture en die skole.<sup>3)</sup> Die geskiedenis word in die derde deel<sup>4)</sup> voortgesit met 'n uiteensetting van die vernaamste gebeurtenisse wat daar plaas gevind het sedert die stigting, soos die opstand van ESTIENNE BARBIER in 1739, die klag van GUSTAAF WILLEM VAN IMHOFF dat die godsdiens in die volksplanting verwaarloos word (1743) deur gebrek aan kerke en predikante, die „algemeenen dank-, vast- en bededag” in 1747, toe die berig kom dat daar wapenstilstand getref is tussen Nederland en Engeland aan die een kant en Frankryk aan die ander, die dood van RIJK

<sup>1)</sup> *Kaapsche Courant*, 27 Aug. 1803. P. B. BORCHERDS: *Memoir* p. 245.

<sup>2)</sup> Gedrukt voor den redakteur, Ter Gouvernements drukkerij. Die eerste serie loop van 1824—43.

<sup>3)</sup> *Ned. Z.A. Tijdsch.*, Deel II pp. 190, 266, 331, 414.

<sup>4)</sup> *Ibid.*, Deel III pp. 53, 121, 205, 294, 374, 432.

TULBAGH in 1771 en die lykrede <sup>1)</sup> wat ds. SERRURIER gehou het, waardeur ons 'n denkbeeld kan vorm van die algemene droefheid wat die sterfgeval destyds veroorsaak het, ens. — dit alles en nog veel meer het hy geskrywe in die loop van die derde jaar van die bestaan van die tydskrif. Die beskrywing word voortgesit tot in die sewende deel (1830), waar dit stomp afbreek by die tweede aanval op die Kaap. Die *Beschrijving* bring ons tot by die trek van die liggewonde LICHTENSTEIN deur Stellenbosch na die slag by Blaauwberg om hom aan te sluit by generaal JANSSENS se troepe in Hottentotsholland en die verblyf van die Engelse ingesetenes van die Kaap op Stellenbosch, waar hulle met die grootste hoflikheid behandel is, meer as gaste dan as krygsgevangenes. Na twee weke was die rus teruggekeer „en men naauwelijks zou gezegd hebben, dat het dorp eenige verandering van dien aard had ondergaan,” <sup>2)</sup> verseker die geskiedskryver ons, bly en opgelug om die vrugte van die „Vryheidsboom” te sien afval en wegrol!

VONDEL het gesing:

„Van een boom scheurt nimmer tak zonder krak  
Zonder zucht en jammerteeken.”

Maar die deursnee Kapenaar het hom rustig, selfs blymoedig aan 'n nuwe heerser onderwerp en die moederland haar gewillig teruggetrek uit Afrika, voorlopig altans. <sup>3)</sup> Die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika het in die Franse tydperk daar en tydens die Engelse besetting hier, so los geword, dat 'n mens versteld staan oor die lamlendige onverskilligheid, waarmee „bloed en bloedverwant” die natuurlike band verbreek het, hoewel die verhaal, as sou die moeder so ver gegaan het om haar kind te verkoop, kragtig weerlê is. <sup>4)</sup> Los, maar heeltemal verbreek was die band nie, want die Hollandse skepe het nog gedurig in die baai gekom en in 1838 is

---

<sup>1)</sup> Afdruk Ned. Z. A. Tijds. Deel III p. 12.

<sup>2)</sup> Ibid., Deel VII p. 278.

<sup>3)</sup> Vgl. H. P. N. MULLER: *De Zuid-Afrikaansche Republiek en Rhodesia*, 1896.

<sup>4)</sup> Vgl. N. MANSVELT: *De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika*, Utrecht, 1902 en Prof. HEERES: *De Kaap verkocht?*



S.K.H. PRINS FREDERIK WILLEM HENDRIK VAN ORANJE op sy terugreis van die Ooste met Oranjevlae en kokarre aan die Kaap en op Stellenbosch ontvang.<sup>1)</sup> Tussen die jare 1845 en 1861 het nie minder as seshonderd persone uit Nederland ons boerebevolking kom versterk<sup>2)</sup>, uit eie krag het die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* die Dietse kultuur 'n tydlang gehandhaaf met ds. BORCHERDS as vernaamste bydraer in die eerste jare van sy bestaan, maar die groot ongelieke kultuurstryd het met die vertrek van die Bataafse troepe in volle erns begin. BORCHERDS sluit sy laaste hoofstuk van die *Beschrijving van Stellenbosch* af vir sover hy gekom het, met 'n lewendige uiteensetting van die ramp, wat die kolonie op 4 Desember 1804 geteister het in die vorm van 'n aardbewing. Hy het die skokke self beleef, die verbystering, wat dit onder die inwoners gebring het, meegemaak en as kenner en liefhebber van die natuur onthuts gestaan by die onnatuurlike vlamrooi, wat soos 'n geweldige brand teen die Drakensteinberge opgestyg het. Sy styl word warm en meeslepend as hy deur die natuurskoon ontroer word; die digter in hom het sporadies wakker geword, ook waar hy geskiedenis skrywe, en nooit vergoed ingesluimer nie. Die skoonheid van sy omgewing het aanleiding tot twee korter sketse gegee, een wat reeds vroeër geplaas is, *De Waterval in den Jonkershoek nabij Stellenbosch*<sup>3)</sup> (1828), ('n vervolgstuk uit die *Commercial Advertiser* van 7 Januarie van dieselfde jaar) en 'n *Beschrijving van de Fransche Hoeks Hottentots Hollands Kloof* in 1830,<sup>4)</sup> die jaar waarin sy swarmoedigheid „bijzonder in de Maand Augustus”<sup>5)</sup> so toeneem, dat hy sy werk moet staak en daar geen vervolg van die geskiedenis van Stellenbosch in die Oktober- en die volgende afleverings verskyn nie.

Ds. BORCHERDS was goed bewus van die feit, dat die geskiedenis van die drosdy Stellenbosch slegs een tak van die algemene geskiedenis van die volksplanting uitgemaak het,

---

1) Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Drama...* p. 5, 339 en 265 en verderop.

2) *Ibid.* p. 5.

3) *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VII p. 48, 120.

4) *Ibid.* Dl. VII p. 180, 276.

5) Vgl. *Levens Berigt* Red. *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 138.

en in 1826 het hy al die vraag geopper of die tyd nie reeds daar was om „eene algemeene geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, niet uit losse geruchten of partiale beschrijvingen van doortrekkende Reizigers,<sup>1)</sup> maar uit de oorspronkelyke Archieven des lands opgemaakt, behoorde beschreven te worden, eer de kennis van de oudste manier van schrijven in publieke documenten, die reeds merkbaar begint af te nemen, geheel zal zijn verloren gegaan.” Hij gee ’n gegronde rede op vir die bestudering van die Vaderlandse geschiedenis, wat ons politisie en regeerders kan ter harte neem: „althans men zoude bezwaarlijk heden ten dage, in de meeste verlichte en beschaafde deelen van Europa, een enkel voorbeeld weten aan te wijzen, dat iemand, in meer of minder gewigtige betrekkingen, had ondernomen een land van die uitgestrektheid en dat belang als deze Volksplanting nu reeds is geworden, en bovenal van zulk een zeldzaam te zamen gestelde bevolking, te regeeren en bestieren, zonder deszelfs *algemeene geschiedenis* te kennen; en door dezen fakkel voorgelicht, het aannemelyke of onaannemelyke, het bruikbare of onbruikbare, het nuttige en schadelijke van deszelfs oude en nieuwe wetten en inrigtingen, met al derzelve waarschyjnlyke gevolgen, voor de toekomst te kunnen beoordeelen.”<sup>2)</sup>

Hierop het die redakteur in ’n noot geantwoord, dat die weleerwaarde heer, wat reeds die oorkonde van Stellenbosch opgespoor het en met soveel noukeurigheid aan die publiek meegedeel het, die geskikte persoon was om hom aan die taak te wy; hul nooi hom daartoe uit en hoop, dat hy vir die onderneming die nodige krag sou vind „waardoor ons niet alleen, maar ook de nakomelingschap een’ wezenlyken dienst zal worden bewezen.” Gevolglik het hy van 1828 af stof begin versamel uit die argief van die kolonie vir die *Algemeene geschiedenis*. Op die Koloniale Sekretarie het hy die nodige materiaal gesorteer, verlot gekry om dit na Stellenbosch mee te neem,

---

<sup>1)</sup> In sy skets *De Merkwaaardige Grot*, *Ned. Z.A. Tijds.* Deel I p. 183, 184 verdedig hy die koloniste teen die verslae van die reisigers waarvoor hy in ’n noot deur die Redakteur, ds. A. FAURE, op die vingers getik word.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Deel III p. 211.

„ontstofte het reeds verouderde kleeed van den Grondlegger der kolonie, den verdienstelijken VAN RIEBEEK, en hij onttrok der vergeetelheid ten minste de eerste jaren (van 1652 tot 1673).”<sup>1)</sup> Die eerste hoofstuk van die tweede boek beginnende met die jaar 1662, waarin hy VAN RIEBEECK se *Instructiën en Memoriën* aan sy opvolger ZACHARIAS WAGENAAR behandel, het in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* van 1826 verskyn onder die titel *Algemeene geschiedenis der Europeesche volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop*.<sup>2)</sup> Die res van die geskiedenis het waarskynlik in die pen gebly.

Die tydskrif het 'n groot skat van boustowwe vir 'n algemene geskiedenis bekend gemaak soos die *Dagverhaal van den Wel-Ed. Heer Jan van Riebeeck, eersten Gouverneur van de Kaap de Goede Hoop*,<sup>3)</sup> die *Bijdragen tot de Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*<sup>4)</sup>, wat „Africanus” gehoop het, sou „van eenigen dienst zijn voor den Geschiedschrijver, die ondernemen mogt eene algemeene Geschiedenis dezer Volksplanting in het licht te geven,”<sup>5)</sup> die *Beschouwing over de Veeteelt, Landbouw, Handel en Finantie, van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, in 1805, door wijlen den Wel-Ed. Hr. W. S. van Rijneveld, in leven President van den Raad van Justitie alhier*<sup>6)</sup> om maar enkele te noem. Die belangstelling was daar, die eerste spitwerk gedoen deur hierdie geslag, wat nog in Holland opgevoed was, hul seuns daarheen gestuur het en deur hul tydskriflektuur in nou kontak met die vastelandse strominge gebly het.

Die klein groepie Hollandse *elite* het aanvanklik 'n gelywaardigheidsgevoel met die Engelse gehad, vrymoedig die Hollandse kultuur naas dié van die vreemde heerser gestel. Hul seuns kom terug uit Leiden en Utrecht, die middelpunte

<sup>1)</sup> In *Kort Levensberigt* p. 49 verklaar P. B. BORCHERDS, dat 'n gedeelte daarvan „verkort gedrukt is in *The South African Journal* van 1830.”

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Deel V p. 347—354.

<sup>3)</sup> *Sten* p. 5.

<sup>4)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 23, 197, 296, 364, 443.

<sup>5)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 373.

<sup>6)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VIII p. 34, 112, 196, 287, 374, 445. Dl. IX p. 100, 193, 279, 366, Dl. X p. 13, 105, 220, 297.

van geleerdheid en wetenskap, en van buite af word die Hollandse kultuur versterk deur die koms van nuwe kragte. So het uit die familiekring van BORCHERDS, JOHANNES DE WET, vader van mevr. KOOPMANS—DE WET, in 1817 in die regte gaan studeer en hom 'n paar jaar later (1823) as advokaat in Kaapstad gevestig. Onmiddellik begin hy stof versamel vir sy nagelate manuskrip: *Beknopte Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop, sedert de stichting der Volksplanting in 1652 tot 1804.*<sup>1)</sup> Hoe noukeurig wetenskaplik die Afrikaner leer ondersoek het in Holland, blyk uit die feit, dat advokaat DE WET uitsluitend uit die beskrywings in Kaapse argiefstukke 'n plan van Kaapstad teen die end van die sewentiende eeu kon opstel, waarin byna geen afwyking was met dié, wat op las van SIMON VAN DER STEL opgetrek is en wat DE WET nooit gesien het nie.<sup>2)</sup> Minder noukeurig was die werk van die skoolmeester van die Evangeliese Lutherse Skool aan die Kaap, J. SUASSO DE LIMA, wat reeds in 1824 'n *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop* aangekondig het. Die volgende jaar verskyn die geskiedenisboekie, bedoel vir skoolgebruik in Suid-Afrika.<sup>3)</sup> Onnodig skerp het die tydskrif hom daarvoor uitgelaat as 'n „kreupel geschrijf... beneden alle critiek”<sup>4)</sup> heel waarskynlik, omdat hul die skrywer nog te partydig vir lord CHARLES SOMERSET beskou het.<sup>5)</sup> Volkome waar is dit, dat die groot Afrikaanse geskiedskrywer nog op hom laat wag het, maar dit het gelyk asof hy met ds. BORCHERDS digteby was en spoedig sy verskyning sou maak.

Toe kom die bedrywigheid van die negrofiele. Dr. PHILIP se *Researches in South Africa* (1828)<sup>6)</sup> het tot gevolg gehad 'n komitee van ondersoek van die „House of Commons” in

---

<sup>1)</sup> Jare later vir die pers klaar gemaak deur dr. J. J. KOTZÉ en uitgegee by J. C. JUTA & KIE. 1888. Die „Voorrede” bevat 'n kort lewensskets.

<sup>2)</sup> Vgl. THEAL: *Chronicles of Cape Commanders*, 1882, Preface IV.

<sup>3)</sup> By Bridekirk, Kaapstad 1825. Sien verderop.

<sup>4)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. II p. 438. Sien verderop.

<sup>5)</sup> Vgl. THEAL: *History of S.A. 1795—1854*. THEAL sê die boekie „was prepared to suit the views of Lord CHARLES SOMERSET.”

<sup>6)</sup> In twee dele, by JAMES DUCAN, Londen, 1828.

1835 en die aanstelling as Suidafrikaanse geskiedskrywer van 'n Engelse see-offisier, DONALD MOODIE, wat nog eers die taal moes gaan leer om „the enigmatically written quaint old Dutch documents” te ontsyfer en daarmee Engeland in die oë van die wêreld te rehabiliteer. <sup>1)</sup> Die *Tijdschrift* het sy Dietse stem teen die *Researches* laat hoor, <sup>2)</sup> maar die stem het algaande swakker geword en uiteindelik geswyg.

Ons het gekom by die groot insinking van die belangstelling in die nasionale verlede, veroorsaak deur die onderdrukking van die taal en die verengelsingspolitiek van die owerheid, wat so skrikbarend toeneem in die veertiger, vyftiger jare, dat daar van Afrikaanse geskiedskrywing uit Afrikanerstandpunt geen sprake meer is nie. Voor die sintetiese samevatting, die uitgebreide beskrywing berustende op manuskripbronne, kon kom, moes heel wat voorbereidende werk gedoen word en daarin het ds. BORCHERDS 'n loflike voorbeeld gegee, maar van die grootste betekenis is dit, dat sy hart op die regte plek was. Hy beperk die materiaal na sy Hollandse aard, kom op teen die beskuldiging van die reisbeskrywers, bekyk die geskiedenis uit 'n nasionale oogpunt. 'n Argief het 'n eeu gelede nie bestaan nie. <sup>3)</sup> Die dokumente was in 'n gaos en hy het desnietemin geen tyd of moeite gespaar om hul te sorteer en te verwerk nie. Hy het gebruik gemaak van drukwerke in die vorm van reisbeskrywings soos b.v. dié van PETER KOLBE: *Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop* vir sy beskrywing van Stellenbosch, op sy eie geheue vertrou en by ander geïnformeer, maar daarnaas tog ook insae gehad in en geput uit die outentieke stukke vir die land se geskiedenis. Hy gee 'n menigte onbelangrike voorvalletjies, dwaal maar al te dikwels af, maar die feite en die kronologie is by hom nooit in die war soos by DE LIMA nie. Beter nog

<sup>1)</sup> Vgl. I. D. BOSMAN: *George McCall Theal* p. 2.

<sup>2)</sup> *Ned Z.A. Tijds.* Dl. VII p. 218, 373.

<sup>3)</sup> Vgl. I. D. BOSMAN: *G. McC. Theal* p. 1. *Oor die Kaapse Argiefwese*, vgl. C. GRAHAM BOTHA: a) *Brief Guide to the Various Classes of Documents* (1652—1806) in the Cape Archives. Cape Town, 1918. b) *Report of a visit to various Archives Centres*. Cape Town 1921. c) *Die Openbare Argiewe van Suid-Afrika* (1652—1910), Kaapstad 1928.

as daardie skoolmeester het hy geweet om verband te bring tussen die Kaapse en die Europese geskiedenis, tussen die hede en die verlede in sy historiese geskifte vir sover sy werk gaan. Die verband het hy met 'n sprekende beeld verduidelik in die historiese verhaal: *De Merkwaaardige Grot*<sup>1)</sup> waar hy na aanleiding van die lot van NAPOLEON die vergelyking maak: „Gelyk de uitbarsting van eenen vulkaan niet alleen alles, wat in deszelfs omtrek ligt, aandoet maar ook zelfs ver afgelegene landstreken, zoo kon ook deze uithoek, door deszelfs betrekking op Europa in het algemeen, en deszelfs moederland in het bijzonder, niet onaangedaan blijven.”

Die vaderlandse geskiedskrywer het ook historiese ver- hale geskryf, waarin die kunstenaar meer tot sy reg gekom het.

#### 4. ANDER PROSA EN POËSIE VAN MEENT BORCHERDS.

In *De Merkwaaardige Grot* besig hy die outobiografiese vorm en sonder om sy bron te noem, vertel hy van vroeë besoeke aan die Druipkelders, die natuurwonder digby Kaap Agulhas, Warmebad (Caledon), waar die volstruise en zebras en uitge- hongerde Hottentotte rondgeswerwe het,<sup>2)</sup> om ná 'n kwart eeu by 'n tweede besoek van die reisiger in 'n plek van beskawing omgetower te word, waar godsdiensoefeninge op Genadendal tot die sedelike opheffing van die heidene strek. Die grot, wat getuie is van die veranderinge, bly 'n monument van Gods grootheid en onveranderlikheid en bied hom die geleentheid tot bespieëling en vermaning oor die onsekerheid van die menslike vooruitsigte en die ydelheid van die hoop, wat daarop gegrond is. Vir hom het die Kuns middel gebly, middel tot nadere gemeenskap met God, tot stigting, lering en opheffing van andere; eers daarna kon dit ook dien om lug te gee aan wat sy hart ontroer, aan eie innerlike geluk of smart.

Die tendensroman van FÉNELON, *Telemachus* in die ver- taling in versvorm van SIJBRAND FEITAMA (1733) — „dat

<sup>1)</sup> *Ned. Z.A. Tijdsch.* Dl. I p. 180, 260, 348.

<sup>2)</sup> Sy bronne is die reisjoernale in die Kaapse argief, van Commis- saris CNOLL en WILLEM VAN PUTTEN 1710. VAN RIEBEECK Society 1924.

voortreffelijk werk, welker lezing men onze jeugd niet genoeg kan aanprijzen" <sup>1)</sup>, het vir hom die model gebly. 'n Enkele Hoogduitse bundel verse soos *De Christen bij de Grave* (1753) uit ongeveer dieselfde periode as die FÉNELON-vertaling van FEITAMA, het hom so geïnspireer deur die leersame en nuttige beskouing wat dit bevat dat hy stukke daaruit in rymlose verse vertaal het, onder die titel: *Troostgronden voor stervende Christenen*. <sup>2)</sup> In hierdie werk, wat berus op 'n vertoog van 'n Engelse *Spectatoriale* geskrif, moes hy vertroosting gevind het in sy huislike verdriet en 'n behoedmiddel teen naargeestigheid en swaarmoedigheid, wat gedreig het om hom ter neer te druk. *Lucretia's bede om een' Echtgenoot* <sup>3)</sup> van dieselfde jaar (1826) is vol van die bekommernis, wat sy vaderhart vervul. LUCRETIA smee om 'n eerlike, wyse, deugsame minnaar; 'n vleier, losbol, godsdienstspotter, luiaard, vrek, verkwister, dwaas, wil sy nie hê nie; ook „geen Domoor zonder hoofd,

Geen trage botmuil, die, van wetenschap beroofd,  
Mij niets dat nuttig is, of goed zou kunnen leeren,  
Noch mij, noch 't huisgezin, verstandiglijk regeeren.”

Wat haar afgeskrik het is die mislukte huwelike van bekoorlike vriendinne,

„Gestreed door laf gevele, lichtvaardig los van zinnen,  
Ontbloot van Godsdienst, in deez' zedeloozen tijd  
Tot niets dan spel en dans, verstandloos opgeleid.”

Dit is die vaderlike angs oor die ligsinnige gedrag van sy dogter, wat hier geobjektiveer word in 'n glad berymde klassisistiese gedig. Ontroerend sal daardie besorgheid gaan tril in *Een Levensreis*, <sup>4)</sup> 'n leerdig, wat soos die *Telemachus* van FEITAMA die air het van 'n epos, maar in werklikheid deur en deur subjektief is.

Ons het die versekering van PETRUS BORCHERDS dat die stukke, wat in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*

<sup>1)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 263.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 93.

<sup>3)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 148.

<sup>4)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 337, 418; Dl. IV p. 22.

onder die letters E. D. P. gedruk is, uit die pen van sy vader gevloei het en dat hulle kenmerkend is „van zijn verstand en hart en den ijver welken hij bezat om het algemeen van nut te zijn.”<sup>1)</sup> Die tydskrif sou stukke oor onderwerpe van allerlei aard geredelik opneem, soos die geskiedenis van die kolonie, die teenwoordige staat van die land en ander lande, veral Engeland, nuwe ontdekkings op die gebied van die wetenskap, „met mengelskriften over letterkundige, wetenschappelijke, en vooral *Godsdienstige* onderwerpen.”<sup>2)</sup> Dit open dan ook met *Overdenkingen* van E. D. P. *A Jove principium. Aan God*, waarop hy onmiddellik ’n beroep op sy medeburgers laat volg om geen tyd, moeite nog bydrage te ontsien nie, „en denkt *Nil arduum volentibus*, dat is, *Niets is bij eene goede wil onmogelijk.*”<sup>3)</sup> Die Hollandse diggenootskap, in 1669 onder hierdie spreuk opgerig deur die Cartesiaan LODEWIJK MEYER, het die Frans-klassieke rigting teenoor die Romantiese gehandhaaf. Hulle het hul nie enkel tot die letterkundige bepaal nie, maar die lede het ook wetenskaplike en wysgerige voordragte gehou, soos dié van MEYER oor „de natuur der goedheid en quaadheid der dingen.” Hul denksbeelde oor reëls het hulle neergelê in *Horatius’ Dichtkunst op onze tijden en zeden gepast* (1677) en in die berymde *Gebruik en misbruik des tooneels* van PELS.<sup>4)</sup> Gladheid en soetvloeiendheid was hul ideaal en bly dit dwars deur die agtiende eeu vir die verteenwoordigers van die Fransklassisisme, daar sowel as hier, en hier nog tot in die tweede kwart van die volgende eeu.

Behalwe in *De Maan* sien ons hierdie kenmerke duidelik in ’n tweede leerddig van E. D. P. nl. *Een Levensreis*<sup>5)</sup> (1826). Dit is veel korter en minder pretensieus dan sy eerste, lang klassisistiese gedig, bestaan uit drie stukke, waarin die suigingsperiode, die jeug en ryper leeftyd van die mens agter-

<sup>1)</sup> *Kort Levensbericht* p. 49.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds. Programma*, Dl. I.

<sup>3)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* p. 7.

<sup>4)</sup> Vgl. G. A. KRONENBERG: *Nil Volentibus Arduum*, Deventer 1875. G. PRINSEN: *Handboek*, p. 384.

<sup>5)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 337, 418; Dl. IV 22, 112.



eenvolgens behandel word, maar is van ewe veel betekenis vir ons kennis van sy digterspersoonlikheid. Vir die gelowige ds. BORCHERDS is dit Jehovah, wat „'t begin en 't eind der reis voor elken kring en stand” ontwerp, en dit pas die digter om op gevorderde leeftyd sy reis te herdenk en daardeur die nageslag te leer „hoe best de Levensreis kan worden doorgebracht.” In 'n klassisistiese leerdig moet ons geen praktiese wenke verwag nie, nog minder 'n gevoelvolle ontboeseming en hier word ons dan ook half aan slaap gerym oor die grysaard, wat eers 'n kind was, die „duizende van kwalen” waaraan moeder en kind bloot staan, vir die noodsaaklikheid waarvan die wysgeer geen rede kan opgee nie, totdat hulle na die graf gevoer word,

„Waar oud en jong, en rijk' en arme, saamenkomen,  
De meester en zijn slaaf, de vorst en onderdaan  
Hetzelfde lot aan 't eind der reis eens ondergaan.”

In die tweede stuk kom die jeug „'t beste tijdperk aan de sterveling gegeven,” aan die beurt. Die leerdigter maan, dat die lewe 'n droom is, die dood ieder uur wenk. As waarskuwing teen die ligsinnigheid, wat na die verderf voer en die verleiding waaraan die jeug blootstaan, vertel hy van die vreeslike dood „door walgelijk gift verteerd” van sy vriend ORESTES, wat die „vreedzaam stille land” verlaat om hom in die stad in die wetenskappe te bekwaam, daar deur sinsgenot verteer word en in 'n vroeë graf daal. Nog treuriger was die lot van AMALIA, aan wie die jeugdige vriendinne hul moet spieël. Uit hierdie gedeelte spreek opregte diepgevoelde leed; hy kreun in sy vadersmart oor die „pronkjuweel der maagden”, wat deur haar moeder vertroetel en verwen word tot hulle albei „wars van 's vaders raad,” die oorsaak word van die diepste ellende tuis. <sup>1)</sup> Die ligsinnige vrolike, lughartige AMALIA word verlei, die bedrieër weet om ook die vader 'n rad voor oë te draai, lê 'n duisend ede af en verdwyn spoorloos na 'n tydjie, om uit 'n nuusblad te verneem, dat sy slagoffer na die graf gedra is:

---

<sup>1)</sup> Hierdie gedeelte het waarschynlik outobiografiese betekenis.

„En dat de brave man, die haar het aanzijn gaf,  
 Ter zelfder tijd met haar was neergezet in 't graf.  
 Hij had door hartzeer, zij, door schaamt' en spijt, het leven  
 verloren.”

Die „onverlaat” word so geplae deur sy gewete en die angsgedagte, dat „een wreeker van het kwaad, verwoed hem dood zal slaan,” dat hy sy hand aan sy eie lewe lê.

As die leser maar eers gewend is aan die tipies agtiende-euse, verouderde beeldspraak en uitdrukkinge soos „onverlaat,” „in loosgestelde netten”, „levensbeek”, „meer der eeuwigheid”, sal hy die ontroering voel klop in hierdie stuk van *De Levensreis*. Die digter is 'n egte *laudator temporis acti*, die sedemeester, wat sy leser nie die moraal self kan laat trek nie. Waar hy terugkyk op sy eie jeug, toe onmatigheid en „al wat niet betaamt” geweer is, niemand buiten die spoor van eer en deug getrap het nie, is hij hinderlik pedant.

In die laaste stuk, 'n soort heldedig, word die ryper leeftyd van 'n held besing. Dit was die hoogste ideaal van die agtiende-eueur om 'n heldedig of 'n ode te skrywe. ARNOLD HOOGVLIET se *Abraham de Aartsvader* (1727), met sy Vondeliaanse naklank, so beroemd by die tydgenote, het ongetwyfeld op die boekrakke van die Stellenbosse pastorie 'n plek gevind. Die mode-poësie van BILDERDIJK het stellig begin ingang vind. Ds. BORCHERDS, die Oranjeman, kies WELLINGTON en sy kwekeling „Oranje's edle spruit” vir voorbeelde van helde van Mars, maar haas hom om op die skaar van helde van Minerva te wys:

Aan de vlijt der wijzen heeft  
 De gansche maatschappij veelvuldige verplichting:  
 Aan haar is 't Christendom zijn hoogere verlichting,  
 Beschaving, veiligheid, verbetering en al  
 Den voorrang schuldig, die men ras beseffen zal,  
 Wanneer w' ons lot, met dat der Wilden en Barbaren  
 Slechts vergelijken.”

Teen 1826 word hy erken as „Vader Bocherds”, wat nie alleen sy eie gemeente, maar die hele beskaafde gemeenskap aan die Kaap voorgelig het deur woord en geskrif. In 1824 het hy opgetree as scriba van die eerste algemene vergadering

van die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk en daarna ywerig werksaam gewees aan die opstel van die grondwette, waarop die Kerk voortaan sou berus, waaruit sy belangrike *Herderlijke Brief* voortgevloei het, sowel as sy preek *Over de Tolerantie of Verdraagsaamheid*.<sup>1)</sup> Hy verseker die gemeentelede en die lesers van die *Tijdschrift*, dat verdraagsaamheid in die godsdiens nie identies met onverskilligheid is nie. Die scriba het die grootste angs gehad vir wat daar sou volg op louheid teenoor, of spot met die godsdiens, soos nogmaals blyk uit die anekdotes van 'n Engelsman, 'n Duitser, 'n Fransman — „Voltaire dat wonder van vernuft, helaas! Zoo droevig misbruikt” — in *Spotzucht Bestraft*.<sup>2)</sup> Hij was ortodoks in die hoogste graad en het geen verskil tussen Hollandse en Skotse ortodoksie gevoel nie. Daarom het die Scriba geen gevaar gesien in die voorstel op die Sinode van 1824, om die Hollandse kerk met die Skotse te verbroeder en onder Skotse beskerming te stel nie.<sup>3)</sup>

Die vrome leraar het nooit 'n plekkie in sy geskifte vir 'n vrolike vertelling nie. Sy berymde fabel, *De Vos en de Ezel*<sup>4)</sup> met die slotgeestigheid van die esel:

„Ik heb toch geen gekheid ooit begaan,  
Hoe zou 'k dan een *genie* of *geestig* kunnen wezen?”

is soos 'n klein oase in die ernstige lektuur van die tydskrif, waarin die totale afwesigheid van humor so opvallend is, maar ook daar is die eerste begeerte om 'n wyse les te leer in die trant van AËSOPUS, nie om 'n grap te maak nie.

Meer as veertig jaar lank is hy en sy gemeente veilig gelei in die „woestyn,” soos hy dit by die viering van sy veertigjarige predikdiens op 22 Oktober 1826 verduidelik het.<sup>5)</sup> Die Kerk het vir hom nommer een gebly en in sy geskiedkundige

<sup>1)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. II p. 26.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 123.

<sup>3)</sup> Vgl. *Handelingen der Eerste Vergadering van de Algemeene Synode der Ned. Herv. Kerk van Z.A.* p. 18—19. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Ned. Herv. Kerk* I p. 12.

<sup>4)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 150.

<sup>5)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 395.

navorsing en geskifte van literêre aard het hy haar geskiedenis en betekenis nooit vergeet nie. By die hoofstuk uit *De Beschrijving van Stellenbosch* in 1829 het hy twee korter stukkie geplaas: *Republikeinsche Geest der Hollanders, aan de Kaap de Goede Hoop in het jaar 1677* <sup>1)</sup> en *Dood en Begrafnis van den predikant der Kaapsche Gemeente, Petrus Hulsenaer*, albei uit die *Dagverhaal* getrek. <sup>2)</sup> Laasgenoemde bevat 'n interessante mededeling uit die geskiedenis van die Kaapse Kerk.

'n Kort mededeling in die ou manuskripbronne kon sy speursin gaande gemaak het. So het hy in die Resolusieboeke van die Heemrade van Stellenbosch die naamtekening van BAREND BORCHERDS, in 1700 heemraad en kapitein van die burgery, gevind. Dit het hom op die gedagte gebring dat dit sy vermiste oom kon wees, wat deur „sielverkopers” <sup>3)</sup> aan boord van 'n Oos-Indiese skip gebring is en het sy belangstelling in die lotgevalle van die familie BORCHERDS aangevuur. Op aanmoediging van sy kinders het hy van 1812 af 'n familieregister gehou, vir intiemer kring bedoel. Op feesdae word daaruit voorgelees vir die kinders, soos op die laaste verjaardag van sy vrou, Desember 1830, en in die *Memoir* haal die seun dikwels in Engelse vertalings daaruit aan. <sup>4)</sup> PETRUS vertel:

„One of my father's last writings was a description of a flood in 1775, in his birthplace, and details of the ransom, exacted by the French in East Fricia, whereby his parents had suffered considerably.”

Waar die handskrif van die *Register* is, word nie vermeld nie, <sup>5)</sup> maar toe in 1858 *De Maan* herdruk word, het dieselfde skrywer van die *Memoir* daar 'n kort lewensberig, gelukkig in Hollands gestel, voor geskrywe, waarin 'n paar uitvoerige aan-

---

<sup>1)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VI p. 435.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VI p. 436.

<sup>3)</sup> Vgl. *Kort Levens Berigt* p. 56. GODÉE—MOLSBERGEN: *Tijdens de O.I. Companjie* oor „sielverkopers.”

<sup>4)</sup> O.a. *Memoir* p. 171.

<sup>5)</sup> Enige inligting sal welkom wees.

halings uit die *Familieregister* opgeneem is o.a. oor sy ouerlike huis. Die bron van inspirasie vir ds. BORCHERDS se beskrywing van die brand, wat hul huis in Friesland verwoes het, blyk te wees sy blywende liefde tot sy ouerhuis, tot sy „bejaarde, geliefde en brave moeder”, tot sy geboorteland, wat hy telkens met eerbied herdenk. Die prosa blink nie uit deur besondere vormskoonheid nie, maar eenvoudig en direk word ’n voorval vertel; daar sit spanning en klimaks in die verhaal van die brand. By die uitbreek van die eerste gevaar is die student se grootste besorgdheid sy „kleine biblioteek” en dit is hom ’n groot vertroosting om te konstateer, dat die boeke nie in vlamme opgegaan het nie. Veel later snel hy die moeder te hulp „op een bleekveld van een onzer bureu.”

Breedvoerig word die lotgevalle en die aanwas van sy familie aan die Kaap in die register aangeteken, in syfers bereken hoeveel preke en katekisasies hy gehou het, hoeveel kinders gedoop en pare getrou, hoeveel kollektegeld ingesamel, watter „ontelbare weldaden” hy in sy aangenome vaderland ontvang het, waarvoor hy nooit versuim om sy Christelike dankbaarheid in die geykte gebedestyl van sy tyd te uit nie. Die natuurbeskrywing, wat hy gee van Friesland, waar die leurik in die lente sy môregesang laat hoor en „de goudgele boterbloem van verre henen door het groene gras, de goudsbloem mede” hul koppe oplik, is natuurliker en gevoelvoller en daar is ’n tikkie heimwee in aanwesig. As hy die melkkoei hoor loei, word sy natuursiening sterk vermeng met nuttigheidsbegrippe, dit is „als of zij (die koei) verlangde, dat er maar iemand kwam om hare volle uijers te ontlasten van de vette en voedzame melk, die zich in den verledenen nacht in dezelve heeft opgehoopt.”

Hoe mooi ook al die natuurskoon van Stellenbosch, dit het sy jeugherinneringe van sy geboorteland in sy hoë ouderdom nooit uitgewis nie. Die dood van sy vrou in Oktober 1830 was vir hom ’n groot skok en van daardie oomblik af het alle genoeë en alle werk vir hom opgehou. Hy het sy emeritaat verkry, ’n pensioen ontvang en in Februarie 1832 is Vader BORCHERDS oorlede. By sy begrafnis het sy leerling,

sy „jonge Timotheus”, ABRAHAM FAURE ’n plegtige rede gehou. <sup>1)</sup>

Geen twee jaar voor sy dood het hy nog ’n lang gedig vervaardig: *Gedicht over de Volksplanting van de Kaap de Goede Hoop*, wat ná sy dood in die tydskrif gedruk is. <sup>2)</sup> Hierin vind ons bevestig wat meermale uit sy werk blyk, dat nie alleen ’n studie van die geskiedenis hom groot genot verskaf het en byna sy enigste werk in die laaste jare van sy lewe uitgemaak het nie, maar dat hy op gevorderde leeftyd nog ’n warm gevoel vir die skoonheid en vir die digkuns besit het. Die volksplanting sal hy besing:

„De *Kaap de Goede Hoop*, door DIAS ’t eerst ontdekt:  
En haar bevolking is ’t, die mijnen zanglust wekt.”

Die oudste bewoners, die „Ottentoes” kom eerste aan die beurt. Byna alle sketse uit hulle lewe is ontleen aan KOLBE, b.v. die jagtersbedrywe, die danse, die Maanfeeste: <sup>3)</sup>

„Want naauwliks laat dat licht, des nachts, zijn volle stralen,  
Van berg- of heuveltop, op dal en velden dalen,  
Of hoor! daar rijst meteens, een oversterk geluid,  
Van wild’ en woeste vreugd, ten heeschen gorgel uit.”

Die vrome digter laat op die tekening van die heidense fees volg:

„Gedankt zij God! *die nachten zijn niet meer*”.

Naas KOLBE is VALENTYN ’n bron vir hierdie gedig hoewel die vervaardiger tog waarsku teen hul „losse volksgeruchten” en in hoogheidsbesef van die kunstenaar, homself aanmoedig:

„Schrift, schik dan op ’t gelei van uw verbeeldingskracht,  
Dien duistren Chaos, tot g’ uw Dichtwerk hebt volbragt.”

Breedvoerig word die dierelewe geskilder, die tier, die leeu, die renoster, die olifant word in al hul wreedheid besing,

<sup>1)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. IX.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. IX p. 296, 347.

<sup>3)</sup> Vgl. Kolbe se beskrywing van die Maanfees Dl. I p. 494.

lewendig en aanskouelik die jag op hul gemaak deur die Hottentotte, die onderlinge rusies en tweegevegte van die inboorlinge geteken, soos KOLBE dit uiteengesit het.<sup>1)</sup> Dan trek hy die moraal wat in 'n agtiende-eeuse maatskappy sy betekenis gehad:

„O! mogt elk Christenvolk, veel meer dan zij verlicht,  
En onderwezen in de kennis van zijn pligt,  
De afschuwelijkheid, om door zijn wreede *tweegevechten*,  
Zijn twisten en krakeel, bloeddorstig te beslechten,  
Toch leeren inzien! en door deze schilderij,  
Gevoelen, welk een kwaad in 't duelleeren zij!”

Soos KOLBE dit in prosa gegee het, het BORCHERDS die lotgevalle van die volkie, wat VAN RIEBEECK hier kom vind het, op rym verewig. Die *Gedicht over de Volksplanting* bevat:

„Wat mijn Zang-godin, deels door haar eigen kracht,  
Deels ook door vreemde hulp, en 't licht haar toegebragt  
Van vroeger schrijvers, zich heeft kunnen ondervinden.”

Ds. MEENT BORCHERDS was 'n gestudeerde, ontwikkelde, belese man, het daarby 'n digterlike gevoel, 'n literêre neiging, 'n historiese sin en 'n lewendige gees gehad. Die getuienis van sy seun kan die toets van ondersoek deurstaan, dat „he was an ardent lover of poetry and an amateur friend of the muses, and his pen often produced pieces of mental and moral worth; while as a colonial historian, he was meritorious and among the first.”<sup>2)</sup>

---

<sup>1)</sup> Vgl. *Kolbe* Dl. II p. 103, die plaat waarop 'n tweegeveg afgebeeld is.

<sup>2)</sup> *Memoir* p. 9.

## HOOFSTUK VII.

### DIE EERSTE ROMAN IN BRIEWE IN UITING VAN DIE „SENTIMENTELE RIGTING”.

---

#### 1. ENGELSE INVLOED WORD NIE BEKAMP DEUR DIE ORTODOKSE SKRYWER NIE.

Toe MEENT BORCHERDS in 1812 sy *Familierregister* op aandrang van sy kinders aanlê, omdat hy as paterfamilias van 'n groot Afrikaanse kroos dit as sy plig beskou het om iets vir die nageslag te bewaar, het hy tussen die name 'n oorspronklike digstukkjie geplaas: <sup>1)</sup>

„Gelijk de baren van de zee, zoo rollen jaren en geslachten  
Het eene voor, het andere na, voorbij en heen, eer wij 't  
verwachten

Het voorgeslacht zonk weg in 't meer der Eeuwigheid;  
Ons die nu leven is hetzelfde lot bereid,  
En gij! mijn lieve nageslacht! zult eenmaal, op den vloed der  
tijden

Ook na datzelfde grondloos meer uw levensstroom zien henen  
glijden.

Maar in den jongsten dag herleven w' allen weer;  
Dan is de tijd voorbij, dan heerscht de Dood niet meer  
Och! mogt ik allen in Gods gunst u in dat tijdstip zien ont-  
waken,  
En tot des Hoogen Regters troon met mij blijmoedig zien  
genaken;

Want wijl we allen eens gaan sterven, vroeg of spaê,  
Beveel 'k u allen aan, en bid om zijn genaê.”

Die boodskap van die vers — die verganklikheid van die  
indiwidu, die kontinuïteit van die familie (en daarmee van

---

<sup>1)</sup> P. B. BORCHERDS: *Kort Levens Berigt* p. 48.



die volk), is van ontroerende betekenis vir die nageslag. Maar die familie BORCHERDS het ná die dood van die Hollandse vader en reeds voor die tyd ook heeltemal met die stroom meegegaan, dit wil sê — hoe langer hoe meer Engels georiënteerd geraak. PETRUS, die leerling van dr. DOLLING, het dit tot 'n setel in die Hooggeregshof van die Kolonie gebring, so goed het hy aangeskrewe gestaan by die Engelse regering. In die loop van die jaar 1800 het hy verlof gekry om sy posisie as klerkie op die kantoor van die Sekretaris van Stellenbosch, JOHANNES WEGE, te verwissel met dié van joernaalhouer op die reis van PETRUS JOHANNES TRUTER, lid van die geregshof, wat deur die regering gelas was om handelsbetrekkinge met die Kafferstamme buite die grense te gaan aanknoop. Op die reis, wat van 1 Oktober 1801 tot 25 Januarie 1802 geduur het, het hy van dr. WILLIAM SOMERVILLE verder onderrig in Engels ontvang, terwyl die diere en inboorlinge hom van naby getoon is deur SAMUEL DANIEL, wat skitterende illustrasies van Suid-Afrikaanse diere- en inboorling-lewe gegee het in sy bekende werk, wat in Londen verskyn het.

Van toe-af dateer sy meteoriese opgang van die een gewigtige en verantwoordelike pos na die ander. Ander tye, ander tale. Die seun van 'n Hollandse geskiedskrywer-literator hou al in 1801 sy joernaal en skrywe sy *Memoir* later in die taal van die veroweraar.

Op die reis van TRUTER, SOMERVILLE, DANIEL en BORCHERDS, het hulle ds. J. J. KICHERER,<sup>1)</sup> die verloofde van CATHARINA ALEGONDA VAN LIER, so 'n romantiese figuur soos JOHANNES in die wildernis, onder die Hottentotte en Boesmans by die Sakrivier aangetref.<sup>2)</sup> Die band met die classis Amsterdam, wat die predikante uitgestuur het, was verbreek, sonder dat daar iets in die plek gekom het. Via die Londense Sendinggenootskap het die twee Hollanders KICHERER en VAN DER KEMP, die land in 1799 binne gekom, en nie vrede nie maar die swaard gebring. Hulle is geesdriftig deur die Hollandse

---

<sup>1)</sup> Vir sy lewensloop, betekenis as sendeling en skrywer, vgl. A. DREYER: *Hist. Album, Ned. Gerej. Kerk in voce Kicherer*. J. DU PLESSIS: *Hist. of S.A. Missions. I. Colvin* Introduction p. LVIII.

<sup>2)</sup> Vgl. BORCHERDS *Memoir* p. 71, 94, 121—2.

sendelingvriende hier ontvang, na hul „stasies” weggehelp, maar vir hul werk en geskrifte was hul verantwoordelik aan die Londense genootskap, wat hul uitgestuur het. Gebore Hollanders lewer dus Engelse bydraes tot ons sendingliteratuur. Die infame „*Researches*” van VAN DER KEMP (1828) sowel as die romantiese *Narrative of his mission to the Hottentots and Bushmen* (1804)<sup>1)</sup> van die „amiable Mr. KICHERER” wat sy leerlinge KEES en RUYTER „tolerably conversant with the Dutch Language”<sup>2)</sup> gemaak het, sodat hulle as tolke vir die reisgeselskap van BORCHERDS kon dien, behoort nie tot die Dietse geskrifte nie. Die sendelingvriende VAN LIER in Kaapstad, BORCHERDS op Stellenbosch en MICHEL CHRISTIAAN Vos op Tulbagh, was die taal van die veroweraar nie magtig genoeg om heeltemaal aan die vreemde kultuur verslaaf te raak nie. Maar dit het met hul toestemming geskied, dat die nuwe taal en kultuur ’n houvas op die jonger generasie gekry het, omdat hul ortodoksie, in die begin van die neëntiende eeu, nie bewus nasionaal was nie. Daar lê ’n onbetwisbare sentimentaliteit in, wat vreemd is aan die Hollandse aard.

## 2. DIE ROMAN IN BRIEWE.

In die eerste dekades van die neëntiende eeu het die toestand op die dorp Tulbagh enigsins op die van Stellenbosch gelyk, alleen het die sendingywer daar nog heter gegloei, aangevuur deur ’n laat verteenwoordiger van die agtiende eeuse „sentimentele rigting”, skrywer van ’n *Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, als predikant der Hervormde Christelijke*

---

<sup>1)</sup> *Transactions of the London Missionary Society* Vol. II. In dieselfde jaar is dit ook in die Walliese taal uitgegee; die volgende jaar ’n „Extract” in pamflet-vorm by BABSON en RUST gedruk. Onder die titel *Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zijne zending tot de Heidenen* het ’n Hollandse vertaling in 1805 by JOHANNES ALLART die lig gesien. In die Handskrifte-saal Univ. Bibliotheek Leiden is daar twee Hollandse briewe van hom van persoonlike aard, 4 Febr. 1803 en 9 Febr. 1804, aan M. TYDEMA.

<sup>2)</sup> BORCHERDS *Memoir* p. 71.

*Gemeente op onderscheidene plaatsen in Nederland, Afrika en Azië, van zijne Jeugd af tot den tijd van zijn Emeritusschap.* Door hem zelven in den jare 1819 briefsgewijze aan eenen vriend medegedeeld.<sup>1)</sup>

Uit die voorberig verneem ons, dat die briefvorm gekies is vir hierdie lewensverhaal, merkwaardig in alle opsigte, omdat dit „den leeslust te meer opwekken en levendig houden zal”, wat inderdaad bewaarheid geword het. Hierdie vorm in die letterkunde het opgekom met die Renaissance, maar romans in briefvorm dateer eintlik eers uit die agtiende eeu, wanneer die brief nie alleen die gewone voertuig vir gedagte-wisseling word nie, maar selfs as iets aangenaams, ’n soort mode beskou word. In Frankryk skrywe ROUSSEAU sy briewe-roman *La Nouvelle Héloïse*, DIDEROT sy *La Religieuse*, DE MONTESQUIEU sy *Lettres Persanes*, in Duitsland verskyn *Sophiens Reise* deur HERMES, *Die Geschichte der Fräulein von Sternhelm* van DE LA ROCHE, in Engeland RICHARDSON se *Clarissa Harlowe* en *Charles Grandison*, SWIFT se *Letters of a Drapier*; in Nederland pen ELIZABETH POST *Het Land*, WOLFF en DEKEN hul lywige romans *Sarah Burgerhart*, *Willem Leevend*, *Cornelia Wildschut*, alles in briewe en almal in meerdere of mindere mate met spore van sentimentaliteit.

Ook die realistiese kunstenaars kon hierdie gees van hul tyd nie ontsnap nie.

Deur sy lang Europese verblyf kon die Afrikaanse romancier verskeie van hierdie werke in hande gehad het en gemerk het hoe geskik en gewild die vorm was vir ontboeseming en karaktertekening. Die outobiografiese vorm bring fyn skildering van die gemoedslewe en die outobiografie is altyd tot op sekere hoogte ’n poging tot regverdiging van ’n verbygegane lewe. Dit bring die skrywer se oordeel oor bepaalde persone en hul lotgevalle, en die vorm is geskik vir die sederoman. Aan albei het ons skrywer behoefte gehad, aan blootlegging van sy eie gemoed sowel as aan kritiek op die handelwyse van sy tydgenote. In die kader van

---

<sup>1)</sup> Amsterdam, A. S. SAAKES 1824. In 1911 het prof. J. DU PLESSIS ’n nuwe uitgawe besorg by H.A.U.M., Kaapstad.

sy tyd gesien, is dit inderdaad 'n „merkwaardig verhaal” van 'n merkwaardige Afrikaner, vol sentimentaliteit soos FEITH en ELISABETH POST en vol romantiek soos die populêre JACOB VAN LENNEP. Die Romantiek van die 19<sup>de</sup> eeu staan in regstreekse verband, is in seker sin 'n voortplanting van die grondgedagtes van die sentimentele rigting.

3. M. C. VOS, SE JEUG AAN DIE KAAP ONDER DIE OOS-IN-DIESE KOMPANJIE. STUDIE IN NEDERLAND EN DIENSTIJD ONDER DIE HOLLANDSE BEWIND.

MICHIEL CHRISTIAAN VOS is op oujaarsdag 1759 in Kaapstad gebore. RYK TULBAGH was toe reeds ag jaar aan die Kaap aan bewind van sake, en die kolonie gaan 'n tydperk van ongekende bloei en uitbreiding sinds die dae van die VAN DER STELS tegemoet. Die koloniste was besig om die groot binnelandse bergketting oor te trek en veeplase aan te lé, wat hul deur hul Burgerkommando's teen die Boesmans beskerm. Die skitterend geslaagde ontdekkingsreis na Kafferland deur Vaandrig AUGUST BEUTLER van 1752 was reeds agter die rug,<sup>1)</sup> die tog na Namakwaland van 1761 onder kapitein HOP op hande,<sup>2)</sup> die Praalwette van 1755 reeds ingevoer om die deugde, wat die Nederlandse volk tot 'n magtige nasie gemaak het, te bewaar. Die Reisbeskrywing en die Dagboek behou hul populariteit dwars deur die agtiende eeu en die geskrifte van BEUTLER en HOP oor Kafferland en Namakwaland respektiewelik word op die *Secretarie* in die Kasteel sorgvuldig nagesien, oorgeskrywe en opgestuur na die Here Bewindhebbers, volgens die voorskrifte van die Artikelbrief.

---

<sup>1)</sup> Vgl. Journaal gehouden door den Assistent CAREL ALBREGT HAUPT op den togt door den Vaandrig AUGUST FREDERIK BEUTLER. Godée Molsbergen: Reizen III, p. 265—336.

<sup>2)</sup> Vgl. Dagregister, gehouden op de Landtogt, gedaan door het land der kleynen en groote Namacquas, onder het Commando van den Capitein der Burger Cavallery HENDRIK HOP. Godée Molsbergen: Reizen II, p. 24—58.

Die Franse oorlog- en transportskepe op weg na Indië om die Engelse te gaan beveg in die imperiale gestoei vir die besit van die nog-nie-buitgemaakte oppervlakte van die wêreldbol, het die Kaapse koring en wynhandel goed te pas gekom, maar dat die Afrikaner geleer het, om nie alleen by wyn en brood te lewe nie, blyk o.a. uit die skenking in 1761 van JOACHIM NICOLAAS VAN DESSIN, die man, wat gedurende byna 'n kwart eeu sekretaris van die Weeskamer was. Die kolonie word die erfgenaam van sy 3800 boeke, waaronder allerlei merkwaardige drukke en handskrifte. <sup>1)</sup>

Nie alleen boeke, maar ook skilderye het die ontwikkelde hoër amptenaar-kolonis waardeur. Die Franse reisiger BERNARDIN DE ST. PIERRE, beroemde skrywer van *Paul et Virginie*, vertel van pragskilderye op die mure van VADER TULBAGH, waaronder portrette van TROMP en DE RUYTER. <sup>2)</sup> Die vreemdelinge het al begint praat van Kaapstad, hoewel die koloniste haar, nog steeds Kaap genoem het. Nuwe strate is aangelê, die toring van die kerk hoër gemaak en met 'n uurwerk voorsien, 'n stadhuis gebou, in 1770 die kerkhof tussen Leeuwenstaart en die baai tot gebruik geopen het. Die direkteure van die Oos-Indiese Kompanjie was aan planne maak vir 'n nuwe siekehuis; die een op Simonstad was reeds in 1765 voltooi, pakhuis, kwartiere vir die garnisoen en die werkliede teen 1768 opgetrek. <sup>3)</sup>

Van al die woelige bedrywigheid kon die sieklike MICHIEL Vos as kind nie veel geniet nie. Volgens die eerste brief van die *Merkwaardig Verhaal* word die jong Kapenaar op veertienjarige leeftyd by sy oudste broer besorg, om die silwer- en goudsmidshandwerk te leer. Saans leer hy teken en klavierspeel, maar deur sy swak gesondheid was dit hom „zelfs in het muzik leer en last, allerlei ijdele dinge te moeten leeren spelen.” Hy kom tot bekering en in die tweede brief word vertel hoe hy sy toevlug neem „tot de klipkuilen aan den

<sup>1)</sup> Sien p. 42, noot 2.

<sup>2)</sup> Vgl. BERNARDIN DE ST. PIERRE: *A voyage to the Isle of France, the Isle of Bourbon, and the Cape of Good Hope; with Observations & Reflections upon nature & manhood* (Engelse vertaling, Londen 1800).

<sup>3)</sup> G. McC. THEAL: *Gesch. van Z.A. 1486—1835*, p. 162 en vlgg.

Leeuwenbil, een berg aan de Kaapstad, uit welke men klippen hieuwen tot de ommuurde begraafplaatsen, buiten de stad, om aldaar, alleen zijnde, overluid te bidden en mijnen bangen boezem voor God te ontlasten."

Hierdie dweepende houding kan uit sy gesondheidstoestand verklaar word, maar 'n jong man dolende in die klipkranse van Leeukop, in die onmiddellike nabyheid van ommuurde kerkhowe om sy „bangen boesem" uit te stort, klink soos 'n scène in die taal van ELIZABETH POST uit *Voor Eenzamen* (1789), of uit RHYNVIS FEITH self. Die sentimentele rigting kom as 'n reaksie op die dorre rasionalisme van die agtiende eeu; die gemoedslewe begin hoe langer hoe meer die aandag te eis en ook hier by ons vind die stroming weerklink veral op godsdienstige gebied, waarvan die lewe van Vos getuig. Die tye was aan die verander in Europa en die tyd vir beslissend ingryp in Europese politiek was vir die Republiek van die Nederlande virgoed verby. Die regente het hul op 'n standpunt geplaas, wat hul van die volk vervreem het. Dat hulle daardeur self hul mag ondermyn het, het nie tot hul deurgedring nie. Met die „Tijdverdrijf van smaak of Joujou de Normandie" in die hand gaan hul onbewus die oomblik tegemoet, waarop die eertyds roemryke Republiek van die Verenigde Nederlande sou weggeeve word uit die ry van die groot moëndhede as een wat haarself oorleef het.<sup>1)</sup> Vanuit die verte kom die geroep van Vryheid, Gelykheid en Broederskap en ook in donker Afrika kom die koloniste onder die indruk van die regte van die mens, afgesien van die kleur van sy huid of die peil van sy beskawing.

M. C. Vos gaan hom nou die lot van die slawe aantrek. Nie hul slawerny self nie, „want velen hunner hebben het, naar den ligchame, inderdaad veel beter dan duizenden vrije Christenen in Europa," maar die verwaarlosing van hul siele beangs sy gevoelige hart en ligbewoë gemoed. Hy besluit om die silwer- en goudsmidshandel, die tekenkuns en pianospel vaarwel te sê en hom in Europa te bekwaam vir die kansel. Die derde brief van die *Merkwaardig Verhaal* bevat heelwat onbewuste humor. Tot

<sup>1)</sup> Vgl. *Het Leven van onze voorouders*: DE ROVER & DOZY IV p. 148.

vyf maal wend hy hom tot die President van die Weeskamer om sy klein kapitaaltjie in ontvangs te neem „maar Pharao's harte werd verhard om my niet te laten trekken,” en dit op aandrang van sy oudste broer, die skurk van die drama. Die Bybelse styl is kenmerkend vir sy prosa en gee 'n sekere wyding aan die verhaal, ook waar hy laggend-ironies daarby voeg „het laatste bezoek dat ik te dien einde bij hem aflegde, was zoo vriendelijk, dat hij mij bedreigde, indien ik nogmaals met dat verzoek te zijnen huize kwam, ik verzekerd kon wezen, dat hij mij met eenen stok de deur uit zoude slaan.” Die maklikste manier om van die Weeskamer los te kom, is om hom met nog sterker bande, nl. dié van die huwelik te gaan bind in 1779, maar nugter, saaklik-prakties was dit hom te doen „meer om het ambt van een Evangeliedienaar, dan wel om eene vrouw.”

Deur tussenkoms van sy skoonvader geluk dit hom om in 1780 na Nederland te vertrek, maar nie voor hy tot drie maal toe by die goewerneur VAN PLETTENBERG gaan smeeke het om toestemming en slegs as antwoord kon kry „zoo ik volstrektelijk weg wilde, ik dan mijn *wijf* (zoo vriendelijk sprak hij mij aan) moest medenemen,” wat die merkwaardige bruidegom juis nie van plan was om te doen nie. Hy neem afskeid ook in die buiteland, word op awentuurlike wyse gered deur sy perd, wat, asof deur goddelike hand bestuur, nie die seekoegat in wil nie en kry van die predikant van Paarl „offschoon mede mijn voornemen niet kunnende goedkeuren,” tog 'n paar teologiese boeke „in de Latijnsche taal ten geschenk.”

Sy voorlopige onderrig het hy van 'n soldaat ontvang, daar die Latynse skool van LAMBERTUS SLICHER in 1714 opgerig, (waar die Latynse en Hollandse tale gedoseer was), in 1725 opgehou het om te bestaan, weens die geringe ondersteuning, en dit tot 1793 sou duur voor 'n tweede poging aangewend word om 'n Latynse skool in Kaapstad te stig. Maar met of sonder Latynse skool is daar in die sewentiende en agtiende en begin neëntiende eeu Latynse verse en Latynse prosa aan die Kaap geskrywe, soos die kerkdeur-opskrifte van PETRUS KALDEN, die *Descriptio epistolaris* van JAN

WILLEM DE GREVENBROECK, die briewe van *Christodulus* (HELPERUS RITZEMA VAN LIER) die *Carmina Heroicum et Elegiacum* van 'n gebore Afrikaner J. C. BERRANGÉ, die rektor van die Latynse skool, wie se aanstelling Lord CHARLES in 1815 nie wou bevestig nie, omdat hy nie genoeg Engels na die sin van die goewerneur geken het nie,<sup>1</sup> Latyn gelees en bestudeer genoeg om enige klassikus se hart te verbly. En die student M. C. Vos, gewapen met sy soldate-Latyn en sy present-eksemplare van die Paarlse dominee, kom 29 Junie 1780 op die rede van Texel aan en vestig hom voorlopig in Amsterdam.

Die beskrywing van die oortog, byna veertig jaar later, word ongelukkig bederwe deur 'n al te moraliserende toon. Volgens eeue-oue gebruik, hoewel in die Artikelbrief van die O.I. Kompanjie ten strengste verbode, word die dag, waarop die Linie oorgevaar word, ter ere van BACCHUS gevier, en soos dit nou moes gebeur, het een van die passasiers, 'n ou man van sestig jaar, verongeluk. Die skrywer kon die geleentheid nie laat verbygaan sonder om uit te roep „o welk een wonder, dat de Heer van de winden en de zee die Linie-vrolijkheden niet meermalen op de dood straft.... schrijvende de wijze wereld zulks alleen aan een bloot geval toe.” Maar objektiwiteit moet ons in die romans van sy tydgenote ook nie soek nie; dit sou nog byna 'n eeu duur voor die romanskrywer leer om nie tussen sy leser en sy onderwerp te staan nie, om effentjies op sy te gaan, dat die leser kan duideliker sien.

Die sieketrooster het hom vertel van die beroemde Utrechtse professor GYSBERT BONNET. Hy kry 'n paar van sy werke in hande en besluit om onder hom te gaan studeer. Vol dankbare erkentlikheid getuig hy jare later van die vriendelike tegemoetkoming, die nederige eenvoud van die groot geleerde teenoor sy stamverwant. Drie jaar later laat hy hom eksamineer, omdat daar 'n opening aan die Kaap was en hy, soos elke regskepe Afrikaner, hom slegs daar gaan bekwaam het vir diens in sy vaderland. Maar dan sou die eerste groot teleurstelling hom tref — die Classis Amsterdam benoem hom nie,

---

<sup>1</sup>) Vgl. A. DREYER; *Kerksouvenir van Durbanville* (1826—1926) Kaapstad. Nas. Pers. 1926.



omdat hulle hom te veel „Voetiaan”<sup>1)</sup> en „Dweper” beskou. Dit is tenminste sý verklaring in die *Merkwaardig Verhaal* vir hul optrede.

Aangrypend geteken is sy moeilikhede in die Nederlandse hoofstad. Deur tussenkoms van die Amsterdamse predikant TYKEN, word hy daar benoem as hulpprediker, maar sy eerste preekbeurt vervul hom met soveel angs dat hy „in plaats van de predikstoel te beklimmen, de stadspoorte wilde uitgaan.” Hy laat sy vrou kom uit die Kaap, maar dié verkeer weer in ’n sielstryd. Geen wonder, dat hy enige maande later in sy eerste gemeente Wonderberg doodsiek word. Geen wonder ook, dat die vrywillige in ballingskap gaan van duisende Patriotte, omstreeks die jaar 1787, om in Frankryk in nie geringe mate die vrysinnige begrippe uit die ensiklopediese geskrifte van manne soos VOLTAIRE, DIDEROT, ROUSSEAU, op te doen, feitlik langs hom heen gegaan het. Bo sy eie klein verdrietjies styg hij nie uit in hierdie gedeelte van die verhaal nie, waarin ons so graag meer sou wou geweet het van die Afrikaner-standpunt oor PICHEGRU en sy verflenterde leër, waarmee hy Holland binnetrek.<sup>2)</sup>

Vos was veral die man van die woord, wat met vurige oortuiging sy gehoor kon meesleep, sodat hulle van heinde en ver gereis het om na hom te luister.<sup>3)</sup> Oor sy redenaarstalent was hy baie beskeie en selfs waar hy vertel van allerlei bekeringe na sy bedanking vir die beroep na Hilversum in Maart 1788, om tog na enige aarseling dié na Pynakker die volgende jaar aan te neem, wy hy geen lof of eer aan homself nie. In verouderde beeldspraak, maar so eg uit die tyd, praat hy altyd van ’n bekeerling as „een leesbare brief der genade.”

Van 1790 tot 1793 is hy predikant te Woerden, toe hy

<sup>1)</sup> Volgeling van VOETIUS, die Utrechtse professor wat van 1637—1647 die wysbegeerte van DESCARTES bestry het. Vgl. A. C. DUKER: *School-Gezag en Eigen-onderzoek*, Leiden, 1861.

<sup>2)</sup> Vgl. De Yzeren Maarschalk. *Het Leven van Daendels*, „soldat de fortune,” roman deur CONSTANT VAN WESSEM, Amst. 1932.

<sup>3)</sup> Toe prof. N. J. HOFMEYR in 1849 in Nederland was, is hom dikwels gevra of hy Vos geken en sy lewensbeskrywing gelees het. Vgl. J. D. KESTELL: *Het Leven van Prof N. J. Hofmeyr* p. 27 en 54.

eindelik, dank sy die bemiddeling van 'n hooggeplaaste vriend uit sy studentetyd, mr. HENDRIK VAN STRALEN, tot predikant in die Kaapkolonie benoem word. Begryplikerwyse het die dertienjarige verblyf 'n groot gehegtheid aan Holland meegebring, maar hoe gelukkig ook al in die stamland, „evenwel bleef ik altoos, bijzonder om de arme heidenen, naar mijn land verlangen.” Oos wes, tuis bes, en na 'n afwesigheid van veertien jaar min drie dae, soos hy met groot presiesheid aanteken, bring die „Hertog van Brunswijk, een schoon nieuw schip”, hom veilig aan Tafelbaai-strand.

Die twaalfde en dertiende brief van die verhaal uit drie wêrelddele speel weer in Suid-Afrika. Die goewerneur ABRAHAM SLUYSKEN ontvang hom vriendelik, sou hom graag in die plek van „den waardigen VAN LIER, den besten leeraar, dien de Kaapsche Kerk ooit gehad had,” gehou het, maar daar die plek reeds aan 'n ander belof was, word hy tot predikant van Roodezand aangestel, waar hy op 4 Mei 1794 sy intrepreek lewer en sy gemeentede met verbasing en verontwaardiging vervul, omdat hy na aanleiding van Markus XVI vs. 15 te kenne gee, dat hy ook van plan is om as herder en leraar van die slawe en heidene op te tree.

#### 4. DIE SKRYWER VAN DIE MERKWAARDIG VERHAAL ONDER VERSKILLENDE REGERINGS; ENGELSE RIGTING. REPOS AILLEURS.

Dit was die eeu, wat haar as ideaal die gelykheid van die mens gestel het. Die metodistiese bedrywigheid van die Londense Sendinggenootskap vind 'n veiligheidsklep in ons land van die „noble savage”, en M. C. Vos, in die Land van Waveren reeds gebrandmerk deur sy voorliefde vir alles wat 'n gekleurde huid had, gaan die sendelinge VAN DER KEMP, KICHERER, EDWARDS en EDMOND in 1799 in Tafelbaai ontmoet en sloof hom uit om KICHERER en EDWARDS na Boesmanland, VAN DER KEMP en EDMOND na Kafferland weg te help. Die Kaap, die stigting met soveel idealisme begin, met soveel moeite en verdriet tot so 'n kolonie uitgebrei, was onderwyl in vreemde hande oorgegaan, maar die *Merkwaardig Verhaal* is ook hier merkwaardig, daar dit bladsye wy aan die „onhebbe-

likheid" van die boere om hul weersin nie te verberg teen sy aansienlike aantal gekleurde kerkbesoekers nie, en so goed as swyg oor die hele politieke omwenteling. Die Oos-Indiese Kompanjie het haarself dan ook oorleef en ná die vertrek van die vlottende hoër amptenaredom 'n tipe kolonis agtergelaat wat Prinsgesind was en hom laat inlyf het by Engeland, soos hy hom laat bevry het in 1803, sonder mok, sonder mor, sonder juig. Daardie eerste oorgawe van die Kaap hoort tot die jammerlikste bladsye in ons geskiedenis en tog is die algemeen geldende opinie dié van Vos gewees, nl. „dat Kerk nog Burgerstaat er iets bij geleden hebben.”

Sy Dietse gees breek darem deur die vloed „van heete tranen” as hy die Boere teen die laster van die reisbeskrywers verdedig, en voorspel met vèrsiende blik, dat „de gastvrijheid, eene bijzondere eigenschap der Afrikaansche boeren, langs dezen weg van tijd tot tijd verminderen zal.”

Die nuwe Britse gesag gebruik hom in 1797 om die grensboere tot gehoorsaamheid aan te spoor, maar dit blyk, dat hy op sy eerste reis na Graaff-Reinet meer bekommerd was oor die sieleheil van die Kaffers as oor die tydelike en ewige van sy landgenote. Dit verheug hom om sy *Vragenboekje*, op Roodezand geskrywe, en waarvan ettelike afskrifte gemaak is omdat dit moeilik was om dit gedruk te kry,<sup>1)</sup> in gebruik onder die Graaff-Reinetse Kaffers te vind; hy belowe om 'n *Journal* van sy reis as 'n aanhangsel van die *Merkwaardig Verhaal* te laat volg<sup>2)</sup> en keer terug ná 'n afwesigheid van drie maande om te vind, dat daar 'n wolf onder sy skape op Roodezand was, dat sommige van sy gemeentelede hom „belasterd” het. Ds. Vos is onder die indruk, dat die vyandskap teen hom aangeblaas is deur sy plaasvervanger, latere opvolger, H. W. BALLOT, maar wat hier werklik plaasgevind het, afgesien van die skuld of onskuld van Vos aan onsedelike gedrag, waarvan hy deur LICHTENSTEIN beskuldig word, is 'n botsing

1) Vgl. *Gesch. der N. G. Kerk van Z.A.* door Prof. J. I. MARAIS, p. 107. (Deel IV van de Christelijke Huis-Biblioteek, Stellenbosch 1919).

2) Geen van beide het ek nog ooit onder oë gehad nie. Enige inligting sal baie welkom wees.

van twee kultuur-strominge wat die verdeeldheid in die Roodezandse gemeente gebring het: Aan die een kant die ou inheemse Hollandse Calvinistiese wêreldbeskouing, langsamerhand versag deur en aangepas by ons omstandighede, aan die ander die nuwe aangewaaide metodistiese stroming van die sogenaamde „fijnen” of „piëtisten” in Holland en veral van die Londense Sendinggenootskap. Soos LICHTENSTEIN, die verteenwoordiger van die „Verligting” na aanleiding van die besoek van Commissaris-generaal DE MIST aan Roodezand van 20 November tot 1 Desember 1803 dit uitdruk:

„door de verkeerde pogingen van dweepzieke zendingen eene soort van bigotterie in deze landstreken ingedrongen is, welke het goedhartig en vrolijk karakter dier menschen geheel misvormd en hen in bedilzieke, norsche pijlaarbijters herschapen heeft. Dans, gezang en spel zijn uit de gezelschappen gebannen, en naauwelijks kunnen zij het hunnen predikant vergeven (d.i. BALLOT) dat hij verdraagzamer denkt in de jeugd nu en dan tot vrolijkheid aanmoedigt.”<sup>1)</sup>

Arme M. C. Vos. Ons sien almal met die lig wat in ons is, en die oorsake van sy huilerige nederigheid wat „een regt verslagen hart” as enigste vergoeding eis vir die „groffste zonden begaan, zonder gevaar, ten aanzien zijner zaligheid te loopen,” soos LICHTENSTEIN dit kras sê, lê opgesluit in die eerste instansie, in hierdie tydstroming, daarna in sy eie swak gesondheid en in dié van sy vrou. Sy was veel ouer as hy, en slagoffer van ’n swak senugestel „daaruit voortvloeiende mindere tevredenheid in ’s Heeren weg” en ’n onvermoë om met Heidense diensbodes om te gaan, wat nie bepaald bevorderlik vir hul huislike geluk sou gewees het nie. Albei was gevoelsmense by wie gevoeligheid oorgeneig het na gevoeligerigheid, by wie die balans tussen hart en verstand totaal verstoort was. Deur die briefvorm kry ons die skrywer se oordeel

---

<sup>1)</sup> LICHTENSTEIN: *Reizen in het Zuidelijk gedeelte van Afrika in de jaren 1803, 1804, 1805 en 1806* uit het Hoogduitsch vertaald door W. GOEDE. Deel I p. 283—5 en Deel II p. 172—3.

GODÉE—MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* IV p. 216—7 gee ’n opsomming, geen letterlike vertaling nie.

oor homself, oor haar en oor sy tydgenote. Ons lees tussen die reëls deur hoe hul albei deur hul gevoel weggesleep word.

Na 'n tweede besoek aan die grensdistrikte, van 5 Oktober 1801 tot 21 Januarie 1802, dring die verwoesting aangerig deur die „arme heidenen” ondanks, of danksy die ywer van VAN DER KEMP en READ, tog so tot hom deur, (hy vind welgestelde landgenote „op het veld alwaar zij bijna van armoede en ongemak vergingen,”) dat hy noodgedwonge uitroep: „O wat gevoelde ik over deze arme menschen!” maar sonder om die wortel van die kwaad raak te sien. Hierin was 'n tydgenoot, 'n ander gebore Afrikaner DIRK VAN REENEN,<sup>1)</sup> hom vooruit in sy Reisbeskrywing omdat hy 'n ander lewensfilosofie bely het. Alleen 'n besef van die talryke gruwele in die loop van die wêreldgeskiedenis in die naam van Christus gepleeg, versag ons oordeel oor die blindheid, die dwaashede en dwalinge van die Londense Sendinggenootskap, wat Vos met hart en siel aangehang het.

Die politieke toestand het kritiek begin word. Vos het die simpatie van die grootste gedeelte van sy gemeente verloor en sy vrou wou terug na Europa. Sonder die Kerkraad van Kaapstad of die Classis van Amsterdam te ken in die saak,<sup>2)</sup> aan wie hy verantwoording verskuldig was, vertrek hy in 1802 binne sy vasgestelde tyd van vyftien jaar, alleen na oorleg met die Engelse goewerneur en voorsien van 'n „loffelijk getuigschrift” van FRANCISCUS DUNDAS en die belofte van een van sy gemeente.<sup>3)</sup> Dié slag nie na Holland nie, maar na die „O Gezegend Engeland” soos hy in ekstase op haas elke bladsy van die veertiende brief uitroep.

Die tweede seereis is veel awentuurliker as die eerste. Hulle dobber neën-en-twintig dae op die see rond in 'n wrak van 'n skip met 'n kibbelende skipper en sy rusiemakerige eerste offisier, voor hul op St. Helena kom, waar die egpaar

<sup>1)</sup> Sien p. 101 en vgl.

<sup>2)</sup> Vgl. Kerkraad van Kaapstad aan die Classis van Amsterdam, 13 Jan. 1803, aangehaal in *Merkwaardig Verhaal*, uitgawe DU PLESSIS,

<sup>3)</sup> Afgedruk in 'n noot (p. 261) van die DU PLESSIS-uitgawe van die *Merkwaardig Verhaal* uit die notule van die kerkraad van Waveren, 5 April 1802.

— „zij was nu een eikeboom, maar ik een zwak riet” — na heel wat gesukkel op 'n groter boot oorgaan. Die ander het Europa nooit bereik nie, waarin 'n Vos die hand van die waaksame Voorsienigheid bespeur.

In Londen ondervind hy moeilikheid met die taal maar dit verhinder hom tog nie om noue betrekkinge met die Londense Sendinggenootskap aan te knoop en op die uitnodiging van die direkteure enige sendelinge na Asië te vergesel nie. Hierdie brief werp weer heelwat lig op die „zenuwgestel” van Mevrouw — eers wil sy in die wêreldstad agterbly, hou voet by stuk, dan op die laaste moment wil sy weer saamgaan en hals oor kop moet die nuwe reëlings getref word.

Die vyftiende brief toon een van die grootste nadele van die vorm duidelik aan, nl. dié van herhaling. Uit die aard van die saak is daar in die briewe-roman herhaling, wat die verhaal vertraag en langdradig maak, maar omdat ons skrywer slegs een korrespondent het en nie 'n hele versameling, wat almal in bekendheid met 'n belangrike geval moet gestel word nie, waardeur die gebeurtenis maklik vervelend kan word, hoef hy hom hieraan maar selde skuldig te maak. Sy groot tydgenote, medebeoefenaars van die genre het die moeilikheid deur 'n handige kunsgreep, nl. dié van insluiting van briewe, probeer ontduik. Hy hoef slegs nou en dan op 'n gefingeerde vraag van sy vriend te antwoord en 'n résumé van die voorafgaande soos in hierdie brief, is feitelik oorbodig. Die reis na die Ooste gaan van Engeland oor Denemarke, die Kaap verby na Tranquehar (Ceylon), waar sy vrou by hul aankoms op 5 Des. 1804 sterf. Die skip het Helgoland aangedoen, ook die Nicobaarse Eilande waar die heidene „gebroken Portugeesch” verstaan en hy in bekeringsywer met hul oor hul siele kon praat, waaruit ons verneem, dat hy ook daardie taal enigsins beheers het. <sup>1)</sup> Die Afrikaner beland weer op Hollandse gebied in die Ooste maar voel hom ontuis daar.

Op Ceylon word daar kou water op sy geesdrif gegooi. Van die 342,000 Christene, waarvan hulle hom in Europa

---

<sup>1)</sup> Sou Vos kennis daarvan aan boord of in Suid-Afrika opgedoen het?

vertel het, merk hy heel weinig en hy word allesbehalwe vriendelik ontvang deur die predikante, wat volgens hom woeker en raap en skraap so hard soos die amptenare. Besonder lewendig is die dialoog-vorm in die sestiende brief, gebesig tussen die skrywer en die twee Hollandse predikante van Colombo. Die oudste, „Paus van Ceylon” noem Vos hom (wat g'n greintjie sin vir humor het nie) met 'n bietjie leed-vermaak, begroet die nuweling met:

„Wij hebben verstaan, dat gijlieden gekomen zijt om de Heidenen te bekeeren.” — Ons antwoord was: „Menschen te bekeeren is Gods werk; maar wij zijn gekomen, om te zien of wij, door onderwijs, middelen daartoe mogen zijn.” — „In dat werk,” zeide diezelfde persoon, „ben ik reeds verscheidene jaren bezig geweest, en wilt gij wel gelooven, dat ik meermalen vijf honderd Christenen op éénen dag gemaakt heb?” „Als gij dan maar niet,” was ons antwoord, „vijf honderd malen op éénen dag de paarlen voor de zwijnen geworpen hebt.” Hierop barstte hij en eenige van zijn gezelschap in een dartel gelach uit, en brachten niets dan spotternijen te voorschijn.”

Dat die nougesetheid van die nuweling, wat by sy vertrek uit Afrika die Classis van Amsterdam eenvoudig genegeer het en so duidelik sy voorkeur te kenne kom gee vir die Engelse, met wie die ouer Ceylonse koloniste op taamlik gespanne voet begin verkeer, ergerlik vir die Hollandse predikante moes gewees het, lê voor die hand. In Point de Gale, waar hy in Maart 1805 tot predikant by die Hollandse gemeente aangestel word, hertrou hy met 'n Engelse offisiersweduwee, wat die nag voor hy aan wal gestap het in 'n droomverskyning gesien het hoe „iemand in het zwart gekleed tot haar kwam, en haren ring van haren vinger nam” — romantieser kan dit nie. Hy verkeer op die intiemste voet met die „brave” Engelse goewerneur NORTH, skrywe 'n katkisasieboekie, wat vir rekening van die Britse goewerment sou gedruk word, maar die goewerneur vertrek na Engeland en dis die laaste sien van sy „boeksken”. Hy vertel, dat 'n Remonstrant, wat die handskrif gesien het, dit as al te „kalvinisties” afgekeur het. Daar dit nooit ter perse gelê is nie, is dit moeilik

om te bewys of dit sy kalvinisme of Engels-gekleurde metodisme was, wat die afkeuring van sy medearbeiders uitgelok het. <sup>1)</sup>

As ons dan nog onthou, dat die predikant onder die O.I. Kompanjie die rang van onderkoopman gehad het, word ons gemaan tot versigtigheid met die beskuldiging van verwaarlosing van hul dienspligte, waaraan M. C. Vos byna die helfte van sy verdere verhaal wy. Sy opwekkingsdienste was vreemd aan hulle gees en sy idealisme om die hele heidendom in een leeftyd te bekeer vir hul 'n hersenskim, ontnugter soos hulle was in die harde skool van ervaring. Ook oor hul huwelike met gedoopte Singalese vroue het die sewentiende- en agtiende-eeu op Ceylon ander begrippe gehad as Vos, wat tot dusver slegs met barbare en halfbarbare te doen gehad het, Hottentotte, Boesmans en Kaffers. <sup>2)</sup> Gevolglik ondervind hy op Colombo slegs teenwerking en vyandskap, waaroor hy hom in sy verhaal beklaag en bejammer, maar wat hy gedeeltelik op sy eie hals gehaal het, en wat tenslotte so sterk word, dat hul hom voor die keuse stel om òf as predikant òf as sendeling op te tree, maar nie albei nie. As sendeling by eie keuse, word die botsing so hewig, dat hulle sy verwydering van die eiland bewerk. Hy vertrek na Negapatnam en binne twee jaar vandaar na Madras, waar die Skotse gemeente hom versoek om hul leraar te word, maar moeggeswerwe staan sy kop huis-toe. M. C. Vos, die rustelose swerwer, kom in November 1809 in Kaapstad aan, drie jaar ná die Kaap die tweede maal en nou vir goed in sy Engelse vriende se hande oorgegaan het. Enige maande later word hy tot predikant van Swartland (nou Malmesbury) benoem, die volgende jaar op Zwartberg (nou Caledon) aangestel deur die goewerneur CALEDON. Dit alles word ons deur middel van briewe in die *Merkwaardig Verhaal* meegedeel.

Ag dae ná sy tuiskoms van sy swerftogte was daar 'n verskriklike aardbewing in Kaapstad; van „gedurige onderaardsche skokken” vermeld die verhaal. Die agtiende brief vertel van die spotters, wat toegelooep en geskreeu het: „bidt voor ons! bidt

<sup>1)</sup> Enige inligting oor hierdie MS. van Vos sal welkom wees.

<sup>2)</sup> Die moeder van SIMON VAN DER STEL was 'n Singalese.



voor ons!" Hierdie natuurverskynsel het m.i. dieper spore op die deur die Europese stroming reeds ontvanklik gemaakte gemoedere in Suid-Afrika nagelaat, as wat tot dusver mee rekening gehou is. Dat M. C. Vos op Caledon daarin slaag om 'n bepaling afgeskaf te kry, wat tot dusver gegeld het, nl. dat slawe geen lede van die Christelike Kerk kon word nie en tog eiendom van hul meesters bly, waardeur die eienaars die bekering van hul bediendes teëgewerk het, is 'n spoor van hierdie aardskok sowel as van die wêreldstroming wat op vrystelling van die slawe aanstuur. Tot sy verwondering en droefheid verneem hy, dat in sy geboorteland ook „geen der leeraren te voorschijn kwam, om, naar de tijdsomstandigheden hunnen plicht te doen", Vos is altyd gereed om sy medearbeiders van dwaallere en pligsverwaarlosing te beskuldig as hulle nie sy sendingywer deel nie. Dikwels klink die *Merkwaardig Verhaal* oordrewe, dwepend, byna fanatiek godsdienstig, altyd is dit die uiting van 'n eenvoudige vrome. Hy stel self twee bidstonde in die week in, wat in verskillende gemeentes nagevolg word. Die ywer en toewyding onder die slawe en Hottentotte gloei warm, die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap neem vinnig toe na hierdie skok aan die godsdienstige gevoel.

Maar „Repos Ailleurs". Ook op Caledon (so was Zwartberg deur sir JOHN CRADOCK na sy voorganger herdoop) vind Vos geen rus nie. Die klimaat kan hy nie verdra nie, die pastorie, wat afgebrand het, word nie weer opgebou nie en die boere wil maar nie sy sendingywer ten volle deel nie. In Augustus 1819 verkry hy emeritaat met behoud van volle traktament en gaan hom weer op Roodezand vestig, waar sy ou vriend KICHERER nou as sendeling werksaam was en waar hy sy *Merkwaardig Verhaal* opstel (1824).

In 1825 is M. C. Vos daar oorlede.

Die eerste briewe-roman op Suidafrikaanse bodem ontstaan, het soveel lesers in Europa gevind, dat 'n Duitse vertaling in 1829 in Basel verskyn het. Toe het dit gaan lyk of die genre heeltemal uitgebloei was en in die vergetelheid rus, soos ons eerste beoefenaar daarvan. Die twintigste-eeuse gejaagde publiek, in sy afsku van alles wat langdradig, vol herhaling of

enigsins onnatuurlik is, duld nie meer 'n roman in briefvorm, wat uitgerek is deur ses of meer dele nie, soos die van WOLFF en DEKEN en met die grootste inspanning word die moderne student daartoe gebring om *Langs een Omweg* en *Majoor Frans* van BOSBOOM—TOUSSAINT te lees. Maar toe kom die veel gelese Christelike skrywer GEORGE FRANS HASPELS met sy rustige roman in briewe *De Stad aan het Veer* en die eerste deel van die volledige werke van C. J. LANGENHOVEN (1933) verskyn as eerste stuk, nie van sy satiries-humoristiese of didakties-moraliserende werke, waaraan hy sy grootste sukses te danke had nie, maar sy Bybelse roman in briewe *Skaduwees van Nasaret*.<sup>1)</sup> Dit lyk of die vorm 'n herlewing tegemoet gaan. In die *Merkwaardig Verhaal*, onder die portret van die skrywer, is die volgende paar reëls te vind, wat ons in kort trekke weergee, wat die vriende en aanhangers van M. C. Vos gedink het:

„Dit is 't gelaat van Vos, veeleer een Lam in trekken,  
 Dat d' eerbied kon in 't hart voor stillen ootmoed wekken;  
 Een Vos, om vossen, die den wijngaard schade doen,  
 Met list bij heilige list te stuiten in hun woen;  
 Een Michael in kracht, om Jezus eer te schragen;  
 Een Christiaan in deugd, om Jezus bloed te dragen.  
 'Tuig Neerland! Afrika! 'tuig Azië! van hem,  
 Die ons dees bladen gaf, al zwijgt zijn priesterstem.”

Vaag en ver was M. C. Vos se ideaal van die gelykheid van alle kreature, wat hy met 'n wilde verlange nagejaag het. Tussen strewe en verwesenliking gaap altyd 'n kloof en namate die idealis iets kragtiger begeer, na mate sy ideaal grootser en sy einddoel verder is, sal die kloof wyer gaan. Omdat die mens nou eenmaal geen Argus-oë het nie, sal daar altyd skrywers en volksleiers wees, wat in hul poging om die sterre na te jaag, as hulle nie in 'n kuil beland nie, dan tog die blomme aan hul voet vertrap. Dit was die gevaar van die sendelinge. In 1833 word die slawe vrygestel, die groot ideaal van die opsteller van die *Merkwaardig Verhaal*, maar byna onmiddellik

---

<sup>1)</sup> *Nasionale Pers Bpk.* Kaapstad, 1933.

daarna begin die trek noordwaarts, 'n trek van eie landgenote die wildernis in, in 'n wanhoopsparing tot vrywording.

Die metodisme het vir Vos sy vriende en sy aanhangers 'n ongeëwenaarde gemoedsverdieping en versagting van die sede gebring, maar omdat dit nie uit ons volksiel self opgebloeit het nie, het dit vir menige Trekker enorme tydelike skade berokken, en vir andere, wat in die kolonie gebly het, gewisse disoriëntering voorspel, skade aan hul siel gedoen. Uit die stroming met sy oorgevoeligheid en sy Engelse inslag is die *Merkwaardig Verhaal* gebore, 'n merkwaardige tydspieël van 'n merkwaardige man. Die „Sentimentele Rigting” wat teen die end van die 18e eeu oor Wes-Europa getrek het, het eers in die begin van die neëntiende eeu sy koers na die Suidhoek geneem en in sy vaart die puik van die Afrikaanse grensbewoners uit hul land verja.<sup>1)</sup>

---

<sup>1)</sup> vgl. Dr. J. W. LEYDS, *De Eerste Annexatie van Transvaal*.

## HOOFSTUK VIII.

### VOORTREKKER-SKRYWERS.

---

#### 1. DIE GROOT-TREK DIE BELANGRIKSTE GEBEURTENIS VIR DIE BEHOUD VAN DIE DIETSE KULTUUR.

Die man wat die geskrifte en verslae van die Voortrekkers weer op die voorgrond gestel het in 'n reeks „Voortrekermense”, het die wens uitgespreek, dat die dokumente mag bevordelik wees „aan letterkunde en liriek van ons volk.”<sup>1)</sup> Vir menige digter en romanskrywer het dit dan ook as inspirasie gedien, die taalkundiges het hier en daar Afrikaanse vorme bespeur en die uit die geheel gaan lig, maar m.i. kry die geskrifte hul grootste betekenis as hul beskou word as uit die lewenshouding van hul tyd gebore, as die penneproduksie, die geestesgoed van 'n groep Afrikaners uit 'n bepaalde tyd.

Jare ná die Oos-Indiese Kompanjie opgehou het om te bestaan, het die gebod van die Artikelbrief om joernale en dagboeke te hou die boereleiers onbewus bly bind. Dit, naas die brief bly die enigste vorm, waarin die trekkers hul gedagtes giet as hulle onder die benardste toestande die stramme pou- of lammergierveer opneem en in eiegemaakte waboom-ink doop, om heimwee-gedagtes oor die streek en boereplaas wat hul verlaat het, toekomsdrome oor vryheid en selfstandigheid, angsgevoel oor die onbekendheid van die woeste noorde, die barbaarsheid van die inboorlingstamme te vertolk, 'n lewensbeskouing van vroomheid en onderworpenheid aan 'n Hoër Hand, maar van mannemoed en ruggraat „teen die hele wêreld vry” onder woorde te bring. Die vraag is gestel of die

---

<sup>1)</sup> GUSTAV PRELLER: *Voortrekermense* I, p. 2, Nasionale Pers, 1918.

Groot-Trek louter politiek, louter 'n doelbewuste, nasionale beweging was, wat van 1833 af sorgvuldig voorberei is deur die kommissies uitgestuur deur PIET RETIEF en GERRIT MARITZ na Bechuanaland, die Vrystaat en Natal, <sup>1)</sup> of daar 'n godsdienstige element in te konstateer is <sup>2)</sup> en of die algemene uittog gedeeltelik 'n uiting is van die ingebore treksin van die boer. Een ding staan onomstootlik vas — vir die behoud van die Hollandse taal en die Dietse kultuur was daar geen belangriker gebeurtenis in ons ganse geskiedenis nie. Ons kry eers dan 'n juiste begrip van ons verlede, as ons bereid is om die literêre weergawe daarvan, hoe rudimentêr dan ook al, in die taal en vorm van die tyd as ons eie te aksepteer en nie los en vas stukkie uit te pik nie wat toevallig „'n hele paar Afrikaanse woorde” bevat om die alleen by ons Afrikaanse letterkunde te reken nie. <sup>3)</sup> Die briewe uit die trekkersperiode, <sup>4)</sup> die Dagboeke van LOUIS TRIGARDT <sup>5)</sup> en ERASMUS SMIT, <sup>6)</sup> die Joernaal van SAREL CELLIERS, <sup>7)</sup> die Gedenkskrift

<sup>1)</sup> Vgl. G. S. PRELLER: *Historiese Opstelle*, p. 70 (VAN SCHAİK, Pretoria, 1925).

<sup>2)</sup> Vgl. SPOELSTRA: *Inleiding tot Bouwstoffen I*.

<sup>3)</sup> Dr. M. S. B. KRITZINGER: *Plateatlas by die Afrikaanse Letterkunde* (VAN SCHAİK, Pretoria 1931) begin met die afdruk van 'n brief van LOUIS TRIGARDT. Sy kommentaar is: „Dit bevat 'n hele paar Afrikaanse woorde en die stywerige daarin laat aan die geyskte brieftaal van daardie dae dink. Ander Boerebriewe uit dié tyd sal dalk nog suiwerder Afrikaans wees as hierdie een.” Genoeg is dit om te sê, dat daardie „paar Afrikaanse woorde” daar nooit sou gestaan het nie, as TRIGARDT hom bewus was, dat hy afgewyk het van die vorm van sy tyd.

<sup>4)</sup> Voortrekkerbriewe is te vind o.a. in G. B. A. GERDENER: *Charl Celliers*. In S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Ned. Herv. Kerk I*, bylae; PRELLER: *Voortrekkermense II*, bylae.

<sup>5)</sup> Deur G. S. PRELLER in 1917 uitgegee met Inleiding en Aanteekeninge, in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie (Volksbladdrukkery, Bloemfontein). 'n Herdruk is gebiedend noodsaaklik, te meer daar die gevaar bestaan, dat CLAUDE FULLER: *Louis Trigardt's Trek across the Drakensberg*, uitgegee deur die Van Riebeeck-Society 1932, die plek van die oorspronklike dagboek sal gaan inneem.

<sup>6)</sup> „Geredigeerd” deur ds. H. F. SCHOON, 1897. Opnuut uitgegee deur G. S. PRELLER: *Voortrekkermense II*, Nasionale Pers, Kaapstad, 1920, wat op sy beurt toe weer die Schoon-spelling gaan „redigeer” het.

<sup>7)</sup> Uitgegees as Aanhangsel deur G. B. A. GERDENER: *Sarel Celliers, die Vader van Dingaansdag*, Pretoria 1924.

die voorste-voortrekker TRIGARDT. Tereg sê die uitgewer, „vir 'n aankomende nasionale letterkunde ag ek die *Dagboek* van seer besondere waarde.”<sup>1)</sup>

Die familie TRIGARDT stam uit Uddevalla, Sweden. Die stamvader, CAREL GUSTAAF TRIGARDT, is in 1744 hier getroud met SUSANNA KUUN, van Duitse afkoms. Die seun van CAREL GUSTAAF, vader van LOUIS, CAREL JOHANNES is in Stellenbosch gebore in 1753 en in 1777 getroud met ANNA ELIZABETH NEL wat die familie voortgeplant het met twee seuns en twee dogters, CAREL, LOUIS, MARIA en SUSANNA. Die skrywer van die *Dagboek* is op 10 Augustus 1783 gebore as die jongste uit die gesin van vier kinders. Sy ouer broer CAREL is nog op Stellenbosch gedoop op 13 April 1783, maar hy heelwaarskynlik op Swellendam voor sy vader na Uitenhage en vervolgens na Graaff-Reinet verhuis het. Die vader in die kapasiteit van burger-offisier en 'n oom, 'n heemraadslid het naas kommandant VAN JAARVELD 'n leidende aandeel geneem in die opstootjies op die grense, 'n naklank van die Europese gebeurtenisse en 'n verset teen die wanbestuur van die Kompanjie, wat as gevolg gehad het, dat Graaff-Reinet vir byna twee jaar langer as die Kaapkolonie die Hollandse vlag oor hul eie republieke laat wapper het. Toe die „Nasionale Vergadering” op Graaff-Reinet en die „Nasionale Konvensie” op Swellendam afgekondig is, is daar twee burgerrade by die landdros en heemrade van Graaff-Reinet gevoeg, nl. kommandant VAN JAARVELD en burger-offisier TRIGARDT. Die plaaslike gesagvoerders, waaronder ds. MANGER, die man van die groot kerkskuld volgens VAN REENEN, moes buig onder die „Nasionale Vergadering.” Die jong LOUIS het die bewoë tydperk meegemaak in 'n atmosfeer van republikanisme, as man die vryheidsin van die republikein uitgeleef, hoewel hy 'n gevoel van eerbied gekoester het vir die „allergenadigste Koning FREDERIK WILLEM den 1sten”, Koning der Neder-

<sup>1)</sup> G. S. PRELLER: *Opstelle en Sketse* p. 9.

<sup>2)</sup> Die gemeentes in die Hollandse tyd was Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein (Paarl), Roodezand (Tulbagh), Zwartland (Malmesbury), Graaff-Reinet, Swellendam.

lande.... onse Vader" in sy „Toepassing op onse vader,"<sup>1)</sup> as simbool van die steun van die stamland, waarop hy gehoop het. Na die inbesitneming van die Kaap deur die Engelse en die hysing van die Engelse vlag voor die Graaff-Reinsetse drostdy deur landdros BRESLER, het die republikeine die vlag neergehaal en besluit om hul op die moederland te werp vir steun teen die Engelse „beskermers." Toe al hul pogings misluk het en die Dragonder- en Pandoere-regiment BRESLER in die landdrossetel gehelp het, het die familie TRIGARDT met verskeie bittereinders, oor die Visrivier gevlug en dreigemente nog voëlvryverklarings het hul in die Kolonie teruggekry voor die teruggawe aan die Bataafse Republiek. In die rumoerige streek het LOUIS sy skooljare deurgebring, waardeur daar in sy opleiding heelwat leemtes oopgelaat is, maar wat hom tog in staat gestel het om die pen te hanteer en 'n boek van blywende nasionale betekenis te skep.

Op Graaff-Reinet is hy in 1810 met die vyftienjarige Uitenhaagse dame, MARTHA ELIZABETH SUSANNA BOUWER getroud, 'n kleindogter van JAN LODEWYK BAUER VAN HESSEN—CASSEL. Daar het dus van albei kante Duitse bloed in die Afrikaanse adere van hul groot kroos gevloei, waarvan net vier die trek oorleef het. Aanvanklik het die trek net uit die familie, die onderwyser DANIEL PREFFER, 'n paar bywoners waaronder ou ALBACH, bestaan. Ons hoor ook van bure, die VAN AARDTS, DE LANGES, VAN DER MERWE en VAN DYK, maar dié het heel waarskynlik nie ver meegegaan nie. NICOLAAS PRINSLOO, JAN PRETORIUS, HENDRIK BOTHA, GERT SCHEEPERS en HANS STRYDOM het hul later aan die Grootrivier, laasgenoemde miskien eers aan die Vaalrivier, by die trek gevoeg wat oorspronklik by die VAN RENSBURGERS behoort het. Al hierdie figure, sommige meer, ander minder interessant, het TRIGARDT in sy *Dagboek* afgemaak. PIETA, die tweede seun, is die vader se regterhand. Op elke bladsy word iets van hom vermeld, sy geluk of ongeluk op die jag, sy versorging van die vee, optrek van krale, skoolgeboutjie en huis, regpak van sy wa, koorssiekte, ondervinding

---

<sup>1)</sup> Bylae by die *Dagboek*.

met 'n leeu, ens. Die gediensige, gewillige jongman, het ook sy buie gehad en dan het die vader ook oor sy oogappel die tug kom handhaaf: <sup>1)</sup>

„De avond sprak ik met PIETA, gaf hij mijn geen antwoord maar een suure gezigt, waar ik boos om worden ken. Was ik met een jukscheij agter hem, kon hem niet krijgen.”

Die oudste seun CAROLUS, die ontdekker van die Victoria-waterval op die Zambesi, <sup>2)</sup> is kort voor die uittoeg in 1835 getroud met CORNELIA BOUWER. Hy was eintlik die wamaker, van wie 'n mens die indruk kry dat hy afgunstig was en nogal haastig van humeur, en sy seningarms, waarmee hy daaglik wabande smee, by die minste provokasie op sy handlanger BOTHA lelik kon laat neerbeuk. <sup>3)</sup> BOTHA is 'n ongeluksvoël. As hy in die smidswinkel messe maak, breek CAROLUS per ongeluk 'n stuk van die lem af, wat uitloop op die heftigste rusie, waardeur hy 'n vuishou opdoen; as hy koperkoëls moet giet, smelt die kleipot maar die koper nie, as hy wabande gemaak het, is dié eers te groot, as hy dit kleiner maak te klein — en „toen ouwe BOTHA de wielen omtrind 8 of tien dagen de houd werk klaar gemaakt had, toen hy het opbranden zouw, zag men dat de honijd-wormen in de doorn houte speeken was Zei ouwe BOTHA KOOT.... dat is een zoon van juffrouw SCHEPERS.... dat dootsteeken moet met een doorn. Die gaten was bijna doorgefreet. Hij zei aan KOOT, hij moet ter degen keijken, en steek het altoos doot.” <sup>4)</sup> Gedurig steek die dagboekskrywer die draak met BOTHA, lag hom uit omdat hy so 'n slegte skut is, noem hom in skerts „ouwe Botha” terwyl hy nog maar neën-en-dertig jaar oud was toe hy in April 1838 in Delagoabaai oorlede is. Maar dit is eintlik die bywoner IZAAK ALBACH, wat die harlekyn van die trek is en tog ons medelyde opwek, as hy by die leier kom klae

<sup>1)</sup> *Dagboek* p. 109.

<sup>2)</sup> Vgl. Herinneringen van KAREL TRICHARDT, in PRELLER: *Voor-trekkermense* II p. 1 en vlgg. *Sketse en Opstelle* p. 73 en vlg.

<sup>3)</sup> *Dagboek* p. 55, 87—89, 117.

<sup>4)</sup> *Dagboek* p. 104.



„dat hij verstoten werd van alle.”<sup>1)</sup> Hy het hom vir 'n Fransman uitgegee, onder NAPOLEON gedien en aan die Kaap 'n baster-familie verwek, wat hoe hulle hul ook al eenkant gehou het op die trek, telkens aanleiding gee tot stoornis en ergernis onder die blankes sowel as onder die Boesmans. Sy gebroke Hollands word spottenderwyse onophoudelik nageboots in die Dagboek. As die tien osse, wat die ongelukkige BOTHA op die jag gehad het, uitbly, waaronder die enigste een van ALBACH en al drie van ANTJE SCHEEPERS, vind die volgende gesprek plaas:<sup>2)</sup>

„Algmate CAROL, mijn eenige os wek.

Hoe dan, ouwe IZAAK

Die hos ouwe HINDREK gister uit span het is alle kaar wek, nou kister ik kom daare bij ou HENDRIK ikke vraa ISAAK waar de os; ikke wel somar stuur ISAAK hy moet loop kijk de hos. Owe HENDERIK ze, DIRERIK was myn jonke, hy had niet slaap en de huis van nak.”

Die weduwee ANTJE SCHEEPERS is een van die interessantste vroue van die trek. ALBACH se ondervindings met weduwees het hom vroeër 'n „verdom vransman” en „die bees-stok ater schouw-blat” besorg<sup>3)</sup>, maar teenoor hierdie kranige vrou koester iedere man die grootste respek en staan haar orals by in haar versorging van haar nege kinders. Sy kan hul darem zelf in toom hou, deins nie daarvoor terug nie „om haar grootste kinderen eider een pak slagen te geven”<sup>4)</sup> as hulle parmantig teenoor haar is en sorg dat die jongeres op skool bly om die eerste beginsels van onderwys te ontvang.

Die sewentigjarige skoolmeester, DANIEL PFEFFER, het sy hande vol gehad, eers met die optrek van 'n skoolgeboutjie en daarna met die onderrig, nie alleen van 'n twintigtal kinders nie, maar ook van volwassenes soos BREGGIE PRETORIUS, wat saam met haar twee kinders les gekry het. LOUIS TRIGARDT

<sup>1)</sup> *Dagboek* p. 49.

<sup>2)</sup> *Dagboek* p. 96—97, (d.i. DIDERIK het nie vannag in die huis geslaap nie).

<sup>3)</sup> *Dagboek* p. 124.

<sup>4)</sup> *Dagboek* p. 69.

is die skrywer, by wie daar die drang is om in sy dagboek op te gaan, die skoolmeester, die man van die praktyk. PFEFFER was 'n baastuinier, vind dit „hier bedorven en daar bedorven” as die oneerlike Strydom, die bywonertipe, „zes mielies, zes komkommers en tien geele wortels” vir hom uit die tuin meebring en hy agteraf moet hoor dat Strydom die Kaffer nie minder as ag mielies geege het nie. „Zei de ouwe, Dieven willen zy niet weesen en steelen ken zy niet laten!”<sup>1)</sup>

In April 1837 open hy sy skool op Rietvlei, die geboutjie waarvoor PIETA met soveel ywer hout aangesleep het en dekgoed laat sny het; in Junie van dieselfde jaar is hul aan Dorenrivier en „de morgen heb ouwe DANIEL de kinders weer weer in de school gezit.”<sup>2)</sup> In sy hoë ouderdom is die goeie stille onderwyser nog 'n hartstogtelike jagter<sup>3)</sup> en hy maak die hele lang vermoeiende tog mee tot in Lourenço Marques, waar die koors hom in sy ag-en-sewentigste jaar afmaai. Die man, wat die trekkers van analfabetisme bewaar het, wat hul 'n beskawing bygebring het, hoe primitief ook al, wat hul in staat gestel het om 'n hoë sedelikheid onderling en teenoor die omringende Kafferstamme te handhaaf, was so sleg bedeed van aardse goedere, dat TRIGARDT vir sy begrafnis moes betaal:

„Ik liet hem begraven, en betaalde zyn begrafenis. Ik kon niet doen wat ik wou, wand mijn vrouw was zoo sleg die morgen, dat wij niet dagte dat zij de avond zien zouw.”<sup>4)</sup>

Vier dae ná hul aankoms in die Portugese stad, op 13 April 1838, ná 'n trek van ag maande uit Soutpansberg het TRIGARDT se vrou, drie kinders en DANIEL PFEFFER, gelyk siek geword. Die wolke het vinnig om sy kop saamgepak. Op 1 Mei staan hy voor die sterfbed van sy „lieve vrouw”. Die stoere voortrekker, wat vir geen gevaar teruggedeins het nie, wat met onfeilbare intuïsie, byna sonder kommentaar

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* p. 57.

<sup>2)</sup> *Dagboek* p. 123.

<sup>3)</sup> *Dagboek* p. 174.

<sup>4)</sup> *Dagboek* p. 358.

oor sy moeilikhede, <sup>1)</sup> sy trek van nege waens en swaar kuddes veilig oor die verskrikkinge van die Drakensberge gelei het, die man wat as 'n vaderlike regter sy gemeenskap gestraf het, waar dit nodig was, wat veertien maal in die loop van 'n paar dae die groot Olifantsrivier deurgetrek het, sy mense gehelp en getroos het in tye van siekte en nood, snik soos 'n hulplose by die afskeid van sy lewensgesellin. Maar ook in sy grootste smart bly hy waardig; ons leef die hele smartvolle dag met hom mee en die slot van sy *Dagboek* bring die oortuiging vir wie nog nie oortuig is nie, dat die werk van 'n eenvoudige boer tot ons klassieke behoort: <sup>2)</sup>

„De morgen toen de haan kraaij stond ik op, om te zien of ik niet eits te horen kon komen hoe mijn lieve vrouw gesteld mag wesen, maar dat was alles stil in de huis; ging ik weer leggen. Maar kon niet slapen, is ik weer op gestaan met de tweede hane kraaij, was het nog niet dag; heb ik met ongedult de tyd af gewagt dat de jufr. haar deur open mog maken. Ik steurde CAROLUS om aan te kloppen en na zijn moeder haar toestand te vernemen. Hy kwam terug, en zei dat zijn moeder redelik is maar zeer swak. Ik ging ten eersten na haar kamer, en zei haar Goede morgen. Zij sprak zoo sag dat ik bijna niet verstaan kon wat zij zei! Ik vraag haar, of mijn lieve vrouwe mijn kende; zij antwoorde, of zij mijn dan niet kennen zouw. Maar zoo belemmert dat ik bijna niet verstaan kon wat zij sprak. Toen zag ik dat mijn gevoelen maar al te waar gegrond was! Dat ik haar niet weer met gezondheid zien zouw! Van die ogenblik nam de droefheid zodanig de overhand op mijn, dat ik niet wis wat ik deet of spreken zouw. De Kinders weende met mijn, het welk mijn nog meer en meer mijn beswaarde gemoed bedroefde. Ik nam afschijd van haar voor dit leven, maar dagte haar in de huis des hemelschen Vaders weer te zien, en klaagte bij Hem niet, maar bid dat hij mijn tot hulp mag komen. De wille des Heeren moet geschieden, en alle ons moeite en sorg was te vergeefs. Omtrind elf uur nam de Allemachtige God haar weg!

---

<sup>1)</sup> Vgl. FULLER: *Louis Trigardt's trek* p. 40. Daarom was dit so moeilik om sy roete vas te stel.

<sup>2)</sup> *Dagboek* p. 367—369.

Met vaste vertrouwen in..... ik ben!<sup>1)</sup> Dat mijn waarde en teer beminde lijf een salige verwisseling gedaan heb. Egter ken ik mijn niet troosten. De droefheid overstelp mijn zodanig, dat ik bijna buiten mijn kennis raakte. De heer en juftr. trooste mijn, maar voor mijn is geen troos op aarde.

Ik had CAROLUS een kis laate maken voor haar doot, toen ik zag dat daar voor haar wynig hoop was. De avond was het klaar. JAN PRETORIUS had de volk late versoeken hem te helpen. Mijn Liefste en Dierbaar pand wierd van mijn voor Eewig genomen.”

Vir haar plesier is die boek geskrywe, 'n dagboek wat loop oor die tydvak van 31 Julie 1836 tot 13 Januarie 1837 en byna sonder onderbreking van 25 Januarie tot die dag van haar dood.<sup>2)</sup> Ander motiewe kon in die spel gewees het; daar was nl. by hom die drang om te skrywe, hy kon gedink het aan die rapport wat hy later by generaal POTGIETER sou wou indien, aan 'n soort van rekening-koerant om die aanwas en vermindering van sy vee en dié van sy kinders, die opbrengs van ivoor en huide by te hou, maar langsamerhand het dit deur die bemoediging van sy vrou en sy eie skryflus aangegroei tot 'n omvangryke kroniek van huislike gebeurtenissies waarin sy behae geskep het. Daar hul geen ander lektuur as die Bybel en miskien 'n gesangbundel in hul besit gehad het nie, wat PFEFFER bo-op as teksboek daagliks gebruik, is dit begryplik dat die humoristiese opmerkinge, die spot en kritiek, die rake tekeninge 'n bron van blywende genot vir haar moes gewees het, waarop sy telkens kon terug kom.

Met haar dood is alle entoesiasme vir sy „boek” geblus, 'n werk wat nooit vir die pers bestem was nie, al meen die skrywer terloops om deur middel daarvan „aan mijn Natie te zeggen wie van haar (Kafferkapiteins) goed of sleg is.”<sup>3)</sup> Soos 'n tweede HUYGENS slaan hy sy Dagwerk dig, teken nog slegs op 10 Augustus 'n enkele sinnetjie aan — „had ik een stille verjaarsdag, dog zal daaraan gedenken”<sup>4)</sup> — en voor

<sup>1)</sup> Die Handskrif onleesbaar.

<sup>2)</sup> Vgl. G. S. PRELLER: *Sketse en Opstelle* p. 16.

<sup>3)</sup> *Dagboek* p. 309.

<sup>4)</sup> *Dagboek* p. 369.

die end van die jaar word hy naas sy vrou en die manne van sy trek onder die wilde vyeboom begrawe toe nog net 'n paar vroue en weeskinders sy heengaan kon betreur. Dié keer daarvandaan oorsee na Natal en die beskawing terug met die hulp van hul landgenote. Die ontroerende skoonheid van hierdie verhaal, die Ilias van lyding, word verhoog en verdiep deur die eenvoud van taal en styl. Sonder oordrywing is dit die Afrikaanse *Pepys' Diary* van die Trek genoem; „het is selfs beter geschreven dan dat werk.”<sup>1)</sup>

Die eerste uittoeg oor die Vaalrivier het op 'n jammerlike mislukking uitgeloop wat die stigting van 'n onafhanklike staat betref. Maar hulle was baanbrekers op die weg na die noorde en in hul voetspoor het POTGIETER en MARITZ in 1839 gevolg toe die toestand in die kolonie onhoudbaar word. Die resultaat van die sendingbedrywigheid van die Londense Genootskap was, dat die Minister van Kolonies, lord GLENELG, in die jare 1835—1838 'n naturellepolitiek gevoer het, wat op soveel ontevredenheid uitgeloop het dat „de keur der Grensboeren”<sup>2)</sup> besluit om die kolonie met sy Engelse bestuur, wat hul geen beskerming aanbied nie en verbied dat hulle hul op die manier sou beskerm, te verlaat.

### 3. ERASMUS SMIT, 'N MISKENDE KULTUURDRAER.

Toe die emigrante op die punt staan om die Kolonie te verlaat, het hulle moeite gedoen om 'n predikant mee te kry, maar sonder sukses.<sup>3)</sup> Op versoek van die owerheid het sommige predikante teen die „uitgewekenen” te keer gegaan en selfs geweier om die kinders van die trekkers in die verbygaan noordwaarts te doop.<sup>4)</sup> Groepsgewyse is die trekkers

<sup>1)</sup> Vgl. Dr. G. BESSELAAR: *Zuid-Afrika in de Letterkunde*, p. 61.

<sup>2)</sup> Vgl. Dr. J. W. LEYDS: *De Eerste Annexatie van Transvaal* (1906) p. 21—48. Hy haal sir BENJAMIN D'URBAN se beskrywing van die Voortrekkers aan: „een dapper, geduldig, vlijtig, ordelijk en godsdienstig volk, de ontginners, de verdedigers, en de belasting betaalers van het land, de keur der Grensboeren.”

<sup>3)</sup> Vgl. J. C. CHASE: *Natal Papers* Vol. I p. 93. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Ned. Herv. Kerk* Dl. I p. 18.

<sup>4)</sup> Vgl. G. S. PRELLER: *Piet Retief* (1912) p. 65—66.

uit die Kolonie uit. TRIGARDT en VAN RENSBURG was reeds ver in die noorde toe die laers van HENDRIK POTGIETER en GERT MARITZ volg om op die Vrystaatse hoëveld voorloopig tot stilstand te kom. In April 1837 het PIET RETIEF hom daar by hul aangesluit. Toe hulle geen predikant kon saamkry nie, het GERT MARITZ besluit om sy swaer ERASMUS SMIT,<sup>1)</sup> 'n ongeordende sendeling as leraar mee te neem. Hy word dan die skrywer, die vernaamste kultuurdraer van die nomadiese groep, sy reisende gemeente. Aan behoorlike ordening is in die dae veel gewig geheg en daarom wou die verskillende trekkers veral van die party van POTGIETER hom nie as predikant erken nie en het liewer na die diens van die Wesleyaanse sendeling ARCHIBELL wat op Thaba 'Nchu sy sendingpos gehad het, gegaan. ARCHIBELL het selfs in die laer van POTGIETER kom preek, iets wat SMIT so gegrief en ontmoedig het dat hy daaraan gedink het om nie verder na die beloofde land te worstel nie maar terug te keer na die vleespotte van Egipte. Al die persoonlike smaad en hoon hom aangedaan, die hele lydensgeskiedenis van die Groot Trek, 'n kykie binne-in die laers, binne-in die tentwaens, binne-in die harte van die baanbrekers word ons gegee in die *Dagboek* van die sendeling-skrywer, 'n werk wat tot die grootste skatte van ons trekkers-geskrifte kan gereken word.

ERASMUS SMIT is in Amsterdam gebore. Toe hy 'n jaar oud was, is sy moeder oorlede en in sy agste jaar vertrek sy vader as onderstuurman na Oos-Indië en ERASMUS word saam met die kinders van ander seevarende wewenaars in die Aalmoezeniers-weeshuis in Amsterdam geplaas. As jong seun het hy die Franse oorlogstroepe op 19 Januarie 1795 deur die Leidse poort sien binnemarsjeer en jare later, in die skroeiende

---

<sup>1)</sup> Vgl. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. Herv. K. Dl. I p. 19*. Vgl. ook E. F. KRUYF: *Geschiedenis van het Nederl. Zendelingengenootschap*, 1802, p. 71—81. Ander lewensbesonderhede ontleen aan *De Kerkbode* 1863, Junie en Julie 1918, aan prof. J. DU PLESSIS: *A History of Christian missions in South Africa* p. 270, en PRELLER: *Voortrekkermense II*, p. 54 en vigg. Artikels van J. BOSHOFF in *The Grahamstown Journal*, 2 Aug. 1838 herdruk in *Meditator* 21 Aug., 4 Sept., 11 Sept 1838 en in *Lees-Vruchten*, Dl. II 1837 pp. 329—357 is ook geraadpleeg.

hitte van die Vrystaatse vlaktes herinner hy hom nog hoe „de soldaten waren genoegzaam zonder klederen, hoeden en schoenen en dat in 't midden van 'n barre, strenge, koude winter. Alleen waren de soldaten met 'n oude vuile kombaars om 't naakte lijf omhangen; en hadden 'n stuk rauw vlees en brood op de spits van hunne geweeersbajonet gestoken; 't welk 'n akelig gezicht was voor onze beschaafde en rijke wereldstad.”<sup>1)</sup> Die Aalmoezeniers-weeshuis het hom versorg tot 1801 toe hy dit verlaat om sendeling te word. Die „Nederlandsche Zendingen genootschap” het hom opgelei en op 5 September 1802 neem hy van hulle plegtig afskeid met die plan om in Suid-Afrika onder die heidene te gaan werk. Sy inseëning het in die maandelikse byeenkoms van die genootskap plaasgevind, maar dit het geen reg tot die bediening van die sakramente gegee nie. In September 1802 het die eerste drie sendelinge van die Nederlandse Genootskap, SMIT, EECKHOUT, en ROESTEEN in Texel aan boord gegaan. Maar dit word Oktober 1804 voor SMIT eindelik in die Kaap land. In sy *Dagboek* teken hy die rede hiervoor aan op Woensdag 20 September 1837:

„Deze dag herinnerde mij, dat 't nu 36 jaar is, sedert ik van de rede van Texel in zee stak, met 't schip de Zeenimf gevoerd door de schipper CORNELIS KOTER, om naar de Kaap de Goede Hoop te zeilen; waar ik, na 'n lange reis, op de 16e October 1804 in de baai Vals, met mijn 4e schip laatst uit Nieuw York, Noord Amerika gezeild, van 250 man alleen behouden aankwam.”

Deur swaar storms het die skip in Amerika tereggekome waar die ander twee sendelinge agtergebly het. Die verskrikking van die storm het hom altyd bygebly maar op die trek het hy nog erger Afrikaanse storms beleef wat hom laat getuig:<sup>2)</sup>

„Ik heb nooit in mijn leven op aarde zulke zware, aanhoudende en hardklaterende donderslagen gehoord. Op mijn tweejarige seereis in 1802 en 1803 heb ik, aan

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 19 Jan. 1837.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 25 Oktober 1837.

de westkust van Afrika, wel zware donder gehoord; maar niet zo vreselik geducht hard en lang aanhoudend, als heden een uur van de Drakansberg, zijnde in Zuidoost-Afrika.”

In die Kaap het sy moeilikhede dadelik begin, daar hy nie georden was nie, met die gevolg dat hy verbied word om godsdiensoefeninge te hou. Onderwyl het die Kaap vir die tweede maal in Engelse hande oorgegaan en in 1814 tree hy, die eerste Hollandse sendeling van die Nederlandse genootskap, in diens van die Londense Sendinggenootskap, gaan werk onder die Boesmans op Genadendal en van 1822 af onder die Hottentotte op Stellenbosch. In 1825 hoor ons dat hy aangestel is as onderwyser in die skool vir slawe-kindere <sup>1)</sup> daar, maar hy raak in geldelike moeilikhede en is verplig om in 1830 die taak van verkondiger van die Evangelie aan die swart kreature te verwissel vir dié van huisonderwyser op Olifantshoek (Alexandria) vir die kindere van sy aangenome volk, wat van haas alle voorregte van onderwys verstoke was.

SMIT het in die huwelik getree met SUSANNA CATHARINA MARITZ wat nie minder as twintig jaar jonger as haar man was nie, 'n trekkergesellin, wat hom as onderwyseres bygestaan het op Olifantshoek sowel as op reis en by die opstel van die dagboek, die verrigting van sy skryfwerk dieselfde aanmoediging en nog meer hulp kon verleen het as MARTHA BOUWER aan LOUIS TRIGARDT. Die *Dagboek* <sup>2)</sup> getuig van hul omswerwing van November 1836 tot 31 Januarie 1839, wanneer hul in Pietermaritzburg tot stilstand kom en die moedige twee ou Voortrekkere die pen neerlê in die hoop en verwagting dat hulle die beloofde land deelagtig geword het. Daaruit konkludeer ons dat hy sy pligte getrou vervul het, Sondags tweemaal gepreek en katkesasie gehou het vir die jongmense. Twee waens naas mekaar getrek en met 'n seil daaroor gespan, het as kerkgebou vir hierdie trekkende gemeente gedien. Eentonig is dan ook die opsomming van al die tekste met die punt-

<sup>1)</sup> Vgl. *The Cape Town Gazette and African Advertiser*, 7 Okt. 1825.

<sup>2)</sup> Die eerste gedeelte van die *Dagboek* is verlore gegaan.



verdeling waaroor hy telkemale preek,<sup>1)</sup> dor die boek der kronieke wat die kerklike verrigtinge betref, „maar in zijn ongekunsteldheid is het boek aangrijpend van een ernst, die aan tragedie grenst.”<sup>2)</sup> Hier het ons 'n deurleefde beskrywing van wat daar gedurende die gedenkwaardigste, mees romantiese periode van ons geskiedenis voorgeval het, 'n tekening van die groot Voortrekkers, PIET RETIEF, POTGIETER, MARITZ, SAREL CELLIERS ens. deur 'n man wat van hul alles te hoop en te vrees gehad het. Eersgenoemde veral was die beskermheer van SMIT en geniet die meeste aandag van die skrywer. Toe PIET RETIEF hom in 1837 by die laer van MARITZ voeg en gekies word tot algemene leier met die titel van „gouverneur” wou hy SMIT as vaste predikant met 'n vaste salaris aanstel. Vir die plegtige voorstelling het SMIT 'n inwydings-predikatie voorberei en dit ook gehou maar die bevestiging moes 'n maand uitgestel word weens „een groote onstichtelike beweging in de kerk.” As hy 'n maand later self die formule gelees het, homself die gewone vrae stel, RETIEF hom voorgestel het aan die gemeente, weier SAREL CELLIERS en sy aanhangers om hom te erken as hul dominee. En met die dood van RETIEF verloor hy sy grootste steun. Dan gaan dit met hom *decrescendo*. Wanneer 'n groot figuur soos TRIGARDT met die wêreld rondom in botsing kom, wanneer hy geen vorm en uiting vir sy innerlike gawe kan vind nie, ontstaan daar tragiese spanning. Maar spanning en die tragiese ontstaan ook wanneer 'n middelmatige of selfs swak natuur soos SMIT verantwoording op hom moet neem, wat hom neerdruk en sy rus verstoer. Die geniale mens word groter en sterker deur sy noodlot, die middelmatige wil rustig en in die skaduwee bly, hy wil geen felbewoë lewe nie, hy is bang vir die leed en as dit hom van buite af opgelê word, ly hy nog verskrikliker dan die groot tragiese held wat sy verdriet in sy werk kan omsit. So is die lewe van

---

<sup>1)</sup> In die Inleiding sê ds. SCHOON: In die uittreksel uit het *Dagboek* heb ik achterwege gelaten alles, wat mij toescheen van weinig belang voor 't publiek te zijn: zoo heb ik b.v., om iets te noemen, menige Godtsdienstsoefening, Doopsbediening, Huweliksvoltrekking, en wat dies meer zij, overgeslagen; opdat 't boek niet te eentonig zou worden.”

<sup>2)</sup> Vgl. BESSELAAR: *Z.A. in de Ltk.* p. 62.

ERASMUS SMIT een van die sprekendste voorbeelde uit ons geskiedenis van die middelmatige mens wat deur 'n onsigbare hand bo sy middelmatigheid gestoot word. Hy is geen held vir 'n roman nie, in gevaar slaan hy dikwels 'n swak figuur naas die onverskrokkendheid van MARITZ en RETIEF, hy is agterdogtig teen die Engelse sendelinge, miskien tereg, teen SAREL CILLIERS ook waar daar geen belediging bedoel is nie, want die omdoling in „de woestijn” het vir hom ontberinge en angs en verdriet gebring waarvoor hy nie in die wieg gelê is nie.

Soos TRIGARDT vol is van PIETA, so styg daar uit die Dagboek van SMIT 'n beeld op van „mijn zoon SALOMON”. Af en toe hoor ons dat daar 'n brief verstuur is, of een aangekom het van die oudste seun GEORGE, wat in Uitenhage agtergebly het en daar getroud is. Hierdie berigte na lange tussenpose is vir die ouers altyd „zeer verblijvend in deze tans bedroevende woestijn van Afrika”, <sup>1)</sup> maar hul trots, hul hulp en steun is SALOMON. Nêrens is die dagboekhouer simpatieker as in sy vaders trots en vaderliefde. Die behoue gedeelte van die Dagboek open met 'n mededeling dat SALOMON met byle en sae uitgery het om brandhout te haal waaraan daar altyd skaarste op die wye vlaktes was. <sup>2)</sup> As daar kruit moet gemaak word „waar ook onze SALOMON meester in is”, <sup>3)</sup> kyk die vader die bedrywigheid met genoeg aan, maar as die seun op 'n patrollie gekommandeer word om ondersoek by 'n Boesmankraal in te stel na gestole perde, leef hy in die grootste angs en spanning tot die volgende dag, tot hy kan opteken „heden tegen de avond kwam onze lieve SALOMON, God zij dank! met de patrolje weer by onze wagens in welstand tot onze vreugde thuis.” <sup>4)</sup> 'n Week later weier hy beslis om SALOMON op die kommando teen OEMZILIKATS te laat gaan en beweeg hemel en aarde om hom van die lys af te skraap tot hy daarin slaag, tot ontevredenheid van die seun, wat graag met sy oom op

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 15 April 1838. Vgl. ook 27 Nov. 1836, 22 Jan. 1837, 10 Maart 1838.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 14 Nov. 1836.

<sup>3)</sup> *Dagboek* in dato 6 Dec. 1836.

<sup>4)</sup> *Dagboek* in dato 18 en 19 Dec. 1836.

kommando wou gegaan het: „We stelden ons voor ons kind in de bres; en ofschoon onze lieve SALOMON brandt van begeerte om op dit kommando mede te gaan, zo kunnen we ouderen om verscheiden redenen, niet besluiten hem van ons af te laten gaan.”<sup>1)</sup> Groot is die verligting as „mijn zoon SALOMON” met nog agtien manne gekommandeer word om na die kafferkraal van MOSHESH te ry, toe MOROKKO self sy eie sakies opknap en die kommando nie hoof uit te gaan nie. Met sy vriend IZAK VAN NIEKERK gaan hy dan op jag en gelukkig vir die oumense is dit IZAK wat by ’n ontmoeting met ’n leeu „die hem met zyn grote poot ’n goede slag op zyn linkerbil gaf” die slegste daarvan afkom en danksy die vindingrykheid van die boer dadelik die bynaam kry van IZAK LEEUWBOU om hom van ’n ander IZAK te onderskei.<sup>2)</sup>

RETIEF is vader en seun besonder geneë<sup>3)</sup> en SALOMON was gewild en gesien onder die jong mense op trek. Op sy een-en-twintigste verjaarsdag, 30 Mei 1837, was daar groot vreugde in die tentwa-huis. Ons hoor dat hy in Boesmanland op Torenberg (nou Colesberg) gebore is en in die gesprek tussen vader en seun, wat alles behalwe opgewek in die vroeë môre wakker word, hoor ons die ontevredenheid van die jong man met hierdie swerwersbestaan: „Papa! nu ben ik 21 jaar; maar ik heb nog niets in de wêreld, om als ’n man wat te beginnen.” Die vader waarsku dat hy nie sy lot aan die wêreld nie maar aan God moet toevertrou en troos hom dat ander nog met minder bedeed is:

„Dat is zo, mijn kind! Gij hebt weinig; maar gij hebt toch 5 paarden; gij zijt gezond; gij kent ’n goed ambacht; gij hebt dus nog meer dan andere. Gij moet niet alleen op uwe meerderen zien. En zie vooral op God. Die voor u mijn kind! en voor uwe broeders en ouders tot hiertoe gezorgd heeft. Die God zal verder wel voor ons zorgen, dat gij, zolang als gij leeft op aarden wel genoeg zult hebben.”

Die versorging was nie lang meer nodig nie, dit was sy

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 30 Dec. 1836. Vgl. ook 9 Jan. 1837.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 2 Febr. 1837.

<sup>3)</sup> *Dagboek* in dato 27 April en 25 Mei 1837.

laaste verjaarsdag. Die 13de Julie teken die vader aan: „mijn SALOMON is zeer ziek tehuis gekomen van zijn jonge vrienden.” ’n Paar dae later is hy so ernstig dat hy saggies fluister: „Papa, dit is het einde van de reis. Ik zal sterven,” en verder geen ag meer slaan op die vrolikheid, musiek en sang van sy vriende nie. <sup>1)</sup> Die karavaan skuif tog maar ooswaarts die Sandrivier op hoe die vader ook al voel dat „’t rijden scheen mijn lijdende zoon meer goed dan kwaad te doen.” <sup>2)</sup> Twee dae later as hy biddende, singende, so goed as sterwende was, gaan die leraar onder hierdie sorgelike huislike omstandighede nog om ’n gebed te doen vir die seuntjie van ’n ander familie wat op sterwe lê. „Om die weide voor ’t vee,” om die daaglikse brood dus, moet hulle maar steeds verder. SMIT wou nog aan RETIEF voorstel om liever nie van staanplek te verander nie, maar die moeder meen dat hulle moet langsaam voortgaan en so ry hulle op ongebaande weë ’n hele skof van vier uur met die sterwende kind. Wat daardie dag van die 27ste Julie en die volgende dae in die vaderhart omgegaan het, kan ons vermoed uit die snikke en trane wat daar deur die prosa gaan. Hier styg die dagboek tot diep deurvoelde kuns in sy ongekunsteldheid. Ons sien hoe die skrywer die ganse dag by sy seun in die wa sit, aanskou sy worsteling met die dood, treur saam met sy vadersmart en „zeer laat in den avond bad ik nog eerst in stilte op zijn bed neergeknield, voor hem.” ’n Paar uur later het SALOMON aan die end van sy reis gekom. Die hele beskrywing van die siekte, dood en voorbereiding vir die begrafnis is ’n meesterstuk van beheerste smart. As literatuur ontroering in woorde vasgelê is, en ons beste skrywers hulle is, wat die ontroering aan die lesers kan oorbring, dan gee hierdie gedeelte van die Dagboek die reg om SMIT tot een van ons beste skrywers te reken. Vol dankbare erkentelikheid maak hy melding van die hulp van sy vriende wat hy in hierdie tyd van beproewing eers leer ken het. RETIEF skrywe die briewe aan die familie, sy vrou maak ’n „oversterfhemd, halskraag, muts en aangezichtskroon, deksel voor mijn ge-

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 19 Julie 1837.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 24 Julie 1837.

storven SALOMON." 'n Vriend, sekere DREYER, ry om te sien of hy nie planke vir 'n doodskis kan kry nie, 'n ander, v. DYK, maak die kis, RETIEF die draagbaar. Hy laat ook die graf maak en dien as koster. Die volgende dag, Sondag, 30 Julie, is die vader al vroeg in die sterftent om vir die laaste keer „mijn waarde SALOMON (mijne beeltenis)” te sien; hy hou self die lykdienis en met byna bomenslike pligsbesef hou hy na die teraardebestelling sy gewone diens: „De oude zwakke en bedroefde leraar werd aanmerklijk door zijn Heer gesterkt om de dienst te volbrengen, tot blydschap voor de deelnemende gemeente.”

SMIT het met AARON geleer om stil te swyg, maar sy vrou was ontroosbaar; die deelneming, gesprekke, psalme, gesange en liedere van hul talrijke vriende kon haar nie tot berusting bring nie. 'n Paar dae later moet hul die sterfplek verlaat, kruip langs die Sandrivier ooswaarts op, by die deur OEMZILIKAATS verwoeste kafferkrake verby, maar hul gebroke harte het by 'n eensame graf in die veld agtergebly. As daar weer verjaarsdag in die familie gevier word, is die twee stok alleen „heden mijn en myner huisvrouw verjaardag: mijn 59e en haar 39e verjaarsdag.”<sup>1)</sup> Verder niks; die stemming was te bedruk en gespanne om selfs aan vroeër feestelikhede en huislike geluk te dink op hul geboortedag.

In die Dagboek het SMIT goed sy eie angs en die algemene onrus wat daar in die laer geheers het, as gevolg van die gerugte en riemtelegramme wat rondgegaan het, weergegee. Op hierdie man, wat die pen makliker gehanteer het as die geweer, moes die worsteling op Vegkop, 16 Oktober 1836 en die ontsettende moord van 17 Februarie 1838 'n onuitwisbare indruk gemaak het, wat hy soos rou krete uit sy geskrif laat hoor. Eers is daar nog by hom dieselfde meely met die barbare wat hy as sendeling aan die Kaap gekoester het en hy is in staat om 'n lewendige, beeldryke beskrywing van die slag te gee as die gevaar geweke is en die boere die oorwinning behaal: „De ongelukkige wilden waren als zwarte duivelen gemonteerd; en verschenen in 'n ontelbare menigte, met 'n hels alarmgeschreeuw, slaande op hunne schilden als

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 28 Aug. 1837.

'n dondergeluid uit de wolken; en vielen op 't leger der witten aan." 1)

As 'n gerug 'n valse alarm blyk te wees, skerts hy oor 'n alarm wat niks anders was as "n menigte van nullen voor 'n vyf geplaats," 2) maar as „de droevigste nacht en tegenwoordige dag van onze lange reis" 3) aanbreek skiet elke oog vol tranes by die deurlees van die onsamehangende smart-verhaal. Soiets as „emotion recollected in tranquillity" waar WILLIAM WORDSWORTH van praat, het ons kunstenaar nie geken nie; dit is die onmiddelikheid, die spontaniteit wat so aangrypend is. Daar is tye wanneer die siel net in 'n noodkreet verligting vind en in afwagting van die ergste slaak SMIT die noodkreet:

„En zo de Almachtige de vijand over ons laat triomferen wij erkennen Gods straffende, slaande hand dubbel waardig te zijn; want onze zonden zijn groot en veel. Doch zij Hij alsdan onze arme zielen genadig om Kristus kruisdood en bloedswille! Amen. Zijn wil over ons geschiedde! Amen. En dit is nu misschien mijn laatste dag van 't schrijven van mijn *Joernaal*." 4)

Die volgende dag, Sondag, kom die son op oor 'n laer wat so goed as uitgemoor is. In swyende groepies gaan die manne wat oorgebly het, om die lyke onder die aarde te bring, ander agtervolg die vluggende vyand. Daar heers plek-plek die grootste verwarring waar 'n paar gewonde kindertjies met agtien assegaasteke die hooflaer op Doornkop binnegedra word, waar 'n vluggende vrou van 'n welgeskape kind verlos word. Aan die gewone Sondagdiens dink niemand nie; die leraar wat van een toneel na 'n ander snel, kan geen aaneengeskakelde gebed voortbring nie; hortend en stotend stamel hy as hy die „droevigste" dag moet beskrywe:

„'t Was zucht op zucht, klacht op klacht. Ach God! ach Heer! Hoe geducht, hoe groot zijn Uwe oordelen over ons! 't Gekerm der gewonden, en de angst en schrik van anderen

1) *Dagboek* in dato 16 Oktober 1836.

2) *Dagboek* in dato 17 Febr. 1837.

3) *Dagboek* in dato 17 Febr. 1838.

4) *Dagboek* in dato 17 Febr. 1838.

krijten ten hemel op." <sup>1)</sup> Die drinkbeker loop vol as die tyding kom dat RETIEF met al sy manskappe vermoor is. Ons sien die skrywer strompel van tent tot tent tot dit hom te magtig word en hy buite die laer sy Bethel, sy Pniëll vind en ook die nagte in „zuchten en gebeden" doorbring. Sy persoonlike smart by die dood van SALOMON kon hy nog in taamlik beheerste eie vorm giet maar die ramp wat die hele gemeenskap getref het, kon hy alleen met Bybelse klaagliedere benader:

„O! dan ligt mijn SALOMON toch nog in de moederhart der aarde; maar ZEd. en hun aller overschot en gebeente als gekloofd hout op de aarde. O, hoe zijn de helden gevallen en de krijgswapenen verstrooid."

In tye van die hoogste nood en spanning is hy die verstrooster en helper. Later as GERT. MARITZ sterf, moet hy in 'n stortbui reent en knetterende onweer na die sterfbed gedra word deur die sterkstromende rivierspruit om die sterwende voortrekker in die laaste ure by te staan. <sup>2)</sup> Maar so gou as die gevaar gewyk is, staan die gedagte dat hy ongeorden is weer soos 'n muur tussen hom en sy gemeente. Dit is die *leitmotief* van die dagboek; steeds is hy op sy hoede teen beter gekwalifiseerdes wat hom kon verdring. Eers koester hy argwaan teen die Engelse sendeling ARCHBELL, dan is hy verstoord en gebelg oor die onderkruipery. Sy styl gloei van verontwaardiging as hy betoog dat die leraar van die Metodistiese-Wesleyaanse kerk geen reg het, volgens die beginsels van die Dordtse Sinode, om in die Gereformeerde Kerkgemeente te preek nie. Vroër het dit net binne in hom geskryn as hy bid „de Heere rekene 't hem niet toe!" <sup>3)</sup> Van die eerste kennismaking het die afgunsweltjie om 'n hoek kom loer toe hy ARCHBELL se woonhuis in die kraal van Morokko gaan besoek, dit van „alle gemakken en kamers voorzien" vind met 'n lokaal vir die boekdrukkery waarin 'n „fraaie pers" staan. <sup>4)</sup> Maar sy ergernis oor die indringerigheid van ARCHBELL, oor die onheuse behandeling deur sy

<sup>1)</sup> *Dagboek* 20 Febr. 1838.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 25 Sept. 1838.

<sup>3)</sup> *Dagboek* in dato 19 Dec. 1837.

<sup>4)</sup> *Dagboek* in dato 6 Dec. 1836.

gemeentelede wat glad 'n lys in die laer laat omgaan het om die vreemde indringer tot leraar vir die laer te kies, styg daaglik. As ARCHBELL eindelijk veilig agtergelaat is, is dit weer die Amerikaanse sendeling DANIEL LINDLEY, wat 'n sendelingpos onder die Soeloes gehad het, wat SMIT se rus kom verstoort. LINDLEY was gelief onder die Voortrekkers <sup>1)</sup>, SMIT nie. Tog lê daar iets diep tragies in die feit, dat, toe die reisende gemeente na soveel gevare, soveel verdriet, soveel offers eindelijk die beloofde land Natal binnegegaan het, waar eindelijk 'n kerkgeboutjie in Pietermaritzburg opgetrek is, die afgeleefde leraar, wat alles saam deurgemaak het, nie meer goed genoeg is nie. Die geestelike leiding van die Afrikaner word aan die Amerikaan toevertrou liever dan aan hul eie leraar omdat hy nie die vodjie papier kon toon nie op die vraag van die voorsitter van die Volksvergadering „naar zijn documenten waaruit hij toonen kan dat hij bestaat als een geordend predikant.” <sup>2)</sup>

Ontwykend moes hy antwoord dat hy hul kwyd geraak het „op zijn landreis na hier.” Hy, die geestelike leier wat ons voorouers in 'n see van barbaardom vir verwildering help bewaar het, wat deur RETIEF self voorgestel is, wat die skrywer, die onderwyser van die trek was, word uit die hoogte gevra vir sy dokumente! En sy versoek om die heilige sakramente te mag bedien word van die hand gewys. <sup>3)</sup>

Hy skyn 'n moeilike man te gewees het; teen die end van sy lewe was sy gedrag nie altyd onberispelik nie; in die notule van die Natalse volksraad word selfs gesinspeel op „zijne aanstootlijk gedrag”. Telkens is daar 'n memorie van hom voor die vergadering, dan om sy traktement te vergroot, dan om die toekenning van 'n erf, dan om die uitruiling van 'n

---

<sup>1)</sup> JOHN BIRD: *The Annals of Natal* Vol. 2 p. 355—363. The Rev. A. FAURE to the Hon. JOHN MONTAGU Jan. 1844 in *The Annals*, Vol. 2 p. 360. Ook G. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing*, Notule van die Natalse Volksraad (1839—1845) uitgegee by v. SCHAIK 1924, p. 9, 31, 34, 54, 58, 81, 91, 103, 131, 145, 243.

<sup>2)</sup> PRELLER: *Voortrekkerswetgewing* p. 91—92.

<sup>3)</sup> Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 242.



huis, dan om die uitbetaling van sy verstreke salaris <sup>1)</sup> waaruit ons die houding van die trekkers kan begryp. Maar tog as daar in 1838 'n gedenkteken vir hul opgerig word, behoort die name van die penniste ERASMUS en CATHARINA SMIT in hoofletters daarop gebeitel te word. Die uitgewer van die *Dagboek*, ds. H. F. SCHOON, wat meermale as kind in hul huis gekom het, verklaar van die twee mense: „Hy was toen zeer stil en tot zichzelf ingekeerd; maar zijn echtgenote was zeer spraakzaam, en jegens mij doorgaans liefvallig en moederlik.” <sup>2)</sup> Met hierdie „spraakzaamheid” het adv. H. CLOETE die Britse kommissaris, wat die Natallers in 1843 moes beweeg om hul in die onvermydelike te skik en aan die anneksasie van Natal te onderwerp, deeglik kennisgemaak. Dit is sy wat hom twee uur lank agter geslote deure getrakteer het op 'n uiteensetting van die rol van sy Engelse vriende teenoor sy landgenote en ronduit verklaar het om liever oor die Drakensberge terug te loop as haar aan die Engelse oorheersing te onderwerp. <sup>3)</sup> Ook sy het 'n *Dagboek* gehou van hul later wederwaardighede in Natal waarin sy veral te velde trek teen die Lutherse predikant DÖHNE, wat volgens haar onsuiver in die leer was, te Remonstrants, te Arminiaans na haar sin. <sup>4)</sup> Veel is in die tyd aan drome geheg en die merkwaardige vrou het buitengewone openbaringe gehad waarvan sy „geheele boeken had volgeschreven”. <sup>5)</sup>

Die dwepend godsdienstige toon wat ook uit haar briewe spreek, herinner sterk aan die van CATHARINA ALLEGONDA VAN LIER, maar sy kom my tog voor as 'n kragtiger persoonlikheid, wat die stryd aangedurf het, wat gewet het hoe om die moeilikhede aan te pak en die „onspoed” te bo te kom!

Tot die uiteinde was die reis vir hulle moeite en verdriet,

---

<sup>1)</sup> Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 31, 42, 39, 53, 75, 92, 127, 242.

<sup>2)</sup> Inleiding tot die *Dagboek*.

<sup>3)</sup> Vgl. *De Kerkbode* 20 Junie 1918 en 10 Julie 1918 en PRELLER: *Voortrekkerense* II p. 54—59.

<sup>4)</sup> Ms. in besit van adv. E. G. JANSEN. Fragmente daaruit sou interessant genoeg wees vir publikasie.

<sup>5)</sup> Vgl. P. HUET: *Na vijf jaren*. ('n Fragment is herdruk in *Pierre Lammes Huet* p. 293—295).

het daar 'n swaard oor hul gehang, het die verwoestende kragte van buite *hom* veral beklem en benou omdat hy geen groot held was nie en die stryd nie gesoek het nie. 'n Week an mekaar, sy op 27 Julie, hy op 4 Augustus 1863 het hul die rus ingegaan. Maar in die Dagboek, waarvan die tweede gedeelte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog onherroeplik verlore gegaan het voor dit deur die pers soos die eerste stuk, kon bekend gemaak word, is 'n monument nagelaat van lyding en stryd wat nie slegs as historiese bron maar ook as literêre uiting van sy tyd van groot betekenis is. Waarheidsliefde, wat SMIT nagestreef het, is die trots van die Dietse skrywer maar aan gevoel en verbeelding ontbreek dit hier nie; hy gee 'n temperamentvolle siening van die hoofmomente uit die trek. Veel van sy angste is ingebeeld en oordrewe, die betekenis, wat hy heg aan drome, louter fantasie. Die Afrikaanse literatuur is 'n kind der smarte, die hele 19de eeu 'n eeu van onreg. Daarom verwag ons hier meer tragiek dan humor, meer gebede tot die Allerhoogste dan tot die skoonheidsgode. Tog kan ons 'n enkele keer 'n glimlag nie bedwing nie as die ongeluk SMIT op alle moontlike maniere agterna sit en hy tot van 'n hond in sy linkersy gebyt word wat 'n winkelhaak in sy nuwe mantel veroorsaak; „maar 't arme dier was ook voor vast door 't geraas van de mantel geschrokken; en hij heeft zeker niet geweten, zeide men, dat hij den Predikant van 't leger heeft gebeten.”<sup>1)</sup> En ongevoelig vir die skoonheid en die grootsheid van hul omgewing is hy heeltemal nie. As in die maand Oktober „die mooiste, mooiste maand” die trekkers aan die voet van die Drakensberg is, voor die poort wat hul ingang sal gee tot die land van belofte, verlustig hy hom in die „zeer fraaie bloemen uit dit bloemrijk oord, van vele door onze nog nooit geziene bloemen, in 't legerkamp thuis gebracht zodat ik proponeerde de plaats, waar we nu met 's Goeverneurs kamp gekampeerd liggen, Bloemendal of Roderozendal te noemen; overwegende de uitnemende grote rozenrode bloemen die hier in grote menigte gevonden worden: men behoefte niet eens naar 't veld uit te gaan, om de

---

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 9 Aug. 1838.

bloemen te soeken; maar de aangename geur der bloemen wandelt of komt ons hier in 't leger als vanzelf tegemoet." <sup>1)</sup>

Waar die later Afrikaanse kunstenaars die ontroering wat die blommeprag van die vlaktes en die hoëveld by hul opgewek het in versvorm geuit het, waar hul in liriese verse ons smartvolle verlede besing het, het ERASMUS SMIT gebruik gemaak van die prosavorm van sy tyd en daarin sy skoonheids-, godsdienstige en maatskappelijke ontroering vasgelê, sy dit dan in 'n swakheid volbring maar wat geen uitgewer tog die reg gegee het om sy taal en styl te „verbeter” nie. Die hele land onder die Drakensberg vind hij „al meerder en meerder onbeschrijflik skoner” en as hul van die land van belofte waar nuwe droefheid en dood en teleurstelling hul gewag het, eindelijk besit neem, is sy geloof onwrikbaar, breek die Dagboek af met 'n dankgebed „aan de waterfontein.” <sup>2)</sup>

#### 4. SAREL ARNOLDUS CILLIERS, DIE „VADER VAN DINGAANSDAG”.

Die teenstander van ERASMUS SMIT, SAREL ARNOLDUS CILLIERS het ook 'n joernaal geskrywe, „op zijn sterfbed.” <sup>3)</sup> Waar die Dagboek van SMIT vir die taalkundige in soverre waardeloos is dat die oorspronklike taal en spelling van die skrywer nie bewaar gebly het nie, is hierdie werk van 'n gebore Afrikaner, afstammeling van 'n Hugenote-familie in sy onbeholpe half-Hollandse, half-Afrikaanse taalvorm naas die Dagboek van TRIGARDT ons beste voorbeeld van voortrekkersskryfkuns.

<sup>1)</sup> *Dagboek* in dato 13 Okt. 1837.

<sup>2)</sup> *Dagboek* in dato 31 Jan. 1839. Met die oog op die Voortrekkers-eupees is 'n herdruk van die Schoon-teks wat nou die waarde van 'n handskrif het, baie gewens.

<sup>3)</sup> Uitgegee deur H. J. HOFSTEDÉ JR.: *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, in verband met eene korte Geschiedenis der aangrensende Kolonien, vooral der Kaapkolonie*, p. 50—66. 's-Gravenhage, 1876 en G. B. A. GERDENER: *Sarel Cilliers die vader van Dingaansdag*, Aanhangsel I, Pretoria 1924. Lewensbesonderhede hieraan ontleen. Ook uit PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 63—64, 78, 94, 244, 245, 246.

SAREL is op die plaas Schoon Gezicht, distrik Klein Drakenstein in 1801 gebore en in die Paarl gedoop. Met die oorgawe van die Kaap in 1806 het sy ouers na Graaff-Reinet verhuis waar hy hom op die veeboerdery toegelê het, in 1830 na die Hantam (Colesberg) trek en in 1835 die kolonie verlaat. Van jongsaf was hy innig vroom en as trekker het daar by hom die oortuiging geheers dat dit die wil van God was dat die Boere die Kristenbeskawing Noordwaarts moes uitbrei.<sup>1)</sup> Hierop is sy hele joernaal gebou. In die eerste plek word ons getref deur die godsdienstige toon, wat aan die fanatieke grens, van die man, wat die verbond met die Potentaat van alle Potentate gesluit het op 16 Desember 1838. Die Bybelse uitdrukkinge en Oud-Testamentiese toespelings wat daarin voorkom is 'n bewys dat die skrywer geen ander boek gelees en geken het soos die Bybel nie en dat dit aan sy styl die geykte vorm gegee het wat kenmerkend is van die geskryfte van die Trekkers. Die stuk wemel van spelfoute, taalfoute en stylfoute, die interpunksie is alles in die war maar die ongeletterde boer wat 'n gebore verteller is, het tog geweet om beweging, gang, en gevoel in sy beskrywings te kry. Die held van Vegkop laat ons sien deur middel van kort afgebete sinnetjies hoe die impi's van MOSELIKATSE aangehurk kom, hoe hulle die doringtakke uit die speke probeer ruk en ten slotte die onderspildelf. KALIPi vlug weg terug na sy land en voer met hom al die vee mee met die gevolg dat „mijne kinderen huilde van honger en ikzelf en niets had om mijn kinderen te geven, 15 dagen duurde het.”<sup>2)</sup> Dit is dieselfde Wesleyaanse sendeling ARCHBELL van Thaba Nchu wat SMIT soveel ergernis veroorsaak het, wat die Trekkers in hul „groot behoefte, in ons Hongersnood” kom voorsien, 'n daad, wat CILLIERS nooit vergeet het nie en hom altyd die hand bo die vreemdeling laat hou het, waar daar moes gekies word tussen SMIT en ARCHBELL as geestelike leiers.

<sup>1)</sup> Vgl. SPOELSTRA: *Het Kerklike en godsdienstige leven der Boeren na de Grote Trek*, Inleiding p. 8, (1915) en F. LION CACHET: *Vyftien Jaar in Z.A.*, p. 234.

<sup>2)</sup> GERDENER: *Sarel Cilliers, Joernaal* p. 115.

Sonder moomakery, presies soos hy dit sou vertel het, vol herhaling, teken hy die slag van Bloedrivier. Soos 'n rolprent sien hy die hele geskiedenis weer by hom verbytrek, „de eene Wee was voorby daar komt een ander wederaan,” nog erger dan die voorafgegane. Hy leef weer die bange momente oor en met 'n sug van verligting verbreek hy die spanning met die versekering „onzen Vijand werd verschrikt en hun hand wierd versaagd,” <sup>1)</sup> 'n Bybelse uitdrukking, wat hy graag gebruik het. Dit is asof een van die kroniek-skrywers self aan die woord is; na iedere slag word vermeld „onzen vijands hand wierden hoe langer hoe meer versaag tot zij ons de Nek keerde en vlood voor onze aangezicht, toen had wij door Gods genade, ook weder de Overwinning in een woede ging het toen voor, en was geen tegenstand meer, wij dreven hun op een hoop. Ja, zij werden door ons overrompeld totdat zij in een spelonk door ons gedreven worden van een Berg.” <sup>2)</sup> As CILLIERS sy plegtige gelofte aflê, word die Allerhoogste afgesmeek „dat hy met ons in de banier moeten gaan, zooals met MOSES en JOSHUA. <sup>3)</sup>

Orals is daar duidelike bewyse dat hy die trek as 'n tweede uittog uit Egipte beskou het, homself met die Israelitiese leiers vereenselwig het, en in hul trant sy gemoeds- en geesteslewe bloot gelê het in sy geskrif. Kroniekerig, deurspek met Bybeltekste, som hy die verskillende momente in die drama op, tot hy by die gelukkige ontknoping kom en sy pen ineens los word, die beeldspraak tipies van die Afrikaanse boer, direk aan die Afrikaanse natuur ontleen word: „leggen de Kaffirs bijna zooals pompoenen op de land die wel gedragen hebben.” <sup>4)</sup>

Die joernaal vertel ons van al die „grootte wee” tot aan die anneksasie van Natal 1843 en nog verder tot by Boomplaas 1848 toe ook die Vrystaat ingepalm word. Die gevolge van die anneksasie van Natal was dat een groep sak en pak terug

---

<sup>1)</sup> *Joernaal* p. 117.

<sup>2)</sup> *Joernaal* p. 118.

<sup>3)</sup> *Joernaal* p. 120.

<sup>4)</sup> *Joernaal* p. 124.

oor die berg is, <sup>1)</sup> 'n tweede hom in die onvermydelike geskik het en 'n derde waaronder CILLIERS, 'n wag-'n-bietjie-houding op hul plase aangeneem het. Die man van hierdie joernaal kon met TOTIUS gesing het:

„Bo al die troosgeboomte, o God!  
 Bloei my U troosboom uit.  
 Dit is die wag-bietjie-bos  
 Van u besluit.”

Met sy drie seuns moes hy, die Natalse volksraadslid, <sup>2)</sup> in die houtbosse werk en van tyd tot tyd die vragte na Pietermaritzburg, die Voortrekkerstad, toe neem waar in die vervolgdie Engelse vlag waai en 'n eeu lank die stoere pionier „nêrens, so karig reg geskied.” <sup>3)</sup>

As houthakker en waterdraer in sy eie skoongevegte land, skrywe hy aan sy susters in die ou Kolonie: „als onze Heer mij gezondheid geeft dat ik werken kan dan hebben ik en mijnen geen gebrek.... Ik heb een redelike verdienste met hout.”<sup>4)</sup> Maar in 1847 verlaat hy die houtbosse van Natal om op die Vrystaatse vlaktes rus vir die holte van sy voet te soek. Ook daar agtervolg die skaduwee van die Engelse vlag hom na die slag van Boomplaats, van 1848 tot 1854.

Na die Bloemfontein-konvensie het hy 'n merkwaardige Grondwet opgestel, wat meer getuig van diepe vroomheid dan staatsmansin maar waarin hy tot aan 'n drukpers vir die Vrystaat gedink het, seker op voorbeeld van die joernalistieke bemoeiinge van BONIFACE en MOLL in Natal. Hy het hom veral op kerklik gebied bly beywer en in 1854 'n brief

<sup>1)</sup> Vgl. G. STUART: *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek*, oor die ontruiming van Natal.

<sup>2)</sup> Hy is ingesweer op 7 Aug. 1845. Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 244.

<sup>3)</sup> A. G. VISSER: *In die Voortrekkerskerkie*. Vgl. ook G. S. NIENABER: *Honderd Jaar Hollands in Natal*.

<sup>4)</sup> Die eerste brief het hy aan ABRAHAM FAURE in 1843 aan sy susters meegee. 'n Ander van 6 Des. 1845 is afgedruk, ongelukkig „verbeter”, in *De Fakkel*, 24 Maart 1898. Nog een van 11 Jan. 1853 in *De Fakkel*, 23 Febr. 1899.

lang stof verskaf en op sy eie tipiese manier beskrywe CILLIERS die stranding in 'n brief aan die Landdros BODENSTEIN van Potchefstroom, 30 Desember 1862 <sup>1)</sup> Op dek het hy hom by al die passasiers geskaar, hom na sy predikant VAN DE WALL gerig en na die wedersydse versekering dat die dood vir hulle geen angs inhou nie „was het mijn als of een mijn mit de geschiedenis van POWLES op schip inligd dat toen het schiplieden in so een sware storrem was, dat de Here Hen in de nag aan hem ontdek.”

Hoewel die Trekkers in werklikheid in die neëntiende eeu eeu gelewe het, het hul gedagtegang altyd op die van die sewentiende eeu bly lyk. Alle opvoeding was streng godsdienstig, die kerk vir hul onafskeidelik aan die skool verbind <sup>2)</sup> waardeur hul briewe en geskrifte deurdrenk is van die Heilige Skrif. CILLIERS het die Bybel nie minder as vyf keer deurgeles nie en daar was geen situasie waarin die Trekker hom bevind het of hy kon 'n parallele geval uit die Ou-Testament aanhaal. Tot vir sy perde word gebid want hy lees in sy Statebybel: „De rechtvaardige kent het leven van zyn beest.” Hierdie vader van Dingaansdag het die mentaliteit van 'n eenvoudige, ongeletterde Puritein gehad, wat besiel was met 'n vaste geloof, 'n volksideaal, wat aan sy skryfwerk, hoe onbeholpe en gebrekkig na die vorm ook al, 'n sekere wyding gegee het. Die *Journal van wijlen den heer Charel Celliers, oud-ouderling der N. G. gemeente Kroonstad Oranje Vrystaat*, sy briewe uit Natal en die Vrystaat, sy werksaamhede as volksraadslid en ouderling getuig van 'n eenvoudige Ou-Testamentiese siel wat veral die Sabbatsontheiliging, die Nuwejaars-danspartye van die nuwe generasie as 'n gruwel beskou het. Na die nuwe orde kon en wou hy hom nie skik nie en hy het die ewige rus ingegaan in die vaste geloof dat iedereen sy lewe stiptelik volgens die Bybelwoord moes inrig. Sy ideaal om predikant te word, is nooit verwesenlik nie maar sy gees soos die geopenbaar word in sy joernaal, is deur

---

<sup>1)</sup> Oorspronklike in die Voortrekker-museum, Pietermaritzburg, afgedruk by GERDENER: *Aanhangsel*, G.

<sup>2)</sup> Vgl. MALHERBE: *Education in South Africa* p. 182.

en deur die van 'n ortodokse leraar, sy taal alleen maar veel gebrekkiger as die van die predikant-skrywers van sy tyd weens 'n bykans algehele gebrek aan 'n skoolopleiding.

5. ANDER SKRIJWERS WAT OOK MOEITE GEHAD HET MET DIE SKRIJFTAAL, FERDINAND VAN GASS, ANNA ELISABETH STEENKAMP, ENS.

Beter, hoewel ook vol taalkundige „foute” en allerlei Afrikaanse woorde en uitdrukkinge sou die taal van die Switserse skoolmeesters-seun, FERDINAND PAULUS VAN GASS, gewees het. FERDINAND het 'n Deense moeder gehad en is in 1822 in Denemarken gebore, maar die volgende jaar het sy ouers al na Suid-Afrika verhuis waar hulle heeltemal ingeburger geword het.<sup>1)</sup> In Kaapstad het VAN GASS hom as deelgenoot in 'n handelonderneming op die handel tussen die Kaap en Batawië toegeleë maar al gou die saak verlaat na 'n uitval met die hoof. In 1825 het hy hom in Somerset Oos gaan vestig waar hy na die dood van sy vrou kort daarop, alle betrekkinge met die familie in Europa verbreek, hom as skoolmeester onder die Boere verhuur en die agtjarige FERDINAND aan 'n grensboer H. P. MALAN in 1830 bestee. Met MALAN trek FERDINAND die wye wêreld in as die groot uittog in 1836 begin en word die skrywer van *Herinneringe*

---

<sup>1)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan die *Herinneringe* van VAN GASS en aan PRELLER: *Voortrekkermense* I. Inleiding. Die *Herinneringe* is vir die eerste maal uitgegee in die vorm van 'n brosjure getitel *Een Afrikaner*, deur A. G. C. VAN DUYL by J. H. KRUYT, Amsterdam 1883. In die Voorrede sê VAN DUYL dat hy probeer het „van de oorspronklike vorm alles te behouden, wat aan 't geschrift 'n eigenaardige kleur geeft, of voor taalvorsers van enige belang kon wezen”. Maar daar hy ook probeer het om „tegelijk zoveel te veranderen als nodig was, om het boekje gemaklik leesbaar te maken”, is die teks nie letterlik van VAN GASS nie. Aangesien die oorspronklike verlore gegaan het, is die KOLLEWIJN-spelling van PRELLER in die VAN DUYL-tekste nie te regverdig nie. In *De Volksstem* 14 Jan.—11 Maart 1889 is stukke van *Een Afrikaner* herdruk. In *Die Brandwag*, 15 Maart—1 Junie 1914 het PRELLER dit opnuut laat verskyn sodat dit een van die mees gelese Voortrekkergeskrifte is.



uit die helde-tydperk nadat die nasionale gevoel met die Eerste Vryheidsoorlog weer 'n geweldige stoot vorentoe gekry het. Op sy ou dag herinner hy hom hoe hy as kind leeu-avonture beleef het in die teenwoordige Vrystaat en dan kom daar by hom die versugting op, dat sy volk insgelyks uit die leeu- muil van „mag is reg” mag ontsnap:

„'n Ander maal ging ik met hetzelfde kaffertje uit, om beesten te keren, en ik nam 'n klein geweer door de oude MALAN ekspres voor mij gekocht. Ik schoot 'n jonge rietbok, en 't was buitengewoon vet; zo besloten wij 't naar de wagens te brengen. Na de beesten gekeerd te hebben, is ons gaan zitten spelen onder de bomen, de geschoten bok in de schaduw neergelegd hebbende, toen wij tot onze verbazing iets hoorden, en, opziende, weder 'n grote leeuw slechts enige treden van ons af zagen, natuurlijk gekomen zijnde op de reuk van 't bloed van de geschoten bok. Daar ik juist met ons spelen halverwege in een der bomen zat, was ik als 'n aap zo spoedig mogelijk zo hoog als de takken van de boom mij konden dragen, mijnen kleine kameraad op de loop naar de wagens, waar hij rapporteerde wat voorgevallen was, waarop weer enigen kwam(en), en alweer mijn ongenodigde bezoeker afmaakten. Ik moet hier zeggen, dat geweer en alles onder de bomen was blijven liggen, maar de leeuw heeft zich aan niets gestoord; hij heeft niet dan mijn rietbok genomen en enige treden weggedragen, en is zeer lustig aan 't vreten gegaan, alwaar hij nog aan bezig was, toen het eerste schot op hem werd gevraagd, wat hem ook afmaakte. Hier zat ik zeer gerust en veilig, daar ik wist dat leeuwen geen bomen kan klimmen, en ik te hoog zat voor hem om mij met 'n sprong te bereiken, zodat ik heel gerust zat te aanschouwen hoe dat hij zich verkwikte aan mijn geschoten bok, waar hij volstrekt geen aanspraak op had, alleenlik gebruik maken van zijn macht boven mijn te recht — als met Vrijstaat en Transvaal door 't Engelse Goevernement! Wel, na zijn dood kwam ik van mijn boom en nam weer wat mij toekwam, *want macht was gebroken en nu kon recht mij wedervaren*, hetwelk ik hoop dat ook 't geval zal zijn met onze verongelykte landgenoten.” <sup>1)</sup>

<sup>1)</sup> Herinneringe p. 13—14 in PRELLER: Voortrekkermense I.

VAN GASS het weer in die Kaapkolonie teruggekeer maar telkens jag en handelstogte na die Vrystaat en tot in Transvaal onderneem. In 1853, na sy huwelik met ANNA ELIZABETH SOPHIA DREYER, het hy 'n tydjie op die plaas Rietvlei digby Pos Retief gewoon maar in dieselfde jaar nog verhuis na 'n goewernementsplaas in die distrik van Queenstown. Hy het in verskeie kafferoorloë meegeveg en in die van 1878 self die rang van burger-kommandant beklee by die verdediging van Adelaide. Twee jaar na die Eerste Vrijheidsoorlog, in 1883, is hy in Queenstown oorlede.

Die joernale is gewoonlik teen die end van die lewe van die skrywers opgestel maar toe hul geheue nog uitstekend gefungeer het. Dit is ook die geval met die *Gedenkschrift of Journaal van onzen uittocht uit ons moederland tot hier aan Port Natal* van ANNA ELIZABETH STEENKAMP (gebore RETIEF) wat die gedenkskrif in 1843 in Pietermaritzburg gemaak het „voor mijne familie, kinderen en kinds-kinderen, thans nog in de binnenlanden woonachtig, opdat zij mogen weten waarom hunne ouders en grootouders hun moederland hebben verlaten, en welke angst en benaauwdheid en pijn en smart, honger en kommer, zoowel van vijanden als van vuur ons getroffen hebben, en oorzaak waren van veel droevig zuchten en bittere tranen, hoewel wij geleid en beschermd werden door onzen getrouwen God en Vader in deze zware omstandigheden.”<sup>1)</sup>

Ander soos J. H. HATTING, die katekisant van ERASMUS

---

<sup>1)</sup> *Elpis*, 1860, p. 135—149, volgens 'n afskrif op versoek van S. HOFMEYER gemaak. Die afskrywer het ongetwyfeld die taal en styl „verbeter”. Die *Gedenkschrift* is ook gepubliseer in *The Orange Free State Monthly mag.* Vol. II, (1 Nov. 1878—31 Oct. 1879) pp. 883—890. Vertalings kom voor in *Cape Monthly mag.* Sept. 1876 en Bird: *Annals of Natal* Vol. I (1495—1845) p. 459.

In die staatsargief, Bloemfontein is 'n ms. bestaande uit een-en-twintig bladsye. Die jongste uitgawe, PRELLER: *Voortrekkermense* II, het die Elpis-lesing nie geken nie, en die uitgaaf van VAN ZIJL & Co. Pretoria 1892 as die oudste in druk verskene lesing beskou. Sy teks is 'n herdruk van 'n brosjure by *De Volkstem* in 1899 besorg: *Uit Dagen van Strijd*, waarin ook weer heelwat editoriale „verbeteringe” aangebring is.

SMIT <sup>1)</sup> op wie se voorbeeld hy ook 'n soort van dagboek gehou het, het 'n Hollandse skoolmeester DIEDERIK BLAUW as amanuensis gebruik om sy aantekeninge persklaar te maak, wat in 1893 in boekvorm verskyn het, getitel: *De Geschiedenis van de Hollandsch-Afrikaansche Boeren, vanaf hun vertrek uit de Kaap-Kolonie, tot op de aftreding van President Burgers.* <sup>2)</sup> Die *Gedenkschrift* van die oudste kind van die oudste broer van PIET RETIEF, ANNA STEENKAMP 'n vrou van sowat ses en veertig jaar toe sy haar pennevrug in 1843 gelewer het en die geskiedenisboekie van ERASMUS SMIT se leerling HATTING is 'n aanvulling en 'n bevestiging van wat SMIT in sy Dagboek meedeel.

Ander *Herinneringe* soos die van KARL TRICHARDT, die seun van LOUIS, wat twintig jaar voor DAVID LIVINGSTONE tot by die Zambesi deurgedring het, waar hy sy oë op die wonder van die „Victoria Waterval” sou kon geslaan het, is opgeteken deur die staatshistorikus van die Suid-Afrikaanse Republiek, G. A. ODÉ in die neëntiger jare <sup>3)</sup> en kan dus nie as 'n voortrekker-geskrif beskou word nie. As KARL die skryflus van sy vader gehad het, sou hy boekdele kon geskrywe het oor sy omswerwinge maar sy opleiding was nog gebrekkiger en hy het daar nie aan toe gekom om sy ondervindinge self op te teken nie.

Die Dagboek, die Joernaal en die Brief was die enigste vorm waarin die voortrekker sy gedagte en sy ontroering op papier gesit het, toe die skrywers in die Kolonie, wat 'n betreklike rus en welvaart en opvoeding geniet het, lang besig was om digbundels en dramas te vervaardig, koerante en tydskrifte tot hul beskikking gehad het, waarin hul kon publiseer. Dat daar nog iets deur hul geskrywe is, is 'n wonder in aanmerking geneem die omstandighede waaronder die geskrifte

<sup>1)</sup> Vgl. *Dagboek* van ERASMUS SMIT in dato 1 Oktober 1838.

<sup>2)</sup> Utrecht, *Zuid-Afrikaanse Republiek*, gedruk en uitgegee deur A. VON LEVETZOW, *Vrijheid*, 1893. Slegs 'n gedeelte is herdruk met 'n inleiding deur PRELLER: *Voortrekkermense I* wat ongelukkig die spelling „geredigeer” het en die gedeelte wat handel oor die gebeurtenisse na die anneksasie van Natal, weggelaat het.

<sup>3)</sup> Uitgegeet met 'n inleiding deur PRELLER: *Voortrekkermense II*.

ontstaan is en die minimum opleiding wat die skrywers gekry het in die hantering van die pen. Hul kuns was die vertelkuns, egte volkskuns wat mondeling oorgelewer is, tot 'n jonger, bevoorregter geslag die verhale en raaisels en liedjies kon opteken. <sup>1)</sup> Naas die Bybel en die Psalme was hul leesstof beperk tot stigtelike lektuur, tot 'n enkele predikasie- en gebedeboek. Veral die werke van COENRAAD MEL, SMIJTEGELT, WILHELMUS A BRAKEL, PETRUS IMMENS en die liedere van SLUITER, LODENSTEIN en GROENEWEGEN was gewild in die afgeleë distrikte <sup>2)</sup> en dis is dan ook in die eerste plek die godsdienssin van die Boere, afgesonder en geïsoleer van alle beskawingsinvloede soos hul was, wat hul van verwildering bewaar het <sup>3)</sup> hoe hul vyande ook al daarop mag gesmaal het. <sup>4)</sup> Onderwys in die buitendistrikte voor die Trek het byna heeltemaal ontbreek, sodat TRUTER, wat as kommissaris van die Rondgaande hof, oor die onderwystoestande moes rapporteer, in 1824 verklaar: „yet the greatest part of the children, of the inteior — two thirds at least are wholly deprived of the privilege of instruction” <sup>5)</sup> en die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* 'n jaar voor die trek nog die „beklagenswaardigen toestand der scholen in de buitendistricten” betreur. <sup>6)</sup> Solang die gemeenskap gedurig in beweging was, gedurig op hul hoede moes wees teen vyandelikhede, kon daar geen sprake wees van vaste onderwysinrigtings nie en moes hul vir hul

---

<sup>1)</sup> 'n *Lied van die Voortrek* is deur PRELLER: Voortrekkermense I, bylaag III afgedruk, 'n Ander lesing daarvan onder die titel *Vreemdelingenlied* word gegee deur B. H. VAN BREEMEN: *Schetsen en Beelden uit Zuid-Afrika*, Amst., HUISMAN & Co. 1882. Die oorspronklike van die deur PRELLER afgedrukte voortrekker-lied „Daar trekt de veeboer heen” is te vind in *The Mediator*, 2 Jan. 1838 getitel *Het Lot van Zuid-Afrika*. Sien verderop.

<sup>2)</sup> Vgl. Prof. MURRAY: *De Christelijke Volksliteratuur van Zuid-Afrika* in Verslag van de Werkzaamheden van de Christelijke Conferentie, gehouden te Worcester, op 18 en 19 April 1860, Kaapstad, VAN DE SANDT, 1860 p. 17—20 en PRELLER: *Voortrekkermense*.

<sup>3)</sup> Vgl. *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 29.

<sup>4)</sup> BARROW: *Travels in Africa* Vol. I p. 83 en PERCIVAL: *The Cape of Good Hope* p. 274.

<sup>5)</sup> Report Educ. Com. 1863. App. V. No. 19.

<sup>6)</sup> *Ned. Z.A. Tijd.* 1835 p. 10.

vernaamste penniste afhankelik wees van die Hollandse skrywers wat nie onder hul gebore is nie, maar hul lot met hul ingewerp het.

Die verste wat hul dit self kon gebring het, was om 'n enkele keer 'n brief op te stel en dan het die „geleerdste” onder hulle nog altyd ekskuus gemaak vir die foute.

Nadat die Republiek van Natal geannekseer is, is A. C. STUCKI in Desember 1846 op versoek van die kommissaris CLOETE en op inisiatief van LINDLEY, wat die volle beskerming van CLOETE en die sekretaris van die Volksraad, BODENSTEIN, geniet het,<sup>1)</sup> deur die goewerneur Sir HENRY POTTINGER as predikant op Pietermaritzburg benoem. STUCKI wat 'n paar maande van te vore uit Holland in die Kaap-Kolonie aangekom het, sou LINDLEY vervang want die se hart was tog uit die aard van die saak meer by sy Instituut<sup>2)</sup> vir die inboorlinge dan by die „Uitgewekenen”. Maar STUCKI is op weg van Kaapstad na Natal op see gestorwe en sy vrou het alleen by die Voortrekkers aangekom. Roerend in sy eenvoud van styl en diepte van meegevoel is die kondoleansie brief van Generaal ANDRIES PRETORIUS aan haar gerig, gedateer *Welverdiend*, Den 21 Feb. 1847.<sup>3)</sup> Hy vertel hoe hul „een see van Rampen en en Elenden hier in desen woestijn hebben moeten ondergaan,” hoe hul verlang het om „een Leeraar in ons Eijgen Moeder taal” te hoor, te meer „daar wij nog den onuijdblus baaren hollandsche bloet in ons aderen geduurig ontwaren.”

As hierdie groot Voortrekker-kommandant praat van „den man der weduwe en vader der wesen die ook ter sijner tijd voor sijne schepsels sullen sorgen die nu als verlorene en ver Doolde schaapen op den bergen Dwaalden met Duijsenden

<sup>1)</sup> Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 243 en BIRD: *Annals of Natal*, Vol. II, p. 199—201.

<sup>2)</sup> Op 5 Aug. 1840 het die Volksraad hom en nog twee Amerikaanse here toegestaan om 'n reis na Umpanda te onderneem en daar 'n instituut op te rig, maar die grond sou in besit van die Natalse goewerment bly en nie soos LINDLEY versoek het, aan die Amerikaanse Sendinggenootskap toegeken word nie. Vgl. PRELLER: *Voortrekkerwetgewing* p. 58, 81.

<sup>3)</sup> Afdruk ENGELBRECHT: *Gesch. Ned. Herv. Kerk* I, bylage I.

van ongedoopte kinderen”, is die vergelyking so treffend, die gevoel so suiwer, dat die ou Bybelse beeldspraak uit sy pen ’n nuwe oorspronklikheid kry, weer nuwe lewe ingeblaas word. In sy nederigheid en beskeidenheid is hy hom heeltemal bewus dat hy na die vorm nie die beste Hollands skryf nie en voeg dan in ’n naskrif by:

„ik hoop gij sult mijne fouten over sien en niet uijd het oog verliesen dat ik maar een ongeleerde Affrikaansche Boer waart”.

Sy taal en styl steek nog gunstig af by die van ander „ongeleerde Afrikaansche” boere soos SAREL CELLIERS of MARTHINUS JACOBUS OOSTHUIZEN, wat in sy lewendige beskrywing van die slag van Etaleni en die dood van PIET UIJS, ook ewe beskeie in ’n naskrif versoek „kijk niet na de fouten.”<sup>1)</sup> Die Wed. STUCKI sou dadelik ondervind dat die Emigrante die Hollandse taal nog veel „foutiewer” praat dan hul dit geskrywe het. Van haar reis na en ondervindinge aan die Kaap en in Natal het sy ’n beskrywing in briefvorm, die populêre vorm van haar tyd ook onder die Voortrekkers, gegee: *Reis naar en verblijf aan de Kaap en Natal, gedurende het jaar 1846 en 1847, in brieven (met portret, levensbericht en een tweetal preken van den overledene)* 1849.<sup>2)</sup> Interessant is wat sy vertel van die taaltoestande in Natal. Die Duits geördende Amerikaanse sendeling LINDLEY, nou ook predikant van die Hollandse kerk, was wel in Holland gewees „maar hij sprak die taal, gelijk dáár de meesten, zeer slecht. Zij konden ons niet gemakkelijk verstaan, wij hen ook niet.” So sterk is sy onder die indruk van die „gebroke” Hollands wat hier gebesig word, dat sy daar herhaaldelik op terug kom: „De Hollandsche taal wordt hier slecht gesproken door den Afrikaan. Daardoor spreekt de Engelschman het nog veel slechter: want hij heeft een inwendige afkeer van het Hottentotsch Hollandsch gelijk zij

---

<sup>1)</sup> Aanhangsel in C. H. W. v. D. POST: *Piet Uys* en PRELLER: *Voor-trekkermense III*, p. 129—132.

<sup>2)</sup> Kampen, by K. VAN HULST, 1849.

het noemen.”<sup>1)</sup> Die skeldnaam „hotnostaal” vir Afrikaans word dus al vroeg in die neëntiende eeu gebruik, waardeur ’n sterk gevoel van minderwaardigheid by die Afrikaner opgewek en die vreemdeling in die oortuiging gesterk is, dat dit benede sy waardigheid is om die landstaal aan te leer. Die Trekkers anderkant sowel as deeskant die Drakensberge, wat enigsins behoorlik Hollands kon skrywe, was op ’n minimum beperk, maar nog minder het hul suiwer Afrikaans geskrywe. Die gees van hul werk, en daar kom dit op aan, is onvervals Afrikaans, sonder die minste allooi. Hul was te ver weg om in dieselfde mate deur die geestelike swaard, waarteen die Kaapnaar moes worstel, verower te word.

---

<sup>1)</sup> Wed. Stucki: *Reis naar etc.*, p. 96, 99.

## HOOFSTUK IX.

### DIE OPKOMS VAN DIE HOLLANDSE JOERNALISTIEK.

---

#### I. EERSTE KAAPSE DRUKKE EN DRUKKERS.

Dit was MEENT BORCHERDS, een van die vroegste uitgewers by die Kaapse pers, wat 'n hoofstuk uit die *Beschrijving van Stellenbosch* afsluit met die woorde: „Hartelijk verheug ik mij, den dag te hebben mogen beleven, dat ook hier eene drukpers bestaat.”<sup>1)</sup> Vir hom sou die argief voortaan en nie die reisigers, soos tot op daardie tydstop, 'n betroubare beeld van die Afrikaanse karakter gee en die pers sou die verspreiding van die juiste toeloop van sake en van daardie karakter moontlik maak. Dat de Suidafrikaanse pers nie altyd aan die ideaal van een van sy oudste uitgewers beantwoord het nie, hoef geen betoog nie, maar dit het meer bygedra tot die bloei van die Hollandse geskifte dan watter instelling ook al. Onder die Oos-Indiese Kompanjie moes alle Dagverhale, briewe, instruksies, attestasies, wette, proklamasies ens. met die pen geskrywe word, die enkele Kaapse geskrif wat tot aan die end van die 18de eeu die lig gesien het, is in Holland gedruk, en 'n Kaapse *Naamboek van de Wel-Edele Heeren der Hooge Indiasche Regeering 1771—2* het in 1793 in Batavia verskyn.<sup>2)</sup>

Onder die eerste Engelse inbesitneming, word 'n klein hand-

---

<sup>1)</sup> *Ned Z.A. Tijds.* Deel II, p. 341.

<sup>2)</sup> Oor die pers vgl. A. C. G. LLOYD: *The Birth of Printing in South Africa* (reprinted from *The Library*, Jan. 1914.) F. C. L. BOSMAN: *Uit die Gesch. van Almanakke in S.A.*, Kerkjaarboek 1931. F. C. L. BOSMAN: *Hollandse Joernalistiek in S.A.* p. 10. I. COLVIN: *Introduction, Mendelsohn's South African Bibliography.*



drukpersie ingevoer en die oudste almanakke gedruk, 1795—'97, die werk van JOHAN CHRISTIAAN RITTER, 'n Duitser afkomstig uit Beyreuth, wat reeds in 1784 as boekbinder in diens van die Oos-Indiese Kompanjie getree het. Op sy persie is waarskynlik eers strooibiljette en advertensies gedruk, voor hy oorgegaan het tot die samestelling van sy almanakke. JOHN BARROW wat as privaat sekretaris van die eerste Engelse goewerneur Lord MACARTNEY in Mei 1797 in die Kaap aankom,<sup>1)</sup> gee die almanakmaker 'n steek op die gewone manier van die man by wie nou eenmaal 'n simpatieke kyk op Afrikaanse sake ontbreek het: „No printing press has yet found its way to the Cape of Good Hope, except a small one for cards or hand-bills. They contrive indeed to publish a sort of Almanac, but that of the current year has somewhat suffered in its reputation by having stated an eclipse of the moon to fall on the day preceding the full, and to be invisible, when unluckily for the Almanac-maker, it happened at its proper time, visible and nearly total.”<sup>2)</sup>

Veel vriendeliker en sagter glimlag Lady ANNE BARNARD in haar brief van 1 Junie 1800 aan HENRY DUNDAS oor die verskyning van „an almanac in the Dutch time”; die drukker het 'n fortuin van twee shillings gemaak daar „each of the four districts took one at sixpence, all the inhabitants read or copied out of that one”.<sup>3)</sup> Van die *Almanack voort jaar 1796* is daar 'n fragment bewaar gebly, asook 'n tweektalige militêre proklamasie van 26 Februarie 1799 onderteken deur Generaal DUNDAS, wat op RITTER se handpersie gedruk is.<sup>4)</sup>

Teen die end van 1799 word 'n drukpers ingevoer<sup>5)</sup> en op 21 Julie 1800 aan WALKER en ROBERTSON van goewernements weë verlof gegee om te druk. Op 18 Augustus 1800

<sup>1)</sup> Hy is met ANNA MARIA TRUTER getroud, maar het Suid-Afrika nie sy tuiste gemaak nie, is in 1803 by die teruggawe van die Kaap na Engeland terug.

<sup>2)</sup> Aangehaal uit COLVIN: *Introduction* p. LXIV.

<sup>3)</sup> Lady ANNE BARNARD: *South Africa a Century Ago*, p. 304 (4de druk.)

<sup>4)</sup> In die Openbare Biblioteek en Staatsargief Kaapstad, respektiewelik.

<sup>5)</sup> BORCHERDS: *Memoir* p. 172.

verskyn die eerste staatsblad, *The Cape Town Gazette and African Advertiser*. *Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter*, waarin nie alleen proklamasies en afkondiginge sou geskied nie, maar ook allerlei nuwsberiggies en advertensies geplaas word. Van die nuwsberiggies sou nie veel tereg kom nie.

WALKER en ROBERTSON was welvarende Engelse handelaars, wat die drukkuns as 'n byverdienste, 'n handelonderneming beskou het, wat begryplikerwyse nie na die sin van die goewernement was nie. Twee maande later, 10 Oktober 1800, maak die regering hul voorneme by proklamasie bekend om die drukpers te koop. Heel waarskynlik is dit nie dadelik na die koop van Pleinstraat na die Kasteel vervoer nie, daar die *Troostelijk gesprek tusschen de Here Jesus en de moedeloze ziel* van 1801, nog in no. 35, Pleinstraat gedruk is, hoewel „ter Drukkerij van het Gouvernement”.<sup>1)</sup> Van toe af word die „gazette” en alle drukwerk, vir meer as twintig jaar lang, op die goewernementsdrukkery gedruk, waar in-tekening kon geskied en bekendmaking aangeneem is. Hier het MEENT BORCHERDS van sy literêre proewe gebring, hier is *De Afrikaansche Staats Almanak voor het jaar, MDCCCII*, 'n tweetalige kalender, onder approbasie van die goewernement saamgestel deur H. H. SMITH, uitgegee, en van hieruit is die wette van die *Maatschappij tot Nut van het Algemeen* in 1803 versprei.<sup>2)</sup>

Onder die Bataafse bewind het *The Cape Town Gazette* alleen *Kaapsche Courant* geheet, 'n naam waaronder dit populêr geword het in die buiteland. Dit is in die jare alleen in Hollands uitgegee en bevat hoofsaaklik markberigte, slawe-verkopings, geboortes en sterfgevallen waarin die boere en ook die stedelinge die meeste belang gestel het. Tydens die eerste Engelse besetting, het die nuwsberiggies so goed as uitsluitend oor die Napoleontiese oorloë gegaan en word 'n prominente plek aan die suksesse van Engeland gegee. Tydens die Bataafse

<sup>1)</sup> My dank aan die Openbare Biblioteek, Kimberley vir toesending van fotografieë van hierdie titelblad en van *De Afrikaansche Staats-Almanak voor het jaar MDCCCII*.

<sup>2)</sup> Vir 'n lys van die vroegste gedrukte stukke vgl. A. C. G. LLOYD: *The Birth of Printing* p. 6.

Republiek vind die omgekeerde plaas. Dan gaan die nuusberiggies oor wat in Nederland plaasvind, van uit Bataafse standpunt gesien. Daar kom ook 'n digterlike ontboeseming in voor, 8 Desember 1804, oor 'n ramp wat die „moederland” zo fel geteisterd” het, dat die hulp ingeroep word van die „Edele Zuid-Africaanen”. Die direkteur van die Goevernementsdrukkery, R. DE KLERK DIBBETZ, bedank 'n weduwe vir geld wat ingekom het op „een Inschrijving ter ondersteuning der door Oorlog ongelukkig gewordene Bewooners der Zeekusten van de Republiek”. By 'n milde gif van tien riksdalers het hy ook ontvang „het volgend ter zaake zeer toepassend daarby gevoegd Vers, alleen ondertekend met de letter D”.

Komt, Edele Zuid-Africaanen!  
 Komt, toont uw' edelmoedigheid,  
 Helpt ook het lot van hun verlichten,  
 Wier bitt're nood om bijstand schreit....

Het Moederland zo fel geteisterd,  
 Door bange Krijg, bij keer op keer,  
 Vindt onder Africa's banieren,  
 Gewis haar eigen kind'ren weêr!

En zoudt gij in den roem niet deelen,  
 Van uwe Broeders bij te staan,  
 Die, zo nabij 't Toneel des Oorlogs,  
 Gebukt voor deszelfs rampen gaan?

Moet niet uw hart van weêdom kloppen,  
 Wen gij hun nood — hun traanen ziet,  
 En zoudt gij hun uw bijstand weigeren? —  
 Bij God! — die schande duldt gij niet!

Komt dan, grootmoedige Africaanen!  
 Komt toont uw edelmoedigheid —  
 Helpt met ons 't lot van hun verlichten,  
 Wier bitt're nood om bystand schreit. <sup>1)</sup> —

Al vroeg dus word die kuns, of die kunsvaardigheid, in diens van die weldadigheid gestel en die drukpers dien as propagandamiddel en as uitgewery vir oorspronklike verskuns. Maar

<sup>1)</sup> *Kaapsche Courant*, 8 Dec. 1804.

na die tweede oorgang van die Kaap, het Lord CHARLES SOMERSET, gedrewe deur sy verengelsingspolitiek, dit spoedig onmoontlik gemaak dat die *Kaapsche Courant* ooit as orgaan vir die „opkomende letterbloei” sou kon ontwikkel. Vanaf 7 Julie 1826 heet die blad alleen *The Cape of Good Hope Government Gazette*, die inhoud bestaan feitlik net uit proklamasies, van die soort, wat bedoel is om die Hollandse kultuur te versmoor, en die taal is byna uitsluitend Engels. Dit het ten gevolge gehad, dat daar koerante in die ware sin van die woord opgekom het soos die *South African Commercial Advertiser* in 1824 van GREIG, PRINGLE en FAIRBAIRN, wat kort daarop lelik met die goewerneur gebots het. In hulle voetspore, volg ’n Hollandse weekblad, *De Verzamelaar* (The Gleaner) van J. SUASSO DE LIMA, in Januarie 1826, waarin „loutere waarheidsliefde, onderwys en nut” sou nagestrewes word, die letterbloei bevorder en Godgeleerde en staatkundige sake volgens die wens van die goewerneur, buiten beskouwing gelaat word.

2. J. SUASSO DE LIMA, ’N KAAPSE DIGTER, VERTALER EN SKOOLMEESTER.

In die eerste helfte van die neëntiende eeu het daar twee eienaardige, veelsydige, steeds met-mekaar-en-iedereen-rusiemakende talente in Kaapstad geleef, J. SUASSO DE LIMA en CHARLES ETIENNE BONIFACE. Die een was van Portugees-joodse, die ander van Franse afkoms maar elkeen het op sy eie, vreemde, dikwels onverkwikkelike manier bygedra tot die Hollandse joernalistiek, drama en digkuns in Suid-Afrika toe die Kaapse pers nog sy „wiegedrukke” aan uitgee was. SUASSO DE LIMA,<sup>1)</sup> die kreupele Israeliet het gesorg, dat hy in die guns van die goewerneur gebly het, het gedurig sy hand teen iedereen gekeer, maar hy was tog ’n groot versterking vir die Hollandse element, toe die groot ongelyke stryd tussen die twee vernaamste rasse in alle erns begin het. Hy is gebore uit ’n Amsterdamse Portugees-Joodse familie in 1797, het daar tot die Kristendom oorgegaan en lid van die Hervormde kerk geword. Na voltooiing van sy studie in die

<sup>1)</sup> Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Drama en Toneel*, p. 257—261.

regsgeleerdheid, het hy 'n tydlang sy beroep in Amsterdam uitgeoefen en is kort na sy huwelik na Batawië, waar hy „in dienst van den geliefden en dierbaren Koning der Nederlanden” iets meer dan 'n jaar werksaam was, toe hy geskors word op grond van geknoei met dokumente en papiere, waarvoor hy verantwoordelik gestel was. In 1818 kom hy en sy vrou in die Kaap aan waar hy deur die goewerneur toegelaat word as „beëedigd translateur”. Die vertaler het 'n uitgebreide talekennis besit en bied sy dienste aan, in die *Kaapsche Courant*, 8 Augustus 1818, tot vertaling uit die „Hebreeuwsche, Grieksche, Latijnse, Arabische, Maleische, Chineesche, Malabaarsche en andere oostersche talen, zoo ook in het Fransch, Spaansch, Hoog- en Nederduitsch”. Met sy pen sou hy dus in sy onderhoud voorsien, 'n toekoms wat hom aanloklik gelyk het daar hy van letterkundige werk in Amsterdam reeds enige ondervinding gehad het. Daar was hy lid van „verscheide letterkundige kringen zoo te Amsterdam als elders”, en daar het reeds drie naamlose werkies van hom tot stand gekom. Verder het hy in 1814 en 1815 „geschiedenissen” en ook „werken van smaak” vertaal, wat alles 'n goeie ontvangs te beurt geval het.

Nou sou hy aan die Kaap hierdie letterkundige werk voortsit. Hy kondig in die *Kaapsche Courant* aan, dat daar van hom *De Grootte Dichters, Ongelukkig Leesboek* na die Frans sal verskyn en dit sal 'n voorrede bevat oor „'t Voortreffelijke der Dichtkunst”.<sup>1)</sup> In hierdie voorrede kon hy van ondervinding praat, want hy was toe juis besig om hom opnuut aan die digkuns te wy, daar sy Kaapse werksaamhede hom meer tyd gelaat het vir oefeninge „in de fraaije letteren, en wel voornamelijk in de Poëzij”, dan destyds in Indië.<sup>2)</sup> Sy eersteling 'n bundel *Gedichten* „in uren van uitspanning te zamen gebragt” opgedra aan Mr. J. A. TRUTER, die toenmalige hoofregter, verskyn in 1821 in Amsterdam.<sup>3)</sup> Deemoedig en beskeie, nie altyd so bedoel nie, vra hy verskoning „voor de klanken mijner lier”. Hy is 'n groot bewonderaar van BILDERDIJK, kies 'n aanhaling uit HELMERS tot spreuk „het pogen zelfs is grootsch

1) *Kaapsche Courant*, 28 Nov. 1818.

2) Voorbericht tot SUASSO DE LIMA: *Gedichten* p. IV.

3) By NICOLAAS COTRAY, 1821.

in 't worstelperk der eer". Maar DE LIMA is 'n leerling uit die skool van die 18de eeuse diggenootskap *Nihil volentibus Arduum*, „'t pogen naar de kunst" is vir hom „nimmer te verwerpen" en sy werk moet dan ook na die norme van 18de eeuse kunsbegrippe gemeet word. Die bundel open met 'n soort van Rijksmuseum, kultuurgesiedenis op rym, *Heldenroem van Nederland* waarvoor *De Hollandsche Natie* van HELMERS miskien tot voorbeeld gedien het. Met „flauwe stem" en „zwakke schalmen" wy hy sy „jonge palmen" aan die helde uit die worsteltydperk van Nederland o.a. aan Prins WILLEM, wat die redding bewerkstellig het uit die „woeste klaauw en dwangjuk" van ALVA, aan „grootte KENAUS naam" die Haarlemse „Pallas-dochter", en aan MAGDALENA MOENS en VAN DER WERF wat „in rampen troost" gegee het aan die Leidse burgery. Die ontset van Leiden bring die digter op die gedagte van die stigting van die Universiteit en dan gaan hy die skrywers van „werken van vernuft, en wetenschap en smaak" besing. BOERHAVEN „die herstellingskunst, de wet heeft voorgeschreven" en HUIG DE GROOT „van 't slot van Loevenstein" word voorop gestel. Daarop volg die roem van die 17de eeuse „waterleeuwen", TROMP, DE RUYTER, PIET HEIN en 'n hele skaar van mindere gode, tot hy by die ry van Nederlandse digters kom. Hier voel die digter SUASSO DE LIMA, skrywer oor „'t voortreflijke der dichtkunst", hom volkome tuis, hier loop sy gedagtes vlug en vlot. Tipies agtiende ees is sy literatuurgeskiedbeskouing; VONDEL is die „dichtren Vorst", maar onmiddellik naas hom kom HOOGVLIET, die eenmaal gevierde digter van *Abraham de Aartsvader* te staan, en POOT,

„hij die eenmaal zaaide en maaide 's aardrijks schoot,  
Werd naderhand Poët, o goddelijke Poot!"

CATS, LANGENDYK en HOOFT word in een asem genoem as skrywers wat sy „leerlustbrein verlicht", oor HUYGENS swyg hy heeltemaal. Dan volg die hele skaar van letterkundiges van wie die styl so gelief en bewonder in hul eie tyd was, so dikwels aangehaal of nagevolg is in Suid-Afrika, „de taal van KINKER, LOOTS, van TOLLENS en van CRAS, van BOSSCHA, die een

licht van Letterkunde was", „de groote FEITH", NOMSZ en HELMERS. Veral laasgenoemde twee laat sy digtersgeesdrif ontvonk; hul was die lieflingsauteurs van sy jeug, hul taal was vir hom 'n voorbeeld en die inhoud veral van *De Hollandsche Natie* van Helmers vir hom 'n inspirasie:

„Wat pracht bezielt uw taal wat zoete melody!  
 Zoetvloeyendheid en smaak deedt gij te zamen paren;  
 Verzeld van geestdrift, vuur, en weërklank in uw snaren,  
 Vol van verbeeldingskracht, bezongt gij de oude vlijt,  
 Van uwen Landgenoot zoo ook zijn nijverheid.”

Die agtiende eeu sluit hy af met VAN DER GOES, BELLAMY, WILLINK, ROTGANS, MOENS en VAN WINTER. Hy voel hom te klein en nietig om die hoë gees van „de groote BILDERDIJK” en sy leerling DA COSTA „die sinds kort betrad der dicht'ren baan”, na verdienste te roem en bepaal hom dan maar ten slotte by die taalgeleerdes veral by SIEGENBEEK en WEILAND:

„Uw grootsch vernuft blonk uit, door Neêrlands taal te  
 ontleden,  
 Een nieuwe spelling vond haar' grond op kunst en reden,  
 En is 't dat de oude stijl het jeugdige oor niet vleit,  
 Zoo veel te meer gevoelt het uw zoetvloeyendheid.”

DE LIMA het sy stadgenote 'n beknopte vaderlandse geskiedenis op rym gegee met hierdie *Heldenroem*, 'n vers wat hul van pas kon gekom het by die keuse van hul leesstof, maar wat hul ook in hul trots op en gehegtheid aan die stamland gesterk het, want in die twintiger jare van die vorige eeu het hy hom by 'n bevolking gevoeg wat anti-Engels was, wat hom Hollands gevoel het, „wier hart vreemd aan desselfs tegenwoordige meester is”.<sup>1)</sup>

Hierdie gehegtheid het hy nog verder versterk met die reeks *Verzen, uit het hart gevloed, bij het beschouwen der afbeeldsels van de dierbare Koninklijke Familie der Nederlanden*. In kort, sesreëlige rympies word die hele Koninklike Familie

<sup>1)</sup> M. D. TEENSTRA: *De Vruchten mijner Werkzaamheden*, sesde brief. Groningen, 1830.

besing tot op „Wijlen Z.M. Moeder” en „Wijlen Z.M. Zuster”. Vir ’n moderne demokratiese oor klink die rympies te onderdanig en kruiperig, maar hul is tipies van hul tyd en het daarby ’n besondere betekenis vir die vir Nederland verloregegane volksplanting gehad.

Tog is de belangrikste gedigte die waarin die stof aan die Afrikaanse lewe ontleen is. *De Kaapstad* word in vier sange besing, ’n gedig wat aan die *Eerekroon* van ’n ouer digter, JAN DE MARRE, herinner. DE LIMA het dit self „een platte beschrijving doch geene historisch noch aardrijkskundig geschiedenis”<sup>1)</sup> genoem, wat hy die Kapenaars aangebied het uit agting en erkentenis. Hul gasvryheid en vriendskap vorm die grondslae van hierdie vier sange. Die eerste vang aan met ’n landskapsskildering:

„Alles ademt frisch. De mirre is in den bloei,  
De trotsche Populier staat in zijn’ vollen groei.  
Het prachtig berggevaart’ omzoomt deze vallei,  
En veilig is de reë in ’t nad’rend jaargetij.”

Bo in ’n onbewolkte hemel draai tallose voëls rond, allerlei verskeurende diere bevolk die aarde en

„Groot is het schapenras naar zijn gewonen aard,  
En de bijzonderheid, bestaat slechts in den staart.”

Dit is voorwaar geen grootse digterlike siening nie! Die Natuur word aangeroep as ’n beeld van die alvoorsienigheid so heeltemal in die trant van die 18de eeuer, maar daar skemer tog werklike bewondering in deur vir die mooie ligging van „deez’ Kaapsche uithoeksstad” waar VAN RIEBEECK sy setel gehad het. In die Kasteel wat „veel onderging sinds toen”, waar vroeër die Indiese Raad beraadslaag het, tot „heil van volk en staat”, hou nou die hoofkwartier van die Britse leër wag.

In die tweede sang word die algemene feesviering by die hoeksteenlegging van ’n groot handelshuis besing.<sup>2)</sup> Die goewerneur het die plegtigheid waargeneem en dit het daar

<sup>1)</sup> Voorbericht tot *Gedichten*.

<sup>2)</sup> Vgl. *Kaapsche Courant*, Sept. 1819.



alles Engels toegegaan. „God save the King”, „Roast Beef of England” en „Brittania’s Rule”

is daar „met sierlikheid gespeeld,  
welks toonen door hun fraai, 't gehoor van ieder streeft.”

Met die oog op die voorafgaande loftuitinge op die Nederlandse Koninklike familie, val dit die leser moeilik om geen ironie in hierdie sang te lees nie, maar DE LIMA wou in die guns van die goewerneur bly, wat by sy joernalistieke arbeid 'n noodsaaklike vereiste geblyk het. Hy vergoed sy kniebuiging aan die grote here deur in die derde sang eg en suiwer 'n toneeltjie uit die Kaapse boerelewe aan te voel. Hy laat ons die Kaapse Groenteplein sien, waar dit leef en woel van die vroeë môre af as die boer markt toe aangery kom,

„Met zynen wagen, kar, gepropt zoo veel hij kan:  
Een hottentot of slaaf loopt vóór deszelfs gespan,  
Bestaande in ossen-paar van zeven, zes of vijf,  
Zoo brengt de Landman aan, tot stedelings gerijf  
Zijn boter, vruchten, garst, en vederen en vet,  
En pluimvee, koren, wijn, en waar men smaak na zet.”  
Het plein voorts, waar 't al woelt, vol leven en gedruisch  
Pronkt met een groot gebouw, genaamd: komediehuis.”

Met hierdie skouburg het hy dikwels kennis gemaak, eers as vriend later as vyand, en ook maar al te dikwels met

„'t Kantoor van smart,  
Ik meen van het bestier van boedels die verward  
Of zoo wat aan den hol- of bolder zijn geraakt.”

Die stadsbeskrywing word afgesluit in 'n vierde sang. Ons hoor van die pragtige Laan, 'n erfenis uit die tyd van Jan Companjie, van die „groote diergaarde” aan die end daarvan, van die Mohamedaansche kerkhof bo op die heuwel, van die siekehuis, die apteek, die galg — niks word oorgeslaan nie. 'n Duideliker beeld van Kaapstad, aan die begin van die neëntiende eeu, is haas nie te vind nie en die toon van die sanger is een en al waardering en bewondering vir wat reeds

tot stand gebring is aan die voet van Tafelberg „om zijne kruin vermaard.”

Hierop volg 'n vertaling van 'n Frans-klassistiese stuk, op die reis na Batawië in 1817 deur hom vervaardig, *De Buikverzorging of de landbewoner aan tafel* waarin 'n beskrywing gegee word van „de ed'le keuken” by die Grieke en die Romeine. Dan weer 'n rubriek *Vaderlandsche Zangen* bestaande uit 'n tiental geleentheidsverse op die verjaardae of dood van diverse Nederlandse Koninklike Hooghede. Byna aandoenlik klink sy verjaarsdaggroet uit Kaapstad aan die Nederlandse Koning:

„Ook in het land waar leeuwen teelen,  
 Waar tijgers woën, waar 't schuimend nat  
 Den dolfijn met zijn vocht gespat,  
 Ook daar moet men de vreugde deelen  
 O Vorst! bij uw' verjaringsdag;  
 Hoezeer niet onder uwe vlag.”

DE LIMA het by alle geboorte, huwelike of dood van die Oranjes hom genoop gevoel om die lier te tokkel, en hy word later die Kaapse geleentheidsdigter by uitnemendheid. Ons mag hierdie verse glimlaggend, selfs skouerophalend oorslaan, maar hul het hul betekenis gehad, hul het eenmaal die hart van die Kapenaar ontroer.

Op die lang gedig *De Overstroming* oor die ramp, wat in 1820 die „lage landen bider zee” getref het, volg sowat 'n dertigtal *Mengeldichten en Geleentheidsverzen*, waarvan enkele vertalinge of bewerkinge na die Frans of Hoogduits, maar die meeste oorspronklike beryminge op gedenkdae van vriende en familieledede is. Die *Welkomsgroet aan de Afrikanen gewijd, welke gezegevierd hebben op de benden der oproerige Kafferen* verdien vermelding. Vir LINDE „die met glans bestierde de Afrikaansche burgerij”, vir „BOTH, MULDER EN VAN REENEN — alle dappere officieren” word louerkranse gevleg en die heldemoed besing, wat LYNX in ballingskap verjaag het. Van hierdie geveg teen LYNX, waarin VAN REENEN 'n nie onbelangrike rol gespeel het nie, het hy later uitvoeriger

prosabeskrywing in sy geskiedenisboekie gegee. <sup>1)</sup> Hier is dit hom slegs om 'n kort welkomswoord te doen.

In die geleentheidsverse is voorbeelde van afgesaagde, agtiende eeuse digterlike taal, van „laurieren vlechten”, „vreugde galmen” en „tranen plengen” in oorfloed te vind, tog werp die huislike, konvensionele verse dikwels 'n besondere lig op die teer kant van die gemoed van 'n ongemakkelike, vreemde man. Die elegië op die dood van 'n dogtertjie asook *Ter eerste verjaring van mijn geliefd en eenigst Dochtertje* is heeltemal in die trant en volgens die maat van die kleingediggies o.a. *Kinderlijk* van VONDEL:

„Klein lief Antje,  
Dierbaar pandje,  
Deugden zijn meer waard dan goud.”

In 'n vers *Op het graf mijner Dochter* hoor ons die verlange na verlore geluk, maar eenvoudig treffend, met stille berusting het die jong paar afskeid geneem van die „verblijfplaats van de dooden” by hul vertrek uit Batawie. Jare later sou hy weer 'n lykdiggie skrywe, *Scheiding*, by die verlies van 'n kind maar daaruit spreek die gebrokenheid van 'n ou man, wat 'n lewe vol kommer en verdriet agter hom het:

„Mijn George, moet ik van u scheiden?  
O neen, ik zal weldra bij u zijn;  
Ik ken niet meer het woord verblijden”  
In 's levens rampwoestijn.” <sup>2)</sup>

Sy rampe en teenspoed het verdubbel toe hy sy medewerking gegee het aan die toneelbedrywigheid van 'n „Native of Ftance” met wie hy, die uitgesproke verteenwoordiger van die Hollandse groep, noodwendig moes bots. Selfs as DE LIMA 'n Franse modewerk, die sentimentele roman *Raymond* <sup>3)</sup> uit 'n Hoogduitse periodiek in 1822 vertaal, en sy eie ontknoping byvoeg,

---

<sup>1)</sup> Vgl. J. SUASSO DE LIMA: *Gesch. van de Kaap de Goede Hoop* (1825), p. 56.

<sup>2)</sup> BOSMAN & DREYER: *Holl. Joernalistiek* p. 21.

<sup>3)</sup> By N. COTRAY, Amsterdam, 1822.

dan moet hy sy vurige verlange na sy geboorteland in die voorberig te kenne gee en terselfdertyd sy nuwe vaderland teen die uitlanders verdedig, wat na 'n vlugtige besoek die „gastvrije en geliefde” Kaapnaars as „onheusch en onbeschaafd” in hul reisbeskrywings gaan beklad. In die voetspore van MEENT BORCHERDS kom hy dus op teen die onhebbelikheid om sy stadgenote as harlekyne voor te stel.

Van sy vertaal- en skryfwerk kon DE LIMA nie lewe nie. In 1823 neem hy die taak op hom van skoolmeester aan die Evangeliese Lutherse Skool aan die Kaap. Die skoolmeester gaan nou 'n *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop* <sup>1)</sup> skrywe, in die vorm van vraag en antwoord. Ook in hierdie pionierswerkjie gee hy 'n buitengewoon gunstige karakter-skets van die Afrikaner, wat hy gasvry, vlug van verstand, 'n liefhebber van musiek, van perde en die jag vind, maar by wie goeie leiding ontbreek. Een gevolg van daardie tekort aan leiens is dat die taal so agteruit gegaan het, „als wordende hier over het algemeen de Nederduitsche taal zeer slecht gesproken, dat meestdeels toe te schrijven is aan de slaven, aan welke de Kaapsche jeugd zoo zeer is toevertrouwd”. <sup>2)</sup> Later toe Dr. A. N. E. CHANGUION met wetenskaplike bewyse gekom het van hierdie „verbastering” van die taal, het hy soos 'n dolleman uitgevaar oor wat hy beskou het as „'n schandelijke aanranding” van die Kaapnaars. <sup>3)</sup> Hy is trots op die vermaarde persone wat hier gewerk het, soos dr. PERSOON die skrywer van Latynse mediesewerke, ds. FLECK skrywer van „fraaye leerredenen”, <sup>4)</sup> W. S. VAN RYNEVELD van die boekie oor die verbetering van die skaperas en ds. A. FAURE die redakteur van die pasopgerigte tydskrif, wat sy geskiedenisboekie so onbillik skerp gaan resenseer het <sup>5)</sup> by die verskyning in 1825.

<sup>1)</sup> By W. BRIDEKIRK, Kaapstad 1825.

<sup>2)</sup> Vgl. Les XX oor Taal en Karakter.

<sup>3)</sup> Sien vederop.

<sup>4)</sup> CHRISTIAAN FLECK: *Christus de Geliefde des Vaders*. Amst. 1818.  
Dissefde: *Leerredenen over verschillende Onderwerpen*.  
Amst. 1821.

<sup>5)</sup> Ned. Z. A. Tijds. Dl. II p. 438.

Van dieselfde jaar as sy aanstelling as skoolmeester, 1823, dateer sy kortstondige vriendskap en samewerking met CHARLES ETIENNE BONIFACE, 'n nog temperamentvoller, nog onewewigtiger talent, wat by hom aan huis gewoon het, van wie hy 'n franse blyspel in een bedryf, *L'Enragé*, vertaal onder die titel *De Dolzinnige, of De Gewaande Dolleman*. Die het hy in 1824 nog aan die pasopgerigte skool van sy vriend D. VAN REENEN by Rondebosch gehelp,<sup>1)</sup> maar sou hom tot die uiterste prikkel en terg in dieselfde jaar.

### 3. CHARLES ETIENNE BONIFACE, „THE CAPE DRAMATIST”, EN DE LIMA RAAK SLAAGS.

Hierdie seun van 'n Paryse gevangenisbewaarder wat Sir SYDNEY SMITH in 1793 uit die Tempel-gevangenis help ontsnap het, moes as gevolg van die daad van sy vader sy kinderjare in ballingskap deurbring.<sup>2)</sup> Op die Seychelle-eiland het hy sy eerste opvoeding van sy ouers ontvang en op vroeë leeftyd was hy reeds vyf Romaanse tale magtig en goed onderleg in die klassieke kuns en geskiedenis. Verder kon hy 'n pragtige hand skrywe, met die pen skets, die verfkwas hanteer en die Spaanse ghitaar speel. Dit was dus 'n kunstenaarstipe wat hom op ongeveer twintigjarige leeftyd in 1807 aan die Kaap kom vestig het.

Sy groot talekennis het die twee landstale Hollands en Engels egter uitgesluit maar BONIFACE het albei gou aangeleer. Voorlopig hou hy hom besig met die Franse toneel wat na 'n kwynende bestaan onder sy leiding skitterend opbloeit tot 1811, wanneer die Franse toneelgeselskap ontbind word. Hy skryf daar 'n blyspel in een bedryf voor *L'Enragé* in 1807, en voer stukke van RACINE, OUDINOT en Franse vertalinge van KOTZEBUE op. As die Franse toneel na vier jare weer in verval raak, soek hy in sy onderhoud te voorsien deur les

<sup>1)</sup> Sien p. 101 en vlg.

<sup>2)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan G. S. NIENABER: *Charles Etienne Boniface, Ons Vaderland*, Junie en Julie 1929. Ook aan BOSMAN: *Drama en Toneel*, p. 119—124.

te gee in Duits, Frans, Spaans, Portugees, Italiaans, Grieks, Latyn, die skermkuns en op die ghitaar. Hy word lid van die Hollandse toneelgeselskap wat in 1813 'n ballet-pantomiem van hom, *Het beleg en het nemen van Troyen*, op die verhoog bring en van 1815 af is hy 'n ywerige lid van die Hollandse geselskap wat onder die leuse „Honi soit qui mal y Pense” die Kaapse skouburgpubliek vermaak.<sup>1)</sup> Dit is veral die Franse ballet wat sy musiekliewende natuur gestreel het en as toneelleier was hy nooit gelukkiger as wanneer hy 'n groot verskeidenheid van musiek, danse, toneeldekors en kostumering kon gee nie. In sy *Groot-Ballet, Sapho* in drie bedrywe, in 1825 deur SCHONEGEVEL vertaal, het hy al hierdie vereistes van die opera met grootse opset verenig.

Maar die Hollandse toneel het begin kwyn. Alles waar BONIFACE sy hand aan geslaan het, het verdor en hy moes 'n ander uitkomst soek. DE LIMA, by wie hy miskien 'n tydjie assistent was, help hom aan 'n skooltjie op Rondebosch, 'n welkome byverdienste nie ver uit die stad nie sodat hy gemaklik heen en weer kon reis om sy toneelliefhebberij voort te sit. Maar dan begaan die „meester”, DE LIMA, die vergeeflike fout om hom sydelings te berispe oor die toneelvoorstellings nooit op tyd begin nie en gedurig uitgestel word, in 'n lang gedig *Ieder wordt teleurgesteld*, wat DE LIMA in die *South African Chronicle* geplaas het.<sup>2)</sup>

In die eerste veertien koeplette mymer DE LIMA oor allerlei teleurstellings in die lewe en die vrugteloesheid om daarvoor te kere te gaan, maar die laaste koeplet is die skoen wat BONIFACE gepas het en wat hy met soveel woede aangetrek het. Die eerste en laaste koeplette van die vers lui:

„In alle tjdien van het leven,  
Van blijdschap, kommer, vreugd, geweld,  
Met rijkdom en met pracht omgeven,  
*Wordt men nogtans te leur gesteld.*

---

<sup>1)</sup> Die toneelgeselskap heet in 1833 „Door ijver bloeit de Kunst”, van 1834—1838 „Vlijt en Kunst”, almal egte rederykersspreuke. Alle besonderhede te vind in BOSMAN: *Drama en Toneel I.*

<sup>2)</sup> *Chron.* 27 October 1824.

Ja, zelfs het schouwtooneel der zeden,  
 Waar in de tijd ras heenen smelt,  
 Wil men tot zijn vermaak betreden  
 Doch vindt zich ook te leur gesteld.

BONIFACE het nog in dieselfde aflewering sy onvergenoegheid te kenne gegee omdat die „Rijmer” alweer besig was om „op zijne veel te laag gestelde Lier te kratsen” en in die volgende aflewering van die blad, 3 November, het hy hom te lyf gegaan in ’n Franse spotvers *Rira Bien, Qui Rira le Dernier*. ’n Week later berig die redakteur van die *Chronicle* aan sy korrespondente:

„De storm die zich lang heeft zaamgepakt, is eindelijk los gebroken, en reeds merkelyk hebben er vijandelijkheden tusschen de Heeren BONIFACE en S. d. L. als vertegenwoordigers der Franschen en Hollanders plaats gehad. Wij versoeken echter als bemiddelaars te mogen optreden, en geven bij dezen kennis, dat wij ons Blad niet langer als een middel willen laten gebruiken, om die vijandelijkheden te doen voortduren. Wanneer hunne bekendmakingen van een vredelievenden aard zijn, zullen wij daaraan gaarne een plaatsje inruimen, maar anders niet. De tempel van JANUS is derhalven gesloten.”<sup>1)</sup>

Die onbeheerste, wraaksugtige BONIFACE was heel waar-skyklik geen toonbeeld van ’n skoolmeester nie, dit kan ook wees dat VAN REENEN werklik agterstallig geraak het met die skoolgeld, hoe dit ook al sy „affront” stuur ’n *Rekwest van een oud Paard aan zynen niet jongen Heer* by monde van die *Chronicle*, 18 Mei 1825, waarin hy om ontferming oor sy toestand smee en „’n beetje haver voor van avond!” Hy is uitbestee by ’n vriend van sy „meester”, (VAN REENEN die groot perdeteler die vriend van DE LIMA) wat „geen paarden verstand of verstand van paarden heeft” en die gee hom geen voer nie omdat hy rusie met sy meester het.<sup>2)</sup> Die dood van ’n onskuldige perd kan tog niks verander nie „aan het ontwerp van twee harde menschenkoppen”.

<sup>1)</sup> *Chron.* 10 Nov. 1824.

<sup>2)</sup> BOSMAN: Drama en Toneel, p. 288 noot 4, het die verband tussen D. VAN REENEN, die groot perdeteler, en die *Rekwest van een oud Paard aan zynen niet jongen Heer* van BONIFACE nie raakgesien nie.

Dit het DE LIMA tot een van sy heftigste uitvalle geprikkel. *De Lijfheer van het Paard affront*<sup>1)</sup> antwoord in vier scheldverse onderteken „*Inimicus Ingratitudinis*” waarin hy BILDERDIJK na die kroon steek wat retoriek betref:

„Gij zijt een vuige hoop van alle lasteringen,  
Die zwadder en vergift door long en adern spreidt;  
Onteerster van den mensch, een ramp voor stervelingen,  
Gij pest der maatschappij, gij heet ondankbaarheid.”

BONIFACE het „*laconique*” geantwoord:

„*Affront* (een Paard) aan *Inimicus* (een ezel).  
*nemo me Impune lacesset*. Heb meer geduld.”<sup>2)</sup>

En hy het daarnaas 'n lys werke geplaas wat hy sogenaamd van plan was om binnekort uit te gee maar dit is niks anders as skimpskeute op sy vyand in 'n vorm wat in die 18de eeu, die eeu van die satire, vir die toppunt van geestigheid deurgegaan het. 'n Paar daarvan sal volstaan, een wat sinspeel op die „*rymmanie*” van die kreupele digter, die ander op die perdegeskiedenis: „*Rymomania*, of het lezen der schoone gedichten van *Kreupele van den Hoek*, aan het publiek aanbevolen”, in prosa en *Eloge de la Fumée; L'assemblée Scandaleuse; Le Cheval et l'âne*, in poësie.

DE LIMA het hom nie 'n antwoord skuldig gebly nie en gee dadelik sy voornemens te kenne om ook ses stukke in die lig te gee<sup>3)</sup>, waarvan kan genoem word: *De noodlottige avonturier, of Don Quichot in de Vlakte*, 'n los ontwerp in rym en *De Man in vier gedaanten, Musicus, Acteur, Gaskonjer en Taalmeester*, 'n blyspel in een bedryf.

Die *Don Quichot*, BONIFACE, was uit sy Rondebosse skooltjie uit, maar hy het hom alles behalwe op die vlakte gevoel. Hy was besig om 'n ballet, 'n wraakspel, te skryf, *Limaçon de Dichter*, wat hy voor 'n groot gehoor opgevoer het die volgende maand. Ons kan ons voorstel hoe hy die uiterlike

<sup>1)</sup> *Chron.* 25 Mei 1825.

<sup>2)</sup> *Chron.* 8 Junie 1825. Niemand raak my ongestraf aan nie.

<sup>3)</sup> *Chron.* 15 Junie 1825.



voorkome en mank been van die digter DE LIMA uitgebuit het in 'n poging tot geestigheid. DE LIMA is dadelik gereed gereed met 'n *Zamenspraak tusschen Limaçon een Dichter en een Prozaisch Gaskonjer* (1825),<sup>1)</sup> waarin hy BONIFACE van weë sy ondankbaarheid aan die kaak stel. Die kry tog die laaste woord in 'n alleenspraak *De Twee Slakken of Limaçon, Sen. en Limaçon, Jun.* (1825)<sup>2)</sup>, venynige woordspeling op die naam van DE LIMA en persoonlike slegsêery van begin tot end. Albei stukke is persoonlike aanvalle, gedeeltelik dramaties na die vorm maar in die van DE LIMA sit 'n sekere oorspronklikheid wat ons by BONIFACE mis. Laasgenoemde deel self mee dat hy maar *De Intrigue aan het Venster* van KOTZEBUE omgewerk het; as hy sy teenstander werklik kras wou aanpak sou hy hom die moeite van 'n oorspronklike stuk getroos het!

Uit alles merk ons dat DE LIMA, ondanks sy eenaardige leefwyse, tog meer selfbeheersing besit het dan hierdie vegtersbaas wat met verwoede stote op sy teenstanders afstorm, en dat hy sy meerdere was as mens sowel as kunstenaar. DE LIMA skryf suiwer Hollands en sy eerste skimp is dan ook op die gebrekkige taal van die „native of France” waar hy hom probeer napraat:

„Ik zak u, Limaçon, in lank niet op straat — waar duivel  
zijt kij?”

Aanvanklik hou hy hom nog taamlik kalm oor die ondankbaarheid en lasterpraatjies van die „gaskonjer, snoeshaan, tooneelist, lasteraar” maar dan styg sy retoriek tot „valschaard, ondier” en vind 'n klimaks in die Bilderdijkse reël:

„Gij, pligt — en deugd — en vriend — en ligt ook God-  
verzaker!”

Ten slotte lag DE LIMA in geestelike meerderheidsbesef om hierdie „Don Quichot, een nar, ja een dier groote gekken”.

Die alleenspraak van BONIFACE, in prosa behalwe vir 'n

<sup>1)</sup> By BRIDEKIRK, Kaapstad 1825. BOSMAN: *Drama en Toneel*, Bylae VII.

<sup>2)</sup> Kaapstad 1825. BOSMAN: *Drama en Toneel*, Bylae VIII.

paar toepaslike aanhalings daarteenoor is laag by die grond reeds in die opdrag, waarin 'n vergelyking van sy vyand by „een soort van stinkkolk alwaar zich de Vulnissen van de Stad versamelen”, voorkom. Om hom by 'n „Orang Oetang”, of „'n opgestopte Wit-baviaan”, in die stuk self te vergelyk, klink vriendelik hierby. Die prosastyl van Boniface is vry lewendig, allitererende woordgebruik as „mager mank, mal en morsig” is goed geslaag, maar overigens gebruik hy, in die woorde van ABRAHAM BOGAERT, die „snater van een viswif”.<sup>1)</sup> Konstruksies soos „om affaires in de stad gelokt zijnde”, „favorite huisgewaad”, verraai sy Franse afkoms, waarmee hy altyd so te koop geloop het.

#### 4. SUASSO DE LIMA WORD JOERNALIS. ANDER VERSE UIT DIE KOERANTE.

Die hele jaar 1825 het omgegaan met polemiekie wat in 1836 weer heftig opvlam en die saak is nooit tussen die twee bygelê nie. Maar hul hand was nie alleen teen mekaar nie, ook teen iedereen en iedereen was gevolglik teen hulle. In *Iets over het dansen en tooneelspelen, om tot antwoord te dienen aan Serieus*,<sup>2)</sup> is dit 'n korrespondent van die *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, wat dit van die pen van DE LIMA moet ontgeld. Calvinisme en die opkomende Metodisme was geen vriende van toneel en toneelliteratuur nie, omdat hul van meening was, dat dit nie bevorderlik vir deugd en wysheid was nie. In die vorm van 'n brief skryf DE LIMA sy brosjure om hul van die teenoorgestelde te oortuig. Uit die Bybel, uit die klassieke dra hy bewyse aan, dat dans by die godsdiensoefeninge te pas gekom het. Uit talrike skrywers in Hollands, Engels en Latyn word aangehaal, waaruit nie alleen sy belesenheid en geleerdheid op die voorgrond kom nie, maar ook blyk, dat hy 'n duideliker begrip van die wese van die drama gehad het dan die „brave” korrespondent „Serieus”.

In dieselfde jaar, 1825, stoom die eerste stoomboot, die

<sup>1)</sup> Historische Reizen (1711) van W. A. VAN DER STEL gesê.

<sup>2)</sup> By BRIDEKIRK, Kaapstad 1825.

„Enterprize” Tafelbaai binne en dit word die inspirasie vir DE LIMA om 'n geleentheidsvers te maak en 'n prosabe-skrywing te gee van *Het stoomvaartuig*,<sup>1)</sup> gedeeltelik uit vername skrywers saamgestel.

Die verskuns het hy bly beoefen, en van die vrug van sy arbeid wat in 1840 onder die titel *Nieuwe Gedichten*<sup>2)</sup> gebundel is, na die redaktur van die *Chronicle* vir plaatsing in die rubriek „Poezij”, opgestuur.

Hierdie rubriek het satiriese verse in die trant van die 18de eeuers bevat, wat egter nie al te persoonlik mog wees nie, godsdienstige verse, lofsange, treurdigte, moraliserende verse. Oorspronklikheid of navolging is nooit met sekerheid vas te stel nie wat hierdie stukke betref.

Die redaktur, het Q. Q. hartelik bedank vir die eerste toegesonde Hollandse vers na sy tweetalige blad, *Qualitate Qua*, en sy voortdurende guns aangebied „vertrouwende dat ook andere zijner vrienden door zijn voorbeeld mogen worden aangespoord om de uitgaaf van dit weekblad zoo aangenaam mogelijk te maken”.<sup>3)</sup> Die beurtsang waarin vraag en antwoord vlug afwissel, 'n satiries-geestige vers met 'n pakkende slot kon uit die pen van DE LIMA gevloei het:

#### QUALITATE QUA.

'k Vroeg onlangs aan een Latinist,  
Met wien 'k in kennis sta,  
Of hij den zin en meening wist  
Van 't Qualitate Qua.

Houdt Gij mij voor zoo'n domme bloed,  
Dat ik dit niet versta?  
Al wat Gij voor een ander doet,  
Is Qualitate Qua.

Dat 's glad verkeerd; want stel ik kwam  
Uw geld-laa eens te na,  
Zou ik dan morgen zeggen: 'k deed  
Het Qualitate Qua?

1) By BRIDEKIRK, Kaapstad 1825.

2) Kaapstad, ter drukkerij van den dichter, 1840.

3) *Chron.* 18 Aug. 1824.

Men make dat de reek'ning sluit,  
 Eer *hier* het uurtje sla;  
 Want *daar* helpt geen ontschuldiging  
 Of Qualitate Qua.

Q. Q.

Die spotvers wat vry deursigtig en tog nie al te beledigend was nie, waarin 'n sekere lewenswysheid laggend verkondig word, is die mees gewilde koerante-poësie in die eerste tydperk van koerantewese in Suid-Afrika. As 'n Uitenhaagse heer sy onsekerheid oor die nasionaliteit van sy kind te kenne gee, <sup>1)</sup> kry hy tot antwoord: <sup>2)</sup>

„Een Uitenhaagsche heer in Afrika geboren,  
 Meldt dat zijn vrouw een kind bekwam;  
 Hij doet aan het publiek voorts hooren,  
 Uit welk een bloed het de oorsprong nam.

Wat vreemder vraag kwam ooit te voren,  
 Zijn vaders vader was een Schot,  
 Zijn moeder was Iersch-Duitsch geboren,  
 Zijn vader trof 't grootvaders lot.

Hij zelfs heeft hier het licht verkregen,  
 Dus een geboren Afrikaan;  
 (Waar is Iersch-Duitschland toch gelegen?  
 Ik zie het op geen kaarten staan.

Maar wat wil mij dat land toch raken,)  
 De vraag alleen is naar het bloed;  
 Ik zal maar vast het antwoord maken,  
 Een zeker antwoord kort en goed.

Al bleef 'k acht dagen praktizeeren,  
 En men mijn vers nog meer verlengt,  
 Zoo zou geen mensch toch wel beweren,  
 Dan dat het antwoord is „Vermengd”.”

In die land waar Hollanders, Engelse, Franse, Duitsers, Skotte en Iere hul steeds op hul lande van herkoms beroep het, was die vraag nie onvanpas nie, maar die „geboren Afrikaan” het nie veel verder met die oplossing van sy probleem met hierdie vers gekom nie. As die geestige teregwysing hom

<sup>1)</sup> *Chron.* 13 Oct. 1824.

<sup>2)</sup> *Chron.* 20 Oct. 1824.

nie aangestaan het nie, kon hy troos gevind het in *Mijne wenschen* <sup>1)</sup>, waarin om tevredenheid gesmeek word:

„'k Smeekte om geen rijkdom U, o God,  
Geen wufte grootheid hier beneden;  
Tevredenheid slechts met mijn lot,  
Heb ik van Uw gunst gebeden.”

In *Nota Bene* <sup>2)</sup> klink weer 'n toon van onrus en ligte spot, daar lê 'n taamlieke verbitterde stemming in die slot:

„Alles is niet wat het schijnt;  
Zuivre deugd ligt ondermijnt;  
Hoop en uitzigt zijn als kaf; —  
Tegenspoed grimt alles aan;  
Maar de rust zal eens bestaan —  
Nota Bene! — in het graf!”

*Mijne Minnares* — is *mijne Sanggodes* <sup>3)</sup> 'n lofsang op musiek, en *Regt door Zee* <sup>4)</sup> 'n seemanslied is deur hul sangerigheid en frisheid en dawerende opgewektheid nie onverdienstelik nie. Daar teenoor staan moraliserend-didaktiese verse soos 's *Levens Kaartspel*, <sup>5)</sup> *Het Rad van Avontuur* <sup>6)</sup> waarvan die hele sedeles reeds uit die titel kan opgemaak word. Sentimentele konwensionele verse bly ook nie agterweë nie, in die trant van FEITH en die Sentimentele skool van die 18de eeu. Ons hoor van *De Schoonste Bloem* die vriendskap, waarvoor 'n „tuiltje” gevleg word <sup>7)</sup> en by die dood van die gevierde „tranedigter” het DE LIMA 'n lykdig geplaas (1827), *Op den dood van Mr. Rijnvis Feith, oorleden te Overijssel*:

„Wij missen u ook — wij, aan 's aardrijks Zuiderpool,  
Gij, schitterend sieraad der Nederlandsche school.

<sup>1)</sup> *Chron.* 1 Des. 1824.

<sup>2)</sup> *Chron.* 15 Des. 1824.

<sup>3)</sup> *Chron.* 29 Des. 1825.

<sup>4)</sup> *Chron.* 30 Maart 1825.

<sup>5)</sup> *Chron.* 11 Mei 1825.

<sup>6)</sup> *Chron.* 18 Mei 1825.

<sup>7)</sup> *Chron.* 22 Des. 1824.

Gij, die ons Thirsa schonk in uwe lentejaren;  
 Die d'ouderdom bezong, door uwe schelle snaren.  
 Die het zoo somber graf het menschdom hebt gewijd." 1)

Tot dus ver was die geleentheidsdigter DE LIMA van die *Chronicle*-drukkery, die „Tempel van Janus”, afhankelik maar in 1826 sou hy sy eie koerant hê om die „opkomende letterbloei” te bevorder.

In Januarie 1826 verskyn *De Verzamelaar* (The Gleaner), 'n weekblad in Hollands, wat van 1 Januarie 1827, (toe die goewerneur Lord CHARLES SOMERSET die ou *Kaapstads Courant* van naam en inhoud verengels) die naam gedra het van *Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter of De Verzamelaar*. Hierin kon hy sy diglus en spotlus laat hoogty vier. In prosa gaan dit veral teen *The Colonist* „dat erbarmlik diertje” van 'n krant, en in rym val hy sy vyande, veral BONIFACE, aan. Tipiese voorbeelde is *Hoogmoed komt voor den val* 2) waarin „Pochhans”, wat altyd by „Mahometsgeslacht” te vind was, bespot word, omdat hy altyd in die skuld sit. In *De Kabbeljaauwen Vorst* 3) word weer sinspeling gemaak op „een bruine Fricassée”, wat by die trotse kabbeljou hoort. *De Kabbeljaau is aangespoeld* 4), wat kon gesing word op die wys van „Ik min de meisjes en de Wyn”, is nog 'n persiflage op dieselfde persoon. Dieselfde toon klink uit *Klaplopery* 5) en 'n *Gebeurtenis in de Kaapstad* 6) deur J. N. M., verhalende spotverse wat as voorlopers van die eerste Afrikaanse versies van vyftig jaar later, kan beskou word.

DE LIMA wou leeslus en skryflus opwek ook onder die minderbevoorregte klasse. Daarom publiseer hy 'n uittreksel uit die *Reizen en Lotgevallen* van die pasaangekome „translateur by 't hooge gerechtshof”, J. SWAVING, en voeg vlelend en profeties daarby:

---

1) *Chron.* 8 Sept. 1824. *Nieuwe Gedichten*, p. 124.

2) *De Verzamelaar* 3 Sept. 1828.

3) *De Verzamelaar* 1 Oktober 1828.

4) *De Verzamelaar* 27 Aug. 1828.

5) *De Verzamelaar*, 30 Aug. 1828.

6) *De Verzamelaar*, 2 Julie 1828.

„En wie weet welke belangrijke, welke goud aanbren- gende ontdekkingen er vroeg of laat nog eenmaal tot roem en luister dezer volkplanting voor den dag zullen komen, als leeslust of zucht naar onderzoek eenmaal de algemeen heerschende, geliefkoosde neiging des geheelen Publieks, zoo van arm en rijk, aanzienlijk en gering, van Blanken en Zwartten, van Heiden en Christen zal ge- worden zijn”.<sup>1)</sup>

Hy sal bepaald sukses gehad het met *De Grootte Regenboog Partij op de Breëstraat*<sup>2)</sup>, 'n brief onder die pseudoniem JACK ROASTBOY in navolging van die Spektatoriale geskifte van STEELE en ADDISON en VAN EFFEN waarin maatskappelijke vraagstukke op satiriese wyse behandel word. As egter *laudator temporis acti* waarsku hy hier teen die „Quadrille koorts”, die bals wat toe erg in die mode was (miskien ook 'n steek vir BONIFACE) en teen die negrofiele wat met die hofsake van Dr. PHILIP soveel opsien verwek het:

„DE GOEDE OUDE TIJDEN”.

Och hoor naar mijn lied, 't is geen geheimenis,  
Als ik tezamen meng zang — dichtkunst — geschiedenis;  
De gouden tijd is niet meer, ja die is voorbij,  
Wij denken er aan, en dan zuchten wij.  
O, die goede oude tijd.

Toen had het huis een rieten dak, de straat was toen niet  
geplaveid,  
De deur stond enkel op een klink; 't venster toen geen licht  
verspreidt,  
Weinig volk was te vinden, men wist van steel noch roofpartij,  
En de Hoofdschout stierf van honger, niemand wist van  
schelmerij.

O, die goede oude tijd.

De rijksdaalder was de trooster, en men wist van geen geweld,  
Onze rijkdom was de braafheid, en zeer veel papieren geld,  
Aan zijn meerdren liet men over om te denken zoo als 't hoort,  
Twee of drie geleerde menschen bragten redevoerings voort,  
O, die goede oude tijd.

<sup>1)</sup> *De Verzamelaar*, 2 Julie 1828.

<sup>2)</sup> *De Verzamelaar*, 8 Oct. 1828. Alleen maar die vers is herdruk in sy *Nieuwe Gedichten*, p. 131.

Als de Kaffers ons bestormden, dan verdreef men hen met  
 En de rood gerokte natie had aan de grens geen legermagt,  
 Hottentot kon men regeren, en met snaphaan en met lood,  
 Door een Boschman op te brengen stond m'aan geen ver-  
 volging bloot,  
 O, die goede oude tijd.

Onder die „rood gerokte natie” het die slawe dit goed.  
 Rosa wil ook na die dansparty, en op die vraag: „Maar Rosa,  
 welk figuur zoudt *gij* maken bij al die mooye gezigten”, lê  
 die skrywer weer in versvorm die antwoord in haar mond:

„Kroezig haar, en zwart gelaat.  
 Geeft natuur geen onderscheid,  
 't Verschil moog zijn de kleur van 't vel,  
 Maar soo bij zwart als wit, heersch *één* genegenheid.”

Dergelike persoonlikhede en uitlatings van die aard, het  
 hom meer vyande dan vriende besorg en daarby was DE LIMA  
 totaal ongeskik om sy finansies te reël. Gedurig was hy in  
 geldelike moeilikhede gedompel, waaruit hy hom 'n enkele  
 keer met sy groot regs kundige kennis en behendigheid gered  
 het. Gewoonlik het hy maar bankrot gespeel en dan maar  
 weer met 'n lastersaak probeer terugwen, wat hy so pas verloor  
 het. In 1830 is hy failliet en sy grootste skuldeiser, PIETER  
 VAN BREDa, ongetwyfeld gesteun deur BONIFACE, ontfutsel  
 hom sy drukpers met intekenaars en al. Hy het later weer enige  
 skadevergoeding gekry maar sy aartsvyand BONIFACE was  
 in sy redakteursstoel en sy *Verzamelaar* het *De Zuid-Afrikaan*  
 geword.

5. BONIFACE AS JOERNALIS, DRAMATIS EN HEKELAAR.  
 SY KONFRATERS, LATER VYANDE J. J. DE KOCK EN  
 CORNELIS MOLL.

Vir BONIFACE was die redakteurskap van *De Zuid-Afrikaan*  
 'n ware uitkoms. In 1826 was hy weg van Rondebosch, „den  
 Hemel zij dank” in die stad terug, aan die Latynse skool.  
 In 1827 gaan hy bankrot as gevolg van 'n skindersaak waarvan



hy die onkoste moes dra en sy toneelgeselskap word ontbind. Hy probeer wat te verdien as „gezwooren translateur” en skryf sy *Relation du Naufrage du navire français L'Eole*, wat in 1829 by BRIDEKIRK uitgegee word. Hierdie *Relation*, m.i. die interessantste stuk uit sy hele *oeuvre*, het hy saamgestel uit koeranteberigte veral uit die *S.A. Commercial Advertiser* en die *Mercury*, en uit mondelinge verslae van 'n paar van die ag skipbreukelinge, wat die stranding van die *L'Eole* op die ooskus in April 1829, oorleef het. Dit bevat 'n lewendige, pakkende beskrywing van hul verblyf onder die kaffers, aankoms by Fort Willshire, besoek aan Grahamstown en uiteindelijke koms in Kaapstad. Daar kry hul 'n gids MORDANT <sup>1)</sup> om hul rond te lei, 'n mondspreuk vir BONIFACE, wat nou sy ergernis oor sekere Kaapse aangeleenthede en persoonlikhede kan lug. Die jong mense ry in koetse rond, pronk met mooi klere, maar koop alles op skuld; die Kaapnaar is eers hartelik en vriendelik en gasvry maar dan laat hy die vreemdelinge links lê, die beurs is nie mooi nie, die toneelstuk wat hul sien <sup>2)</sup> maar matig, die beroemde tuin van die Oos-Indiese Kompanjie staan vol kool en aardappels en die „diergaarde” wat DE LIMA so besing het, „ne vaut pas la peine d'être vu”. <sup>3)</sup> In die geregshof is hul stom van verbasing, want, soos MORDANT dit uitdruk, die spul is nie te herken nie. Sedert agtien maande is die taal alles Engels, in plaas van ag regters is daar vier; 'n prokureur, kommissarisse, 'n jurie het die plekke ingeneem van die fiskaal, die landdroste en Heemrade respektiewelik. In die vorm van 'n tweespraak met die nodige gebare by die *dramatis personae* aangedui, trek die hele wantoestand by ons verby. Een vraag en antwoord sal volstaan: <sup>4)</sup>

---

<sup>1)</sup> Die naam herinner aan CONSTANTIA DOROTHEA LE MORDANT, by wie BONIFACE 'n basterd seun gehad het, 'n Mosambiekse slavin wat huishoudster van sy vrou, 'n Kaapse dame MARIA GERTRUIDA HEYNEMAN was.

<sup>2)</sup> 'n Gemeenskaplike voorstelling is vir die skipbaeukelinge in die skouburg gegee. Vgl. BOSMAN: *Drama* p. 201.

<sup>3)</sup> *Relation* p. 104.

<sup>4)</sup> *Relation* p. 109.

*Nous* — mais, vos Colons, que present-ils de tout cela? *Lui* (avec emphase). —

Leurs timides esprits,  
De ces grands changements sont encore étourdis."

In die gereghof sien hul die „Robinson Crusoe des Hollandais", die „Juif-errant", wat na sy omwandelinge en twee dik volumes teen die Roomse beelddiens, hier tolk by die gereghof geword het en nou saampraat met die koloniste oor,, des *gekke Franschen!*"<sup>1)</sup> BONIFACE het dit die slag met SWAVING aan die stok. Ook die pasopgerigte *Z.A. Athenaeum* kry 'n raps omdat hul van 'n doodgewone leerkrag durf praat as 'n „Professeur de Langue française".<sup>2)</sup>

Sy skerp kritiese gees wat meer afgebreek het dan opgebou het, sy opvlieëndheid, sy persoonlike aantygings, sy haatdraendheid wat hom die lyfspreuk *Nemo me impune lacessit* (niemand kom my ongestraf te na nie) laat kies het, het BONIFACE hopeloos ongeskik gemaak vir redakteur. In sy eerste inleidingsartikel in *De Zuid-Afrikaan* slaat hy al daarop los oor al die „humbugs" aan die Kaap: „Gij hebt sedert het jaar 1806 tijd genoeg gehad om u met dit woord en deszelfs betekenis gemeenzaam te maken. Derhalven aanstaande week zullen wij beginnen met ‚Free Press Humbug', ‚Independent Newspaper humbug', ‚Missionary humbug', en vooral (want dit is de ‚paramount' of ‚non plus ultra' van alle ‚humbugs') de ‚Philippisch humbug'." <sup>3)</sup>

Na ses maande is daar hooglopende rusie, die pers is in 'n hofspraak betrokke en hy moes as gevolg van sy kontensieuse artikels die redaksiestoel van *De Zuid-Afrikaan* verlaat.

Nou volg 'n tydperk van toneelbedrywigheid en dramatiese skeppingswerk. Die inspirasie het hy gevind in die oordrewe matigheidsbeweging aan die Kaap wat hy hekel in 'n leesdrama *De Nieuwe Ridderorde of de Temperantisten* (1832)<sup>4)</sup>

<sup>1)</sup> *Relation* p. 112—114.

<sup>2)</sup> *Relation* p. 123. Sien verderop oor SWAVING.

<sup>3)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 9 April 1830.

<sup>4)</sup> Kaapstad, 1832. Uitvoeringe bespreking in BOSMAN: Drama en Toneel.

Op die buiteblad van hierdie „kluchtig blijspel in vier bedrijven” het hy ’n esel op ’n verhoog geteken, wat die woord „Temperantia” dekreteer en onderaan kom die woorde: „and never get drunk”. Agter die esel hang ’n stralende son en daarom heen ’n krans waarvan een helfte uit ’n skotse distel en die ander uit ’n bloeiende wingerdloot bestaan, saamgebind met ’n lint, waarop die woorde „We abstain from Brandy” pryk. Die simboliek is duidelik: die sotterny om in Suid-Afrika ’n Matigheidsbond op te rig. Die hoofpersone in die stuk is dan ook van die „humbug”-soort en dit is die „non plus ultra van alle humbugs’ de Philippish humbug”, wat hier die onmeedoënste gehekel word. Op 28 Januarie 1832 is daar tot die stigting van ’n *Cape of Good Hope Temperance Society* oorgegaan op ’n vergadering waar dit taamlik rumoerig toegegaan het. Dr. PHILIP het met groot welsprekendheid die verderflike gevolge van dronkenskap in die swartste kleure geskilder en Amerika as die model-„droog”-land voorgelou; die hoofmedikus van die Somerset-hospitaal het ’n lys van gevalle van „Delirium Tremens” opgelees ter afskrikking van die drankewel, maar dit het verskeie sprekers tog opgeval dat die beweging uit Amerika oorgewaaie het en hier heeltemal onnodig was. Een van die teenstanders van afskaffing het ’n storm van verontwaardiging van die voorstanders uitgelok, toe hy gewaarsku het dat Venus die plek van Bacchus sal inneem as die drank verbied word, waarby ’n twintigtal sedige dames die vergadering verlaat het!

In *De nuwe Ridderorde of de Temperantisten* gee BONIFACE sy lesing van wat daardie aand plaasgevind het, wat hy eers in die voorberig verduidelik. Daarin verklaar hy die woord „*Temperance of matigheid*” as van die „*Humbug* geslacht”, toon aan die Engelse voorliefde vir „societies”, die onmatigheid van hul „Reverends” wat „ratelende verbiage, ongerijmdheden, laffe stories en onwaarheden” verkondig. Hy vind dit niks as aanmatiging van hulle om matigheid te verkondig waar dit een van die hoofdeugde is van „een gruwelijk gehoond en gelasterd volk, die *Zuid-Afrikaanse kolonisten*” aan wie BONIFACE sy stuk opdra.

Die nuwe ridderorde van sogenaamde Temperantiste of

afskaffers is gestig en daar word „ridders” geslaan, wat BONIFACE egter een na ’n ander, van die vernaamste tot die geringste, van die kommandeur Dominé Humbug Philipumpkin tot die Hottentot Kalfachter, op klugtige wyse vir die bekoring van Bacchus laat swig. Die interessantste stukke is sinspelings op die Philipynse teorie van die onfeilbaarheid van die Hottentot-karakter en die mees klugtige situasies is die waarin die kleurlinge al slingerende optree en hul matigheidsbeloftes in Afrikaans aflê. Dit is ’n klugtige blyspel van situasie met ’n sterk tendens, ’n satiriese, realistiese spel in die trant van die agtiende eeuers. Veel karaktertekening is daar nie; die naam dui reeds aan watter karaktereienskap die persoon besit. So is daar b.v. ’n Dominé Humbug, ’n Rector Muilpeeren, Moffie van Pochmann Druiloor, Issegrim, Spotvogel, Hans Droogeheel, Piet Dronkelap ens. Agt stuks anti-temperantiste word teenoor die hele bende temperantiste en leerling-temperantiste gestel en dit word ’n droewige, roemlose slag vir laasgenoemde „ridders”.

In die eerste bedryf sin die Anti-temperantiste, veral Quizz, op wraak, oor die belediging wat hul op die openbare stigtingsvergadering, veral van die vuiste van Muilpeeren, ontvang het. ’n Paar Hottentotte, Kalfachter en Griet Drilbouten van Bedelsdorp, kom vra besonderhede oor die „Onion” van die „Malligheids-Gewerskaf” en word deur Galgevogel, onlangs tot die orde ingelyf, daarheen begelei. Dan kom Riddersporen ’n brief van sy vriend Muilpeeren bring, maar Quizz vaar uit teen hul „Jesuitisch leugen en lasterachtig *Commercial Advertiser*, Uw gansch Genootschap bestaat alleenlyk uit dweepers, dromers en dwaazen”, wil geen brief aanneem nie en loop woedend weg. Met die situasie het ons nou reeds kennis gemaak; BONIFACE het ’n geleentheid gehad om geestig te sinspeel op die dwaashede van die filantropie en die laster van hul orgaan. Die spanning is opgewek deur die brief. Die word deur Riddersporen en Muilpeeren op die grond gegooi in die hoop dat dit sal opgetel en aan die geadresseerde besorg word. Issegrim, ’n anti-Temperantis, lug sy verontwaardiging oor die „waanwijken” en „eerbegerigen”, wat besig is „s lands welvaart te vernielen” in twisgesprek met Riddersporen en Muilpeeren, in alleenspraak

en in konwersasie met Bob Goging-Gone, 'n brandwynstoker. Issegrim sien die brief, wil dit aan die adres van Quizz besorg, maar gee dit aan Goging-Gone wat op die punt staan om Quizz te raadpleeg oor die beste manier om die Temperantiste aan te val. Goging-gone ontmoet 'n leerling-Temperantis, die Ier Andrew Everdry, wat eers astant is maar, in die hoop op brandewyn as beloning, die brief sal wegbring, wat hy onderweg oopmaak. En dan kom die verrassing — Muilpeeren vra daarin ekskuus en nooi Quizz op 'n maaltyd.

In die tweede bedryf woon ons 'n geslote vergadering van die Temperantiste by en sien dat hul hoofeienskappe juis hul onmatigheid en huigelary is. Delirium Tremens het twee dosyn bierglase gekoop op voorwendsel dat hy Punch wou skink; Galgevogel het Kalfachter na die „Union Tavern” in plaas van na die „Temperance Union” verlei; Muilpeeren het pruime in brandewyn gelê, omdat dit wel verbode was om brandewyn te drink maar nie te eet nie; Humbug is dankbaar dat die oortreders nie Hottetotte maar van die „Europische ras” is! Onder die beraadslagings watter straf die oortreders sal opgelê word, word volop suiwer water, dit wil sê jener, ingeskink. Die kwinkslae op en ironie van 'n lewenswandel, wat in skerp teenstelling staan met wat aan ander verkondig word, is kostelik hier.

In die derde bedryf kom die Anti-Temperantiste aan die beurt. O'Candid het die vrugbare brein, Spotvogel verskaf die geestigheid en die Hottetotte die plat komiese. O'Candid beraam 'n plan om die Temperantiste te verneder. Hul sal 'n gesamentlike maaltyd hou, diep in die glase kyk en na afloop na die vergadering gaan waar Kalfachter tot ridder moet geslaan word. In die vergadering sal hul die Temperantiste van onmatigheid aankla, 'n soort regsgeding hou en hul ontmasker. Hoe gedug nodig dit is, blyk uit die gedrag van die onlangs ingelyfde Hottetotte, Waterschuw en Galgevogel, wat albei hoogdrunk is en 'n bloedige vegparty aanknoop, waarin ook hul vriende, Droogekeel en Dronkelap, betrokke word. Waterschuw en Tommy Sipdrums, 'n Engelse leerling-temperantis, loop gearmd singend „Give me Woman, War and Wine” na die Bondsvergadering toe! Alleen 'n gebore

satirikus kan so 'n situasie bedink en sy grynslag met soveel duiwelse plesier daaroor laat speel.

Die vierde en laaste bedryf, die groot finaal, is 'n parodie van begin tot end. Eers op die inlywing van die Bedeldorpse ridder KALFACHTER, wat van die hele seremonieel niks begryp nie, behalwe dat hy sy sopies kwyt is en uitgelag word deur sy vrou GRIET DRILBOUTEN, wat met 'n kraffie jenerewer onder die tafel weggekruipt het. As hy eindelik merk dat die ander ridders geen water maar jenerewer drink, vertrek hy met GRIETJE om insgelyks te doen. Dan word die gesamentlike vergadering gehou, 'n geharrewar tussen aanklaers en stomdronke verdedigers vind plaas en in die grootste wanorde verloop die hele byeenkoms. As epiloogdeel een van die Anti-Temperantiste mee, dat HUMBURG, die groot kommandeur, aan jenerewerberoerte dood is, waarvan die „Temperance" die skuld dra. Sy gebalsemde lyk sal as „'n keepsake" aan die Staatsmuseum gegee word!

Dit is nie makkelik om altyd die draad vas te hou nie in hierdie boek van by die twee honderd bladsye; daar is eindeloos veel gepraat en heen en weer geskuif van opkomende en weggaande karakters maar tog is daar ook lewendige dialoog, karaktertipes, veral van Hottentotte, ons oorbekend, en geestige steke, soms fyner, soms growwer, wat verbasend amusant is vir wie op die hoogte van die situasie is. Hierdieburlesk moes 'n bron van die grootste vermaak gewees het vir die enersdenkende tydgenote, die inheemse Hollandse groep, wat buikvol was vir die sentimentele geteoretiseer van die vreemdelinge.

BONIFACE het groot sukses gehad waar hy maatskaplike toestande gehekel het, maar in 1834 daal hy weer af tot 'n fel persoonlike aanval op DE LIMA in *De Gekwetste Reputatie of Het Komediellootje*, ook bekend as *Clasius of Het Proces omeen komediellootje*.<sup>1)</sup> Die „kluchtig en geschiedkundig" treurspel het betrekking op die enigins twyfelagtige private lewe van DE LIMA, wat sy vrou verlaat het en by mej. MAGDALENA

---

<sup>1)</sup> Opgevoer maar nie uitgegee nie. Vgl. BOSMAN: *Drama* p. 322 en vlgg. Handskrifte in Kaapstad, *Eerw. A. Dreyer en Openbare Biblio-teek*.

Theron gaan inwoon het, 'n saamwoner wat tot baie lasterpraat aanleiding gee. Die hoofpersone, CLASIUS en LEONORA, word dan ook in geen opsig gespaar nie. Eersgenoemde word beskryf as „*Stupidibus Bavianus*, een hoog befaamd Juris Doctor, Dichter, Drukker, Boekhandelaar, Taalmenger, Toneelmeester, Almanakmaker, Kunstplatenverkoper, Tolk, Nieuwsfabrikant, Boodschaploper, Brievensbesteller, Logogriphi-Charade-, Graftschriften- en Nieuwjaarswensschryver” waarin ons op vyandige wyse 'n opsomming kry van sowat al die baantjies wat DE LIMA beklee het. LEONORA ly aan 'n „ongebondenheid als de hoenders”; behalwe CLASIUS het sy nog Poffer Blaasbalg en James Lawshark as huisvriende. In die eerste bedryf hoor ons hoe CLASIUS herhaaldelik 'n lootjie vir die komedie geweier word en Lawshark eindelijk 'n eis vir skadevergoeding vir die beledigde CLASIUS opstel, omdat hy die weiering as 'n klad op sy goeie naam beskou. Blaasbalg lees die eis voor met allerlei opsetlike verdraaiings of verkeerde voorstellings, wat die humor moes verskaf. Sommige is ru en laag by die grond, ander soos „P. S. dichter” as „poes-pas dichter”, „Gezworene Tolk”, as „Gezwollene Knol” werklik geestig. Lawshark lees self die lys van getuies aan die kant van CLASIUS en daarin, onder halfverbloemde name, kry ons 'n storm van haatlikhede op wat as die vriendekring van DE LIMA voorgestel word. Dit is die ou metode van die klassisistiese blyspeldigters, wat ook al by PLAUTUS en TERENCE in gebruik was. Ook die oorvege en stampe wat die ongetemde feeks aan haar huisvriende uitdeel, is in hul trant.

In die tweede en laaste bedryf word die hele lewe van CLASIUS, in die vorm van 'n monoloog, deur LEONORA beskryf. Dat hy „scribbelaar”, rymelaar, „kombuis nuus”-koerantskrywer is, 'n „Kakelbonte Bibliotheek” besit, skyn sy grootste sonde te wees, waarin ons die beskuldigings van die skrywer van *De Twee Slakken* herken. Die beste skimp van BONIFACE in die hele stuk, is die vergissing van die skout MOORMAN, wat die geld kom invorder, na CLASIUS die saak om skadevergoeding in verband met die lootjie verloor het. CLASIUS besit geen rooie duit nie, is doodsbang vir LEONORA en wil MOORMAN „de Kaapstad” gee as hy maar weggaan.

MOORMAN: Waarom, schenk gij mij niet liever de maan?  
 CLASIUS: *enigszins geraakt*: Mijnheer, het is een gedicht.<sup>1)</sup>

Die blyspel eindig met 'n bakleiry tussen LEONORA en CLASIUS waarin laasgenoemde jammerlik toetaketel word voor Blaasbalg, sy konkurrent-huisvriend, die geld, wat MOORMAN moes hê vir die verlore regseding, voorskiet.

Die potsierlike situasies, die interruptionsies, die dubbel-sinnighede, die slaafse onderdanigheid van die man aan 'n feeks van 'n vrou, die liedjies, wat in nou verband met die voorafgegane inhoud staan, die gebruik van dialek (Afrikaanse uitdrukkinge) in die mond van die mindere persone van die stad, herinner soms sterk aan MOLIÈRE, hoewel BONIFACE natuurlik in die verste verte nie die peil van geestigheid van die grootmeester bereik het nie. Daarvoor was hy te fel persoonlik en sy toon te plat.

Ten koste van 'n arme sukkelaar het 'n nog groter sukkelaar Kaapstad kostelik geamuseer met verskeie opvoerings van die stuk. Ander tye, ander opvattinge van vermaak. Die rol van LEONORA is gespeel deur J. J. DE KOCK,<sup>2)</sup> sekretaris van die geselskap van BONIFACE. In 1825 het hy al meegespeel in die klugspel van BONIFACE *De Burger Edelman*<sup>3)</sup>, 'n vertaling van MOLIÈRE *Le Bourgeois Gentilhomme* en hy het sekretaris geword van die geselskap *Vlyt en Kunst*, wat *Clasius* opgevoer het. In 1836 raak hy slaags met die ou vyand van sy leier, DE LIMA, en kom die slegste van die hofsak af, wat hom egter nie verhinder het om later weer sy ontevredenheid met die opvattinge van andersdenkendes in spotlied te lug nie. *Vlyt en Kunst* staan hom getrou by en daar word 'n stuk opgevoer, met die bekende liedjie uit CLASIUS, „Nognetzoo” as nastuk, „ten einde den Heer J. J. DE KOCK Cs. schadeloos te stellen van alle de kosten van zijn Ed. Proces”.

In 1837 neem hy deel aan 'n deurtrekkende Franse be-

<sup>1)</sup> Sien bespreking van „De Kaapstad”, p. 230.

<sup>2)</sup> Sien verderop. Vir besonderhede oor sy toneelbedrywigheid vgl. BOSMAN: *Drama en Toneel*.

<sup>3)</sup> Handskrif in Jardine-versameling, Kaapstad.



roepstoneel en die volgende jaar voer 'n groep amateurs *Montonie* van Duval in Hollandse vertaling onder sy direksie op. Maar die Kaapse dramaturg BONIFACE was nou eenkeer 'n moeilike man om mee saam te werk en teen 1843 het kok en kok se maat stry gekry, want dan skryf BONIFACE 'n Engelse klugspel *Kockincoz or the Peltifogging Lawyers' Plot*, Pro Causo de Libello. Translated from the Burlosutacrifan-patoïstisch-Language. By the Auther of CLASIUS.<sup>1)</sup> Dit is 'n bespotting van „De Kock en Co.” wat 'n „Burlo-south-African-patoïslanguage”, dit wil sê Afrikaans, praat, en die Engelse woorde sleg uitspreek. Die talekenner BONIFACE is Engels nou volkome magtig, hy skryf sy toneelstuk nie meer in Frans of Hollands nie maar in die taal van die groep, wat die septer swaai, en hekel nou sy vroeër vriende met dieselfde felheid waarmee hy sy ou vyande geysel het.

Op so'n man kon die Hollands-Afrikaanse gemeenskap verder geen peil trek nie; daarby het hy gedurig las van sy krediteure gehad, wat hy in 1843 ontvlug, toe hy met CORNELIS MOLL, 'n gebore Afrikaner, kragtige verdediger van die belange van die Hollandse Afrikaners in die Kaapkolonie en van die versmade Voortrekkers, beroepsdrukker, uitgewer van *The Moderator*, later *De Meditator*, na Natal verhuis.

BONIFACE was enige tyd redakteur van die tweetalige weekblad van MOLL, *De Meditator*, wat sowat twee jaar bestaan het, van 1837 tot 1838. Die blad het 'n simpatieke houding teenoor die trekkers ingeneem en hul in die inleidingsartikels<sup>2)</sup> sowel as in die rubriek „Origineele Poezij” verdedig en besing. Meestal is die toon beslis maar waardig, maar 'n enkele keer gaan 'n bydraer hom te buite in 'n *Ode aan . . .*<sup>3)</sup> waarin die skrywer van die *Temperantisten* herkenbaar is aan die „vriendelikhede” wat Dr. PHILIP toegevoeg word, die

<sup>1)</sup> By J. C. ECKLEY, Cape Town 1843. (Eksemplaar Openb. Bibl. Kaapstad.)

<sup>2)</sup> Vgl. *Waarheid en onpartijdigheid of de Meditator in het klein*: eene komplette verzameling der inleidingsartikels van het nieuwsblad de *Meditator*, 1837.

<sup>3)</sup> *De Meditator*, 13 Feb. 1838.

„Akelig monster! vloek der aarde  
Aanvoerder eener dievenbende!  
Dat ons doet vluchten 't vaderland!”

In *Het Paradeplein op Zondag*,<sup>1)</sup> 'n lang verhalende vers, word die Metodiste nogmaals gehekel, omdat hul die preekdag „aan schreeuwende schijnheiligheid” wy. In *De Eerste Desember*<sup>2)</sup> word die verjaarsdag van die „roemvolle emansipasie” van die slawe, deur hul bewerkstellig, aan die kaak gestel in 'n kwasi-herdenkingslied. Maar dan klink daar weeklaend, 'n smartvolle treursang op oor *Het Lot van Zuid-Afrika*,<sup>3)</sup> 'n lied wat gelief was onder die voortrekkers, veel deur hul gesing en soos alle ware volkspoësie deur mondelinge oorlewering soveel variante gekry het, dat sommige koeplette geen sin meer uitmaak nie. Die oorspronklike lied in *De Meditator*, die ontboeseming van 'n onbekende sanger, lui as volg:

O Afrika! gij magt wel weenen!  
Want uw' heilzon is verdwenen;  
Ziet! — een duistre nacht verschoont,  
En uw' vrede en rust verdwijnt.

Ach! wat bange en droeve zorgen,  
Ziet gij niet voor u verborgen,  
Als de bittere dag verval',  
Dat de slaaf vrij wezen zal!?!

O Afrika! gij magt wel weenen,  
Want, ach, de tijd is thans verschenen,  
Dat gij *onderdrukking* lijdt,  
Van den *Brit* die u kastijdt!

Wat waart ge o Afrika voor dezen?  
„De plaats waar ieder zonder vrezen,  
Kennende geen druk noch leed,  
Zijn dagen wel tevreden sleet.”

<sup>1)</sup> *De Meditator*, 6 Feb. 1838.

<sup>2)</sup> *De Meditator*, 5 Des. 1837.

<sup>3)</sup> *De Meditator*, 2 Jan. 1838. Sien p. 218 noot 1.

Ja, dit was nu daagsche orden,  
 En O! wat staat gij nu te worden?  
 „Een speeltooneel van ramp en druk,  
 Een plaats van smart en ongeluk!”

Dit hebt gij aan den Brit te danken,  
 O Afrika die uwe „Blanken”  
 Steeds om den zwarten wil verdrukt,  
 Aan hen, hun eigendom ontruk!

O Afrika! gij moogt wel zuchten!  
 Ziet uwe zoonen u ontvlugten,  
 Vlieden uit uwe maatschappij,  
 Naar eene barre woestenij.

Daar, daar trekt de *Veeboer* henen!  
 Met veel klagen, zuchten, weenen,  
 Omdat hij de verdrukking van  
 Den Brit niet meer verduren kan.

De *Landman* vast beroofd van handen,  
 Die zaait geen groen meer op zijn landen,  
 Dan slechts hetgeen hij noodig heeft,  
 En dat hem kleed en voedsel geeft.

Wat, wat staat ons nu te wachten?  
 Wie, wie zal ons leed verzachten?  
 Wie ons redden uit den nood?  
 Wie, wie geeft ons vleesch en brood?

Helaas welk lot is ons beschooren,  
 Men wil ons schier het hart doorboren!  
 Men stelt ons leven in gevaar,  
 En maak onz' arbeid bitter zwaar.

Men heeft ons *goed* aan ons ontnomen,  
 Ons in gebrek en nood doen komen,  
 Ons nog met ramp en druk belaan,  
 En dit, — dit heeft de *Brit* gedaan!!!

Behalve *De Meditator* het daar by MOLL in dieselfde twee jaar 1837 en 1838 'n kwartaalblad verskyn, *Lees-Vruchten*. Aangename en Nuttige Tydkortingen, voor den beschaafden stand. Door het Lees-geselschap „Scientia et Amicitia”. Die

doel was om leeslus, nie vir politieke betoë en leerredes nie, maar vir die nuwere letterkunde en geskiedenis, in die stad en op die platteland op te wek. Die eerste deel bevat dan ook o.a. verse van BILDERDIJK en 'n studie oor daardie pas oorlede kolossus op die gebied van die lettere, 'n stuk van VAN DER PALM oor *Salomo*, so reg uit die hart van die meester in die welsprekendheid, en 'n uittreksel van die reisbeskrywing van FRANÇOIS VALENTYN. Maar die tweede deel, waarin die bekende briewe van die voortrekker J. BOSHOFF, oorspronklik aan die *Graham's Stad Journaal* gerig, herdruk word, is ook die laaste deel. 'n Tipies Hollandse vereniging met die uitgesproke doel om Hollandse lektuur te bevorder, kon dit in Kaapstad nie meer bolwerk nie. In 'n dramatiese samespraak vol toespelings op Kaapse toestande, getitel *De Fruitwinkel van De drie Cate gesloten. Gesprek tusschen den Fruit-verkoper en een negociant*, hoor ons die rede vir die ondergang van *Lees-Vruchten*: „ik heb den smaak van de menschen niet getroffen, en die Hollandsche vruchten vallen hun wat koud op de maag”. Die kompetisie van die kleinhandelaars het die vrugte-verkoper vermoor, want „zij leveren wel meestal Kaapsche vruchten, maar ze weten die zoo knaphandig voor een *dejeuner* of *desert* op te maken, de een met een Franschen zwier, een tweede à la John Bull, een derde op zijn Zuid-Afrikaansch, een vierde op zijn waar-Afrikaansch, een vijfde op zijn Babylonisch; ik weet niet wat er al voor namen aan gegeven worden”.

Dit is galgehumor. MOLL wou weg uit die onsimpatieke omgewing; hy wou 'n Hollandse nuusblad aan die Trekkers gee.

In November 1843 stel BONIFACE die prospectus van 'n weekblad op, *De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aantekenaar*, en hul verkry van die Natalse Volksraad die reg om die weekblad op te rig.<sup>1)</sup> Die eerste nummer het op 5 April 1844 verskyn en was uitsluitlik in Hollands opgestel hoewel Natal reeds die vorige jaar geannekseer is. Die latynse spreuk, die bitsigheid van die artikels, kenmerk die redakteur BONIFACE.

---

<sup>1)</sup> Oor BONIFACE en MOLL in Natal vgl. G. PRELLER: *Voortrekkers-wetgewing, Notule van die Natalse Volksraad 1839—1845*, pp. 255, 260, 263, 264, 268, 272, 273, 275, 277. G. S. NIENABER: *Honderd Jaar Hollands in Natal*.

Hy roskam die boere oor hul „kniebuigingen” aan Majoor SMITH en hul lafhartigheid om uit die Kolonie weg te getrek het! Toe MOLL die artikels wat wou versag deur weglatings of invoegings, ontbrand daar ’n hewige twis met die gewone nasleep van ’n hofspraak en die loopbaan van die eerste Natalse redakteur eindig ook daar soos dit in Kaapstad met *De Zuid-Afrikaan* en *De Meditator* geëindig het.

In die tweetalige blad *De Natalsche Getuige*, in 1846 opgerig, het BONIFACE as „A Looker On” wraak geneem op sy vroeër kollega, met dodelike gevolg, want *De Natalier* moes gestaak word en toe die koerant weer herrys, was dit ’n tweetalige blad *De Patriot — The Patriot*, nie meer die eentalige stoere kampvegter en voorligter nie. BONIFACE was geen „geestelike voortrekker” nie, syne was ’n sataniese gees wat sowel direk aangeval het as in die rug gesteek het. Hy gebruik nog ’n ander middel om MOLL en sy opvolger in die redakteursstoel, ARTHUR WALKER, te vernietig, nl. deur *The Natal Bluetts*, (1846), musikale klugspele, hekelskrifte van die bitterste soort te skrywe. <sup>1)</sup> Die eerste nommer van die *Bluettes Franco-Nataliennes, ou Recueil de Contes, Fables, Chansons, etc., en vers et en prose par C. E. Boniface*, teen WALKER gerig, was in September 1846 in handgeletterde boekvorm klaar vir die half-dosyn gereëde intekenaars. Die tweede, *Le Latanier* is teen die *Natalier* gerig waarvan hy die dood besing in die derde: *La Mort du Latanier et la métamorphose de ses Feuilles en Papillotes, Vaudeville à Grand Spectacle (prose, vers et musique* (1846). Laasgenoemde bestaan uit veertien liedere, vol skimp-skeute en haatlikhede, wat op populêre wysies kon gesing word. Daar was nog ’n vierde, ’n vyfde, ’n sesde van hierdie „vonke” en die laaste giftige vuurpyl is in 1849 afgevuur op ARTHUR WALKER: *Mijn Ouwe Snoek in de Pekel, of, hoe smaakt je dat, Artje?* <sup>2)</sup>

Daar het ook twee Hollandse nommers van hierdie hekel-

<sup>1)</sup> Van die derde nommer *La Mort du Latanier* is daar ’n eksemplaar in die Openbare Bib. Kaapstad.

<sup>2)</sup> NIENABER: *C. E. Boniface in Ons Vaderland*, Junie en Julie 1929 gee alle besonderhede in verband met die *Bluetts*. My dank hiermee vir die toegesonde uitknipsels.

skrifte verskyn nl. *De Natalse Diogenes of De Nachtwandelaar* en 'n Engelse, die giftigste van almal, *The Paddiscordian, or, a first Rate Irish Lyre*.

Iemand wat so teen ander kon te keer gaan, moes self diep rampsalig gewees het. Hy het dan ook van die een beroep na 'n ander geslinger, dan was hy „agent”, dan leermeester in tale, skermkuns, die ghitaar, dan vertaler en uiteindelik advokaat. Daarby het sy twyfelagtige verhouding met die Mosambiekse slavin CONSTANTIA DOROTHEA LE MORDANT, wat hom met haar kinders na Natal gevolg het, BONIFACE 'n uitstoteling gemaak in die stadjie Pieter Maritzburg waar hy eenmaal kort na sy aankoms so kragtig opgetree het en self 'n voorstel in die Volksraad deurgekry het, dat die dwarsstrate na die Voortrekkerleiers moes genoem word „omdat deze stad door de Zuid-Afrikanen is aangelegd”.<sup>1)</sup>

Toe daar geen plek meer vir hom onder die Afrikaners was nie as gevolg van sy eie ongebalanseerde natuur, probeer hy by die Engelse met 'n grammatika-boekie *Dutch made easy to an Englishman, methodically given in the form of familiar and amusing Dialogues* (1852)<sup>2)</sup> in die guns te kom. Dit sou maandeliks verskyn maar slegs die eerste nommer het die lig gesien. Die „professor of languages” soos hy hom op die titelblad noem, het met geweld die pen neergegooi en op sestigjarige leeftyd, in die selfde jaar 1852, eers vergeefs aansoek gedoen om in 'n kranksinnige gestig opgeneem te word en toe deur laudanum 'n end aan 'n lewe, vol moeite en verdriet vir homself en ander, gemaak.

## 6. LAASTE WERKE VAN DE DIGTER DE LIMA.

Vir DE LIMA moes dit 'n groot verligting gewees het toe BONIFACE in 1843 vergoed van die Kaapse toneel verdwyn het. Sy onrustige natuur in teenstelling met die van die skrywer van die *Bluetts* het met die jare kalmer geword. Hy het nog weerwraak geneem op die outeur van *Clasius* met

---

<sup>1)</sup> PRELLER: *Notule van die Natalse Volksraad*, p. 264.

<sup>2)</sup> 'n Eksemplaar in die Staatsargief Pietermaritzburg.

'n stuk van hom in 1835, *Aballino Junior* te laat opvoer deur sy kindergeselskap,<sup>1)</sup> — DE LIMA was telkens met een of ander kindergeselskap geassosieer, — daar is nog die geveg gewees met J. J. DE KOCK wat tot 1837 duur en uitgeveg word in die *Commercial Advertiser*, 'n skermutseling met Dr. CHANGUION in 1844 oor *De Taal der Kapenaren tegen de schandelijke aanranding derzelve van Prof. Changuion*,<sup>2)</sup> maar dan word dit stiller binne in en kan hy hom rustiger aan sy boekwinkel wy. Hy het hom besig gehou met die samestelling van almanakke, — in 1831 het hy 'n *Almanak voor het Schrikkeljaar 1832* opgestel, met vertaalwerk — in 1837 het hy 'n Franse toneelstuk *De zwervende Jood* vertaal; hy het 'n opsomming gegee van al die ongeregtighede wat om hom in die stad gebeur in *Huisbraken en diefstallen in die Kaapstad* in 1835<sup>3)</sup> en sy joernalistiek, in *De Verzamelaar* weer van 1839 tot 1848 en later jare in *Het Volksblad*, voortgesit. Met sy boekhandel het dit so goed gegaan dat hy weer 'n pers moes bemagtig het, maar taamlik onpatrioties het hy die aan die Regering verkoop tydens die anti-bandiete agitatie.<sup>4)</sup> Bo alles het hy die verskuns gestel en beoefen en die geleentheidsdichter by uitnemendheid van die Kaap geword.

In 1840 het DE LIMA 'n bundel *Nieuwe Gedichten* uitgegee<sup>5)</sup> bestaande uit verskillende afdelings „Bijbelstoffe”, Godsdiensstige mengeldigte en Vaderlandse sange. Verskeie van die verse soos *De Goede Oude Tijden* en *Welkomst-groet* aan zijne koninklijke hoogheid WILLEM FREDERIK HENDRIK<sup>6)</sup> is vroeër in koerante geplaas; ander soos *Ter Herinnering aan de Godsdienstige plegtigheid*, bij het leggen van den Hoeksteen der Nieuwe Nederduitsche Hervormde Kerk, in de

1) Vgl. BOSMA: *Drama en Toneel*, p. 264, 272.

2) Sien vederop.

3) MENDELSSOHN: *Bibliography*, Dl. I p. 443.

4) BOSMAN en DREYER: *Holl. Joernalistiek*, p. 3.

5) Kaapstad, ter drukkerij van den dichter, 1840. Eksemplaar Univ.-Bibl. Amsterdam.

6) Ook as pamflet uitgegee, Kaapstad 1838. Eksemplaar in die Grey-versameling, Kaapstad waar ook die benede genoemde pamflette hul bevind.

Kaapstad, op den 18 April 1833" <sup>1)</sup> en *De Uitgewekenen van Port Natal*, zijnde eene parodie der alleenspraak van GIJSBRECHT VAN AMSTEL, bij d'Ondergangk zijner stad en zijn ballingschap, door JOOST VAN VONDEL", is oorspronkelijk in pamflet-vorm gedruk. Waarom hy laasgenoemde 'n „parodie" noem is nie duidelik nie, want dit is hoegenaamd nie die toon van wie òf VONDEL òf die Trekkers wil bespottelik maak nie, wat hier opklink. Dit open met 'n sug:

„Gij hebt, ò Kaapsche Boer! u dus ten lange leste,  
Onttrokken aan uw land en oude Riebeeks veste.

Hy begryp die vryheidssin van die boer, die ingebore Hollandse aard wat hy nie kan verloor nie:

„het Hollandsch kroost duldt niet dat men het regt *verschopp'*.

DE LIMA hoort duidelik tot die skool van BILDERDIJK en TOLLENS in verse soos *Aan Het Nederland, De Hollandsche Taal en Bij Begelegenheid dat op De Kaapsche Reede, zeven Hollandsche schepen lagen*, <sup>2)</sup> waarin die chauvinistiese, brallende sekerheid oor die Hollandse prestige des te hinderliker opval, as ons die Afrikaanse werklikheid onder oë neem. In die jare dat die Hollandse taal met rasse skrede agteruitgedring word, sing hy, „verre af van Hollands boorden", met 'n skrikbarende selfvoldaanheid:

„Zoo lang de Bat slechts adem haalt;  
Zal Neerlands taal niet zwichten."

Maar dit was die taal van sy tyd en ons moet die geleentheidsdigter uit kultuur-historiese oogpunt benader. Hy het self besef dat „elke leeuw kan slapend raken" <sup>3)</sup> en hom en sy lesers gevlei met die gedagte dat dit slegs is om met dubbele kragte wakker te word. Lewendig het hy meegeleef met die Belgiese opstand en in *Uitboezeming* <sup>4)</sup> met dwase vreugde

<sup>1)</sup> Herdruk der Prof. PLESSIS in *Die Soeklig*, 15 April 1833.

<sup>2)</sup> *Nieuwe Gedichten* pp. 79, 60—63, 73.

<sup>3)</sup> *Nieuwe Gedichten* p. 83, „Ter herinnering aan den slag van Waterloo.

<sup>4)</sup> *Nieuwe Gedichten* p. 75.



'n „zege-krans en een -laurier” vir die mees roemlose gebeurtenis in die Nederlandse geskiedenis van die 19de eeu, die skeiding tussen Noord en Suid, gevleg. Die Dietse leeu was dieper ingedut as ooit te vore, maar 'n geleentheidsversmaker, wat nie vleierend is nie, deug nie, en DE LIMA het die gebeurtenisse waar hy binne in gestaan het met ander oë bekyk as „Hollands kroost” van 'n eeu later het, in wie se naam hy voorbarig genoeg was om 'n danklied te dig by die skeiding van Noord- en Suid.

Hierdie werk, hoe vol oorskatting ook al, was tog 'n steun in die moeilike stryd van handhawing van Hollands as kultuurtaal in Suid-Afrika. Geen sterfgeval, verjaarsdag, afskeid of bruilof in die vernaamste maatskaplike kringe, het hy onbesing gelaat nie en dit steeds in Hollands bly doen, suiwer en betekenisvas in die gebruik daarvan, toe die mode al lang die Engelse taal voorgeskryf het. Hy is die kunsliefhebber van Kaapstad. So het ons in 1822 'n lykdig: *Bij het afsterven van Den Heer Anton Anreith* „in wiens geest een schat van kunsten school”<sup>1)</sup> waarin die gemis van die groot Kaapse beeldhouer en kunsskilder betreur word, en 'n vers *Bij de Opening der Gouvernements Bibliotheek*<sup>2)</sup> in dieselfde jaar, waarin die gemis enigsins vergoed word deur die oprigting van „de plaats Minerv' gewijd”. In die langste gedig in die bundel, *Mijn Gezelschap*<sup>3)</sup> spreek die man van groot geleerdheid, wat sy geselskap vind in honderde boeke van tientalle skrywers uit die Nederlandse, Franse, Engelse, Spaanse, klassieke taal- en literatuur. Veel gebruik sou hy gemaak het van die nuwe biblioteekgebou, te meer daar, volgens BONIFACE, sy eie „kakelbont” was en heelwat te wense oorgelaat het.

In 1846 het hy nog 'n lied *Ter Verjaring... van P. B. Borchers* gedig, in 1861 'n *Vaarwel aan Sir A. Stockenstrom* en in 1856 'n *Heilgroet bij de Gouden Bruiloft van P. B. Bor-*

<sup>1)</sup> *Nieuwe Gedichten* p. 118.

<sup>2)</sup> *Nieuwe Gedichten* p. 129.

<sup>3)</sup> *Nieuwe Gedichten* p. 89—114.

cherds. <sup>1)</sup> In dieselfde jaar (1856) is ook *De Kalifa*, Verzameling van Memories, Verklaringen en andere Papieren, in verband met het onderzoek omtrent het vieren der Kalifa" deur hom na die Engels bewerk. <sup>2)</sup>

Die Kaapse Maleiers was onseker en ongerus of hul die „Kalifa" as 'n godsdienstige seremonie of as 'n gewone feestelikheid moes beskou. DE LIMA was van mening dat daar geen godsdienstige betekenis moes aangeheg word nie. Vir die godsdiens het hy altyd eerbied gehad soos blyk uit sy talryke godsdienstige sange en beryminge van Bybeltekse uit Genesis en die Psalme in *Nieuwe Gedichten*; deur sy raaiselagtige leefwyse het hy dikwels afgesak na die kwartiere van die Maleiers en ons kan dus aanneem dat hy hier weer as man van verbasende kennis en geleerdheid praat.

In 1854 het hy die *Census of the municipalities of Cape Town* opgestel en in 1857 die *Titles and index to ordinances* (1825—'56), sy laaste werk. Die ramp van die dood van 'n aangename seun deur 'n ongeluk in 1857, het hy nie lank oorleef nie en is 'n jaar daarna oorlede. DE LIMA is begrawe uit die Kaapse kerk deur dr. SERVAAS HOFMEYR en sy lyk is in die grafkelder van sy goeie vriende die THERONS bygelê.

SUASSO DE LIMA is 'n wonderlike maar ook 'n bewonderingswaardige persoonlikheid gewees. Die Kaapse jeug het hom nageroep „ou de Lima een voet skoen"; die oorlewering vertel vreemde anekdote van hierdie eksentrieke man; <sup>3)</sup> sy vyande het hom gehoon in spotprent en hekelvers en hekel-drama. Hy het gedurig in finansiële verknorsing gesit en het die drumpels van die geregshof uitgeloop om met 'n lastersaak of anderssins wat geld by mekaar te kry om sy skulde te betaal; een keer het hy dit selfs met diefstal probeer en in die tronk beland (1829), wat die skrywer van *Clasius* die spitsvondige aanhaling uit Shakespeare ingegee het, „who steals my purse, steals trash". Maar DE LIMA het hom Diets gevoel;

---

<sup>1)</sup> Afgedruk in BORCHERDS: *Memoir*, p. 459—463.

<sup>2)</sup> Kaapstad, 1856.

<sup>3)</sup> Vgl. L. H. MEURANT: *Sixty Years Ago*, p. 75.

hy het die Hollandse taal gehandhaaf en liefgehad omdat dit syne was; sy twiste en rusies was vernaamlik met die Fransman, nie met die Afrikaners nie vir wie hy 'n loflied gesing het. As Hollandse geleerde, literator en joernalis het hy sy aangenome vaderland dienste bewys, wat hom 'n ereplek gee naas MEENT BORCHERDS onder die vroeë skrywers, toe die drukpers so pas ingevoer was en die druk van oorheersing sy eerste loodsware gewig voelbaar gemaak het.

---

## HOOFSTUK X.

### DIE VERSTERKENDE INVLOED VAN DIE „LAGE LANDEN BIDER ZEE” TYDENS DIE EBTYD IN KAAPLAND.

---

1. J. G. SWAVING, „OFFICIER BIJ HET HOOG GEREGETS HOF”, DOSENT IN DIE FRANSE TAAL AAN DIE „ONLANGS OPPERIGTE ZUID-AFRIKAANSCH E ATHENAEUM” (1829).

By proklamasie van Lord CHARLES SOMERSET moes van 1 Januarie 1825 af alle offisiële dokumente, en van 1 Januarie 1828 alle verrigtinge in die Geregshowe, in die Engelse taal opgestel word, hoewel sewe agstes van die bevolking nog Hollandssprekend was. Die ou kolonis het hom instinktief verset teen opsy stoot van alles, wat hy as sy eie besit beskou het, maar sy ondergang op kulturele gebied sou, wat Kaapland betref, gewis gewees het, as die goewerneur nie dergelike geseënde misstappe begaan het nie <sup>1)</sup> of as daar nie versterkende invloed uitgeoefen is deur manne van Hollandse geboorte in aansienlike maatskappelijke betrekkinge in Kaapstad. Deur 'n gelukkige toeval word die kolonie in 1828 versterk deur 'n Hollandse „interpreteur translateur van het Hooge Geregts-hof”, J. G. SWAVING, 'n man met sterk literêre neigings en daarom 'n aanwinst sowel vir die *Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tijdschrift*, wat toe reeds sy vyfde jaargang binnetree, as vir die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum*, wat die volgende jaar tot stand sou kom.

Die nuwe kolonis, seun van 'n Hollandse predikant, het 'n awontuurlike loopbaan „op Saona, op Juma, in City-hotel te Nieuw-York en op de kusten van het eiland

---

<sup>1)</sup> THEAL sê: „It would have been difficult to devise a measure more calculated to irritate the Dutch inhabitants.”

Langeroog", 'n nog awontuurliker tienjarige militêre loopbaan in Europa en die awontuurlikste van alles, 'n rampsalige deserteurs-bestaan in Engeland agter die rug gehad.<sup>1)</sup> Maar daar het dan ook vreemde toestande in die Napoleontiese tye geheers tydens die Koninkryk Holland onder LODEWIJK NAPOLEON en die inlywing by Frankryk tot aan die onafhankelikeheidsverklaring onder Koning WILLEM I in 1813. In die „jammerlik geteisterd en uitgemergeld Nederland" was hy in 1813 vir die soveelste maal „op lager wal geraakt," as gevolg van sy eie dwalinge en misstappe. Die enigste uitweg was om met „het puik van Nêerlandse jongelingschap" in diens te tree van NAPOLEON BONAPARTE as *remplaçant* (plaasvervanger) vir een van die seuns van 'n skatryke, gewese Generaal van die Administrasie van Oorlog. Die vader het die vereiste vyftien honderd franke betaal en in alle verdere behoefte van die Garde d'Honneur op mars voorsien. Later vind SWAVING die denkkebeeld diep veragtelik dat hy hom in sekere sin hiermee gaan gelykstel het „met de ongelukkigen, welke in dat vak openlijken handel drijven en hun ligchaam gedurende hunnen leeftijd op dezelfde wijze voor geld verkoopen, zoo als anderen hun lijk aan de snijkamer afstaan".<sup>2)</sup> Maar soos hy self sê, „het berouw komt veelal te laat." In Julie 1825 word hy in sy huis in Delft gearresteer maar slaag daarin om in vroue klere te ontsnap uit die kamertjie waarin die Kommandant van die stad hom opgesluit het. Sy vrou het hom hierin trou bygestaan en onder 'n litografie van hom staan geskryf: „Wat REIGERSBERG eens deed voor haren HUIG DE GROOT, Deed alzo SWAVING's vrouw voor deez haar' echtgenoot."

Aan die skildwag, wat as gevolg van die ontsnapping veroordeel is, het hy sy *Offer aan de lijdende onschuld* (1827) gebring.<sup>3)</sup>

<sup>1)</sup> Lewensbesonderhede is ontleen aan sy werke: *Reizen en Lotgevallen, Tienjarige militaire Loopbaan*, Dordrecht 1830, *Offer aan de lijdende onschuld*, Dordrecht 1827, *Zonderlinge Ontmoetingen*, Dordrecht 1830. Vgl. ook Dr. J. L. M. FRANKEN: *Mededeling en opinies oor Afrikaans in die Neëntiende Eeu, Die Huisgenoot*, Julie 1927.

<sup>2)</sup> *Swaving's Tienjarige militaire Loopbaan* p. 2—3.

<sup>3)</sup> Dordrecht, 1827. *Offer aan de lijdende onschuld of Swaving's vlugt uit Delft, in vrouwelijk gewaad*.

Hy het toe al reeds veel opsien gemaak en talryke vyande verwek met sy *Galerij van Roomsche Beelden, of Beeldendienst*, (1824)<sup>1)</sup>, geskrywe „tot waarschuwing voor die proselieten, welke hier zullen zien, wat pillen zy niet al moeten slikken, alvorens zy voor echte Roomschezinden zullen kunnen doorgaan.”

In London ly hy die grootste gebrek na sy vlug uit Delft tot hy met behulp van 'n kennis 'n „Dutch Academy” oprig. Maar dit gaan nie so gemaklik om leerlinge vir Hollands en Frans te vind nie in die land waar soveel aan die eie taal en tradisie geheg word, dat op „Lord-Mayor's Day” „allen als hansworsten in den smaak der middeleeuwen toegetakeld”<sup>2)</sup> op straat rondloop, soos die teleurgestelde leraar in die moderne tale oneerbiedig konstateer! Hy kon tog wel genoeg bymekaar kry om 'n huisie te huur en sy vrou en kinders uit Holland te laat kom. In 1827 kry hy die ingewing om na die Kaap in te skeep en „kregen wij op den 23sten December 1827 den Leeuwen- en Tafelberg in het gezicht”.<sup>3)</sup>

Aan boord het hy 'n dagboek gehou, noukeurig alles opgeteken met die bedoeling om dit in 'n derde deel van sy *Reizen en Lotgevallen* te verwerk maar toe hy in Kaapstad aankom, maak hy kennis met die Kaapse reisbeskrywings en vind dat alles wat hy opgeteken het reeds honderd-en-vyftig jaar bekend is. Die gevolg is, sy joernaal, „meerdan de helft van een boekdeel”, word „uit kregeligheid aan flarden”<sup>4)</sup> geskeur. Dit het hom die goeie les geleer om, voor hy 'n letter op papier sit, eers die stapel werke oor die nuwe land vlugtig deur te blaai. Wat hy ons dan ook gee oor Kaap de Goede Hoop, die land wat hy sy eie gemaak het en waar 'n nuwe lewe vir hom begin het, is nuut en so onderhoudend soos 'n

---

<sup>1)</sup> Dordrecht, 1824; 2de druk 1841.

<sup>2)</sup> *Swaving's zonderlinge ontmoetingen* en wonderbaarlijke lotsverwisselingen na zijne vlugt uit Delft, benevens schetsen van Londen en deszelfs bewoners; van de Kaap de Goede Hoop en hare omstreken, enz.

<sup>3)</sup> *Zonderlinge ontmoetingen*, p. 277.

<sup>4)</sup> *Zonderlinge ontmoetingen*, p. 275.

<sup>5)</sup> 'n Herdruk van die *Zonderlinge Ontmoetingen* is gewens.

roman beskryf. Sy skryftrant is los en bevallig, maak die indruk van buitengewoon modern te wees en getuig van sy fris, oorspronklike, awontuurlike gees. Sy *Reizen en Lotgevallen* wat volgens 'n resensent in die *Vaderlandsche Letter Oefeningen* „met den besten roman gelyk staat, en zoo avontuurlyk, dat het ten dezen met iedere roman monsteren kan”, <sup>1)</sup> is gretig deur die redaksie van die *Ned. Z.A. Tijdschrift* gelees en uit-treksels gepubliseer wat die Kaapse gemeenskap die boeiendste leesstof in hul periodiek verskaf het vir die jaar 1828. <sup>2)</sup>

Die talekenner is beëdig as „translateur interpreteur” aan die Hooggeregshof en in sy vry tyd het hy hom aan opvoedkundige en letterkundige arbeid gewy. Hy het sy *Zonderlinge Ontmoetings* beëindig met 'n paar uitstekende hoofstukke oor die Kaap en 'n voorwoord tot die *Tienjarige militaire Loopbaan*, waarvan die *Zonderlinge Ontmoetings* 'n vervolgdeel was, geskryf „aan den voet des trotschen Tafelbergs, in het vrije en onbelemmerd genot van alle aardse genietingen”. Daar het hy „eindelyk en ten laatste dat bestendig, dat stille huiselike en zoo benijdenswaardig geluk” gevind, „waarnaar hij sedert zoo vele jaren zijns levens vruchteloos zocht”. <sup>3)</sup>

Van hom het ons 'n sterk persoonlike, ryk gekleurde, van uit Hollands-Afrikaanse standpunt uiteengesette beskrywing van die inswering van die regters, advokate en prokureurs en notaris onder die nuwe taalreëlings van Lord CHARLES. Om mee te begin, was die dag al verkeerd gekies. Baie van die aansienlike ingesetenes was teenwoordig, maar nog meer het weggebly, omdat verskeie Hollandse protestante weinig gestig was, dat een van hul geëerbiedigste feesdae, Nuwejaarsdag, daarvoor gebruik moes word, „welke door al hunne voorzaten en Nederlandsche landgenooten steeds van eeuw tot eeuw en van geslacht tot geslacht uitsluitend aan de godsdienst werd toegewijd”. Hier laat SWAVING, die predikantsseun, hom deur sy gevoel te ver sleep en verwar hy sy huislike gebruike met Kaapse gewoontes. Die Hollandse koloniste het

<sup>1)</sup> *Vaderl. Letter Oefeningen*, Oct. 1827, No. XIII, pp. 548—51. Oorgeneem in *Ned. Z.A. Tijd.* Dl. V, p. 133.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijd.* Dl. V, pp. 27, 88, 162, 330, 433—453.

<sup>3)</sup> *Aanteekeningen* p. XIII, *Tienjarige Militaire Loopbaan*.

weggebly onder protes. Hy erger hom aan Sir JOHN WYLDE, die hoofregter, wat 'n toespraak hou oor die geseënde invloed van 'n goeie administrasie van justisie, die koninklike charter laat voorlees, (wat nasionale vryheid waarborg), die ede laat aflê — alles in Engels. By die geleentheid word ook die Afrikaanse advokate, wat aan die Leidse Universiteit gestudeer het, ingesweer, nl. NEETHLING, CLOETE, JOUBERT, VAN RIJNEVELD, FAURE, BRAND, DE WET, HOFMYER, „die van heden af hunne welsprekendheid in eene voor hun vreemde taal moesten beproeven; want van den 1 Januarij 1828 afheeft de Nederlandsche taal opgehouden door de gewelven der raadzaal dezer voormalige Hollandse volksplanting te weergalmen”.<sup>1)</sup>

Aan die hof het hy die geleentheid gehad om die taal van alle lae van die gemengde Kaapse bevolking te beluister. Hy onderskei tussen „Bastaard Hollandsch”, wat die boer, slaaf, kaffer en Hottentot praat, en Hollands, beïnvloed deur hierdie „Bastaard Hollandsch”, wat die Kaapse aansienlikes praat, en suiwer Hollands, gepraat deur die, wat in Nederland gebore en opgevoed is. Die „bastaard Hollandsch” — dat hy daarmee Afrikaans bedoel, is duidelik — „welke zelf den meer beschaafden der Christelijke en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is, met uitzondering echter van dezulken, die in Nederland geboren of opgevoed is”,<sup>2)</sup> klink nie half so onverstaanbaar in die ore van pas aangelande Nederlanders nie, as die sogenaamde Kreoolse Hollands, wat te Berbice, Demarary, Esseguebo en Suriname gepraat word. SWAVING het dadelik gehoor dat daar 'n onderskeid tussen die taal van die Kaapse burger van beskawing en die van die boer in die buite distrikte was,<sup>3)</sup> dat eersgenoemde veel digter by sy eie

---

<sup>1)</sup> *Zonderlinge Ontmoetingen* pp. 291—292.

<sup>2)</sup> *Zonderlinge Ontmoetingen* pp. 302—303.

<sup>3)</sup> Dit val verskeie reisigers op in die 19de eeu, voor die tyd nie, dat daar twee vorme van Afrikaans is. Vgl. ook WILLIAM BURCHELL: *Travels in the Interior of Southern Africa*, dl. I, London 1822, p. 13: „the Dutch language, according to the Cape Dialect and even according to the corrupt dialect of the Hottentots.”



taal staan maar dat laasgenoemde tog as geen kreoolse taal kan beskou word nie. <sup>1)</sup>

Die familie SWAVING het hul ingeleef in die nuwe land. In hul „ruime bevallige woning” aan die voet van Tafelberg het moeder en oudste dogter die eerste Franse Instituut „voor jonge jufvrouwen” gehad en hy het ’n uur daags die studente in die Franse taal onderwys aan die „onlangs opgerigte Zuid-Afrikaansche Athenaeum”, 1829. <sup>2)</sup> Vlytig het hy hom aan die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gewy in die voetspore van MEENT BORCHERDS en DE LIMA en in 1829 word in die *Nederduitsch Z.A. Tijdschrift* die vrug van sy studie aangekondig nl. *Vlugtige Biographische Schets van de 28 Hollandsche Gouverneurs van de Kaap de Goede Hoop; met aanstipping der merkwaardigste bijzonderheden hunner regering, van de jare 1652 tot 1795; door J. G. Swaving, interpreteur en Translateur bij het Hooggeregtshof, schrijver van onderscheiden werken.* <sup>2)</sup> Hij was een van die oprigters van die „maarschappij ter uitbreiding van beschaving en letterkunde” 1833, wat die tydskrif as hul offisfëele organ erken het en hy was van plan om hom met verdubbelde ywer aan sy „*oorspronkelijk Nederlandsche werken*” <sup>3)</sup> te wy „tot dat Zuid-Afrika’s grond eenmaal zijn gebeente zal overdekken”. <sup>3)</sup> In die stad het die toekoms op taal en letterkundige gebied ondanks die proklamasies van Lord CHARLES SOMERSET, in 1829 inderdaad rooskleurig gelyk met die oprigting van die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum*. Die Hoilandse skool *Tot Nut van ’t Algemeen* was nog in bloeiende toestand en tot omstreeks 1840 voel die stedeling hom nog gelykwaardig met sy Engelse mededinger. Die pasaangekome Hollanders of Hollandse besoekers word met oop arms ontvang, alles wat in verband staan met Holland roer nog ’n teer snaar by die Afrikaner aan. Die ontluikende selfbewussyn werd onbewus gevoed deur die versterkende krag van die nuwe Hollandse koloniste, skemer al helder deur omstreeks 1840 in die vers-

---

<sup>1)</sup> *Zonderlinge Ontmoetingen* p. 305.

<sup>2)</sup> In een deel, prys 6 ryksdaalders, Kaapstad 1829.

<sup>3)</sup> *Zonderlinge Ontmoetingen* p. 324.

kuns van 'n ampgenoot van SWAVING, ook 'n „translateur bij 't hooge gerechtshof” wat eers met DE LIMA en later met BONIFACE in botsing gekomen het.

2. JOHANNES JACOBUS DE KOCK, TONEELSPELER,  
TRANSLATEUR, ALMANAKMAKER  
EN GESELSKAPSLIEDER-SAMESTELLER.

'n Hele familie DE KOCK was aan die skool *Tot Nut van 't Algemeen*, die erfenis uit die tyd van DE MIST, verbonde — daar was „Lang mijnheer” DE KOCK (SERVAAS) en „Kort mijnheer” DE KOCK, WILLEM DE KOCK en DANIEL DE KOCK.<sup>1)</sup> JOHANNES JACOBUS DE KOCK was eers toneelspeler, later beëdigde vertaler by die Hooggeregshof volgens *De Zuid-Afrikaansche blygeestige Almanak en Naamlyst voor het jaar onzes Heeren 1840*, wat hy saamgestel het.<sup>2)</sup> DE LIMA het sedert 1827 lange jare die *Kaapsche Almanak en Naamboek* uitgegee en daarmee 'n teëwig in die skaal gegooi aan die kant van Hollands teenoor die oorwegende, later uitsluitende Engelse almanakke.<sup>3)</sup> Met hierdie *Blygeestige Almanak*, vol „aangename mengeling van Ernst en Boert” naas die gewone aankondiging oor Sons- en Maansverduisteringe, op- en ondergang van die son, verandering van die maan, feesdae, plaaslike instellings en genootskappe ens., het ook DE KOCK hom 'n goeie naam verwerf. Laggend beweer hy die teenoorgestelde in sy rym, *Ontmoetingen bij het opnemen der naamlijst voor 1840*. In die gange en agterbuurtes van Kaapstad waar hy die name beleef kom vra, is hy vir 'n belastingontvanger of 'n „geldwolf” aangesien en verja. Dan lui die verskoning vir die onbeleefdheid:

„Ik dacht mijnheer wou ons vervolgen,  
Want ik weet mijnheer neemt zaken waar.”

<sup>1)</sup> Vgl. D. P. FAURE: *My Life and Times*, p. 14.

<sup>2)</sup> Eksemplaar in die Mendelssohn-versameling, Kaapstad. Gedrukt en uitgegee deur de zamensteller, te No. 5, Houtstraat, Kaapstad 1840.

<sup>3)</sup> Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Uit die Gesk. van Almanakke in S.A. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk 1931*.

Steeds beangs vir moontlike hofsake waarmee Kaapstad weerklink het in die rumoerige dae van BONIFACE en DE LIMA, stook hul mekaar op en fluister die bure in die oor:

„Hy bring jou voor de Court,  
's Woensdags zie ik hem daar gaan  
Hij praat van geld en faam.”

Van vloeiende maat en ritme is hier geen sprake nie, van digterlikheid nog minder, maar ons kry hier 'n kyk op die groepe in die maatskappy wat gedurig met mekaar in wrywing was. Daar is die Engelse wat hom die verwensing „to go to Hell” agterna roep, en die Franse wat hom uitnoui „Entréz mon Seigneur! Ik het nie kelt op renten.” Van die Duitsers klink dit slaperig:

„Ich heb kien kelt, kom morken werr  
Das is mien tyd van slaben.”

Alleen die Boer neem 'n verstandige houding in, maar ook hy was eers onwillig om sy naam vir die almanak op te gee as gevolg van die kwaadpraatjies van 'n „zwartje” wat daarvoor welverdiende „klappen” kry. Hier is op-die-voorgrondstel van die eie ras, 'n meerderheidsgevoel teenoor die vreemdelinge, deur iemand, wat hom met trots genoem het „geen Hollander maar 'n Zuid-Afrikaan”.<sup>1)</sup>

Daar word 'n twintigtal verse in die Almanak opgeneem wat byna almal terug te vind in die koerante. Daar is van die sentimentele soort van FEITH soos *Tranen* en *Het geplukte Bloempje*, ballades en romances soos *De drie Dochters* en *De ridder en zijn liefje*, moraliserende ryme op *Vergankelijkheid* en *Het Leven is een Dobbelspel*. Almal klink nog soos agtiende eeuse digkuns en dit kan vrywel met sekerheid gesê word dat hul oorspronklik uit een of ander Hollandse digbundel oorgeneem is of, soos die geval met *De Vadermoorder*, 'n Münchener spookverhaal, uit die Duits vertaal. 'n Oorspronklike

<sup>1)</sup> Vgl. J. J. DE KOCK: *Nieuwe Hollandsche Gezelschapliederen*, 1852, p. 33.

Kaapse vers terug te vind in die *Meditator*, van MOLL<sup>1)</sup> is *Welkomstgroet, aan zijne Koninklijke Hoogheid Hendrik, Prins der Nederlanden, bij gelegenheid van Hoogstdeszelfs aankomst alhier in het jaar 1838*. Die Kolonie was nou al meer as dertig jaar gelede in vreemde hande oorgegaan maar orals was daar nog herinneringe genoeg aan „den ouden Jan Companje, zoo zeggen de overbergse boeren, als zij van den gouden tijd der Oostindische Kompagnie spreken”.<sup>2)</sup> Prins HENDRIK sou daar 'n ovasie kry. Onder al die vrolikheid en gejuig oor die koms van „Nassau's zoon”, het die geleentheidsdigter sy vurige ver-lange na die ou bewind, die weemoed om losgewikkelde bande waar die Groningse reisiger M. D. TEENSTRA in 1825 melding van maak, uitgesing in sy welkomslied. Hy herinner die hoë be-soeker daaraan dat „wij eens dierbaar voor u waren”, stel die retoriese vraag of hy diegene „die goed en bloed ééns voor u gaven” ooit sou kan vergeet en antwoord dan self:

„Neen zulks deed nooit Oranjes zonen!  
 Hij wil zich aan dat volk vertoonen,  
 Dat eens zijn Vader had behoort! —  
 Hij weet ook met wat fier verlangen,  
 In dit ons afgelegē oord,  
 Een Prins van Neêrland wordt ontvangen!”

Die oorsaak van die blywende gehegtheid aan die stam-land lê in die aard van die mens en die botsinge en geharrewar met die vreemde heersers het 'n prinsipiële agtergrond wat die digter, hoe swak en onbeholpe en verouderd vir ons smaak ook al sy uiting, intuïtief aanvoel. Dit was seker een van die populêrste geselskapsliedere in die *Blygeestige Almanak* van 1840.

In 1852 het daar 'n bundeltjie *Nieuwe Hollandsche Gezel-schapsliederen* deur J. J. DE KOCK die lig gesien.<sup>3)</sup> Ook hierdie

<sup>1)</sup> Sien p. 255 *Meditator*, 15 Mei 1838, vgl. ook *Meditator* 22 Mei 1838, „Stellenbossche Welkomstgroet”, en SUASSO DE LIMA p. 261.

<sup>2)</sup> M. D. TEENSTRA: *De Vruchten mijner Werkzaamheden*, Gro-ningen, 1830, sesde brief, gedateer Kaapstad 2 Julie 1825. Dr. J. L. M. FRANKEN: *Mededeling en Opinions oor Afrikaans, Die Huisgenoot*, Julie 1927.

<sup>3)</sup> Kaapstad, VAN DE SANDT DE VILLIERS, 1852. 'n Eksemplaar is te vind in die Mendelsohn-versameling.

liedere blink nie uit deur diepte van gevoel of rykdom van klank nie maar vertolk op eenvoudige manier wat die Kaapse harte verbly, of in opstand gebring het. Deur hul sangerigheid en dikwels geestige toespelinge op bekende persoonlikhede uit die tyd, is hul vermoedelik veel gesing in vrymesselaars- en ander kringe. Aan die vrymesselary word liedere gewy soos *De Goede Trouw* en *Broederschap*. *De Kaapsche Wijn*, beroemd sinds onheuglike tye, inspireer 'n vrolike drinkliedjie, wat op hul byeenkomste die gewenste stemming sou kon gebring het.

Hy besing wel die „broedermin” in sy geselskapsliedere maar met TOLLENS verklaar DE KOCK rondborstig dat sy *Vaderlandsliefde* beperk is tot die eie:

„Een wereldburger ben ik niet,  
'k Ken geen Holland noch Bataaf;  
Daar weet men niets van mij.”

Sy landgenote is *De Kaapsche Boeren* en vir die groot kommandant-generaal, A. J. W. Pretorius vleg hy lauerkranse:

„Ik wil den moed bezingen,  
Eens helds, van dezen eeuw,  
Die niets ooit kon bedwingen,  
Geen Tijger, Wolf, of Leeuw!  
Maar die in woeste streken  
De dierbre vrijheid zocht,  
En zonder bloed of wreken,  
Zoo veel reeds heeft gewrocht!

Hij wou zijn landsliên leiden,  
Door streken, woest en naar;  
Hen van het juk bevrijden;  
En tarten elk gevaar; —  
Hij streedt met wilde dieren,  
De Leeuw zelf kent zijn stem,  
Hij is „een Boer!” en 't tieren,  
Was slechts muzyk voor hem.”

Duidelik spreek die gevoel van verwantskap en meely met die „uitgewekenen” en in vrye navolging van die wapenkreet van TOLLENS word „Cabo's kroost” aangespoor: *Te Wapen*. Maar dit bly tog maar meer die botsinge in sy onmiddellike omgewing wat aanleiding gee tot die dawerendste

geselskapsliedere. In gemeenskaplike sang het die opgekropte gemoedere lug gevind as hul kon uitjubel *Fairbairn!*<sup>1)</sup> of die waarskuwende vinger ophou *Geene Bandieten!*<sup>2)</sup>

Die geleentheidsversmaker kon nooit nalaat om die naam of titel van 'n jubelaris of 'n ergerlike persoon wat hy wou te lyf gaan, uit te buit nie en in laasgenoemde vers klink dit dan ook met kopergeskal:

„Graaf Grey! graaft uzelv' een grafplaats;  
Wroet, wroet, als een vernielend' rot; —  
Doch maakt gij van ons land een strafplaats,  
Hoor gij dan tot uwen spot: —  
Geene Bandieten!!  
Dat zweeren wij elkaar!!!  
Geene Bandieten voor den Kapenaar!!!”

Die „translateur by 't hooge gerechtshof”, staatsamptenaar van Afrikaanse geboorte, in 'n gevaarlike tyd vir die Hollandse koloniste, was voorwaar geen slappeling nie, maar heeltemaal uit eie krag kon die Afrikaner dit nooit so ver gebring het nie. Die grootste steun het gelê sowel in die Hollandse skool vir voorbereidende onderwys, die *Tot nut van 't Algemeen* wat van 1805 tot 1870 'n magtige damwal teen die Engelse stroom opgewerp het, as in die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum* wat in 1829 opgerig is onder 'n Hollandse rektor, na Amsterdamse model.

3, ANTOINE NICOLAAS ERNEST CHANGUION, OPVOEDKUNDIGE,  
TAAL- EN LETTERKUNDIGE, KERKMAN EN POLITIKUS.

ANTOINE NICOLAAS ERNEST CHANGUION<sup>3)</sup> is in 's-Gravenhage 15 Des. 1803 gebore. Hy stam uit 'n Protestantse familie uit Champagne en Barrois, die lede waarvan gedurende die

<sup>1)</sup> DE KOCK: *Gezelschapsliederen* p. 56.

<sup>2)</sup> Ibid. p. 15.

<sup>3)</sup> Die vernaamste werke en artikels geraadpleeg is die volgende: *Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek* IV, kol. 408—410; *Ons Tijdschrift* VIII, 193; KESTELL, *Het leven van N. J. Hofmeyer*, 13, 65; *Elpis* I, 246, 250, 254, 276, 290; IV, 165; D. P. FAURE: *My life and Times*, p. 16—18; ERIC WALKER: *History of the S.A. College and the Univ. of Capetown* p. 17, S. P. ENGELBRECHT: 'n *Eensame Taalstryer*, *Die Huisgenoot*, 12 Febr. 1932.

geloofsvervolginge, wat aan die herroeping van die Edict van Nantes voorafgegaan het, hul te Amsterdam, Utrecht en Leiden gevestig het. Weens geldelike moeilikhede moes sy vader, Mr. FRANÇOIS DANIEL, wat 'n groot rol in die politiek gespeel het, 'n tydlang in Duitsland vertoef onderwyl daar 'n proses teen hom aan die gang was. Sy jongste seun, ANTOINE, en enigste dogter het hul gedurende die proses in Frankfort gevestig, waar ANTOINE as huisonderwyser genoeg geld verdien het, om in hul onderhoud te voorsien en hom sover vir die Universiteit voor te berei, dat hy 6 Junie 1828 te Leiden as student in die lettere en godgeleerdheid kon ingeskrywe word. Hy was toe reeds 'n jong man van vier-en-twintig jaar met heelwat mensekennis, ervaring en selfstandigheidsgevoel en gestaal deur die moeilikhede van sy vader.

In 1830 skryf die direkteure van die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum*, wat in 1829 in Kaapstad opgerig is, aan die letterkundige fakulteit van Leiden om 'n professor in die klassieke en moderne tale, veral Nederlandse lettere, aan te beveel. Die *Athenaeum* is gestig na Amsterdamse model, eintlik as aansluiting by die Hollandse rigting van die skool *Tot Nut van 't Algemeen*, om hoër onderwys aan die Kaapse jeug te verskaf. Die leiding is geneem deur Ds. ABRAHAM FAURE, die ambisieuse Kaapse predikant, redakteur van die *Ned. Z.A. Tijdschrift*<sup>1)</sup> en die oprigting van hierdie inrigting is dus hoofsaaklik aan die Hollandse kerk te dank.<sup>2)</sup> Nadat eers verskillende ander persone, o.a. die later professor P. O. VAN DER CHIJS, toe redakteur van *De Ster*, vergeefs gevra is, besluit CHANGUION om sy teologiese studies op te gee en die aanbod aan te neem. Deur tussenkoms van die Leidse fakulteit kry hy sy ontslag uit die verpligte militêre diens, nadat hy uit Oirschot waar hy met die Leidse jagers was, na Leiden

---

<sup>1)</sup> Hy het die kroniek agter in elke nommer van die Tydskrif opgestel maar wat artikels betref nie veel bygedra nie.

<sup>2)</sup> Die op Hollandse grondslag gestigte Athenaeum het die „South African College” geword. Vandag is dit die University of Cape Town-Universiteit van Kaapstad.

teruggekeer het. <sup>1)</sup> Hy lê sy kandidaatseksamen in die klassieke lettere af en ontvang daarop *honoris causa* sy doktorstitel, waarop hy teen die end van 1831 na Kaapstad vertrek. CHANGUION het sy betrekking as hoogleeraar met 'n *Verhandeling over den heilzamen invloed eener doelmatige studie der oude talen*, aanvaar. <sup>2)</sup> Die stuk is op die heenreis geskrywe maar eers gedruk na hy twee maande aan die Athenaeum werksaam was en enigsins op die hoogte van die vereistes en moeilikhede gekom het. In die „Voorwoord” kan hy die aanmerking nie onderdruk nie, „dat het (om er het minste van te zeggen), vrij wat moeilijkheid in heeft, om een doelmatig onderrigt in oude letterkunde te geven, aan eene school, waar men met den titel van Hoogleeraar, de pligten van Praeceptor, Conrector en Rector in één persoon te vervullen heeft. — Niet alsof ik mij door deze en meer andere moeilijkheden, daar ik liefst van zwijgen wil, den moed zou laten benemen. Dat zij verre.”

Die leerlinge het sy volle belangstelling geniet en hy het dadelik hul liefde en respek gewen. Hul het hom later aan sy eie Instituut „Ou Stroop” gaan noem, vertel een van hul, <sup>3)</sup> 'n bynaam gegee uit liefde om sy „sweet reasonableness”, nie uit oneerbiedigheid nie. Hy het dit begryp en hul plaery met 'n glimlag beantwoord. Sy spierwit krulkop as die onder die hande van die kapper was, het die spontane vraag van een helfte van die klas uitgelok, as hy die klaskamer binnestap: „Wie heeft u gekapt?”, waarop die ander helfte dan antwoord: „LODEWIJK, de Kapper”, twee sinnetjies uit die doktor se Hollandse en Engelse taaloefeninge. Dan glimlag hy net en as hy na sy lessenaar stap, wens hy hul geluk, dat hul die skoolboeke so goed ken. En dan weer, op die eerste warm dag in die somer, as hy met 'n lang wit jas binnekom, weerklink die Afrikaanse spreekwoord: „Skildpad het 'n nuwe dop gekry”, en ook hierdie toepassing van die spreekwoord dra

---

<sup>1)</sup> In die „Tien Daagse Veldtog” het ook Afrikaners onder die Leidse studente vrywillig in die leër in Brabant gedien. Vgl. TE WINKEL: *Ontwikkelingsgang* IV p. 477.

<sup>2)</sup> Kaapstad, gedrukt ten kantore van *De Zuid-Afrikaan*, 1832.

<sup>3)</sup> D. P. FAURE: *My life and Times*.



sy goedkeuring weg. In daardie „sweet reasonableness” het sy pedagogiese krag van die begin af gelê.

Van 1833 af is hy verbonde aan die redaksie van die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* waardeur sy werksaamhede aanmerklik uitbrei. Hy interesseer hom vir vraagstukke oor toneel en is ten minste in prinsiepe nie daarteen nie<sup>1)</sup> want die Leidse doktor was liberaal van godsdienstige oortuiging. Hy speel 'n hoofrol by die stigting van 'n *Maatschappij tot verbreiding van Beschaving en Letterkunde* in 1834<sup>2)</sup> en hou openbare lesings soos die *Vorlesung über Sprachstudium überhaupt und zunächst über das Studium der Deutschen Sprache* in 1837.<sup>3)</sup>

Maar hy het al gou gemerk dat dit nie die klassieke en vreemde tale is wat hy moet aanprys nie, maar diè spraak wat in 'n ander vorm dan sy eie in die harte van sy leerlinge leef. Daarom hou hy in 1840 sy *Voorlezing tot aanprijzing van de beoefening der Nederduitsche Taal en Letterkunde in Zuid-Afrika*<sup>4)</sup> voor die pasgestigte maatskappy vir die bevordering van daardie taal en lettere. Dit is veral CATS, TOLLENS en VAN ALPHEN wat by die Afrikaanse lesers aanbeveel word. Die kindergediggies van HIERONYMUS VAN ALPHEN is in Kaapstad herdruk,<sup>5)</sup> die *Tydschrift* het die verhandeling van CLARISSE oor die kinderdigter geplaas en dit is die wens van die redenaar om by te dra „om dien regtschappen Hollander in dit land op den duur in hooge waarde te doen blijven.” Sy hele belangstelling is teen 1840 toegespits op die taal en letterkundige toestand. In daardie jaar is ook sy voordrag *Uit ware belangstelling in de Nederduitsche Taal en Letterkunde*<sup>6)</sup> en 'n *Voorlezing over Niets*<sup>7)</sup> gehou. Die „niets” loop uit op 'n uiteensetting van die werk van die Nederlandse

<sup>1)</sup> Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Drama en Toneel* pp. 350—351.

<sup>2)</sup> Vgl. *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. XI p. 70.

<sup>3)</sup> Capstadt, 1837.

<sup>4)</sup> Kaapstad 1840. Ook afgedruk in die *Ned. Z.A. Tijds.* XIX, pp. 369—383.

<sup>5)</sup> Kaapstad by S. SOLOMON, 1842.

<sup>6)</sup> Kaapstad 1840.

<sup>7)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. XVII p. 58.

taalgeleerdes TUINMAN, MEYER, HOOGSTRATEN, TEN KATE, KILIAAN, HUYDECOPER, SIEGENBEEK, BILDERDIJK, KINKEL en v. d. PALM. Maar in sy voordragte, sy kolleges en sy taalkundige werke het hy altyd binne die begripsvermoë van sy toehoorders of lesers gebly. 'n Duidelike bewys daarvoor is sy *Geslachtwijzer der Nederduitsche Taal*<sup>1)</sup> (1842) waarin hy probeer het om die dorheid van so'n handboek enigsins minder afstotelik vir die Kaapse jeug voor te stel, daar die ontvinding hom al geleer het dat hul die geslagte soos pappegaaie moes leer, omdat alle taalgevoel daarvoor verlore gegaan het. As hy in die bekende Hollandse bronne, HOOGSTRATEN, SIEGENBEEK, WEILAND, MARTIN en BILDERDIJK se geslaglyste, die woord „pret” nie vind nie, roep hy uit: „Hoe! dacht ik bij mij zelve, sijn mijn landgenooten dan zóó stroef en verdrietig van aard, dat het woord pret bij hen niet eens in de dictionnaire staat?” En dan besluit hy, hy sal dit aan die Kaapse jeug nie onthou nie! Op geleerdheid het hy hier geen aanspraak gemaak nie, geen orakeltaal verkondig nie maar die lesers aangespoor, „maar eenvoudig om het geslacht van een woord komt aankloppen, gelijk men om een broodje bij den bakker gaat.”<sup>2)</sup>

Tien moeilike jare het hy op die Athenaeum deurgeworstel en toe word dit duidelik dat as hy dit langer volhou „it would have frozen the genial current of my soul,” soos hy dit uitgedruk het in sy lesing *European Education adapted to the Wants of the Youths of this Colony*<sup>3)</sup> (1842). Gedurige gebrek aan fondse en onderlinge geskille in die raad het die ontwikkeling van die Athenaeum erg belemmer, maar sy hande was veral gebind deur die seggingskap van die regering wat op algehele verengelsing van die inrigting afgestuur het. Toe hy in 1842 bedank en self 'n Instituut oprig, was die laaste struikelblok uit die weg van verengelsing verwyder.

Met sy Instituut in Strandstraat waaraan ook 'n kosskool verbind was, het hy gou 'n geweldige konkurrent vir die

<sup>1)</sup> By COLLARD, Kaapstad 1842.

<sup>2)</sup> *Geslachtwijzer*, Voorbericht.

<sup>3)</sup> Cape Town, 1842. Vgl. ook sy *Introductory discourse delivered at Lausanne*, Lausanne, 1868.

Athenaeum geword. Tot 1860 kon hy sterk weerstand bied aan die verengelsing omdat hy gegee het *Europeesche Opvoeding: gewijzigd naar de behoefte van deze Kolonie* soos sy advertensie lui by die oprigting daarvan<sup>1)</sup>. Die Athenaeum egter wou uitsluitend Engels, en het onmiddellik die dubbel-medium Engels en Hollands afgeskaf na sy vertrek. <sup>2)</sup> Hy het die noodsaaklikheid om tweetalig te wees besef, daar is voorsiening gemaak vir Frans en Duits maar dit is tog met die Hollandse taal waarmee hy hom die ywerigste bemoei. Hy skryf sy *First Book of Exercises for the use of the Dutch classes in the Government Schools and in the mission and other schools receiving aid from the Colonial Treasury* (1843) <sup>3)</sup> en in 1844 verskyn die werk waarmee hy Europese vermaardheid verwerf het, *De Nederduitse Taal in Zuid-Afrika hersteld, zijnde een handleiding tot de kennis der taal, naar de plaatselijke behoefte van het land gewijzigd.* <sup>4)</sup> Die werk is met opset so ingerig dat dit ook vir Nederlanders 'n belangrike sy kon hê maar in die eerste plek was sy doel tog die Afrikaners binne wie se begripsvermoë hy ook hier bly. Vir hom het die hooggaande geskille oor kleinighede in die taal altyd iets belagliks gehad en hy tree dikwels die leser met 'n glimlag tegemoet, wat miskien nie met die gewigtige taak van taalsuiweraar strook nie maar „wie zich daaraan ergert, hale gerust over zulke lichtzinnigheid de schouders op; de schrijver kan niet helpen, dat hij zoo, en niet anders, bestaat.” <sup>5)</sup> Sy hele *oeuvre* dra 'n persoonlike stempel; sy gees was oorspronklik en selfstandig. In sy *First book of Exercises* het hy die „barbarisms” aangestip en 'n juiste vertaling gegee, maar nou twyfel hy aan herstel en beskou die taal waaraan hy soveel moeite bestee „gelijk een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderflijke uitwerkingen wel eenigzins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden maar op wiens volkomen

---

1) *De Zuid-Afrikaan*, 10 Jan. 1842.

2) WALKER: *History of the S.A. College* p. 23.

3) Cape Town, A. S. ROBERTSON 1843.

4) Kaapstad, J. H. COLLARD 1844. 'n Tweede druk in 1848 by J. v. D. VLIET, Rotterdam.

5) Voorrede, *Ned. Taal Hersteld*.

herstel niet meer te hopen valt." <sup>1)</sup> Agterin die grammatika het hy 'n *Proeve van Kaapsch Taaleigen* geplaas maar ook dwarsdeur die boek die aandag gevestig op 'n groot aantal eienaardighede van die Kaapse spraak. Ook hy skyn te onderskei tussen die taal van die „beskaafde” mense, die van die „gepeupel” en die van die Hottentotte en dit is die taal van „eersgenoemde” groep wat hy wil probeer herstel. Sy poging het op 'n mislukking uitgeloop soos hy self gevrees het maar vir wie belangstel in die geskiedenis van Afrikaans is die *Proeve* die kosbaarste bron uit die eerste helfte van die 19de eeu. <sup>2)</sup>

In die brosjure van DE LIMA, *De taal der Kapenaren tegen de schandelijke aanranding derzelve van Professor Changuion*, wat kort daarop verskyn het, is die taalgeleerde uitgeskel vir 'n flikflooiër, wat Hollands in 'n Engelse gewaad wil hul. Die beweegredes vir DE LIMA se venynigheid is nie duidelik nie maar uit suiwere liefde tot die taal kon hy hom nie so te buite gegaan het nie. Miskien was dit om wit voet te soek by die Kaapse publiek, miskien uit wetenskaplike naywer, miskien slegs uit geldgebrek of ingekankerde sin vir teënspraak. Hoe dit ook al sy, CHANGUION het dit nie die moeite werd geag om hom te antwoord nie en kalm aangegaan met sy eerste reeks *Elements of Translation in easy lessons* (1846) <sup>3)</sup> en sy *Wijsgeerig en Godsdienstig Leesboek*.

Die doel van die *Proeve van Kaapsch Taaleigen*, waarteen De Lima so tekeer gegaan het, nog meer dan teen die grammatika self, was van tweërlei aard, prakties sowel as wetenskaplik nl. om die taal van die beskaafde Kapenaars te suiwer en 'n bydrae te lewer tot die ontluikende Hollandse dialekondersoek, om vergelykingsmateriaal te verskaf. <sup>4)</sup> Dit is ook die geval met sy *Ontwerp van een Groot Nederlandsch Woordenboek* wat hy in 1848 aan die „Maatschappij der Nederlandsche

<sup>1)</sup> Voorrede, *Ned. Taal Hersteld*.

<sup>2)</sup> Vgl. S. GOLDBLATT: *Die Huisgenoot* Jan. en Feb. 1919, oorgeneem in VAN WIELLIGH: *Ons Geselstaal*.

<sup>3)</sup> 'n Tweede en derde reeks het later gevolg.

<sup>4)</sup> Vgl. D. F. MALHERBE: *Afrikaanse Spreekwoorde en verwante Vorme*, p. 2.

Letterkunde" in Leiden gestuur het. <sup>1)</sup> In die begeleidende brief het hy gewys op die betekenis van 'n woordeboek vir 'n „taalhervormer" soos hy. SWAVING het al geklae dat hy geen behoorlike hulp uit die bestaande Nederlandse woordeboeke in hierdie tweede land van Babel kon kry nie en dat hy daeliks 'n interpretasie moes gee „aan wild vreemde bevoordingen, naar welker wederga, uitlegging of vertaling, men te vergeefs in *HOLTROPS* Engelsch en *HOLLANDSCH* Woordenboek, of in de taalkundige werken van *SIEGENBEEK*, *WEILAND*, *BILDERDIJK* of *BIJER* zoeken zoude." <sup>2)</sup> Hieraan wou *CHANGUION* nou 'n end maak en hy wou 'n damwal opwerp teen „de verbastering welke onze taal als eene verwoestende overstroming bedreigt" maar hy wou ook bydra tot 'n geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van die Nederlandse taal, tot die dialekondersoek. Daarom waarsku hy: „wachten we ons voor de dwaasheid van hen, die met afleidingen uit het Persisch en Sanskrit schermen, terwijl zij in de taal van *HOOF*T en *CATS* nog niet eens regt te huis zijn." Sommige van sy wenke soos die alfabetiese rangskikking in plaas van die etimologiese, waar die taalgeleerdes aan die begin van die neëntiende eeu so mee gedweep het, die opname van „uitvoerige proeven van gewestelijk taaleigen" waar hul nog so bang voor was, is later deur Professor M. DE VRIES in die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* uitgevoer, of liever die sure ondervinding het hom daartoe gedwing maar *CHANGUION* het nooit enige erkenning vir sy deurdagte ontwerp gekry nie nog in die verslae van, nog in die inleiding tot, nog in Deel I van die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (1882).

Maar *CHANGUION* was 'n eensame stryker, 'n man wat sy tyd en sy aangenome vaderland ver vooruit was, as taalkundige en as kerkman te modern, te liberaal in sy sienswyse, vir die smaak van die ortodokse metodistiese predikante aan die Kaap. Toe hy meen dat die kerk die vrye ondersoek van die

---

<sup>1)</sup> Vgl. my artikel: *Dr. A. N. E. Changuion se Ontwerp van 'n Nederlandse Woordeboek*, *Tijds. vir Wetenskap en Kuns* 1932, Dl. 4, p. 20. My dank aan die Leidse Universiteitsbiblioteek vir toelating tot en hulp in die Handskriftesaal.

<sup>2)</sup> *Zonderlinge Ontmoetings*, sien p. 270.

Bybel aan bande wou lê, wat niks anders was as hul vrees vir die opkomende Hollandse liberalisme, het hy in *De Kerkbode* van 1849 tot 1851 'n reeks artikels geskrywe onder die titel: „Een is uw meester, namelijk Christus.”<sup>1)</sup>

Soos met sy taalkundige ondersoek was dit hom in die eerste instansie te doen om die praktiese van sy bybelondersoek en oorpeinsing.<sup>2)</sup> Dit is nie die leerstellinge nie maar die woorde van Christus wat hy duidelik, eenvoudig en beknop toegelig en as volkslektuur die wêreld ingestuur het.<sup>3)</sup> Maar hy het hom nou eenkeer op die glibberige gebied van die teologie gewaag, in 1845 reeds 'n *Handleiding voor Christenen* deur ANDREW REED vertaal<sup>4)</sup>, C. W. STEGMANN gehelp met die vertaling van 's *Christens Reize naar de eeuwigheid* in 1842 en *Kerkbode*-artikels geskryf. Die pad sou hom nog verder in die ongeluk stort as die onsimpatieke houding van die regering, destyds aan die Athenaeum, hom reeds gebring het, omdat hy nou ook nog onsimpatieke Engels geörienteerde Afrikaners teen hom gekry het. DS. ABRAHAM FAURE, wat drie jaar onderwys aan die Kaap ontvang het in die Latynse skool van Dr. HALLORAN, van 1814 tot 1816 in die lettere en godgeleerdheid in Engeland gestudeer het onder een van die stigters van die Londense Sendinggenootskap, wat na sy terugkeer in sy vaderland in 1818 in die huwelik getree het met die dogter van 'n offisier in die Britse leër, in 1843, kort na die Britse Anneksasie, deur Sir GEORGE NAPIER na Natal gestuur is om die agtergeblewe Boere met die Britse imperialisme te versoen, die invloedrykste man in die kerk, was voorwaar geen gemaklike teenstander nie. En op sy inisiatief besluit die Ned. Geref. Kerk in 1847 om 'n teologiese kweekskool op Stellenbosch op te

---

<sup>1)</sup> Dit is in 1853 oorgedruk met 'n voorrede deur ds. RUTGERS VAN DER LOEFF, getitel: *Licht op uw Levenspad*. Woorden van den Zaligmaker op een bevattelijke wijze toegelicht door A. N. E. CHANGUION.

<sup>2)</sup> Vgl. *De Onderzoeker*, April 1865.

<sup>3)</sup> Sy beskouing oor die benaming „Gods Woord”, in *De Onderzoeker*, Julie en Aug. 1864 is wel van leerstellige aard.

<sup>4)</sup> Pogingen van den Enkelen Mensch tot de *Behoudenis van zijn, natuurgenoot*, zijnde eene *Handleiding voor Christenen* door ANDREW REED, D.D. Vertaald door A. N. E. CHANGUION, Kaapstad 1845.

rig om die liberalisme uit Holland te probeer teëwerk.

CHANGUION het hom teen die oprigting verset in 1853 maar in die Sinode van 1857, wat hy as ouderling-afgevaardigde van die Kaapse gemeente bygewoon het, kon hy sy teenstanders net so min oortuig as in sy ag briewe in *De Zuid-Afrikaan*, wat afsonderlik uitgegee is in 1853: *Bezwaren tegen het oprigten eener Theologische Kweekschool in deze volkplanting*.<sup>1)</sup> Uit hierdie botsing van 'n Hollands-liberale met 'n Engels-methodistiese geestesinhoud het 'n pennestryd voortgevloei met sy oud-leerlinge N. J. HOFMEYR (toe predikant op Calvinia) en J. H. NEETHLING (predikant op Prince Albert), wat later hul opstelle verenig het in 'n bundel *Bezwaar tegen bezwaren of Dr. A. N. E. Changuion weerlegd*. Dit het hom verdriet gedoen en in die Voorwoord tot sy *Bezwaren* verklaar hy: „Gelijk te voorzien was, ben ik door sommige tegen-schrijvers onzacht behandeld: ik bedoel hier voornamelijk twee mijner voormalige leerlingen.” Hul verontskuldiging vind hy in hul jeugdige leeftyd, maar gaan hul op die ingeslaë weg voort, sal hy verplig wees, om 'n tweede pamflet aan die onpartydige beoordeeling van die Nederlandse publiek voor te lê. Ook Ds. FAURE kry 'n teregwyding. Die verkeerde gebruik van die spreekwoord: „die put demp nadat die kalf verdronke is”, in sy polemieë waar hy bedoel het „die koël is reeds deur die kerk”, stempel die brief van FAURE in die oë van CHANGUION dadelik as 'n geskrif in oorhaas geskryf. Dit het die taalgeleerde aanleiding gegee tot 'n spitsvondige opmerking teen die „Hartelike Voorstander” nl. „tegenstanders der kweekschool zouden misschien boosaardig genoeg kunnen zijn, om zoo iets te beweren (de put dempen nadat het kalf verdronken is); maar van een „hartelijk voorstander” kan men zulks niet verwachten”. Argumente, dreigemente, teregwydings het alles niks gebaat nie, die kweekskool is in 1859 geopen en daarmee die doodvonnis van CHANGUION as kerkman geteken wat die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika betref. Niemand kon hom oortuig dat sy rigting verkeerd was nie en in 1860 publiseer hy nog 'n reeks van sewe briewe

---

<sup>1)</sup> By VAN DER VLIET, Kaapstad 1853.

in *De Zuid-Afrikaan: Over de aard en de strekking der bewegingen in de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* <sup>1)</sup> waarin hy met besadigde, logiese argumente die liberalisme verdedig. Maar hy het verband verloor met die grootste seksie van die gemeenskap wat hy gekom het om tot steun te wees en op te voed en dan verdwyn alle pedagogiese invloed. Die toon wat hy aangeslaan het, sowel as die gevoelens geopenbaar, het hul nie aangestaan nie. Op die gebied van die politiek, nog 'n glibberige pad, het CHANGUION hom vanaf 1849 druk besig gehou, 'n belangstelling wat vanaf sy aankoms dateer. In die anti-bandiete-agitasie van 1848 tot 1850 wanneer die Neptune vertrek, het hy 'n vername rol gespeel. <sup>2)</sup> In 1853 skryf hy 'n tweetalige pamflet van aktuele belang destyds, wat in druk uitkom enige maande na die Ordonnansie vir die nuwe Konstitusie in die Goewernementsgaset gepubliseer is nl. *A Catechism of the constitution ordinance, followed by hints on the most essential requisites of our future members of Parliament. Kort begrip van de Constitutie Ordonnantie* <sup>3)</sup> waarin hy in die populêre vorm van vraag en antwoord die nodige inligting en voorligting aan stemgeregtigdes gee. Sy hoofartikels in *De Zuid-Afrikaan* dateer van ongeveer 1854 en sy medewerking het hy sowat elf jaar volgehou. Die gees is altyd sterk pro-Hollands-Afrikaans en enige voorstel, soos die in *De Kerkbode*, die offisiële orgaan van die Ned. Geref. Kerk, om Engels te preek, word met hand en tand bekamp, <sup>4)</sup> as ook die Britse naturelle-politiek, <sup>5)</sup> en die wetsontwerp om die Engelse erfreg in te voer in die plek van die aloue Romeins-Hollandse reg. <sup>6)</sup>

By sy kerklike en politieke bedrywigheid, by die werk wat sy Instituut vereis het, het hy nog tyd gevind om sy wetenskaplike werk voort te sit. Uit die Frans vertaal hy 'n

<sup>1)</sup> *De Zuid-Afrikaan* 21ste, 24ste, 31ste Mei, 4de, 11de, 14de, 18de Junie 1860.

<sup>2)</sup> Vgl. *De Zuid-Afrikaan*, 21 Mei 1849, Resolucie No. 7 voorgestel deur prof. CHANGUION op die protes-vergadering; vgl. ook *De Zuid-Afrikaan*, 19 Julie 1849 vir sy toespraak.

<sup>3)</sup> Cape Town 1853.

<sup>4)</sup> *De Zuid Afrikaan*, 28 Julie 1856.

<sup>5)</sup> *Ibid.*, 30 Junie 1856.

<sup>6)</sup> *Ibid.*, 15 April 1858.



*Geschiedenis der Fransche Protestantse Vlugtelingen in 1854* en uit die Hollands *The Pastor of Vliethuizen*, 1861. Hierdie twee vertalings staan in nou verband met sy taal- en kerkstryd. In die voorwoord van die geskiedenisboekie wys hy daarop dat die protestante in Frankryk één teen twintig was, die Nederduitsche kerk in Suid-Afrika maak drie vierdes van die bevolking uit „en zou het dan geen schande zijn, indien men met onverschilligheid toezag, dat de belangen dier kerk, onder het schoonschijnend voorwendsel van onpartijdigheid, aan de gevaren van staatkundige proefnemingen worden bloot gesteld?” Die groot intekenlys, ’n metode wat baie in swang was, en herhaaldelik deur CHANGUION gebruik, is ’n bewys dat die onverskilligheid nie heeltemal so groot was as hy gevrees het nie. Ook *The Pastor of Vliethuizen* het ’n taamlike groot leserskring gehad daar dit in die vorm van ’n feuilleton maandeliks in *De Onderzoeker* gepubliseer is voor dit in boekvorm verskyn het. Dit is die werk van die later hoogleeraar, DIEST LORGION, een van die verteenwoordigers van die Groninger Skool, waarin die vertaler betoog dat die wetenskaplike ondersoek van die Bybel nie aan bande mag gelê word nie.

Naas hierdie vertaalwerk skryf hy oorspronklike taalkundige werke soos die *Beginnelsen der Cijferkunst* (1857)<sup>1)</sup> en die bekende *Elements of Dutch Grammar* (1860),<sup>2)</sup> wat lang jare op die skole in gebruik was, maar dit het hoe langer hoe slegter met sy Instituut gegaan; die ouers het sleg betaal, tog was die groot rede dat hy nie meer die volle vertroue van die gemeenskap geniet het nie vanweë sy liberalisme en uitgesproke Hollandse geestesinhoud. Na die sluiting van sy skool in 1860 het hy hom nog ’n tydlang gewy aan die voorbereiding van kandidate in sekere openbare eksamens van die Raad van Eksaminatore, hy hou nog ’n *Voorlezing ter aanprijzing van een bazaar ten behoeve der dagscholen in verband met de Ned. Geref. Kerk in de Kaapstad* (1862)<sup>3)</sup> maar in 1864 besluit

<sup>1)</sup> Kaapstad 1857.

<sup>2)</sup> Kaapstad 1860.

<sup>3)</sup> Kaapstad 1862.

hy om met sy familie vergoed na Europa terug te keer. Hy is daar in Lörrach, Switzerland, in 1881 oorlede.

Voor sy vertrek het hy 'n reis deur die Kaapkolonie gemaak, orals toesprake gehou <sup>1)</sup> om afskeid te neem en die redes vir sy vertrek uiteen te sit, wat hy nogmaals herhaal het in sy *Introductory Discourse* in 1868 in Lausanne gehou. Hy kon hom nie meer verenig nie nòg met die politieke nòg met die kerklike standpunt. Die proklamasie van 5 Julie 1822, waarby Engels as die offisiële taal verklaar is, en waarby tot die ontbieding besluit is van predikante uit Skotland „that the language of the Parent Country should be more universally diffused” en die plaatsing van onderwysers uit Engeland geskied het „at every principle place throughout the Colony for the purpose of facilitating the acquirement of the English language to all classes of society”, was 'n volslae sukses. CHANGUION het daagliks sien aankom „hoe de taal uwer voorouders allengs van gedaante en kleur verandert, hoe zij, met Engelsche, Hoogduitsche en andere woorden en spreekwijzen als met een veelkleurige plunje van een voddenmarkt uitgemonsterd, eerlang zoo kakelbont zal worden als een harlekijn pak”, <sup>2)</sup> maar hy was soos een roepende in die woestyn. Sy Instituut moes gesluit word, die Kaapse Athenaeum was totaal verengels en die Graaff-Reinetse, wat hy in September 1861 ingewy het, <sup>3)</sup> te ver weg om van daadwerklike betekenis vir die hoofstad te wees. Die ebytd in Suid-Afrika was vir ons op sy laagste in Oktober 1859, toe 'n ouderling van die Nederduits Gereformeerde Kerk op 'n kerkradsvergadering voorgestel het om die deure van die kerk wyd oop te sit vir die Engelse taal. Sy hoofargument was dat in die kolonie tog alles Engels was, „en wij, hoe ook verkleefd aan die taal waarin wij opgevoed zijn, of welke wij onze „moedertaal” noemen,

---

<sup>1)</sup> Vgl. sy *Valedictory adress delivered at various country towns and villages . . . . on a tour through part of the Colony of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1865.

<sup>2)</sup> *Uit ware belangstelling in de Ned. Taal en Letterkunde*, Kaapstad 1840.

<sup>3)</sup> Vgl. *Adres bij de inwijding van het Graaff-Reinetse Athenaeum*, Sept. 19, 1861.

kunnen even zoo min de eb en vloed der zee keeren, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde! — Getuige de laatste jaren: het *Parlement*, het *Hooge Gerechtshof*, de *Magistraats Hoven*, alle publieke bezigheden, zoo wel van het Gouvernement als die waaraan de ingezetenen deel hebben — het is alles Engelsch. In meest alle scholen maakt het Engelsch het hoofdonderwijs uit, — en misschien met een of twee uitzonderingen, waar men in het Hollandsch ook onderwijst, worden de scholen voor jonge jufvrouwen, bij uitsluiting bestuurd door Engelsche onderwijzeressen, die geen enkel woord Hollandsch verstaan.”<sup>1)</sup>

Dat die mens sterflik is, weet iedereen, dat hy daarom nog geen selfmoord hoef te pleeg nie, het blykbaar slegs Dr. S. P. HEYNS en ouderling CHANGUION besef, toe hul eers beswaar teen die voorstel gemaak het en daarop, toe dit deurgaen, protes aangeteken het.

Meer as drie en dertig jaar, meer as die helfte van sy leeftyd het die onvermoeide stryker aan die Kaap gearbei voor hy die moed laat sak het. Ondanks die groot teleurstelling, wou hy tog graag gehad het dat die periode nog lang sou „nagalm”, ’n wens wat hy uitgespreek het in die voorrede tot ’n bundeltjie gedigte *Nagalmen* wat kort voor sy vertrek verskyn het.<sup>2)</sup> Dit bevat „eene reeks van photographiën van zijn inwendig bestaan, op verschillende tijdstippen van zijn leven”<sup>3)</sup>; met ander woorde, soos ’n rolprent trek sy lewe hier by ons verby. Op die naam van digter het hy nooit aanspraak gemaak nie, daarvoor het hy te veel selfkennis gehad, te veel klassieke literatuur gelees maar kultuurhistories is die verse van groot betekenis. CHANGUION dig heeltemal in die trant van die destydse gevierde digters CATS, FEITH, BILDERDIJK en TOLLENS en in die verre Suidhoek koester hy dieselfde verering vir die Franse staatsman-digter LAMARTINE as SPANDAW in Nederland en KAREL LEDEGANCK in

<sup>1)</sup> Oor Engels preek vgl. *Het Volksblad*, 25 en 27 Okt., 3 en 8 Nov. 1859.

<sup>2)</sup> By VAN DE SANDT DE VILLIERS, Kaapstad 1865.

<sup>3)</sup> Voorrede.

Vlaanderen.<sup>1)</sup> In die *Ned. Z.A. Tijdschrift* in die jaar 1840 verskyn *Vertalings uit de Reis van Lamartine naar het Oosten*. In 1848 stuur CHANGUION saam met die ontwerp vir 'n woordeboek, 'n uitstekende vertaling aan die Leidse maatskappy, *Rouwklagt van Lamartine over den dood van zijn dochtertje*, wat hul gepubliseer het in *Het Algemeen Letterlievend Maandschrift*, 'n bekende Hollandse blad, van 1849 en wat hy later opgeneem het in *Nagalmen*. Die vertaling is 'n bewys hoe hy steeds op die hoogte gebly het van die Europese literatuur van sy eie tyd. Die hele bundel moet in die kader van daardie tyd beskou word.

Die eerste „galm”, 'n *Nieuwjaarswensch*, is die rymelary van 'n sestienjarige; die langdradigheid sowel as die „rozenpad”, „filomeelenzang”, „treurvalleijen” en „ramporkanen” waarvan daar sprake is, moet aan sy jeugdige leeftyd toegeskrywe word.<sup>2)</sup> Beter is *De Noodlottige Zaterdag* waarin die Leidse student in luimige trant vertel van al sy wederwarighede tydens 'n „grootte schoonmaak” by sy hospita. Wie dergelike noodlottige dae in Holland nie beleef het nie, kan van geluk praat:

„Hier gaat het weer den oudengang,  
En dit duurt gansche uren lang,  
Geen draadje blijft er op 't tapijt,  
Men houdt niet op met wrijven;  
Want om de minste kleinigheid  
Raakt soms mevrouw aan 't kijken.”

Van die soort rympies, nie beter nie en nie slegter nie, het *Di Patriot* in die sewentiger jare talryke versprei, met die verskil dat hul in die Afrikaanse vorm opgestel was. Die eenvoudige humoristiese verhalende verse soos *Gedenkwaardige Maaltijd* en *Teedere Liefdeklacht van een Apotheker* van CHANGUION, het byval gevind, veral as dit soos in die geval van *De Luidruchtige jasparty* in die vorm van 'n tweespraak gegiet was. Die onderwerp, die ou kaarspel „klawerjas”, het tot vandag nog sy bekoring vir ons boerebevolking. 'n Digter,

<sup>1)</sup> Vgl. TE WINKEL: *De ontwikkelingsgang der Ned. Ltk.* IV. p. 677 oor die invloed van Lamartine se *Premières méditations* (1820) waarmee hy die nuwe romantiese skool inlui.

<sup>2)</sup> Ook afgedruk in *Zuid-Afrik. Tijd.*, 1834.

wat by hul gelief was, Vader CATS, word nagevolg in *Het stadje daer ik woon*, 'n rymbrief waarin selfs die onreëlmattige, willekeurige Catsiaanse spelling nageboots is. Albumverse soos *In het album van N. T. Z.*, en *In het album van J. v. H.* is studente-mode-werk wat nou ouderwets en sentimenteel aandoen. Dit is ook die geval met *De Peinzende Minnaar* en *Lied aan de Verveling*, wat tydens die Tiendaagse veldtog gemaak is, net retoriese, holle klanke waarin alle krag en individualisme ontbreek. Enige vooruitgang is te bespeur in die verse aan die Kaap gemaak. Die eerste gedig, wat hy uit die Kaapse periode opneem, *Aan eene vriendin ten geleide van een geschenk*, dateer uit 1832. Daardie „vriendin” was MAGDALENA ELIZABETH FAURE met wie hy kort daarop getroud is. In haar album is ook geskryf *In de vriendenrol van een jonge dame* en op haar slaan die minnedig *Verloving*. Eg en innig, beskeie is die toon van die minnaar in die albumverse:

„Minzaam lagchend gaaft ge 't blaadje,  
 En ik was te regt verblijd,  
 Want ik dacht, sta 'k in dat boekje,  
 Dan is me ook een plaatsje of hoekje  
 In uw achting toegewijd.”

CHANGUION het sy groot geluk aan die Kaap gevind waar hy van plan was om sy lewe te slyt. Sy verse is deur daardie land geïnspireer, die geskiedenis van daardie land het hy syne gemaak soos ook blyk uit die *Cantaten bij eene voorlezing van den gewezen fiskaal, Mr. D. Denysen*.<sup>1)</sup> Van chauvinisme en retorika is hierdie kantate nie vry nie maar daar sit tog opregte liefde tot die nuwe vaderland in, regmatige trots op die stigter,  
 VAN RIEBEECK:

„De Kaap der Stormen, 't golfgeklots  
 Schrikt hem niet af; hij plant zijn standers,  
 Op klip en rots.”

In die slotsang word die muse van die geskiedenis wat alles in haar „historieblaen” opteken, aangeroop:

<sup>1)</sup> Ook geplaas in *De Ned. Z.A. Tijd.* 1835, p. 29.

„Dat ons land daar ook moog prijken,  
 Dit wensch ieder Afrikaan,  
 Dat het uw' historieblaën,  
 Met veel loflijks moog verrijken.”

CHANGUION het hom heeltemal Afrikaner gaan voel. Hy skryf geleentheidsverse by die huwelik van die Kaapse predikant dr. S. P. HEYNS en ter geleentheid van 'n onthaal aan die bestuur van die Landboukundig genootskap in 1846, dig 'n drietal skoolliedere op versoek van die skool „Tot Nut van 't Algemeen”, nl. *Bij een examen, Na de prijsuitdeling* en *Na eene vacantie* en maak 'n vers op *De Kaffer Oorlog* (1846) waarin sy meegevoel met die grensboer duidelik spreek. Laasgenoemde roep die *Unie-kantate* van JAN CELLIERS voor die gees. Dit is volgens opgegewe versmaat maar die plastiese skildering, wat deur die gejaagde klank en ritme sigbaar is, is sy eie en nie onverdienstelik nie:

„Luid en naar  
 Klonk de maar  
 Woest gespuis bestookt ons land,  
 Aangesneld!  
 Keer 't geweld,  
 Tref den vijand, blusch den brand.

Help ons God!  
 Welk een lot,  
 Grimt den grensbewoner aan:  
 Op de been,  
 Snelt er heen,  
 Wie zou hier van verre staan?

Jeugdig bloed,  
 Fiere moed,  
 Zijn ons prikkels tot den strijd;  
 Wordt ons land  
 Aangerand,  
 Roep ons op, wij zijn bereid.”

Tot die kultuurstryd was CHANGUION altyd bereid solang soos die kans op oorwinning nie heeltemal uitgesluit was nie, maar soveel vrugte op sy arbeid as wat hy hom voorgespieël

het, het hy nie gesien nie. Die stryd staal en verhef maar as die getalle van die teënparty te oorweldigend is, lei dit tot twyfel en wanhoop aan die goeie saak. Die hoogstaande, diep godsdienstige geleerde pedagoog met liberale beskouings, kon nie meer die ortodokse gemeenskap van die egtheid en diepte van sy godsdiens oortuig nie en daarmee het vir hulle alle opvoeders geval of gestaan. Ons het by die groot nasionale insinking gekom en toe daar moes gekies word tussen Hollands en liberaal aan die eenkant en Skots-Engels en ortodoks aan die ander, wat oriëntering betref, het CHANGUION 'n verpletterende neerlaag gely. Nie sonder noodlottige gevolg vir homself, het hy die later moderne predikante D. P. FAURE, S. P. NAUDE, J. J. KOTZÉ en A. C. W. LEIBBRANDT aan sy Instituut opgevoed nie, waar ook die staatsman H. J. HOFMEYR en die teologiese professor N. J. HOFMEYR hul opleiding ontvang het. En tog — *De Onderzoeker* het in sy afskeidswoord aan die groot opvoedkundige, taal- en letterkundige, kerkman-politikus die waarheid voorspel toe dit hom getroos het met die afskeidswoorde: „goed zaad met wijsheid en liefde in de ziele uitgestrooid, kan niet nalaten eenmaal goede vruchten voort te brengen; al wordt deze niet aanstonds bespeurd, toch zal de toekomst ze eens doen aanschouwen, zoo niet aan den tijdgenoot, dan toch aan den nakomeling”.<sup>1)</sup> Die nakomeling het die vertrek van dr. A. N. E. CHANGUION gaan betreur as een van die grootste verliese van die neëntiende eeu en sy werk van onbetaalbare waarde gaan skat.

#### 4. ASSISTENTE AAN DIE HOLLANDSE INSTITUUT IN KAAPSTAD, VERAL DR. J. W. G. VAN OORDT.

Die Instituut van Dr. CHANGUION in Strandstraat waarvan daar ook 'n kosskool verbonde was, kon nooit so 'n groot bloei bereik het nie, as die hoof nie die uitstekende samewerking geniet het van manne soos die skrandere maar hiperkritiese D. P. FAURE, soos die redakteur van *Het Volksblad*, later pro-

<sup>1)</sup> *De Onderzoeker*, April 1865.

fessor RODERICK NOBLE, soos die eerste redakteur van *De Onderzoeker*, LEOPOLD MARQUARD, en die belangrikste van almal, Dr. JOHAN WILHELM GERBRANDT VAN OORDT.<sup>1)</sup> Dr. VAN OORDT, gebore in 1826, klassikus sonder weerga in Suid-Afrika in die 19de eeu, uitstekende kenner van die oue en moderne geskiedenis, het op betreklik jeugdige leeftyd sy lot met ons ingewerp, en hier in die huwelik getree met 'n dogter van CHANGUION. Behalwe vir 'n tussenpoos van 1860 tot 1876 toe hy werksaam was aan die Gimnasium in 's Gravenhage, het hy sy lang lewe, en byna grenselose arbeidslus tot sy dood in 1904, in diens van Suid-Afrika gestel.

Hy was eers leraar aan die gimnasium in Gouda waar hy NICOLAAS JACOBUS VAN WARMELO, die later Transvaalse predikant onder sy leerlinge getel het. Die betrekking van leraar in die Nederlandse taal en in algemene geskiedenis daar, het hy in 1853 verwissel vir die van leraar in die skool van dr. CHANUGION. Van sy pen het verskyn: *De uitwendige politiek van Griekenland gedurende het tijdvak der Grieken en hunne Volksdenkbeelden* (1863), *Constantijn de Grootte en zijne voorgangers* (1868), en *Grieksche mythologie* (1874). Maar sy roem als klassikus en as skywer het hy te danke aan sy vertaling van die *Descriptio Epistolaris* van DE GREVENBROECK, wat hy in die opnuut deur hom opgerigte *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* geplaas het.<sup>2)</sup>

Hy het naam gemaak as joernalis en later as redakteur van *Het Volksblad*, bydraer tot die Engelse blad *Standard and Mail* en was byna tot aan sy dood verbonde aan *Ons Land*; Dr. VAN OORDT was 'n tydlang Transvaalse historikus, wat as vrug van sy argiefstudie in verband met die Groot Trek, 'n verhandeling gelewer het oor *De Transvaalse Gebeurtenissen en de Toekomst van Zuid-Afrika* (1881) en een oor *Slachtersnek*; op hoë ouderdom het hy nog 'n wêreldgeskiedenis in vier dele tot op die val van NAPOLEON geskryf wat as 'n standaardwerk

---

<sup>1)</sup> Enige lewensbesonderhede ontleen aan: *Nieuw Ned. Biograph. Wkb.*, BOSMAN en DREYER: *Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika*, p. 30—31. MANSVELT: *De Betrekkingen tusschen Ned. en Z. A.*, pp. 41—43.

<sup>2)</sup> Sien p.



van die eerste rang beskou word. Sy werkkrag en sy liefde vir sy sonnige aangenome vaderland het met die jare nie verminder nie. En hy het ons 'n seun gegee, J. F. VAN OORDT, beter bekend en gelief as „D'Arbez”, historikus, historiese-romanskrywer, die grootste Hollandse literator en beste verteenwoordiger van die Romantiek in Suid-Afrika. <sup>1)</sup>

Ook vir dr. VAN OORDT het dit teen 1860 toe die angliseringsproses 'n hoogtepunt bereik het, en hy die kerk teen hom gekry het oor sy liberale sienswyse, onhoudbaar geword.

Dit het gelyk alsof die ebyd van die Dietse kultuur in Kaapland gekom het, om te bly.

---

<sup>1)</sup> D'ARBEZ word in Deel II bespreek.

## HOOFSTUK XI.

### ORTODOKSIE EN ROMANTIEK TEENOR REALISME EN LIBERALISME.

---

#### 1. ORTODOKSIE OP DIE PLATTELAND. MEWES JOHANNES TROMP.

Daar het 'n hemelsbreë kloof gegaap in geestesinhoud tussen die skool van CHANGUION, wat as sentrum die hoofstad gevind het en die skool van die ortodokse Skotse predikante, wat hul invloed en verteenwoordigers meer op die groot dorpe gehad het. Dit was veral die predikante-familie MURRAY wat die meeste invloed op die platteland gehad het. Al het hul die Hollandse taal aangeleer, Hollands was en kon hul inhoud nooit wees nie.

Die populêre *Kaapse Kinderbijbel* van JOHN MURRAY wat in 1857 binne ses maande uitverkoop was, „een ongehoord feit hier aan de Kaap”<sup>1)</sup>, is niks anders as 'n vrye vertaling van 'n Engelse werk *Line upon Line*, wat by duisendtalle in Engeland versprei is.<sup>2)</sup> Hul was predikante van die Hollandse kerk, maar hul ortodokse rigting was nie die van Holland nie. 'n Kontrastering tussen die geselskapsliedere van DE KOCK en 'n bundel verse van MEWES JOHANNES TROMP, lidmaat van die Stellenbosse kerk, wat omstreeks dieselfde tyd (1850) vir sy sanglustige „waarde landgenooten” dig, kon dien ter verder illustrasie. Die titel van die bundel van TROMP lui: *Eenvoudige Mengeldichten over Godsdienstige onderwerpen*

---

<sup>1)</sup> *Elpis*, 1857, pag. 236. Vgl. „Aanteekening” voorin die *Kinderbijbel*.

<sup>2)</sup> Hy het ook 'n *Catechisatie-Boek over de Leer der zaligheid, volgens het korte begrip, vooral voor huiselijk gebruik* opgestel. Kaapstad 1857. Dit was baie populêr, vyfde druk in 1872.

onder den naam van *Eenzame Gemeenschap met den Vader der Lichten*, tot vermaak en aangenaamheid van eenvoudigen in Christus. <sup>1)</sup>

Dit moes dus. soos die geselskapliedere, „tot vermaak en aangenaamheid” dien, die vervaardigers of versamelaars is albei gebore Afrikaners, die werkies word by dieselfde Afrikaanse uitgewer uitgegee maar die een sit vol dawerende lewensvreugde, bevat uitdagings van ’n selfstandig-denkende en ten volle gelykwaardige vennoot in die twee- of meer-slagtige Kaapse Maatskappy, die ander is dweperig vroom, lerend, stigend en vermanend, so eg na die hart van die eenvoudiges. Die digste wat TROMP by ’n sprankeltjie lewe kom in sy meer dan honderd volgerymde bladsye, is in *De Heilige Cijferkunde*, ’n kuriosum, ’n vernufspel, wat aan die 18de eeuers herinner. Die terminologie van die matematikus moet hier dien as opskrifte en inspirasie vir die moraliserende digter b.v.:

„Additie —  
 Leer, landgenoot, leer dan voortaan  
 Uw levensdagen tellen.  
 Subtractie —  
 Trek u staag af van heerschappij,  
 Van duiwel, vleesch en wereld”.

En so is daar koeplette vir multiplikasie, divisie, die reël van drie, die reël van die breuke, praktyk ens. met ’n wyse les vasgeknoop aan elke sommetjie. Die kort sangspel *De zevenvoudige lof van Jezus naam* het alleen dit met ’n sangspet gemeen dat die name van die karakters en hul instrumente van begeleiding aangedui word. Van intrige of handeling is daar geen sweem nie; die hele bundel is ’n eentonige gedreun van godsdienstige verse, wat soos twee druppels water op mekaar lyk.

Die Stellenbosse leesgeselskap *Lust tot Wetenschap* kom in 1840 te staan op die lys van intekenaars op die *Ned. Z.A. Tijdschrift* <sup>2)</sup>, maar langamerhand het die opvatting op die

<sup>1)</sup> Kaapstad, v. D. SANDT DE VILLIERS & Co. 1850. ’n Eksemplaar is goedgunstiglik aan my geleen deur dr. F. C. L. BOSMAN.

<sup>2)</sup> *Ned. Z.A. Tijds.* XVII, p. 52.

platteland veral, posgevat dat 'n digter hom alleen maar in godsdienstige verse uit en dat 'n gelowige gemeenskap geen wêreldse liedere sing en geen andere dan godsdienstige lektuur in hande neem nie. Geen wonder dan dat die translateurs by die hooggeregshof, SWAVING en DE KOCK, en hul veel belangriker stadgenote CHANGUION en VAN OORDT, almal gelowige skrywers maar met 'n meer rasonale Hollandse filosofie toegedaan, wat hul nie altyd op die versigtigste en mees diplomatiëse wyse gepropageer het nie, hul invloed gaan verloor het op die volk, wat in sy hart Hollands-Afrikaans gebly het maar in die kneep van oorheersing en 'n wêreldstroming vreemd aan sy aard, vasgedruk gesit het.

2. PIERRE DAMMES MARIE HUET, „ALTIJD VERVOERD DOOR ZIJNE VERBEELDING, ALTIJD DWEEPENDE MET IETS”,  
BRING DIE ROMANTIEK NA SUID-AFRIKA.

In 'n „zang voor onze dagen”, *De Hollandsche Taal*, 1857, het 'n onbekende, vergete versmaker A. VAN DER HOOP sy besorgdheid oor die toenemende verengelsing uitgesug. Alles span saam om „de taal, eens landtaal aan dit strand” te verban, orals heers die opvatting dat die taal en die poësie van die romantikus SHAKESPEARE onontbeerlik is by die onderwys —

„Maar toch blijf' ons steeds 't Nederduitsch  
De taal, waar wij den Heer in smeeken,  
Het Liefst en het vertrouwlijkst spreken  
In kerk en school, en in ons huis!”<sup>1)</sup>

Dit was ook die ondervinding en lewensopvatting van die Paarse predikant G. W. A. VAN DER LINGEN toe hy in 1853 'n versoek gestuur het na Holland om 'n redakteur, wat onder sy toesig 'n tydskrif vir Suid Afrika sou kon redigeer. Die ou *Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* was al tien jaar dood, die toestand van Hollands het van kwaad tot erger

---

<sup>1)</sup> A. v. D. HOOP: *De Hollandsche Taal*, Kaapstad, by v. d. SANDT 1857.

geword en dit sou nog tot 1878 duur voor Dr. J. W. G. VAN OORDT weer met die uitgawe van die gestaakte periodiek begin.

Ds. VAN DER LINGEN wou 'n eie kristelike tydskrif uitgee, waarin hy „vooral een bekwaam letterkundige”<sup>1)</sup> in die redaksie wou hê. *Elpis*. Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika, is in 1857 opgerig. Die letterkundige, PIERRE DAMMES MARIE HUET, het gekom, geen redakteur geword nie, maar ons 'n bundel *Paarlse Gedichtjens* in 1856<sup>2)</sup> gegee. Dit is gedigte van 'n Romantikus, 'n weerspieëling, 'n ontboeseming, 'n uitstorting van 'n oorvol gemoed wat nêrens rus geken het nie.

Die Verligting (*Aufklärung*) van die agtiende eeu, wat alle „onverstand” ook by ons sou verband”<sup>3)</sup>, bly in regstreekse verband staan met die neëntiende eeuse liberalisme en in die literatuur vind dit uiting in 'n realisties-romantiesgetinte afbeelding van die daelikse lewe. Maar die stroming word diep oorskadu deur die half-ligte van die Romantiek, wat daar oor Europa gegooi is. Daardie parallelle golf van gevoel en verbeelding het in verband gestaan met die sentimentele rigting van die voorafgaande tydperk, die vernaamste uiting gevind in die gevoelige, dikwels gevoeligerige ballade en natuurlied en in die historiese-roman. Die Reveil, die herlewing van die gevoel op die gebied van die Kerk, het nou by die Romantiek aangesluit. ISAAC DA COSTA, die vernaamste digter van die Reveil, was die laaste man van wie HUET afskeid geneem het voor sy vertrek om die tydskrif van 'n regsinnige, ortodokse predikant teen die „moderne” stemme, wat hier en daar opgegaan het, te help oprig.

PIET HUET (1827—1895), die seun van 'n Amsterdamse predikant by die Waalse Kerk, was 'n gevoelsmens, 'n romanti-

<sup>1)</sup> In die korrespondensie met Ds. HELDRING, vgl. *Pierre Dammes Marie Huet*. Een Lewensschets door de Redactie van „Woorden des eeuwigen levens”. Uitgewers, JACQUES DUSSEAU, Amst. Kaapstad (datum onvermeld), p. 32. Die lewensbesonderhede is hieraan ontleen. 'n Kort lewensskets van HUET het verskyn in die *Almanak vir die Ned. Geref. Kerke in Z.A.* 1929, pp. 31—35. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. Ned. Herv. Kerk II*, bespreek sy kerklike loopbaan.

<sup>2)</sup> Gedruk by N. MARAIS, Kaapstad 1856.

<sup>3)</sup> Sien p. 147.

kus, 'n digter met wie die Europese golf van Romantiek na Suid-Afrika oorgedein het. In sy studentetyd in Leiden en in Montauban het hy losbandig geleef, hom aan allerlei uitspattinge skuldig gemaak waarvoor hy tot eenkeer drie weke in die tronk gesit het in 'n vreemde land. Om die beurt het hy glad niks geglo nie, dan was hy weer dwepend vroom; beurtelings het hy 'n vroom-sentimentele gekweel in Franse geleentheidsversies laat hoor soos in *A mon père bien aimé*, die gelukwens van 'n agjarige seuntjie, en dan weer profane studente spotverse gemaak; om die beurt het die trane hom langs die kake gevloei as hy hom ure lang op die knieë verootmoedig en dan weer het hy die romanliteratuur, veral van die historiese-romanskrywers DUMAS en GEORGE SAND, verslind. Hy het onder die indruk van die oomblik geleef, op sy gevoel gedryf soos hy dit so onverbeterlik uitgedruk het in *Mijn hart is rusteloos* in sy *Paarlsche Gedichtjens*:

„Mijn hart is rusteloos meer dan de popelblären,  
 Meer dan aan 't oeverstrand het ritselende riet,  
 Meer dan het woest geklots der fel bewegene baren.  
 De bladers vallen af; God doet de zee bedaren;  
 Mijn hart, mijn hart alleen bedaart Zijn Almacht niet.”<sup>1)</sup>

In die Paarlse pastorie het hy ortodoks vroom geword, was ingekeer en somber ernstig, en dan plotseling weer vol gekkerny en ligsinnigheid.<sup>2)</sup> Die natuurskoon van die omgewing, al die nuwighede het sy gevoel en verbeelding geprikkel en die skeiding van Europa het hom blykbaar nie baie moeilik geval nie. Uit *Landshuizers Uitboezeming* spreek selfs 'n gevoel van verligting dat hy die groue wêreld van oorlog en twis agter hom gelaat het:

„Europa, toen ik Englands kusten  
 Zag nederzinken in 't verschiet,

<sup>1)</sup> *Paarlsche Gedichten* p. 18. Herdruk in sy *Afrikaansche Gedichten*, 6de druk, 1891, p. 1.

<sup>2)</sup> Vgl. *Herinnering aan het leven en de arbeid van de Weleerw. Zeer geleerden Heer G. W. A. van der Lingen, predikant der Nederd. Ger. Gemeente aan de Paarl.* Door zijne dochter M. DE VILLIRS, geb. VAN DER LINGEN, met een voorrede van P. HUET, Utrecht, 1875.

Toen 'k voor het laatst mijn blik liet rusten  
 Op uw verouderd grondgebied,  
 Toen de Oostewind de zeilen vulde,  
 Het land zich in een nevel hulde,  
 En 'k niets dan lucht en golven zag....  
 Toen was 't me als waar 'k een ramp ontkomen!  
 Als wierd me een groote last ontnomen,  
 Die loodzwaar op mijn boezem lag!"<sup>1)</sup>

As hy soos PIETER DE NEYN gemeen het om vrede en rus onder die Suiderkruis te vind, het hy hom deerlik misgis. Niemand kan sy aard en die wêreldorde van sy tyd ontloop nie en in „de aloude Protestantsche Kerk”, wat HUET nog vry van godsdiensgeskille vind, sou spoedig roering kom, waarin hy 'n nie onaansienlike rol sou speel.

Die bedoeling was dat hy redakteur sou word van 'n kristelike tydskrif waarin kerklike sowel as politieke landsbelange sou behandel word; daarom hou hy hom onledig met die bestudering van die joernalistiek van die Kaapse Pers, veral van *De Zuid-Afrikaan*, waarin hy af en toe 'n versie plaas, meesal vertalings van sy Franse gediggies. In een daarvan *Vooruitgang*,<sup>2)</sup> het hy in 'n voetnoot versoek dat sy spelling „macht”, „recht ipv. „magt”, „regt” moet gelaat word waardeur hy hom as 'n voorstander van die Bilderdijkse spelling opgewerp het. Dr. CHANGUION, onder die skuilnaam A. B., het sy ontevredenheid hieroor te kenne gegee deur enige digreëls van YNTEMA uit *Godenpraetjje op den Olimp ten huize van Jupiter* op die jeugdige spelling-entoesias toe te pas. Daarin het die pedagoog gelag oor „de kleine bier- en broodpapwijzen”, wat op deurlugte grysaards neersien. Spottend-satiries hetdie onbesonne nuweling, wat met die Suid-Afrikaanse spelling- en taalmoeilikhede nog lang nie op die hoogte was nie, teruggekaats in 'n hekelvers *G of Ch*:

„Nu komen de doorluchte grijzen,  
 Door mijn ch's en f's „getergd”  
 Mij op hun zilvren schedels wijzen,  
 Alsof 't vernuft zich daar verbergt!  
 Zij komen in verbeterden woede

<sup>1)</sup> *Paarlsche Ged.* p. 9.

<sup>2)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 13 April 1854.

Met de ouderwetsche schoolvosroede,  
 Waarvoor men vroeger vreezen kon,  
 Mij rijmende insolenties zeggen,  
 Omdat ik me aan geen band laat leggen,  
 Door Weiland of door Changuion." <sup>1)</sup>

Hy het spoedig uitgevind dat gryshare wel 'n waarborg teen dwaasheid en domheid is as hul op die hoof groei van die gewese rektor van die Athenaeum, die grootste taalstryer in sy tyd, en HUET, die veranderlike, temperamentvolle, was grootmoedig genoeg om agterin sy bundeltjie gedigte sy skuld te bely en sy terugkeer tot die ou spelling aan te kondig „omdat de taak der Hollandsche Onderwijzers in de Kolonie reeds zwaar genoeg is, zonder dat eene veranderde wijze van spelling, de Afrikaansche jeugd nog meer in den war brengt". Toe hy later 'n tydjie in Schoemansdal skoolgehou het, het die praktyk hom nog verder geleer wat die teorie nie kon nie.

Die geestige, spottende toon kon hy soms met groot sukses op homself toepas in sy *Paarlsche Gedichten*. In *Kaalheid* steek hy die draak met sy jeugdige trots op sy bruin hare wat met „geen vet van beeren", „kippenvet", „macasserolie of wel twintig soort pommaden" te red was nie. Werklik vermaaklik is sy opeenstapeling van vergelykings om die kaalheid aan te dui, sy kop is soos die van 'n Profeet, soos die torenspits van Pisa, soos 'n sedepreek van 'n waanwyse sot, soos

'n, „Anamboevrucht, maar zonder bijenstecken",  
 Soos die van die skrande ou filosoof,  
 „Waarop een adelaar een schildpad stuk wou breken,  
 Zoo dat zijn arme kruin in duizend splinters stoof."

Maar dan verander sy stemming en kom daar 'n uitgerekte sedepreek teen alle menslike ydelheid, aan die slot. Die digter het alweer „de dartele luit gebroken".

Dan kan hy so sag en teer *Troost in Scheiding* aan Mevr. A. DE V. bring, haar beklag oor die afwesigheid van haar man en belangstellend vra:

---

<sup>1)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 15 Juni 1854.



„Wat buigt, wat buigt uw hoofd zich neêr  
Op 't kunstwerk van uw vlugge handtjens?  
Gij heft uw droeven blik niet meer  
Van uw borduurseltjens en kantjens.”

Dit is 'n mooi skilderytjie, treffend deur die eenvoud en suiwerheid van gevoel maar na hierdie veelbelowende aanhef verval die jeugdige sedepreker in allerlei aanmanings tot gebed en geloof, word hy die dweperige romantikus.

Dit is ook die geval met sy twee romantiese ballades wat hy in Hemmen begin en aan die Paarl voltooi het, *In 't asyl Steenbeek*, en *Buiten 't Asyl*. Hul is gewy aan die gevalle vroue, wat ds. HELDRING, die groot filantroop en geestelike vader van die digter, wou reklassifiseer. Met vloeke en trane stort die slagoffers van die verleiding, geskonde „witte vlindervleuglen”, hul smart uit, woes hang hul hare om die skouers, strak en van lewensgloed beroof „staan de oogen in het bleeke hoofd”. Dit is alles de geliefde terminologie, die oordrewe gevoel, die wilde verbeelding, wat die Romantiek kenmerk.

Ook die berou en diepe sondebeseft van die Reveil spreek so duidelik in hierdie periode. 'n Anonieme digter, P. C. S. KLA in *De Kerkbode* dat daar te veel van die kansel af te keer gegaan word teen sedelike kwaad, en te min van genadeleer gepreek word, met die gevolg „dan wordt Gods tempel my een kerker”. 1) HUET, pas opnuut bekeer deur sy ortodokse beskermheer, antwoord P. C. S. in *Zonde- en Genade-Prediking*:

„Gij wilt slechts van genade hooren,  
En niet van zonde of zeedlijk kwaad?  
Slechts liefde-taal kan u bekoren,  
Maar niet, dat God de zonde haat?

Mijn arme vriend, gij doet mij vreezen,  
Dat gij, hoe schoon uw taal ook schijn',  
Niet weet hoe g'eerst moet „zondaar” wezen,  
Om slechts daarna „verlost” te zijn. 2)

1) *De Kerkbode*, 1 Sept. 1855.

2) Ook geplaas in *De Zuid-Afrikaan*, 13 Jan. 1867.

Tot die filantropie het hy hom aangetrokke gevoel, alle menslike smart wou hy verlig, sendeling word, was sy ideaal van jongsaf en in dergelike oomblikke van sondebeseft het die droom weer opgekom. Ds. VAN DER LINGEN het hom die raad gegee om by die Sinodale kommissie aansoek te doen om tot die proponents-eksamen toegelaat te word.

Sy versoek moes oorstaan tot die sitting van die Sinode in 1857 maar intussen, in 1856, is hy op Aliwal Noord as hulpprediker benoem. Van daaruit stuur hy 'n danklied, „aan de wilgen des Oranje-strooms geplukt”, *Aan G. W. A. van der Lingen*, waarin hy getuig van sy eerbied en agting vir hierdie leidsman, sy dankbaarheid vir alle liefdeblyke, wat hy ontvang het onder 'n Paarlse „gastvrij dak, in 't groen der eikeboomen”. Hy lees daar 's *Christens Reize* van BUNYAN<sup>1)</sup>, vind dit „een heerlijk boek”, en gloei van bekeringsywer, wat hy in die werkstel vir blank en gekleurd. Dit is die metodisme wat hom aanpak en in die verhaal wat hy aan sy Paarlse vriende opstuur *Eenige reisindrucken en losse opmerkingen uit het zakboek van P. Huët* voel ons al die voorloper van sy gerugmakende boekie *Het lot der Zwarten in Transvaal* (1869).<sup>2)</sup>

PIET HUËT was weer heeltemal vervoer deur sy verbeelding, sy onbeteuelde gevoel het hom in die voetspore van VAN DER KEMP en PHILIP gelei en die afstand van die verstandige, ortodokse maar geen dweepende raadsman, was te groot om hom teë te hou. Hy sou op die pad voorthol tot hy, totaal verblind vir die lot van sy stamgenote, die Engelse goewernement sou gaan aanspoor, om „het gezag over de Hollandsche Republieken in handen te nemen”, die doelstelling van *Het Lot der Zwarten*.

Op sy reise vanuit Oliwal-Noord deur die Oranje-Vrystaat, waar hy kennis maak met ds. ANDREW MURRAY en na die poste van die Franse sendelinge in Basutoland, bewerkstellig

<sup>1)</sup> G. W. STEGMANN met medewerking van prof. CHANGUION het in 1842 's *Christens Reize naar de Eeuwigheid* opnuut vertaal, met aantekeninge en 'n lewenskets verryk. Kaapstad: Gedrukt voor J. H. COLLARD, Heerengracht, 1842.

<sup>2)</sup> Utrecht, 1869.

hy „hartverscheurende” tonele van bekering, wat hom herinner aan die beskrywing van ’n Amerikaanse „revival”, wat hy so pas gelees het. Die Amerikaans-Engelse „revival”-gees was vaardig oor die temperamentvolle digter. Sy reisjoernaal word in *Elpis*,<sup>1)</sup> die vernaamste bestaande ortodokse periodiek geplaas, en die verheerliking van die „zwarten”, die onbarmhartige, spottende beskrywing van die boerelewe in die Noorde, die wêreld ingestuur. Hy het daar later spyt oor gehad, soos HUET oor alles berou gehad het, maar die naam van sy stamverwante was beklad deur wie hul juis moes verdedig het, omdat hy voortgestu deur ’n aangewaaide „revival”-gees hul nie meer begryp het nie.

In Oktober 1857 is hy terug in Kaapstad om voor die Sinode sy proefpreek te hou waarvoor hy ’n eienaardige tekskeuse „Roep Simson, dat hy voor ons spele”, gedoen het. Na aanleiding hiervan het hy ’n *Simson's lied* gedig.

Vroeg in die volgende jaar onderneem hy ’n reis as afgevaardigde van die Kaapse Sinode na die Oostelike Transvaal en reis deur Natal. Sy verblyf van twee maande in Pietermaritzburg was die aanleiding tot die eerste verse van die uitsluitend godsdienstige bundel *Uit Natal*.<sup>2)</sup> Stichtelike Gedichtjes (1858). Op die lang vermoeiende reis na Utrecht tot in Lijdenburg, in oomblikke van ontbering of van verrukking het hy sy ligbewoë gemoed in verse uitgestort. *Uit Lijdenburg* klink dit:

„Geen menschengunst voor mij, maar smaadheid en verachting;  
Geen aanzien hier op aard zij immer mijn verwachting.

<sup>1)</sup> *Elpis*, *Algemeen Tijdschrift voor Z.A.* het driemaandeliks verskyn, was onder redaksie van Dr. SERVAAS HOFMEYR, het medewerking van allerlei vooraanstaande Gereformeerdes in S.A. en ook ’n enkele keer van Drs. N. BEETS en VAN OOSTERZEE geniet. Dit het in Kaapstad, Rotterdam, New-York en Batawië verskyn, was bedoel as teenpropaganda teen *De Zuid-Afrikaan* en *Het Volksblad*. Vgl. BOSMAN en DREYER: *Hollandse joernalistiek in S.A.* p. 7.

<sup>2)</sup> Pietermaritzburg 1858. Enkele is opgeneem in sy *Verspreide Gedichten* (1878), ook in *Afrikaansche Gedichten*, Amst. 1867 (2de druk 1868) o.a. „De laagste plaats.”

Maar o! dat op uw Woord de zondaar zich bekeer,  
Dan wenscht mijn ziel niets meer." <sup>1)</sup>

Die gelykstelling van blank en swart, waarmee hy so vervul geraak het, het hom nie die „menschengunst" van die boerebevolking in Lijdenburg en in Zoutpansberg laat verdien nie en sy stuk *Het eeuwig lot der Heidenen*, in *De Kerkbode* teen die end van die jaar 1858, hoe verdienstelik ook al uit 'n filantropiese oogpunt beskou, het hom nie heeltemal onverdiend „smaadheid en verachting" op die hals gehaal. HUET was 'n gevoelsmens „levende onder den indruk van het oogenblik, altijd vervoerd door zijne verbeelding, altijd dwepende met iets". <sup>2)</sup> In die lig moet ons sy uitstorting in 'n sentimentele vers, *Klaghte van een Kafferkind in Overvaal*, opgeneem in *Het lot der Zwarten*, <sup>3)</sup> opvat. Die reisindrukke, oordrewe deur sy sterk verbeelding, was nog vars in sy geheue.

In Natal waar hy eers na Ladysmith en toe na Pietermaritzburg beroep is, het hy opskudding verwek deur daarop aan te dring dat die kleurlinge in die kerk van die „uitgewekenen", 'n plek kry. Sy voornemens in 1860 om hom na Holland in te skeep om daar hulp te soek vir die uitgestrekte gemeentes, staan in nou verband met sy sendingywer. Hy dig 'n afskeidslied, taamlik voorbarig want die reis is nooit onderneem nie, *Aan Zuid-Afrika*. („by myn voornemen om eeneris naar Holland te doen). <sup>4)</sup> Hy roep die toestand waarin hy verkeer het toe hy voet aan wal gesit het, voor sy gees op, die nuwe lewe wat daar vir hom begin het juig hy toe en verklaar „ik heb u lief, o Afrika!" Maar hy het ook teleurstelling en smart leer ken soos begrypelik is by die voortvarende idealis:

„En schoon in 't reizen, werken, strijden,  
Mijn ziel hier smarten leerde lijden,  
Mij ongekend in vroeger tijd,  
Nooit zal 'k wat achter ligt benijden:  
Mijn liefste lied zij u gewijd."

<sup>1)</sup> *Afrikaansche Gedichten*, 2de druk, Amst. 1868 p. 75.

<sup>2)</sup> *De Gereformeerde Kerkbode in Z. A.* 18 Aug. 1855 in 'n skets „Twee losbolled voor elkander biddend en hun gebeden verhoord", vermoedelik van HUET self.

<sup>3)</sup> *Het lot der Zwarten in Transvaal*, p. 55.

<sup>4)</sup> *Afrikaansche Gedichten*, 2de druk, Amst. 1868 p. 70.

Toe hy in Kaapstad aankom, het die eerste aflewering van *De Onderzoeker* net sy verskyning gemaak, 1860, die liberale maandblad onder redaksie van L. MARQUARD wat tot 1884 sou voortgeset word. Die twee partye in „de aloude Protestantsche kerk” het hul skrap gestel, HUET gooi sy hele gewig in aan die kant van die ortodoksie en vaardig ’n pamflet uit om te waarsku teen die „valsche bedriegelike arbeiders, menschen die lasteren hetgeen zij niet weten”. <sup>1)</sup> Die beroep na Pietermaritzburg neem hy aan in plaas van sy Europese reis te onderneem.

In Pietermaritzburg is hy in 1861 getroud met MEINONDA ROBBÉ, ’n Hollandse van geboorte. ’n Tydlang is dit sy huislike geluk wat hom „naar de dichterssharp” laat gryp in geleentheidsverse soos *Wat zal toch dit kindeken wezen* by die geboorte van hul eerste kind. <sup>4)</sup> Maar altyd het hy hom tog maar weer „het lot der zwarten” aangetrek, soos MULTATULI hom die van die Javane aangetrek het. Saam met die Amerikaanse opwekkingsprediker WILLIAM TAYLOR het hy bidstonde gehou en sy vriende gesoek onder „Schotsch Presbyterianen, Episcopalen, Wesleyanen, Baptisten, Plymouthbrethren”. <sup>2)</sup> In die voorste rye van die ortodoksie het hy hom gaan bemoei met die kerklike onenigheid in die opskudding van 1863. Die romantikus was daar heeltetal op sy plek.

Die skipbreuk van die „Waldensian” wat ook hy meegemaak het, moes in sy sterk verbeelding ’n aanwysing gewees het van die naderende storm. Sy kant van die saak het hy in die beroemde *Herderlijke Brief* van 1863, wat nie minder as tien kolomme in *De Kerkbode* opgevol het nie <sup>3)</sup> uiteengesit, en in allerlei brosjures soos *Mededeelingen van den strijd in Frankrijk tusschen Modernen en Orthodoxen* en *Verderfelijke ketterijen bedektelijk ingevoerd*, te velde getrek teen die moderne party. Die strydvaardige teoloog het die digter in hom tydelik gesmoor maar dit bly ’n feit dat ook sy prosa die werk is van

---

<sup>1)</sup> Vide „De Onderzoeker”, Febr. 1860. *Pierre Dammes Huet* pp. 161—165.

<sup>2)</sup> *Pierre Dammes Huet* p. 171.

<sup>3)</sup> Oorspronklik in pamfletvorm uitgegee.

'n letterkundige. <sup>1)</sup> Hy het hom gaan opwerp as kampioen vir die „verdruktes”, en daarmee die boere en hul predikante wat 'n nugterder kyk op sake gehad het, met die gloeiende verontwaardiging van die apostel maar soms ook met die sentimentaliteit en oordreuenheid van die Romantiek, aangeval. Hy was deur en deur 'n kind van sy tyd en in sy *Afskeidsbrief aan de gemeenten der Ned. Gereformeerde Kerk van Natal* in 1867 is dit asof ons MAX HAVELAAR self aan die woord hoor: „De hartelike liefde mij door zoovelen toegedragen. En boven dit alles de zalige bewustheid, van niet ganschelijk vruchteloos te hebben gearbeid. Waarlijk, wel mag ik zeggen: „Indien ik u vergeete, o Zuid-Afrika, zoo vergeete mijne rechterhand zich zelve.”

Van die egosentriese, die melo-dramatiese is die Romantikus nie altyd vry te pleit nie.

Toe hy die uitnodiging aangeneem het om Natal op die „Evangeliese Alliantie” in Amsterdam te verteenwoordig, 1867, waar hy, Hollander van geboorte en verbonde aan die Ned. Gereformeerde Kerk, verlof gevra het om 'n vergadering in sy geboortestad in Engels toe te spreek, het dit buite sy bedoeling gelê om vergoed in Nederland te bly. Maar hy het nooit weer teruggekeer na die land waar sy *Paarlsche Gedichten* en *Uit Natal* en alle *Afrikaansche Gedichten* geïnspireer is. In 1868 het die *Afrikaansche Gedichten* al 'n tweede druk beleef en in die *Verspreide Gedichten* tien jaar later, 1878, het hy dit eers nodig gevind om 'n verklaring van wat hy „met een misschien niet volkomen juisten titel nl. Afrikaansche” bedoel, te gee, waar hy sê „op Zuid-Afrikaanschen bodem vervaardigde verzen”. <sup>2)</sup> Maar die bundels is veel meer as slegs op Suid-Afrikaanse bodem „vervaardig”, hul is geïnspireer deur ons aangeleenthede, hul het diep spore op ons kulturele lewe nagelaat. In 1891 het *Afrikaansche Gedichten* sy sesde druk beleef en by die bevestigingsrede van Ds. MOORREES die volgende jaar is nog 'n vers van HUET „heel indrukwekkend en toepasselik voorgedragen”:

<sup>1)</sup> Vgl. BESSELAAR: *Z.A. in de Letterkunde* p. 49.

<sup>2)</sup> Voorrede tot die *Verspreide Gedichten*, by HÖVEKER, Amst. 1868.

„Jaar na jaar en week na week  
 Christenleeraar, preek, ja preek!  
 Tracht der hoordren oor te boeien,  
 Hoe de taak u moog vermoeien,  
 Driemaal, viermaal, elke week —  
 Christenleeraar, preek, ja preek!”<sup>1)</sup>

Sy poësie het die vergetelheid ontsnap en vind by ons ouer generasie nog hier en daar weerklank.

PIERRE DAMMES HUET, getrou aan sy aard en die wêreldorde van sy tyd, het van alles meegemaak in sy verder loopbaan. Na die metodisme het die vrysinnigheid, die perfeksnisme, die spiritisme almal 'n beurt gekry. Konstant was die Romantikus alleen maar in sy ewige veranderlikheid.

### 3. DIE MODERNISME STEEK SY KOP OP. DIE PEN VAN D. P. FAURE IS DIE SKERPSTE.

Die Afrikaners, soos hul Hollandse stamverwante tot diep in die neëntiende eeu, vorm 'n godsdienstige en kerkgaande volk, 'n teologiserende volk met 'n kultuur, wat in sy uitinge veel meer eties dan esteties is. Daarom is dit begryplik dat, van die ses vernaamste verteenwoordigers van die ortodoksie in die Nederlandse literatuur van die middel van die 19de eeu, nie minder as vyf predikante was n.l. VAN KOETVELD, BEETS, HASEBROEK, TEN KATE en TER HAAR. Die rigting word hier byna uitsluitend deur predikantskrywers verteenwoordig.

In Nederland staan daar vyf moderne predikant-skrywers teenoor die ortodokses n.l. BUSKEN HUET, DE GENESTET, PIERSON, HAVERSCHMIDT, DE VEER met onderling heelwat verskil, wat almal tot die liberalisme gekom het òf deur die Leidse professore KUENEN en SCHOLTEN òf deur die Utrechtse hoogleraar in logika en metafisika, OPZOOMER „de geestelike vader van zoovele moderne predikers”.<sup>2)</sup> Nie orals is die verband tussen die modernisme van hierdie skrywers en hul kuns

<sup>1)</sup> Vgl. *De Express*, 27 Sept. 1892, „Een halfvergeten Dichter”.

<sup>2)</sup> Vgl. KALFF: *Gesch. van de Ned. Ltk.* VII.

ewe duidelik nie. Dit is wel die geval met DE GENESTET se *Leekedichtjes* en PIERSON se *Adriaan de Merival*, maar sommige van die werke van hierdie modernes soos *Snikken en Grimlachjes* van PIET PAALTJES het met die moderne beweging slegs dit gemeen *dat die literatuur daar los van die geloof geword het*. Die literatuurgeskiedenis openbaar 'n langsame stryd tussen die behoefte aan skoonheid, die estetiese aan die eenkant en die eise van die sedelikheid, van die etiese aan die ander, wat teen die end van die neëntiende eeu en die begin van die twintigste op 'n triomf vir die estetiese uitgeloop het onder die kreet „kuns om die kuns”, om op die oomblik weer 'n geweldige terugslag te ondervind, daar die mens met sy drang naar godsdiens en die sedelike nou eenmaal by kuns en skoonheid alleen nie kan lewe nie. Dit is die verdienste van die Liberale skrywers dat hulle aangetoon het dat sedelikheid en sedeprekery in die kuns nog twee verskillende dinge was en daardeur die smaak aanmerklik verbeter het, maar die etiese tog nooit heeltemal uit die oog verloor het nie.

By ons het die stryd van ortodoksie vs. liberalisme onmiddellik weerklank gevind toe die predikante, in Holland deur dieselfde SCHOLTEN en OPZOOMER opgelei, in hul vaderland terugkeer en na 1850 hoe langer hoe sterker in botsing kom met die ortodokse predikante, en 'n rumoer nie alleen op kerklik maar ook op maatskaplik gebied veroorsaak. Die rumoer het uitgeraas in hul koerante en geskrifte.

*Het Volksblad* van B. J. VAN DE SANDT DE VILLIERS, wat ontstaan het tydens die Anti-Bandiete-Agitasie in 1849 toe Hollands- en Engelssprekendes op merkwaardige wyse saamgewerk het, beleef 'n herlewing van 1856 tot 1886 as mondstuk en stok en staf van die moderne rigting in die Ned. Ger. Kerk met prof. RODERICK NOBLE van die Instituut van Changuion as 'n woordvoerder. <sup>1)</sup> *De Zuid-Afrikaan* is aanvanklik neutraal, later hoewel die redaksie dit nog voorgee, tog minder so en meer op die hand van *Het Volksblad*.

'n *Christelyke boeken Vereeniging* word in 1853 gestig

---

<sup>1)</sup> Vgl. BOSMAN en DREYER: *Hollandse joernalistiek in S. A. gedurende die 19de eeu* (oorgedruk uit *Ons Land*, 8 April 1930).



om ortodoksgodsdienstige lektuur te versprei en na die oprigting van 'n Teologiese Seminarium op Stellenbosch, in 1858 'n maandblad, wat die sienswyse van die ortodokse groep sou vertolk, onder die titel *De Wekker* uitgegee onder redaksie van Ds. J. H. NEETHLING, wat met 'n onmiddellike sirkulasie van by die 5,000 begin het en voortgeset is tot 1925. Daarby het die ortodokse groep reeds die *Gereformeerde Kerkbode*<sup>1)</sup> en die kwartaalblad *Elpis, Algemeen Tydskrif voor Zuid-Afrika* tot hul beskikking gehad.

Danksy die Boekevereniging, hierdie tydskrifte, *De Kerkbode*, wat al sinds 1849 bestaan en 'n Teologiese Seminarium daarby, het die ortodokse saak aanvanklik goed gestaan. Maar geleidelik het hul grond verloor teen die skerper geeste, die vaardiger penne van die wetenskaplik geskoolde jong „spuwbabies” soos die redakteur van *De Wekker* die modernes minder beleefd bestempel het in sy poging om deur opwekking die golf van realisme en rasionalisme en liberalisme te stuit, in plaas van die teenstanders meer op eie grond, die van wetenskaplike ondersoek van die skrif, te ontmoet, soos hul die uiteengesit het in hul blad *De Onderzoeker* onder redaksie van MARQUARD, die wiskundeleraar aan die Instituut van Changuion.

Die groot groepe in die veld was die Ultra-Gereformeerdes waaronder die eenaardige Hollander ds. G. W. A. VAN DER LINGEN van die Paarl, die wat dogmaties minder ultra was maar streng in hul optrede met dr. ANDREW MURRAY, die Skot, as hul woordvoerder, die Ireniese, die Gronings en Gematigd-Liberale en tenslotte die Liberale groep waarby THOMAS BURGERS van Hanover, J. J. KOTZE van Darling en S. P. NAUDE behoort het. Die modernisme van D. P. FAURE het nog 'n endjie verder gegaan en hy het hul getrou bygestaan met bydraes vir *Het Volksblad* waarin op 14 Oktober 1869 sy *Groot melodrama in twee bedryven Koster Keeves 2de Huwelyk* verskyn het.<sup>2)</sup>

Die pen van FAURE was die skerpste en het die minste aantreklikheid. Hy het in 1866 in sy vaderland teruggekeer

<sup>1)</sup> Hierdie kerkblad het „De Honigbij”, die eerste kerkblad in Z. A. in 1838 uitgegee, in 1849 vervang.

<sup>2)</sup> Vgl. D. P. FAURE: *My Life and Times* pp. 198—201 en Appendix I.

na voltooide studie in Leiden, word die prediker van die Nuwe teologie en die stigter van die Vry Protestantse Kerk. BEETS se *Camera Obscura* het hy so goed as van buite geken en so realisties is al sy eie *dramatis personae* dat hul dadelik herkenbaar was. Die *Groot Melodrama* waarvoor 'n kerkradsvergadering aanleiding was, het soveel vermaak verskaf dat dit in Engels vertaal en in pamfletvorm uitgegee is.

Sy *Zak spiegel'tjes* <sup>1)</sup> in die trant van die voorafgaande, het die skaterlag van die lesers van *Het Volksblad* opgewek. Maar sy innerlike soos geopenbaar in prosa, in spotvers en in hekeldrama is afstotend. Tereg het CHANGUION hom as begaafde skoolkind en later as sy assistent aan die Instituut, gewaarsku teen die hiperkritiese gees, wat hom van die mensdom sou vervreem en na die verderf voer. Later gemoedliker, geestige verse soos *Mijn Gedeserteerde Kat* of *Het weerglas van Harponier Smit*, 'n skoollied *Ons Land* en Engelse vertalings uit DE GENESTET (van *Onvermoed* en *Peinzendsmoede*) of Afrikaanse uit BURNS, *Die Boer zijn Zaterdag aand*, <sup>2)</sup> kon nooit die wrange bitterheid van die jeugwerk uitwis nie.

Onder die opskrif *Aan myne Geestverwanten J. J. Kotze en Thomas Burgers* het in *Het Volksblad* van 16 Junie 1864 'n vers verskyn van *Een Kaapsche Boer* en in die aflewering van 20 Augustus 'n lang berymde brief: *Brief van Jaap*

„Over den Satan aan de Kaap,  
Lucifer, Duivel of wel Belial,  
Die heel Afrika's kop nog op hol brengen zal.”

Die koerante kon oor niks anders berig nie dan die kerkstryd wat aangehits het tot polemiese, satiriese verse. In *De Zuid-Afrikaan* laat X. Y. Z. (J. J. KOTZÉ), 'n JONAS SAUL, ('n bytend geestige versmaker uit Tulbagh) hul tande sien, *Aan de Leeraren en Ouderlingen die in minderheid in de zaak van den predikant van Darling gestemd hebben* <sup>3)</sup> 'n Ongenade versmaker laat

<sup>1)</sup> *Het Volksblad* 10 Nov., 17 Nov., 19 Nov., 22 Nov., 24 Nov., 26 Nov., 29 Nov., 1 Des. 1870 onder die skuilnaam Icarus.

<sup>2)</sup> Almal opgeneem as bylae tot D. F. FAURE: *My Life and Times*.

<sup>3)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 16 Nov. 1863.

die waarskuwing van BREDERO hoor, *Het kan Verkeren* 1863. <sup>1)</sup> Die hiperkritiese van die verse van die jong teoloë mag ons nie aanstaan nie, maar dat hulle in hekelvers en in prosa, *Het Hollandsch welluidend* — die titel van 'n gedig van een van hul in *Het Volksblad* van 3 November 1864 — kon hanteer soos geen neëntiendeeueer voor hul nie, ly geen twyfel nie. As hul sagter te werk gegaan het, die kunstenaar in hul meer tot sy reg laat kom het, kon hul hul vaderland 'n onsaglike diens bewys het nou het; hul maar al te dikwels hul pen in skeldwoorde gedoop, waarvoor daar seker aanleiding genoeg was, maar waarmee nie die maksimum bereik word nie.

### 3. „COPIËERLUST DES DAGELIJSCHEN LEVENS”.

THOMAS FRANÇOIS BURGERS.

Naas D. P. FAURE van die modernisme staan T. F. BURGERS, later president van die Transvaalse Republiek, en die skrywer van *Tooneelen uit ons Dorp* (1866—1868) <sup>2)</sup> en *Schetsen uit de Transvaal* (1872). <sup>3)</sup> 'n Mooier voorbeeld van wat die kritikus E. J. POTGIETER maar half-goedkeurend bestempel het as „de copieerlust des dagelykschen levens” bij HILDEBRAND en KLIKSPAAN, is daar in ons literatuur nie te vind nie dan die dorpsketse van een van die merkwaardigste persoonlikhede uit sy tyd, 'n gebore Afrikaner wat met die Europese letterkundige stroming kennis gemaak het en dit na sy land oorgebring het. THOMAS FRANÇOIS BURGERS (1834—1881) was die jongste kind uit die derde huwelik van BAREND JACOBUS BURGERS met ELIZABETH MAGDALENA THERON. <sup>4)</sup> Hy is in April 1834 gebore en in vroom ortodokse kring opgevoed. Op neëtien-jarige leeftyd, in 1853, vertrek hy met nog twee Graaff-Reinnetters na Holland, waar hy in dieselfde jaar in Utrecht as student ingeskryf word. Op hierdie mees ontvanke-

<sup>1)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 24 Nov. 1863.

<sup>2)</sup> 'n Herdruk besorg deur T. M. TROMP, 's-Gravenhage 1882.

<sup>3)</sup> Kaapstad, VAN DE SANDT DE VILLIERS en Co. 1872.

<sup>4)</sup> Lewensbesonderhede ontleen aan S. P. ENGELBRECHT: *Thomas François Burgers*, Amst. 1933.

like leeftyd, ver weg van die korrektiewe van die moederland, met 'n spreekwoordelike Afrikaanse aanpassingsvermoë, ondergaan hy die invloed van die nuwe geestelike sfeer ter deë, 'n sfeer waarin OPZOOMER die dominerende figuur was aan wie se magtige invloed selfs manne as ALLARD PIERSON en VAN DER WIJCK hul nooit heeltemaal kon ontworstel het nie en wie vir BURGERS 'n leidster op die weg van waarheid en die gids van sy jeug word.

Die kultuurlewe van die biskopstad, waar 'n mens BRAHMS aan die vleugel kon sien by die familie ENGELMANN, professor DONDERS gearm met VON GRAEFFE in die Maliebaan kon ontmoet, waar PIERSON sy lewensbeskouing geskryf het en waar BEETS die middelpunt van verering word, het 'n hemelsbreë verskil getoon met die van die Suidafrikaanse grensdorpie waar die enigste kultuurlewe bestaan het in die gesamentlike dienste op die rusdag en 'n buitengewone een met nagmaal. En tog hier het die jong Afrikaner hom tuis gaan voel.

Buite sy teologiese studie voel BURGERS hom aangetrokke tot musiek en poësie en onder sy vriende was daar verskillende met 'n neiging tot literatuur soos JOHAN DIBBITS en RODGER WILLIAM THOMPSON. Laasgenoemde was ook teologiese student, seun van die predikant van Stockenstroom in die Oostelike Kaapprovinsie, 'n Engelse Afrikaner wat by sy terugkeer al sy kragte aan die joernalistiek en literatuur gewy het, en van wie na sy vroeë dood in 1867 'n bundel *Poems, Essays, and Sketches* met 'n memoir deur JOHN NOBLE verskyn het.<sup>1)</sup>

Verskeie verse van die vriend, soos 'n ode op die *Land of Good Hope*, dateer uit hul Utrechtse studentedae.

Een daarvan *Music* is opgedra aan MARY BRYSON, die Skotse „lady fair” van patrisiese familie wat in Utrecht 'n kosschool besoek het om haar musiektalent te ontwikkel, met wie BURGERS in Augustus 1858 in Londen getroud is. Hy is dieselfde jaar en maand deur die Provinsiale kerkbestuur van Utrecht tot die Evangeliebediening toegelaat. Musikaal, begaafd, talentvol, vrolik, lê dit voor die hand dat

---

<sup>1)</sup> Uitgegee by J. C. JUTA 1868.

hy veel vriende op die Universiteit sou hê waar destyds ook sowat twaalf Afrikaners gestudeer het, waaronder J. J. KOTZE en S. P. NAUDE met wie hy later in die kerkstryd sou geassosieer word. Des te merkwaardiger bly dit dat 'n Afrikaner wat soveel opgang gemaak het in Hollandse studentekringe, sy vrou en sy intiemste vriende gaan kies uit die enkele Angelsakser wat daar onder die stamverwante Hollanders in die vyftiger jare verdwaal geraak het. Uit die tydgees val daar veel te verklaar en te verskoon, maar nie alles nie. Die „geestelike swaard” het ons volksiel na 'n halwe eeu van Britse oorheersing toe reeds dieper geraak as ons sou vermoed, maar is dit 'n wonder dat die Kapenaar na vyftig jaar meer verengels was as die Brusselaar na vyfhonderd jaar verfrans was, as ons in aanmerking neem hoe die verengelsing en verskotsing in sy skool en kerk stelselmatig gepropageer is en hoe jong en swak sy Dietse houvas en tradisie was?

Sy studiejare was afgeloop en met leedwese het hy afskeid geneem van die vrolike intellektuele groep waarvan hy met sy fluitspel en ritmies-bewoë sin vir die dans 'n sieraad was, om hom in sy vaderland op die nie-te-vermye rotse van die Skots-Kalvinistiese ortodoksie te pletter te loop. Die moeilik-hede het al gou begin nadat BURGERS in April 1859 as predikant in die jong gemeente van Hanover beroep word.

Groter kontras met die biskopstad, waar OPZOOMER sy metafisiese probleme met koue rasionalisme en onverbiddelike logika uiteenset in die kollegesale, waar afleiding gesoek word in musiek en dans in 'n fyn beskaafde wereld, as hierdie Karodorpie waar die boer nog in 'n half-primitiewe toestand worstel teen die elemente in 'n weerbarstige streek van ons land, is nouliks denkbaar. Die konserwatiewe landbouers was gekant teen elke nuwigheid, vreemd teenoor die eerste geriewe van 'n ontwikkelde gemeenskap waardeur die predikant met sy behoefte aan 'n mooi, goedingerigte pastorie, aan boeke en kuns, vir hul soos 'n weelderige Oosterse potentat moes voorgekom het. BURGERS het Afrikaner gebly, maar die voorloper van 'n nuwe ontwikkelde geslag met Europese blik. Sy biograaf meen self dat toe hy die Universiteit verlaat het, hy alles behalwe modern was, hoewel sy leerstellige beskouing

losgewikkel was onder die kritiek en sy gees oopgestaan het vir uitheemse beskawing, teenoor 'n gemeente wat onwrikbaar die tradisionele kultuur toegedaan was. Hy glo in die outonomie van die gees, die verstand word die grondslag van sy gedagte- en maatskaplike wêreld, hulle daarenteen betrag nog die emosionele denkwyse in landssake en rig hul na formuliergesag op kerklike gebied. Hul lê die nadruk op sonde en waaragtige bekering, hy op kennis en redelikheid, op ontwikkeling en beskawing ook in geloofsake. Sy jeugopvoeding deur die ortodoksie het hom nou met die volk verbind en eg menslik, hoewel jeugdig onverstandig soms, is dit van die jong teoloog om die volk tot sy sienswyse te wil bekeer. Dit was eers die uitstoting uit daardie kringe as 'n ketter en 'n godloënaar wat hom die moderne rigting verder opgejaag het en hom tot skerp kritiek op sy dorpsbewoners verlok het.

Die *Tooneelen uit ons Dorp* het oorspronklik in *Het Volksblad* verskyn, die eerste skets *De Dorpsbewoner zelf* in die uitgawe van 20 September 1866. Dat dit 'n groot leserskring gevind het, hier sowel as in Holland, bewys die afsonderlike druk in drie bundeltjies van die eerste twaalf sketse in 1867 by dieselfde VAN DE SANDT DE VILLIERS EN KIE waar die *De Onderzoeker* en *Het Volksblad* gedruk is. 'n Tweede herdruk in 's-Gravenhage by HENRI STEINBERG in 1882 met 'n voorwoord van THEOD. M. TROMP het die algemene aandag in Holland getrek <sup>1)</sup>. Die sketse is geopen na die kerklike storm van 1862—1863 reeds losgebars het en die skrywer deur die ouderling van Colesberg in die Sinode beskuldig is van 'n loëning van die persoonlikheid van die duiwel, van die weeropstanding uit die dode en die onsondigheid van die menslike natuur van Jesus, met die gevolg dat hy saam met ds. J. J. KOTZE van Darling deur hierdie kerklike liggaam uit sy bediening geskors is. Dit het aanleiding gegee tot 'n hofsak waarin die Hooggeregshof in Kaapstad die kerlike vonnis vernietig het, omdat die Sinode haar eie wette nie in ag geneem het nie. Die Sinodale Kommissie het toe na die Geheime Raad in Londen geappelleer, maar hul uitspraak in 1867 bekragtig

<sup>1)</sup> Vgl. *Zondagsblad*, 20 Aug. 1882.

die van die Hooggeregshof en ds. BURGERS word in sy posisie as predikant herstel. Met die byeenkoms van die Sinode in 1870 was die kerk verplig om die vonnis teen BURGERS en KOTZE te herroep en al hul regte en voorregte as predikante te erken.

Die *Tooneelen* is in die hitte van die stryd geskrywe met die bedoeling om bepaalde toestande op maatskaplike en kerklike gebied te hekel en te bestry. Die vorm is die van die romanties-realistiese prosakuns van die neëntiende eeu van NICOLAAS BEETS, CORNELIS VAN KOETSVELD, JOHANNES KNEPPELHOUT, ANTON BERGMANN, waarin die Romantiek hom vernaamlik deur die humor kultus openbaar, die Realisme deur 'n glans, wat uit die sedelike wêreld daarop opstraal, die Liberalisme deur 'n breë internasionale uitkyk van 'n verstandsmens wat weier om blindweg sy rede aan enige bande te laat lê deur wat die nasionale tradisie voorskryf.

Soos in *Auerbach's Dorfgeschichten* en *Die Pastorie te Mastland (1843)* van VAN KOETSVELD, word in *Tooneelen uit ons Dorp* met groot oorspronklikheid en onbetwisbare talent verskeie dorpstipes uitgebeeld, wat hulle om of teen die skrywer self as 'n voortreflike dorpenaar met weinig gebreke, skaar.

VAN KOETSVELD en KNEPPELHOUT sien hul omgewing met geestige koelheid en met rustige plaery, soms ook wel met aandoenlike gevoeligheid; kalm praat VAN KOETSVELD oor sy werk in sy studeervertrek, oor nadere kennismaking met sy gemeentelede, oor die intieme besonderhede van sy herders-taak soos huisbesoek, aanneming, begrafnis, sonder om hom ooit op te wind of druk te maak, met 'n sekere behaaglike naïwiteit, waarvan bekoring uitgaan, maar wat tog ontoereikbaar is om hom in die gees van persone en toestande, wat hy uitbeeld te laat deur dring. Die gees van BURGERS is skerper, geestiger, jonger, minder ervare, minder human as dié van VAN KOETSVELD, meer verwant aan die van NICOLAAS BEETS in die *Camera Obscura*, wat in 1851 twee jaar voor BURGERS in Utrecht aankom, by die derde druk eers sy volledige inhoud gekry het. Met HILDEBRAND was die student BURGERS bevriend tydens sy studentejare, en met professor BEETS

van Utrecht het president BURGERS van Transvaal, tydens 'n besoek aan Holland in 1875, saam die driehonderdjarige fees van die Uniwersiteit van Leiden gevier, waar prof. KUENEN as een van hul gashere opgetree het. <sup>1)</sup> Die romanties-gevoelige BURGERS, wat steeds 'n behoefte aan godsdiens en kuns gehad het, het hom by daardie tweede besoek aan Holland eensaam onder al die feesvierende menigte gevoel, en toe hy op weg na Amsterdam verby Heemstede spoor het hy daar aangedink, dat die *Stichtelijke Uren* van die gevierde literator-predikant, professor NICOLAAS BEETS daar ontstaan het. Geen wonder dat sy *eie Tooneelen uit ons Dorp* iets opgevang het van die bytend geestige, lugtig spottende *toon* van HILDEBRAND waarin daar by geen van beide egter bitterheid skuil nie, omdat die skrywers hul vaderland en hul mense te lief gehad het. BURGERS sien ook hier die Afrikaanse „schaduwen en schimmen van nadenking, herinnering en verbeelding in de ziel vallen als in een *Camera Obscura* en sommigen zoo treffend en aardig dat men lust gevoelt ze na te tekenen en met ze wat bij te werken, op te kleuren en te groeperen er kleine schilderijen van te maken”, soos HILDEBRAND in sy toeligtig tot die titel van sy boek verduidelik. Wat die inhoud betref staan die Afrikaanse sketse veel digter by *De Pastorie te Mastland*; die toon is dié van die grootmeester van die realisties-idealitiese stroming.

Die eerste skets *De Dorpsbewoner zelf* word voorafgegaan deur 'n enkel woord oor homself, waarin hy die draak steek met autobiografiese sketse en fotografieë waarin die vervaardiger sorg dra, dat hy altyd prominent op die voorgrond geplaas word, wat hom die gebed van BURNS laat slaak:

„O wad some power the giftie gie us,  
to see ourselves as others see us”

Hy is die subjektiewe kunstenaar, wat weet dat ons almal slegs met die lig wat in ons is, sien en dat sy sketse „hoewel getrouw, toch onjuist zijn” omdat iedere mens homself as naaste voorwerp die duidelikste sien. Sy raad aan die leser,

---

<sup>1)</sup> S. P. ENGELBRECHT: *Thomas François Burgers*, p. 166.



wat ons dan ook moet in agneem om ons nie af-en-toe aan die skerp kritiek van die Liberale skrywers, waarvoor alle Afrikaners oorgevoelig is, te erger nie, lui as volg: „men denke zich het naaste voorwerp (dat ben ik) wat minder in het licht, d.i. *wat swarter*, en de *meer* verwyderde voorwerpen (dat zijn de andere menschenfiguren) wat *meer* in het licht, d.i. *wat minder zwart*.”

Die dorpsbewoner vergelyk hy by 'n akker met 'n sanderige losse bodem, gemaklik om te bebou, gewillig om de goeie saad te ontvang, die water in te trek maar wat eintlik tog skraal is, nie die vaste vette bodem besit wat moeilik te bewerk is nie en tog so weelderig, as vanself, goeie gewasse oplewer. Die opvoedkundige kan van die raakheid en waarheid van hierdie beeld van BURGERS getuig, die politikus en toneelspeler van die daaropvolgende bewering van „perfecte naäpers en napraters”. Die gebrek aan oorspronklikheid blyk vir hom ook uit gebrek aan 'n nasionale kleredrag, by oorversorging van die uitwendige mens volgens Europese modelle, wat die skrywer skertsend noem „schapenvachten, dagga-bast, en door wormen omgewerkte moerbeibladeren”. Die siel van die dorpsbewoner vergelyk hy by 'n *dam* liever as by 'n fontein, die bekommer hom meer oor wat hy ontvang as gee, meer oor spekulasie as industrie. „*En de arbeid valt ons Kapenaars zoo zwaar!*” Harde woorde, striemslae hierdie, maar wie sa lês heeltemaal onverdiend toegedien?

In die tweede skets *Ons Dorp* sien hy teen die kerk op as die sentrum waaromheen alles draai, maar skyn dit die Afrikaner maar half ten goeie te dui dat hy so kerklik godsdienstig is, dat hierdie kerklike karakter hom in alles openbaar. Koddig is die beskrywing van die openbare gebou, wat vir alle geleentehede gebruik word, „waarin de partijen, worden gegeven, de kwaaddoeners gestraft en de Engelschen kerk houden.” Dan is daar nog die tekening van die Kafferlokasie met sy „struissen” waarin die kleurling as vreemdeling in eie land saans sy „goera” tot die dans laat nooi, soos Israel weleer in Babylon sy hier getokkel het. „Kinderen in het verstand, zijt gij toch ook maar kinderen in de boosheid, vergeleken met menigeen uwen Christelijke veroveraars”, roep die kristen prediker hul toe.

Van *Onze Dorpsbewoners* word twee sketse gegee (Nos. III en IV) waarin 'n twaalfstal tipes uitgebeeld word: die predikant, die ouderling, die koster, die magistraat, die winkelier, die agent, die stadsklerk, die Markmeester, ens. Die skets begin met 'n pleidooi vir 'n versameling portrette want

„wat zou het ons niet waard zijn om een beeldengallerij te bezitten waarin al onze voorouders nog dagelijks kunnen gezien worden? In menig opzicht heeft een beter lot onze redeloze bevolking getroffen. Dank zij het penceel van KOLBE en anderen, wij bezitten afbeeldingen van schier alle diersoorten, vroeger hier te land bekend, maar waar vindt men den Zuid-Afrikaanschen boer, den echten dopper, de deftige heemraden?”

In daardie leemte sal hy nou gaan voorsien deur pensketse uit die teenwoordige geslag te maak voor dié spoorloos verdwyn. Die kerklike beeldegallery kom daar die slegste van af, waarin BURGERS nogmaals sy ergenis lug oor die ortodokse regsinnige dominee, wat oor alle geloofspunte dink „perfect hetzelfde wat men voor twee honderd en meer jaren er overdacht”, oor die ouderling wat soveel van pepermint hou, sodat 'n mens nie moet ruik dat hy „nu en dan een *zoopje drinkt*,” oor die koster vir wie alles „wisselt op zijne wenken.” Die magistraat „een Schot van geboorte, ook een Schot in zijn handelen” kom daar met 'n paar rapse van af; anders is dit met die winkelier „met den grooten neus” wat 'n wonderlike betowerende aantrekkingskrag vir die Afrikaner het, „dat koopen op krediet is gelijk de fascinatie van het dobbelspel”, om hom ten slotte willoos, soos 'n vet koei, te laat uitmelk.

Fyn is die beelde nie maar hul slaan spykers met koppe. Die Agent tier welig van die lastersake, „de rijke bron die hier te lande steeds zoo productief is” soos BURGERS so pas aan de lyf ondervind het; die stadsklerk, wat die magen geleentheid het soos geen ander inwoner om sy vyande te laat boet maar gedurig tussen twee vure sit, die publiek en die munisipaliteit, herinner die skrywer aan „een haagdoorn langs den weg, die aan allen, en aan wien allen vasthaken.”

Die korpulente *victualie meester*, die gunsteling van almal

sit propvol verhare en grappe waarin hy 'n voorbeeld vir die „azijnvat” van 'n predikant is en bring die boodskap „om den zegen van geluk te verspreiden moet men dien in zichzelf omdragen.”

Verder is daar onder die dorpsbewoners nog die drentelaar wat oorvloed werk, het maar wat „gelijk de beroemde vlieger van DICKENS” nooit klaar kom nie, die rentenier, wat 'n verwoede versamelaar is van eerste uitgawes, die titels van boeke en name van skrywers by die tientalle ken, maar van elke vraag oor die inhoud hom afmaak met 'n „zoo lang geleden dat hij het boek gelezen heeft”, tot 'n kwaaijonge sy domheid op die lappe bring deur hom na die pasverskene *Klaasje Zevenster* en die geskiedenis van die Kaap („waaraan de Heer THOMSON besig is”) te vra en dieselfde antwoord ontvang. Hieruit blyk hoe goed op die hoogte BURGERS was met, en hoe 'n lewendige belangstelling hy gestel het in die kontemporaine literatuur. En dan is daar nog Tamboer en Januarij, 'n Hottentot en 'n Kaffer, twee bekende dorpsfigure, die een 'n hanswors, die ander 'n geslepe politikus. Dit is as of BURGERS van die dorpsbewoners nie kan weg kom nie en nog 'n hoofstuk aan hul wy, die sesde *Nog meer Dorpsbewoners*, die keer aan die skone geslag aan die nougesette sendeling en nogmaals aan die nog nouer gesette ouderling Oom WILLEM, en ten slotte, as anti-klimaks vir al die sedelikheid en plegtigheid van die kerkraadslid, 'n tekening van twee dronk Hottentotmeide wat na die gevangenis vervoer word, „luidruchtige Bacchus dienaresses”.

Die geniale skrywer teken nog vaardiger die toestande as die persone, toestande, wat hy as man van die vooruitgang verkeerd vind en daarin deur hekeling probeer verbetering bring. Hy sien die dorpenaars en die dorp *Met Nachtdmaal* (No. V), op *Huisbezoek* (No. VII), *By het Krankbed* (No. XI), *By het Sterfbed* (No. XII), onder ou omstandighede waarin *De Wonderdoctor* (No. IX) sy pille draai, die *Nieuwe Toestanden* (No. X), in *Licht en Schaduw* (No. VIII). Aantreklik, deur die waarheid, soms harde waarheid, deur die vermenging van erns en gesonde luim, deur wyse opmerkinge en geestige sette van die waarnemer, is die tekening van hierdie toestande.

By HILDEBRAND vind ons 'n bonte versameling van kort

en lang sketse, afwisseling in toon na die aard van die onderwerp onder bespreking; hier is die toon van ironie en hekeling die hele boek deur meer gelyk. In die opsig gaap daar 'n kloof tussen die werke van 'n Afrikaner, 'n Hollander en 'n Vlaming, tussen hierdie tonele aan die een kant en die sketse van VAN KOETSVELD en ANTON BERGMANN se *Ernest Staas* (1874) aan die ander, waarin die bevordering van die Vlaamse strewe die boek ook enigsins polemies kleur. By die Hollander en die Vlaming vind ons gelykmatige kalmte en sagte opgewektheid met 'n ernstige ondertoon, wat die leser in 'n rustige stemming bring en hom stilweg laat geniet. By BURGERS, soos by HILDEBRAND, is alles in beweging, lewendig, onrustig, woelig is die wisselende tonele, wat ons deur die skerp geestigheid soms onbedwonge laat lag. BURGERS skerts oor die woeling van die boere op die Nagmaalsviering, maar tog nooit op ligsinnige wyse nie. In hom het 'n satiriese duiweltjie geskuil en hy het die oordrewe ortodokse kerkklopery belaglik gevind en was onversigtig genoeg om daar trane oor te lag toe hy as oorwinnaar uit die kerkstryd te voorskyn getree het. Die eerste bedryf van die voorspel vir die Nagmaalviering, is die bedrywigheid op die mark waar die vethoenders en kalkoene 'n sensasie deur die eetlustige gemeente laat gaan. Dit laat die skrywer dink hoe die honde om 'n gevilde skaap hul sterte slaan en swaai, terwyl hul oë iedere beweging van die slagter volg, wat hom laat uitroep: „Verbeeldt u al die kerels, die daar zoo met de lippen smakken zoodra er iets lekkers voorkomt, met lange staarten.” Die vendusieklok kondig die tweede bedryf aan, waar die afslaer sy koopvoorwaardes „in zeer gebroken Hollandsch” aframmel en aan die eerbiedwaardige ouderling Oom WILLEM 'n dosyn hoepelrokke vir onderjurke afsmeer, waarop die ou boer binnensmonds uitvaar teen die Engelsman, wat sulke goed tot verpesting van die jong dames hier heen stuur en in pront Afrikaans konkludeer: „hy het maar net een goed ding in die land gebreng en dit is vuurhoutjes”. Oom WILLEM se dogter is onder die gelukkige, frisse, jong vriende en vriendinnetjes wat die Vrydag- en Saterdagmiddag gearm langs die dorpsstrate wandel, 'n fees vir BURGERS wat altyd oog het vir skoonheid en geluk, die

hartstogtelike liefhebber van musiek, wat dit alleen maar kon betreur dat slegs stigtelike liedere onder die jeug geduld word, waardeur die volkssang in hierdie jong harte stom lê. Saterdagmôre stap die boere „vroom en vroeg” nog voor tweede gelui na die voorbereidingsdiens om te luister na ’n lang preek oor ongeloof, kettters, oordeel en verdoemenis van ’n bekrompe, enge leraar wat Oom WILLEM in volle glorie aan sy mede-ouderlinge en diakens laat sê: „Myn menzig, Myneer... het die liberalen ook van morgen uitgebrand”. Terwyl Oom WILLEM na die bidstonde gaan nadat hy sy vriende afgeraai het om terwille van die geloof die liberale links te laat lê, stap die skrywer, ’n verstote eensame wandelaar, ver buite die dorp en peins oor ware godsvrug en die natuur as bronne van troos en geluk — „hoe lieflijk is toch Gods schoone natuur”, en „hoe verkwikkend voor het arme hart, dat noch in tempel noch in bedehuis de rust kon vinden waarnaar het zo hijgend verlangt.” Hier is BURGERS deur en deur mens van sy tyd.

Die Liberalisme het klaarblyklik heel wat gemeen met Humanisme en die Hervorming van die 17de eeu en met die Verligting van die 18de eeu. Die oorblyfsels van die verlede word aan ondersoek en kritiek onderwerp. Dit is ’n tyd van groot intellektualiteit; die menslike verstand soek ’n redelike verklaring vir alle godsdienstige, sosiale en natuurverskynsels. Vandaar sy rusteloosheid en gevoel van onrus.

Aan die begin van die eeu het daar ’n gees van nasionale oorskating, van selfvoldaanheid geheers, nou kom daar ’n strewe na die vrywording van die persoonlikheid, die indiwiduele kunstenaar wil nie an bande gelê word nie, hy kom in opstand teen alle dogmas. Die *Toneelen* van ’n Verligter-Romantikus, wat in die hitte van die kerkstryd teen die kerkbesture geskrywe is, dra daar rykelyk die spore van. Die ouderling Oom WILLEM, moet dit telkens gewaar, zowel as die dominee om sy langdradige gepreek, gepraat geraas oor hel en verdoemenis. Op *Huisbezoek* word die welgestelde gemeentede, tot vervelens toe lastig geval met die vraag hoe dit met hulle siel staan; die armes en siekes word nie besoek nie. *By het krankbed* steek Oom WILLEM ’n lang preek af teen

die sieke MARIE oor die voldoeningsleer en ander leerstukke van die kerk, wat sy ontken, en MARIE, op haar beurt, versoek die skrywer om leraar en ouderling van hul verkeerde gevoelens af te help.

By *het sterfbed* herhaal MARIE sterwend die versoek, waarsku om geen godsdienstwis met godsdiensywer te verwar nie en maan „laat de liefde Gods in uw harte wonen.” Die liefde — dit is wat ons so pynlik by almal mis. Deur die stryd waarin BURGERS se ou joviale vriende een na ’n ander in hul dop kruip, en hy en die paar wat hom getrou bly, geweer en uitgestoot word, word die jong predikant hoe langer hoe radikaler in sy teologiese beskouinge. Die hekeling en bestryding van wat geslag op geslag deur die Afrikaner heilig gehou is in sy kerklike leerstellinge, doen tog onaangenaam aan en gee iets wrangs aan die lustige geskryf oor „potjes godsdienst” in die salfbus van *De Wonderdoctor*, kwaksalwer en bedrieër, wat deur die ortodokse leraar en Oom WILLEM beskerm word en so iedereen tot ’n dupe maak.

*Licht en Schaduw* en *Nieuwe Toestanden* is ’n persiflage op die Afrikaner van Franse afkoms, wat in die waan verkeer dat hy as afstammeling van ’n Hugenoot van „edel bloed”, ’n baron, ’n graaf of ’n hertog moet wees en dat daar vir hom ’n groot erfenis in Europa wag. <sup>1)</sup> ’n Smous het die verwaande mondprater, neef PIET, ingeprent dat hy ’n Franse hertog is vir wie ’n hertogdom met titel en al in Frankryk te wagte lê as hy maar die verlore dokumente kan in hande kry. Enkele bure, waaronder HENRI, die grappemaker, wat in die meeste sketse ’n rol speel teenoor die „zwart gerokte” Oom WILLEM, bak die pseudo-hertog ’n poets deur ’n koerant-berig te plaas, dat ’n seldsame fortuin die heer PIET te beurt geval het en ’n hertogdom hom voor die deur staan. Onder *Nieuwe Toestanden* in ’n splinternuwe pak, naas sy koetsier met sy blinkgepoetste kar en perde, roep hy HENRI toe op hoogdawerende toon soos hy die dorp binne gery kom: „Hou stil! Kom mijn kêrel, kom klim op, ik heef (men ziet hy waagt reeds eene poging om hoog te spreken) jou banja te verstel.”

<sup>1)</sup> Oor die erfenis-praatjies wat in omloop was, vgl. *Toen en Thans door een Hollander* (J. H. L. Kok). Kaapstad 1898.

Die Franse hertog, sonder kennis van Frans, verneem dat sy titel is *Monseigneur le Duc*, wat BURGERS met egte bose-volksvernuif verdraai tot *misselijklidkmaagsuur*; die parasiete swerm om hom, tot die Dominee inkluis, wat Oom WILLEM herinner om tog iets te vra vir die Leraarsfonds, en HENRI raai aan om òf dadelik Frans te begin leer òf in Frankryk vir 'n doofstomme deur te gaan. Dan slaan die stemming van die verhaal plotseling oor van die uitbundigste vrolikheid na die diepste verslaentheid oor 'n ernstige siekte van een van die hoofkarakters uit die sketse nl. MARIE. Hierdie voorliefde vir kontraste, soms totaal ongemotiveer, is kenmerkend van die Romantisie wat diep onder die indruk van die feit gekom het dat die traan baie naby die lag lê. Weer slaan die stemming terug na die komiese in dieselfde stuk as ons 'n lagwekkende beskrywing kry van die ryk jongman, wat na die hand van die edelman se dogter ding, 'n paleis van 'n huis laat bou, 'n skitterende eetmaal gee, waarop hy in sy grootdoenery hopeloos deur die mat val en neef PIET, die hertog, jammerlik ontmasker word.

'n Sprankelende vernuf sit daar in die sketse, lewe en beweging in die dialoog. Gewoonlik word die gesprekke in Afrikaans weergegee, wat bydra tot die egtheid en natuurlikheid van die styl. Kernagtige Afrikaanse uitdrukkinge soos „mijn menzig”, „mijn genugtig”, „alle kriek”, „sijn Peetje”, „ellendige lunsriem” (Engelsman) is bewys genoeg hoe BURGERS die boerspraak beluister het en met effek in die literatuur gebruik het, voor daar 'n bewuste strewe was om die Afrikaanse vorm tot die uitsluitlike skryftaal te verhef.

Op hierdie twaalf sketse het daar in 1868 nog agt gevolg, wat nie herdruk is nie, en van die bestaan waarvan die besorger van die *Tooneelen*, THEODORE M. TROMP, sekretaris van BURGERS en skrywer van die berugte *Herinneringen uit Zuid-Afrika*<sup>1)</sup>, by sy herdruk van 1882 nie wis nie, toe hy ook ten onregte in sy voorwoord die indruk gewek het dat BURGERS die *Tooneelen* sou geskryf het kort na sy aankoms in Hanover in 1859. Hul is die volgende: XIII — *Op een*

<sup>1)</sup> Leiden, E. J. BRILL 1879.

*Bruiloft*, XIV — *De Zending* (twee stukke), XV — *Een Boeren Bazaar*, XVI — *Een Jagt Party* (twee stukke), XVII — *De Katechisatie*, XVIII — *De Broederlijke Conferentie*, XIX — *Kersdag en Nieuwjaar*, XX — *Achter de Schermen* (twee stukke).<sup>1)</sup>

Op die bruilof wil ou HENDRIK daar nie van hoor dat daar in sy huis as „paddas” rondgespring word nie, hoe nuuskierig sy vrou ook al is om ’n „Ball” te sien. Na almal so goed of so sleg hul kon na die eindelose lang trouformulier geluister het, (wat die skrywer, steeds gekant teen alle bande, die geleentheid gee om uit te wy oor die lengte van die kerklike formuliere), stap hulle na die feeshuis waar bruidspaar, gasheer, en gaste hul te goed doen aan allerlei lekkernye en die namiddag omsing met liedjies soos „Wat komt mij te gebeuren om deez' *bedroefden* dag!” Die afwesigheid van opgewekte lughartige volksliedere, die sing van Psalme en klaend-elegiese, godsdienstige beryminge was ’n opvallende kenmerk van alle feesgeleenthede, wat tog al so skaars in Suid-Afrika was. Die ortodokse godsdiens, die stempel van swaarkry wat die volk dra, het gedreig om alle vreugde, skerts en luim vergoed uit die kuns te verband en dit is die onskatbare verdienste van BURGERS en sy Liberale predikantvriende dat hulle te midde van al die saae, duffe erns, weer gedurf lag en leef het. In *Kersdag en Nieuwjaar* sinspeel hy weer op die armoede van ons volk aan feesdae, waaronder die volksgees en volkskarakter werklik ly. Kersfees is ’n vreugde fees, „dank zij echter den Engelschen geest”. Dan luister niemand na oom WILLEM en die leraar se vermanings oor hel en verdoemenis nie, nog minder op nuwejaarsdag, „ons groote Volksfeest”, wanneer Januarij en Tamboer „schoffel”, „pas” en „askoek” dans tot vermaak van die skrywer en HENRI wat die Bacchante iets gee „om de keel zoowat te smeren” by die feeskrete. In *De Zending* wend hy ’n wanhoopsparing aan om die laaste wens van MARIE ten uitvoer te bring nl. om oom WILLEM en die leraar van hul dwaalbegrip omtrent die versoeningsleer te oortuig. Waar die polemikus redeneer en betoog, swyg die kunstenaar; die

---

<sup>1)</sup> Almal in *Het Volksblad* geplaas.



rasionalis, wat alle heil van die verstand verwag, meen dat die hoofde van sy teenstanders, „in plaats van met verstand, met vet gevuld” is. Dit kom ook goed uit op *De Katechisatie* waar die verliefde katkesante met laventel op die sakdoek, olie op die haar, splinternuwe patente „laarzen” vir die eerste maal aan die voete, met ’n Hellenbroek of Kortbegrip in die hoof, elke geloofsvraag soos ’n pappegai kan beantwoord en bo-op die leraar strikvræ stel oor die Goddelike Drie-eenheid, wat hy met ’n profane beeld van „een halfmaan, een winkelhaak en zwaluwstaart-merk” aan ’n skaap, te vergeefs probeer duidelik maak.

Op *De Broederlijke Conferentie*, waar dit wemel van predikante, ouderlinge, armversorgers en „bloemknopjes uit onze theologiese broeikast”, gaan dit alles behalwe broederlik toe as die voorsitter uitvaar teen kettery en allerlei stommiteite van die boere en ’n onbekende boer, die draer van BURGERS se polemiekie, hom in die rede val met ’n tirade oor die traagheid, die bekrompenheid, die onkunde van die dienaars van die kerk, en tot ontsteltenis van oom WILLEM so ver gaan om rondborstig te verklaar, met bewyse van teenstrydighede in die Skrif, dat hy nie die hele Bybel vir Gods werk of woord hou nie. *Achter de Schermen* is belangrik vir die kunstenaar se doelstellinge wat dit bevat. Daarin sê die realis „dichten en verdichten kan ik niet. De Werkelijkheid te schetsen is mijn doel.” Uitgesproke, waarheidsliewend, erger hy hom aan die akteurs in die kerk, die staat, die maatskappy, die gemeente, die handel, maar glimlag dan weer oor die huigelary, wetende *mundus vult decipi*.

Op *Een Boeren Bazaar* sien hy die kopers vrywillig daarin loop ter wille van die goeie saak tot selfs ou JIEMS, die gedroste soldaat en emeritus boereskoolmeester, wel bedrewe in die drinkkuns, wat vir sy 5/— ’n wolserp kry op die versoek om iets wat hom „beter zal verwarmen” as sodawater en limonade. Dit is ’n geestige set van die skrywer. Die twee sketse *Eene Jagt Partij* is van die vermaaklikste wat BURGERS gepen het. Hier vergeet hy al sy antipati teen domme ouderlinge en ortodokse dominees en verlustig hom in ’n tekening van die opeluglewe, die poetse wat op jag gebak word, die speelsige geterg onder

mekaar, wat so na aan die hart van die Afrikaanse jagter lê. Smaaklik word hier vertel van ou geregte, voorwerpe en gebruike, en verouderde woorde en uitdrukkinge word met die grootste natuurlikheid gebesig. Die huismoeders maak wors, koek, beskuit en „sesaties” klaar, die susters help „vet lapjes” knip, Danster en Tamboer die koeëls giet, dae lank voor die hele krygstoerusting op die ossewa gelaai word. Later bak die „totties” askoek en maak hotom vir hulself. Een van die „seurs”, PAUL, het ’n „sterloop”, oom WILLEM ’n „biesloop”, ander „baviaanbouten” waarmee hulle ’n sarsie los as afskeidsgroet aan die dorpenaars waardeur tant SAARTJIE se soete rus verstoort word en boonop haar broeisel eiers bederf deurdat die kuikentjies in die dop doodgeskrik was. Kostelik is hierdie waarneming en weergawe van al die voorbereidings. Om die kampvuur bespot SPEELMAL al die ongelukkige seurs wat brandhand <sup>1)</sup> by die waens kom. WINDVOGEL, wat op die jag verbrou het, weet dat amper het „die ou baas zyn aapstaart op zyn ribbes geschouw.” Die Hotnotstaal van hierdie twee, die gebroke Hollands wat die Duitse jagter, die „mof”, praat, die kragtige uitdrukkings soos „vermoerde lunsriem”, „mein Gott!” verhoog die lokale kleur en is heeltemal in ooreenstemming met die karakters wat hulle besig, maar dit het ongetwyfeld bygedra tot die verwyte van ligsinnigheid en onverskilligheid wat die sedige lesers na BURGERS se hoof geslinger het.

Merkwaardig is die skrywer se beheer oor sy taal. Hier is die letterkunde los van die geloof, geskied die uitbeelding enkel om die vermaaklikheid van ’n voorval of om hom self te weer, word die fotografie gekleur en bygewerk tot ’n skilderytjie uit die vrolike ombekommerde volkslewe, wat ons herinner aan BREUGHEL of OSTADE. In hierdie *Tooneelen* is gesonde gees en ware humor, ’n skerpe blik op die foute van sy dorpsgenote sonder om sy eie deugszaamheid te skerp te laat afsteek, verdiende berispinge sonder nodeloos hard te wees. Daar is liefde vir waarheid en goedheid en skoonheid, ’n ryk verbeelding, ’n diep gevoel van verontwaardiging

---

<sup>1)</sup> D.i. sonder wild.

as die Rede, die gawe wat die mens van die dier onderskei, voor fanatieke gevoel en buitensporige fantasie moet swig. BURGERS het sy hele persoonlikheid duidelik op hierdie merkwaardige letterkundige produk afgedruk. Een skets dra natuurlik meer die stempel van die skrywer as 'n ander, maar hy is oral die middelpunt waaromheen die omringende persone en toestande hul wentel. Waar hy as dorpsbewoner en Kaaplander die eenaardigende van sy volk belig, strewe hy gedurig na die vereniging van die individuele en die tipiese, probeer hy as indiwidualis, verryk deur 'n Europese studie steeds in kontak te bly met die res van sy landgenote, hoewel die diepgaande verskil tussen kultuurdraer en eenvoudige dorpsbewoner hom telkens te magtig word.

In 1870 het BURGERS 'n besoek gebring aan die Kimberleyse diamantvelde na aanleiding waarvan 'n mooi skets in *Het Volksblad* van 1 Oktober gegee word: *Een Bezoek naar de Diamantvelden* deur B. Maar dit was sy reis na Transvaal van 1871 wat die stof gelewer het vir die reeks artikels wat van November tot Desember in *Het Volksblad* verskyn het en in 1872 afsonderlik in brosjure-vorm uitgegee is onder die titel *Schetsen uit de Transvaal*.<sup>1)</sup> 'n Moeilike tyd het daar agter sy rug gelê na afloop van die Kaapse kerklike rusies en vir sy swak gesondheid was die rus en die verandering weldadig. Op soek na gesondheid, in eer herstel deur die regbank, maar veroordeel deur die publieke opinie, wat hom nie bepaald optimisties sou gestem het nie, het hy Hanover verlaat en vol lewensmoed en warm idealisme teruggekeer om sy sketse te skrywe, waarin hy die toekomstige grootheid en rykdom van die Suid-Afrikaanse Republiek voorspel het. Die sketse is eweredig verdeel in No. I *Het Land*, No. II *Het Maatschappelijke*, No. III *Het Kerkelijke*. Vleiend en profeties open die beskrywing van die land met: „In den Spherischen driehoek gevormd door den Drakensberg ten oosten, de Vaalrivier ten zuiden, en de Limpopo of Bembe ligt het Schoone en het Rijke land, dat door God schijnt bestemd om nog eenmaal — en wie weet binnen hoe kort — de hoofdrol te spelen onder

<sup>1)</sup> Kaapstad, VAN DE SANDT DE VILLIERS EN KIE, 1872.

de Staten van Zuid-Afrika." Dan volg 'n lewendige beskrywing van die vettigheid van hierdie nuwe Kanaän waarin die skrywer blyk gee van sy literêre assosiasie-vermoe en opmerkingsgawe, waarin hy hom altyd by die werklikheid hou sodat sy tekening geen onnadenkende bygelowigheid nog ongelowige wantroue kon opwek, wat sy werk „naar de rubriek Gulliver en Münchhausen" sou kon verwys, soos hy geneig voel om te doen met die Transvaalse jagverhale en verskriklike jagtonele van GORDON CUMINGS, stories van verspieders en bespieders. Potchefstroom „het voorportaal van het land der wonderen", kom eerste aan die beurt. Hy sien die dorp „geleë aan die Mooi Rivier in „het dichte lommer van den zwierigen wilg en den ritselenden popel" maar van haar kroon en 'n gedeelte van haar bevolking beroof deur die verplaatsing van die setel van die goewernement na Pretoria en die konkurrensie van die Diamantvelde. By die omgewing en die plaas van die beroemde veldkornet ENGELBRECHT in die Gatsrand, die man wat as jong seun na die moord op RETIEF die laers „met voorbeeldelose vlugheid" berig gebring het van die voortrukkende Zoelohordes, word effentjies langer stil gestaan. Nie sonder weemoed neem hy afskeid van die blomme en die hellinge van die Gatsrand om hom enige ure verder te verlustig in die ondergrondse grotte, die reusagtige rotsblokke van Wonderfontein, waar die hellevaart van DANTE hom voor die gees sweef en 'n gevoel van eie nietigheid sy hart vinniger laat klop. Ook hier weer die toespelinge en vergelykings van die belese ontwikkelde man, wat in sy prosa alle kenmerke van die neëntiende-eeuse Romantiek sonder die buitensporighede van die stroming, weerkaats. Die grotte vind hulle ontoeganklik, „en tot onze bittere teleurstelling moeten wij het plan om voor een wijle ULYSSES en DANTE na te doen, geheel opgeven, daar onze VIRGILIUS volstrekt weigert ons een enkele schrede verder te geleiden, en bijvoegende: „de gaten zijn vol water". Die vermaarde Wonderboom tussen Witwatersrand en Magaliesberg, waarvan die kroon deur mensehande meedoënloos vir timmerhout afgehou is, die dik stam misvorm deur verrotting en brand sodat slegs die statige boë van die sytakke oorgebly het, lyk vir hom

„een volkome ruïne van een Woda's tempel." Die skets sluit af met 'n beskrywing van Rustenburg waar 'n „Geldersche stilte", 'n idilliese rus heers, waar die voëls skyn „sotto voce te zingen en zelfs de huppelende beek, die hier voorbij vloeit, ruischt zeer zacht over het grasbed voor haar gespreid opdat zij de rust niet store." 'n Skrywer wat die natuurskoon so sien, het 'n gevoelige, sterk individuele temperament en is 'n waardige verteenwoordiger van die Romantiek, die stroming wat 'n herlewing van natuurgevoel gebring het. Die realiteit is hier getemper deur die idealisme en dit is asof hy die natuur deur 'n gekleurde bril staan en bekijk.

Die tweede skets gee ons 'n kykie in die karakter en die maatskaplike lewe van die Transvaler. Sy ontvangs was oral besonder hartelik, wat hom tog nie verhinder het om by die opsomming van heelwat voortreflikhede, met fyn kritiese oog, met gevoel, met 'n helder gees ook enige tekortkominge aan te stip nie. Met die metodistiese bedrywigheid wat die Kaffer „met een wit kwast" bestryk en die Transvaalse „uitgewekenen" met koelheid en onverskilligheid bejeën het, het hy nie die minste simpatie nie. Hoe gloei sy styl van verontwaardiging as hy met sombere blik in die toekoms dink hoe hul soos gaste en vreemdelinge moes swerf, „aan moord en brand blootgesteld, overal bestookt door benden van Kaffers en Christen-soldaten, vonden zij eindelijk een oord van rust, om daar — hoe lang nog? — rustig te zijn.... God alleen weet het." Die toenmalige Transvaler vind hy anti-Engels — „liefdelessen hebben deze uitgewekenen al bitter weinig van hunne Christelijke vervolgers ontvangen", sy gasvryheid is „echt oud-Hollandsch", sy vriendelike hartelike „echt Duitsch." Hy is ongeletterd en onkundig; kuns en wetenskap beoefen hy nie, boekerye en onderwysinstelling besit hy nie, maar ook is hy ongekunsteld, vatbaar vir hoë geestesontwikkeling, openhartig, vryheidsliewend en republikeins, maar geen plebeër nie, diep godsdienstig, maar met 'n soort van filosofiese kalmte, wat die oppervlakkige vreemdeling vir indifferentisme en gevoelloosheid sou kan aansien. Met sy Vrystaatse buur het hy die swakheid gemeen om by sy selfstandigheid hom tog te maklik te laat lei, „de zwakheid

van zeer licht ten prooi van list en bedrog te bevallen". Deur haar isolasie loop sy gevaar om eiewys en eiesinnig te word soos 'n enigste kind in huis, wat al te veel „geïndulgeerd" word.

Raak het die skrywer hier die psige van die noordelike boer gepeil, sy latente moontlikhede aangerouer, sy swakhede onbewimpeld bloot gelê en dit alles in 'n aangename, onderhoudende styl.

In die laaste skets het die kerk ter sprake gekom. Die Hervormde Kerk was die Staatskerk van die Republiek, die Moederkerk. BURGERS bewonder en vereer haar eerste leraar, ds. VAN DER HOFF, wat onder „goed gerucht en kwaad gerucht" die emigrante bygestaan het toe niemand hul om die geestelike belange van die Trekkers bekommer het nie, en met hul lief en leed in die nuwe vaderland gedeel het. Enkele van haar predikante soos ds. G. W. SMITS van Rustenburg en ds. N. J. VAN WARMELO was goeie vriende van hom — eersgenoemde 'n vriend uit sy Hollandse studentetyd, laasgenoemde 'n medebroer in die verdrukking by die Sinode van 1862 aan die Kaap, — haar kansels op Potchefstroom, Pretoria en Rustenburg het vir hom oopgestaan. Hy beskou dit 'n groot seën vir die volk, dat die Kaapse Sinode hom so weinig met die Transvaler ingelaat het, want daardeur het die Hervormde Kerk haar vryere beginsels bewaar en is sy van die vreemde Skotse Calvinisme bevry gebly. In 1862 het die Sinode haar skielik „den beklagenswaardigen en treurigen toestand van de kerk in de Transvaal — gelijk men zeide" gaan aantrek, wat BURGERS, met die persoonlike wonde, wat daardie Sinodes geslaan het nog vars in sy geheue, nie bepaald tot vriendelikheid sou gestem het nie.

Die Gereformeerde Kerk van ds. POSTMA en die Ned. Gereformeerde Kerk (tans die Ned. Herv. of Geref. Kerk) van ds. F. LION CACHET was toe maar nog in die kinderskoene; eers deur 'n later instroming uit die Kaap sou laasgenoemde op groot skaal uitbrei. BURGERS was wel in sy amp herstel op die kansel van die Ned. Geref. Kerk, maar het geen een van haar drie leraars in Transvaal ontmoet nie — twee het te ver weg gewoon en die derde het hom nie die geleentheid tot 'n ontmoeting gegee nie, „welke de burgerlijke

welvoeglikheid vorderde". Uit alles merk ons, dat hy skepties teenoor hulle en hul kerkgenootskappe staan, dat hy die skeuring in die kerk as 'n misslag betreur op historiese gronde, omdat dit verdeeldheid gebring het, maar dat hy kerklike eenheid en gesag nie meer moontlik vind nie en die humanistiese ideaal daarvoor in die plek stel, dat hy die moderne denkbearde oor „geistliche Bildung", onafhanklik van die afgeslote kerkgenootskap, toegedaan is en dit in 'n maatskappy propageer wat nog in half-nomadiese, half-primitiewe toestande verkeer! „Dat geen mensch zonder godsdienst gelukkig en geen volk zonder godsdienst groot kan zijn, weet men te goed om met het badwater ook het kind uit te werpen of met de kerk ook de godsdienst vaarwel te zeggen", is woorde van 'n neëntiende-eeuse optimis, wat die konsekwensies van sy leer van „geistliche Bildung", apart van die kerk, nie voorsien het nie, van 'n idealis-rasionalis wat sy hele volk van skaapwagter tot president wou meet by die norm wat hy vir homself as gekultiveerde, verfynde Afrikaner gestel het. Dat dit op botsing en mislukking moes uitloop as daar 'n al te groot kloof gaap tussen die ideaal van leier en dié van die breë volksmassas in 'n land waar demokratiese beginsels gehuldig word, lê voor die hand. Wie so lustig skryf oor „potjes godsdienst", van ouderli nge en dominees wat oor niks anders as die toestand van die siel van die arme gemeentelid kon praat nie, en Sondags die gemeente aan die slaap preek oor hel en verdoemenis, loop groot gevaar om van die meerderheid van die Afrikaanse volk te vervreem. Die gebrek aan die nodige eerbied vir tradisie by hierdie piepjong teoloog, bly 'n lelike trek in 'n skoon fisonomie tot dit duidelik word dat dit die botsing van 'n Angelsaksiese en Hollandse inhoud, die politieke hartstog was, wat onder en agter die kerklike dogma sy verwoestende werk gedoen het. Om 'n behoorlike insig te kry van die proses van verengelsing in die Kaapse Kerk waarmee BURGERS en sy mede-Afrikaners wat in Holland opgelei is, bots, is 'n lesing van die verslag van die Kerkvergadering in *Het Volksblad* van 25 en 27 Oktober, 3 en 8 November 1859, asook die inleidingsartikel in dieselfde blad van 10 November 1859 onmisbaar. <sup>1)</sup> Ons Ned. Geref. Kerk,

<sup>1)</sup> Sien p. 289.

die boiweik van Afrikanerdom, wat die volksiel ongeskonde moes bewaar het, het dank sy die bewondering vir die ingevoerde Skotse predikante, haar aard en karakter aanmerklik gaan wysig in die loop van die neëntiende eeu. Dit is in ons geskiedenis altyd nog die Hollandse Afrikaner gewees, wat dit nodig vind om uit sy pad uit te gaan om Engels in sy eie kerk aan te luister in die hoop om meer van die tweetalige siele te wen. As dit werklik om siele te doen was, sou Hollands in die Engelse kerk, waarvan eentalige gekleurdes ook kan lid wees, meer op sy plek gewees het. Geen wonder dat BURGERS die skerp oordeel vel, dat ons godsdiens meer belydenis as lewe is, dat ons meer gelowig as vroom is, dat ons politiek meer regsgeleerde haarklowery is as staathuishoudkunde. Suur bedroë sou hy uitkom in sy bemoeiinge met laasgenoemde haarklowery.

Deur die Britse ekspansiebegeerte het die toestand van die Suid-Afrikaanse Republiek daar benard uitgesien toe in 1872 'n nuwe president gekies moes word daar MARTINUS WESSEL PRETORIUS hom nie langer teen die dreigende moeilikhede opgewasse gevoel het nie. THOMAS FRANÇOIS BURGERS wat die vorige jaar die land deurreis het, is op aanbeveling van president BRAND van die Oranje-Vrystaat, wat self vir die eer bedank het, gevra en met 'n groot meerderheid verkies teen WILLIAM ROBINSON, die kandidaat van die bevolking uit Rustenburg, waartoe die kommandant-generaal PAUL KRUGER en ds. J. P. JOOSTE van Hartebeesfontein behoort het. Dit lê voor die hand dat BURGERS uit die staanspoor uit sy teëwerkers en vyande in die kerklike kringe sou vind, wat hom bly beskou het as 'n ketter. Ds. J. P. JOOSTE en ds. F. LION CACHET, wat in 1882 *De Worstelstrijd der Transvalers* <sup>1)</sup> skrywe om homself weens sy gedrag van 1869 af wat hom by baie in onguns gebring het, te rehabiliteer, word sy grootste beskuldigers. Soos hy in die Kaap in *Het Volksblad* 'n orgaan vir sy standpunt gevind het, rig hy in 1873 *De Volksstem* op onder redaksie van JAN CELLIERS, vader van die Afrikaanse digter J. F. E. CELLIERS, om sy politiek uiteen te sit. Benewens

---

<sup>1)</sup> HÖVEKER EN ZOON, Amsterdam 1883.



die *Staatscourant* was daar ook in die Transvaai die tweetalige Potchefstroomse koerant *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, wat Engels georiënteer was en BURGERS wou 'n Boerekoerant, hê wat die standpunt van die Republiek sou verdedig. *De Volksstem* het onskatbare dienste bewys teen die Pelgrimsrustse imperialistiese blad *The Gold Fields Mercury*, wat saam met *The Transvaal Advocate* die regering bekamp en die anneksasie bepleit het. <sup>1)</sup> Besiel met grootse ideale vir sy land, onderneem BURGERS in 1875 'n reis na Holland gedeeltelik om gesondheidsredes, gedeeltelik om geld te vind vir 'n spoorweg na Delagoabaai, beywer hom daar vir 'n Transvaalse volkslied as gevolg waarvan CATHARINA VAN REES se bekende lied *Kent gij dat Volk* tot stand kom <sup>2)</sup> en die harte van alle Afrikaners verower. Maar ná sy terugkoms het die moeilikhede vinnig saamgepak en met tragiese snelheid loop sy presidentskap na die end toe. Oorbekend is die geskiedenis van die anneksasie van Transvaal deur Sir THEOPHILUS SHEPSTONE in 1877, BURGERS se vertrek na die Kolonie en sy vroegtydige dood in 'n klein buitekamertjie op Richmond op 9 Desember 1881, 'n teleurgestelde, gebroke man wat in die hart van sy volk, verdiend of onverdiend, die wrange smaak agtergelaat het, dat hy hul verraai en aan hul vyande oorgelewe het. Eers 'n later geslag het sy betekenis as politikus, wat hom op die land van herkoms wou werp vir steun, as literator van temperament, wat die Europese stroming van sy tyd by ons verteenwoordig, gaan sien en waardeer.

Uit die veelbewoë lewensbladsye van BURGERS styg daar op die beeld van 'n man wat 'n groot ideaal gekoester het van 'n verenigde en onafhanklike Suid-Afrika, maar wat nie opgewasse geblyk het nie, soos geen van ons staatkundiges vóór of ná hom nog ooit was, teen die magte van buite, waar hy in goedertrou of noodgedwonge met hul 'n koalisie wou of moes aangaan nie. Soos alle tragiese helde sinds die dae

---

<sup>1)</sup> Vgl. S. P. ENGELBRECHT: *Thomas François Burgers*, p. 131; Feesnommer *Die Volksstem* 8 Aug. 1933.

<sup>2)</sup> Vgl. S. P. ENGELBRECHT: *Die Nuwe Brandwag*, Mei 1930, p. 81—90.

van ARISTOTELES gaan hy te gronde in hierdie botsing en sleep die Suid-Afrikaanse Republiek mee in die val, grotendeels as gevolg van nie — te-vermye verwoestende kragte van buite, maar gedeeltelik ook deur eie skuld. Hierdie eie skuld openbaar hom m.i. in drie uitinge: eerstens in 'n ingebore hiperkritiese houding van die kultuurmens, wat tot met DARWIN gekorrespondeer het,<sup>1)</sup> teenoor die konserwatiewe ortodokse geloof van sy vrome eenvoudige voorvaders, waardeur hy vervreemd raak van sy eie mense en waarin ons, hoewel minder by hom as by sy medestryders, die liefde wat alle dinge begryp en juis deur die begrip andersdenkendes help om tot beter insig te kom, soms so pynlik mis; tweedens, in 'n laakbare onderskatting van die mag van die vreemde kultuur deur dit in die mees intieme verhouding binne te haal in die soete waan dat in die gemengde huwelik ooit 'n suiwer Dietse Afrikanerdom kon opbloeï; derdens in 'n sekere swarmoedigheid, 'n neiging tot die melankoliese by tye, wat baie digby die lewensmoed, die pligsgevoel, die vrolike lughartigheid lê, wat hom op ander geleenthede onder benarde toestande weer kon laat dans „neither like an ex-divine nor ex-president.” Hierdie raaiselagtige teenstrydigheid van een oomblik sterk te wees en hemelhoog te juig, die ander vereensaam en tot die dood toe bedroef te voel, is te verklaar uit sy gesondheidstoestand, wat by tye baie bedenklik was, uit die verguising en vertrapping wat hy van sy vyande ondergaan het en uit die kulturele strominge van sy tyd, wat 'n goeie bodem gevind het in die komplekse, fyngekultiveerde siel van BURGERS net soos in dié van sy begaafde tydgenote, die liberale predikantskrywers in Holland, HAVERSCHMIDT, DE GENESTET, PIERSON, DE VEER.<sup>2)</sup>

Die uitkoms van die botsing tussen ortodoksie en liberalisme op kulturele gebied is gewees 'n opwekking van die leeslus onder die Afrikaanse volk, 'n onbewuste maar sterk propaganda vir die Hollandse taal, 'n oriëntering na Holland

<sup>1)</sup> Mededeling van Dr. S. P. ENGELBRECHT.

<sup>2)</sup> Vgl. E. J. CONRADIE: *Thomas François Burgers, Tydskr. vir Wetenskap en Kuns*, Nov. 1933.

en die vasteland van Europa toe die volksbewussyn op sterwe gelê het in Kaapland, en in die Noorde heelwat te wense oorgelaat het, en 'n bloei van die Hollandse joernalistiek en literatuur in Suid-Afrika toe die Engelse wedywer sy wig al diep ingeslaan het in die Hollandse boom. Afgesny van Holland het die Kaapse Kerk maar floutjies die godsdienstige strominge en woelinge wat die Moederkerk ondervind het weerspieël, totdat die gewraakte Liberalisme die kerk uit haar gerustheid wakker geskud het. Ná 'n felle stryd is die beweging onderdruk, maar sy het tog verreikende gevolge gehad. Daaronder kan ook nog genoem word die blywende bestaan van afsonderlike kerkgenootskappe met dieselfde leer en belydenisgeskrifte, die versterking van die evangeliese rigting en die sendingwyer onder die suksesvolle bestryers van die gevreesde rigting deur manne soos ds. ANDREW MURRAY, prof. HOFMEYR<sup>1)</sup> en ds. VAN DER LINGEN, van F. LION CACHET en die eenaardige, met alle winden meewaaiende, PIET HUET.

Jonger predikant-skrywers soos H. F. SCHOON, die „vader” van die Natalse kerk, digter van twee ortodoks-godsdienstige bundels, *Stichtelijke Gedichtjes* (1873) en *Uitstorting des Harten* (1882?), die uitgewer van die dagboek van ERASMUS SMIT, en sy jonger vriend J. D. KESTELL, die mistikus van die Vrystaat, skrywer van 'n Engelse dramatie, *The Struggle for Freedom, or the Rebellion of Slachtersnek* (1881), van romanties-realistiese sketse *Uit het Afrikaansche boerenleven* en *Johanna Cloete en andere verhalen* (1899), van 'n historiese roman *Die Voortrekkers of Het Dagboek van Izak van der Merwe* (1898), het as gevolg van die kerkstryd verdieping in hul godsdienstelewe gevind. Hul het tot 'n meer rasionele ortodoksie gekom waardeur hul leiding kon gee in die Dietse rigting, waardeur hul verband bly hou het met hul volk in nog dieper bewoë tye, nog troebeler waters as dié waar CHANQUION en sy assistente, BURGERS en sy strydmakers moes deurgaen en in versink het.<sup>2)</sup>

<sup>1)</sup> Vgl. F. S. MALAN: *Ons Kerk en Prof. du Plessis* (1933) p. 14—15.

<sup>2)</sup> SCHOON en KESTELL word in besonderhede in Deel II bespreek.

## REGISTER.

---

- Aa, v. d. 74 n.  
Addison, J. 245.  
Ailley, Dr. D' 83.  
Albach, 188, 189, 190.  
Alphen, Hier. van 130, 279.  
Alva, 228.  
Anreith, Anton 48, 263.  
Archbell 195, 204, 205, 209.
- Ballot, H. W. 175.**  
Barbier, Estienne 147.  
Barnard, Anne 112, 133 n., 223.  
Barrow, John 42 n., 135, 218 n., 223.  
Beck, H. 45, 57, 58, 60, 82.  
Beets, Nicolaas 305 n., 309, 312, 314, 317, 318.  
Bekker, Balthasar 54.  
Bellamy 229.  
Berg, A. v. d. 132.  
Berg, N. v. d. 102 n.  
Berge, J. v. d. 56.  
Bergh, E. 112.  
Bergh, Olof 10 n., 30—33, 36, 41, 94.  
Bergman, A. 317, 322.  
Berrange, J. C. 125, 172.  
Besselaar, G. V, 6 n., 194 n., 198 n., 308 n.  
Beveren, van 67.  
Beutler 168.  
Beyers, C. 110.  
Beze, Th. de 55.  
Bigge, J. T. 116 n.  
Bilderdijk, W. 227, 229, 258, 262, 263, 280, 283, 289.  
Bird, John 205 n.  
Blair, W. 16 n.  
Blauw, D. 217.  
Blommaert, W. 6 n., 16 n., 29 n., 87 n., 102 n.  
Bodenstein, C. 213, 219.  
Boerhave, H. 228.  
Bogaert, Abraham 42 n., 50 n., 51 n., 53, 56 n., 61, 62, 64, 77, 81, 83, 246.
- Boniface, C. E. X, 211, 226, 235, 236, 238, 239, 240, 244, 246—260, 263, 272.  
Bonnet, Gysb. 172.  
Bontekoe, Willem IJsbr. 78.  
Boom, S. J. 16, 17.  
Borcherds, B. 160.  
Borcherds, Meent 122, 134—166, 222, 265, 271.  
Borcherds, P. B. 102, 114, 134—137 n., 141 n., 144 n., 145 n., 147 n., 155, 164 n., 165, 223 n., 264 n.  
Bosboom Toussaint, Mev. 182.  
Boshoff, J. 195 n., 258.  
Boshoff, S. P. E. IV n., 90 n.  
Bosman, D. B. 7 n.  
Bosman, I. D. 153 n.  
Bosman, F. C. L. VI, 107 n., 117 n., 149 n., 222 n., 226 n., 233 n., 236 n., 237 n., 239 n., 247 n., 254 n., 261 n., 272 n., 279 n., 294 n., 297 n., 305 n., 310 n.  
Botha, Graham 35 n., 43 n., 54 n., 87 n., 153 n.  
Botha, H. 188—190.  
Boueq, E. F. le 80, 82, 83.  
Brahms, 314.  
Brakel, W. à 218.  
Brand, J. H. 334.  
Breemen, B. H. van 218 n.  
Bresler, 188.  
Breughel, 19, 328.  
Brill, W. G. 5 n.  
Bronsveld, A. W. 128 n., 130 n.  
Bruyn, v. Troostenburg de 74.  
Bryson, Mary 314.  
Burchell, W. 270 n.  
Burgers—Theron, E. M. 313.  
Burgers, T. F. 311, 33—337.  
Burvelt, Bishop 116 n.  
Burns, Robt. 312, 318.  
Büttner, C. G. 99.  
Buys, C. 106.

- Cachet, F. Lion 332, 334, 337.  
 Caille, Abbé de la 42, 65.  
 Caledon, Goew. 180.  
 Callander, Kapt. 106.  
 Campagne, H. D. X, 93 n., 109, 111,  
 120, 128 n.  
 Capelli, W. B. E. Paravicini di 101,  
 103—106.  
 Cats, Jacob 28, 140, 228, 279, 283,  
 289.  
 Celliers, Sarel 185, 189, 199, 208—  
 214—220.  
 Celliers, Jan 1, 292, 334.  
 Celliers, J. F. E. 334.  
 Changuion, A. N. E.: X, 234, 261,  
 276—294, 298, 301, 304, 312.  
 Changuion, F. D. 277.  
 Chase, J. C. 116, 194 n.  
 Chenut, Guillaume 67.  
 Christian, Sir Hugh 135.  
 Chys, P. O. v. d. 277.  
 Claudius, H. 32, 33, 37, 41.  
 Cloete, Regter Hendrix 93, 206, 219.  
 Cloete, D. 107, 108.  
 Cloete, H. 89, 90—93, 101 n.  
 Cloete, Jacob 89.  
 Cloete, Pieter 88, 89.  
 Cloete, P. L. 89, 90—93.  
 Cloete, P. X, 93.  
 Colebrook, W. 116 n.  
 Conradie, E. J. 336 n.  
 Colenbrander, H. T. 88, 110 n.  
 Costa, Isaac da 219, 299.  
 Costa, M. da 37.  
 Couch, H. 88.  
 Cowper, W. 123.  
 Cradock, Sir John 181.  
 Craig, Gen. 107, 114.  
 Cretser, C. de 13.  
 Cruse, J. 29, 30.  
 Cummings, G. 330.  
 Cruythoff, Pieter 11, 12, 14.  
 Cruyewagen, J. C. 107.  
  
 Daniel, S. 165.  
 Danckaert, Jan 10, 12, 77.  
 Dapper, Olfert 64 n.  
 Dehérain, H. 43 n., 76 n.  
 Delpont 117.  
 Deneys, C. A. 107.  
 Deneys, J. P. 107.  
 Denyssen, D. 116 n.  
 Dessin, Joachim v. 42, 164.  
 Dessin, N. v. 48, 53, 65.  
 Diaz, Barth. 2.  
 Dibbits, Johan 314.  
 Dibbets, R. de Klerk 225.  
  
 Dickens, Ch. 321.  
 Diderot 167, 173.  
 Dolling, Dr. 135, 136, 165.  
 Dominicus, J. C. 50 n.  
 Donders, F. C. 314.  
 Dorhagen, Johannes 11.  
 Dreyer, A. 165 n., 172 n., 233 n.,  
 261 n., 294 n., 305 n., 310 n.  
 Dreyer, A. E. S. 216.  
 Dundas, Fr. 177.  
 Dundas, H. 112, 177, 223.  
 D'Urban, Sir B. 194 n.  
 Duyl, A. G. C. van 214 n.  
  
 Eck jr., P. L. van 17 n.  
 Edgar, J. 50 n., 63 n.  
 Edmond, 174.  
 Edwards, 145, 174.  
 Eechout, 196.  
 Effen, J. van 245.  
 Engelbrecht, S. P. VI, 132 n., 146, n.,  
 159 n., 185, n., 194 n., 195 n.,  
 212 n., 219 n., 276 n., 299 n.,  
 313 n., 318 n., 335 n., 336 n.  
 Engelbrecht, G. 330.  
 Engelmann, 314.  
 Es, N. van 146 n.  
 Esnart, Pieter 11.  
 Everaart, Pieter 13.  
 Es, N. van 146 n.  
  
 Fairbairn, 226.  
 Fairbridge, Dorothe 50 n., 63 n.,  
 102 n.  
 Farrington, B. 73.  
 Faure, A. 132 n., 150, 205, 211 n.,  
 234, 277, 284, 285, 293.  
 Faure, D. P. 272 n., 278 n., 293, 309,  
 311—313.  
 Faure, Landros 117.  
 Faure, M. E. 291.  
 Feith, Rhynvis 142, 168, 170, 243,  
 273, 289.  
 Feltman, Prof. 23.  
 Fleck, C. F. 122, 127, 234.  
 Foquienbroch, 28.  
 Fouche, Leo 50 n., 52 n., 53 n., 56 n.,  
 58 n., 63 n., 64 n.  
 Francken, A. 6 n.  
 Francken, J. L. M. 43 n., 48 n.,  
 50 n., 55 n., 56 n., 267 n.  
 Fraser, Gen. 135.  
 Frederik, Adolf 74.  
 Freykenius, 99, 110, 115, 127.  
 Freyn, Joh. de 110, 111.  
 Fuller, 192 n.

- Gama, Vasco da 2.**  
**Gas, F. P. van 186, 214, 215, 216.**  
**Genestet, P. A. de 309, 310, 312, 336.**  
**Gerdener, G. B. A. 185 n., 208 n., 209 n., 212 n., 213 n.**  
**Geyer, A. L. 88 n.**  
**Gie, S. F. N. 6 n., 16 n., 29 n., 87 n.**  
**Glengel, Lord 194.**  
**Goens, Ryklof van 65, 67.**  
**Goldblatt, S. 282.**  
**Goske, IJbr. 23.**  
**Graeffe, v. 314.**  
**Greig, 226.**  
**Grevenbroek, J. W. de 48, 58—60, 64—73, 77, 172, 294.**  
**Grimpe, H. J. 51.**  
**Groenewegen, 218.**  
**Groot, Huig de 228, 267.**  
**Gruythoff, P. 10.**  
**Guerre, J. de la 11, 14.**
- Haar, B. ter 309.**  
**Hallema, A. 90 n., 92 n.**  
**Halloran, 284.**  
**Hasebroek, 309.**  
**Hatting, J. H. 214, 217.**  
**Haufst, C. A. 168 n.**  
**Haverschmidt, 309, 336.**  
**Heeres, Prof. 148 n.**  
**Heiden, Van der 56, 62.**  
**Hein, Piet 228.**  
**Heinsius, 79.**  
**Heinz, 67.**  
**Heldring, Ds. 299 n., 303.**  
**Helmers, 222, 229.**  
**Hermansz, Reynier 32.**  
**Hermansz, Daniel 32.**  
**Hermansz, Rosierick 32.**  
**Hermes, 167.**  
**Hertogh, Jan 34.**  
**Herwarder, Jan van 8, 10.**  
**Heyneman, M. G. 242.**  
**Heyns, Ds. S. P. 259, 292.**  
**Hildebrand, 313, 317, 318, 322.**  
**Hoff, v.d. 212, 332.**  
**Hofmeyr, J. H. 293.**  
**Hofmeyr, N. J. 285, 293, 337.**  
**Hofmeyr, S. 216 n., 264, 305 n.**  
**Hofmeyr, 173 n.**  
**Hofstede, Petrus 121.**  
**Hofstede, R. J. 121.**  
**Hofstede jr., H. J. 208 n.**  
**Hooft, P. C. 25, 28, 35, 65, 74, 228.**  
**Hoogvliet, 228.**  
**Holst, 41.**  
**Hoop, A. v. d. 298 n.**  
**Hop, H. 168.**
- Huet, Busken 1, 5, 309.**  
**Huet, P. 206 n., 298—309, 337.**  
**Huizer, L. 115**  
**Huygens, Chr. 25, 28, 193.**  
**Huysing, Henning 35, 57, 52, 54, 55.**
- Imhoff, G. van 147.**  
**Immens, P. 218.**
- Jaarsveld, Adr. van 110, 187.**  
**Jansen, E. G. 206 n.**  
**Janssens, J. W. 101, 103, 106, 145, 148.**  
**Jansz., Leendert 4.**  
**Jering, Serjant 48.**  
**Jong, C. de 48 n.**  
**Jooste, J. P. 334.**
- Kalden, L. 74.**  
**Kalden, Petrus 48, 60, 64, 73, 74, 76, 85, 92, 171.**  
**Kalden jr., 74, 75.**  
**Kalff, 309.**  
**Kam, Prof. C. M.**  
**Karel die Grote 60, 74.**  
**Karel II 33.**  
**Kastele, P. L. v. d. 130.**  
**Kate, J. J. L. ten 309.**  
**Kemp, van der 145, 165, 106, 174, 177, 304.**  
**Kestell, Ds. J. 176 n., 276 n., 337.**  
**Kicherer, J. J. 128, 132, 145, 165, 166, 174, 181.**  
**Kind, Aadr. Jansz. 67, 68, 69.**  
**Kinker, 228.**  
**Klikspaan, 313.**  
**Kneppelhout, J. 317.**  
**Knoop, Georg 136.**  
**Knyff, Willem 68.**  
**Kock, Jacob 92.**  
**Kock, J. J. de 246, 254, 261, 272—276, 293, 296, 298.**  
**Kock, Servaas de 272.**  
**Kock, Daniël de 272.**  
**Kock, Willem de 272.**  
**Koetsveld, 309, 317, 322.**  
**Kok, J. H. L. 324 n.**  
**Kolbe, Peter 65, 153, 163.**  
**Konrik, Anna de 33.**  
**Koopmans—de Wet, Mevr. 152.**  
**Kotzé, Ds. J. J. 152 n.**  
**Kotzé, J. J. 293, 311, 312, 315, 315.**  
**Kritzinger, M. S. B. 185 n.**  
**Kruyf, E. F. 195 n.**  
**Kuenen, A. 309, 318.**  
**Kuknel, J. C. 126.**  
**Kuun, Susanna 187.**  
**Kuip, A. P. 125.**

- Lacus, Hendrik 12.  
 Lamartine 289.  
 Langendijk 228.  
 Langenhoven, C. J. 182.  
 Leguat, François 42 n.  
 Leibbrandt, H. C. V. 6 n., 18 n.,  
 50 n., 52 n., 63 n., 293.  
 Lennep, J. v. 168.  
 Levetzon, H. von 217 n.  
 Leyds, W. W. J. 194 n.  
 Lichtenstein, H. 135 n., 148, 175, 176.  
 Lier, C. A. van 113, 121, 126—133,  
 165, 206.  
 Lier, Ds. A. R. van 113, 118, 120—  
 127, 129 n., 134, 172, 174.  
 Lima, J. Suasso de X, 152, 153, 226,  
 228—247, 252—255, 260—265, 271,  
 272, 282.  
 Linden, Broers 117.  
 Lindley, Daniël 205, 219, 220.  
 Lingen, G. W. A. 298, 299, 304, 311,  
 337.  
 Lip, Graave van der 74.  
 Livingstone, David 217.  
 Lloyd, A. 222 n., 224 n.  
 Lodensteyn, Jod. 130, 218.  
 Lodewijk XIV 33.  
 Lodewijk Napoleon 267.  
 Loef, Rutgers van der 284 n.  
 Loon, Ds. Hercules van 49, 54, 76, 81.  
 Loots, 228.  
 Lussing, 58.  
  
 Macartney, Lord 228.  
 Mahieu 54, 58, 60.  
 Malan, F. S. 337.  
 Malan, H. P. 215.  
 Malherbe, D. F. 282.  
 Malherbe, F. E. J. 120 n.  
 Malherbe, E. G. 213 n.  
 Manger, Dr. van 106, 187.  
 Mankadam, Sybrand 49.  
 Mansvelt, Dr. N. 148 n., 294 n.  
 Mantz, Gert 185, 194, 195, 198, 199,  
 204.  
 Marais, Prof. J. I. 175 n.  
 Marat, Cl. 55.  
 Marquard, Leopold 294, 307.  
 Marre, Jan de 20, 21, 230.  
 Marsveld, H. 120.  
 Martensz, Chr. 56.  
 Masman, Ds. G. 128, 132.  
 Meerhoff, Pieter van 10—18, 41.  
 Mel, C. 218.  
 Mendelssohn 261 n.  
 Mentzel, Otto Fred. 66.  
 Merwe, J. C. v. d. 145 n.  
  
 Meurant, L. H. 264.  
 Meyjes, R. Posthumus 3 n.  
 Migoult, François L. 45, 46.  
 Miny, Fr. du 99.  
 Mist, Aug. 101 n.  
 Mist, J. A. de 145, 176, 272.  
 Moens, Magd. 228, 229.  
 Molière 254.  
 Molhuysen—Blok, V, 74 n.  
 Moll, C. 211, 246, 255, 257—259, 274.  
 Molsbergen, Dr. Godée 3 n., 4 n.,  
 7 n., 11 n., 13 n., 14 n., 15 n.,  
 16 n., 17 n., 22 n., 29 n., 30 n.,  
 31 n., 34 n., 64 n., 67 n., 68 n.,  
 70 n., 71 n., 74 n., 78 n., 87 n.,  
 88 n., 90 n., 94 n., 96 n., 97 n.,  
 98 n., 99 n., 101 n., 102 n., 104 n.,  
 105 n., 160n., 176 n.  
 Montanus, Arnoldus 22, 23.  
 Montagn, John 205 n.  
 Montesquieu, 167.  
 Montz, E. 99.  
 Moodie, Donald 153.  
 Mordant, C. D. le 247, 260.  
 Mossop, E. E. 10 n., 30 n., 31 n., 35n.  
 Mostaart, Grisella 25, 26, 27.  
 Mostaart, Wouter Cor 27 n., 29.  
 Muller, Willem 9, 10, 36.  
 Muller, Dr. H. P. N. 148.  
 Multatuli 307, 308.  
 Murray, Andrew 212, 304, 311, 337.  
 Murray, John 218 n., 296.  
 Muys, G. G. R. 16.  
  
 Naber, L'Honore 36 n.  
 Naber, Joh. 101 n.  
 Napier, Sir George 284.  
 Napoleon 184, 190, 294.  
 Naudé, S. P. 293, 315.  
 Neethling, C. L. 146 n.  
 Neethling, J. H. 285, 311.  
 Nederburgh 99, 115, 127.  
 Newton, Ds. 123, 126.  
 Neyn, Pieter de: X, 18, 22—29, 301.  
 Niekerk, Izak van 200.  
 Niekerk, Lydia van VI.  
 Nienaber, G. S. VI, 211 n., 235 n.,  
 258 n., 259 n.  
 Noble, John 314.  
 Noble, Roderick 294, 310.  
  
 Odé, G. A. 217.  
 Oldenbarnevelt, Johan van 75.  
 Olland, Fred. 134 n.  
 Oordt, J. F. van 295.  
 Oordt, J. W. G. van 64 n., 67 n., 293—  
 295, 298, 299.

- Oosterzee, J. J. van 305 n.  
 Oosthuizen, M. J. 220.  
 Opzoomer 309, 314.  
 Oranje, Prins Willem van I, 60, 75, 228.  
 Oranje, Prins Fred. Willem Hendrik van 149, 261, 274.  
 Oranje, Koning Willem I 187, 267.  
 Ostade 328.  
 Overbeke, Aernout van X, 18—22, 28, 29.  
 Overney, Joh. 33, 49.  
 Overstraten, 110.  
 Ovington, John 37 n., 42 n.
- Paets 67.  
 Palm, v. d. 258, 280.  
 Paterson, W. 94 n.  
 Pepijs, Samuel 194.  
 Percival 218 n.  
 Pfeffer, Daniel 188, 190, 191, 193.  
 Philip, Dr. 255, 304.  
 Pienaar, E. C. VI.  
 Pierre, Bern. de St. 169.  
 Pierson, Dr. 234, 309, 310, 314, 336, 336.  
 Pietersz, Jan 69.  
 Pitt, William 120.  
 Plessis, J. du, IV n., 165 n., 167 n., 177 n., 195 n., 262 n.  
 Plettenberg, J. van 88, 97, 98, 171.  
 Pretorius, Breggie 190.  
 Pretorius, Jan 193.  
 Pluntre, Anna 101.  
 Poot 228.  
 Post, Elizabeth 167, 168, 170.  
 Post, C. H. W. v. d. 220.  
 Postma, D. 332.  
 Potgieter, E. J. 313.  
 Potgieter, Hendr. 194, 195, 198.  
 Pottinger, Sir H. 219.  
 Preller, G. S. 106 n., 184 n., 185 n., 186 n., 189 n., 193 n., 194 n., 195 n., 205 n., 206 n., 208 n., 211 n., 214 n., 216 n., 217 n., 218 n., 219 n., 220 n., 258 n., 260 n.  
 Pretorius, A. W. J. 186, 219, 275.  
 Pretorius, M. W. 334.  
 Pringle 226.  
 Prinsen, J. 54 n., 138 n.  
 Proot, N. 4.  
 Putten, Mr. van 54.
- Quelbergh, Cornelis van 16, 20, 21.
- Read 177.  
 Reed, Andrew 284.
- Reede, van 67.  
 Reenen, Jacob van 92, 98, 99.  
 Reenen, Dirk G.: X, 93, 97, 98, 101 n., 102, 104, 117, 177, 237.  
 Reenen, Sebastiaan Valentijn van 97—99.  
 Reenen, Willem van 97, 98.  
 Rees, C. van 335.  
 Rembrandt 37, 48.  
 Rensburg, J. A. J. v. 186, 195.  
 Retief, Piet 185, 198—205, 217, 330.  
 Rhee, van 67.  
 Rhenius, van 86.  
 Rhyne, Wilhelm ten 73, 64 n.  
 Richerdson 167.  
 Riebeeck, Jan van 111, X, 3—10, 16, 27, 151, 163, 230, 291.  
 Rion, Capt. Edw. 98 n.  
 Riet, M. J. v. d. 127.  
 Ritter, J. C. 223.  
 Robbé, M. 307.  
 Robberts 57.  
 Robertson, Wm. 212.  
 Robinson, W. 334.  
 Roche, De La 167.  
 Roesteen 196.  
 Rootkop, Dirck 14.  
 Rosendaal, Maria van 25, 27.  
 Rotgans 229.  
 Rousseau, J. J. 104, 105, 138, 167.  
 Roux, Jeremias 46.  
 Roux, P. S. 109.  
 Roux, Paul 44, 46.  
 Rumpf, J. A. 85.  
 Ryneveld, D. van 93 n., 103.  
 Ryneveld, W. S. van 110, 111 n., 112, 113, 114, 116 n., 151, 234.  
 Ruyter, Mich. de 23, 169, 228.
- Savoye, Jacobus de 84.  
 Schmidt, G. 126.  
 Scheepers, Gert 188.  
 Scheepers, Antje 189, 190.  
 Schoon, A. J. 185 n., 198 n., 337.  
 Schoonees, P. C. VI.  
 Schouw, D. 126.  
 Schumacher, J. 90.  
 Schrijver, Isaq 10 n.  
 Sewel, W. 54.  
 Serrurier, Ds. 127.  
 Shakespeare, W. 298.  
 Shepston, Th. 335.  
 Siegenbeek 229.  
 Simond, P. 43, 44, 45, 46, 75, 76.  
 Six, Jacoba 37, 47.  
 Slicher, Lambertus 171.  
 Sluysken, Abraham 174.



- Sluyters, Willem 54, 218.  
 Smellekamp, J. A. 212.  
 Smit, Machtelt 129.  
 Smit, Erasmus 185, 194—209, 217, 337.  
 Smit, Frederik de 14.  
 Smit, Salomon 199, 200, 201.  
 Smith, Majoor 259.  
 Smith, H. H. 224.  
 Smith, Sir Sidney 235.  
 Smith, Prof. J. J. 2 n., 43 n., 83 n., 117 n.  
 Smits, G. W. 332.  
 Smytegeld, B. 218.  
 Somerset, Lord Ch. 107, 152, 172, 226, 244, 266, 269, 271.  
 Somerville, W. 165.  
 Smuts, M. A. 125.  
 Spoelstra, C. 35 n., 37, 78 n., 81 n., 82 n., 83 n., 122 n., 125 n., 126 n., 127 n., 185 n., 209 n.  
 Starrenburg 54, 57, 60, 87.  
 Stavorinus, J. S. 50 n., 80 n., 88.  
 Steele 245.  
 Steenkamp, Anna 186, 214, 216.  
 Stegmann, G. W. 284, 304 n.  
 Stel, Willem Adr. v. d. 34, 36, 37, 45, 47, 48, 51—53, 60—62, 72, 78, 79, 81, 82, 85, 87, 97, 168.  
 Stel, Simon v. d. 30, 34, 36—41, 47, 49, 61, 63, 75, 81, 85, 87, 152, 168.  
 Stockenstrom, Sir Andries 93 n., 263.  
 Strydom, Hans 188, 191.  
 Stuart, J. J. 211.  
 Stucki, H. C. 219.  
 Stucki, mevr. 219, 220.  
 Sueur, J. J. le 114.  
 Swaving, J. 244, 266—272, 283, 298.  
 Swellengrebel, H. 88—92.  
 Swift, Jonathan 167.  
  
 Tachard, Père 32, 33.  
 Tas, Adam 50—63, 65, 73, 80, 81, 97.  
 Taylor, W. 307.  
 Teenstra, M. D., 229, 274.  
 Theal 31 n., 62 n., 97 n., 110 n., 111 n., 114 n., 115 n., 116 n., 126 n., 152 n., 169, 266 n.  
 Theron, M. 253.  
 Thibault, Louis 48, 102.  
 Thomson, W. 314, 321.  
 Toit, S. J. du 214 n.  
 Tollens 228, 262, 275, 279, 289.  
 Trichard, Carolus 189, 197.  
 Trichard, Carel Johannes 187, 193, 217.  
 Trichard, Carel Gustaaf 187.  
 Trichard, „Pieta” 188, 189, 191, 199.  
  
 Trichard-Bouwer M. E. G. 188, 191—193.  
 Trigardt, Louis: X, 185—195, 198, 208, 217.  
 Tromp, Admiraal 169, 228.  
 Tromp, M. J. 293, 296—298.  
 Tromp, T. M. 313 n., 325.  
 Trotter, Mrs. A. J. 50 n., 63 n.  
 Truter, J. A. 125, 227.  
 Truter, A. M. 223.  
 Truter, P. G. 93 n., 115.  
 Truter, P. J. 125, 135, 165.  
 Tulbagh, Rijk 87, 88, 148, 168, 169.  
  
 Valentijn, François 31 n., 50 n., 65, 73, 78—80, 258.  
 Veer, de 309, 336.  
 Vegtman, Claes 56.  
 Velde, J. E. v. d. 133.  
 Villiers, M. de 300 n.  
 Visscher, Roemer 19.  
 Visser, A. G. 311 n.  
 Voetius, Gijsb. 173.  
 Voltaire 173.  
 Vondel 139, 142, 148, 228, 262.  
 Vos, M. C.: X, 166—183.  
 Vos, T. G. J. de: VI.  
 Vries, N. de 283.  
  
 Walker, A. 259.  
 Walker, Eric. 276 n., 281 n.  
 Wall, G. v. d. 213.  
 Walker en Robertson 223, 224.  
 Warmelo, N. J. van 294, 332.  
 Waterhouse, Gilbert 31 n.  
 Weaving, Rev. 93.  
 Wege, Joh. 165.  
 Wellington, Hertog van 158.  
 Werf, v. d. 228.  
 Wet, Johannes de 152.  
 Wet, J. P. de 125.  
 Weiland 229, 283.  
 Wikar, A. J.: X, 93—97, 100, 103.  
 Willink 229.  
 Wilmot 116 n.  
 Winkel, te 133 n., 278, 290.  
 Winter, van 229.  
 Wit, A. J. de 135, 141.  
 Wit, Cornelis de 54.  
 Wit, Jan de 54.  
 Wolf en Deken 58, 167, 182.  
 Wordsworth, William 203.  
 Woyer, J. P. 110.  
 Wreede, Georg Fred. 77, 78, 41.  
 Wyck, van der 314.  
 Wylde, Sir John 270.  
 IJzerman, J. W. 101 n.

